# REKONSTRUKSIE VAN LEWE NA EGSKEIDING

**DEUR**

**WILLEM CHRISTIAN DE KLERK**

**voorgelê luidens die vereistes**

**vir die graad**

**DOCTOR THEOLOGIAE**

**in die vak**

**PRAKTIESE TEOLOGIE**

**(MET SPESIALISERING IN PASTORALE TERAPIE)**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**PROMOTOR: PROF. D. J. KOTZÉ**

**MEDEPROMOTOR: PROF. J. A. WOLFAARDT**

**NOVEMBER 2002**

0001943727

# DANKIE

Aan my Hemelse Vader wat vir my geroep het om die studie aan te pak kom al die lof toe.

'n Projek soos die word nie sonder 'n spanpoging afgehandel nie. Ek is dankbaar vir baie hulpvaardige, en geduldige mense, wat deel van my span was.

My vrou, Miems, en kinders, Dawie, Fransu, Monica en Willem het baie ontbeer terwyl ek met die studie besig was. Sonder hulle begrip en aanmoediging sou ek die studie nie voltooi het nie.

Ek is dankbaar vir die kerkraad en gemeente van die Ned. Geref. Gemeente Monumentpark-Wes wat vir my die geleentheid gegun het om te studeer.

My medeleraar, dr. Johan Dill, se belangstelling en raad was vir my 'n bron van inspirasie.

Woorde skiet tekort om my promotor, prof. Dirk Kotzé, te bedank. Met eindelose geduld en baie entoesiasme het hy my begelei en inspireer. Hy het my lewe op 'n besondere manier verryk.

Dankie aan die personeel van die Instituut vir Terapeutiese Ontwikkelling vir hulle bystand, belangstelling en ondersteuning.

Me. Natalie Thirion, Vakbibliotekaris: Teologie, verbonde aan UNISA se biblioteek het die literatuursoektogte gedoen. Baie dankie daarvoor. Daar is 'n groep pesoneellede verbonde aan UNISA se biblioteek wat nie aan my bekend is nie, maar sonder wie die studie nooit die lig sou gesien het nie: dit is hulle wat die aansoeke vir artikels verwerk het, die artikels dupliseer het en vir my gepos het. Ek is groot dank aan hulle verskuldig.

Die vyf deelnemers het my met intieme detail van hulle lewens vertrou. Hulle het my op 'n opwindende reis geneem. Ek het 'n wêreld ontdek wat ek nie geweet het bestaan nie. Ek vertrou die studie laat reg geskied aan die vertroue wat hulle in my gestel het.

UNISA LIBRARY
2007 -01- 2 6
Class ..............................
Access ..............................
0001943727
306.890968 DEKL

## OPSOMMING

Ten spyte daarvan dat baie mense in Suid-Afrika deur egskeiding geraak word, word daar nie veel navorsing oor egskeidingsherstel gedoen nie.

Hierdie studie oor egkeidingsherstel word gedoen vanuit 'n feministies teologiese perspektief en 'n sosiale konstruksieteorie diskoers. Oor 'n tydperk van 'n jaar is deur middel van kwalitatiewe navorsing saam met vyf vroue wat deur egskeiding geraak is, groepswerk gedoen. Uit die terapeutiese briewe wat geskryf is het verskillende temas uitgekristalliseer. Hierdie temas het die grondslag gevorm vir elke hoofstuk wat deur 'n relevante literatuurstudie aangevul is.

In die eerste hoofstukke word die harde werklikhede van egskeiding, die diskoersposionering, epistemologie en navorsingsmetodiek bespreek. Die verhale van die deelnemers word vertel.

Egskeiding word deur die deelnemers dekonstrueer as weerstand teen patriargie en nie net 'n interpersoonlike krisis nie. Die meerderheid eisers in egskeidingsgedinge in Suid-Afrika is vroue.

Die onderdrukkend dominante Bybelse diskoers dat egskeiding altyd sonde is word rekonstrueer. 'n Alternatiewe godsdienstige diskoers, dat egskeiding vir vroue wat in vernederende en onderdrukkend huwelik vasgevang is, onder sekere omstandighede die wil van God kan wees, word saam met die deelnemers rekonstrueer.

Die verskillende lewensterreine wat vroue na egskeiding rekonstrueer, word bespreek. Dit sluit in:

- praktiese aangeleenthede soos die regsproses, behuising en finansies
- emosionele rekonstruksie wat emosies soos angs, skuldgevoelens en woede word vanuit 'n feministiese perspektief bespreek
- spirituele rekonstruksie wat 'n feministiese perspektief op die Bybel, sonde, die wil van God en 'n egskeidingsritueel insluit
- die rekonstruksie van identiteit

Ten slotte word die vyf deelnemes se nuwe verhale vertel.

## SLEUTELTERME

Feminisme

Bybel

kerk

spiritualiteit

postmodernisme

sosiaal konstruksieteorie

sosiale verhoudings

identiteit

groepsterapie

narratief

etiek

patriargie

diskoers

**Summary**

Despite the fact that many people in South Africa are affected by divorce, not much research is done on divorce recovery.

This study on divorce recovery is shaped by a feminist theological perspective and a postmodern social constructionist discourse. As qualitative research, narrative group work was embarked on over a period of a year with five women who went through divorce. Through therapeutic letters different themes emerged. These themes formed the focus for each chapter and are enriched by relevant literature reflections.

In the first chapter the stark reality of divorce in South Africa, the discursive positioning, epistemology and research methodology are discussed, and the stories of the participants are told.

Divorce is deconstructed by the participants as resistance to patriarchy and not only an interpersonal crisis. The majority of claimants in divorce cases in South Africa are women.

The dominant oppressive biblical discourse that divorce is always sin is reconstructed. An alternative religious discourse is co-constructed amongst the participants: that divorce under certain circumstances is God's will for women who are caught in humiliating and oppressive marriages.

The various spheres of life that women reconstruct after divorce are discussed. These include:

- practical matters such as the legal proceedings, housing and finances
- emotional reconstruction where emotions such as fear, senses of guilt, and rage from a feminist perspective view are discussed.
- reconstruction of social relations which includes aspects such as the relation with the former husband, family, new male friends and children
- spiritual reconstruction which includes a feminist perspective on the Bible, sin, the will of God, and also a divorce ritual
- the reconstruction of identity.

Finally the five participants' reconstructed stories are told.

## KEY WORDS

Feminism

Bible

Church

spirituality

postmodernism

social construction theory

social relations

identity

group therapy

narrative

ethic

patriarchy

discourse

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| | INLEIDING | 1 |
| | **HOOFSTUK 1: AGTERGROND EN NAVORSINGSVRAAG** | |
| 1. | INLEIDING | 3 |
| 2. | DIE OMVANG VAN EGSKEIDING IN SUID-AFRIKA | 5 |
| 3. | HUIDIGE DISKOERSE IN VERBAND MET EGSKEIDINGSHERSTEL | 7 |
| 3.1 | NAVORSING WAT HANDEL OOR EGSKEIDINGSHERSTEL | 7 |
| 3.1.1 | STUDIES UIT DIE VSA | 7 |
| 3.1.1.1 | WINTERS: THE EXPERIENCE OF DIVORCED ROMAN CATHOLIC WOMEN | 7 |
| 3.1.1.2 | BREWSTER: DIVORCE RECOVERY- A MINISTRY OF GRACE TO A HURTING SEGMENT OF THE COMMUNITY | 8 |
| 3.1.1.3 | ARENDELL: LIVES OF QUIET DESPERATION: DIVORCED WOMEN WITH CHILDREN | 9 |
| 3.1.2 | SUID-AFRIKAANSE STUDIES | 10 |
| 3.1.2.1 | BARTLETT: EGSKEIDINGSBERAAD NA EGSKEIDING | 10 |
| 3.1.2.2 | MARAIS: DIE ONTWIKKELING VAN 'N SIELKUNDIGE ONDERSTEUNINGSPROGRAM VIR GESKEIDE VROUENS | 11 |
| 3.2 | POPULÊRE WERKE OOR EGSKEIDINGSHERSTEL | 11 |
| 3.2.1 | BELL EN JOINER: COMMON SENSE RECOVERY WITH DIVORCE | 12 |
| 3.2.2 | GREESON ET AL.: THE DIVORCE RECOVERY GUIDE | 13 |

3.2.3 HOFF-OBERLIN: SURVIVING SEPARATION AND DIVORCE – A WOMAN'S GUIDE TO MAKING IT THROUGH THE FIRST YEAR 13

3.2.4 MUNROE: SINGLE, MARRIED, SEPARATED AND LIFE AFTER DIVORCE 14

4. ONDERSTEUNING AAN GESKEIDE PERSONE 15

5. 'N NARRATIEWE TERAPEUTIESE BENADERING 16

6. DIE NAVORSINGSPROBLEEM EN DOELWITTE 17

7. METODOLOGIE VAN HIERDIE STUDIE 18

8. HOOFSTUKINDELING 19

9. DEELNEMERS SE REFLEKSIE 20

**HOOFSTUK 2: DISKOERSPOSISIONERING**

1. 'N KONTEKSTUELE TEOLOGIESE DISKOERS 22

2. 'N PRAKTIES –TEOLOGIESE –PASTORALE DISKOERS 25

2.1 PRAKTIESE TEOLOGIE: DIE OORBRUGGING VAN KLOWE OF DIE FASILITERING VAN 'N GESPREK? 26

2.2 PRAKTIESE TEOLOGIE: OM TE KOMMUNIKEER, TE VERSTAAN EN TE DOEN 27

2.3 PRAKTIESE TEOLOGIE AS ETIESE HANDELING 30

2.4 PRAKTIESE TEOLOGIE EN PASTORAAT 32

3. 'N FEMINISTIES-TEOLOGIESE DISKOERS 33

4. REFLEKSIE VAN DEELNEMERS 36

**HOOFSTUK 3: EPISTEMOLOGIESE POSISIONERING VAN DIE NAVORSING**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | 'N MODERNE EPISTEMOLOGIE | 37 |
| 2. | TEKORTKOMINGE VAN 'N MODERNE EPISTEMOLOGIE | 39 |
| 3. | DIE INVLOED VAN'N MODERNE EPISTEMOLOGIE OP GESLAGSKWESSIES | 40 |
| 4. | DIE INVLOED VAN 'N MODERNE EPISTEMOLOGIE OP TEOLOGIE | 41 |
| 5. | 'N POSTMODERNE EPISTEMOLOGIE | 43 |
| 5.1 | 'N WERKLIKHEID WORD SOSIAAL GEKONSTRUEER | 44 |
| 5.2 | 'N WERKLIKHEID WORD DEUR TAAL GEKONSTRUEER | 45 |
| 5.3 | DIE ETIESE IMPLIKASIES DAARVAN DAT DIE WERKLIKHEID NIE "GEKEN" KAN WORD NIE | 46 |
| 5.4 | 'N WERKLIKHEID WORD DEUR VERHALE GEORGANISEER EN IN STAND GEHOU | 48 |
| 6. | DISKOERSE EN DOMINANTE DISKOERSE | 50 |
| 7. | DIE ROL VAN MAG | 52 |
| 8. | DEKONSTRUKSIE | 54 |
| 9. | IMPLIKASIES VAN 'N POSTMODERNE EPISTEMOLOGIE VIR PASTORAAT | 56 |
| 10. | FEMINISME EN 'N POSTMODERNE EPISTEMOLOGIE | 57 |
| 10.1 | RAAKPUNTE TUSSEN 'N POSTMODERNE EPISTEMOLOGIE EN FEMINISME | 58 |

10.2 VERSKILLE TUSSEN 'N POSTMODERNE EPISTEMOLOGIE EN FEMINISME 59

10.3 OP WEG NA 'N FEMINISTIES- POSTMODERNE EPISTEMOLOGIE 61

11. REFLEKSIE VAN DEELNEMERS 62

**HOOFSTUK 4: NAVORSINGSBENADERING, DIE NAVORSINGSPROSES EN ETIEK**

1. NAVORSINGSBENADERING 64

1.1 DEELNEMENDE AKSIENAVORSING 64

1.2 FEMINISTIESE NAVORSING 67

2. NAVORSINGSMETODIEK 68

2.1 DIE GEBRUIK VAN GROEPSWERK 68

2.2 DIE SKRYF VAN BRIEWE 71

3. ETIESE OORWEGINGS 72

4. DIE NAVORSINGSPROSES 75

5. DEELNEMERS SE REFLEKSIE 76

**HOOFSTUK 5: DIE DEELNEMERS SE VERHALE**

1. DIE ETIESE VRAAGSTUK VAN TWEELEDIGE VERHOUDINGS 77

2. MY EIE VERHAAL: WAT BRING EK NA DIE NAVORSINGSPROSES 83

3. DIE ANDER DEELNEMERS SE VERHALE 87

3.1 CARNA 87

3.2 LYNETTE 89

3.3 RIKA 91

3.4 MAGDA 92

3.5 MARI 94

4. NABETRAGTING OOR DIE VERHALE 97

5. DEELNEMERS SE REFLEKSIE 98

**HOOFSTUK 6: DEKONSTRUKSIE VAN SAMELEWINGSDISKOERSE IN VERBAND MET GESLAGSKWESSIES, DIE HUWELIK EN EGSKEIDING**

1. GESLAG EN GESLAGSKWESSIES 99

2. DIE ONTSTAAN VAN DIE DOMINANTE DISKOERSE IN VERBAND MET GESLAGSKWESSIES 101

3. DIE INSTANDHOUDING VAN DIE DOMINANTE DISKOERSE OOR GESLAGSKWESSIES 103

3.1 DIE ROL VAN MAG IN DIE DOMINANTE PATRIARGALE DISKOERS 103

3.2 'N GODSDIENSTIGE DISKOERS WAT DIE PATRIARGAAT IN STAND HOU 104

3.2.1 LYNETTE STEYN: DIE VROU IN ONS OMGEKEERDE SOSIALE ORDE 105

3.2.2 ARNOLD MOL: KOM ONS WEN SAAM 106

| | | |
|---|---|---|
| 4. | 'N DOMINANTE DISKOERS OOR MANLIKHEID | 107 |
| 5. | 'N DOMINANTE DISKOERS OOR VROULIKHEID | 109 |
| 6. | DIE INVLOED VAN DIE DOMINANTE DISKOERSE OOR GESLAGSKWESSIES OP GETROUDE VROUE | 111 |
| 7. | DEKONSTRUKSIE VAN DIE DOMINANTE DISKOERSE | 116 |
| 7.1 | ALLES IN DIE SAMELEWING IS NIE REG NIE | 117 |
| 7.2 | EGSKEIDING AS WEERSTAND TEEN PATRIARGALE OORHEERSING | 119 |
| 7.3 | 'N VERSKEIDENHEID VAN SAMEWONINGSEENHEDE DEKONSTRUEER DIE PATRIARGALE GESIN | 121 |
| 7.4 | EGSKEIDING: NIE NET 'N "SLEGTE" GEBEURTENIS NIE | 124 |
| 7.4.1 | DIE FINANSIËLE IMPLIKASIES VAN EGSKEIDING | 125 |
| 7.4.2 | DIE EFFEK VAN EGSKEIDING OP KINDERS | 126 |
| 7.4.3 | EGSKEIDING: 'N KRISIS WAT ONTWRIG OF VOORTDURENDE SPANNING? | 127 |
| 8. | DIE GEVOLGE VAN DIE DOMINANTE DISKOERS OOR GESLAGSKWESSIES VIR GESKEIDE VROUE | 129 |
| 9. | DIE DEELNEMERS SE REFLEKSIE | 132 |
| | **HOOFSTUK 7: DIE EGSKEIDINGSKRISIS** | |
| 1. | FAKTORE WAT MEEBRING DAT ELKE EGSKEIDING 'N UNIEKE KRISIS IS | 135 |
| 2. | OMVATTENDE VERLIES | 136 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | DIE VERLIES VAN DIE VERLEDE | 138 |
| 2.2 | DIE VERLIES VAN DIE HEDE | 138 |
| 2.3 | DIE VERLIES AAN DIE TOEKOMS | 139 |
| 2.4 | DIE VERLIES VAN 'N SELFBEELD EN SELFVERTROUE | 140 |
| 2.5 | DIE VERLIES AAN BETEKENIS | 140 |
| 2.6 | DIE VERLIES AAN ONDERSTEUNING | 141 |
| 2.7 | DIE VERLIES AAN STATUS | 141 |
| 2.8 | SKULDGEVOELENS | 142 |
| 3. | FRUSTRASIE MET DIE HERSTELTEMPO | 142 |
| 4. | AANPASSING BY NUWE OMSTANDIGHEDE NA EGSKEIDING | 143 |
| 5. | ANGS | 144 |
| 6. | DEELNEMERS SE REFLEKSIE | 144 |
| | **HOOFSTUK 8: EGSKEIDINGSTERAPIE** | |
| 1. | DIE KRONOLOGIESE FASES VAN 'N EGSKEIDING | 145 |
| 2. | DIE STADIUMDISKOERS OOR EGSKEIDINGSHERSTEL | 146 |
| 3. | KRITIEK OP DIE STADIUMDISKOERS | 147 |
| 4. | 'N ALTERNATIEWE DISKOERS VAN REKONSTRUKSIE VAN LEWE NA EGSKEIDING | 150 |
| 4.1 | VENTILEER DIE SEER | 151 |
| 4.2 | DIE "WOW "–EN DIE "OEE" ERVARINGS | 152 |
| 4.3 | DIE ERVARING EVALUERING VAN VORDERING | 155 |
| 4.4 | WEERSTAND TEEN ONREG EN HEREVALUERING | 157 |

4.5 DIE ONTDEKKING VAN DIE "GAWE" VAN EGSKEIDING 159

5. GROEI NA EGSKEIDING: HERSTEL OF REKONSTRUKSIE 162

6. DEELNEMERS SE REFLEKSIE 163

**HOOFSTUK 9: REKONSTRUKSIE VAN 'N DOMINANTE KERKLIKE DISKOERS OOR EGSKEIDING**

1. DIE AANLEIDING TOT DIE HOOFSTUK 165

2. DIE 1986 ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SE BESLUIT OOR EGSKEIDING 166

3. DIE DEELNEMERS SE REAKSIE OP DIE ALGEMENE SINODE SE BESLUITE 171

4. PASTORALE IMPLIKASIES VAN DIE DOMINANTE DISKOERS 172

5. 'N ALTERNATIEWE BYBELSE DISKOERS OOR EGSKEIDING 173

5.1 DIE KULTURELE AGTERGROND VAN DEUTERONOMIUM 24:1-2 174

5.2 RADIKALISERING AS STYLFIGUUR IN MATTEUS, MARKUS EN LUKAS 176

5.3 JESUS SE UITSPRAKE OOR EGSKEIDING BESKERM VROUE TEEN UITBUITING 176

5.4 DIE WET/EVANGELIEPARADIGMA IN JESUS SE PREDIKING 178

5.5 DIE TOEPASSING VAN DIE EGSKEIDINGSVERBOD VOLGENS ELKE GEMEENTE SE OMSTANDIGHEDE 180

6. EGSKEIDING IN DIE LIG VAN DIE DOEL VAN DIE HUWELIK 182
6.1 TEENSTRYDIGE WAARDES 183
6.2 EGSKEIDING EN DIE SESDE GEBOD 184
6.3 EGSKEIDING INDIEN GEMEENSKAP ONMOONTLIK WORD 185
6.4 'N TEKSVERSTEOLOGIE OF 'N BYBELSE TEOLOGIE OOR EGSKEIDING? 186
6.5 EGSKEIDING EN DIE MENS AS BEELDDRAER VAN GOD 186
7. PASTORALE TERAPIE IN DIE LIG VAN 'N ALTERNATIEWE BYBELSE DISKOERS OOR EGSKEIDING 187
8. REFLEKSIE VAN DEELNEMERS 188

**HOOFSTUK 10: REKONSTRUKSIE VAN LEWENSPRAKTYK**

1. DIE BETEKENIS VAN DIE AANLEER VAN PRAKTIESE VAARDIGHEDE 190
2. WAAROM PRAKTIESE AANGELEENTHEDE VIR VROUE 'N UITDAGING IS 192
3. ETIESE VERANTWOORDING 192
4. REGSPROSEDURE TYDENS EGSKEIDING 194
4.1 GRONDE VIR EGSKEIDING 194
4.2 DIE BETALING VAN ONDERHOUD 196
4.3 DIE VERDELING VAN BATES 196
4.4 KOSTE 197
4.5 BESTREDE TEENOOR ONBESTREDE EGSKEIDINGS 197

5. DIE VERLOOP VAN DIE REGSPROSEDURE VAN DIE DEELNEMERS 198
6. VOORBEREIDING VIR DIE REGSPROSES 199
6.1 DIE REDE WAAROM DIE EISER AANSOEK DOEN VIR 'N EGSKEIDING 200
6.2 DIE OMVANG VAN DIE BOEDEL 200
6.3 DIE VERDELING VAN DIE BOEDEL 201
6.4 DIE ONDERHOUDSEIS 202
6.5 REËLINGS IN VERBAND MET TOESIG EN BEHEER OOR KINDERS 203
6.6 DIE KEUSE VAN EN VERHOUDING MET DIE PROKUREUR 203
7. FINANSIES 204
8. DIE GESKEIDE VROU EN DIE ARBEIDSMARK 205
9. ONDERHOUD AAN KINDERS 206
10. BEHUISING 207
11. DEELNEMERS SE REFLEKSIE 207

**HOOFSTUK 11: EMOSIONELE REKONSTRUKSIE**

1. DIE KONTEKS VAN GESKEIDE VROUE SE EMOSIONELE KRISIS 208
2. SKULDGEVOELENS 211
2.1 SKULDGEVOELENS: GEREGVERDIG OF ONGEREGVERDIG? 212

| | | |
|---|---|---|
| 2.2 | DOMINANTE DISKOERSE WAT SKULDGEVOELENS VEROORSAAK | 213 |
| 2.3 | DIE HANTERING VAN SKULDGEVOELENS | 215 |
| 3. | ANGS EN BEKOMMERNIS | 218 |
| 3.1 | DISKOERSE WAT AANLEIDING GEE TOT ANGS EN BEKOMMERNIS | 218 |
| 3.2 | DIE HANTERING VAN ANGS EN BEKOMMERNIS | 219 |
| 4. | HARTSEER | 221 |
| 4.1 | DIE OORSAKE VAN HARTSEER | 221 |
| 4.2 | DIE HANTERING VAN HARTSEER | 222 |
| 5. | WOEDE | 224 |
| 5.1 | OORSAKE VAN GESKEIDE VROUE SE WOEDE | 224 |
| 5.2 | 'N FEMINISTIESE DISKOERS OOR WOEDE | 226 |
| 5.3 | 'N BYBELSE DISKOERS OOR WOEDE | 228 |
| 5.4 | DIE NUT VAN GEREGVERDIGE WOEDE | 230 |
| 6. | TERAPEUTIESE IMPLIKASIES | 233 |
| 7. | DEELNEMERS SE REFLEKSIE | 235 |

**HOOFSTUK 12: REKONSTRUKSIE VAN SOSIALE VERHOUDINGS**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | 'N TRADISIONELE DISKOERS OOR VROUE SE SOSIALE VERHOUDINGS | 238 |
| 2. | NUWE SOSIALE POSISIONERING NA EGSKEIDING | 239 |

3. DIE BELANGRIKHEID VAN SOSIALE ONDERSTEUNING 240

4. VERHOUDING MET DIE VORIGE MAN 243

5. VERHOUDING MET ANDER MANS 245

6. VERHOUDING MET UITGEBREIDE FAMILIE 246

7. VERHOUDING MET VRIENDE 247

8. VERHOUDING MET KINDERS 248

9. DEELNEMERS SE REFLEKSIE 252

**HOOFSTUK 13: SPIRITUELE REKONSTRUKSIE**

1. SPIRITUALITEIT 254

2. 'N FEMINISTIESE DISKOERS OOR DIE BYBEL 256

2.1 FEMINISTIESE HERMENEUTIEK 256

2.2 DIE BYBEL IS 'N ANDROSENTRIESE BOEK 258

2.3 DIE BYBEL IS ANDROSENTRIES VERTOLK 260

2.4 DIE ETIEK VAN DIE VERTREKPUNT 262

2.5 JESUS SE OPTREDE TEENOOR VROUE 263

3. EGSKEIDING AS SONDE: 'N SPIRITUALITEITSKRISIS VIR GESKEIDE VROUE 265

3.1 'N FEMINISTIESE DISKOERS OOR SONDE 265

3.2 SONDE: KORPORATIEF 268

3.3 TERAPEUTIESE PERSPEKTIEWE NA AANLEIDING VAN 'N FEMINISTIESE DISKOERS OOR SONDE 269

4. MEELEWING VAN DIE GELOOFSGEMEENSKAP 270

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | DIE NUT VAN 'N RITUEEL | 270 |
| 4.2 | DOMINANTE DISKOERSE MET BETREKKING TOT EGSKEIDINGSRITUELE | 271 |
| 4.3 | DIE GEVOLGE VAN DIE AFWESIGHEID VAN 'N EGSKEIDINGSRITUEEL | 272 |
| 4.4 | DIE ONTWIKKELING VAN 'N EGSKEIDINGSRITUEEL | 273 |
| 5. | EGSKEIDING: DIE WIL VAN GOD VIR MY LEWE? | 277 |
| 6. | TERAPEUTIESE PERSPEKTIEWE | 278 |
| 7. | DEELNEMERS SE REFLEKSIE | 279 |


**HOOFSTUK 14: REKONSTRUKSIE VAN IDENTITEIT**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | 'N DISKOERS OOR IDENTITEIT VANUIT 'N NARRATIEWE SOSIALE-KONSTRUKSIEDISKOERS | 281 |
| 1.1 | 'N SOSIALE-KONSTRUKSIE DISKOERS OOR IDENTITEIT | 282 |
| 1.2 | 'N NARRATIEWE DISKOERS OOR IDENTITEIT | 285 |
| 2. | DIE INVLOED VAN DIE PATRIARGALE HUWELIK OP VROUE SE IDENTITEIT | 287 |
| 3. | DIE VERLEENTHEID VAN EGSKEIDING VIR VROUE SE IDENTITEIT | 290 |
| 4. | EGSKEIDING AS GELEENTHEID VIR GROEI IN IDENTITEIT VIR VROUE | 291 |
| 4.1 | GROEI IN SELFSTANDIGHEID | 292 |
| 4.2 | GROEI IN BESEF VAN EIEWAARDE | 293 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.3 | GROEI TEN OPSIGTE VAN VERANTWOORDELIKHEDE | 294 |
| 4.4 | NUWE DOELWITTE EN BELANGSTELLINGS | 295 |
| 5. | DEELNEMERS SE REFLEKSIE | 298 |
| | **HOOFSTUK 15: VYF VERHALE VAN HOOP** | |
| 1. | LYNETTE | 299 |
| 2. | CARNA | 300 |
| 3. | MAGDA | 301 |
| 4. | MARI | 301 |
| 5. | RIKA | 303 |
| | **HOOFSTUK 16:NABETRAGTING EN VOORUITSKOUING** | |
| 1. | DIE EPISTEMOLOGIESE VERTREKPUNT VAN DIE STUDIE | 304 |
| 2. | REFLEKTERING OOR DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE | 306 |
| 2.1 | DEELNEMENDE AKSIENAVORSING | 306 |
| 2.2 | DIE SKRYF VAN BRIEWE | 308 |
| 2.3 | GROEPSWERK | 310 |
| 2.4 | DIE ONTBINDING VAN DIE GROEP | 311 |
| 2.5 | LITERATUURSTUDIE | 311 |
| 3. | ETIESE VERANTWOORDING | 312 |
| 3.1 | ETIESE VERANTWOORDING TEENOOR ANDER BELANGHEBBENDE PARTYE | 313 |

3.2 ETIESE VERANTWOORDING VAN MY MANLIKHEID TEN OPSIGTE VAN NAVORSING MET VROUE BINNE 'N FEMINISTIESE DISKOERS 313

3.3 ETIESE VERANTWOORDING MET BETREKKING TOT MY BETROKKENHEID BY DIE ONTWIKKELING VAN 'N NUWE IDENTITEIT VAN DIE DEELNEMERS 314

4. REFLEKTERING OOR DIE FEMINISTIESE DISKOERS WAARBINNE DIE STUDIE PLAASGEVIND HET 315

5. DIE UITDAGING VAN DIE PASTORAAT: OM DOMINANTE DISKOERS TE DEKONSTRUEER 316

6. MOONTLIKE MANIERE HOE OM DOMINANTE PATRIARGALE DISKOERSE TE DEKONSTRUEER 319

6.1 DIE HERSIENING VAN DIE NGK SE AMPTELIKE STANDPUNT OOR EGSKEIDING 319

6.2 DIE OPLEIDING VAN PREDIKANTE 320

6.3 GEMEENTLIKE BEDIENING AAN GESKEIDE PERSONE 321

6.4 DIE UITDAGING VIR HUWELIKSVOORBEREIDING EN HUWELIKSVERRYKING 323

7. PERSOONLIKE REFLEKSIE 324

BIBLIOGRAFIE 327

BYLAE 1

BYLAE 2

# INLEIDING

Om perspektief op die studie te gee, word vir die doeleindes van oriëntering in die paragrawe wat volg, enkele belangrike aspekte van die studie saamgevat.

Die studie is die resultaat van groepsterapie wat saam met vyf vroulike, geskeide deelnemers gedoen is. Die doel van die terapie was om die deelnemers in staat te stel om die trauma van egskeiding te oorkom en om sinvol met hulle lewens na die egskeiding aan te gaan.

Ek verkies om hulle "deelnemers" eerder as kliënte te noem. Die begrip "kliënt" word in die HAT omskryf as "iemand wie se sake deur 'n beroepspersoon waargeneem word", met die verduideliking "Baie kliënte maak 'n prokureur ryk"! Die term veronderstel 'n "kenner" wat na iemand wat "nie ken nie" se sake omsien. Die woord veronderstel 'n magsposisie en hiërargie.

"Deelneem" word deur die HAT beskryf as "meewerk aan iets", en "deelnemers" as persone wat "deelneem aan iets, lid is daarvan". In dié sin was ek en die groep "deelnemers" aan 'n proses wat meegewerk het aan die rekonstruksie van hulle lewens na egskeiding.

Die studie word nie aan hulle "opgedra" nie, in elk geval nie in die sin dat die studie aan hulle toegewy word nie. Ek hoop dat hierdie studie veel meer is. Ek hoop dat dit "hulle" studie is. Ek hoop dat hulle werklik in die verhale wat in die studie opgeteken word aan die woord kom. Maar ek hoop ook dat hulle verhale só oorvertel word, dat ander daaruit kan leer.

Dat ek die verhale op skrif stel wat die groep die afgelope tyd met my gedeel het en dit in die eerste instansie vir die groep doen, het verskillende implikasies:

Ek probeer wetenskaplike taal so ver moontlik vermy. Ek beskou die deelnemers as die eerste en vernaamste lesers van die studie. Ek hoop hulle vind elke woord wat hier opgeteken is, betekenisvol en dat dit hulle verder sal help om hulle lewens na egskeiding te rekonstrueer.

Die feit dat deelnemers aan 'n studie vroue is, beteken nie noodwendig dat 'n studie 'n feministiese studie is nie. Dit is moontlik, veral vir 'n manlike navorser, om op so 'n wyse saam met vroue navorsing te doen dat dit die dominante patriargale waardes bevestig. In hierdie studie probeer ek om weg te kom van die dominante patriargale waardes, daarom dat ek reeds in my tweede brief aan die groep skryf:

Ek sou graag wil hê dat julle my moet help om na die dinge in die samelewing te kyk deur 'n vrou se oë. (33)[1]

In hierdie studie wil ek graag die waardes van feminisme onderskryf en verwoord. Ek wil myself dus graag as pro-feminis beskou en die studie as 'n feministiese studie aanbied.

Wanneer met verhale gewerk word tydens navorsing, beteken dit ook nie noodwendig dat 'n studie 'n narratiewe studie is nie. Soos later sal blyk, het die begrip "narratief" bepaalde gevolge vir die epistemologiese vertrekpunt, etiek en navorsingsmetodiek. Dié studie is 'n studie wat gedoen word vanuit 'n narratiewe epistemologiese vertrekpunt.

Met die inleidende opmerkings as basiese oriëntering word in Hoofstuk Een verder aan die agtergrond en navorsingsvraag aandag gegee.

---

[1] In die teks word ter wille van groter duidelikheid, wanneer na die briewe verwys word wat in die navorsingsproses aan die deelnemers geskryf is, die lettertipe "Arial" gebruik gemaak (soos hier as voorbeeld gesien) in plaas van "Times New Roman". Die briewe word as bylaag 1 by die studie gevoeg. Die briewe se paragrawe is genommer. Met die aanhaal en verwys na die briewe in die teks word die paragraaf waarna verwys word se nommer in hakies na elke verwysing en aanhaling gegee.

# HOOFSTUK 1

# AGTERGROND EN NAVORSINGSVRAAG

In hierdie hoofstuk word die agtergrond waarteen die studie afspeel, sowel as die navorsingsvraag wat daaruit voortvloei, bespreek.

## 1 INLEIDING

Die HAT beskryf egskeiding as die "ontbinding van 'n huwelik deur 'n hof".

Hierdie saaklike beskrywing van die HAT verberg die geweldige trauma wat deur egskeiding veroorsaak word. Greeson en Hallingsworth (1991:10) beskryf die trauma van egskeiding as 'n tragedie:

> ... a cyclone that rips through lives and leaves devastation in its wake. People whose lives have been shattered walk carefully through the rubble, trying to salvage bits and pieces of memories and relationships that have survived.

Brewster (1992:5) beskryf egskeiding as die dood van 'n verhouding:

> ... it is very emotional and stressful. It is rated second in stress on the Social Readjustment Scale (73 points) followed in the third position by seperation (65 points). Only the death of a spouse ranked above these.

Marais (1992:6) se omskrywing van egskeiding laat meer reg geskied aan die komplekse aard van egskeiding. Volgens haar gaan egskeiding gepaard met:

- 'n emosionele krisis
- 'n stresvolle lewensverandering
- veranderinge in sosiale reëls, rolle, verhoudings en ondersteuningstelsels
- 'n psigologiese skeiding
- 'n sosiale, emosionele en wetlike proses

- drie fases - die voor-egskeidingsfase; die egskeidings-herstruktureringsfase en die na-egskeidingsfase

Gelowiges wat glo dat God by hulle huwelike betrokke was, beleef egskeiding ook as spiritualiteitskrisis. Dié aspek kan by die omskrywing van egskeiding deur Marais gevoeg word.

Maar egskeiding is meer as net 'n interpersoonlike en spirituele krisis. Castells (2000:138) beskryf egskeiding as 'n krisis vir die partriargale gesin. Egskeiding weerspieël volgens Castells (2000:138):

> ... the weakening of a model of family based on the stable exercise of authority/domination over the whole family by the adult male head of the family. It is possible, in the 1990s to find indicators of such a crisis in most societies, particularly in the most developed countries... Dissolution of households of married couples, by divorce or separation, is a first indicator of disaffection with a model of family that relied on the long-term commitment of family members.

Castells (2000:139) wys op die volgende drie maniere hoe patriargie deur alternatiewe vir die tradisionele huwelik ondergrawe word:

- Enkelouergesinne, waarvan vroue die primêre versorger is, neem toe.

- Alternatiewe reëlings van saambly, wat nie die wettige sanksie wat die huwelik het nie, ondergrawe die gesag van die patriargale struktuur.

- Daar is 'n groot verskeidenheid van soorte huishoudings wat tot stand kom in plaas van "eerste-huwelik-en-kinders-gesinne".

Egskeiding is dus, volgens Castells, nie bloot 'n aanduiding van sogenaamde "morele verval" nie, maar is ook 'n verset teen patriargie en die onderdrukkende praktyke teenoor vroue wat daaruit voortvloei.

Statistiek dui die omvang van die nuwe orde, wat ook in Suid-Afrika besig is om tot stand te kom, aan. Ook hier is die patriargale huwelik en gesin besig om te verander. Een van die maniere hoe die verskuiwing sigbaar word, is die egskeidingskoers.

## 2 DIE OMVANG VAN EGSKEIDING IN SUID-AFRIKA

Die jongste statistiek wat oor egskeiding beskikbaar is, is dié van 1998. Hierdie statistiese inligting vir die hoofstuk is verkry en verwerk uit Statistics South Africa se verslag nommer 03-07-01 (1998).

Die totale aantal egskeidings wat gedurende 1998 plaasgevind het, was 35 792. Hiervan was 8 969 Swart, 6 027 Bruin, 1 753 Asiër en 14 443 Wit huwelike wat ontbind is. Die syfers is natuurlik nie vergelykbaar nie: dit dui nie aan watter persentasie van die bevolking en persentasie van die aantal getroue pare deur elke bevolkingsgroep verteenwoordig word nie. Om die statistiek meer vergelykbaar te maak word die egskeidingskoers per 100 000 van die bevolking bereken vir elke bevolkingsgroep. In 1998 was die egskeidingskoers soos volg:

- Swart: 0,21
- Bruin: 1,02
- Asiër: 1,63
- Wit: 3,21

Uit die statistiek blyk dit dat 3,45% van alle egskeidings onder die swart bevolking plaasvind, 16,8% onder die bruin bevolking, 26,85% onder Asiërs en 52,9% onder die wit bevolking.

Een van die probleme met bogenoemde statistiek is dat nie almal van die 100 000 lede van die bevolking waarop die statistiek gegrond is, getroud is nie. Vele "egpare" tree ook nooit wetlik in die huwelik nie en daarom loop hulle nie die risiko om te "skei" nie. Daarom is die spesifieke egskeidingskoers, wat verwys na die aantal egskeidings vir elke 1000 getroude pare, ook belangrik. Die spesifieke egskeidingskoers vir elke bevolkingsgroep was in 1998:

- Swart: 1,75
- Bruin: 3,9
- Asiër: 4,3
- Wit: 7,1

Uit die statistiek blyk dat van die huwelike wat ontbind is, was 10,26% swart getroude pare, 22,87% bruin, 25,2% Asiër en 41,65% wit.

Uit bogenoemde syfers is dit duidelik dat egskeiding onder die wit bevolking baie meer algemeen voorkom as onder die ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.

By baie egskeidings is daar kinders betrokke. Die aantal minderjarige kinders per bevolkingsgroep wat gedurende 1998 by egskeiding betrokke was, is:

- Swart: 8 969
- Bruin: 6 027
- Asiër: 2 620
- Wit: 15 848

In 1998 het onder die witbevolking 27% egskeidings plaasgevind voordat die huwelik 5 jaar geduur het, en 36% egskeidings het plaasgevind vir huwelike wat tussen 5 en 10 jaar geduur het.

Dus was 37% van alle huwelike wat ontbind is ouer as tien jaar en het 63% van alle huwelike wat ontbind is, minder as tien jaar geduur. Onder die ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika is die tendens dat egskeidings na 'n langer getroude tydperk plaasvind.

Indien aanvaar word dat die eiser in die egskeidingsgeding die persoon is wat die meeste ontevrede is met die huwelik, is die statistiek van groot belang vir die studie. Onder al die bevolkingsgroepe is dit vroue wat in die meerderheid van die gevalle in egskeidingsgedinge die eisers is: 59,8% swart vroue, 72,8% bruin vroue, 72,4 % Asiër vroue en 70,3% Wit vroue was in 1998 eisers in die egskeidingsgedinge gewees. Dit kan daarop dui dat vroue meer ongelukkig is met hulle huwelike as mans. Dit kan ook 'n aanduiding wees dat vroue se stem sterker word, teen patriargie opstaan en dit nie meer gelate as hulle lot aanvaar nie.

Wat betekenisvol is, is die toenemende aantal swart vroue wat as eisers optree tydens egskeiding. In 1996 was 52,6% swart vroue die eisers in egskeidingsgedinge. Die persentasie het tot 59,8% gegroei in 1998. Dit kan op 'n toenemende feministiese bewussyn onder swart vroue dui.

Uit die statistiek blyk dit dat egskeiding baie lewens ontwrig. In die lig van die omvang van egskeiding in Suid-Afrika, en elders, is dit te verwagte dat egskeiding die fokus van baie ondersoeke sal wees. In Suid-Afrika is dit egter nie die geval nie. In 1997 het die Raad vir

Geesteswetenskaplike Navorsing 'n studie die lig laat sien "*The family and divorce*" waarin verskeie bydraes oor egskeiding verskyn. In dié studie bevind Luttig (1997:46, 50):

> A review of the research conducted in South Africa on the psychosocial effects of divorce and remarriage demonstrates that hardly any scientific research has been conducted in this field... As the field of research into the psychosocial implications of divorce and remarriage in South Africa is novel and in its infancy, in the initial stages intensive techniques of investigation such as clinical observation and in-dept interviews can be used. Case studies will therefore serve a useful purpose.

Luttig (1997:45) merk op dat selfs in die Verenigde State van Amerika navorsing oor die effek van egskeiding eers in die vroeë tagtigerjare gewild begin raak het.

'n Soektog in die NEXUS databasis van die National Research Foundation, wat alle voltooide en geregistreerde studies wat in Suid-Afrika gedoen is en gedoen word, bevat, het aangetoon dat daar sedert 1995 slegs drie studies geregistreer is wat spesifiek oor egskeidingsherstel handel. Twee van die studies is nog nie voltooi nie en ongelukkig kon die derde nie opgespoor word nie.

Luttig se waarneming is deur die NEXUS soektog bevestig: navorsing oor die effek van egskeiding in Suid-Afrika is nog in sy "kinderskoene". In die lig van die omvang van egskeiding in Suid-Afrika is dit 'n leemte wat ek in hierdie studie wil help aanvul.

## 3 HUIDIGE DISKOERSE IN VERBAND MET EGSKEIDINGSHERSTEL

Die voorbeelde in verband met egskeidingsherstel wat ek hier aanhaal gee 'n verteenwoodigende beeld van huidige diskoerse oor egskeidingsherstel.

### 3.1 NAVORSING WAT HANDEL OOR EGSKEIDINGSHERSTEL

#### 3.1.1 STUDIES UIT DIE VSA

##### 3.1.1.1 *WINTERS: THE EXPERIENCE OF DIVORCED ROMAN CATHOLIC WOMEN*

K A Winters (1993) behandel eers die Rooms-Katolieke Kerk se teologie oor die huwelik. Sy onderskei tussen die tradisionele standpunt dat die Bybel objektiewe, altyd geldende waarhede oor die lewe bevat (en oor die huwelik en egskeiding weergee) en die "afwykende" standpunt, van veral feministiese teoloë, dat die Bybelse uitsprake teen die sosiale agtergrond waarin die uitsprake

die eerste keer gemaak is, gelees moet word. Die uitsprake moet ook gelees word teen die agtergrond van die totale boodskap van die Bybel. Dat Winters die Bybelse uitsprake oor egskeiding hermeneuties verantwoord en eties binne die raamwerk van die totale boodskap van die Bybel plaas, is 'n winspunt van die studie.

In die tweede deel van die studie bespreek sy Ericson se teorie oor persoonlikheid en identiteitsvorming.

In die derde deel van haar studie vertel sy die verhale van agt Rooms-Katolieke vroue wat geskei is. In die lig van sielkundige teorieë oor identiteitsvorming ontleed sy die gevolge wat die kerk se teologie op die vroue se lewens gehad het, byvoorbeeld die rol wat die teologie van die kerk gespeel het in hulle keuse om te trou, hulle keuse om te skei en die invloed wat die kerk se standpunt oor egskeiding op hulle lewens gehad het. Die vroue het daarin geslaag om, ten spyte daarvan dat die teologie van die kerk waaraan hulle behoort het hulle aan bande gelê het, selfstandigheid te ontwikkel. Hulle het die vermoë ontwikkel om hulle stemme te laat hoor, beheer wat in die verlede van buite (veral van die kerk) oor hulle uitgeoefen is, is vervang met beheer van binne. Hulle is nou self in beheer van hulle lewens.

Ongelukkig neem sy, sonder motivering, die sielkundige teorie as vertrekpunt vir wat "normatief" is en evalueer sy die vroue se persoonlikheidsgroei aan dié norm. Verder blyk dit, dat hoewel sy kritiek het teen die manier hoe die Rooms-Katolieke Kerk egskeiding beskou, sy berus by die standpunte van die kerk en dit nie as deel van pastoraat beskou om iets daaraan te verander nie. Die studie bespreek, maar bevraagteken nie die dominante kerklike en kulturele diskoerse rondom egskeiding nie.

### *3.1.1.2 BREWSTER: DIVORCE RECOVERY- A MINISTRY OF GRACE TO A HURTING SEGMENT OF THE COMMUNITY*

A S Brewster (1992) noem dat egskeiding die dood van 'n verhouding is, die afsny van die bande wat twee mense een maak met verreikende gevolge vir kinders, familie, skoonfamilie, vriende en die gemeente. In die meeste gemeentes en gemeenskappe is daar op 'n gegewe moment baie mense wat hulle te midde van egskeiding bevind en die gevolge van egskeiding moet dra. Hulle is 'n:

> ... hurting, bleeding, frequently angry people who need to feel the love of God lift and support them, often through the hands of their brothers and sisters in Christ (Brewster 1992:10).

Ongelukkig is die gemeente, volgens Brewster, dikwels onbetrokke by geskeide lidmate. Sy studie is daarop toegespits om 'n program daar te stel om lidmate van die gemeente op te lei om egskeidingsherstelwerkswinkels aan te bied.

Hy verduidelik hoe hy, saam met die kerkraad van die gemeente en 'n groep belangstellende lidmate, 'n program vir die werkswinkels ontwikkel het wat die volgende aspekte omvat:

- The Various Stages of Divorce and Letting Go.
- Setting New Goals and Dealing with Negative Characteristics.
- Dealing with the Emotions, Anger and Bitterness, Forgiveness.
- Developing a Family of Friends as a Support group and Being a Single Parent.
- Reorientation of the Sexual Life and Preparing for Dating and Remarriage.

Dit is nie duidelik hoe Brewster die sake wat tydens die program aangespreek word, kies nie. Hy motiveer nie sy keuse nie. Daar is ongelukkig geen sprake van ko-konstruksie van die probleme saam met die persone wat deur egskeiding geraak word nie en gesamentlike aanspreek van die probleme nie. Die aanbieders van die program is die "kenners", die wat geskei is die "leke" wat onderrig moet word. Na my mening is die winspunt van die studie dat hy wel die belangrikheid van die gemeente se betrokkenheid by geskeide persone beklemtoon.

### 3.1.1.3 *ARENDELL: LIVES OF QUIET DESPERATION: DIVORCED WOMEN WITH CHILDREN*

Arendell (1984) het met 60 vroue semigestruktureerde onderhoude gevoer en hulle ervarings na egskeiding nagevors.

Sy bevind dat daar veral vier redes is waarom daar sprake van "sy" en "haar" egskeiding kan wees en wat egskeiding 'n heeltemal ander ervaring vir vroue as vir mans maak. Die redes is:

- vroue is verantwoordelik vir die emosionele versorging en ondersteuning van hulle kinders
- vroue is grootliks daarvoor verantwoordelik om kinders finansieel te versorg
- egskeidingswette bevoordeel mans
- diskriminasie teenoor vroue in die arbeidsmark

Sy bespreek dan, in die lig van die negatiewe faktore wat uitsluitlik op geskeide vroue van toepassing is, die na-egskeidingsomstandighede van die vroue in die volgende hoofstukke:

- egskeiding en sosiale agteruitgang (downward mobility)
- bronne van inkomste vir geskeide vroue
- moeders en kinders
- vorige mans – geskeide pa's
- enkelvroue
- egskeiding en die gemeenskap

Die leemte in die studie is dat Arendell nie 'n epistemologiese raamwerk daarstel waarbinne die studie plaasvind nie. Die studie bevestig al die dominante diskoerse oor vroue en egskeiding, maar werp geen lig op alternatiewe diskoerse nie. Verder dui sy nêrens aan of en hoe die vroue na egskeiding herstel het nie. Na die lees van die werk was ek bedruk, - wat om die geweldige effek van egskeiding op vroue aan te toon,- dalk die skrywer se bedoeling was.

### 3.1.2 SUID-AFRIKAANSE STUDIES

#### 3.1.2.1 BARTLETT: EGSKEIDINGSBERAAD NA EGSKEIDING

Uit Suid-Afrikaanse bodem is daar die studie van E Bartlett (1992) *"Egskeidingsberaad na Egskeiding"*. Dit is 'n M.Div.-verhandeling wat gedoen is aan die Universiteit van Pretoria in pastorale terapie. Hierdie studie is 'n literatuurstudie wat nie ondersteun word deur enige aksienavorsing nie.

Bartlett onderskei tussen:

- beraad voor egskeiding: om persone wat die besluit neem om te skei te help
- beraad tydens egskeiding: waar sake soos skok en ontkenning, verwarring, skuldgevoelens, angs, spanning, vrees en rou tydens terapie aangespreek word
- beraad na egskeiding: waar die saak van psigiese skeiding ter sprake kom

Volgens haar kan daar van 'n konstruktiewe egskeiding sprake wees indien die betrokkenes besef dat egskeiding die beste oplossing vir hulle probleme was, tot 'n gebalanseerde siening van die vorige huweliksmaat en huwelik kom en daar nie meer skuld of wrokgevoelens is nie. Daar word ook aandag gegee aan die beraad aan enkelouers.

Die studie steun swaar op die dominante diskoerse oor egskeidingsherstel dat herstel in fases verloop.

#### 3.1.2.2 MARAIS: DIE ONTWIKKELING VAN 'N SIELKUNDIGE ONDERSTEUNINGSPROGRAM VIR GESKEIDE VROUENS

Ook uit Suid-Afrika is daar Marais (1992) se studie "*Die Ontwikkeling van 'n Sielkundige Ondersteuningsprogram vir Geskeide Vrouens: 'n Voorondersoek*". Die studie is 'n Magister-verhandeling in Kliniese Sielkunde wat aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat voltooi is. Sy het met 30 "proefpersone" 'n semigestruktureerde onderhoud (met behulp van 'n vraelys) gevoer en verskeie sielkundige toetse laat voltooi met die doel om die emosionele respons van geskeide vroue ten opsigte van hulle egskeiding te verkry.

Die studie behandel die emosionele faktore van egskeiding, die aard en omvang van egskeidingsterapie en terapeutiese tegnieke wat aangewend kan word tydens egskeidingsterapie. Die leemte van die studie is dat daar nêrens aangetoon word wat die spesifieke aard van vroue se belewenis van egskeiding is nie, waarom egskeidingsterapie aan vroue anders is as terapie aan mans of waarom vroue spesiale behoeftes tydens egskeiding het nie. Samelewingsdiskoerse oor mans en vroue word nie verdiskonteer nie. Die studie bestaan, wat vroue betref, in 'n kontekstuele lugleegte.

Die literatuur wat ek na uitgebreide literatuursoektogte tot my beskikking gehad het, het nie navorsing vanuit 'n narratiewe, feministiese, pastoraal-terapeutiese perspektief oor egskeidingsherstel bevat nie.

## 3.2 POPULÊRE WERKE OOR EGSKEIDINGSHERSTEL

My soektog by verskillende boekwinkels na populêre werke oor egskeidingsherstel was vrugteloos (takke van die CNA, CUM, Exclusive Books is besoek). By Protea boekwinkel is een populêre werk opgespoor by die tweedehandse boeke: "*Egskeiding: 'n antwoord van hoop*" deur biskop Frank Retief wat in 1990 verskyn het. Die skaarsheid van populêre werke oor egskeidingsherstel staan in skrille kontras met die talle boeke wat beskikbaar was oor die huwelik en

huweliksverryking. Dit lyk of die boodskap van uitgewers, skrywers en boekwinkels is dat mens getroud moet wees en ten alle koste getroud moet bly.

By die Hatfield - Christelike Gemeente se boekwinkel het ek wel een populêre boek van Myles Munroe *"Single, Married, Separated and Life After Divorce"* oor egskeiding opgespoor. Om aan te toon wat beskikbaar is en watter diskoerse die boeke verteenwoordig bespreek ek Munroe se boek kortliks saam met drie ander boeke uit die VSA wat in UNISA se biblioteek beskikbaar is.

### 3.2.1 *BELL EN JOINER: COMMON SENSE RECOVERY WITH DIVORCE*

Bell en Joiner (1990) begin deur aan te sluit by die populêre diskoers dat egskeidingsherstel deur verskillende stadiums verloop. Verskillende skrywers wat stadiums in egskeidingsherstel identifiseer word aangehaal. Die skrywers onderskei tussen die "dumpers" en die "dumpees". Die "dumpers" moet veral skuldgevoelens hanteer, die "dumpees" verwerping.

Hulle gaan dan voort om raad te gee aan die twee groepe: die "dumpers" moet nie die skuld verplaas nie, hoef nie al die skuld te aanvaar nie, moet nie toesmeer nie en moenie 'n obsessie oor die verlede ontwikkel nie. Die "dumpees" moet nie veralgemeen nie, moet nie "disasterize" nie, moenie verdrink in selfbejammering nie (hoewel selfbejammering, volgens die skrywers, soms goed kan wees) en moenie vinnig kitsoplossings soek nie. Die raad wat oor woede gegee word, is: onthou dat woede nie noodwendig 'n sonde is nie, woede moet nie gevrees word nie, daar moet 'n punt daarvan gemaak word om in beheer te bly wanneer met die vorige huweliksmaat gepraat word. Oor seksuele behoeftes is dit belangrik dat dit erken word vir wat die behoeftes

> ... actually are. Sexual feelings at this phase of recovery are, to a great extent, a physical symptom of a deep emotional need for intimacy... what you really need is to begin building intimate (non-sexual) relationships, but caution, those generally must be done slowly.

Hulle is van mening dat om eensaamheid te bestry die persoon nie moet onttrek nie, nie maskers dra nie en liefde belê in dienswerk. Om die toekoms aan te pak is dit belangrik dat die oorsaak van die egskeiding duidelik moet wees: finansies, seks, godsdiens, ander verhoudings, of wat ook al die swakhede was wat tot die egskeiding aanleiding gegee het. 'n Persoon moet weet wat die huweliksmaat se swakhede was. Dit is ook belangrik om agter te kom wat God vir die persoon wou leer deur die egskeiding.

Soos duidelik blyk uit die aanhaling oor seksualiteit is die werk 'n voorbeeld van 'n voorskriftelike manier hoe egskeidingsherstel hanteer kan word. Die skrywers is die "kenners" en die geskeide persoon sal herstel indien hulle "raad" gevolg word.

### 3.2.2 *GREESON ET AL.: THE DIVORCE RECOVERY GUIDE*

Omdat Greeson, Hallingsworth en Wasburn (1991) se *"The Divorce Recovery Guide"* minder voorskriftelik is, is dit na my mening 'n beter voorbeeld van 'n boek oor egskeidingsherstel wat beskikbaar is. Volgens hulle is herstel na egskeiding 'n keuse. Om die keuse te maak om te herstel na egskeiding is om vir die toekoms eerder as die verlede te kies, om vryheid bo slawemy te kies. Om die keuse vir herstel te maak, is dit belangrik om jou eie doelwitte te stel, glo dat jy nie altyd so sal voel soos jy nou voel nie. Versigtige keuses moet een op 'n slag gemaak word. 'n Ondersteuningsnetwerk van mense wat die omstandighede verstaan en kan ondersteun, moet opgebou word. Wees goed vir jouself, vestig 'n gesonde roetine, raak bewus van jou krag, probeer om die positiewe dinge uit die huwelik te onthou, beskerm jou persoonlike gevoelens, voorkeure en waardes, aanvaar hulp, praat oor jou doelwitte en jou beperkinge. Die boek gaan dan voort om omvattend te handel oor praktiese sake, regsaspekte, emosionele kwessies, die hantering van verlies, hoe en aan wie die nuus oor die egskeiding oorgedra kan word, verhoudings na egskeiding en enkelouerskap. Hulle bevind dat:

> ... the key to adjusting to the loss of a mate through divorce is support. The sooner you build a support network for yourself, the more quickly and completely you will recover... support is the greatest asset the divorcing person can have (Greeson et al. 1991:71).

Hulle beveel aan dat 'n persoon wat skei by 'n ondersteuningsgroep inskakel om hulle te help herstel.

Wat die boek meer bruikbaar maak, is dat dit 'n baie volledige werkboek is. Nadat elke aspek van herstel beskryf is, is daar talle oop bladsye wat die leser kan gebruik om persoonlike gegewens in te vul en toekomsplanne te maak.

### 3.2.3 *HOFF-OBERLIN: SURVIVING SEPARATION AND DIVORCE – A WOMAN'S GUIDE TO MAKING IT THROUGH THE FIRST YEAR*

Oberlin (2000) behandel veral die praktiese aangeleenthede wat 'n vrou voor te staan kom tydens en na egskeiding. Daar is baie waardevolle hoofstukke oor:

- Preserving your Personal Safety
- Household Hints and Car Care
- Your Financial Future
- Navigating The Legal Landscape

Dan is daar ook hoofstukke oor verhoudings met kinders en selfversorging.

Hoewel die boek spesifiek vir vroue geskryf word, word dit nie duidelik wat in die boek spesifiek op vroue se probleme tydens en na egskeiding gerig is nie.

### 3.2.4 *MUNROE: SINGLE, MARRIED, SEPARATED AND LIFE AFTER DIVORCE*

Munroe (1998) huiwer nie om gevestigde idees en "heilige koeie" aan te spreek nie. In die werk word populêre idees oor enkellopendes beskryf as die "Myth of Singleness". "Singleness" beteken "to be separate, unique and whole". Indien dit die betekenis van "singleness" is, wonder Munroe waarom mense soveel probleme daarmee het om enkellopend te wees?

Munroe beklemtoon die belangrikheid van selfliefde, die voordele van ongetroud wees, dat die individu die primêre gestalte van menswees is en dat die huwelik die "second level of God's building blocks" is. Dit staan teenoor die populêre idee dat net getroude mense volledige mense is. Hy beklemtoon dat die egskeidingstekste in die Bybel vroue beskerm:

> Society had said for hundreds of years that women were not full citizens; therefore, they could not divorce. Then Jesus came along and said, yes, they could, just the same as husbands. I encourage you women readers that have been going through such guilt to understand that God is not blaming you. He is looking at the fellow who was to be responsible. I know a lot of men are going to be angry and perhaps write me letters. But God set it up this way – I did not! (Munroe: 1992 80).

Munroe se werk was vir my 'n lekkerlees, insiggewende boek uit 'n evangeliese tradisie wat egskeiding, die huwelik en enkellopenheid vars benader.

## 4 ONDERSTEUNING AAN GESKEIDE PERSONE

Die kerk behoort alle persone wat deur egskeiding geraak word te ondersteun. Dit is seker ’n saak waaroor almal saamstem. Ongelukkig blyk dit in die praktyk anders te wees. Persone wat deur egskeiding geraak word, kry dikwels min ondersteuning van die kerk af. Die rede hiervoor is waarskynlik die oorwegend negatiewe beskouing oor egskeiding as “sonde”. In Hoofstuk Nege oor Bybelse diskoerse oor egskeiding word dié aspek verder bespreek.

Elders is die situasie anders. In die VSA bestaan daar in talle gemeentes ’n lewenskragtige bediening aan geskeide persone. “Divorce Recovery” is daar ’n gevestigde bediening. Volgens Young (1983:7) het die North American Conference of Separated and Divorced Catholics geweet van 900 ondersteuningsgroepe wat hulp aan geskeide persone lewer. Dit kan aanvaar word dat daar vandag, byna twintig jaar later, baie meer sulke groepe bestaan.

‘n Soektog op die internet het getoon dat onder “divorce recovery church” die Google-soekenjin 5050 verwysings het en Altavista 2540. Toe gevra is vir “divorce recovery church USA” het Google 415 verwysings opgelewer en “divorce recovery church UK” 128. Altavista het 131 verwysings na “divorce recovery church USA” en 62 onder “divorce recovery church UK”. Toe die soektog uitgebrei is na “divorce recovery church South Africa” het Google 65 en Altavista 35 verwysings gelewer.

Onder die hoof: “divorce recovery church South Africa Dutch Reformed” het Alta Vista 8 verwysings gelewer waarvan nie een ’n verwysing was na ’n egskeidingsherstelbediening wat ’n gemeente aan die gang het nie. Google het 5 verwysings gelewer, weer sonder enige verwysing na ’n egskeidingsherstelbediening. Die verwysings is genoem omdat die woord “egskeiding” voorgekom het op die tuisblaaie.

Op die Yahoo-soekenjin is ’n tuisblad gevind onder “Divorce Recovery” wat 1500 egskeidingsherstel-werkswinkels in die VSA-en Kanada-lys. Onder Suid-Afrika is daar 20 verwysings na verskillende kerke wat egskeidingsherstelgroepe het.

Wat insiggewend is, is dat die meeste van die kerke in Suid-Afrika wat volgens die verwysings wel egskeidingsherstel as bediening aantoon, nie deel van die hoofstroomkerke in Suid-Afrika is nie. Daar is onder andere die “New Generation Church International” in Somerset-Wes, die “Port Alfred Christian Center”, in Port Alfred, “Touch Ministries” in Pretoria, “Vineyard Christian Fellowship” in Kenilworth, “Word of Faith Christian Center” in Port Elizabeth en “His Church” in Durban wat genoem word.

Die hoofstroomkerke wat onder die twintig verwysings voorkom is die Catholic Diocese of Port Elizabeth, die Volle Evangelie Kerk van God - gemeente in Port Elizabeth en die Assemblies of God in Graaff-Reinet.

Hierdie soektog het gewys dat daar, indien die Internet as hulpbron gebruik word, bitter min in Suid-Afrika gedoen word om persone wat deur egskeiding geraak word op 'n doelgerigte en georganiseerde manier pastoraal te begelei.

In die lig van die beskikbare navorsing oor egskeidingsherstel wat reeds gedoen is, die populêre werke wat oor egskeidingsherstel beskikbaar is en die afwesigheid van 'n egskeidingsherstelbediening in gemeentes, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat daar 'n groot leemte bestaan in die pastorale versorging vir geskeide gelowiges, nie net by lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NKG) nie, maar ook by ander kerke in Suid-Afrika. Hierdie studie wil graag die leemte aanspreek en poog om 'n verhaal te vertel van 'n lewensvatbare pastorale bediening aan geskeide persone.

In die studie word die leemte aangevul vanuit 'n narratiewe terapeutiese benadering. Hoewel later verder uitgebrei sal word oor wat die benadering behels, verwys ek nou reeds kortliks daarna.

## 5 'N NARRATIEWE TERAPEUTIESE BENADERING

Die afgelope dekade het 'n postmoderne epistemologie die terapeutiese veld sterk beïnvloed (White 1991, White & Epston 1990, Freedman & Combs 1996, Kotzé 1994, Anderson & Goolishian 1988, 1991, Mclean 1997.). Freedman en Combs (1996:1) beskryf dié benadering soos volg:

> Using the narrative metaphor leads us to think about people's lives as stories and to work with them to experience their life stories in ways that are meaningful and fulfilling.

McLean (1997:17) noem die volgende kenmerke van narratiewe terapie:

- Individue lewe hulle lewens deur die verhale wat hulle vir hulleself vertel.
- Die verhale reflekteer nie lewens nie, maar vorm lewens, en bepaal die struktuur en betekenis van lewens.
- 'n Individu se verhaal word beïnvloed deur die sosiale, kulturele, politieke en ekonomiese omgewing waarin die individu lewe.

- 'n Deelnemer bring 'n dominante, probleemgesentreerde verhaal na die terapie toe wat die probleemvrye ervarings van die persoon ignoreer.

- Die dominante verhaal verdring die positiewe ervarings waar krag en moed ter sprake was.

- 'n Narratiewe benadering tot terapie het as doelwit om die lewensverhaal van die deelnemer gesamentlik te herskryf, om 'n nuwe, positiewe verhaal daar te stel wat bevry.

Soos uit die studie sal blyk, is die dominante, probleemgesentreerde verhaal van geskeide vroue dat hulle hulpeloos is, hulle voel verwerp en hulle is gestigmatiseer. Die alternatiewe verhaal wat ontgin word, dat egskeiding 'n geleentheid vir groei vir vroue is, sluit aan by 'n feministiese diskoers oor egskeiding.

Wat die feministiese diskoers van die studie betref, volstaan ek met die omskrywing van feminisme deur Lorde (1994:11) dat feminisme as doelstelling het om vroue se huidige omstandighede te verstaan en te analiseer met die doel om hulle lot te verbeter.

In die studie word die volgende vraag gevra: hoe kan die verhale van vroue wat deur egskeiding ontwrig is op so 'n manier oorvertel word dat hulle lewens na egskeiding verbeter? Die vraag bring my by die navorsingsprobleem en doelwitte van die studie.

## 6 DIE NAVORSINGSPROBLEEM EN DOELWITTE

In die lig van die oorsig en agtergrond wat hier bespreek is, is die probleem wat deur die navorsing aangespreek word: **Hoe, vanuit 'n narratiewe terapeutiese benadering, met die gebruik van deelnemende aksienavorsing saam met 'n groep geskeide vroue, groepswerk gedoen kan word wat bydra om vroue na egskeiding te help om hulle lewens te rekonstrueer?**

Ten einde die doelwit te bereik, is enkele sub-doelwitte geformuleer. Hierdie doelwitte is om:

- Literatuur te bestudeer wat kan bydra tot narratiewe groepswerk met geskeide vroue.

- 'n Literatuurstudie te doen na die dominante kulturele en godsdienstige diskoerse wat egskeiding en egskeidingsherstel konstitueer binne die konteks van die NGK waarvan die deelnemers lidmate en ek predikant is, en wat die konteks is waarbinne die pastoraat in hierdie studie funksioneer.

- Deur narratiewe groepswerk saam met 'n groep vroue hulle lewens na egskeiding te rekonstrueer.

Getrou aan die aard van deelnemende aksienavorsing is vooraf geen detail-doelwitte vir die proses geformuleer nie, behalwe dat ruimte gelaat word waar die deelnemers hulle verhale op 'n eksternaliserende wyse kan vertel. Namate die proses saam met hulle ontwikkel het, het temas uitgekristalliseer waaroor verder gesprek gevoer is.

## 7 METODOLOGIE VAN HIERDIE STUDIE

Ter oriëntering word in die gedeelte die bydrae en metodologie van die studie kortliks bespreek. Later in die studie sal dit in groter detail bespreek word.

Na aanleiding van die deelnemende aksienavorsing wat saam met die groep vroue gedoen is en voortvloeiend uit die briewe wat na elke gesprek geskryf is, is saam met die deelnemers verskillende lewensterreine geïdentifiseer wat hulle na egskeiding gerekonstrueer het. Die lewensterreine wat met verloop "uitgekristalliseer" het, was:

- lewenspraktyk
- sosiale verhoudings
- emosies
- spiritualiteit
- identiteit

Ander aspekte van belang vir egskeidingsherstel wat na vore gekom het, is 'n kerklike diskoers oor egskeidingsherstel, die egskeidingskrisis, die verloop van die herstelproses en diskoerse oor manlikheid en vroulikheid.

In die lig van die aspekte wat met verloop van tyd tydens die terapie aangespreek is, is literatuur geraadpleeg wat resoneer en verband hou met die deelnemers se ervaring. Tydens die opeenvolgende literatuurstudie het dit vir my duidelik geword dat die lewensterreine wat met verloop van tyd deur die deelnemers geïdentifiseer is na die beste van my wete, en volgens die beskikbare literatuur, alle aspekte en lewensterreine dek wat aangespreek kan word na egskeiding.

In hierdie studie word 'n verhaal van 'n groep vroue se herstelproses vertel wat tydens groepsterapie dominante diskoerse dekonstureer het en alternatiewe diskoerse rekonstrueer het. Die verhale word só oorvertel dat dit hopelik van betekenis vir ander geskeide vroue en terapeute sal hê.

## 8 HOOFSTUKINDELING

Voordat ek nou voortgaan gee ek kortliks die hoofstukindeling van die studie weer.

In Hoofstuk Een het ek die agtergrond waarteen die navorsingsprobleem en doelwitte gestel word verhelder, naamlik: die omvang van egskeiding in Suid-Afrika, die gebrek aan navorsing ten opsigte van egskeidingsherstel en die afwesigheid van ondersteuningsprogramme vir geskeide persone in Suid-Afrika.

In Hoofstuk Twee word die diskoerse en kontekste waarbinne die studie plaasvind, bespreek: die teologiese, prakties-teologiese en feministiese diskoerse.

In Hoofstuk Drie word die epistemologiese vertrekpunt, die sosiale-konstruksie diskoers, van die studie bespreek in die lig van 'n moderne en postmoderne epistemologie wat die agtergrond vorm vir die verstaan van die epistemologie.

In Hoofstuk Vier word die navorsingsmetodologie en etiese vertrekpunte van die studie belig wat deelnemende aksienavorsing, feministiese navorsing, groepwerk en die skryf van briewe behels.

Om die deelnemers aan die studie voor te stel word ons verhale in Hoofstuk Vyf kortliks vertel. Al vyf deelnemers se verhale is die verhale van huwelike wat uitloop op verbrokkeling, van verwagtinge wat nie gerealiseer het nie en van drome wat nagmerries geword het. Daarom is dit vyf hartseerverhale. Ek is ook 'n deelnemer aan die studie. Daarom vertel ek my eie verhaal, wat my gevorm het en hoe dit gekom het dat ek betrokke geraak het by die studie.

In Hoofstuk Ses word, in die lig van die dominante diskoers in verband met geslagskwessies, die huwelik en egskeiding, 'n feministiese perspektief op egskeiding gegee.

In Hoofstuk Sewe word die krisis wat egskeiding in die lewe van vroue veroorsaak, bespreek.

In Hoofstuk Agt kom twee terapeutiese benaderings tot egskeidingsherstel aan die beurt: die faseteorie van egskeidingsherstel en die herstel wat geleidelik plaasvind deur afwisselende "goeie" en "af" dae.

Een van die belangrikste diskoerse wat geskeide vroue se lewens na egskeiding beïnvloed is 'n kerklike diskoers. Die diskoers kom in Hoofstuk 9 ter sprake.

Die geskeide vrou kom voor geweldige uitdagings te staan wat praktiese sake in verband met regsprosedures, finansies en haar huishouding betref. In Hoofstuk Tien word die belangrikheid van die ontwikkeling van nuwe lewensvaardighede vir die geskeide vrou op die terrein van lewenspraktyk uitgelig.

Egskeiding veroorsaak 'n emosionele krisis vir die meeste vroue. In Hoofstuk Elf word die emosionele krisis wat gepaard gaan met egskeiding bespreek.

Die sosiale milieu waarin 'n geskeide vroue haar bevind, verander radikaal na egskeiding. In Hoofstuk Twaalf word die rekonstruksie van sosiale verhoudings bespreek.

In Hoofstuk Dertien kom die spirituele rekonstruksie wat gepaard gaan met egskeiding aan die beurt.

Egskeiding veroorsaak ten diepste 'n identiteitskrisis. In Hoofstuk Veertien word die identiteitskrisis wat deur egskeiding veroorsaak word bespreek en uitgewys hoe die deelnemers daarin geslaag het om nuwe identiteit te skep.

In Hoofstuk Vyftien kom die deelnemers se verhale weer aan die beurt: die keer is dit verhale van hoop. Verhale van vroue wat as gevolg van hulle egskeidings die samelewing, die Bybel, hulleself en die Here beter leer ken het, en in die proses baie struikelblokke oorkom en gegroei het.

Hoofstuk 16 is 'n reflektering en vooruitskouing.

## 9 DEELNEMERS SE REFLEKSIE[2]

In die lig van die omvang van egskeiding in Suid-Afrika was dit vir die deelnemers vreemd dat so min navorsing oor egskeiding gedoen word. Vir hulle was dit 'n aanduiding van die marginalisering

---

[2] Na voltooiing is die studie vir die deelnemers gegee om deur te lees. Hulle het dus die laaste woord in die studie. Na konsultering met hulle het ek besluit om nie hulle name te gebruik by die reflektering nie, die stem wat gehoor word in die reflektering is geskeide vroue s'n, nie enkele individue s'n nie.

van geskeide persone: "indien egskeiding nie nagevors word nie, word dit ontken", "lyk my almal, teoloë en wetenskaplikes voer 'n volstruispolitiek: indien daar nie aandag aan egskeiding gegee word nie, sal dit verdwyn, daar wag 'n verrassing vir almal wat so dink: egskeiding en geskeides is hier om te bly, julle sal 'die probleem' moet hanteer".

Die deelnemers het die behoefte aan populêre werke oor egskeidingsherstel beklemtoon en kontrasteer dit met die baie boeke wat beskikbaar is oor "huweliksverryking, vergifnis en weer probeer".

Hulle mening oor die gegewens dat vroue baie meer as eisers optree tydens egskeidingsgedinge is die volgende: omdat ongelukkige huwelike vroue "vasklem", wil vroue weer "vry wees en vry asem haal", hulle wil "verlos word", al beteken dit dat hulle finansieel en emosioneel swaarkry.

Noudat die probleem wat in die studie ter sprake is, uiteengesit is word in die volgende hoofstuk aandag gegee aa soos duidelik blyk uit die aanhaling oor seksualiteit n die diskoerse waarbinne die probleem aangespreek word.

# HOOFSTUK 2

## DISKOERSPOSISIONERING

In hierdie hoofstuk posisioneer ek die studie binne bepaalde diskoerse wat vir die studie van belang is. Vir die doeleindes van die studie bespreek ek drie tersaaklike diskoerse waarbinne ek die studie posisioneer het:

- 'n kontekstuele teologiese diskoers
- 'n prakties-teologiese-pastorale diskoers
- 'n feministies teologiese diskoers

## 1 'N KONTEKSTUELE TEOLOGIESE DISKOERS

Wanneer Louw (1993:viii) die term "konteks" gebruik, wys hy daarop dat daar rekening gehou moet word met twee verskillende kontekste: die konteks van die mens en die konteks van die Skrif. Die heil moet verstaan en vertolk word in terme van die menslike konteks. Omgekeerd moet die menslike konteks weer verstaan en vertolk word in terme van die Skrif.

Die manier waarop Louw "konteks" en "Skrif" beskryf is vir my 'n probleem. Hy is besig met 'n bipolêre konstruksie asof die Skrif 'n konteks op sy eie kan wees wat los van die mens kan bestaan en bestudeer kan word. Die probleem met van die omskrywings van die praktiese teologie in die dialektiese bipolêre terme is dat dit ontstaan in 'n positivistiese, fundamentalistiese en konfessionele denke en diskoers. So bly die praktiese teologie in 'n bipolêre denke van objek/subjek, teorie/praktyk, Bybel/lewe vasgevang.

In die lig van bogenoemde inleidende opmerking kan saam met Bosch (1991:423) aanvaar word dat alle teologie kontekstueel is. Bosch wys daarop dat politieke, ekonomiese en sosiale kontekste in gedrang kom wanneer Bybelse tekste vertolk word. Volgens Bosch is teologie in die verlede "van bo" af bedryf, met filosofie as hulpbron, gerig aan die onopgeleide ongelowige. Daar het 'n betekenisvolle verskuiwing plaasgevind na kontekstuele teologie toe. Kontekstuele teologie is teologie wat "van onder" af bedryf word. Die primêre hulpbron van kontekstuele teologie is die sosiale wetenskappe. Kontekstuele teologie is daarop toegespits om die lot van die armes en die kultureel gemarginaliseerdes aan te spreek met groot klem op die praktyk.

Volgens Bosch (1991:423) is 'n kenmerk van kontekstuele teologie die uitwys daarvan dat, hoewel die Westerse wetenskapsbeskouing daarop aanspraak gemaak het dat dit neutraal is, dit die Westerse belange bevorder het. Kontekstuele teologie ontken dat die wêreld 'n statiese objek is wat verklaar kan word. Die wêreld is eerder iets wat verander moet word. Teologie is net geloofwaardig indien dit saam met dié wat ly beoefen word. Die klem lê daarom op teologie wat in praktiese dade oorgaan. Kontekstuele teologie se hermeneutiese proses begin by die praktyk, nie by die dogma soos tradisionele teologie nie.

By die stemme van die teoloë wat die kontekstuele aard van teologie beklemtoon, kan die stemme van feministiese teoloë gevoeg word. Oor die kontekstuele aard van teologie is Solle (1984:91), 'n feministiese teoloog, se insigte verhelderend. Volgens haar ontstaan alle teologie in pyn. Sy dink aan die eenvoudigste gebede uit die Christelike tradisie: "Skep in my 'n rein hart, o God". Die gebed het, volgens Solle, sy ontstaan te danke aan die ervaring van om vuil, verneder, en verwoes te voel. Die gebed vertel die verhaal van 'n lewe wat nie ten volle geleef word nie. 'n Ander voorbeeld is: "Laat u koninkryk kom". Die koninkryk is nog nie hier nie. Ons soek na die koninkryk van geregtigheid en vryheid. Teologie ontstaan uit die ervaring van die krag van negatiewe magte in die lewe. Indien die gedagte ernstig geneem word, kan teologie nie meer deduktief, gebaseer op gevestigde teologiese beginsels, wees nie. Teologie moet induktief wees, gebaseer op menslike ervarings. Teologie begin by ervaring en plaas ervaring teenoor die belofte van die Koninkryk van God.

Die pyn wat aanleiding gegee het tot die studie is die pyn wat egskeiding vir die (vroulike) deelnemers aan die studie veroorsaak het. Maar dit is nie net egskeiding wat die pyn veroorsaak het nie: hulle egskeidings het plaasgevind in 'n samelewing waar geskeide vroue gemarginaliseer word (vergelyk Hoofstuk Sewe) terwyl hulle aan 'n kerk behoort wat egskeiding in alle omstandighede as sonde beskryf (vergelyk Hoofstuk Nege).

Na my mening het Jesus ook by die pynlike konteks waarin mense hulle bevind het, begin. Hy het dié wat honger was, gevoed, dié wat siek was, genees en nie gehuiwer om die gevestigde dogmas van sy tyd oor byvoorbeeld die sabbat en die tempel te dekonstrueer en alternatiewe interpretasies vir die wet daar te stel nie. Hy het die onderdrukkende wettiese dogmas van sy tyd, soos verteenwoordig deur die Fariseërs en Skrifgeleerdes, gedekonstrueer. Jesus het begin by etiek, nie by dogma nie. Sy vertrekpunt is "jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt. 22:39). Omdat Jesus etiek, in plaas van dogma as vertrekpunt geneem het, kon hy liefde betoon en op die sabbatdag

genees (Mark. 3:1-6), aan die melaatse raak (Luk. 5:13) en aan huis van die tollenaar gaan (Luk. 19:1-9).

Japinga (1999:21), ook 'n feministiese teoloog, is nog 'n skrywer wie se standpunt aansluit by Solle en Bosch. Sy sê:

> Feminist theologians also challenge some of the common beliefs how theology ought to be done and by whom. Theology is not a top-down enterprise in which brilliant scholars tell ordinary Christians the truth about God. Theology is not the exclusive property of persons with academic degrees and clergy credentials, but the task of all Christians who wonder about God, themselves, and the world. Theology arises more out of curiosity than certainty. It is not much a setting forth of absolute truth as a setting forth of the ways in which God is present in human lives. Theology is not confined to rational exposition in textbooks or sermons... Theological insight can be found in all forms of expression that help people encounter God.

Kontekstuele teologie gaan nie net oor die verstaan van die konteks wat die pyn veroorsaak nie, maar ook oor die verandering aan die faktore wat pyn veroorsaak. Gerkin (1986:59) wys daarop dat praktiese teologie twee oogmerke het: naamlik verstaan en transformasie. Hy beskryf praktiese teologie as:

> ... an ongoing hermeneutical process within the immediate storied context of ministry. The intention of that process is the transformation of the human story, both individual and corporate in ways that open the future of that story to creative possiblities.

Die beskouing van Gerkin is anders as Louw (1993) se beskouing wat hierbo genoem is. Die navorser/terapeut is nie 'n buitestaander wat kontekste in ag moet neem nie, of moet interpreteer nie. Die navorser/terapeut is deelnemer aan die verhale van mense en ook deel van die konteks van die mense en interpreteer sake van belang saam met hulle in die konteks van hulle alledaagse lewe.

As kontekstueel-teologiese studie is daar 'n verskeidenheid kontekste wat ek in ag geneem het. Die kontekste kan omskryf word as die konteks van vroue:

- wat hulleself identifiseer met die Christelike geloofsgemeenskap
- wat hulle in 'n huwelik bevind het
- wie se huwelike ontbind is

- wat lidmate van 'n NGK-gemeente is
- wat deel is van die Suid-Afrikaanse samelewing
- wat deel is van die Westerse kultuur
- wat blootgestel is aan die teologie van die NGK
- wat die Bybel as Woord van God beskou, wat ook deel van die konteks is waarbinne die studie afspeel

Die studie vind ook plaas binne die konteks van my, die navorser, se persoonlike verhaal.

In die proses van die verstaan van die kontekste, en die veranderende en wedersydse invloede van die verskeidenheid kontekste op mekaar, word die verhaal vertel van hoe kontekstuele teologie tot stand kom en pastoraat met die geskeide vroue beoefen is.

Die eerste diskoers waarbinne die studie geposisioneer word is dat dit 'n teologies-kontekstuele studie is wat gerig is op die gemarginaliseerdes van die samelewing, in die geval geskeide mense, en veral vroue, wie se stemme dikwels nie gehoor word nie.

## 2 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE-PASTORALE DISKOERS

Die tweede diskoers waarbinne die studie plaasvind is 'n prakties-teologiese-pastorale diskoers. Om die hele spektrum moontlike diskoerse wat die praktiese teologie bied te ontgin, is nie moontlik binne die bestek van dié studie nie. Vir die doel van hierdie studie word slegs die diskoerse wat relevant is vir die studie, kortliks genoem.

Die verskillende aspekte van die praktiese teologie wat hier ter sprake is:

- praktiese teologie as die oorbrugging van klowe of die fasilitering van 'n gesprek?
- praktiese teologie as kommunikasie en verstaan
- praktiese teologie en etiek
- praktiese teologie en pastoraat

## 2.1 PRAKTIESE TEOLOGIE: DIE OORBRUGGING VAN KLOWE OF DIE FASILITERING VAN 'N GESPREK?

Heitink (1993:151) beskryf praktiese teologie as die interaksie tussen praktyk en teorie. Die praktyk wat hier ter sprake is, is die aksies van individue en groepe in die gemeenskap, binne en buite die kerk, wat gewillig is om in hulle persoonlike en openbare lewens deur die Christelike tradisie geïnspireer te word en wat wil fokus op die verlossing van die mensdom. Die teorie wat hier ter sprake is, is die omvattende hermeneuties-teologiese uitspraak wat die Christelike tradisie in verband bring met die lewe en dade van mense. Volgens Heitink is dit belangrik om te onthou dat:

- daar nie iets soos suiwer teorie of praktyk is nie
- praktyk altyd 'n onderliggende teorie het
- teorie geen voorrang bo praktyk het nie, en praktyk geen voorrang bo teorie het nie
- die verhouding tussen teologiese teorie en gemeentepraktyk gekenmerk word deur 'n dinamiese interaksie

Janson (1982:325) meld dat wie met Praktiese Teologie besig is, te doen kry met die kloof tussen teorie en praktyk, tussen wetenskap en praktyk, teologie en gemeente, kerk en maatskappy, teologie en ander wetenskappe. Praktiese Teologie is juis daarop gemik om klowe te oorbrug. Praktiese Teologie is as universiteitsvak ingestel met die bedoeling om die klowe te oorbrug, veral die kloof tussen die akademiese teologie en die kerklike praktyk.

Behalwe die pole wat reeds deur Janson onderskei is, noem Pattison (2000:243) ook nog die pole tussen die godsdienstige tradisie en huidige godsdienstige ervaring, die ideaal en die praktyk, die kerk en gemeenskap waaroor gesprek gevoer moet word.

Indien aan die tradisionele denke van Janson en Pattison vasgehou word, kom al die klowe soos reeds deur Janson en Pattison vermeld, in hierdie studie voor: die kloof tussen teorie en praktyk, die kloof tussen induktiewe en deduktiewe teologie, die kloof tussen dogma en etiek, die kloof tussen die dominante androgene diskoerse in die samelewing en die Bybel en die gemarginaliseerde feministiese diskoerse in die samelewing en die Bybel.

Hierdie standpunt dat praktiese teologie die "oorbrugging" van klowe is, is na my mening weer 'n bipolêre konstruksie, vanuit, soos later sal blyk, 'n moderne epistemologiese perspektief is wat

daarvan uitgaan dat daar 'n objek/subjek - verhouding tussen 'n kenner en dit wat geken moet word, kan bestaan.

Pattison (2000:243) stel dit dat die taak van die praktiese teologie is om verskillende stemme te laat hoor en om as fasiliteerder van 'n gesprek op te tree. Dit is by die standpunt van Pattison waarby ek eerder aansluit om te beskryf wat tydens die studie gebeur: ek wil graag die fasiliteerder van 'n gesprek wees tussen verskillende groepe wat by die egskeidingsvraagstuk belang het. Veral wil ek die stemme laat hoor van die geskeide vroue wat dalk in die verlede nie deur die kerk gehoor is nie, soos in Hoofstuk Nege oor 'n kerklike diskoers oor egskeiding bespreek word. Wanneer na stemme geluister word en stemme laat hoor word, is daar van kommunikasie sprake. In die volgende afdeling word praktiese teologie as 'n kommunikatiewe handeling beskryf en daarop uitgebrei.

## 2.2 PRAKTIESE TEOLOGIE: OM TE KOMMUNIKEER, TE VERSTAAN EN TE DOEN

Volgens Louw (1993:viii) gaan dit in die praktiese teologie oor drie komponente:

- Kommunikasie en verstaan: die praktiese teologie is betrokke by die interaksie van die verbondsmatige ontmoeting en dialoog tussen God en mens. Die doel en sin van die ontmoeting tussen God en die wêreld word bestudeer.

- Konkretisering en handeling: dit gaan in die praktiese teologie oor die konkrete effek van die heil met die oog op die ontwerp van geloofsgedrag wat sin genereer. Hier is die kerklike diensgestaltes aan die woord met die oog op die opbou van die gemeente en die ontwerp van effektiewe bedieningstrukture.

- Bevryding en sin: praktiese teologie is betrokke by gebeure van verandering met die oog op die diens van die gemeente aan die wêreld, ten diepste is hierdie veranderingsproses daarop gerig om 'n deurleefde spiritualiteit te ontwikkel.

Daar kan grootliks met Louw saamgestem word oor sy beskouing, maar die vraag is hoe word gekom tot die "doel en sin". My vermoede is dat Louw van mening is dat insig verstandelike verstaan is en die verkryging van "doel en sin" 'n rasionele/verstandelike proses is. Soos later in die studie sal blyk, is die verkryging van doel en sin volgens 'n postmoderne epistemologie 'n proses van dekonstruksie.

Pieterse (1993:3) omskryf praktiese teologie as 'n kommunikatiewe handelingswetenskap wat meer wil doen as net om teologie prakties te maak en teoretiese perspektiewe prakties te maak. Die implikasie hiervan is dat omvattende kommunikasie, gebeure, dade en handelinge, sowel as die situasie waarin hulle plaasvind, die fokus van praktiese teologie is.

Ook Ackermann (1996:35) beskou praktiese teologie as 'n "theological operational communicative science in which reflection on the theory/praxis dialectic is central". Dat Ackermann die woord "praxis" (praktiese toepassing) in verband met praktiese teologie gebruik, is veral verhelderend en bring 'n betekenisvolle verskil in ten opsigte van Pieterse en Louw se beskouings.

McBride (1996:183) brei op die "praxis" begrip uit. Sy omskryf "praxis" as die dade, gebaseer op die nadenke en verstaan van die samelewing wat daarop gemik is om die samelewing te verander. Die oproep tot "praxis" bemagtig mense om verantwoordelikheid vir hulle lewens te neem, subjekte te word eerder as om passiewe objekte te bly. Die visie van Jesus in verband met die koms van die koninkryk van God staan in 'n feministiese teologiese diskoers oor praxis sentraal. Jesus se passie vir die lewe, bevryding, geregtigheid en hoop, sy ywer om alles wat die lewe bedreig te verander, is die hart van Christelike praxis. Jesus se tafelgemeenskap met armes, prostitute, sondaars, melaatses en tollenaars gee aan God se liefde vir die sosiaal en godsdienstig gemarginaliseerdes gestalte. Jesus se praxis was gelyktydig sosiaal en polities van aard, dit het die gevestigde waardes van die samelewing uitgedaag en het Hom in konflik gebring met die ryk, magtige elite vir wie Sy optrede 'n bedreiging ingehou het.

Vanuit die hoek van "praxis" beskou, is die vertrekpunt van praktiese teologie die oproep tot Christene om op grond van hulle geloof oor te gaan tot dade wat getuig van ware barmhartigheid, diens wat lyding verlig en geregtigheid laat geskied (McBride 1996:184).

Louw (1993:20) noem wel dat dit in die praktiese teologie gaan om verandering, maar die verandering se doel is om 'n "deurleefde spiritualiteit te ontwikkel". Vanuit die hoek van "praxis" beskou, is die verandering wat praktiese teologie wil bewerk, veel meer as net die ontwikkeling van 'n deurleefde spiritualiteit. Die verandering wat die praktiese teologie teweeg behoort te bring, is juis die verandering van die omstandighede wat mense se sin van hulle beroof.

Cochrane, de Gruchy en Peterson (1991:2) beskryf dit soos volg:

> We also assume that the person who carries out the practical theological work and reflection in the Church is not an isolated individual being, nor a mere soul separated from his or her body, but a-being-in-community, a social being... much of what passes for the work of

> practical theology in our time operates with faulty (in some cases one might even say heretical) anthropology which anomies the human being or removes the human being from his or her life situation. This makes it impossible to address their concerns beyond their immediate existence; alternatively, it treats such concerns as if their causal basis and potential resolution depend upon the individual alone. It is impossible, in this framework, to talk meaningfully of any practical theology which might take into itself issues of justice, peace, reconciliation and so on, in communities where these issues deeply affect and often destroy the individual life, or the family life.

Volgens die standpunt is dit deel van die praktiese teologie om die sake wat onreg in gemeenskappe veroorsaak, dit wat mense se lewens negatief beïnvloed en verwoes, te ontbloot en te verander. Dié beskouing oor praktiese teologie is anders as die meer tradisionele beskouing van Louw en Pieterse soos hierbo beskryf.

Wanneer die "praxis" begrip geïnkorporeer word binne die beskouing oor praktiese teologie, kan die een wat praktiese teologie beoefen, nie neutraal staan teenoor die sake wat onreg veroorsaak nie. Ackermann (1996:33) neem die kommer oor menslike lyding en hulle bevryding as vertrekpunt van die praktiese teologie. Sy verstaan praktiese teologie as:

> ... critical, committed, constructive, collaborative and accountable reflection on the theories and praxis of struggle and hope for the mending of creation based on the stories and experiences of women/marginalized and oppressed people.

In hierdie studie word, om hulle omstandighede te verstaan, geluister na die verhale van die vroue wat deur egskeiding gemarginaliseer word. Die diskoerse wat aanleiding gegee het tot hulle omstandighede word geïdentifiseer en dekonstrueer.

Die tweede aspek van die praktiese teologiese diskoers waarbinne die studie afspeel, is dié van praktiese teologie wat luister, verstaan en doen. Wanneer mense dinge "doen" het dit altyd implikasies vir ander mense. Dit is daarom dat die etiek wanneer gedoen word en die effek van dit wat gedoen word op mense duidelik in ag geneem moet word. Daarom is praktiese teologie ook 'n etiese handeling. In die derde punt kom die aspek van praktiese teologie ter sprake.

## 2.3 PRAKTIESE TEOLOGIE AS ETIESE HANDELING

In die volgende hoofstuk oor die epistemologiese vertrekpunt van die studie sal weer aandag gegee word aan die etiek van die studie. Dit is egter nodig om ook hier kortliks te verwys na die etiese implikasies wat die beoefening van die praktiese teologie het.

Omdat dit, wat tydens die beoefening van praktiese teologie "gedoen" word, mense se lewens beïnvloed, kan praktiese teologie nie losgemaak word van etiek nie. Persone wat deur die beoefening van praktiese teologie beïnvloed word, moet geken word in die totstandkoming van die teologie. Die stemme van "kenners" is nie die enigste stemme wat in ag geneem kan word by die neem van teologiese besluite nie.

Rossouw (1993:902) wys daarop dat rasionele, wetenskaplike besluite wat geneem word, nie altyd menslike besluite is nie. Die besluite het dikwels onvoorsiene negatiewe gevolge vir sekere groepe in die samelewing wat vir hulle vervreemding en lyding veroorsaak. Diegene wat deur die besluite van die "kenners" geraak word, het 'n waardevolle en onontbeerlike bydrae om te maak in die besluite wat hulle raak – al word hulle in terme van die samelewing beskou as "leke". Rossouw (1993:903) kom tot die gevolgtrekking dat "expertise must be enriched and informed by the experience of those on the receiving side of expert opinion". Christene (en praktiese teoloë) behoort volgens Rossouw sensitief te wees vir lyding in die algemeen, "but should be especially sensitive to the practical consequences that theological perspectives and belief practices might have".

Daar kan saamgestem word met Rossouw se benadering dat teologie nie van "bo" (kenners, teoloë, predikante) geskep word en na "onder" (leke, gemeentelede) aangegee word nie. Die skep en bedryf van praktiese teologie is 'n deelnemende proses.

Ackermann (1996:44) noem dat die beoefening van praktiese teologie 'n proses van samewerking en konsultering is wat op drie vlakke plaasvind:

- die put uit die verhale en ervaring van die gemarginaliseerde en onderdrukte mense wat nie deel van die akademiese wêreld is nie
- die kritiese gesprek met ander skrywers en hulle insigte
- die dialoog met ander sosiale wetenskappe

In hierdie studie word aangesluit by die benadering van Ackermann (1996) deurdat op verskeie vlakke samewerking en konsultering plaasgevind het om die studie te skep. In die proses is egter ook verder gekonsulteer:

- Die huidige teologiese-en-samelewingsdiskoerse oor die relevante sake is in ag geneem.

- Daar is met die diskoerse in gesprek getree om te probeer verstaan wat die faktore is wat aanleiding gegee het tot die omstandighede waarin die deelnemers hulle bevind.

- Van die faktore wat hulle kan help om hulle omstandighede te verander is probeer verstaan.

- Daar is veral gekonsulteer met die bestaande alternatiewe diskoerse oor egskeiding.

Om praktiese teologie binne die spesifieke konteks van die samelewing te beoefen, wat die probleme van individue en sowel as die probleme in die samelewing verstaan en aanspreek, het Cochrane et. al (1991:13) die praktiese teologiese proses in verskillende stappe ingedeel:

- Praktiese teologie begin by die geloofsverbintenis van die persoon en die gemeenskap wat praktiese teologie beoefen dat Jesus die Christus is: die Verlosser, die Bevryder en Here in en deur wie God se regering van geregtigheid en vrede aanbreek.

- Die inbeweeg in die lewe en ervaring van die individu en gemeenskap saam met wie praktiese teologie beoefen word om te deel in hulle emosies, te probeer verstaan wat hulle beleef en waarom hulle reageer soos hulle reageer.

- Die kritiese ondersoek na die konteks om die geskiedenis, die strukture, oorsake, verbande en gevolge van wat in die gemeenskap gebeur, te probeer ontleed.

- Teologiese refleksie op die situasie wat krities ondersoek is. In die lig van die geloof, die Bybel en die tradisie word lig gewerp op die heersende omstandighede.

- Bemagtiging van die gemeenskap. Dit behels die vermoë om te onderskei, om die hulpbronne om mens te word na die beeld van God te ontdek, om menswaardig voor God en medemens te leef.

- Beplanning: noudat die wil van God onderskei is en die gemeenskap weet waarvoor God hulle roep, word besluit oor die stappe wat geneem word om dit te doen wat gedoen moet word.

Om te verseker dat die studie nie negatiewe gevolge vir die deelnemers aan die studie het nie, is aangesluit by die prakties- teologiese proses wat hierbo uiteengesit is. Kritiese ondersoek in die heersende kerklike en sosiale diskoerse het plaasgevind om die deelnemers so ver moontlik te bemagtig. Die proses van beplanning is aan die gang om stappe te neem om geskeide persone by te staan.

Met die aspek van "bystaan" kom 'n volgende aspek van praktiese teologie ter sprake: pastoraat.

## 2.4 PRAKTIESE TEOLOGIE EN PASTORAAT

Dill (1996:5) omskryf pastoraat as die onderafdeling van die praktiese teologie wat besig is met die studie van "Singewende lewenshulp deur 'n gelowige aan 'n ander in nood, sodat dit betekenisvolle lewensprosesse kan bevorder". Heitink beskryf (1993:265) die singewende funksie van praktiese teologie:

> The core question practical-theological anthropology must address is that of the meaning of life... It is not a question born of luxury, but one rooted in anxiety and despair.

Veltkamp (1988:196) lê klem op die feit dat pastoraat die gesamentlike soeke van die terapeut en die deelnemer is na die betekenis van verhale:

> ... het zoeken naar betekenis, naar het verstaan van de naaste; anders gezegd: het samen met die anderen betrokke te raken in het zoeken naar zin, in een verstaansproces, als een hermeutish gebeuren.

Hoewel al drie die skrywers pastoraat en lewensin verbind, moet hier klem gelê word op die feit dat daar 'n verskil kan wees in die manier hoe sin gevind kan word, naamlik: op 'n konfessionele manier of 'n kontekstuele manier. Indien lewenssin vanuit 'n konfessionele manier gevind word, is dit teoloë wat besluit wat vir mense betekenis behoort te gee. Indien betekenis kontekstueel gevind word, is dit teoloë wat saam met mense betekenis vind. Omdat die studie 'n kontekstuele studie is, word aangesluit by die kontekstuele vind van betekenis saam met mense.

In die lig van die verbintenis tussen pastoraat en die vind van betekenis het pastoraat te doen met belangrike lewensvrae soos wie/wat gee hoop, waarom lewe ek en waar vind ons troos? Voortvloeiend uit Chocrane et. al (1991) se standpunt soos hierbo omskryf, is pastoraat ook meer as dit. Soos praktiese teologie moet pastoraat ook vra wat veroorsaak sinloosheid, hopeloosheid, troosteloosheid? Wat is die omstandighede en die diskoerse wat verhoed dat mense die lewe wat

Jesus in oorvloed gee, die "volkome blydskap" (Joh. 16:24), die "vrede wat die verstand te bowe gaan" (Fillp. 4:7), verkry? Die vrae behoort ook deur die pastoraat aangespreek te word.

Pattison (2000:13) beskryf pastoraat as:

> ... that activity, undertaken especially by representative Christian persons, directed towards the elimination and relief of sin and sorrow and the presentation of all people perfect in Christ to God.

Pattison (2000:15) se omskrywing van sonde is baie belangrik vir die verstaan van pastoraat. Volgens Pattison kan sonde maklik net individueel verstaan word. Die beskouing van sonde laat mense aan die ontvangkant van pastoraat met skuldgevoelens. Daarom is Pattison se opmerking baie relevant:

> Much sin, sorrow, and capacity for growth finds its roots outside the individual person. Poverty, unequality and injustice can be the agents and tools of evil and can stunt people just as effectively as personal misery or loss... any useful definition of pastoral care must, therefore, resist the temptation to become chained to individualism.

Saam met armoede, ongelykhede en ongeregtigheid kan die individuele beskouing van sonde ook mense marginaliseer. Só is dit die geval van egskeiding. Wanneer egskeiding net beskou word as 'n individu se "sonde", los van die konteks waarin dit plaasvind, marginaliseer so 'n beskouing van "sonde" geskeide persone nog verder. Gerkin (1997:89) beklemtoon dat die fokus van pastoraat by persone wat andersins verwaarloos en misgekyk word, behoort te lê. Hierby sluit ek aan om, in hierdie geval, gemarginaliseerde geskeide vroue by die pastoraat te betrek om, na die trauma van egskeiding, saam met hulle weer betekenis te ontdek.

Ter wille van duidelikheid moet hier weer beklemtoon word dat die etiese sinvolle lewe nie net die verstandelike insigte behels nie, maar ook die alledaagse lewenspraktyk.

## 3 'N FEMINISTIES TEOLOGIESE DISKOERS

Die derde vertrekpunt van die studie is dat dit 'n teologies-feministiese studie is. Orsmond en Thorne (1993:592) beskryf feminisme as "an analysis of women's subordination for the purpose of figuring out how to change it". In hierdie studie wil ek aansluit by die breë omskrywing van feminisme: die onderdrukking van vroue vind op vele terreine plaas. Daarom word in opeenvolgende hoofstukke vertel hoe vroue deur kerklike, samelewings- en sosiale diskoerse

onderdruk word. Hoewel vroue in die algemeen onderdruk word, is dit ook waar dat geskeide vroue nog meer blootgestel word aan onderdrukking, soos later sal blyk.

Volgens Van Leeuwen (1993:22) is Christelike feminisme se vertrekpunt dat alle mense na die beeld van God geskape is en daarom geregtig is op respek. Die sondeval het verhoudings tussen geslagte so ernstig geskaad dat 'n daadwerklike poging aangewend moet word om geregtigheid in verhoudings te herstel. Dit geld veral wat vroue betref, omdat, volgens Van Leeuwen, die geskiedenis toon dat dit veral vroue is wat onder ongeregtigheid ly. Hoewel Van Leeuwen se opmerking 'n veralgemening is, is dit die opmerking van 'n feministiese teoloog wat haar, en waarskynlik baie ander vroue, se belewenis van die lewe weerspieël.

Solle (1984:85) sê sy verstaan onder feminisme:

> ... that segment of the women's movement which fights not only for the equality of women but also for a different culture. A distinction has to be made between this women's movement and an earlier one, the bourgeois women's movement, whose major concern was to win equal rights and opportunities for women... What we need is another culture with goals and values different from the ones currently in force. The essence of feminism is not just a big "Me, too!". It is the creation of something new. We do not want to become like men and have and do everything that they have and do. We want a different kind of life; that is feminism in its most profound form today... The word "feminism" often evokes fear in men. One reason for this is that men are often totally ignorant of what feminism really is. Another reason is that feminism has been grossly misrepresented in the mass media. But there are deeper fears at work here, too.

Solle raak 'n belangrike saak aan met haar omskrywing van feminisme: feminisme gaan oor die bestryding van 'n onaanvaarbare waardestelsel in die samelewing wat ongelykheid tussen mense bevorder.

In my studie gaan dit spesifiek oor vroue en egskeiding. Arendell (aangehaal deur Reinharz 1992:249) wys daarop dat egskeiding 'n feministiese probleem is en deur feministiese metodes aangespreek behoort te word, want "divorce is a socially structured experience that reflects the gender-based organisation of our society, with all the related inequities".

Dat die groep saam met wie navorsing gedoen is net uit vroue bestaan het, beteken nie dat die studie vanselfsprekend 'n feministiese studie is nie. Dit is moontlik om saam met vroue navorsing te doen en nog steeds die metode, waardes, epistemologie en etiek van die dominante androsentriese

diskoers as vertrekpunt te neem. Omdat ek 'n man is, is dit 'n wesenlike gevaar dat dit in die studie kan gebeur. Die aktuele vraag in die verband is: kan 'n man saam met vroue vanuit 'n feministiese teologiese benadering navorsing doen?

Reinharz (1992:14) wys daarop die feministiese wêreld verdeeld is oor die vraag of mans feministe kan wees. Sommige vroulike feministe ontken dat mans feministe kan wees, hoewel hulle toegee dat mans vroue kan ondersteun. Hulle wys daarop dat mans nooit die lewe kan ervaar soos vroue nie. Daarom is mans geneig om meer intellektueel nuuskierig te wees as emosioneel betrokke by feministiese navorsing. Tog word toegegee dat mans 'n belangrike rol kan speel in feministiese navorsing.

Solle (1984:86) huldig 'n ander standpunt:

> Many men asume, for example, that they cannot be feminist... a man can, of course and should call himself a feminist if he shares these desires for liberation, change, and a new culture. He should not be afraid of the concept of feminism. It is militant but not exclusive. That is the point.

Omdat ek 'n man is, sluit ek graag in die studie aan by Solle se standpunt. Feminisme gaan in die eerste instansie nie oor geslag nie (dan word 'n mans-gesentreerde samelewing immers net verruil vir 'n vrou-gesentreerde samelewing), maar oor bepaalde waardes. Indien 'n man waardes onderliggend aan feminisme onderskryf, kan 'n man ook 'n feminis wees.

Hierdie waardes is waardes wat 'n ander samelewing met 'n ander kultuur voorstaan as wat in 'n manlik oorheersde samelewing en kultuur voorgestaan word. Solle (1984:88) noem dat die volgende waardes waarvoor gekies word, betrokke is, naamlik:

- teen oorheersing ten gunste van deelname
- teen uitsluiting ten gunste van inklusiwiteit
- teen eenvormigheid ten gunste van diversiteit
- teen onderdrukking ten gunste van 'n samelewing waarin elke mens tot sy reg kan kom
- teen ongeregtigheid ten gunste van geregtigheid
- teen groepsbelange ten gunste van die belang van die individue

Dit is hierdie waardes wat ek persoonlik onderskryf en graag in hierdie studie aan gestalte wil gee.

Behalwe die belangrikheid van waardes vir feminisme en feministiese navorsing, meld Allen en Baber (1992:12) dat die man wat feministiese navorsing doen aan dieselfde standaarde met betrekking tot selfopenbaring moet voldoen as vroulike navorsers. Dit geld ten opsigte van homself en sy motiewe. Mans se navorsing kan nie oor vroue wees nie, maar ter wille van vroue. Ongelykhede met betrekking tot vroue behoort aangespreek te word, benadeelde vroue moet bevoordeel word deur die navorsing en die bemagtiging van magtelose vroue moet deur die navorsing bevorder word. Indien aan die vereistes voldoen word, is daar geen rede waarom 'n man homself nie ook 'n feminis kan noem nie, en nie betrokke kan raak by feministiese navorsing nie (Allen & Baber 1992:12).

## 4 REFLEKSIE VAN DEELNEMERS

Die deelnemers het veral reageer op die vraag of 'n man 'n feminis kan wees en was van mening dat dit wel die geval kan wees. Hulle het hulleself as gelukkig beskou dat hulle wel mans ken wat feministe is.

Die voorafgaande vertrekpunt, dat die studie 'n kontekstueel-teologiese, 'n prakties-teologiese en 'n feministies-teologiese studie is, het gevolge vir die epistemologiese vertrekpunt van die studie. In die volgende hoofstuk word die epistemologiese vertrekpunt van die studie bespreek.

# HOOFSTUK 3

# EPISTEMOLOGIESE POSISIONERING VAN DIE NAVORSING

Die HAT beskryf epistemologie as "kennisleer" of "ken leer". Dill (1996:6) omskryf epistemologie as "die nadenke oor hoe en wat ons kan ken". Die omskrywing van die HAT en Dill is in 'n sekere opsigte mooi omskrywings van wat epistemologie is. Die omskrywings laat ongelukkig uit dat dit verskillende mense is wat tot kennis kom, wat in die lig van 'n postmoderne epistemologie wat hier bespreek word, nooit werklik kan "ken" nie. In die lig van 'n postmoderne epistemologie wat in hierdie hoofstuk uiteengesit word omskryf ek epistemologie as "die pogings van verskillende mense om te probeer ken".

Die epistemologiese vertrekpunt van die studie is 'n postmoderne, narratiewe en sosiaal-konstruksionistiese diskoers, waar kwalitatiewe, deelnemenende aksienavorsing gebruik word.

'n Postmoderne epistemologie het gegroei uit 'n moderne epistemologie[1]. Daarom word eers aandag gegee aan 'n moderne epistemologie.

## 1 'N MODERNE EPISTEMOLOGIE

Anderson en Goolishian (1988:376) beskryf die grondbeginsel van 'n moderne epistemologie as die aanname dat die mens die werklikheid objektief kan ken. Die waarnemer bestaan onafhanklik van die werklikheid wat beteken dat die werklikheid beskryf kan word "soos wat dit is". Graham (1996:15) beskryf 'n moderne epistemologie as 'n komplekse samevloeiing van politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele prosesse. Die prosesse het uitgeloop op die aanname dat alle kennis van die natuurlike en sosiale wêreld op waarneembare en bewysbare feite gegrond is. Kotzé (2002:7) voer die wortels van 'n moderne epistemologie terug na die Franse filosoof Descartes wat kennis in objektiwiteit en suiwer rede gegrond het. Die epistemologie het, volgens Kotzé, ontstaan in 'n tyd van groot onsekerheid in Wes-Europa na die sluipmoord op Hendrik IV.

---

[1] Bronne verwys dikwels na 'n postmoderne epistemologie as "postmodernisme" en na 'n moderne epistemologie as "modernisme". Die denkrigtings is na my mening te uiteenlopend om dit in sulke algemene terme te beskryf. Daarom verkies ek eersgenoemd terme.

Ook Brueggeman (1993:5) voer die ontstaan van 'n moderne epistemologie terug na die begin van die sewentiende eeu toe 'n intellektueel-kulturele ontwaking in Wes-Europa ontstaan het. Die ontwaking het 'n nuwe model van kennis, gegrond op objektiwiteit, daar gestel. Die beweging het geboorte gegee aan wat vandag bekend staan as "modernisme". Volgens Brueggeman is van die kenmerke 'n moderne epistemologie:

- die skuif van mondelingse oorlewering na geskrewe; dit wat betroubaar is, is geskryf
- die skuif van die besondere na die universele; waarheid is oral dieselfde
- die skuif van die plaaslike na die algemene; waarheid is in alle omstandighede dieselfde
- 'n skuif van tydsgebondenheid na tydloosheid; waarheid is altyd dieselfde

Jordaan (1996:2) noem dat 'n moderne epistemologie gekenmerk word deur die geloof dat menslike rede vooruitgang waarborg. Die menslike rede is ontembaar in die oplossing van die wêreld se probleme op wetenskaplike, tegnologiese, mediese, ekonomiese en politieke gebied. Die idee neem baie verskillende vorme aan, maar kan saamgevat word in:

- die demonstrasies van rasioneel gegronde sekerheid
- die moontlikheid en bereidwilligheid om uit chaos orde te skep
- pogings om die mens se outonomie te bevestig

Gergen (1994:7) noem, ten opsigte van wat hy die "tradisionele wetenskap" noem, dat die doelwitte van die sosiale wetenskappe is:

- om algemene wette of beginsels daar te stel wat die verhoudings tussen mense bepaal
- dat wetenskaplike ondersoek daarop ingestel is om 'n objektiewe basis vir sistematiese teorie daar te stel
- dat deur middel van voortgesette beoordeling van teorieë, en deur afleidings daaruit te maak, tot wetenskaplike verstaan gevorder kan word, wetenskaplike kennis is kumulatief

'n Moderne epistemologie het veral op tegnologiese gebied geweldige positiewe vrugte gedra, maar met verloop van tyd het dit geblyk dat daar enstige tekortkominge in 'n moderne epistemologie is.

## 2 TEKORTKOMING VAN 'N MODERNE EPISTEMOLOGIE

Volgens Oden (1995:24) was modernisme 'n ideologie wat presies geduur het van die Franse Revolusie tot met die val van kommunisme (1789 tot 1989). Hoewel die afbakening van die tydsduur van die modernisme kunsmatig is, is dit 'n bruikbare hulpmiddel om die hoogbloei van die modernisme aan te dui. Oden beskryf 'n moderne epistemologie as volg:

> The enchantment of modernity is characterized by technological messianism, enlightment idealism, quantifying empiricism, and the smug fantasy of inevitable historical progress. We have fooled ourselves on all counts.

Skerp verwys Oden (1995:24) dan na die mislukking van 'n moderne epistemologie:

> The autonomous individualism of the iconoclastic tradition from Nietzsche through Dadaism to Hemingway and Sartre has now come down to gun battles between nine-year old boys in ornate tennis shoes.
>
> The reductive naturalism of the tradition from Hobbes... is proving to be a narrow new philosophical dogmatism that denies freedom and misunderstands human accountability.
>
> The absolute moral relativism and modern chauvinism typified by Feuerbach... that imagines the developing ethos of late modernity is destined somehow to be the unquestioned cultural norm by which all subsequent cultures are to be judged, and on this premise presumes to judge all premodern norms, texts, and ideas. Modern chauvinism regards modernity as the intrinsically superior ethos by which all premodern views are harshly judged as primitive, misogynist, or artless (Oden 1995:24).

Graham (1996:24) meld dat die twintigste eeu se ervaring met volksmoorde en totalitêre regerings geloof in die vanselfsprekendheid van die voordele van menslike rede, wat 'n hoeksteen is waarop 'n moderne epistemologie rus, geskud het. Daar is tot die besef gekom dat "beskawing", soos deur dit voorgehou is, geen waarborg vir geregtigheid is nie. Die teendeel is waar: dit het die mensdom voorsien van beter instrumente om te onderdruk. Kotzé (2002:10) sluit aan by die kritiek aan:

> A new epoch arrived in which humans tried to explore, understand and control the world by seeing the truth through 'scientific' eyes, in an effort, also, to create a world that would be free from war and strife so that 'all could live'. It may be argued that before this development, life was mostly about surviving and sustaining oneself. Modern science resulted in levels of material prosperity never achieved before. Today we have conquered to

> the extent that mother earth is fighting for survival, hers and ours. We are now even cutting down the ecological tree that fed and shaded us! Our scientific and technological achievements resulted in war technologies of mass destruction. This became evident in the positivist scientific human 'achievements' ('de-chievements') of two World Wars – especially in the devastating "(dis)ability" of nuclear warfare.

Volgens Kotzé (2002:10) was die arrogante aannames van die Nasionaal Sosialisme in Duitsland en Afrikanernasionalisme in Suid-Afrika wat tot die onderdrukking van mense gelei het, die gevolg van 'n moderne epistemologie.

Oor die formulering kan verskil word, maar die skrywers bevestig dat 'n moderne epistemologie tekortkominge het en soms nadelige gevolge het vir veral menseverhoudings en mense wat nie in magsposisies is nie. Die tekortkominge van 'n moderne epistemologie word ook onderskryf deur feministe en teoloë. Ten spyte van die tekortkominge van 'n moderne epistemologie het die epistemologie invloed uitgeoefen op verskillende lewensterreine. Vervolgens word aangetoon watter invloed die modernistiese epistemologie op vroue en teologie gehad het.

## 3 DIE INVLOED VAN 'N MODERNE EPISTEMOLOGIE OP GESLAGSKWESSIES

Wat vir die studie van groot belang is, is die invloed wat die modernistiese epistemologie op die dominate diskoers oor geslagskwessies gehad het. Feministiese denkers is van mening dat die aansprake van 'n moderne epistemologie in verband met die waarheid, vooruitgang en die mens se aard "were actually the outcome of particular sectional interest and perspectives masquerading as 'universal' axioms" (Graham 1996:18). Dit het verder duidelik geword dat "modernity represents not the claims of universal human aspirations, but the interest and concerns of a small group of eighteenth-century educated men" (Graham 1996:18).

Volgens Bons-Storm (1996:74) het 'n moderne epistemologie daartoe aanleiding gegee dat mans die norm en vroue die afwyking van die norm geword het. Die kontras het ontstaan tussen verstand, man, oriëntering, pa, rasioneel, geloofwaardig aan die eenkant en aan die anderkant liggaam, vrou, ma, chaos, irrasioneel, ongeloofwaardig. Volgens die epistemologie word mans primêr geassosieer met orde en rede, vroue met chaos en onverstaanbaarheid. Die dominante diskoers is bevorder deur sielkundiges soos Freud en Jung. Een van die gevolge van 'n moderne epistemologie is dat nie met vroue se standpunte rekening gehou is nie, vroue se stemme is nie gehoor nie, en vroue se ervarings is as onbelangrik beskou.

Dit is die nalatenskap van 'n moderne epistemologie op die samelewing se beskouing van mans en vroue waarmee tydens die studie rekening gehou word.

## 4 DIE INVLOED VAN 'N MODERNE EPISTEMOLOGIE OP TEOLOGIE

Volgens Rossouw (1993:897) is die eerste uitdaging vir teologie om kritiese selfondersoek in te stel na die impak wat moderne rasionaliteit op die beoefening van die teologie gehad het. Van die moderne invloede op teologie wat Rossouw noem is:

- Die invloed van teologie wat beperk is tot persoonlike verhoudings, met min of beperkte betekenis vir die hoofstroom moderne wêreld.
- Die feit dat sommige teoloë gepoog het om 'n geloofsisteem daar te stel wat formeel aan die standaarde van moderne rasionaliteit voldoen. Volgens die teoloë is al wat nodig is die geloof dat die Bybel die Woord van God is. Wanneer die sprong gemaak is, kon die uitdaging van die moderne rasionaliteit hanteer word.

Louw (1999:335) wys op die invloed wat 'n moderne epistemologie op die Godsbegrip gehad het. Hy beweer:

> Modernisme het die teologie ingrypend beïnvloed. Die moderne logos dekonstrueer alle betekenisnuanses rakende "God"... So word "God" in die moderne teologie dikwels die gevangene van die daardie logos van moderniteit (die kragtige faktor van "intelligibility") wat probeer om met behulp van kritiese analise die theos van geloof radikaal te dissekteer en te relativeer.

Pieterse (1993:58) is van mening dat binne 'n gereformeerde teologiese raamwerk sekerheid, objektiwiteit en gesag van die Woord van God 'n groot rol speel: "Welke metode ook al gebruik word vir die analise van Bybeltekste maak nie so 'n groot verskil nie, omdat die resultate binne 'n sekerheidsraamwerk geïnterpreteer word"

Hierdie "sekerheidsraamwerk" is die moderne sekerhede wat deur die teologie omhels is.

Ook Du Toit (2000:88) wys in sy boek *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* daarop dat die teologie nie die effek van die modernisme vrygespring het nie. Binne die geledere van die hoofstroomkerke het daar talle pogings gekom om met die spelreëls van die modernisme allerhande "bewyse" vir die waarheid aan te bied. So word fundamentalisme in die kerk gebore, wat dan veral uiting vind in 'n

biblisistiese hantering van die Bybel, met ander woorde, teologiese/godsdienstige stellings word "bewys" deur gelykluidende teksverse aan te haal, geselekteer uit die hele bundel van Bybelse geskrifte. Op die manier is na analogie van die natuurwetenskappe aanspraak gemaak op die logiese (rasionele) beredenering van die teologiese standpunte, gesagvol aangevul (bewys) deur die Bybel as Woord van God. Dit volg vanself dat hierdie "objektiewe" waarhede (dogma) outoritêr en met Goddelike gesag gehandhaaf en geleer is. Die eksklusiewe karakter van die Christelike kerk blyk duidelik uit die styl van kerkwees, as die bewakers van sedes, algemene morele standaarde en etiese kodes.

Du Toit (2000:100,123,148) dui dan aan hoe leerstellings oor byvoorbeeld die Drie-eenheid, die maagdelike geboorte en die duiwel deur die modernisme beïnvloed is. Hy gaan dan voort om wel vas te hou aan die opstanding van Jesus wat "so fundamenteel vir die Christelike geloof is", want

> In al die wetenskappe word tans saamgestem dat die liggaam en siel nie twee afsonderlike entiteite is nie, daar bestaan 'n integrale verband... jou siel is dus deel van 'n kosmiese siel, wat ons God kan noem... (Du Toit 2000: 151).

Op grond van die "wetenskaplik" bewysbare eenheid van siel en liggaam maak hy dan die gevolgtrekking dat dit "logies" is om in die opstanding te glo. Die rede: volgens die wetenskappe is energie onvernietigbaar. Sy gevolgtrekking is dat die opstanding uit die dood van Jesus van Nasaret nie op dieselfde vlak hanteer kan word as ander bonatuurlike en ,"vir die wetenskaplike mens", onwaarskynlike voorbeelde in die Bybelse geskrifte nie – waarvoor daar vandag ander, meer aanvaarbare verklarings bestaan vanuit ons meerdere wetenskaplike kennis (Du Toit 2000:153).

Du Toit glip dus hier weer terug in 'n tipiese moderne standpunt: dat dit "logies" is om in die opstanding te glo, want dit is wetenskaplik "bewysbaar" dat energie nie vernietig kan word nie.

Die voorbeeld wys hoe moderne denke die teologie beïnvloed het, en hoe moeilik dit is om die moderne wyse van denke en redenering in die teologie te vermy - selfs vir 'n selfverklaarde postmoderne teoloog soos Du Toit.

Die invloed van 'n moderne epistemologie op die teologie sal in die hoofstuk oor die kerklike diskoers oor egskeiding meer aandag kry. Dan sal aangetoon word hoe 'n moderne epistemologie die dominante diskoers oor egskeiding beïnvloed het. Na my mening is die dominante diskoers oor egskeiding onder andere ook 'n samevloeiing van die moderne diskoerse oor geslagskwessies en teologie.

'n Moderne epistemologie het duidelik 'n invloed uitgeoefen op ten minse twee diskoerse wat vir die studie van groot belang is: 'n diskoers oor geslagskwessie en 'n teologiese diskoers. Kotzé (2002:9) meen dat 'n moderne epistemologie juis ontstaan het uit reaksie teen die magsmisbruik van diegene wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle God beter as enige iemand anders verstaan. Volgens Kotzé (2002:8) was die totstandkoming van 'n moderne epistemologie 'n opstand teen onderdrukking. Volgens hom is dit ironies dat op die epistemologie beslag gelê is om onregverdige en onetiese praktyke weer eens te regverdig. Dit is teen dié agtergrond wat die opkoms van 'n postmoderne epistemologie gesien kan word as 'n opstand teen die onderdrukking wat 'n modernistiese epistemologie tot gevolg gehad het. Moderne "kenners" het daarop aanspraak gemaak dat hulle insig in die "waarheid" het (ook die waarheid van God), en die "kennis" is gebruik om ander mee te onderdruk.

Met die agtergrond oor 'n moderne epistemologie kan verder ingegaan word op 'n postmoderne epistemologie.

## 5 'N POSTMODERNE EPISTEMOLOGIE

'n Postmoderne epistemologie gaan van die vertrekpunt uit dat alle kennis inherent kontekstueel, lokaal en pluralisties is. Vandag is ons in staat om te sien dat wat in die verlede as objektiewe "waarheid" beskou was:

> ... has in fact been the interested claim of the dominant voices who were able to pose their view and to gain either assent of docile acceptance from those whose interest the claim did not serve... The large, experienced reality faced daily by those with whom we minister is the collapse of the white, male, Western world of colonialism. While that world will continue to make its claim for a very long time, its unchallenged authority and credibility are over and done with... Specifically, I suggest that the tired arguments in the church concerning homosexuality are largely a respectable point at which to quarrel about the loss of our known world... Thus, I propose that the discussion of homosexuality, is not about sexuality, but is about the reordering of social power, the fearful effort to maintain concentional forms of power that carry less and less conviction, and the awareness that the old center "will not hold" (Brueggeman 1993:9-19).

In hierdie studie wil ek aansluit by Brueggeman se vertrekpunt en daarop uitbrei. Wat betref die huidige debat oor die huwelik en egskeiding vind waarskynlik dieselfde plaas wat volgens Brueggeman rondom die debat oor homoseksualiteit gebeur: dit gaan nie oor die huwelik of

egskeiding nie, maar oor die laaste vreesagtige pogings van Westerse mans om mag te behou terwyl die moderne wêreld om hulle in duie stort.

Postmoderniteit verteenwoordig 'n nuwe epistemologie. Freedman en Combs (1996:23), na aanleiding van Gergen (1992), gebruik die volgende vertrekpunte om 'n postmoderne epistemologie te verduidelik:

- 'n werklikheid word sosiaal gekonstrueer
- 'n werklikheid word deur taal gekonstrueer
- etiese implikasies daarvan dat werklikheid nie "geken" kan word nie
- 'n werklikheid word georganiseer en onderhou deur verhale

Nadat die vier belangrike aspekte van 'n postmoderne epistemologie aan die orde gebring is, word verder aandag gegee aan belangrike sake wat hiermee in verband staan naamlik: diskoerse, die rol van mag, die implikasies van 'n postmoderne epistemologie vir pastoraat en die verhouding tussen 'n postmoderne epistemologie en feminisme.

## 5.1 'N WERKLIKHEID WORD SOSIAAL GEKONSTRUEER

Die vertrekpunt dat die waarheid sosiaal gekonstrueer word, word ook 'n sosiaal – konstruksieteorie genoem. Freedman en Combs (1996:16) beskryf 'n sosiaal konstruksieteorie as die diskoers wat waardes, gebruike, etikette, die verdeling van arbeid en alle ander dinge wat die sosiale werklikheid waarin ons leef, beskou as gekonstrueer deur lede van die gemeenskap wat dag tot dag met mekaar in kontak is. Gemeenskappe konstrueer die lense waardeur die lede van die gemeenskap die wêreld interpreteer. Dit beteken dat die werklikhede wat vanselfsprekend ervaar word, die werklikhede is wat deur die gemeenskap tot stand gebring is. Die werklikhede omring ons van ons geboorte af en het 'n belangrike invloed op mense se lewens. Deur beide narratief (by 5.4 word breedvoerig verduidelik wat narratief behels) en sosiaal konstruksieteorie as metafore te kies as epistomologiese vertrekpunt, beteken dat die verhale wat deur 'n gemeenskap geskep is, die lewe van die mense van die gemeenskap struktureer.

Gergen (1994: xviii) beskryf 'n sosiaal konstruksieteorie as die menslike wetenskapsdialoog wat klem lê op die verband tussen kennis en sosiale verhoudings. Gergen (1994:207) beskryf kennis wat so tot stand kom as "sosiorasionalisme":

> That is, in contrast to the empiricist position, we find a metatheory that places the locus of knowledge not in the minds of single individuals, but in collectivity. It is not the internal processes of the individual that generate what is taken for knowledge, but a social process of communication. It is within the process of social interchange that rationality is generated. Truth is the product of the collectivity of truth makers. Thus, from the sociorationalist perspective knowledge is no longer the exclusive property of a cloistered profession deploying an arsenal of sophisticated methods. Nor is knowledge a gift of God, a product of the gene structure, or a product of skilled intuition. Within the emergent paradigm knowledge is a communal creation. Interpersonal colloquy is necessary to determine 'the nature of things'.

Die interpersoonlike debat (colloquy) wat plaasvind om die aard van dinge te bepaal, vind in taal plaas. Dit het tot gevolg dat volgens 'n postmoderne epistemologie 'n werklikheid in taal en deur taal gekonstrueer word.

## 5.2 'N WERKLIKHEID WORD DEUR TAAL GEKONSTRUEER

In 'n moderne epistemologie is taal die instrument waarmee die werklikheid objektief beskryf word. Die aanname is dat daar 'n objektiewe wêreld "daar buite" is wat geken en beskryf kan word (McLean 1997:13). 'n Postmoderne epistemologie gaan van die vertrekpunt uit dat taal die wêreld waarin ons leef, skep.

Efran en Lukens (1985: 23) maak gebruik van die Chileense bioloog Humberto Maturana se teorie van strukturele determinisme om die rol van taal in die konstruksie van die werklikheid te beskryf. Maturana argumenteer dat verskillende mense gebeure nie net uit verskillende perspektiewe beskryf nie, maar dat die gebeure as sodanig nie los van woorde en simbole kan bestaan nie:

> Language creates the illusion that we can look out and 'see' a separate outside world. In fact we never actually leave the domain of our own activity or interaction (Efran en Lukens 1985:25).

Simon (1985:32) bevestig wat Lukens en Efran oor taal sê: deur opvoeding en die proses om die wêreld waarin ons leef in subjekte en objekte te verdeel word die illusie geskep dat taal die struktuur van die wêreld weergee: "Unthinkingly, we come to believe that the structure of our language actually mirrors the structure of the word".

Volgens Kotzé (1994: 33) is dit taal wat mense se lewens vorm en betekenis gee:

> Language thus constitutes meaning. Life is experienced within language and how we experience is given meaning to within the parameters of our language... Human actions take place in a reality of understanding within the process of sosial construction and dialogue.

Die gevolge van die beskouing oor taal is dat elke keer as ons praat, ons 'n werklikheid skep. In Anderson en Goolishian (1992:27) se woorde "All human systems are linguistic systems and are best described by those participating in them, rather than by outside 'objective observers'". Vir terapie is die belangrike implikasie hiervan dat alle verandering vooraf gegaan word deur 'n verandering in die taal wat gebruik word. Hieroor sê Anderson en Goolishian (1988:382):

> The process of therapy is not to reveal the truth or to impose a reality, but to explore through conversation, through languaging, realities that are compatible with a particular client's unique tendency to attribute meaning and explanation in his or her own life.

Efran en Lukens (1985:24) beskryf dit soos volg: "Human beings are observing systems who describe, distinguish and delineate in word and symbols (language). Without the observer nothing exists." Dit beteken dat alles wat waargeneem en ervaar word en oor gepraat word "teks" is, en dat enige gegewe teks meer as een betekenis het en verskillende betekenisse in een teks opgesluit kan wees (Mclean 1997:13).

Die gebruik van taal met vroue wat geskei is, is vir die terapeut 'n verleentheid en geleentheid. Die oorgrote meerderheid populêre taal wat gebruik word vir geskeide vroue is negatief (beskikbaar, mislukking, emosioneel). Ek kan nie aan een populêre uitdrukking dink wat vroue wat geskei is positief beskryf nie. Die terapeutiese geleentheid bestaan om "nuwe" taal te "skep" wat geskeide vroue positief beskryf. Daarom is tydens die terapie gepraat van "wedergeboorte", "nuwe lewe" "rekonstruksie", "groei" en "selfstandigheid"... almal begrippe met positiewe konnotasies wat geskeide vroue positief beskryf.

'n Volgende aspek van 'n postmoderne epistemologie wat bogenoemde twee elemente ('n sosiaal konstruksieteorie en die beskouing oor taal) integreer, is dat die werklikheid nie "geken" kan word nie.

## 5.3 DIE ETIESE IMPLIKASIES DAARVAN DAT DIE WERKLIKHEID NIE "GEKEN" KAN WORD NIE

Die beskouing en belangrikheid van taal volgens 'n postmoderne epistemologie soos wat dit hierbo uiteengesit is, beteken dat die werklikheid nooit beskryf kan word soos dit "is" nie.

Hier is dit belangrik om te onderskei: vanuit 'n postmoderne epistemologie word nie ontken dat 'n werklikheid bestaan nie, dit word net gestel dat 'n werklikheid nie objektief geken kan word nie (Boyd 1996, Kotzé 1994). Boyd (1996:218) stel dit so:

> A social construction view does not deny the existence of objective reality apart from language, but it does suggest that socially acceptable ways of thinking and behaving are human constructions not found in any objective reality. The possiblity of creating better future constructions drives those interested in social constructionism.

Elke oorvertel van 'n verhaal word deurspek deur interpretasies, daarom is alle ervarings interpretasie (Boyd 1996:218). White en Epston (1990:2) stel dat "all knowing requires an act of interpretation". Kotzé (2002:15) toon aan dat dit ook die geval is met betrekking tot geloof en godsdiens. Al word aanvaar dat daar bronne is wat die "waarheid" bevat soos die Bybel of die Koran, kan ons net die bronne interpreteer. Niemand het dus bevoorregte toegang tot bronne van kennis buite hulleself wat ons kan vertel "so moet julle lewe" nie.

Dit is egter vanselfsprekend dat elke ervaring oop is vir 'n verskeidenheid van interpretasies, daarom sê Freedman en Combs (1996:33) "we invite ourselves to celebrate diversity". Kotzé (2002:16) dui egter aan dat die viering van verskeidenheid nie kenmerkend van geloofsgemeenskappe is nie:

> ... the diversity of faith communties is mostly marked by exclusivism, each proclaiming to own the truth to the exclusion of all others. The result is the colonisation of truth and the imposition of prescriptive "ethical" truth.

Die aanname dat "die" werklikheid geken kan word en dat sommige persone voorkeurtoegang tot "die" werklikheid en waarheid het, het implikasie vir die etiek. Indien persone, soos volgens 'n moderne epistemologie voorkeurtoegang tot die "waarheid" het, word etiek "van bo af", onpersoonlik, en voorskriftelik aan ander mense voorgehou wat nie die vermeende voorkeur toegang tot kennis het nie. "Kenners" weet immers wat "reg" en "verkeerd" is. Voorskriftelike etiek vervreem mense wat versorging nodig het van die gemeenskap wat versorg. Die mense aan die ontvangkant van die etiek betaal die prys vir ander wat "bevoorreg" is om te weet wat "reg en verkeerd" is (Kotzé 2002:12). Die dilemma van voorskiftelike etiek is dat dit nie voorsiening maak vir verskeidenheid nie. En verskeidenheid is juis dit wat "gevier" word in 'n postmoderne epistemologie.

Tot dusver is beskryf dat, volgens 'n die postmoderne epistemologie, 'n werklikheid sosiaal gekonstrueer word, deur taal tot stand kom en dat 'n werklikheid nie geken kan word nie (met die etiese implikasie daarvan). Die volgende belangrike aspek van 'n postmoderne epistemologie is dat werklikheid deur verhale georganiseer en in stand gehou word.

## 5.4 'N WERKLIKHEID WORD DEUR VERHALE GEORGANISEER EN IN STAND GEHOU

'n Narratiewe terapeutiese diskoers neem as vertrekpunt dat verhale die manier is hoe persone sin maak van hulle lewe, kontak maak met ander mense, terugvoer kry van ander, ervarings met mekaar deel en hoe ervarings geïnterpreteer word (Dean 1995:288). White (1991:123) noem die volgende punte wat kan dien om die betekenis van narratief te verduidelik:

- mense leef hulle lewens in verhale
- verhale vorm mense se lewens
- verhale het werklike effek op mense se lewens
- verhale voorsien die struktuur van die lewe

'n Postmoderne epistemologie se klem op die belangrikheid van verhale het aanleiding gegee tot 'n terapeutiese diskoers bekend as narratiewe terapie (Freedman en Combs: 1996, Anderson en Goolishian 1991, Kotzé 1994, Parry 1991). In Hoofstuk Een is daar reeds kortliks na die narratiewe diskoers verwys. In dié afdeling word daarop uitgebrei.

Deur verhale wat mense oor hulle eie lewe en die lewens van ander vertel, gee hulle betekenis aan hulle ervarings. Nuwe ervarings word in die lig van vorige ervarings in die persoon se verhaal geïntegreer. Nie net bepaal verhale uit die verlede die betekenis wat die persoon aan nuwe ervarings gaan heg nie, maar die vorige verhale bepaal ook watter aspekte van die nuwe ervarings die persoon gaan selekteer om by sy reeds bestaande verhaal te integreer. White (1991:125):

> ... only a fraction of this experience can be storied and expressed at any one time, and that a great deal of lived experience inevitably falls outside the dominant stories about the lives and relationships of persons.

Die selektering bring mee dat die verhaal wat 'n persoon oor sy lewe vertel altyd onvolledig is. Persone met probleme lê klem op sekere temas uit hulle verlede wat die probleem onderhou en ondersteun. Die probleemgesentreerde temas word die dominante verhaal.

Narratiewe terapie wil die aspekte van die ervarings wat nie die probleem ondersteun en onderhou nie, en wat nie deel geword het van die persoon se dominante verhaal nie, na vore bring sodat 'n nuwe verhaal na vore kom wat nie die probleem ondersteun nie. Saam met die nuwe, alternatiewe verhaal wat ontwikkel word, ontwikkel nuwe moontlikhede, nuwe verhoudings en 'n nuwe toekoms (Freedman en Combs 1996: 14).

White en Epston (1990:15) noem die aspekte van die verhaal wat nie die probleem ondersteun nie, "unique outcomes". Tydens terapie word hierdie "unique outcomes" gebruik om 'n nuwe verhaal, wat nie probleemgesentreerd is nie, saam die deelnemer te bou.

Narratiewe terapie maak gebruik van die hervertel en herleef van verhale om so by die alternatiewe verhaal uit te kom (Freedman en Combs 1996:33). White en Epston (1990:13) stel dit soos volg:

> Stories are full of gaps which persons must fill in order for the story to be performed. These gaps recruit the lived experience and the imagination of persons. With every performance, persons are reauthoring their lives. The evolution of lives is akin to the process of reauthoring, the process of persons entering into stories, taking them over and making them their own.

Elke nuwe vertelling van die verhaal omvat die vorige vertelling, bou daarop voort en brei daarop uit. Dit is die taak van die terapeut om die verteller te begelei sodat elke oorvertel van die verhaal die deelnemer sterker maak.

Verder in die studie sal aangetoon word dat die "probleemgesentreerde" verhaal van geskeide vroue is dat hulle dit moeilik het, dit nie gaan maak nie, geïsoleer en afhanklik is. Maar daar is ook 'n alternatiewe, voorkeurverhaal van selfstandigheid, bekwaamheid en geïntegreerdheid wat gemarginaliseer en onontwikkel is en wat wag om "ontdek" te word. Daarom is daar tydens die gesprekke met die deelnemers fyn gelet op "unique outcomes". Telkens as die deelnemers moedeloos geraak het met hulle stadige tempo van vordering, is hulle aan die "unique outcomes" herinner. So het die nuwe verhaal, gebaseer op die gemarginaliseerde alternatiewe verhaal, ontwikkel.

Dit is ook nou reeds belangrik om daarop te let dat dominante patriargale diskoerse daartoe aanleiding gee dat vroue se verhale van krag, bekwaamheid, onafhanklikheid en selfstandigheid gemarginaliseer word. In die volgende afdeling sal verder op die saak ingegaan word.

Ek moet erken dat ek self gereeld betrap is dat ek die suigkrag van die dominante, probleemgesentreerde verhaal onderskat het. Dalk doen ek dit nog steeds. Daar was geleenthede toe ek, voortvarend, gedink het die deelnemers het hulle ontwortel uit die probleemgesentreerde verhaal en die nuwe alternatiewe verhaal begin leef, net om die volgende byeenkoms ontnugter te word. Ek het geleer dat die vestiging van die alternatiewe verhaal 'n lang proses kan wees.

In 'n bepaalde gemeenskap is daar altyd 'n verskeidenheid verhale oor dieselfde saak in omloop. Al die verhale het egter nie dieselfde status nie. Die verskynsel dat sommige verhale belangriker is as ander bring ons by die belangrike saak van diskoerse.

## 6 DISKOERSE EN DOMINANTE DISKOERSE

In Hoofstuk Twee waar die diskoersposisionering van die studie bespreek is, is reeds kortliks verwys na diskoerse. In hierdie afdeling word uitgebrei oor die belangrike aspek van 'n postmoderne epistemologie.

Om die moeilike begrip "diskoerse" te verduidelik begin ek met die beskrywing van wat Bons-Storm (1996:48) "belief systems" noem. Volgens Bons-Storm word die samelewing waarin die individu haar/sy identiteit vind, beïnvloed deur "belief systems". 'n "Belief system" is 'n "system of meanings believed to be true by a group or society".

In elke gemeenskap bestaan daar gelyktydig 'n verskeidenheid, botsende, stel "geloofsisteme". Gewoonlik word die geloofsisteem van die groep wat die meeste mag het die dominante sisteem. Die sisteem word op die ander lede van die samelewing afgedwing. Die uiteindelike regverdiging van 'n geloofsisteem is nie debateerbaar nie, maar moet geglo word. Die regverdiging van geloofsisteme kan byvoorbeeld wees: God se wil, die natuur, gebruike of "dit is nog altyd so gedoen". Omdat die dominante groep die aanvaarbare geloofsisteem bepaal, hoef die geloofsisteem nie regverdig te word nie. Die geloofsisteem is vanselfsprekend, logies, natuurlik. Vroue se verhale kom tot stand in 'n samelewing waar die aanvaarde geloofsisteem partriargaal is. Dit beteken dat dit aanvaar word dat dit die wil van God is, gebruiklik is, of volgens die natuur is, dat mag oneweredig tussen mans en vroue verdeel word. Mans het die mag om te bepaal watter gedrag van vroue aanvaarbaar is (Bons-Storm 1996:48).

Volgens die patriargale geloofsisteem is die man se leefwêreld die openbare sfeer waar belangrike besluite geneem word. Die vrou se sfeer is die private wêreld waar oor minder belangrike dinge besluit word. Die "regte" verhouding tussen man en vrou is die een waar die man langer, ouer, wyser, beter gekwalifiseerd is en meer verdien as die vrou. Die man moet die middelpunt van die vrou se lewe wees. Die vrou het die roeping en plig om die man se loopbaan te bevorder (Bons-Storm 1996:54).

Wat Bons-Storm beskryf is die verskynsel dat in elke gemeenskap sekere verhale wat gekonstrueer is, belangriker as ander verhale word. Diskoerse is die betekenisgewende aspek van taal. Volgens Hare-Mustin (1994:19) is 'n diskoers "a system of statements, practices, and institutional structures that share common values". Sekere verhale word in die gemeenskap dominant en ander verhale word gemarginaliseer. Diskoerse wat in 'n gemeenskap in omloop is, bepaal in 'n goot mate hoe mense hulle eie verhale verstaan.

Hare-Mustin (1994:11) wys daarop dat in elke gemeenskap terselfdertyd verskillende en kompeterende diskoerse in omloop is. Dit is egter die dominante diskoerse wat die grootste invloed het op die manier hoe mense dink, praat, optree en hulle verhale konstrueer. Dominante diskoerse is so bekend dat dit as vanselfsprekend aanvaar word, nie bevraagteken word nie en deel word van die identiteit van die lede van die gemeenskap. Terapie kan nie losgemaak word van die dominante diskoerse wat in die gemeenskap in omloop is nie. Gewoonlik word terapie gedoen met mense wat nie deel is van die dominante diskoerse van die gemeenskap nie, uitgesluit word deur die dominante diskoerse uit die gemeenskap en nadelig geraak word deur die dominante diskoerse (Hare-Mustin 1994:21).

Soos wat verder in die studie sal blyk is die dominante diskoerse in verband met vroue en egskeiding oorwegend negatief. In die gesprek oor egskeiding word die invloed van patriargie op die huwelik en die effek daarvan op vroue selde genoem (vergelyk Hoofstuk Ses). Die patriargale huwelik word as 'n gegewe aanvaar, as God se wil (vergelyk Hoofstuk Nege). Die oorsake van egskeiding word as interpersoonlike konflikte voorgehou wat verhoed kon geword met die regte gesindhede (veral by die vrou) (vergelyk Hoofstuk Ses). Geskeide vroue het "gesondig", het "misluk", is "beskikbaar", is 'n "bedreiging vir ander huwelike". En dan word hulle ook verhoed om te treur oor die verlies, want om emosies te wys word as minderwaardig beskou. Om alles te kroon, word vroue verhoed om oor dit alles kwaad te word, omdat dit vir 'n vrou "onvroulik" is om woede te wys (vergelyk Hoofstuk Elf). Dit is van die diskoerse waarbinne die verhale van die deelnemers afspeel.

Diskoerse wat dominant raak in ’n gemeenskap word nie “toevallig” dominant nie. Dominante diskoerse dien die belange van die bevoorregte groep mense wat oor mag beskik. Dominante diskoerse kan nie losgemaak word van mag nie.

## 7 DIE ROL VAN MAG

Die Franse filosoof Foucault het oor die verband tussen mag en kennis geskryf. In sy werk *The History of Sexuality* (1990) toon hy aan hoe mag funksioneer met betrekking tot seksualiteit. In *The Birth of the Clinic* (1989) dui hy aan hoe mag gebruik word in verband met gesondheidsorg (veral psigiatrie). Maar dit is veral in sy werk *Discipline and Punish The Birth Of The Prison* (1979) waar hy aantoon hoe mag, beheer en kennis saamvloei om die huidige algemeen aanvaarde gevangenisstelsel wat in die Westerse samelewing aangetref word tot stand te bring:

> Ever since the Middle Ages slowly and painfully built up the great procedure to investigation, to judge was to establish the truth of a crime, it was to determine its author and to apply a legal punishment. Knowledge of the offence, knowlegde of the offender, knowledge of the law: these three conditions made it possible to ground a judgement in truth... A corpus of knowledge, techniques, scientific discources, is formed and becomes entangled with practice of the power to punish... We should admit rather that power produces knowledge... that power and knowledge directly imply one another, that there is no power relation without correlative constitution of a field of knowledge, nor any knowledge that does not presuppose and constitute at the same time power relations (Foucault 1979:19-27).

Foucault (1979:195) gebruik die beeld van die Panopticon om te verduidelik hoe mag, wat as vanselfsprekende alledaagse sosiale praktyke aanvaar word, werk. Die Panopticon is ’n tronk wat so ontwerp is dat die gevangenes heeltyd vanuit ‘n toring dopgehou kan word, maar nie weet deur wie of wanneer hulle dopgehou word nie. Die model wys volgens White (1991) op ’n stelsel van beheer waar:

- die bron van beheer onsigbaar is vir dié wat beheer word
- mense geïsoleer word in hulle ervaring van onderdrukking
- mense subtiel gedwing word om hulle gedrag te “normaliseer”
- mense nie weet wanneer hulle dopgehou word nie en dus moet aanvaar dat dit altyd die geval is

- "dophou" word só 'n ervaring wat nie meer noodwendig van buite af plaasvind nie, maar word 'n ervaring binne 'n mens
- mense aangemoedig word om hulle voortdurend self te evalueer en om hulle ligaam en siel te onderwerp aan die mag wat oor hulle is
- mag outonoom is: dié wat deelneem aan die onderdrukking word op hulle beurt weer deur "mag" beheer

White (1991:138) pas Foucault se denke op terapie toe. Baie mense wat vir terapie aanmeld is die slagoffers van die dominante diskoerse in die samelewing. Hulle word beheer deur die dominante diskoerse. Terapie wat nie sensitief is vir die rol wat mag en beheer in die samelewing speel nie, kan nie die wat magteloos is en beheer word help nie. Die doelwit van terapie is om die dominante diskoerse te bevraagteken. Dominante diskoere bevoordeel sommige persone, terwyl ander benadeel word. Persone wat deur die dominante diskoerse bevoordeel word, doen gewoonlik alles in hulle vermoë om die dominante diskoerse in stand te hou.

Soos reeds aangetoon, is die dominante diskoerse in ons samelewing hoofsaaklik die produk van 'n manlik gedomineerde samelewing. In 'n patriargale samelewing is mans die "maghebbers" wat beheer. Ongelukkig spring die huwelik (en egskeiding) nie die beheer van mans vry nie. Die diskoerse oor egskeiding word ook deur mans beheer soos aangetoon word in die hoofstuk oor die Bybel en egskeiding waar mans, op grond van hulle interpretasie van die Bybel, besluit dat egskeiding altyd en onder alle omstandighede sonde is.

In verband met die studie, is dit belangrik om te besef dat dit meestal vroue is wat magteloos is en beheer word. Vreemd soos wat dit mag klink, beteken egskeiding nie noodwendig bevryding van mag en beheer vir vroue nie. Geskeide vroue is dikwels nog onder beheer van negatiewe diskoerse oor geskeide vroue. In die studie word beoog om die verhaal te vertel van hoe terapie saam met geskeide vroue kan geskied om vroue te bevry van onderdrukkende, vernederende magteloosheid en hulle te bemagtig in 'n samelewing wat selfstandige vroue moeilik duld.

Die dominante diskoerse wat vanselfsprekend aanvaar word en deur mag in stand gehou word, kan bevraagteken word. Gewoonlik vind die bevraagtekening plaas deur dié wat nadelig geraak word deur die dominante diskoerse en magsmisbruik. Die bevraagtekening van mag is 'n vorm van weerstand teen mag (White & Epston 1990:31). Die weerstand teen oorheersing vind onder andere gestalte in die eksternalisering van die probleem (wat later vollediger aan die orde kom) en die ontginning van alternatiewe diskoerse.

Die weerstand teen oorheersing het tot gevolg dat daar begin lewe word binne 'n alternatiewe, gewoonlik reeds beskikbare, maar gemarginaliseerde, diskoers wat in die dominante diskoerse se plek gestel word. In die studie word die alternatiewe gemarginaliseerde diskoers gevind binne 'n feministiese diskoers; daarom word die alternatiewe feministiese diskoers telkens bespreek in kontras met die dominante patriargale diskoers.

Om nou terug te kom tot die pastoraat en sin en betekenis: dit is na my mening in die nuwe ruimte, wat 'n alternatiewe diskoers bied om in te lewe, waar sin en betekenis gevind word, ...vry van die onderdrukking van die dominante diskoers.

Die proses van bevraagtekening van die dominante diskoerse en die nuwe beklemtoning van die alternatiewe diskoerse staan bekend as dekonstruksie.

## 8 DEKONSTRUKSIE

Parry (1991:41) beweer dat "Deconstruction is virtually an inevitable outcome of the post-modern approach to art and literature". Vanhoozer (1997:20) noem dat die begrip dekonstruksie aanvanklik deur die filosoof Jacques Derrida se werk op die voorgrond getree het en 'n begrip is wat aanvanklik op literêre tekste van toepassing gemaak is. Vanhoozer beskryf dekonstruksie as "... a strategy for taking apart or undoing. It is about dismanteling certain distinctions and oppositions".

Toe na die rol van taal in die totstandkoming van 'n werklikheid verwys is, is daarna verwys dat kan alles waaroor gepraat word as "teks" beskryf word. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die begrip dekonstruksie ook op terapie van toepassing gemaak is (Kotzé 1994, White 1991, Dill 1996).

Dekonstruksie tydens terapie beteken om die dominante diskoerse wat mense se lewens nadelig beïnvloed te bevraagteken, alternatiewe, verkose maar verwaarloosde, diskoerse uit te lig en die persoon se lewe te posisioneer binne die alternatiewe diskoers (Hare-Mustin 1994:21).

White (1991:121) beskryf dekonstruksie as die proses waardeur die onderdrukkende, vanselfsprekend aanvaarde realiteite, die sogenaamde "waarhede" wat losgemaak is van die voorwaardes en konteks waaruit hulle ontstaan het, ondergrawe word. Die leemtes, stilswye, teenstrydighede en magsverhoudings wat deur die dominante diskoerse in stand gehou word, word bevraagteken. Kotzé (1994:39) beskryf dekonstruksie tydens terapie as die strategie waartydens teenstrydighede, gapings en magsverhoudings wat implisiet teenwoordig in dominante diskoerse is op gefokus word. 'n Teks is altyd ingebed in 'n kultuur-historiese konteks en deel van 'n bepaalde literatuursoort. So is dit ook die geval met lewensverhale. Die lewensverhale van mense moet ook

uitmekaar gehaal word om te bepaal watter diskoerse oor geslag, ras en godsdiens die lewensverhaal help vorm het. Om te dekonstrueer is nie om te vernietig nie. Dit is om te verstaan wat die verhaal help vorm het en om alternatiewe maniere te kry om die verhaal te verstaan (Kotze 1994:39).

Terapie met geskeide vroue vanuit 'n postmoderne, sosiaal-konstruksiediskoers-benadering kan nie anders as om voortdurend te dekonstrueer nie. In hierdie studie word die alternatiewe, maar beskikbare diskoerse voortdurend verlig. In die res van die studie sal telkens weer teruggekeer word na dekonstruksie. Ek volstaan om nou enkele voorbeelde te noem:

- Die dominante diskoers dat egskeiding altyd onder alle omstandighede sonde is, word gedekonstrueer in die hoofstuk oor die Bybel en egskeiding en 'n alternatiewe diskoers word ontgin (Hoofstuk Nege).

- Die dominante diskoers oor vroue en woede word gedekonstrueer en die alternatiewe diskoers dat woede energie gee om ongewensde omstandighede te verander, word ontgin (Hoofstuk Elf).

- Wat praktiese sake betref word die dominante diskoers dat vroue "onprakties" is gedekonstrueer en die altenatiewe diskoers dat vroue op elke terrein van die lewe hulle "man" kan staan, word ontgin (Hoofstuk Tien).

- Oor spiritualiteit word die dominante diskoers dat sonde altyd hoogmoed is, gedekonstrueer en word aangetoon dat oordrewe nederigheid vir vroue sonde kan wees (Hoofstuk Dertien).

Dekonstruksie vind onder andere plaas deur eksternalisering en die ontginning van die alternatiewe verhale. Eksternalisering is die proses waardeur die probleem losgemaak word van die persoon. Eksternalisering word bereik deur die effek wat die probleem op die persoon het, te bespreek (White 1991:126).

In die voorafgaande gedeeltes is gewys op die invloed wat 'n postmoderne epistemologie op die studie gehad het. 'n Postmoderne epistemologie het egter op nog twee vlakke bepaalde invloed op die studie uitgeoefen: op die pastorale aspek van die studie en die feministiese aspek van die studie. Vervolgens word die invloed van 'n postmoderne epistemologie op die twee aspekte van die studie bespreek.

## 9 IMPLIKASIES VAN 'N POSTMODERNE EPISTEMOLOGIE VIR PASTORAAT

Daar is 'n groot verskil tussen pastoraat wat beoefen word vanuit 'n moderne epistemologiese vertrekpunt en pastoraat wat beoefen word vanuit 'n postmoderne epistemologiese vertrekpunt. Rossouw (1993:899) dui 'n moontlike rigting vir teologie in veranderende omstandighede aan. Hy noem die volgende sake waarmee rekening gehou kan word in die beoefening van die teologie in 'n postmoderne tyd:

- Groter klem op die noodsaak darvan om die huidige kultuur te verstaan, veral behoort 'n morele dimensie deel van die groter geheel te wees.
- Die Bybel word benader as 'n boek wat twee komplimentêre verhale vertel wat goddelike perspektiewe openbaar: die verhaal van Israel en die verhaal van Jesus wat gelees word in verhouding met die verhale van die leser se eie verhaal.
- Die besef dat menslike gedrag nie net bepaal word deur rasionaliteit nie, maar ook beïnvloed word deur sosialisering, kultuur, ideologie, geloof, mag, emosies en so meer.

Boyd (1996: 220) bespreek sekere implikasies van 'n postmoderne epistemologie vir die pastoraat. Hy noem dat pastoraat en die mens se verhouding met God en Christus ten nouste verbonde is. Vanuit 'n Christelike perspektief is God die uiteindelike werklikheid en skepper van ruimte waarin alle taalgebeure geskied. In Christus word die gesprek tussen Skepper en skepping gevoer (vergelyk Joh. 1:1 waar Jesus die "Woord" genoem word met ander woorde die kommunikasiegebeure). In die verhouding nooi God ons uit om te vertrou dat die manier hoe God geopenbaar word in die evangelieverhaal, en die genesingsverhale betroubaar is. In 2 Korintiërs 5:17 skryf Paulus dat iemand wat aan Christus behoort 'n nuwe mens is. Voortdurende vernuwing en verandering is sleutelbegrippe vir terapie binne 'n Christelike geloofsgemeenskap (Rom. 12:1-2). Boyd (1996:220) stel dit so:

> We can also say that our existence, 'in Christ' is a cosmic therapy system, the destination of which is the Kingdom of God in which we have an active role, as co-creators, in the generation of new meanings and, therefore, a new reality in keeping with the spirit of the Christ-conversation.

Tydens 'n pastorale gesprek wat binne dié raamwerk plaasvind, word aanvaar dat God, wat aktief betrokke was en is in die geskiedenis, ook aktief betrokke is in menslike taal. Vir Christene beteken dit dat God ons deur Christus uitnooi om betrokke te raak by 'n nuwe vernuwende gesprek

waartydens ons 'n nuwe openbaring van God kan beleef, 'n verhaal saam met God kan begin, en nuwe perspektiewe kan kry op ons eie verhaal en die verhale van die samelewing waarvan ons deel is (Boyd 1996:221).

Die proses van interpretasie van die deelnemer se verhaal, God se verhaal en die skep van 'n nuwe verhaal is 'n gesamentlike proses. Filippense 2:5-8 kan gebruik word om die gesindheid van die pastorale terapeut tydens 'n pastorale gesprek te beskryf:

- diens in plaas van dominering
- liefde in plaas van beheer

Hierdie gesindheid skep die ruimte waarbinne 'n nuwe verhaal tot stand kan kom deur die proses van gesamentlike konstruksie. Die unieke realiteite van die persoon in nood word deur die nederigheid en openheid van die terapeut gerespekteer:

> To this extent the pastoral councilor reenacts the willingness of Christ to be obedient to the will of God in confidence that God who exalted the self-giving Christ will act within the pastoral conversation (Boyd 1996:222).

Die rede waarom ek 'n postmoderne epistemologie verkies, is dus in die eerste instansie 'n etiese keuse (soos reeds bespreek by punt 3 hierbo oor die waarheid wat nie geken kan word nie). Ek wil in navolging van Christus dienaar word en nie heerser wees nie. 2 Korintiërs 2 vers 24 het vir my die betekenis:

> Ons wil nie as heersers voorskryf wat julle moet glo nie. Julle staan immers vas in die geloof. Maar ons wil medewerkers wees om julle geluk te bevorder.

Om "medewerker" te wees wat ander se geluk bevorder, is my doelwit wat ek graag sou wou realiseer tydens die pastoraat wat ek beoefen. Volgens die insigte wat ek nou het, is 'n postmoderne epistemologie die geskikste hulpmiddel wat my kan help om die doelwit te bevorder.

## 10 FEMINISME EN 'N POSTMODERNE EPISTEMOLOGIE

Soos reeds aangetoon in die hoofstuk oor die diskoers-posisionering, het ek gekies om die studie vanuit 'n feministiese epistemologie te doen. Daarom is dit ook belangrik om die invloed van 'n postmodene epistemologie op feminisme kortliks te bespreek.

Die verhouding 'n postmoderne epistemologie en feminisme is dikwels ter sprake (Van Marle 1997, Klopper 1993, Digester 1994, Klimenkova 1992, Poovey 1992, Fox-Genovese 1993). Elkeen van die skrywers toon aan dat die verhouding tussen postmodernisme en feminisme nie 'n gemaklike verhoudings is nie. Wicke & Ferguson (1992:2) sê postmodernisme "demands resistance at least as much as an empowering embrace" deur feministe.

In die res van die afdeling gaan ek probeer verduidelik waarom daar so 'n liefde/haat-verhouding tussen 'n postmoderne espistemologie en feminisme is.

## 10.1 RAAKPUNTE TUSSEN POSTMODERNISME EN FEMINISME

Volgens Klopper (1993:17) is 'n patriargale of androsentriese kultuur nie uniek aan modernisme nie, maar modernisme se voorkeur vir rede, instellings, waarneming en objektiwiteit bo emosies, tradisies, aanvoeling, subjektiwiteit en waardes maak modernisme wesenlik androsentries. Die voorkeure gee daartoe aanleiding dat die manlike model in die sentrum is en die vrou as grensgeval beskou word. Die vrou moet daarmee tevrede wees dat mans uitsprake maak oor haar vrouwees. Dit is teen die vorm van oorheersing waarteen beide die postmodernisme en feminisme standpunt inneem. Klopper wys daarop dat modernisme 'n produk van mans is. Vroue het min te doen gehad met die totstandkoming van modernisme. Tog was dit vroue wat dikwels benadeel is deur die modernisme.

Allen en Baber (1992:16) noem op die raakpunte tussen 'n postmoderne en 'n feministiese epistemologie:

- Soos postmodernisme beklemtoon feminisme dat geen klas, ras of geslag enige bevoorregte toegang tot kennis het nie.

- Soos postmodernisme neem feminisme standpunt in teen die aanvaarding van 'n enkele waarheid en werklikheid en is verdraagsaam teenoor verskille en meervoudigheid. Die gangbare opvatting dat vroue se ervarings en identiteit net deur geslag bepaal word, word uitgedaag en daar word daarop gewys dat klas, ras, familie status en samelewingsdiskoerse 'n rol speel in die bepaling van vroue se identiteit.

- Soos postmodernisme wil feminisme bestaande diskoerse wat as natuurlik en absoluut beskou word, dekonstrueer. Geslagsverskille is 'n sosiale konstruksie en so kan die oorsprong van die magte wat vroue se lewens wil beheer, identifiseer word.

Volgens Erasmus (1998:15) is dit 'n postmoderne beskouing oor taal wat 'n raakpunt tussen 'n postmoderne en feminisistiese epistemologie is. Die dualistiese taalgebruik van die modernisme, man/vrou, en die kategorisering wat daarmee gepaard gaan, is vir beide 'n postmoderne epistemologie en vir sommige feminisme te eng. Die veralgemeende en abstrakte taalgebruik van 'n moderne epistemologie het vroue uitgesluit. 'n Postmoderne epistemologie skep ruimte waar vroue die diversiteit van hulle lewens kan beskryf:

> The assuagement of feminist overgeneralisation and universalisation and the consequent legitimation of previously unheard voices can be regarded as key elements of the interplay between feminist and postmodernist forces. The relationship between feminism and postmodernism has to a large extent been characterised as one of complementary... (Erasmus 1998:15)

Gouws (1996:65) wys daarop dat feminisme gemaklik kon aansluit 'n postmoderne vertrekpunt dat alle kennis lokaal is:

> Feminist standpoint epistemology starts from the assumption that knowlegde is socially constructed and rejects the positivist notion of objectivity. Feminist post-modernism argues that there can be no truth outside the social location of the researcher and sees all knowledge as infused with power relations.

Sommige feministe het dus gemaklik aansluiting gevind by die postmodernisme. Soos wat deur Erasmus hierbo beskryf is, is die verhouding tussen feminisme en postmodernisme vir hulle komplementêr. Dit is egter nie die hele verhaal nie. Daar is ander feministe wat nie so gemaklik aansluiting vind by 'n postmoderne epistemologie nie.

## 10.2 VERSKILLE TUSSEN 'N POSTMODERNE EPISTEMOLOGIE EN FEMINISME

Die huwelik tussen postmodernisme en feminisme is nie sonder konflik nie! Volgens sommige feministe is die onderdrukking van vroue, in moderne die taal van, 'n "objektiewe, waarneembare feit". Dit is die "feit" wat as motivering dien vir globale feministiese optrede. Die globale politieke agenda van hierdie feminisme maak dit noodsaaklik dat die subjek (vroue) se omstandighede oral dieselfde bly. Dit staan teenoor 'n postmoderne vertrekpunt dat kennis plaaslik en nie universeel is nie (Amed 1996:72). Wicks & Ferguson (1992:5) stel dit dat postmodernisme die feministiese arena betree het om saam te veg vir gelykheid, regte en identiteit... om daarna te sê die probleem is nie regtig so erg nie, die onderdrukking van vroue is net 'n plaaslike probleem.

Dit is veral op die punt van 'n postmoderne epistemologie wat meta-narratiewe aanval, beweer die waarheid vloei uit diskoerse voort en die standpunt dat alle kennis lokaal is, dat die paaie van 'n postmoderne en feministiese epistemologie uiteenloop (Olivier 1988:2). Feminisme wys daarop dat 'n postmodernisme epistemologie se ondermyning en fragmentering van universele waarhede dien om mans te bevoordeel (Erasmus 1998:20).

Vanuit 'n postmoderne epistemologie is die ooreenkomste tussen die ervaring van vroue, wat deur moderne feministe aanvaar is, gedekonstrueer. 'n Tema wat na vore gekom het, is die pynlike kritiek dat feminisme 'n wit, middelklas, heteroseksuele, liberale beweging is. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat daar ook verskille tussen vroue is. Die verskille tussen vroue (en feministe) laat probleme ontstaan tussen feminisme en dié wat nie 'n feministiese perspektief huldig nie (Allen & Baber 1992:4).

Daar is ook feministe wat skepties is oor die postmoderne agenda (Olivier 1998:14). Hulle is bevrees dat 'n postmoderne agenda feminisme wil elimineer om die energie, bewussyn, en woede wat nodig is om die feministiese ideale te bereik, te kolonialiseer en uit te buit, net soos wat die Blanke Westerse imperialiste die Derde wêreld gekolonialiseer en uitgebuit het. Volgens die groep feministe was Westerse mans tradisioneel in beheer van die skep van kennis. Toe die voorreg om te beheer mans ontneem is, het hulle 'n postmoderne epistemologie wat daarop aanspraak maak dat daar nie iets soos "kennis" is nie, "ontwerp". Erasmus (1998:20) noem dat die potensiële problematiese aspek van die postmodernisme vir sommige feministe die dominering deur wit, middelklas mans is. Hulle wys op die teenstydighede tussen die teorie en die praktyk van 'n postmoderne epistemologie:

> Could it, in theory, be that postmodernism rejects all the transgressions implied by imperialism and colonisation, while at the same time attempting to perpetrate those transgressions in relation to feminism? (Erasmus 1998:20).

Die felste kritiek teen 'n postmodere epistemologie vanuit feministiese kringe is dat vroue se marginalisering en onderdrukking nie beëindig word nie. 'n Postmoderne epistemologie verwerp enige epistemologie wat een groep se ervaring sentraal bo 'n ander groep se ervaring stel. Om feministiese ideale te bereik is dit juis nodig dat vroue se ervaring sentraal gestel word (Erasmus 1998:20).

Hoewel die feministe belangrike waarskuwingsligte laat flikker, hoef 'n postmoderne epistemologie nie noodwendig in dié lig verstaan te word nie. Soos reeds aangetoon gaan feminisme oor etiek en

het postmodernisme ook bepaalde etiese implikasies. Dit is rondom die gedeelde etiek waar 'n postmoderne en 'n feminisme etiek mekaar kan ontmoet.

## 10.3 OP WEG NA 'N FEMINISTIES-POSTMODERNE EPISTEMOLOGIE

Die epistemologiese spanning tussen feminisme en 'n postmoderne epistemologie is dat die universele aansprake van feminisme nie laat vaar kan word nie, terwyl terselfdertyd vasgehou word aan die vertrekpunt dat kennis plaaslik en nie universeel is nie. Feminisme staan voor die uitdaging om aan die verskeidenheid van vroue se ervarings vas te hou wat betref ouderdom, kultuur, klas, geslag, ras, opvoeding, seksuele oriëntasie en ander verskille en terselfdertyd moet die universele onderdrukking van vroue erken word.

Hoewel feminisme lank van mening het dat konsepte soos rede, waarheid en tradisie die produk is histories spesifieke individue van 'n bepaalde ras, geslag en klas is, is die waarneming nie deur die moderne epistemologie onderskryf nie. Hoewel hulle gemarginaliseerd was, het vroue daarop begin aandring dat die dominante moderne epistemologie net 'n halwe waarheid vertel: dié van mans. Dit was 'n postmoderne epistemologie wat die aanvoeling wat feministe gehad het, 'n epistemologiese raamwerk gegee het (Olivier 1998:22).

Volgens Allen en Baber (1992:8) lê die oplossing van die spanning juis in meer feministiese navorsing. Hoe groter verskeidenheid ervarings van vroue bekend raak, hoe breër sal die epistemologiese basis word waarop feminisme bou. Maar nou sal die agenda van feminisme bepaal word deur 'n groter verskeidenheid vroue, eerder as deur 'n eksklusiewe bevoorregte groep. Die bydrae van die studie is juis om die epistemologiese basis van die feminisme te verbreed.

Graham (1996:35) vind die aansluiting tussen feminisme en 'n postmoderne epistemologie in gedeelde waardes soos hoop, verantwoordelikheid, geregtigheid, die verbintenis tot die verandering van onderdrukkende strukture. Op grond van die gedeelde waardes kan daar samewerking tussen die twee denkrigtings wees.

Erasmus (1998:24) wys daarop dat die kritiek teen 'n postmoderne epistemologie naamlik dat vroue se ervaring nie sentraal kan staan nie, nie heeltemal geregverdig is nie. 'n Postmoderne espistemolgie kan in 'n sekere mate die marginalisering van vroue beëindig. Die verskillende stemme wat gehoor word in 'n postmoderne debat, het die gevolg dat praktiese, maar voorlopige, onderhandelinge en skikkings bereik kan word. Die skikking tussen konflikterende diskoerse is egter altyd voorlopig. 'n Postmoderne debat kan nooit aanspraak maak op finaliteit en volkome

vryheid nie. Volgens Erasmus bring die bereiking van vryheid altyd weer nuwe magsverhoudings en nuwe maniere van beheer tot stand.

Na my mening is 'n moontlike manier van hantering van die dilemma die proses van voortgaande en voortdurende dekonstruksie: die oomblik as opgehou word om diskoerse te dekonstrueer word diskoerse verhef tot "waarhede". Dit is ook die gevaar dat 'n postmoderne diskoers as "waarheid" verhef kan word. Wanneer dit gebeur is die gevaar groot dat 'n postmoderne epistemologie weer ten koste van minderhede deur maghebbers gekonoliaseer kan word.

## 11 REFLEKSIE VAN DEELNEMERS

Die deelnemers het die stelling bevestig dat die taal wat gebruik word om geskeide vroue mee te beskryf negatief is. Hulle het die behoefte wat bestaan om anders oor geskeide vroue te praat onderstreep. Hulle het die probleemgesentreerde verhaal van geskeide vroue as "hardnekkig" beskryf, maar ook daarop klem gelê dat indien in die strewe om "weg te kom" van die probleme wat egskeiding veroorsaak geskeide vroue hulle "te vroeg, te gou, ryp forseer ter wille van wat die samelewing van jou verwag". Dit is, volgens hulle, nodig om deeglik kennis te neem van die probleemgesentreerde verhaal voordat die alternatiewe verhaal ontwikkel word.

Die studie is nou geposisioneer binne bepaalde diskoerse en epistemologiese vertrekpunte. Die posisionering van die studie binne ''n postmoderne epistemologiese diskoers het bepaalde implikasies vir die navoringsmetodologie wat in die studie gevolg is. In die volgende hoofstuk is die navorsingsmetodologie wat ek gebruik het ter sprake.

# HOOFSTUK 4

## NAVORSINGSBENADERING, DIE NAVORSINGSPROSES EN ETIEK

In Hoofstuk Een is reeds kortliks na hierdie aspekte van die studie verwys. In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetodologie en etiese implikasie van die navorsing verder bespreek. Die inneem van 'n epistemologiese vertrekpunt vanuit 'n postmoderne epistemologie binne 'n sosiaal konstruksionistiese en feministiese diskoers, waar gebruik gemaak word van narratief, het bepaalde gevolge vir navorsing. Freedman en Combs (1996:33) beskryf van hierdie gevolge:

> ... when we use the narrative metaphor to orient our work as therapist, we are intensely curious about 'local knowledge' of each new person we meet.

Die studie het as oogmerk om die "local knowledge" saam die persone met wie navorsing gedoen is, teen die agtergrond van beskikbare literatuur, te ontgin en te interpreteer. Die doel hiervan is sodat die persone saam met wie die navorsing gedoen word, hulle lewens na egskeiding kan rekonstrueer tot wat vir hulle 'n sinvoller lewe sal wees. Om die doelwitte te bereik is die volgende navorsingsbenaderings gebruik:

- deelnemende aksienavorsing
- feministiese navorsing

Die navorsingsproses het behels:

- narratiewe groepswerk
- die skryf van briewe
- die raadpleeg van beskikbare en relevante literatuur

Die navorsingsbenadering en metode wat gebruik is, het bepaalde etiese implikasies. Die etiese implikasies van die navorsingsbenadering en -metodiek word in hierdie hoofstuk beskryf. Dan word daar ook aangedui hoe die navorsingsproses verloop het.

# 1 NAVORSINGSBENADERING

## 1.1 DEELNEMENDE AKSIENAVORSING

In hierdie studie word deelnemende aksienavorsing gebruik. Dit beteken dat die persone wat deelneem aan die studie se verhale en kennis die boustene van die studie is. Die deelnemers se ervaring van die huwelik, egskeiding en God is die primêre bronne waaruit egskeidingsherstel bespreek word.

Volgens Gergen en Gergen (1994:86) gaan tradisionele (moderne) navorsing van die standpunt uit dat, indien die regte metodes gevolg word, daar 'n "werklike wêreld" is wat akkuraat beskryf kan word. Tydens die navorsingsproses word die mense waaroor navorsing gedoen word, pionne wat gemanipuleer, beheer, waargeneem en beskryf word. Die mense wat bestudeer word, word nie aangemoedig om te reflekteer op hulle omstandighede of om hulle eie interpretasies van die omstandighede te gee nie. Hulle is net middele om die navorser se stem te bevestig. Hierteenoor staan deelnemende aksienavorsing waarvan die:

> ... foremost feature of this tipe of work is the sharing of power between researchers and subjects in order tot construct meaning. 'Subjects" become 'participants' and the number of interpretations (or theoretical possibilities) generated by the research is expanded rather than frozen (Gergen 1994:86).

Sears (1992:65) beskryf deelnemende aksienavorsing as "an inquiry into the personal worlds of others that, if one is fortunate, becomes a journey into oneself". Die navorser wat deelnemende aksienavorsing as 'n vertrekpunt kies, verwerp navorsing wat primêr klem lê op beheer, wat van tegniese metodes gebruik maak en sekerhede oor problematiek postuleer.

Janesick (1994:209) wys daarop dat deelnemende aksienavorsing as beginpunt 'n vraagstuk het wat in regte lewende individue se lewens voorkom (in die geval van die studie is die probleem egskeiding en die rekonstruksie van lewe na egskeiding). Die navorser wat besig is met deelnemende aksienavorsing word vir 'n tydperk deel van die individue se wêreld, leef saam met hulle en probeer om die lewens van die deelnemers aan die studie te verstaan. Die betrokkenheid van die navorser by die lewens van die wat deelneem aan die navorsing geskied op die voorwaardes van die deelnemers. Hierdie navorsing staan teenoor kwantitatiewe navorsing wat tevrede is om met groot getalle mense te werk, sonder om by hulle betrokke te raak of om persoonlik met hulle in gesprek te tree.

Clandinin en Connelly (1991:60) noem deelnemende aksienavorsing ook narratiewe navorsing omdat die verhale van individue tydens die navorsing groot gewig dra:

> Narrative as research method is, therefore, less a matter of the application of a scholarly technique to understanding phenomena than it is a matter of "entering into" the phenomena and partaking of them.

In die lig van 'n postmoderne epistemologie se klem op die belangrikheid van verhale is die klem wat Clandinin en Connelly op die verhale van die deelnemers lê, belangrik.

Maar narratiewe navorsing vanuit 'n sosiaal - konstruksionistiese diskoers is meer as die oorvertel en die verstaan van die verhale van mense. Dit behels ook die dekonstruksie van die dominante, probleemgesentreerde verhaal, die posisionering van die verhaal binne samelewingsdiskoerse, die dekonstruksie van samelewingsdiskoerse wat die verhaal beïnvloed, en die ontwikkeling van die alternatiewe verhaal. Magsverhoudings en hulle invloed op die deelnemers word deurgaans onder die vergrootglas geplaas en daar word noukeurig gelet op die gebruik van taal wat dominante diskoerse in stand hou. Dit alles gebeur met die doel om verandering ten bate van die deelnemers te bewerkstellig. Alles gebeur in 'n proses van gesamentlike konstruksie tussen die navorser/terapeut en die deelnemers.

Kaye beskryf (1990:29) deelnemende aksienavorsing as 'n hermeneutiese proses wat verhale van deelnemers dekonstrueer deur temas, aannames en metafore wat ingebed is in hulle verhale raak te sien en in die lig van diskoerse te verhelder. Deelnemende aksienavorsing is dus die dekonstruksie van diskoerse deur die deelnemers en die navorser om te probeer verstaan hoe taal ons persepsies beïnvloed en hoe taal sosiale interaksie en sosiale werklikhede skep. Die navorsing wat hieruit voortvloei produseer, eerder as wat dit voorstel, dit is skeppend eerder as wat dit verteenwoordigend is.

Indien die doelwitte soos Kaye beskryf bereik wil word, is tradisionele navorsing ontoepaslik. Tyndale (1990:24) wys op die ontoepaslikheid van tradisionele wetenskaplike metodes soos kontrolegroepe, statistiese analises, gekwantifiseerde maatstawwe en statistiese interpretasies vir terapeutiese navorsing. Sy verkies om van narratiewe analise te praat as navorsingsbenadering. Sy beskryf Potter en Wetherell (1987) se stadiums van narratiewe analise wat onder andere behels:

- die opneem, kodering en analise van gesprekke tussen die deelnemers en terapeut
- die soek van patrone

- die soek na uitsonderings
- die ontdekking van belangrike temas in die verhaal
- die vraag na hoe diskoerse funksioneer
- die invloed van diskoerse op die verhaal

Tyndale (1990:25) pas Potter en Wetherell se benadering nie op geskrewe tekste toe nie maar op gesprekke: "The method of narrative analysis involves the recording, coding and analysis of conversations between therapist and client/s". Hoewel Potter en Wetherell moderne taal gebruik (bevoorbeeld kodering, data, verduideliking) is hulle uiteensetting 'n redelike betroubare weergawe van hoe hierdie studie se navorsingsproses verloop het.

In "narratiewe taal" kan die proses soos volg beskryf word: die luister na die gesprekke wat saam met die deelnemers gevoer is, die saamreflektering oor die gesprekke, die opteken van die verhale van deelnemers, die soek na gemeenskaplike verhaallyne, die saam soek na "unique outcomes", die invloed van die dominante diskoerse op die deelnemers se verhale, die dekonstruksie van die dominante diskoerse en die gesamentlike ontginning van gemarginaliseerde diskoerse. Tydens hierdie proses is die navorser nie 'n "objektiewe" waarnemer en die persone of onderwerpe wat nagevors word die "objekte" nie, maar dit geskied saam met die deelnemers in 'n deelnemende proses.

In die hoofstuk oor diskoersposisionering het ek aangedui dat ek kies vir 'n kontekstuele prakties-teologiese diskoers waarbinne ek my studie posisioneer. Deelnemende aksienavorsing staan in verband met die diskoersposisionering van die studie. Deur gebruik te maak van die navorsingsbenadering, word wegbeweeg van 'n teologie wat van "bo" af bedryf word en word teologie deur die deelnemers "van onder" af geskep. Die (nadelige) effek wat die skep van die teologiese diskoers "van bo" af op die deelnemers gehad het, word saam met hulle ontdek en 'n alternatiewe diskoers word saam met hulle van onder af ontgin.

Behalwe dat die navorsingsmetodologie bepaal is deur deelnemende aksienavorsing, is feministiese navorsing ook as vertrekpunt geneem.

## 1.2 FEMINISTIESE NAVORSING

Feministiese navorsing behels baie van dieselfde metodes as alle ander navorsing en moet voldoen aan die vereistes wat aan ander navorsing gestel word. Feministiese navorsing se fokus en voorkeur is egter die kennis wat vroue nodig het en wil hê om hulle lewensomstandighede so te verander dat hulle lewens vir hulle meer aanvaarbaar word. Feministiese navorsing word gedoen met die doel om vroue te bevoordeel deur nuwe vrae aan die gebruike en instellings te stel wat vroue benadeel en deur feministiese navorsing gekritiseer word (Allen & Baber 1992:2).

Die vraag kan gestel word of deelnemende aksienavorsing noodwendig meer feministies is (Allen & Baber 1992:8)? Volgens hulle is daar niks inherent aan deelnemende aksienavorsing wat verhoed dat die navorsing gebruik word om vooroordele oor geslagverskille te bevestig nie. Die maatstaf waarvolgens die kwaliteit en nuttigheid van navorsing beoordeel word is die effektiwiteit van die navorsing om vroue se lewenskwaliteit te verhoog (Allen & Baber 1992:8).

Reinharz (1992:240) noem onder andere die volgende kenmerke van feministiese navorsing:

- Feminisme is 'n perspektief, nie 'n metode nie.
- Feministiese navorsing behels 'n voortgesette kritiek op nie-feministiese navorsing: feministiese navorsing wil partriargale vooroordele in die sosiale wetenskappe ontbloot.

Feministiese navorsing gebruik 'n feministiese teorie as vertrekpunt. Reinharz (1992:240) haal Arendell (1986) aan wat die noodsaak van 'n feministiese teoretiese vertrekpunt in verband met egskeiding beklemtoon: "divorce is a socially structured experience that reflects the gender-based organization of our society, with all its related inequities". 'n Feministiese perspektief beteken om instaat te wees om die politiek en konflik rondom geslagsverskille raak te sien en te analiseer. Feministiese navorsing se doelwit is om sosiale verandering teweeg te bring deur duidelike aanbevelings te maak oor beleid en die verhoging van die feministiese bewussyn.

Feministiese navorsing erken verskeidenheid. Feministiese navorsing erken die paradoks dat vroue in een opsig almal dieselfde is en in 'n ander opsig almal verskil. Daarom word alle ouderdomme, seksuele oriëntasies, en ekonomiese groepe ingesluit by feministiese navorsing.

Die navorser as persoon is betrokke by feministiese navorsing: die persoonlike ervaring van die navorser is 'n belangrike bate tydens feministiese navorsing (teenoor tradisionele navorsing waar dit geag word dat die persoonlike ervarings van die navorser die navorser se objektiwiteit "besoedel").

Tydens feministiese navorsing is die mense wat bestudeer word betrokke by die navorsing: die navorser is subjektief betrokke by die mense saam met wie navorsing gedoen word. Die grense tussen formele en persoonlike verhoudings vervaag.

Feministiese navorsing wil graag 'n verhouding vestig tussen die persone saam met wie navorsing gedoen word, die navorser en die uiteindelike leser van die navorsing. Daarom word gebruik gemaak van die woorde van die persone saam met wie navorsing gedoen word sodat hulle beter verstaan kan word.

Omdat ek met hierdie studie vroue se lewenstandighede ten beste wil verander, onderskryf ek tydens die studie die doelwitte van feministiese navorsing soos deur Reinharz hierbo geformuleer.

Twee belangrike vertrekpunte vir my navorsingsbenadering het nou aan die orde gekom: deelnemende aksienavorsing en feministiese navorsing. Wat nou aan die orde kom is die navorsingsproses wat gebruik is om aan navorsingsbenadering gestalte te gee. Die navorsingsmetodiek het groepswerk en die skryf van briewe behels.

## 2 NAVORSINGSMETODIEK

### 2.1 DIE GEBRUIK VAN GROEPSWERK

Om groepe te gebruik vir terapie is 'n erkende manier om terapie te doen (Shaffer & Galinsky 1974).

Ook wat betref terapie met deelnemers wat van egskeiding herstel, word groepe dikwels gebruik. Salts (1989: 285) noem as doelwit van so 'n egskeidingsherstelgroep om mense wat weer enkel is as gevolg van egskeiding te help om aan te pas by die nuwe rolle en status wat hulle enkelskap meebring. Die aanpassing behels veranderinge in persoonlike groei, emosionele aanpassing, gesindhede, selfbeeld en sosiale verhoudings. Hoewel saamgestem kan word met Salts se doelwitte is dekonstuksie van dominante diskoerse nog 'n doelwit tydens groepswerk wat vanuit 'n sosiaal konstruksionistiese diskoers gedoen word.

Groepe kan op so 'n manier gebruik word dat dit binne 'n moderne epistemologiese raamwerk funksioneer. Groepe wat funksioneer op 'n narratiewe wyse binne 'n sosiaal-konstruksionistiese diskoers gee 'n nuwe dinamiese perspektief op die gebruik van groepe (Dean 1995:301).

Dean (1995:299) beklemtoon dat die fokus van terapie in groepe vanuit 'n moderne navorsingsparadigma op die groepleier is. Die groepleier is die "kenner" en die groep is die "probleem". Die terapeut help die groep deur opvoeding, raad te gee en die groep se omstandighede te interpreteer volgens 'n bepaalde teoretiese raamwerk. Die leier moet objektief bly, emosioneel gedistansieerd van die groep. Op dié manier dien die terapeut "die beste belange" van die groep en voorkom die terapeut uitbranding. Die terapeut bly apart en in beheer. Die groepsleier bepaal die doelwitte en agenda van die byeenkomste. Die navorser/terapeut/groepleier is die "expert".

Die benadering staan in skerp kontras met die postmoderne, sosiaal-konstruksionistiese epistemologie soos in Hoofstuk Drie bespreek. Volgens 'n postmoderne epistemologie het die groepleier nie voorkeurtoegang tot kennis nie en die leier se agenda kan ook nie belangriker geag word as dié van die groep nie. Die tradisionele, hiërargiese verhouding tussen leier en groep verander. Die leier word fasiliteerder met die taak om ruimte te maak vir verhale en die verhale se betekenis te verbreed. Sowel die fasiliteerder as die lede is belangrike bronne van inligting (Dean 1995:301). Die kuns om 'n fasiliteerder te wees van 'n groep wat op 'n narratiewe wyse funksioneer, is om ruimte te skep vir verhale en om die groep te help fokus op idees, beelde en gevoelens wat uit die verhale na vore kom.

Laube en Trefz (1994:30) beklemtoon dat vroue wat geskei is binne 'n gemeenskap lewe wat die huwelik as instelling hoog ag en egskeiding afkeur. Terwyl hulle 'n magdom ander vaardighede bemeester (onder andere finansiële vaardighede, enkelouerskap) bevind hulle hulle in 'n onsimpatieke samelewing. Deur te deel in die verhale van ander wat hulle in dieselfde omstandighede bevind word elke lid van die groep versterk in die herskryf van haar eie verhaal.

Laube en Trefz (1994:30) meen dat bloot om by 'n herstelgroep aan te sluit alreeds 'n belangrike stap is om die probleme wat egskeiding veroorsaak te weerstaan:

- gesamentlikheid teenoor isolasie
- aanvaarding teenoor verwerping
- die openlike erkenning van woede en aggressie teenoor die onderdrukking daarvan
- intimiteit teenoor kilheid
- probleme word getakel en afgehandel in plaas van passiwiteit

- afsluiting (as die groep ontbind) in plaas daarvan om te aanvaar dat daar onsekerheid is oor wanneer dinge beter gaan raak

Die bestaan van 'n groep is alreeds die begin daarvan om die dominante verhaal van egskeiding te omskep in 'n nuwe, alternatiewe verhaal, en om die weerstand wat 'n geskeide persoon teen die negatiewe invloede van egskeiding bied, te vier.

Tydens groepswerk vanuit 'n narratiewe vertrekpunt is dit belangrik dat die terapeut, wat Anderson en Goolishian (1992:202) 'n "not knowing" posisie noem, inneem:

> The therapist's role, expertise, and emphasis is to develop a free conversational space and to facilitate an emerging dialogical process in which this "newness" can occur. The emphasis is not to produce change but to open space for conversation. In this hermeneutic view, change in therapy is represented by the dialogical creation of new narrative.

Die "not knowing" posisie van die terapeut staan in kontras met die terapeut wat vanuit 'n moderne epistemologie werk waar die terapeut die "expert" is.

Boyd (1996:222) sê die "not knowing" terapeutiese gesprek word gekenmerk deur 'n egte en oorvloedige nuuskierigheid: die terapeut wil meer weet van wat die deelnemers gesê het eerder as om vooropgestelde idees of verwagtinge oor die probleem, die deelnemers of dit wat moet verander oor te dra. Die deelnemer lig altyd die terapeut in en leer die terapeut. Die ingesteldheid en gesindheid wat hier genoem word maak die pastorale gesprek 'n radikale, verhoudingsgerigte, eties gebaseerde, empatiese ontmoeting (Boyd 1996:223).

Die "not knowing" rol van die terapeut beteken nie dat die terapeut niks na die gesprek toe bring nie. Ek het deelgeneem aan die gesprekke as 'n terapeut wat beïnvloed is deur 'n verskeidenheid Bybelse, teologiese en samelewingsdiskoerse oor egskeiding, die huwelik en vroue. Hierdie dinge het ek onafwendbaar in die gesprekke ingedra. Die "not knowing" - posisie van die terapeut lê vir my daarin dat ek as terapeut bewus is van

- die moontlike nadelige invloed wat my soggenaamde "kennis" op die deelnemers kan hê
- die magsposisie waarmee ek as predikant beklee word, en moontlik selfs wil beklee
- my gewilligheid is om ingelig te word oor die nadelige invloed van dominante diskoerse op die deelnemers se lewens

- dat ek myself eties so posisioneer dat ek oop is om alternatiewe diskoerse saam met die deelnemers te ondersoek

- dat wanneer ek bewus geraak het van nadelige dominante diskoerse (soos in die geval van die Sinodebesluite oor egskeiding en mansgesentreerdheid van die Bybel) ek dit aan die deelnemers meedeel sonder om die diskoerse te probeer regverdig

- dat ek so ver moontlik daarvan afsien om die terapie met my kennis te beheer

- dat ek die mag en kennis waaroor ek wel beskik so sal gebruik dat die deelnemers daardeur bevoordeel word

Dit is egter belangrik dat groepswerk saam met mense wat deur egskeiding geraak is nie verabsoluteer word nie. Salts (1985:21) wys daarop dat navorsing aangetoon het dat deelname aan 'n groep voordelig kan wees vir sommige individue se aanpassing na egskeiding. Sy wys egter ook daarop dat dit nie altyd die geval is nie. Elke individu se behoeftes is uniek. Sommige individue wat nog nie voldoende persoonlike vordering gemaak het met die aanpassing na egskeiding nie se gevoel van verwerping, isolasie en mislukking kan toeneem as hulle te vroeg by 'n groep inskakel.

Die gebruik van groepswerk as navorsingsmetode is aangevul deur die skryf van briewe. In die volgende afdeling word die metode bespreek.

## 2.2 DIE SKRYF VAN BRIEWE

Na aanleiding van Epston (1994:31) is tydens die terapie gebruik gemaak van die skryf van briewe. Epston beskryf die waarde van briewe soos volg: "the words in a letter don't fade and disappear the way conversation does; bearing witness to the work of therapy and immortalizing it." Ook White en Epston (1990) beskryf hoe briewe gebruik kan word in die terapeutiese proses.

In navolging van Griffith en Griffith (1990:13) is die gesprekke op band opgeneem. Dit het my in staat gestel om ná elke gesprek weer na die bande te luister. Volgens Griffith en Griffith word na die bande geluister met die oog daarop om die verborge krag, waarvan die deelnemer dikwels nie bewus is nie, op te spoor, "the most productive path to healing and change often lies in working with strenghts and competencies that are initially unseen" (Griffith en Griffith 1990:13). Die bande het egter 'n veel groter doel gedien as net om die verborge krag van die deelnemers te ontsluit. Die bande het gedien as bron vir die briewe wat ek geskryf het na elke gesprek.

Na elke gesprek met die groep is, met die toestemming van die groep, die essensie van die gesprek weergegee in 'n brief en op die gesprek gereflekteer. In die briewe is die groep herinner aan die metafore wat hulle gebruik het, die "unique outcomes" (die tye wanneer die oorhand oor die probleem verkry is, die probleem teegegaan is of gekritiseer is) is ontdek, eksternaliserende taal is gebruik en die vordering waarvan die deelnemers vertel het, is beskryf. Die alternatiewe verhaal word verder ontwikkel en vrae word gevra sodat oor sekere sake gereflekteer kan word. Tydens elke daaropvolgende gesprek is met die groep gekontroleer of hulle saamstem dat die brief 'n betroubare weergawe van die gesprek was.

Hier is dit ook belangrik om te let op die rol wat die vrae in die briewe wat ek geskryf het, gespeel het. Omdat die proses so dinamies was, is die vrae selde direk tydens die volgende gesprek beantwoord. Ek het nie verwag dat dit die geval moes wees nie en het ook nie op antwoorde op die vrae aangedring nie. Die vrae was in meeste gevalle 'n manier hoe ek die dominante diskoerse wou bevraagteken en dekonstrueer. In ander gevalle wou ek met die vrae die alternatiewe diskoers uitlig. Deur die vrae wat ek gevra oor algemene "waarhede" soos byvoorbeeld geslagskwessies en dominante Bybelse diskoerse wou ek die deelnemers toestemming gee om ook die diskoerse te bevraagteken. Die betekenis van die vrae het vir my nie gelê in die antwoorde nie, maar in die vraag self. Trouens, in die lig van 'n postmoderne epistemologie het baie van die vrae nie "antwoorde" nie, antwoorde op van die vrae moet na my mening voortdurend saam ontdek en geleef word.

Die taal wat ek in die bogenoemde paragraaf gebruik het, "die essensie van die gesprek is weergegee" is modernistiese taal. Dit beskryf vir my die etiese dilemma van die briefskrywer: die briefskrywer word 'n "eksegeet" van die gesprek wat gevoer is. Die skrywer besluit oor die sake wat in die brief opgeneem word en watter sake uitgelaat word. Die skrywer interpreteer die gesprek. Dit plaas die skrywer in 'n magsposisie teenoor die deelnemers. Dit beteken egter nie dat briewe nie geskryf moet word nie, maar dat die skrywer baie bewus moet wees van die etiese implikasies van die briewe wat geskryf word. In die volgende deel word die etiese oorwegings wat gegeld het vir die skryf van die briewe en die navorsingsproses as geheel bespreek.

## 3 ETIESE OORWEGINGS

Tydens die bespreking oor die epistemologiese vertrekpunt van die postmodernisme dat die waarheid nooit geken kan word nie het etiek reeds ter sprake gekom. Dit kan dalk daartoe aanleiding gee dat etiek totaal relatief is. Kotzé (2002:17) beskryf dit soos volg:

> Accepting the reality of plurality and the epistemological and ethical impossibility of prescriptive ethics, the absence of an external reference point to help differentiate between right and wrong introduces a sense of confusion... The realisation that our deepest "truth" is based on nothing but one interpretation among many creates fears of "anything goes", of relativism, of chaos and anarchy... How can we bring about an ethics that will include plurality and be participatory rather than prescriptive?

Die antwoord op die vraag is so belangrik dat dit hier weer meer volledig aan die orde gebring word. Freedman en Combs (1996:274) noem hoe belangrik dit is dat terapeute hulle etiese raamwerk waarbinne hulle werk, duidelik en openlik verklaar. Hiermee stem ek saam.

Navorsing is nooit eties neutrale gebeure nie. Alle navorsing het 'n etiese dimensie. Kotzé (2002:8) sê omdat kennis en die verwerwing van kennis altyd verbind is aan mag, moet kritiese vrae gestel en beantwoord word wanneer diskoerse onder bespreking is. Voorbeelde van kritiese vrae is:

- wie se kennis is dit?
- wat is die doel waarvoor die kennis verwerf en ingespan word?
- tot wie se voordeel word die kennis aangewend?
- wie se stemme word stil gemaak of gemarginaliseer deur die kennis?
- wie ly as gevolg van die kennis?

Freedman en Combs (1996:285) maak onderskeid tussen 'n moderne en 'n postmoderne etiek. Omdat moderne etiek gegrond is op veralgemeende, meta-narratiewe en volmaakte wetenskaplike teorieë, is 'n moderne etiek gebaseer op reëls, 'n "van-bo-af-onder-toe" etiek. Kotzé (2002:13) noem hierdie etiek "presciptive ethics". Dié etiek groei uit 'n proses van deduktiewe beredenering gegrond op wetenskaplike en godsdienstige diskoerse. Die gevolg van voorskiftelike etiek is dat dit mense aan die ontvangkant van die etiek marginaliseer, verdruk, uitbuit en laat ly.

Teenoor dié benadering staan 'n postmoderne etiek waar daar volgens Freedman en Combs (1996:285) gefokus word op:

> ... particular people in particular experierences, and there is considerable skepticism about the applicability of any kind of sweeping, universal, one-size-fits-all truth claims.

Kotzé (2002:17,18) noem die etiek "participatory ethics" waar niemand bevoorreg is om toegang te hê tot voorkeurbronne van kennis nie. Deelnemende etiek neem nie net die stemme van gemarginaliseerdes in ag nie, maar dit is etiek wat in die diskoerse ontstaan en saam met gemarginaliseerdes ontwikkel word. Die wat mag het, het die etiese verantwoordelikheid om hulle bevoorregte posisie te gebruik om te verseker dat die wat in die verlede gemarginaliseerd en stilgemaak is, deelneem aan die skep van etiek. Daar moet na hulle geluister word, maar daar kan nie vir hulle besluit word nie. Die vraag: "wie word bevoordeel?" is die sentrale en leidinggewende uitdaging. Narratiewe, sosiaal-kontruksionistiese etiek maak voorsiening vir die gemarginaliseerde stemme en gemarginaliseerde kulture wat nie voorheen inspraak gehad het in die skep van etiek nie (Freedman & Combs 1996: 285).

Volgens Allen en Baber (1992:10) is daar twee aspekte van belang tydens feministiese navorsing:

- Wie se belange word gedien deur die navorsing? Dit is moontlik dat die navorser ook agent van onderdrukking en uitbuiting kan wees indien die navorser sy bevoorregte posisie wat gepaard gaan met navorser-wees misbruik.
- Selfopenbaring is 'n belangrike en unieke deel van feministiese navorsing. Die gegewens oor die klas, geslag en ras van die navorser moet bekend wees. Dit is oneties om 'n valse neutrale onbekendheid te behou terwyl die persone saam met wie navorsing gedoen word, die intieme besonderhede van hulle lewens met jou deel.

In hierdie studie moes ek myself voortdurend afvra of ek as navorser aan die vereistes voldoen. Aan die tweede voorvereiste, dié van selfopenbaring, het ek probeer voldoen deur my eie verhaal aan die deelnemers te vertel. Ten einde deursigtigheid te verseker, het 'n vroulike terapeut tydens een byeenkoms 'n onderhoud oor my gesin van oorsprong met my gevoer. Verder is my huweliksmaat, kinders en huislike omstandighede goed bekend aan al die deelnemers.

Omdat die deelnemers almal vroue was, en die ongelukkige situasies wat soms met manlike (predikant-terapeute) en vroulike deelnemers aan terapie ontstaan, welbekend is, was ek aan my vrou besonder verantwoordelik om te verseker dat die proses eties bo alle verdenking verloop het. Daarom het ek haar so ver as moontlik deurgaans betrek by die proses, sy het van die groepsbesprekings met die toestemming van die deelnemers bygewoon en het die deelnemers goed leer ken.

Ek identifiseer myself daarom met wat Friedman en Combs (1996:275) sê: deurdat 'n terapeut haar/sy eie ervarings, drome en doelwitte duidelik maak:

> We enter therapeutic relationships as fallible human beings, rather than experts. We present ourselves as particular people who have been shaped and affected by particular experiences. We hope that this gives people an idea of how they might want to take what we say and do.

Die deelnemers aan die gespreksgroep is van die begin af ingelig dat hulle deel is van 'n navorsingsgroep en dat die resultaat van die navorsing gebruik sal word in 'n verhandeling en dat die gesprekke kan dien as grondslag vir die navorsing. 'n Voorbeeld van die toestemmingsbrief wat deur die deelnemers onderteken is. word as 'n bylaag aangeheg. Verder is geen besluite geneem sonder dat dit met hulle bespreek is nie. Die voltooide hoofstukke is aan die deelnemers gegee om deur te lees en hulle kommentaar daarop is na elke hoofstuk as deel van die studie ingewerk. Op die manier wou ek verseker dat die deelnemers, wat die werklike kenners oor egskeiding en egskeidingsherstel is, die laaste sê het.

Met die navorsingsbenadering en-metodiek en die etiese vertrekpunte van die studie gestel, kan nou oorgegaan word tot die beskrywing van die navorsingsproses.

## 4 DIE NAVORSINGSPROSES

Vroue in die gemeente wat deur egskeiding geraak is, is uitgenooi om deel te word van 'n gespreksgroep wat sou praat oor "Lewensvaardighede wat bemeester moet word om te leer om te lewe saam met nuwe werklikhede tydens en na egskeiding". Vyf van die elf wat uitgenooi is, het die uitnodiging aanvaar.

Vanaf November 2000 tot November 2001 is tweeweekliks bymekaar gekom vir 'n uur-en-'n-half - sessie. Tydens die ontmoetings was daar geen vaste agenda wat gevolg is nie. Die deelnemers het bloot begin om hulle ervarings sedert die vorige ontmoeting met mekaar te deel. Ek het as fasiliteerder van die groep opgetree. Soms, maar nie altyd nie, het die briewe wat ek aan die groep geskryf het as vertrekpunt vir die gesprekke gedien.

Die rede dat daar geen agenda was nie kan in 'n sekere opsig daaraan toegeskryf word dat ek totaal en al onkundig was oor egskeidingsherstel. Ek was in waters wat ek nog nooit bevaar het nie. Aan die ander kant het ek ook doelbewus nie 'n agenda gevolg nie. Met 'n agenda sou ek die proses kon manipuleer. Ek het wel so af en toe seker gemaak dat die doelwitte wat die groep tydens die eerste gesprek gestel het, aangespreek word en het met die groep gekontroleer of hulle tevrede is met die rigting waarin die gesprekke ontwikkel.

Die gebrek aan 'n agenda het tot gevolg gehad dat die terapeutiese proses 'n taamlike "slordige" proses was (soos gesien kan word uit die briewe wat geskryf is) wat die opskryf van die proses vir navorsingsdoeleindes bemoeilik het. Temas het stadig maar seker uit die briewe uitgekristalliseer en het met hikke en stote, oor baie maande, ter sprake gekom. Die verloop van die proses het egter ook voordele gehad: na my mening was dit 'n baie dinamiese proses en het elke deelnemer aan die woord gekom en is haar stem gehoor.

Hoewel in die navorsing baie gebruik gemaak word van die briewe, was die proses baie ryker as wat net in die briewe weerspieël is. Ek het ook met verskeie deelnemers individuele gesprekke gehad.

Nadat die navorsing afgehandel is, is literatuur geraadpleeg wat verder lig kon werp op die temas wat uitgekristalliseer het tydens die gesprekke. Waar dit geblyk het dat daar belangrike aspekte van egskeidingsherstel is wat nie tydens die gesprekke ter sprake gekom het nie, word die sake in die lig van die beskikbare literatuur bespreek.

Omdat die groepslede nie in staat was om elke sessie by te woon nie, het die briewe 'n belangrike rol gespeel in die vestiging van kontinuïteit in die verloop van terapie.

## 5 DEELNEMERS SE REFLEKSIE

Die deelnemers het waardering daarvoor gehad dat hulle in die ware sin van die woord deelnemers aan die navorsing was, hulle voel hulle is soos "mense behandel, nie net 'feite' nie", "daar was ruimte vir emosies", "nooit moet 'n persoon beheer of gemanipuleer word nie... die deelnemer is so broos en word geforseer om op te tree soos ander van jou verwag. Die genesing en herstel word dan vertraag". Hulle was ook gemaklik met die "agendaloosheid" van die groepsgesprekke en het gevoel dat 'n agenda hulle sou ontneem het van die geleentheid om hulle eie behoeftes en probleme aan te spreek.

Oor die briewe was hulle van mening dat dit afstand tussen hulle en die probleme waarmee hulle geworstel het, geskep het. "Dit het gevoel of jy as buitestander op die aand se gebeure afkyk. Of jy nie meer in die hitte van die stryd was nie, maar kan uitklim en van bo-af kyk. Dan kan ons realisties kyk en dink oor wat gesê is, impulsiewe stellings, woede en tonnelvisie is geneutraliseer."

Die diskoerse waarbinne die studie plaasvind, is nou gestel. Die epistemologiese vertrekpunte is verduidelik, die navorsingsbenadering en etiek is bekend. Wat nou aan die orde kom is die verhale. van die deelnemers aan die studie.

# HOOFSTUK 5

# DIE DEELNEMERS SE VERHALE

In hierdie hoofstuk kom die verhale van die deelnemers aan die studie aan die orde. Omdat ek as predikant/terapeut ten minste in die tweeledige verhouding van lidmaat/predikant en deelnemer/terapeut tot die deelnemers gestaan het, en in een geval in 'n derde verhouding as huisvriende, reflekteer ek eers op tweeledige verhoudings en die verskillende standpunte met betrekking tot tweeledige verhoudings en terapie.

## 1 DIE ETIESE VRAAGSTUK VAN TWEELEDIGE VERHOUDINGS

Thom (1991:11) beskryf 'n tweeledige verhouding as 'n verhouding "in which there are two (or more) distinct kinds of relationship with the same person".

In hierdie geval was daar reeds bestaande verskillende, onderskeidende verhoudings toe die terapie begin het: daar was die predikant/lidmaat - verhouding tussen my en al die deelnemers en in een geval 'n vriendskapsverhouding. Dit is waarskynlik nie ongewoon dat predikante in tweeledige verhoudings betrokke is nie, en soms wegskram van so 'n verhouding.

Die "Professional Board for Psychology of the Health Professions Council of South Africa" (PBP) se etiese kode onderskei tussen tweeledige verhoudings (Dual Relationships) (1.13) en veelvoudige verhoudings (Multiple Relationships)(1.14).

Tweeledige verhoudings word afgekeur indien 'n vorige, of huidige, verhouding met die "kliënt" of 'n relevante pesoon wat met die "kliënt" assosieer, die objektiwiteit en bekwaamheid van 'n sielkundige benadeel. Indien so 'n verhouding geïnisieer of ontdek word, word die etiese kode verbreek.

My probleem met die artikel is: wie besluit wanneer 'n tweeledige verhouding die sielkundige se objektiwiteit en bekwaamheid negatief beïnvloed? In elk geval is reeds vanuit 'n postmoderne epistemologie aangetoon dat objektiwiteit 'n onbereikbare ideaal is. Verder is die waarde-oordeel om objektiwiteit as 'n ideaal te stel nie altyd gewens nie - waar daar etiese kwessies soos onreg, uitbuiting en mishandeling voorkom, dink ek nie 'n terapeut behoort objektief te bly nie.

Wat betref veelvoudige verhoudings erken die kode dat in sekere gemeenskappe en onder sekere omstandighede dit nie redelik of haalbaar vir 'n sielkundige is om nie ander, nie-professionele kontak, met "kliënte" te hê nie. In sulke gevalle moet sielkundiges sensitief wees "for the potential harmful effects of social or other nonprofessional contacts on their work and on those persons with whom they work". Indien moontlik behoort 'n sielkundige in sulke omstandighede nie terapeutiese verantwoordelikhede te aanvaar nie, want sulke verhoudings "create the potential for harm". Indien 'n "potentially harmful multiple relationship" wel voorkom moet die sielkundige die konflik oplos in beste belang van die persoon wat daardeur geraak word. Wat die "oplos" van die probleem presies behels, word nie uitgespel nie.

Die kode verduidelik nic wanneer daar sprake is van 'n tweeledige verhouding en wanneer daar sprake is van 'n veelvoudige verhouding nie. Die onderskeid tussen die aard van die verhoudings is nie duidelik nie. Wat wel belangrik is, is dat die kode se vertrekpunt is dat sulke verhoudings die potensiaal het om skade te doen. Dat sulke verhoudings dalk ook positiewe gevolge vir terapie kan hê, word glad nie oorweeg nie.

Die PBP se etiese kode met betrekking tot veelvoudige verhoudings verwoord wel 'n belangrike saak as gestel word dat:

> ... a psychologist refrains for taking on professional or scientific obligations when pre-existing relationships would create the potential for harm (1.14.4),

en:

> Psychologists take reasonable steps to avoid harming their clients (2.13).

Die vierde etiese vertrekpunt van die etiese kode stel dit dat:

> Psychologists seek to contribute to the welfare of those with whom they interact... Psychologists are sensitive to real or ascribed differences in power between themselves and others, and they do not exploit or mislead other people during or after professional relationships.

Hierdie is belangrike etiese vertrekpunte wat te alle tye in gedagte gehou behoort te word, ongeag of die verhouding 'n tweeledige verhouding is of nie.

SAAP[1] (waarvan ek lid is) se etiese kode bevat niks oor tweeledige verhoudings nie, maar stel dit duidelik dat:

> The SAAP member shall respect the integrity and protect the welfare of those served or supervised. The SAAP member shall maintain those relationships on a professional basis, avoiding emotional, sexual, or any other form of exploitation.

Die etiese kode word deur my onderskryf en ek het reeds in Hoofstuk Vier aangetoon watter maatreëls ek getref het om die deelnemers teen uitbuiting te beskerm.

Sover ek kan vasstel, bestaan daar geen geskrewe etiese kode vir predikante van die NGK nie. Ek dink dit is 'n groot leemte wat aandag verdien. Die kerkorde van die NGK artikel 9, omskryf wel die verantwoordelikhede van 'n predikant, maar stel geen riglyne wat verhoudings tussen gemeentelede en predikant behoort te wees nie.

Sommige skrywers waarsku pertinent teen tweeledige verhoudings. Kennedy (1982:59) sê:

> Neither doctors, lawyers, nor clergy should take family members or close friends for clients. The unconscious factors, the overlapping areas of relationship, all creates a stress that cannot be handled easily even by mature therapist. Clear thinking and self-discipline remain essential even in this era of freewheeling therapeutic styles.

Die waarskuwing van Kennedy moet ernstig opgeneem word. Rowan (1992:40) skryf in 'n artikel oor haar eie ervaring van 'n negatiewe tweeledige verhouding waarin sy te staan gekom het. Rowan het in 'n seksuele verhouding met 'n "kliënt" betrokke geraak wat aanleiding gegee het tot haar skorsing en bankrotskap. Sy beskryf die omstandighede waarin 'n terapeut haar/hom kan bevind wat aanleiding kan gee tot 'n negatiewe tweeledige verhouding:

- kwesbaarheid: wanneer die ondersteuning van ander verhoudings (vriende, kollegas, familie, gesin en huweliksmaat) ontbreek

- depressie, afstomping en uitbranding as gevolg van 'n te swaar werkslas

- isolering van die etiek van die professie en die gebrek aan blootstelling aan die etiese gedragskodes

---

[1] The Southern African Association For Pastoral Work

- die gebrek aan supervisie
- die aanvaarding onder sommige terapeute dat seksuele verhoudings met "kliënte" normaal is.

Elke terapeut (ekself daarby ingesluit) kan uit die ervaring van Rowan leer en gereeld selfondersoek doen om vas te stel in watter mate die faktore wat aanleiding gegee het tot haar negatiewe tweeledige verhouding ook in haar/sy lewe 'n rol speel.

Rowan (2002:73), soos elke terapeut na my mening behoort te doen, neem volle verantwoordelikheid vir die tweeledige verhouding wat skeefgeloop het:

> The responsibility lies with me. It was my responsibility, not hers, to know my profession's norms and boundaries. It was my responsibility to understand that power between a client and a therapist is never equal and that a so-called friendship is never appropriate after clinical work. It doesn't matter how provocative, vulnerable or seductive a client is. It is my responsibility not to create pathological dependencies.

Rowan raak hier twee belangrike sake aan: die van ongebalanseerde magsverhoudings tussen deelnemer en terapeut en patologiese afhanklikheid wat kan ontstaan. Indien die terapeut sy mag misbruik in 'n tweeledige verhouding en indien patologiese afhanklikheid ontstaan, is tweeledige verhoudings uit die aard van die saak verkeerd.

Daarom dat die AAMFT[2] se gedragskode verklaar dat:

> Therapists... make every effort to avoid dual relationships with clients that could impair professional judgement or increase the risk of exploitation. When a dual relationship cannot be avoided, therapists take appropriate professional precautions to ensure judgement is not impaired and no exploitation occurs (AAMFT Code of Ethics, aangehaal deur Thom 1990:11).

Ook met betrekking tot deelnemers aan navorsing is dié kode uitgesproke gekant teen tweeledige verhoudings:

---

[2] American Association for Marital and Family Therapy

> Marriage and family therapist, therefore, make every effort to avoid dual relationships with research participants that could impair professional judgement or increase risk of exploitation (AAMFT Code of Ethics, aangehaal deur Thom 1991:13).

Die rede vir die onwenslikheid van tweeledige verhoudings is die risiko van uitbuiting, "objektiwiteit" wat in die slag kan bly en so die terapeut se oordeel beïnvloed. Verder kan saamgestem word met Thom (1991:12) wat van mening is dat terapeute wat die geneigdheid het om deelnemers uit te buit nie tweeledige verhoudings nodig het om dit te doen nie. Thom (1991:12) is van mening dat die saak wat tydens ter sprake is hoe mag gebruik word:

> The core ethical concern should be whether the power differential... is used to empower the personal and proffessional development of the other, or is used to exploit him or her... It is not the power itself that corrupts, it is the disposition to corruption.

Lazarus (2002:47,61) veroordeel die etiese kode van die AAMFT as te eng en beperkend. Vir hom gaan dit oor grense en grensoorskryding. Volgens hom kan sommige "grensoorskrydings" oor die eng grense van die terapeut/kliënt - verhouding tot voordeel van die terapie wees. Hy stel die volgende riglyne vas vir tweeledige verhoudings:

- seksuele verhoudings is verbode
- alle verhoudings waar daar 'n botsing van belange voorkom, is verbode
- die emosionele kompleksiteit en emosionele eise wat tweeledige verhoudings stel, moet nie onderskat word nie

Met die riglyne in gedagte is Lazarus se gevolgtrekking:

> I continue to find that occasional extratherapeutic contacts with selected clients can enrich their lives and expedite our work together. After all my years in this field, it is clear to me that self-protectively distant or defensive therapists are more likely to injure than to help their clients (Lazarus 2002:61).

Egan (1990:58) is van mening dat die beste aanduiding vir die sukses in die terapeutiese proses die kwaliteit van die verhouding tussen die "kliënt" en die terapeut is. Die kwaliteit van die verhouding word gedra deur waardes. Egan onderskei die volgende waardes wat onderliggend aan die verhouding moet wees:

- terapie moet reg van die begin af nuttig wees
- die terapeut moet bekwaam wees
- die terapeut moet respek toon
- die terapeut moet eg wees en egtheid kommunikeer
- die verantwoordelikheid en selfstandigheid van die "kliënt" moet erken word

Indien die waardes onderliggend aan terapie binne tweeledige verhoudings is, is daar geen rede waarom terapie nie kan geskied binne tweeledige verhoudings nie. Hierby wil ek voeg dat daar eerlikheid moet wees: wanneer die vriendskapsverhouding om een of ander rede terapie nadelig beïnvloed, behoort beide partye die vrymoedigheid te hê om saam te besluit oor die wenslikheid van 'n verwysing na 'n ander terapeut.

Thom (1991:11) wys daarop dat terwyl tweeledige verhoudings altyd meer kompleks is, daar niks inherent in tweeledige verhoudings is wat die gevaar van uitbuiting groter maak as in die geval van ander verhoudings nie. Thom meen dat:

> Indeed, the additional human connectedness through dual relationship is far more likely to be affirming, reassuring, and enriching, than exploitative. To discourage all dual relationships in the field is to promote an artificial professional cleavage in the natural patterns that connect us as human beings. It is a stance that is as far from impoverishing than it is protective... In my experience, involvement in dual relationships actually can often contribute towards improved, rather than impaired, professional judgement.

Volgens Thom (1991:14) is daar beter terugvoer en begrip binne tweeledige verhoudings. Tweeledige verhoudings skep ruimte vir groter openheid, deelname, eerlikheid, persoonlike integriteit en verantwoordelikheid, heling en gelyke menslike kontak. Die ruimte om uit te buit, te manipuleer, te mislei word verklein binne tweeledige verhoudings. Tweeledige verhoudings bied dus geleenthede wat nie oor die hoof gesien kan word nie.

Indien die bogenoemde argumente vir en teen tweeledige verhoudings geweeg word, is dit duidelik dat daar niks inherent in tweeledige verhoudings is wat sulke verhoudings onwenslike terapeutiese verhoudings maak nie. Die teendeel is dat tweeledige verhoudings wel geleentheid skep vir 'n ryker terapeutiese ervaring vir deelnemer en terapeut.

Dit is daarom dat ek die vrymoedigheid gehad om ten spyte van tweeledige verhoudings waarin ek met die deelnemers te staan gekom het, voort te gaan met die terapie.

## 2 MY EIE VERHAAL: WAT BRING EK NA DIE NAVORSINGSPROSES

'n Postmoderne epistemologie en deelnemenede aksienavorsing lê klem daarop dat die navorser nie 'n objektiewe waarnemer van die navorsingsproses is nie. In hierdie deel wil ek graag omskryf wat ek na die navorsingsproses toe gebring en hoe die navosingsproses my gevorm het.

Soos wat die navorsingsproses gevorder het, het ek toenemend myself die vraag afgevra waarom ek juis by die navorsing betrokke geraak het? Ek het ook bewus geword daarvan dat die deelnemers intieme detail van hulle lewens met my deel en daarom het ek, nadat die proses 'n paar maande aan die gang was, besluit om ter wille van deursigtigheid my eie verhaal met hulle te deel. Ek het vir Elmarie Kotzé, 'n vroulike terapeut, gevra om 'n onderhoud met my te kom voer oor my gesin van oorsprong. Die deel is 'n refleksie, en uitbreiding, op die onderhoud.

Na die onderhoud het ek aan die deelnemers geskryf[3]:

> In die eerste instansie wil ek vir julle baie dankie sê vir die geleentheid wat ek gehad het om oor my eie lewe te dink. Die gesprek het baie in my 'losgemaak', en het beslis vir my gehelp om 'n paar stukke in my lewenslegkaart te laat pas wat voorheen nie ingepas het nie. Ek het weer bewus geword van 'n paar dinge:
>
> - die dinge wat my gemaak het wat ek is
> - van die dinge wat my motiveer
> - my eie doelwitte.
>
> In die tweede instansie was die gesprek vir my 'n bevestiging van my voorkeure in my werk. Daar is so 'n verskeidenheid van take waarmee 'n predikant kan besig wees dat dit, en elk geval vir my, onmoontlik is om aan elke taak ewe veel energie te spandeer. Daarom is ek voortdurend besig om my voorkeure te probeer bepaal oor watter take ek mee moet besig

---

[3] Aanhalings uit die briewe wat ek aan die deelnemers geskryf het en wat as 'n bylaag aangeheg is word in "Arial" font geskryf, numering aan die einde van die paragraaf dui op die nommer van die paragraaf in die bylaag.

wees. Elke gemeentelid haar/sy eie voorkeure en daar ontstaan dikwels 'n botsing van belange tussen gemeentelede se voorkeure en my eie voorkeure. Na ons gesprek gisteraand is dit vir my duidelik dat pastoraat steeds een van my voorkeure moet bly en dat ek dalk op die terrein 'n verskil wil maak en hopelik kan maak (82,83).

Vandag is my navorsing amper afgehandel, maar die proses wat deur die navorsing in my lewe begin is, is gelukkig nog nie afgehandel nie. Die legkaart kom stuk-stuk verder in plek, dit wat my motiveer en my doelwitte raak al duideliker.

Ek, Willem Christian de Klerk, (vernoem na my oupa aan Ma se kant) is gebore op 24 Januarie 1957 in Germiston, die tweede seun van David Nicholaas (Dawie) de Klerk en Monica Helena Bouwer. My oudste broer is Andries Petrus (vernoem na Pa-kant se oupa). Ses jaar na my geboorte is die derde seun gebore, Nico, vernoem na Pa, en oupagrootjie, aan Pa-kant.

Ma is die jongste van agt kinders, Pa die oudste van drie seuns. Ma se pa ('n myner) is aan myntering oorlede toe sy ses jaar oud was. Dit het geweldige negatiewe finansiële implikasies vir hulle gesin gehad. Ouma moes uitspring om die pot aan die kook te hou. Soms het sy huise geverf en ander kere wasgoed gewas vir ryker bure. Van jongs af het Ma gesondheidsprobleme gehad, onder andere rumatiekkoors, wat blywende hartprobleme tot gevolg gehad het.

As ek vandag terugdink aan die verhale oor haar kinderjare, ontstaan die indruk by my dat sy die "skiewie" van die gesin was, byvoorbeeld: al sewe ander kinders is in staat gestel om hulle tegnies goed te kwalifiseer, maar Ma is nie die geleentheid gegun nie. Sy moes skool verlaat nadat sy die destydse standerd sewe voltooi het om een van haar ouer broers "in die besigheid te help".

Pa se pa was 'n staalwerker, en hoewel hulle dit nie breed gehad het nie, was daar altyd kos op die tafel en later selfs 'n motor in die motorhuis.

Ma was haar lewe lank 'n huisvrou. Maar geen gewone huisvrou nie, 'n voorslagvrou. Sy het klere gemaak en kleremaakkursusse aangebied, blomme gerangskik in elke styl denkbaar vir elke geleentheid onder die son, voortdurend koeke gebak vir een of ander fondsinsameling, was voorsitter van die vrouediens van die gemeente. Op soek na nuwe uitdagings het altyd 'n stokperdjies beoefen, onder andere spraak-en-drama en houtsneewerk.

Pa was in die sakewêreld. Hy het vir die grootste gedeelte van my kinderjare sy eie besighede gehad, eers 'n geskenkwinkel en later 'n eiendomsagentskap.

My kinder- en tienerjare was gelukkig. My ouers het hulle Here geken en gedien, mekaar liefgehad en die beste vir hulle kinders gegee. Materieël was ons goed versorg.

Ma was tydens ons kinderjare baie sieklik, vir my voel dit vandag asof sy elke operasie onder die son ondergaan het. Haar swak gesondheid het veroorsaak dat Pa dikwels die rol van versorger moes oorneem. 'n Rol wat hy spontaan, bekwaam en blymoedig vervul het. So het hy 'n voorbeeld vir my geword van manwees wat anders is as die tradisionele manlike rolle in die samelewing (ek kan die alternatiewe manlike rol verder terugvoer in my lewe – na my oupa toe: een van my herinneringe van hom is hoe hy staan en groente skil voordat hy met die fiets vertrek om sy middagskof by die staalfabriek te gaan begin). Ek is vandag dankbaar dat ek die alternatiewe voorbeelde gehad het.

Ek het besluit om predikant te word toe ek nog baie jonk was, dalk so tien/twaalf jaar oud. Met die verloop van jare het die idee dat ek predikant behoort te wees gekom en gegaan (selfs lank nadat ek al vir jare 'n predikant was).

In 1975 het ek ingeskryf aan die Universiteit van Pretoria vir die destydse B.A. Admissie Graad. Tydens my studentejare was daar twee gebeurtenisse wat, as ek daarop terugkyk, 'n bepalende invloed op my lewe as terapeut gehad het.

Die eerste gebeurtenis was dat my jongste broer tydens sy hoërskooljare aan depressie begin ly het, medikasie begin ontvang het en vandag (nadat hy verskeie kere gehospitaliseer is), nog steeds onder psigiatriese behandeling is. 'n Hele aantal jare later het hy "uit die kas" gekom en bekend gemaak dat hy gay is.

Die gebeurtenis het 'n paar dinge aan my gedoen:

- Ek moes my standpunt ten opsigte van minderhede (in dié geval gays), herformuleer. (Vandag hoop ek dat ek nooit 'n veroordelende houding teenoor hom ingeneem het omdat hy gay is nie.)

- Ek het bewus geword van die diskoerse in die samelewing wat minderhede marginaliseer. Sou sy lewe dalk anders verloop het in 'n samelewing waar daar genoeg verdraagsaamheid en liefde is dat elke mens sy seksuele oriëntasie kan uitleef op sy eie manier?

- Ek het die (uitsluitlik) mediese model van behandeling vir emosionele en verhoudingsprobleme begin bevraagteken. Dit het vir my gelyk asof die eensydige klem op medikasie vir emosionele en verhoudingsprobleme die "pasiënt" in 'n doodloopstraat laat beland.

Die tweede gebeurtenis was toe ma in 1980 probeer selfmoord pleeg het. Depressie is by haar "gediagnoseer" en sy is gehospitaliseer. In die jare wat volg was sy 'n skaduwee van haar ou self. Sy was gewoonlik onder hewige medikasie en is verskeie kere weer gehospitaliseer. In 1996 het sy heeltemal in duie gestort, sy is verder gediagnoseer met demensie en is tot op hede in die versorgingseenheid van die aftreeoord waar my ouers nou bly.

Hierdie gebeurtenis het my skeptisisme teenoor die eensydige mediese model om persoonlike probleme op te los, bevestig. Ek het bewus geword van die geweldige invloed van, wat ek later sou leer ken as die "gesin van oorsprong", op 'n mens se lewe. Die vraag wat vandag nog steeds by my spook is: hoe sou haar lewe verloop het indien sy, toe die probleme waarmee sy geworstel het in simptome uitgekristalliseer het, van meet af terapie ontvang het vanuit 'n meer respekvolle praktyk waarin sy erken is as die kenner van haar lewe?

In 1982 het ek klaar gestudeer. Na twee jaar diensplig in die Polisiediens is ek beroep na my eerste gemeente: die destydse NGK in Afrika, Malelane - gemeente, standplaas Komatipoort. In die Laeveld het ek vir Miems ontmoet en ons eersteling, 'n seun, Dawie, is daar gebore.

In 1989 aanvaar ek 'n beroep na Clarens in die Vrystaat. Hier is ons ander drie kinders, Fransu, Monica en Willem gebore.

Clarens is 'n baie klein gemeente, ongeveer 160 belydende lidmate. Deels vir stimulering, deels om dreigende verveling te bekamp, skryf ek in vir 'n M.Th. - Graad in gemeentebou. Die laaste module van die graad het 'n weeklange kursus in pastorale terapie behels by prof. Dirk Kotzé.

Hier begin my opwindende reis saam met narratiewe pastorale terapie. Die jaar nadat ek my graad in gemeentebou voltooi het, skryf ek in vir 'n M.Th. graad in pastorale terapie.

In 1996 voltooi ek die graad en skryf in vir my D.Th. in pastorale terapie in 1997.

Intussen het ons verhuis na Pretoria en is ek predikant van die NG Gemeente Monumentpark-Wes.

Na twee pogings om 'n proefskrif op weg te kry, gebeur daar in die gemeente gelyktydig 'n paar dinge: vier vroue wat deur egskeidings geraak is, trek in die gemeente in, en 'n vyfde vrou, wat reeds lidmaat van die gemeente is, skei. Terwyl ek by elkeen van hulle individueel pastoraal betrokke is, ontstaan die gedagte om 'n gespreksgroep tot stand te bring sodat ons gesamentlik die probleme wat deur egskeiding veroorsaak word kan bespreek.

Ek het die kerkraad van die gemeente waarin ek dien geken in die keuse van my onderwerp vir studie en hulle op hoogte gehou van die vordering met die studie.

## 3 DIE ANDER DEELNEMERS SE VERHALE

Die deelnemers se verhale is aan my en die groep stukkie vir stukkie tydens persoonlike en groepsgesprekke vertel. Die vertellings het oor so 'n lang periode en stuksgewys geskied dat dit baie moeilik was om dit in 'n sinvolle geheel oor te vertel. Daarom het ek elke deelnemer afsonderlik genooi om tydens 'n persoonlike gesprek hulle verhale te vertel. Wat hier volg, is 'n weergawe van elkeen van die deelnemers se verhale tot en met die egskeiding soos hulle dit aan my vertel het.

Ek is van mening dat vroue se voorkoms en ouderdom dikwels vir seksistiese redes vermeld word. Dit het ook geen relevansie vir die studie nie, daarom, om die gevaar van vooroordele te vermy, laat ek alle verwysings na ouderdom en voorkoms weg in die verhale.

### 3.1 CARNA

Carna is die vierde van ses kinders. Haar pa was 'n boer en haar ma 'n huisvrou. Sy beskryf haar pa as iemand wat die leiding geneem het in die huwelik sonder om te domineer. Haar ma het haar pa nooit voor die kinders teëgegaan nie. Haar ouers het 'n baie gelukkige huwelik gehad. Hulle het alles saam gedoen en nooit sonder mekaar êrens heen gegaan nie.

Na skool het sy haar gekwalifiseer as 'n verpleegkundige. Toe sy twee-en-twintig jaar oud was, is sy getroud. Haar ouers se baie stabiele en gelukkige huwelik was vir haar die rolmodel oor hoe die huwelik behoort te wees.

Elf jaar was sy en haar man baie gelukkig. Hulle het baie dinge saam gedoen. Hulle het saam sport beoefen. Beide het opgang gemaak in hulle onderskeie loopbane. Hulle sosiale lewe was hoofsaaklik gefokus op hulle onderskeie families. Carna beskryf die jare as "stunning". Hulle was baie gelukkig getroud, hulle godsdiens bind hulle saam, finansieël lewe hulle sorgvry, hulle kommunikeer goed en oor alles.

Algaande het dit egter gebeur dat Carna meer verantwoordelikhede begin dra het. Haar man se familie het dikwels naweke by hulle deurgebring en sy moes hulle onthaal. Sy het verantwoordelikheid geneem vir die administrasie verbonde aan haar man se werk. Sy moes

verantwoordelikheid neem vir alle reëlings in verband met vakansies en hulle besoeke oorsee. Die baie verantwoordelikheid wat sy neem, pla haar. Sy voel sy is 'n bedreiging vir haar man se rol as hoof van die huis en neem die plek in wat die Here aan die man toegeken het. Aan die anderkant weet sy as sy nie die verantwoordelikhede nakom nie, word 'n hele klomp belangrike dinge net nie gedoen nie.

Intussen ontwikkel haar loopbaan. Haar man ontmoedig haar om verder te studeer. Sy moet haar tyd gebruik om as haar man se sekretaresse op te tree. Nogtans word sy teatermatrone van 'n groot hospitaal. In dié tyd het sy ook gesondheidsprobleme ontwikkel wat haar energie tap.

'n Groot tragedie tref haar familie toe haar suster en swaer 'n paar maande na mekaar in afsonderlike skietongelukke sterf. Sy en haar man is as voogde vir haar suster se twee seuns benoem. Die seuns het by hulle kom bly. Haar man het nooit werklik betrokke geraak by die seuns nie.

Die ongebalanseerde manier hoe verantwoordelikheid in die huwelik verdeel is, haar swak gesondheid, die nuwe verantwoordelikheid van die seuns en die min ondersteuning van haar man het Carna 'n mens gemaak wat sy nie wou wees nie. Sy het al meer ongeduldig geword, al meer geïrriteerd. Sy het probeer om haar irritasie met haar man te bespreek. Haar irritasie as gevolg van die kroniese moegheid is nooit ernstig opgeneem of bespreek nie. Haar klagtes is begroet met skrale trooswoorde dat dit wel eendag beter sal gaan.

Vier maande nadat die seuns by hulle kom bly het, raak haar man betrokke by 'n buite-egtelike verhouding. Nadat sy die verhouding ontdek, voer haar man aan dat die Here hom roep tot die verhouding. Haar ongeduld en irritasie het vir hom te veel geword. Hy wil 'n rustiger lewe hê. Hy het nou genoeg na ander se belange omgesien, dit het tyd geword dat hy so 'n bietjie aan homself dink.

Carna se eerste reaksie nadat sy die verhouding ontdek, is 'n reddingsaksie. Sy soek hulp, sy pleit, sy onderneem om te verander. Die enigste reaksie van haar man is verdere blamering, verwerping en, soos sy dit stel "verbale en emosionele verkragting".

Nadat sy, volgens haar, alles in haar vermoë gedoen het om die huwelik te red, dagvaar sy haar man vir egskeiding. Sy doen dit ter wille van haar selfbehoud en omdat dit vir haar onmoontlik was om "die mens te wees wie God wil hê sy moet wees in die huwelik".

My en Carna se paaie kruis kort nadat ek in die gemeente begin werk het. Ek en my vrou en Carna en haar man beoefen dieselfde sport en ons sosialiseer dikwels. Ons het goeie vriende geword. Eendag is ons drie, ek, my vrou en Carna op pad saam na 'n oefening toe. Carna vra of ek weet van 'n goeie huweliksterapeut omdat "iemand wat sy ken" huweliksprobleme het. Ek stel toe voor sy moet my meer kom vertel sodat ons 'n terapeut kan kies wat regtig aan die persone se behoeftes voldoen.

Die volgende dag het sy my kom sien en die bom laat bars: sy en haar man is die paar wat die terapie nodig het. Omdat ons in meer as net 'n lidmaat/predikant-verhouding gestaan het, was ek aanvanklik huiwerig om terapeuties by Carna betrokke te raak (My huiwering het gespruit uit die dominante diskoers oor tweeledige verhoudings soos hierbo beskryf). Alle verwysings het, om verskillende redes, nie gerealiseer nie. Ons twee het saam die reis na haar nuwe lewe aangepak.

Ek het ook verskillende gesprekke met Carna se man gehad om hom te probeer oorreed om deel te word van 'n terapeutiese proses (nie noodwendig saam met my nie). Hy het volhardend geweier en egskeiding het onafwendbaar geword.

Toe ek die gespreksgroep oor nuwe lewe na egskeiding in die lewe roep, het ek Carna genooi om deel daarvan te word.

## 3.2 LYNETTE

Lynette se pa was betrokke in die mynbedryf, haar ma 'n verpleegkundige. Sy is die eerste kind. Na haar is twee broers gebore. Uit die aard van haar pa se werksomstandighede het hulle baie verhuis: sy was in sewe verskillende skole.

Die drome wat sy vir haar huwelik gehad het is grootliks deur haar ouers se huwelik gevorm. Die respek wat haar ouers vir mekaar gehad het, het 'n blywende indruk op haar gelaat. Haar ma het altyd "goed oor haarself" gevoel in haar pa se teenwoordigheid.

Nadat sy matrikuleer, kwalifiseer sy as maatskaplike werker. Haar eerste betrekking is by die Kindersorg in 'n groot Vrystaatse stad. Hier ontmoet sy haar toekomstige man en hulle is in 1980 getroud. Eensaamheid is een van die faktore wat 'n groot rol speel in haar keuse om te trou.

Die eerste sewe jaar van die huwelik is baie gelukkig. Hulle kommunikeer goed, beplan saam en sy deel in alle besluite wat geneem word.

In 1981 verhuis hulle na die Laeveld. Lynette gaan voort om haar professie te beoefen. Hier is hulle eerstelingdogter gebore. Hoewel die dokter voor die geboorte vermoed het die baba 'n dogter is, het haar man gebly hoop dat dit tog 'n seun sal wees. Sy teleurstelling was groot toe dit na die geboorte blyk dat die eersteling wel 'n dogter is. Hy vernoem haar toe na albei oumas, so het hy sy verantwoordelikheid teenoor hulle klaar nagekom het.

Na hulle tweede dogter se geboorte is sy kort na mekaar twee keer met seuns swanger, maar verloor albei babas. Hierdie gebeurtenisse is vir haar man baie traumaties. Hierna verander hy geweldig. Hulle hou op om saam Bybel te lees en te bid. Hy word al meer humeurig en opvlieënd. Sy is bang om haar emosies te wys. As sy dit wel doen, word dit beskou as 'n tentoonstelling van haar swakheid.

In 1993 aanvaar haar man 'n pakket en hulle verhuis na 'n kusdorp waar sy ouers afgetree het. Hy bedryf sy eie sakeonderneming en hulle trek soms finansieel noustrop - iets wat hulle nie voorheen geken het nie. Lynette kan nie werk as 'n maatskaplike werker kry nie en aanvaar 'n pos by 'n kleuterskool.

In hierdie stadium gaan hulle verhouding verder agteruit. Hulle doen niks meer saam nie. Alle besluitnemingsbevoegdheid berus nou by haar man. Sy en die dogters moet dikwels noodsaaklikhede ontbeer terwyl hy luukshede aanskaf. Haar tekenregte op hulle bankrekeninge word gekanselleer. Haar man raak al meer wispelturig. Hy onttrek emosioneel en fisies. Hulle gesin word sosiaal geïsoleer.

Lynette weet tot vandag nog nie wat aanleiding gegee het tot die gedrag nie. Sy probeer om die probleme aan te spreek. Elke keer as sy dit aanraak, word dit ontken en geïgnoreer, sy word verseker dat hy nie een van haar maatskaplike gevalle is nie. Hy weier om saam met haar vir berading te gaan. Die onvermoë om die probleem aan te spreek en op te los, laat haar magteloos en gefrustreerd. Sy oorweeg dit om haar man te verlaat. Die kerk se standpunt oor egskeiding en die manier hoe sy die Bybel se boodskap verstaan, verhoed haar om die stap te neem. Sy is seker sy het gewag totdat alle ander moontlikhede om die huwelik te red nie gerealiseer het nie. Daarom is sy vandag nie spyt dat sy die besluit uitgestel het nie.

Na baie pleit, willig haar man tog in om na hulle predikant toe te gaan vir berading. Na twee sessies besef Lynette dat die huwelik verbrokkel het en besluit om haar man te verlaat. In dié tyd het sy baie gebid en die Here se leiding gesoek. Uit Jesaja 30:21 praat die Here met haar: "Wanneer jy die regte koers verlaat, sal jy agter jou 'n stem hoor sê: Hier is die pad, loop hierlangs". Uit die teks

vind sy die krag om hierdie radikale besluit te neem. Na negentien jaar se getroude lewe waarvan sewe "baie gelukkig" was, vyf "so-so" en sewe "hel", verhuis sy na Pretoria waar haar broer vir haar behuising reël, sonder enige onmiddellike vooruitsig vir werk.

Ek ontmoet Lynette toe sy haarself kom voorstel met haar eerste besoek aan Pretoria om reëlings in verband met die verhuising te tref. Nadat Lynette intrek in die gemeente, begin die gespreksgroep en word sy deel daarvan.

## 3.3 RIKA

Rika is 'n plattelander van geboorte, waar haar pa 'n boer was. Haar ma is oorlede toe sy vier jaar oud is. Hulle verhuis Pretoria toe. Toe sy nege jaar oud is, trou haar pa weer, behalwe die nuwe ma kry sy toe 'n broer en suster saam met die huwelik. Volgens Rika was die huwelik nie 'n baie groot sukses nie. Sy het nie baie lekker herinneringe van dié saamgestelde gesin nie.

Na matriek kwalifiseer sy as 'n onderwyseres. Haar eerste pos is in die Bosveld. Daar ontmoet sy haar eerste man. Sy word beïndruk deur sy Christenskap. Hy is die jongste diaken op die kerkraad en die eerste aand toe sy hom ontmoet, het hy van die biduur afgekom. Die feit dat godsdiens vir hom so belangrik is, beïndruk haar. Sy familie is vooraanstaande mense in die omgewing. Omdat sy in haar eie kinderjare huislikheid ontbeer het, bekoor die liefde en samehorigheid van die gesin haar en sy trou met haar eerste man.

Kort na hulle troue verander dinge drasties. Sy moet ophou werk omdat die plaas te ver van die dorp af is. Sy kom agter dat daar baie verskille is. Toe haar man nie meer in die beskermende en gekontroleerde omgewing van sy gesin is nie, raak hy werksku en spandabelrig. Toe sy sewe maande swanger is met hulle eerste dogter, word sy totaal verras toe hy haar eendag uit die huis wil skop sodat sy "terug kan gaan na haar pa toe". Sy kontak die predikant. Vir hóm vertel haar man dat hy nou geroepe voel om 'n sendeling te word. Rika en die baba sal op die sendingveld 'n las wees. Na 'n gesprek met die predikant blyk dit dat die ware rede vir sy optrede 'n buite-egtelike verhouding was!

Die huwelik word beredder en later is nog 'n dogter gebore. Die boerdery misluk en hulle verhuis stad toe. Haar man knoop verhoudings met ander vroue aan. Die huwelik verbrokkel verder en na ses jaar se getroude lewe skei hulle. Hierdie egskeiding is 'n taamlike "skoon" egskeiding. Die storms was tydens die huwelik, nie tydens en na die egskeiding nie. Albei stem saam dat dit die beste vir hulle sal wees om te skei, hulle gebruik dieselfde prokureur en gaan in vrede uitmekaar.

Rika kry toesig oor die twee dogters, die een vier jaar en die ander sewentien maande oud. Sy maak hulle groot sonder enige ondersteuning van die kinders se pa. Die feit dat sy verantwoordelik is vir die kinders gee haar baie energie om haar nuwe lewe aan te pak.

Nadat sy veertien jaar enkel is, ontmoet sy haar tweede man. Hulle is ou skoolvriende en "kliek" onmiddellik. Hulle gesels nagte om. Hulle droom saam en maak saam planne. Na hulle troue verhuis hulle na sy kleinhoewe waar hulle saam woel en werk. Die eerste tien jaar van die huwelik is wonderlik, totdat hy 'n pakket aanvaar...

Nadat hy die pakket aanvaar het, verander hy drasties. Hy verloor geld op gewaagde, en mislukte, saketransaksies. Hy knoop 'n verhouding aan met 'n nagklubdanseres. Dalk as gevolg van verveling, wonder Rika? Nadat die verhouding twee jaar voortduur verlaat Rika hom.

Wat vir Rika so onverstaanbaar is, is dat hy nooit oor die omstandighede wat aanleiding gee tot haar verlating wou praat nie. Wanneer sy wou praat is sy as "laf" afgemaak en alle pogings om hulp te kry sou volgens hom "tog nie help nie". Tot vandag toe weet Rika nie wat tot die buite-egtelike verhouding aanleiding gegee het nie, wat haar aandeel in die ontstaan van die probleem was nie en wat sy kon gedoen het om dit te verhoed nie.

Rika en haar man is nog nie in die hof geskei nie. Vir haar is 'n egskeiding nie 'n "stukkie papier" nie, maar 'n verhouding wat verbrokkel het.

My en Rika se paaie kruis toe sy in die gemeente intrek nadat sy haar man verlaat het.

### 3.4 MAGDA

Magda is die vierde kind van vyf. Sy het drie ouer broers en 'n jonger suster. Haar pa was 'n skrynwerker en haar ma het by die Poskantoor gewerk. Sy beskryf haar pa as 'n tipiese patriarg, baie gedissiplineerd en soms dominerend. Hy betoon geen waardering vir die baie prestasies wat sy behaal nie, maar spog tog agteraf by die werk met haar. Haar ma pas aan by die omstandighede, hoewel sy op haar eie manier soms haar eie ding doen, onder andere deur "skelm te rook" – gedrag wat haar pa teësinnig aanvaar. Volgens Magda is haar ouers se huwelik baie gelukkig.

Na matriek kwalifiseer Magda as 'n onderwyseres en hou skool by drie hoërskole in Natal. Sy aanvaar 'n pos as jeugwerker in 'n gemeente in die Boland. Sy skryf in vir 'n kursus in praktiese teologie wat sy baie geniet, maar wat onderbreek word toe die predikante en ouderlinge uit die bloute besluit dat die gemeente "nie genoeg geld het" om die pos te finansier nie. Sy het haar

onderwysloopbaan prysgegee en toe "drop" haar kerk haar. Vandag dink Magda dat die dinamiese jeugbediening wat sy as vrou in die gemeente op die been gebring het, dalk 'n bedreiging was vir die manlike predikante en ouderlinge.

Sy ontmoet haar aanstaande man by 'n skoolverlaterskamp waar hulle as jeugleiers optree. Hy is die provinsiale voorsitter van die kerklike jeugbeweging. Die feit dat hy 'n Christen is, is vir Magda baie belangrik. Hulle begin korrespondeer en sy verhuis na die stad waar hy studeer. Nadat hulle mekaar twee jaar ken, trou hulle.

Magda onthou die tyd as 'n baie spesiale tyd in haar lewe. Hulle het intelligente en diepgaande gesprekke en kommunikeer oor alles. Na 'n miskraam het hulle twee dogters. Haar man is 'n versorgende en betrokke pa. Hulle is baie lief vir mekaar en lewe na aan mekaar en aan die Here.

In dié tyd word hulle huwelik versuur deur buite-egtelike verhoudings wat haar man aanknoop. Sy is onder die indruk dat dit vroue is met wie hy die verhoudings het. Telkens bely hy sy skuld en Magda vergewe hom. Magda hou op werk om haar man, wat 'n professionele beroep beoefen en verder studeer, te ondersteun. Hy ontmoedig haar om haar teologiese studies voort te sit, iets waaroor sy baie teleurgesteld is.

Na twaalf jaar se gelukkige getroude lewe begin Magda gesondheidsprobleme ondervind. Depressie wat haar lankal las gee, vererger sy greep op haar lewe. Sy doen M.E. op en is vir jare baie siek, soms vir lang tye bedlêend. Sy kry geen ondersteuning van haar man nie. In die tyd maak haar man opgang in sy beroep en is landswyd bekend. Hy raak ook al meer materialisties, en volgens Magda, mag- en statusbewus. Hy manipuleer haar op allerhande maniere. Hy hou haar aan as 'n "Barbie-pop", 'n vertoonstuk. Sy moet altyd die mooiste en elegantste vrou op elke onthaal wees. Hy neem haar net saam met vakansies indien sy, volgens hom, nie oorgewig is nie. Hy verneder haar in die openbaar en kraak haar tot so 'n mate verbaal af dat hy van haar 'n blote randfiguur in die huwelik en gesinslewe maak. Hy monopoliseer die kinders totaal. Magda vereensaam al meer.

In die tyd probeer Magda twee keer selfmoord pleeg. Na twintig jaar se getroude lewe bespreek sy 'n egskeiding met hom. Hy wil nie tot die stap oorgaan nie en doen aan die hand dat hulle getroud bly terwyl elkeen haar/sy eie lewe leef. Binne die konteks van die huwelik is dit vir haar onaanvaarbaar en etlike jare van intense sielestryd volg.

Magda se lewe stort in duie toe haar dogter haar man saam met 'n ander jong man in 'n hotelkamer in London in die bed betrap. Vandag besef Magda dat daar oor die jare baie aanduidings was dat

haar man homoseksueel is; in goeie trou het sy haar egter nie aan die aanduidings gesteur nie. Waarskynlik as gevolg van druk van sy ouers, die samelewing en die kerk het hy nooit die vrymoedigheid gehad om sy ware seksuele oriëntasie te openbaar nie. Dit blyk nou dat hy vandat hulle getroud, is gereeld by homoseksuele verhoudings betrokke was, veral met mans baie jonger as hyself.

Omdat Magda geen heenkome het nie, lank kontak met die beroepswêreld verloor het en gesondheidsprobleme het, bly sy ter wille van die sekuriteit in 'n onaanvaarbare huwelik. Haar man se vriend kom bly by hulle. Sy het geen privaatheid nie. Haar man se verbale aftakeling duur onverpoos voort. Op die stadium is Magda fisies, emosioneel en geestelik op 'n laagtepunt.

Na drie-en-twintig jaar se getroude lewe besluit sy, "ter wille van haar selfbehoud, haar beginsels en omdat sy nie in so 'n huwelik die Here kan verheerlik nie" om die huis te verlaat. Haar man dagvaar haar onmiddellik vir egskeiding.

Magda se ma en suster is in die stadium lidmate van die gemeente. Ek ontmoet vir Magda tydens haar ma se terminale siekte. Toe ek 'n paar weke na haar ma se afsterwe by haar suster huisbesoek doen, is ek verbaas om Magda daar aan te tref. Die enigste heenkome wat Magda het, was om by haar suster in te trek. Ek nooi haar uit vir 'n pastorale gesprek. So begin ons reis na Magda se nuwe lewe.

Magda se vorige man is twee maande nadat die egskeiding afgehandel is, skielik oorlede. Ook die afsterwe van haar man het gepaard gegaan met baie ontwrigting en onsekerheid wat steeds voortduur.

### 3.5 MARI

Mari is die tweede kind van drie dogters. Haar pa is oorlede toe sy vyf jaar oud was. Haar ma was 'n huisvrou. Haar ma het haar vertel dat haar huwelik 'n baie tradisionele huwelik was waar 'n groot premie geplaas is op die onderdanigheid van die vrou. Haar pa was egter 'n sagte mens en haar ma kon haar met so 'n huwelik vereenselwig.

Mari ontmoet haar toekomstige man op skool. Na matriek verbreek hulle kontak en sy gaan studeer onderwys. In haar tweede jaar maak hulle weer kontak. Omdat hy ambisieus is, haar laat veilig voel, entoesiasties en in beheer is, voel sy aangetrokke tot hom. Hy is 'n goeie sportman en kerklik baie betrokke. Op sy aandrang staak sy haar studies. Hy verseker haar "ek sal vir jou sorg".

Hy behoort aan 'n kerk wat vir Mari vreemd is. Sy en haar gesin het grootgeword in die NG Kerk en in haar huisgesin is besoeke aan ander kerke nie aangemoedig nie. Een aand het sy 'n gebed gebid wat haar hele lewe verander het. Sy het gevra dat as die Here wil hê hulle moet eendag trou, Hy vir haar 'n teken moet gee. Sy droom van 'n man met bruin klere, onbewus daarvan dat haar man se kerk groot waarde aan drome heg. Haar man het haar vertel dat bruin die kleur is van die "oudste", 'n belangrike amp in hulle kerk. Hy het haar daarvan oortuig dat die droom van God is wat haar iets wil wys. Sy het gedink dit is die wil van die Here dat hulle moet trou. Vier maande nadat sy haar studies staak, is hulle getroud. Mari aanvaar 'n administratiewe pos by die stadsraad. Na agt jaar se getroude lewe het hulle twee dogters.

Die derde dag van hulle wittebrood was daar al 'n voorval wat haar 'n kant van haar man laat sien wat haar laat skrik het. Hy het haar rondgejaag in die gange van die hotel waar hulle tuis was en haar die hotelkamer verbied. Terug by die huis het hy dominerend begin optree. Een voorval wat haar bybly was toe hy 'n pot suiker uitgegooi en haar gedwing het om dit op te vee. Dit het die patroon in hulle huwelik geword. Haar man domineer, beheer en straf. Sy word in die huis toegesluit as straf. Daar is verbale beledigings, dreigemente en uitbuiting. Haar man doen alles in sy vermoë om haar te "martel".

Na tien jaar diens by die stadsraad aanvaar Mari 'n pakket. Haar man dring daarop aan dat sy met die geld 'n besigheid koop. Nadat die besigheid gekoop is, word sy deur haar man en sy pa uit die besigheid verdryf omdat "'n besigheid nie 'n vrou se plek is nie". Die besigheid misluk en Mari is haar geld kwyt. Sy verkoop huise om die pot aan die kook te hou. Haar man is nou werkloos en maak nie planne om werk te kry nie. Hulle gaan bly by sy familie. Die omstandighede daar is vir Mari en die kinders onaanvaarbaar.

Sy kry 'n meevaller uit haar pensioenfonds en daarmee huur sy 'n huis. Haar man kry werk en koop 'n luukse motor. Mari kry ook weer 'n permanente werk met 'n meer stabiele inkomste.

Algaande was daar sake in haar man se kerk wat haar begin hinder het. Sy het antwoorde begin soek. Haar man se familie is "hoë" mense in sy kerk en van haar is verwag om die geduldige, onderdanige vrou te wees. Vroue moet hoede kerk toe dra om eer aan hulle mans te bewys. Die man het absolute beheer oor sy vrou en op sy beurt word hy beheer deur die leiers van die kerk.

Een Kersfees is sy alleen. Sy het behoefte aan 'n direkte verhouding met die Here - iets wat nie in haar man se kerk moontlik is nie. Daar is dit net moontlik om deur die leier se bemiddeling 'n verhouding met die Here te hê. Persoonlik kan jy nie met die Here praat nie. Sy het ernstig begin

ondersoek instel na die leerstelling van die kerk en sien nie meer kans om saam met die kerk 'n pad te stap nie. Sy het al haar respek vir die kerk verloor. Die manier hoe hulle haar benader het, vir haar voorgeskryf het, haar benadeel en gemanipuleer het, is nie meer vir haar aanvaarbaar nie. Hoewel haar man daarop aanspraak maak dat hy 'n "godsman" is, vind niks van haar man se geloof neerslag in hulle huwelik of verhouding met hulle kinders nie. Daar is net aggressie en niks respek nie. Al die leiers van die kerk raas met haar. In die tyd rand haar man haar aan. Hy dwing haar om op onnatuurlike maniere seksueel met hom te verkeer. Hy laat haar wasgoed was en dwing haar om dit so papnat in die tas te pak, want sy "wil mos loop". Intussen is alle deure en vensters toe. Al die dinge gebeur omdat sy weier om saam met hom na sy kerk toe te gaan.

Sy besef dat hy geen respek of waardering vir haar het nie, net minagting. Sy begin met nuwe oë na ander mense se huwelike kyk en sien dat hulle huwelik nie "normaal" is nie. Na een voorval waar hy haar nie wou help met haar motor se pap battery nie, besluit sy om magteloosheid te oorwin. Sonder haar man se medewete koop sy skelm 'n nuwe battery en kry die motor aan die loop. Die voorval was vir Mari 'n waterskeiding. Sy besef nou sy kan letterlik en figuurlik self oor die weg kom. Sy is nie magteloos nie. Sy besluit sy kan en sal, soos altyd, 'n plan maak. Hulle het in dertien jaar van getroude lewe dertien keer verhuis. Hy het gedurig van werk verwissel. Hy het nooit 'n stabiele inkomste verdien nie. Hy het sy gesin nie versorg nie en al haar vertroue in hom is vernietig. Daar is vir haar geen sekuriteit by hom nie.

Sy gaan sien 'n predikant van die NGK. Hy verwys haar na 'n sielkundige. Namate sy agterkom dat die fout nie by haar lê nie, word sy sterker. Sy begin haar man reghelp as hy lelik met haar praat, nie in die huis wil help of in die tuin wil werk nie. Sy probeer met hom kommunikeer. Al haar pogings om hulle verhouding te normaliseer misluk. Die breuk word finaal toe sy openlik teen die leerstellings van haar man se kerk in opstand kom. Toe sy die kerk se gesag begin bevraagteken, stort al die gesag en mag wat haar man gehad het in duie. Volgens Mari word haar man nou "dierlik" en sy kry 'n afkeer in sy hele menswees, denkwyse en geloof.

In dié tyd verhoor die Here haar gebed om 'n persoonlike verhouding. Eendag by die wasbak pleit sy weer dat die Here tog duidelik aan haar geopenbaar moet word. Daar raak sy van die teenwoordigheid van die Here bewus. Dit is die begin van 'n baie spesiale verhouding met die Here. Die teenwoordigheid van die Here in haar lewe gee haar die krag om haar man te verlaat en vir 'n egskeiding te dagvaar. Sy twyfel nooit daaraan dat dit die wil van die Here is dat sy moet skei nie. Die Here verstaan die hel waarin sy vir dertien jaar vasgevang was en Hy wil vir haar 'n beter lewe gee.

Mari het tot die besef gekom dat sy "dood" is. Haar man se dreigement om gesinsmoord te pleeg, skok haar, sy begin weer "lewe". Twee ure nadat hy hierdie dreigement maak verlaat sy hom. Sy klim in haar afgeleefde motor en ry weg van hom af. Waarheen weet sy nie. Sy het niks by haar nie, nie klere nie, nie tandeborsels nie, niks... net haar twee kinders. 'n Vriendin gee vir hulle verblyf. Later stel iemand 'n woonstel tot haar beskikking. Sy begin heeltemal van voor af, sonder 'n strykyster, 'n kombers, 'n koppie of piering, 'n pot of pan. Haar reis na haar nuwe lewe het begin...

Wat Mari se besluit om te skei vertraag het, was die samelewing se negatiewe beskouing oor egskeiding. Volgens haar beskou die samelewing geskeide mense as mislukkings en word geskeide mense verneder. Vir maande na haar egskeiding het sy nog nie die moed gehad om vir haar kollegas by die werk daarvan te vertel nie.

Nadat Mari haar man verlaat het, verhuis sy na ons woonbuurt. Ek nooi haar uit om aan te sluit by die gespreksgroep.

## 4 NABETRAGTING OOR DIE VERHALE

Daar is heelwat ooreenkomste tussen die deelnemers se verhale:

Hoewel nie almal inisiatief geneem het om te dagvaar vir egskeiding nie, het al vyf inisiatief geneem deur hulle mans te verlaat.

Godsdiens het by almal 'n groot rol gespeel om in die huwelik te tree terwyl hulle verhouding met die Here vir hulle die moed gegee het om die huwelik te beëindig.

Drie van die deelnemers het hulle loopbane en studies onderbreek om in die huwelik te tree (Rika, Magda en Mari) terwyl Lynette haar loopbaan moes prysgee na haar man 'n pakket aanvaar het. Carna en Magda het ervaar dat hulle die geleentheid om te studeer moes opoffer ter wille van hulle mans se loopbane en hulle huwelike.

In drie van die deelnemers se huwelike het derde partye 'n rol gespeel in die verbrokkeling van die huwelik (Carna, Rika en Magda).

Al vier van die deelnemers wat kinders gehad het, Magda, Lynette, Rika en Mari, het net dogters gehad. Falconer, Colin en Ross (1986:649-652) noem 'n gesin met dieselfde geslag kinders 'n "tilted family"en volgens hulle ervaar sulke gesinne:

> A sense of loss with potential feelings of guilt and failure... potential isolation for the parent who does not have a child of their own gender... the sexually isolated parent may seek out children or adults of his/her gender outside the family... The tilted family is a particular structure which carries with it increased risk of certain problems.

In die geval van die deelnemers lyk dit asof die "increased risk of certain problems" egskeiding ingesluit het.

So lyk my eie en die deelnemers se verhale.

Dit is duidelik dat die (patriargale) huwelike en gevolglike egskeidings vir die deelnemers trauma en krisis veroorsaak het. Vier van die vyf deelnemers het ek ontmoet nadat hulle reeds die besluit geneem het om te skei. Nadat ek deel was van Carna se vrugtelose pogings om haar huwelik te red, het ek ook haar besluit om te skei respekteer. Ek het nie die deelnemers probeer betrek by huweliksterapie om hulle huwelike te "red" nie. Ek aanvaar dat egskeiding onder sekere omstandighede onafwendbaar, en soms ook wenslik, is. Die studie fokus dus op egskeidingsherstel (herstel van egskeiding) en nie huweliksherstel nie (hoe om ongelukkige huwelike te verander in gelukkige huwelike).

## 5 DEELNEMERS SE REFLEKSIE

Die deelnemers het hulle eie verhale soos in die hoofstuk weergegee hersien en die veranderings wat hulle aangebring het, is in die verhale opgeneem.

Hulle het reflekteer oor tweeledige verhoudings: hulle was deurgaans van mening dat tweeledige verhoudings terapie nie noodwendig nadelig hoef te beïnvloed nie. Hulle is van mening dat 'n terapeut se onwilligheid om betrokke te raak by 'n tweeledige verhouding op die gebrek aan belangstelling kan dui.

Daar is ook waardering daarvoor uitgespreek dat ek my eie verhaal met hulle gedeel het. Dit het, volgens hulle, vertroue geskep en openlikheid bevorder.

In die volgende hoofstuk word in besonderhede gekyk na die samelewingsdiskoerse in verband met geslagskwessies, die huwelik en egskeidings wat 'n invloed op die deelnemers uitgeoefen het.

# HOOFSTUK 6

# DEKONSTRUKSIE VAN SAMELEWINGSDISKOERSE IN VERBAND MET GESLAGSKWESSIES, DIE HUWELIK EN EGSKEIDING

Na verskeie gesprekke het ons onder die indruk gekom, dat vir vroue om egskeiding te verstaan en hulle lewens na egskeiding te rekonstrueer dit noodsaaklik is dat:

> ... die breër tendense in die samelewing verstaan word: oor mans en vroue se verhouding, hulle rolle in die samelewing, die samelewing se ingesteldheid teenoor die huwelik en egskeiding (246)[1].

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die "breër tendense in die samelewing" wat relevant is om egskeiding te verstaan. In die res van die studie gaan verder uitgebrei word op dominante diskoerse wat geskeide vroue se lewens beïnvloed. In hierdie hoofstuk word volstaan by die diskoerse in verband met: geslagskwessies[2], die huwelik en egskeiding.

Voordat die dominante diskoerse oor geslagskwessies bespreek word, tref ek eers die onderskeid tussen geslag en geslagskwessies.

## I GESLAG EN GESLAGKWESSIES.

Saam met Smith (1992:10) kan daar nie ontken word dat daar biologiese verskille tussen mans en vroue is nie. Ook nie dat die verskille onafwendbaar lei tot verskillende ervarings nie. Maar biologiese verskille is nie noodwendig verantwoordelik vir sosiale en gedragsverskille nie. Om die sosiale en gedragsverskille tussen die geslagte te verklaar, moet na ander oorsake as net biologiese redes gesoek word. Daarom word onderskeid gemaak tussen geslag en geslagskwessies.

---

[1] Die gedeeltes in "Arial" gedruk is aanhalings uit die briewe wat as bylaag bygevoeg is en die nommer in hakies dui die paragraaf aan.

[2] Volgens Du Plessis (1999) in "Nuwe Woorde en oues wat in die slag gebly het" is geslagskwessies die korrekte vertaling vir die "gender issues".

Fox en Murray (2000: 1162) omskryf geslag (Eng: sex) as 'n biologiese begrip en geslagskwessies (Engels: gender) as die produk van sosiale prosesse wat aan geslag (manlikheid en vroulikheid) bepaalde betekenis gee.

Geslag en geslagskwessies is begrippe wat in sekere omstandighede kan oorvleuel, maar dit is nie sinonieme nie. Geslagskwessies word sosiaal gekonstrueer. Net soos ras en klas 'n element van sosiale strukture is, is geslagskwessies ook 'n element van sosiale strukture wat bepaal hoe sosiale hulpbronne soos status, voorregte, mag en selfstandigheid verdeel word. Reeds hier is dit belangrik om in ag te neem dat volgens Fox en Murray, geslagskwessies die sistematiese bevoorregting van mans bo vroue openbaar.

Die beskouing dat geslagskwessies sosiaal gekonstrueer word, staan teenoor die populêre gedagte van geslagsrolle (Fox & Murray 2000:1162). Die geslagsrolteorie ontstaan vanuit 'n struktuur-funksionele denkrigting waarvolgens aan elke geslag duidelike, onderskeie en aanvullende emosies, gedrag en houdings toegewys word. Morrow (2000:27) noem die diskoers "essensialisme", die beskouing dat geslagsverskille en kenmerke in die individu opgesluit lê. Bohan (1997:32) omskryf essensialisme as die beskouing wat geslagskwessies voorhou as "resident within the individual, a quality or trait describing one's personality, cognitive process, moral judgement, etc"..

Die probleem met die essensialistiese benadering is dat dit nie rekenskap gee van hoe die dominante diskoers oor geslagskwessies tot stand gekom het nie. Bohan (1997:33) omskryf die konstruksionistiese beskouing soos volg:

> The position urging that gender is socially constructed is not simply an assertion of the environmental origin of gender traits. Rather, the constructionist argument is that gender is not a trait of individuals at all, but simply a construct that identifies particular transactions that are understood to be appropriate to one sex. Gender so defined is not resident in the person but exists in those interactions that are socially constructed as gendered.

Uit die voorafgaande bespreking het dit duidelik geword dat geslagskwessies nie aangebore eienskappe van mense is nie. Geslagskwessies word tot stand gebring deur diskoerse wat mense se lewens bepaal.

## 2 DIE ONTSTAAN VAN DIE DOMINANTE DISKOERSE IN VERBAND MET GESLAGSKWESSIES

Elizabeth (2000:91) beskryf diskoerse in verband met geslagkwessies as sekere

> ... classificatory systems that define and establish relations between objects on the basis of the presence or absence of characteristics that are seen as salient within the terms of the discourse.

'n Diskoers val egter nie uit die lug uit nie. 'n Diskoers word geskep. Op die vraag oor wie die dominante diskoers oor geslagskwessies skep en tot wie se voordeel dit is dat dit in stand gehou word, het van die deelnemers hulle soos volg daaroor uitgespreek:

> Rika het ons daarop gewys dat die besluite geneem is deur 'n 'spul' manne (362), (met verwysing na die Sinode besluite oor egskeiding).

> Magda het ons daarop gewys dat die teologie wat vroue degradeer gewoonlik deur wit, bevoorregte, blanke mans voorgestaan word en in stand gehou word omdat dit tot hulle voordeel is (232).

Die diskoers oor mans en vroue "produseer" ongetroudes, verloofdes, huweliksmaats, getroude mans, getroude vroue en geskeides. Diskoerse gee aan elkeen van die kategorieë 'n bepaalde betekenis en status. Diskoerse skep verwagtinge in verband met optrede wat by elke kategorie inpas (Elizabeth 2000:91). Die voorskriftelikheid wat gepaard gaan met die status en optrede van elke groep orden die samelewing.

Dreyer (1998:201) praat van 'n "sosio-kulturele narratief" wat die samelewing orden. Die "sosio-kulturele narratief" weerspieël die waardes van die samelewing en definieer "rolle" vir persone. Die "sosio-kulturele narratief" is die konteks waarbinne vroue se verhale vorm aanneem. Die sosio-kulturele narratief verteenwoordig die dominante waardesisteem van die samelewing. Die dominante waardesisteem behels die waardes van, en beskerm die belange van, die dominante groep (Dreyer 1998:201). Omdat heteroseksuele blanke mans wat besitters, en meestal vaders is, die dominante groep in die samelewing is, is die heersende ideologie in die hedendaagse Westerse kultuur steeds die patriargaat (Bons-Storm 1996:50). Morrow (2000:23) wys daarop dat dit ook die geval met die wetenskaplike diskoerse oor geslagskwessies is:

> Feminists have criticized conventional (i. e., white, male, middle-to upper-middle-class) science for a number of shortcomings: (1) that those who are allowed to "do" science are

members of a privileged and elite group, (2) that the basic underpinnings of accepted scientific inquiry are at core masculinist and racist, and (3) that the treatment of women, people of color, and other such groups marginalized those groups, who are then viewed through a biased lens.

Die "wetenskaplike" gronde waaruit diskoerse oor manlikheid en vroulikheid groei, word dus deur mans geskep. Volgens Dowling (1999:37-45) word die mag van die man deur 'n verskeidenheid diskoerse tot stand gebring:

- 'n Godsdienstige diskoers: daar is verskeie tekste in die Nuwe Testament wat so vertolk word dat die afhanklikheid, onderdanigheid en selfs minderwaardigheid van die vrou aanvaar word en aanbeveel word as ideaal, om een voorbeeld te noem: 1 Korintiërs 11:8-9. Die tekste gee voor dat dit God se wil is dat die man die vrou beheer.

- 'n "Natuur" - diskoers: die diskoers voer aan dat mans vroue domineer omdat mans "van nature" meer dominant is en vroue afhanklik is van mans omdat hulle van nature meer afhanklik is.

- 'n Filosofiese diskoers: oor baie eeue het filosowe van Aristoteles tot Rousseau die minderwaardigheid van die vrou verkondig (sien ook Bell 1989:140 in die verband).

- 'n Sielkundige diskoers: 'n lang lys sielkundiges van Freud tot Jung en Erikson het die "wesenlike" verskille tussen mans en vroue, en die minderwaardigheid van die vrou teenoor die man, verkondig.

- 'n Biologiese diskoers: omdat mans se liggame meer testosteroon produseer, word aanvaar dat mans tot meer aggressiewe en geharde gedrag geneig is.

"Wetenskaplike" diskoerse word volgens Dreyer (1998:204) 'n belangrike ideologiese instrument in die samelewing. Die gesin, die onderwysstelsel, godsdiens en die massamedia word deur die diskoerse in diens geneem om mense te sosialiseer in "rolle" wat die samelewing van hulle verwag.

Reeds nou kan daarop gewys word dat egskeiding ten minste twee van die ideologiese instrumente in die samelewing bedreig: godsdiens en die gesin. Dit is daarom te verstane dat daar so 'n hewige reaksie van die dominante groep (mans) teen egskeiding is.

Die diskoerse oor geslagskwessies word deur 'n verskeidenheid diskoerse tot stand gebring, maar die diskoerse word ook in stand gehou deur 'n verskeidenheid instellings in die samelewing.

## 3 DIE INSTANDHOUDING VAN DIE DOMINANTE DISKOERSE OOR GESLAGSKWESSIES

Diskoerse bly nie vanselfsprekend voortbestaan nie. Falundi (1991) toon aan hoe die dominante diskoerse oor manlike oorheersing en vroulike onderdanigheid in stand gehou word deur politici, wetgewing, die media (rolprente en TV), die mediese bedryf (veral kosmetiese chirurgie), die reklamebedryf en vele ander instellings in die samelewing.

Uit die aard van die saak is dit onmoontlik om binne die bestek van hierdie studie aan te toon hoe al die samelewingsinstellings meewerk om die dominante diskoerse in stand te hou. Ek beperk my tot twee sake wat die dominante diskoerse oor geslagskwessies in stand hou: mag en 'n godsdienstige diskoers.

### 3.1 DIE ROL VAN MAG IN DIE DOMINANTE PATRIARGALE DISKOERS

Mag in die patriargale samelewing en huwelik is 'n tema wat deurlopend aangetref word by feministiese skrywers (Hatcher 1989:62, Shefer, Strebel & Foster 2000:11, Struening 1996:135, Rampage 1994:125). Mag verdeel mense in twee groepe: dié wat mag het en dié wat magteloos is, dié wat beheer en dié wat beheer word. Daarom is dit belangrik om te let op die wyse hoe mag in die tradisionele patriargale huwelik funksioneer. Die vraag is: wie het die mag en wie beheer, wie is magteloos en word beheer in die patriargale huwelik? Kimmel (1997:228) se antwoord is dat die heersende definisie van manlikheid is:

> ... a man has power, a man with power, and a man of power. We equate manhood with being strong, successful, capable, reliable, in control. The very definitions of manhood we have developed in our culture maintain the power that some men have over other men and that men have over women.

Die antwoord op die vraag wie mag het, is duidelik: in die patriargale huwelik is dit die man wat beheer en mag uitoefen oor die vrou wat magteloos is en beheer word. Rampage (1994:126) definieer mag as die vermoë om 'n effek te hê op iemand anders en 'n ander persoon te beheer. Rampage noem dat die versorging van die kinders wat die vrou se verantwoordelikheid is, die man se vermoë om meer geld te verdien, die aanname dat die man se seksuele behoeftes deur die vrou

bevredig moet word en omdat die vrou die man se naam aanneem, magswanbalanse in die patriargale huwelik tot stand bring.

Dowling (1999:37) merk op dat "in the past the idea that a husband ought to have the power in the marital relationship was entrenched". Die vrou en kinders neem die man (pa) se van aan. Van hulle is verwag om hulle te onderwerp aan die man se dissipline. In die lig van die dominante diskoerse soos deur Dowling genoem, is dit 'n gevolg van die dominante patriargale diskoers oor die huwelik dat mans dit as hulle reg aanvaar dat dit hulle is wat met mag moet beheer en dat vroue moet aanvaar dat hulle beheer word.

Die dominante patriargale diskoers oor die huwelik, mans en vroue en die magswanbalans in die huweliksverhouding het 'n negatiewe effek op vroue. Die gebruik van mag is 'n belangrike manier hoe die patriargale samelewing in stand gehou word. As instrument om manlike oorheersing te behou bestaan daar ook 'n populêre diskoers dat die patriargaat God se wil en 'n Bybelse eis is. Godsdiens is dus 'n belangrike diskoers wat die patriargaat in stand hou.

## 3.2 'N GODSDIENSTIGE DISKOERS WAT DIE PATRIARGAAT IN STAND HOU

Die deelnemers ervaar hoe 'n godsdienstige diskoers oor geslagkwessies hulle lewens beïnvloed het. Die deelnemers het vertel dat hulle hulle idees oor manlikheid en vroulikheid verkry het in:

> ... ouerhuise, die kerk en kerklike organisasies soos die CSV (69)
>
> Magda, Rika en Mari het vertel dat hulle raad gesoek het[3] om beter vrouens vir hulle mans te wees. Rika het by 'n persoon beland wat haar aangemoedig het om te kyk hoe sy haar man onderdanig kan wees! Sy het selfs so ver gegaan om na die raad te luister en haar man om verskoning te vra net om die huwelik te kan 'regmaak' (199).

Die deelnemers se ervaring dat die patriargaat in stand gehou word deur godsdiens word weerspieël in populêre godsdienstige literatuur. Ek volstaan met twee voorbeelde uit die populêre godsdienstige literatuur wat die patriargaat in stand hou.

---

[3] Die raad wat hulle gesoek het was by predikante en Christelike beraders.

### 3.2.1 LYNETTE STEYN: DIE VROU IN ONS OMGEKEERDE SOSIALE ORDE

Lynette Steyn (1997) se werk "*Preekriglyne: Die Vrou In Ons Omgekeerde Sosiale Orde*" word aangehaal as voorbeeld van 'n werk wat geslagsrolle goddelike sanksie gee. Die werk is deel van preekriglyne wat deur Unisa se C B Powell Bybelsentrum uitgegee is vir gebruik in gemeentes. Let op die datum van uitgawe, dit is dus 'n onlangse publikasie.

In 'n preekriglyn vir 'n preek oor "Die plek van die vrou in God se perfekte plan" skryf Steyn (1997:22):

> ... ons mag vandag 'n beoordeling maak, 'n waarde-oordeel uitspreek oor die patriargale sisteem: dit was, vanuit 'n koninkryksperspektief van Jesus, 'n onregverdige en wrede sisteem. Maar dit beteken **nie** dat daar geen orde in die huweliksverhouding meer is nie. Totdat Jesus weer kom en hierdie aarde bevry van magstrukture, onderdrukking en sonde, bly die posisies van rangorde nog bestaan. Dit beteken dat die rangorde van man as hoof van die vrou nog bestaan. Soveel vroue vrees dat die 'onderdanigheid' hulle vasvang, beperk. As ons beskouing van die huwelik voor God in orde is, kan hierdie onderdanigheid die vrou **bevry**. In die veiligheid en beskerming van die goddelike-aangestelde hoofskap kan die vrou haarself nog ten volle uitleef en gelukkig en vervuld wees. Onderdanigheid behels eerbied en respek teenoor die man as sterker geslag. In 'n sekere sin is die vrou die respondent op die mans se liefde, beskerming en leierskap... die wêreld met sy veranderende norme en beginsels het dit reggekry om die huweliksverhouding, en die onderskeie rolle van man en vrou, deurmekaar te kom krap. En daarom voel vroue as tuisteskeppers soms so onvervuld en ongelukkig. Die wêreld oortuig haar dat haar ongeluk daarin lê dat sy tuis is en haar hooftaak die versorging van haar man en kinders is. En dan wend sulke vroue hulle tot die vele bevrydende feministiese bewegings van ons tyd sodat sy haar rol kan 'verbeter' soos wat sy dit ook verander. So 'n vrou se ongeluk lê daarin dat sy nie begryp wat God se rol en orde vir haar is nie.

In die preekriglyn oor "Die vrou se verhouding met God die Skepper" skryf Steyn (1997:26):

> Wanneer 'n vrou vrede gemaak het met haar Skepper, is sy ook tevrede met die rol wat sy in haar huwelik moet vervul – die rol van onderdanigheid, die rol van reagent op die leierskap van haar man.

En in die preekriglyn oor "God se perfekte plan – tot voordeel van almal" skryf sy:

> Selfs wanneer die vrou 'n sterker persoonlikheid as haar man het, en dink dat hy nie die vermoë en moontlikhede het om die hoof en leier te wees nie, kan hy dit word – met God se hulp, en die vrou se liefdevolle ondersteuning (Steyn 1997:41).

Dit is maar net enkele voorbeelde uit die preekriglyne. Veel meer kan gegee word. Kommentaar oor die opmerking is amper oorbodig, behalwe dat ek treur oor die skandelike manier hoe die Skrif, na my mening, buite konteks misbruik word om manlike oorheersing in die huwelik en samelewing te bevestig. Indien die afleiding uit die naam van die skrywer korrek is, nl. dat sy vroulik is, is dit 'n voorbeeld van 'n vrou wat die dominante diskoers oor manwees en vrouwees sonder kritiek aanvaar. Dit is duidelik dat die feministiese slagspreuk: "'n vrou hoef nie onderdruk te voel, om onderdruk te wees nie" waar is. (In 'n later hoofstuk oor 'n kerklike diskoers oor egskeiding en spiritualiteit sal verder aandag gegee word oor die Bybel se patriargale ingesteldheid en die effek daarvan op vroue).

### 3.2.2 ARNOLD MOL: KOM ONS WEN SAAM

Mol (1981) se populêre werk oor die huwelik (wat steeds in die handel beskikbaar is) "*Kom Ons Wen Saam*" is nog 'n voorbeeld van hoe geslagsrolle gebruik word om manlike oorheersing te bevestig.

In die hoofstuk oor konflikhantering bespreek hy enkele stappe oor hoe konflik hanteer kan word. Die hoofstuk word afgesluit met:

> Wat gebeur as 'n paartjie hierdie riglyne sorgvuldig nagevolg het, en nogtans nie eenstemmigheid kan bereik nie? Wat gebeur dan? God gee vir ons duidelike riglyne vir so 'n situasie. Die vrou moet haar man se besluit ten volle aanvaar en ondersteun. Die man moet die finale besluit neem met liefdevolle inagneming van sy vrou (Kol 3:18, 19). Waar paartjies hierdie benadering gevolg het, het dit altyd verstewiging van hulle verhouding meegebring (Mol 1981:84).

Die vraag is, indien dit so 'n "wenresep" is dat die vrou die man se leiding volg, waarom die moeite doen om al die ander stappe van konflikhantering te volg?

Noudat voorbeelde genoem is hoe dominante diskoerse oor geslagskwessies tot stand gebring is en instand gehou word, kan in meer besonderhede gekyk word na wat die diskoerse behels. Eers word

'n dominante diskoers in verband met manlikheid aan die orde gestel en daarna 'n dominante diskoers oor vroulikheid.

## 4 'N DOMINANTE DISKOERS OOR MANLIKHEID.

Die deelnemers se mening oor manlikheid het dikwels ter sprake gekom. Hulle was van mening dat manlikheid die volgende beteken:

Mans kry dit reg om in kompartemente te lewe.

Dit lyk of mans nie emosioneel geraak word deur die pyn wat veroorsaak word deur egskeiding nie.

Mans gaan oënskynlik ongehinderd voort met hulle lewens.

Geld en voorspoed is vir hulle genoeg terwyl emosies vir hulle niks beteken nie.

Daar is 'n grootheidswaan by sommige mans wat lei tot mag en beheer, terwyl hulle nie omgee wie hulle in die proses seermaak nie.

Dikwels is dit net vroue wat seerkry.

Magda het gewys op manlike chauvinisme.

Dikwels gaan dit met mans finansieel goed. Hulle ry op die kruin van voorspoed terwyl die vroue swaarkry. Magda het daarop gewys dat dit presies is wat Psalm 73 sê van die hooghartige goddelose wat voorspoed beleef.

Julle het gesê daar is 'n onvermoë by sommige mans om te sê hulle is jammer. Rika het daarop gewys dat die enigste verskil tussen die twee moordenaars wat saam met Jesus gekruisig is, was dat die een gesê het hy is jammer en die ander nie. Dit het die verskil gemaak tussen waar hulle die ewigheid deurbring. Dit sou vir julle makliker gewees het om te vergewe indien mans net ook kon sê hulle is jammer. Lynette het daarop gewys dat as 'n persoon nie sê wat hy verkeerd gedoen het nie, jy nie iets het waarvoor jy hom kan vergewe nie (30).

Die deelnemers se ervaring van manlikheid word deur die literatuur aangevul: volgens Lemon (1992:5), Smith (1992:10-15) en Freudenberger (1987:46) is daar 'n paar basiese temas oor manlikheid. Die temas sluit in: vrees vir vroulikheid, mans se onvermoë om hulle self uit te druk, homofobie, die verheerliking van manlike kameraadskap, die verwagting van sukses en status, die

broodwinner - etiek, emosionele sterkte, onafhanklikheid, fisiese krag, die verheerliking van seksuele vermoëns, mans moet sterk vertoon, objektiwiteit, rasionaliteit, individualiteit, materialisme.

Volgens Freudenberger (1987:46) is een van die gevolge van die dominante diskoers oor manlikheid dat mans skerp onderskei tussen verantwoordelikheid by die werk en verantwoordelikheid vir verhoudings. By die werk word die neem van verantwoordelikheid en die nakoming van verantwoordelikheid gemeet en vinnig beloon. Die gemeenskap verwag dat die man verantwoordelikheid by die werk aanvaar. Mans verwag dit, lewe daarmee saam en lewe selfs ook vir dit. Verantwoordelikheid in verhoudings word as onaangenaam gesien en word vermy (Freudenberger 1987: 42).

Dié populêre diskoers oor manlikheid het invloed op die seksuele verhouding tussen mans en vroue. Een van die leemtes van die studie, omdat ek 'n manlike terapeut is en die deelnemers almal vroue was, is dat seksualiteit nooit ter sprake gekom het nie. Ek het wel die geleentheid geskep dat dieselfde vroulike terapeut wat met my 'n onderhoud in die teenwoordigheid van die deelnemers oor my gesin van oorsprong gevoer het (sien die hoofstuk oor die deelnemers se verhale in die verband), ook met die deelnemers in my afwesigheid 'n gesprek kom voer. Ek het die reëling getref om die deelnemers in staat te stel om sake met Elmarie te bespreek waar hulle moontlik nie die vrymoedigheid gehad het om dit met my te bespreek nie. Uit die aard van die saak was die gesprek vertroulik en daarom is ek aangewese op literatuur vir dié deel van die studie.

Volgens Smith (1992:19) beklemtoon die populêre diskoers oor manlikheid mag, beheer, hiërargiese verhoudings en onafhanklikheid. Mans wat die populêre diskoers oor manlikheid onderskryf, gebruik seks om hierdie doelwitte te bereik. Hoewel mans vandag besef hulle het 'n verantwoordelikheid om hulle maats op seksuele gebied te bevredig, is hulle onvermoë om dit te doen vir hulle 'n bedreiging en beleef hulle dit as 'n bron van swakheid (Freudenberg 1987: 46).

Volgens Riessman (1990:35) is vroue se idee dat seks uitdrukking gee aan intimiteit wat reeds in die huwelik bestaan. Seks bevestig vir vroue die bestaan van liefde. Seks is net "natuurlik" indien dit voortvloei uit emosionele intimiteit. Vir mans is seks die uitdrukking van intimiteit en is intimiteit die gevolg van seks.

Die verskillende beskouings van seks lei uit die aard van saak tot konflik in die huwelik.

Die dominante diskoers oor manlikheid en 'n teenpool: 'n dominante diskoers oor vroulikheid. In die volgende afdeling word aandag aan dié diskoers gegee.

## 5 'N DOMINANTE DISKOERS OOR VROULIKHEID

Die deelnemers het die dominante diskoers oor vroulikheid soos volg beskryf:

> ... in ons samelewing word groot klem daarop gelê vir die vrou om te dien en die mindere te wees... Lynette het genoem dat daar 'n populêre opvatting is dat 'die Here vroue meer emosioneel gemaak het' (200).

Na die opmerkings van die deelnemers het ek gevra:

> Hou die populêre idee dat 'vroue meer emosioneel is as mans' en die feit dat verhoudings as 'n 'emosionele' saak beskou word, verband met die groter verantwoordelikheid vir verhoudings wat aan vroue toegeskryf word?" (200).

Die deelnemers het weer eens duidelike standpunte gehad oor die kerk se rol in die instandhouding van die populêre diskoerse oor vroulikheid:

> Magda het ons weer daarop gewys dat die populêre idee oor vrouwees deur die kerk in stand gehou is. Rika het onthou dat daar vroeër in die kerk 'n 'Bond van Dienaresse' was; 'n organisasie wat net vir vroue bedoel was (201).

Die deelnemers se ervaring bevestig dat vroue gesosialiseer word om die onderdanige rol in die samelewing en huwelik te vertolk. Die vrou is die versorger en moet "daar" wees vir ander. 'n Goeie vrou sê nooit nee vir die aansprake wat haar gesin op haar maak nie. Van die deelnemers het beleef dat "Waar daar wel waardering ervaar is, was dit omdat hulle die 'dienende rol' gespeel het wat die gemeenskap van vroue verwag" (204).

Lund (1985:59) meld dat terwyl vroue hierdie tradisionele rolle vertolk, hulle afhanklike persoonlikhede ontwikkel. Hulle eie behoeftes word altyd tweede gestel. Hulle is so ingestel op ander se behoeftes en emosies dat hulle kontak verloor met hulle eie behoeftes en emosies.

In dié verband merk Ehrenreich (1986:24) op:

> We have a cultural assumption about the traditional family: male breadwinners who go out to work and bring home the money, fulltime stay-at-home female homemakers, and children. All kinds of value judgements cluster around that notion.

Jordaan (1996:3) en Lund (1990:60) beskryf die gevolge wanneer Ehrenreich se kulturele en waarde-aannames in die huwelik beslag kry en die man die broodwinner en onbetwiste hoof van die gesin is. Volgens Jordaan en Lund is dit die man wat die besluite namens sy vrou en gesin neem.

"'n Man se werk" is fisiese dinge soos gras sny. Die vrou het nie 'n loopbaan nie. "Haar" werk is om die hoogbesonge funksie van voltydse "tuisteskepper" te vervul. Die opvoeding van kinders is "haar" verantwoordelikheid. Pa word slegs betrek as die outoritêre, liefdevolle, tugtende vader wat die dissiplinêre raamwerk vir die moeder se opvoeding verskaf. In die huweliksverhouding is die man dominant en die vrou onderdanig. Man en vrou is ongelyk. Kontrole berus by die man en hy het die sigbare mag. Tydens konflik is dit die man se belange en wense wat seëvier. Die vrou moet manipuleer om beheer te verkry. Van die man word verwag om sterk, rasioneel en beheers te wees, terwyl die vrou veronderstel is om afhanklik, moederlik, liefdevol en emosioneel te wees.

Biever, De Las Fountes en Franklin (1998:164) sluit aan by Jordaan en Lund se opmerkings en brei daarop uit:

> The male is generally viewed as the 'doer' who is always rational, logical, and in control and the female the 'nurturer' who is often emotional, illogical and needy. Women are therefore often viewed as suited to 'caring' and expected to take a caregiver/caretaker role because of their child-bearing ability.

Ook Lund (1990:61) merk op dat die vrou in die huwelik die rol het van fisiese en emosionele versorger. Blaisure en Allen (1995:6) som die rol van die vrou in 'n patriargale huwelik soos volg op:

> Women are the marital partners responsible for a family's emotional intimacy, for adapting their sexual desires to their husbands', for monitoring the relationship and resolving conflict from a subordinate position, and for being as independent as possible without threatening their husbands' status.

Mans en vroue aanvaar nie vanselfsprekend hierdie rolle nie, hulle word van kindsbeen af gesosialiseer om die rolle te vervul. Hoewel elke individu se sosialisering uniek is, kan volgens Lund (1990:60) die volgende veralgemening vanuit 'n feministiese perspektief gemaak word: vroue word van jongs af gesosialiseer om baie van die patriargale kenmerke van ons sosiale stelsel as "normaal" te aanvaar, deel te neem daaraan en om die ideale daarvan te bevorder.

Hierdie dominante diskoers oor vroue het implikasies vir die manier hoe vroue oor hulle eie ervarings dink en daarop reageer. Vroue se ervarings word deur die patriargie ontken, geïgnoreer en onderdruk. Daarom twyfel vroue in hulle eie ervarings en kennis en swyg hulle oor hulle eie ervarings. Vroue is geneig om staat te maak op oorgelewerde kennis: kennis wat van mans verkry word, word klakkeloos herhaal (Smith 1992:21). Hierdie siening van "kennis" wat mag word, stem

ooreen met Foucault se menings soos in Hoofstuk Drie beskryf en is ook so deur die deelnemers beleef.

Omdat man en vrou intiem saam (behoort te) leef wanneer hulle getroud is, het hierdie dominante diskoerse bepaalde implikasies vir die huwelik.

## 6 DIE INVLOED VAN DIE DOMINANTE DISKOERSE OOR GESLAGSKWESSIES OP GETROUDE VROUE

Die deelnemers het duidelike idees gehad oor wat hulle verwagting van die huwelik is:

> Julle was van mening dat die doel van die huwelik is dat man en vrou mekaar moet respekteer, ondersteun en verstaan om 'n ruimte te skep waar mense kan 'relax'. 'n Belangrike aspek van die huwelik is 'n 'ek is daar vir jou'-gesindheid. Vir Mari is die huwelik juis die ruimte waar mens veilig behoort te voel om jou emosies te kan wys. Lynette voel dat die Here se doel met die huwelik is dat vrou en man nader aan mekaar moet groei. Die huwelik is 'n wonderlike bron van krag as dit reg bestuur word, 'n egpaar gesamentlike doelwitte het en mekaar met verloop van tyd al beter verstaan (203).

Die beskrywing van die huwelik deur die deelnemers resoneer met wat in die literatuur bekend staan as 'n kameraadskapshuwelik (Nicol 1988:20,27). Riessman (1990:207) beskryf die kameraadskapshuwelik as een waar man en vrou mekaar se beste vriende is en terselfdertyd ook bepaalde geslagspesifieke verantwoordelikhede nakom (Riessman praat van verantwoordelikhede, nie "rolle" nie). Die kameraadskapshuwelik het bepaalde kenmerke byvoorbeeld: die verwagting van emosionele intimiteit, die huweliksmaat word eerste gestel en seksuele vervulling.

Riessman (1990:207) beklemtoon dat om 'n kameraadskapshuwelik te vestig, dit nodig is dat die huwelik se baie fasette voortdurend deur huweliksmaats onderhandel word. Deur voortdurend hulle huwelike in oënskou te neem om vas te stel of beide partye vervulling beleef, kan verhoed word dat die huwelik binne die dominante sosiale diskoerse stagneer.

'n Diskoers wat kan veroorsaak dat huwelike in dominante sosiale diskoers stagneer is die diskoers oor sosiale "rolle". Volgens die diskoers het man en vrou elkeen bepaalde "rolle" wat hulle vervul, ongeag hulle persoonlikhede, aanleg en verantwoordelikhede. Daarom is dit betekenisvol dat Riessman van verantwoordelikhede praat. Verantwoordelikhede word voortdurend onderhandel en gekies. Die kies vir, en voortdurende onderhandeling oor verantwoordelikhede, bring 'n

buigsaamheid in 'n verhouding wat daar moeilik kan wees indien elke party aan voorgeskrewe "sosiale rolle" moet voldoen.

Rika was van mening dat daar in die huweliksformulier 'n onderneming ingebou moet word waar paartjies onderneem om gereeld hulle huwelike in oënskou te neem om te kyk of hulle huwelik nog vir albei 'n bevredigende verhouding is (196). Indien die idee van Rika praktyk kan word, sal dit kan meewerk om kameraadskapshuwelike te vestig.

Blaisure en Allen (1995:6) se opmerking dat die ondersteunende funksie van die huwelik vir vroue nie onderskat moet word nie, is tydig. Blaisure en Allen is van mening dat die huwelik 'n bron van 'n goeie selfbeeld vir vroue kan wees, dat gemeenskaplike versorging tussen mans en vroue kan plaasvind, dat die verhouding tussen 'n man en 'n vrou vroue kan bemagtig en 'n vrou haar emosioneel en fisies kan uitleef in 'n huwelik. Dit kan gebeur dat so negatief oor die huwelik gepraat en gedink word dat 'n dominante diskoers gevestig word dat die huwelik altyd onder alle omstandighede vir vroue sleg is. Dit is sekerlik nie die geval nie.

Maar die dominante patriargale diskoers oor die huwelik kan geweldige negatiewe gevolge vir vroue hê. Die aanname kan dalk gemaak word dat vir die groot persentasie (vergelyk Hoofstuk Een) van die vroue wat in Suid-Afrika kies om deur egskeiding hulle (patriargale) huwelik te ontbind, om een of ander rede ontevrede is oor die huwelik en voel sy word benadeel in die huwelik. Dat vroue in die meerderheid van gevalle vir egskeiding dagvaar beteken nie dat hulle in die meerderheid van die gevalle die skuldige partye is nie, maar dat hulle in die meerderheid van gevalle die ontevrede partye is.

Soos reeds uit die vorige hoofstuk geblyk het, het die partriargale huwelik van vier van die vyf deelnemers vereis dat hulle bereid moes wees om hulle ideale, studies en beroep ondergeskik te stel aan die van dié man. Dit het duidelike negatiewe implikasies vir dié deelnemers gehad toe hulle geskei het.

Die ideale wat die deelnemers vir hulle huwelike gehad het, het nie gerealiseer nie. By verskeie geleenthede het die deelnemers vertel van die effek wat die dominante diskoers oor manlikheid op hulle en hulle huwelike gehad het. Van die dinge wat hulle huwelike vir hulle onaanvaarbaar gemaak het, was:

> ... die totale afwesigheid van die huweliksmaat, emosionele en fisiese afwesigheid, hy was net nooit meer 'daar' vir julle nie

die aftakeling van julle menswaardigheid, onder andere die feit dat julle deel was van 'n huwelik waar julleself nie meer belangrik was nie, maar net die 'image' dat julle daar is, belangrik was, een van julle het genoem dat sy 'gedegradeer is tot 'n non-entiteit'

die botsing in moraliteit, julle kon julle nie vereenselwig met losse sedes nie;

die leuens en valsheid, wat julle as 'n 'maskerlewe' beskryf het, het julle so begin afstoot dat julle nie anders kon as om julle rug daarop te draai nie

die onderdrukking van julle potensiaal, - vir Carna was dit haar kunstalent wat onderdruk is en vir Magda was nie een van die talente wat sy ontwikkel het, goed genoeg nie, nie haar skryfkuns of haar sang of haar digkuns nie, tog is sy beskryf as 'n 'bondel gefrustreerde talent'

selfsugtigheid het vir julle onaanvaarbaar geword, vir Lynette was dit veral ook die feit dat haar kinders gely het onder selfsugtigheid (175)

julle (het) weer vertel hoe julle gely het onder mans wat die populêre idee oor manwees aanvaar het. Mari het vertel van vrees en dreigemente, en selfs van straf, wat haar te beurt geval het toe sy weerstand begin bied het teen die populêre idee van manwees en begin leef het volgens haar eie oortuigings (72).

Die ervarings van die deelnemers bevestig sommige feministe se mening dat die huwelik 'n belangrike instelling is wat die hiërargiese geslagsverhoudings voortbring en in stand hou. Die patriargale huwelik is volgens die feministe nie 'n ooreenkoms van liefde en kameraadskap nie, maar een wat aanleiding gee tot ongelykhede en konflik. Die patriargale huwelik bied aan mans onbeperkte geleentheid om hulle potensiaal te ontwikkel en ekonomies selfstandig te word. Binne die diskoers word vroue magteloos, ontwikkel 'n swak selfbeeld en bly ekonomies afhanklik van hulle mans (Lund 1990:60). Hare-Mustin (1986:21) se opmerking kan ernstig opgeneem word:

> ... by viewing family members as equal interacting parts in recursive complementariness, (we) tend to ignore differences in power, resources, needs and interests among family members.

Deur die ongelykhede wat inherent is aan gesinsisteme te ignoreer, is die terapeut onvermydelik besig om dit te ondersteun (Lund 1990: 63).

Hatcher (1989:61) is van mening dat die huwelik in 'n patriargale stelsel van vroue vereis om hulle selfstandigheid, seksuele genot en finansiële onafhanklikheid prys te gee. Die vrou se verantwoordelikhede as huiswerker en versorger laat haar in die huwelik in 'n onbenydenswaardige

situasie. Die verantwoordelikhede wat die vrou in die patriargale huwelik vervul, het volgens Blaisure en Allen (1995:6) negatiewe implikasie vir die vrou se finansiële status, emosionele welsyn en fisiese gesondheid. Volgens Rawlings en Graham (1988:161) veroorsaak 'n patriargale huwelik dat vroue minder geleentheid het om 'n voldoende inkomste te genereer om 'n huishouding in stand te hou as mans. Hulle het minder toegang tot geleenthede, geld, krediet, bates en inligting oor die gesin se finansiële posisie. Omdat hulle meer huislik georiënteer is, is hulle sosiaal meer geïsoleerd met 'n mindere mate van sosiale ondersteuning

Volgens Carbone (1994:184), Davies (1987:21), Ehrenreich (1986:21) en Lund (1990:59) veroorsaak die tradisionele verantwoordelikhede van die vrou as versorger dat vroue dikwels hulle loopbane onderbreek om kinders te hê en te versorg. Dit het 'n negatiewe effek op die loopbaanontwikkeling van die vrou en haar gepaardgaande vermoë om inkomste te genereer. Die toestand van sake het tot gevolg dat vroue in 'n ongewenste huwelik "vasgevang" word. Davies (1987:21) sê dat:

> ... the ideal-typical wife takes on her home roles full-time and thus becomes not only economical dependent, but more dependent on the marital conversation for a sense of identity and of worth than is her husband who has not sustained any rupture in their world.

Volgens Riessman (1990:204) is die huwelik vir mans 'n meer bevredigende ervaring as vir vroue. Die rol wat mans in die patriargale huwelik vertolk, is beter vir hulle geestesgesondheid. Getroude vroue ervaar meer stres as getroude mans. Die huwelik bevoordeel beide mans en vroue se gesondheid, maar dit lyk tog asof 'n huwelik vir "hom" beter is as wat dit vir "haar" is. Die huwelik is 'n belangrike punt van sosiale integrasie vir mans. Na egskeiding verloor mans hulle baie belangrike rol as versorger, bestuurder en om in beheer te wees van ander se lewens. Daarom dat mans, volgens Riessman (1990:204), meer onwillig is om te skei as vroue.

Dit was ook die deelnemers se ervaring dat nie een van hulle mans wou skei nie, ten spyte daarvan dat die huwelik vir die deelnemers in verhoudings ontaard het waar vir hulle geen vreugde meer in was nie. Die mans wou egter ook nie stappe neem om die probleme wat die deelnemers gehad het aan te spreek nie.

Elizabeth (2000:94-96) se navorsing wat sy gedoen het onder pare wat, omdat hulle gekant is teen die huwelik, verkies om saam te bly, is insiggewend. Die redes wat die pare aangevoer het waarop hulle saambly was:

> Cohabitation… is viewed as being free form social prescriptions, including those based on gender. Hence, many of the women and men with whom I spoke chose to cohabit in the belief that their relationships were unencumbered by social expectations, and as a result more authentically their own, …marriage was likened to a house that has already been built – all one has to do, is occupy it. Cohabitation, on the other hand, requires those who wish to dwell within its walls to build the shelter first, marriage represents a promise of a permanent future together… many of the marriage-resisting cohabitants interpreted this negatively as the formation of a tie that cements two individuals together and constricts further personal development.

Die deelnemers was eenparig van mening dat die probleme in hulle huwelike, wat later aan dominante geslagskwessies toegeskryf kon word, nie voor die huwelike, of tydens die vroeë stadium van hulle huwelike, 'n rol gespeel het nie:

> Aanvanklik het dit vir julle gelyk of die mans met wie julle getrou het, nie die populêre idees oor manwees onderskryf het nie. Julle het vertel julle mans was bedagsaam en vriendelik. Julle was gelukkig. Tog het dit later geblyk dat julle mans ook geswig het voor die populêre idees oor manwees. In so 'n mate het hulle later die idees onderskryf dat hulle self besluit het oor wat reg en verkeerd is, ongeag die gevolge van hulle besluite op die persone naby aan hulle (31).
>
> Ek het onlangs gehoor dat iemand sê: 'Husbands put me off men'. Ek wonder of dit dalk waar kan wees dat daar 'n verskil is tussen ongetroude mans wat 'vrou soek' en getroude 'husbands' wat "'n vrou gekry het'? Dat mans bedagsaam, vriendelik, romanties en goedhartig is terwyl hulle 'vrou soek' en dan as hulle 'vrou gevat' het verander hulle oor jare in onbedagsame, selfsugtige 'varke'. Met ander woorde is dit dalk so dat julle aanvanklike besluit om met 'n spesifieke man te trou nie die verkeerde besluit was nie, maar dat mans ná, tydens en dalk as gevolg van die huwelik verander het?
>
> As dit so is dat mans soms na die huwelik verander, wonder ek wat is dit wat hulle na die huwelik laat verander? Het julle dalk idees hieroor? (193-195).

Die deelnemers het onderskeid gemaak tussen die "huwelik as verhouding" en "die huwelik as instelling". Volgens die deelnemers het hulle mans groot waarde geheg aan die "huwelik as instelling", waar mans ten koste van vroue bevoordeel word. Die deelnemers het weer groot waarde geheg aan die huwelik as verhouding (207). Dit lyk inderdaad of "die huwelik as instelling" 'n veilige ruimte vir 'n man skep om "in te koop" in tradisionele geslagsrolle wat nie vir vroue

vriendelik is nie en mans bevoordeel bo vroue. Dit kan een van die redes wees waarom vroue meer ontevrede is met hulle huwelike en daarom in die oorgrote meerderheid van gevalle as eisers tydens egskeiding optree.

Egskeiding kan uit 'n feministiese perspektief beskou word as 'n belangrike manier om patriargie te dekonstrueer. Die stelling word in die volgende afdeling verder bespreek.

## 7 DEKONSTRUKSIE VAN DIE DOMINANTE DISKOERSE

Uit die voorafgaande het dit vir my duidelik geword dat egskeidingsherstel vir vroue veel meer behels as net emosionele herstel (volgens die fase-diskoers oor egskeidingsherstel, Hoofstuk Sewe), of net dat hulle "sonde" bely volgens dominante kerklike diskoers oor egskeidingsherstel (vergelyk Hoofstuk Nege). Dié diskoerse oor egskeidingsherstel kan, na my mening, verdere onderdrukking van vroue tot gevolg hê. Indien vroue nie insig verkry in die dominante diskoerse oor geslagskwessies nie, kan dit aanleiding gee dat hulle weerloos en onderdruk bly in 'n manlik gesentreerde samelewing.

Die deelnemers het vertel van die "idealistiese idee" (dominante diskoers) van vrouwees wat hulle geleer het. Die diskoers het onder andere behels dat die vrou die "kroon op jou man se kop moet hou" (49). Ek het die dominante diskoers bevraagteken:

> Watse soort idealisme is dit dié?
>
> Waar kom die idealisme vandaan?
>
> Wie in die wêreld of in die kerk was daarvoor verantwoordelik dat dié soort idealisme wat hier ter sprake is die ideaal vir vroue geword het?
>
> Tot wie se voordeel is dit dat dié ideaal in stand gehou word?
>
> Is idealisme wat jou vervreem van jou eie identiteit 'n gesonde idealisme?
>
> Indien dit nie 'n gesonde idealisme is nie, wat kan ons doen om dit te vervang met 'n gesonde idealisme vir vroue? (50).

Die deelnemers het hulle ongelukkigheid met die dominante diskoerse verwoord toe hulle die mening gelug het dat alles in die samelewing nie "reg is nie".

### 7.1 ALLES IN DIE SAMELEWING IS NIE REG NIE

Die vrou wat besluit dat egskeiding 'n oplossing vir haar huweliksprobleme is, is uit die aard van die saak ongelukkig oor een of ander aspek van haar man se optrede in die huwelik. Riessman (1990:21-73) toon uit verhale van vroue wat ongelukkig met die optrede van hulle mans is aan dat vroue die optrede van mans toeskryf aan die individu, eerder as aan die samelewing wat die optrede van die individu bepaal. Die deelnemers het dit so beskryf:

> 'n Saak wat taamlik gereeld ter sprake kom, is die vraag waarom julle so 'n fout gemaak het om met die 'verkeerde' man te trou? Julle het al vertel dat die vraag julle baie laat twyfel in julle eie goeie oordeelsvermoë. Magda het die saak weer aangeraak, sy voel dat sy nooit met 'so 'n vark' moes getrou het nie (hoewel hy vroeër nie so was nie). Rika het gewonder of van die mans met wie julle getroud was dalk altyd sulke 'varke' was en dit net weggesteek het? (193)

Dat vroue hulle mans se optrede toeskryf aan individuele persoonlikheidskenmerke van die mans (hulle het "varke" geword), het tot gevolg dat hulle twyfel in hulle eie oordeel (146) en dat hulle egskeiding 'n persoonlike mislukking is (147). Die deelnemers was van mening: "Daar is ook stemme in die samelewing wat hierdie idee verkondig" (147).

Die deelnemers het iets vertel van die invloed van die patriargie op hulle lewens wat gelei het tot die beskouing dat hulle mans "varke" was. Ek het soos volg daaroor reflekteer:

> Is dit so dat hierdie dinge wat julle geleer het, dalk nie lekker gevolge vir julle gehad het nie? Magda het vertel hoe die dinge wat sy geleer het, haar laat neersien op die talente wat sy van die Here af ontvang het. Sy het dit as "onpraktiese" talente beskryf. Dit is nou die talente om te kan sing en te kan skryf, en dalk nog ander talente wat sy nie genoem het nie. Magda het gesê omdat sy nie 'praktiese' talente ontvang het om die 'tipiese' vrou te wees wat die gemeenskap van 'n vrou verwag nie, dit haar laat voel sy is 'n mislukking en nutteloos (70).
>
> Ek het gewonder of daar meer van julle is wat beleef het wat Magda ervaar: dat indien mens nie aan die samelewing se voorgeskrewe vereistes voldoen nie, jy dink dat die fout lê by jou? Waarom gebeur dit dat dit wat die samelewing dink so 'n groot invloed het op wat 'n mens van jouself dink? (71)

> Dit is ook julle ervaring dat, hoewel daar aanvanklik baie simpatie vir die vrou is wat deur Egskeiding[4] geraak word, dit later verander en daar in die samelewing meer simpatie by die man is wat deur egskeiding geraak word. Julle het vertel hoe daar mense is wat julle daarop wys dat dit fisies en emosioneel sleg gaan met julle vorige mans asof dit julle skuld en julle verantwoordelikheid is (147).

Dit is onmoontlik om egskeiding los te maak van die sosiale omgewing waarin dit plaasvind. Die sosiale omgewing waarbinne 'n egskeiding plaasvind, is meer as net die agtergrond waarteen die egskeiding plaasvind, "they exert a force that strongly influences women and men in particular directions" (Riessman 1990: 204).

Die verskuiwing van "fout by my en die individu wat ek getrou het" na daar is "fout in die samelewing", is die eerste stap van dekonstruksie van die dominante samelewingsdiskoerse oor geslagskwessies wat die deelnemers geneem het. Die deelnemers het ontdek dat "daar baie dinge in die samelewing is wat nie reg is nie" (24) en "dat jy jouself nie hoef te meet aan dit wat die samelewing dink nie" (377). Verder het Rika opgemerk:

> ... dat indien iemand 'n pen steel word hy/sy deur die samelewing gestraf, maar as 'n persoon emosionele moord pleeg, aanvaar die samelewing dit. Howe is bereid om kontrakte waarby geld betrokke is, af te dwing, terwyl dieselfde howe huwelikskontrakte ontbind sonder om 'n oog te trek. Magda het vertel dat kennisse alles wat met haar gebeur, ignoreer en onder die mat wil invee. Carna het vertel hoe die derde party wat by hulle huwelik betrokke is, deur haar leraar beskerm word (24-28).

Die ontdekking dat "alles in die samelewing nie reg is nie" het 'n positiewe rol gespeel in die rekonstruksie van die deelnemers se lewens na egskeiding. Die insig kan veral help om die skuldgevoelens, selfblamering en skade wat die egskeiding aan vroue se selfbeeld en selfvertroue doen, te verminder: egskeiding is nie net toe te skryf aan die mislukking van 'n individu (man of vrou) nie, daar is baie groter "magte" aan die werk wat dit veroorsaak. Magda was van mening die idees oor manwees vir hulle (vroue) so nadelig is as die "bose geeste in die lug" (Ef. 6:4)" (32).

Om die dominant diskoers oor manlikheid en vroulikheid te dekonstrueer het ek die diskoers verbind aan 'n Bybelse diskoers:

---

[4] Ek skryf Egskeiding hier met 'n hoofletter omdat ek op die manier egskeiding wou eksternaliseer.

Wat was die invloed op julle toe julle mans die populêre idees oor manwees begin onderskryf het? Het dit dalk vir julle laat voel soos wat die Tien Gebooie praat oor vroue: as die besitting van 'n man?

Die insig met betrekking tot die samelewingsdiskoerse het die deelnemers gehelp om te verstaan dat die egskeiding nie 'n "toevallige ongelukkie" was nie, ook kan dit nie net toegeskryf word aan 'n individu, die eggenoot waarmee hulle getroud was, se persoonlikheid nie, ook nie aan 'n swak keuse wat hulle aanvanklik gemaak het nie.

Behalwe vir die persoonlike oorsake vir egskeiding, is egskeiding ook die gevolg van diskoerse in die samelewing wat alle mans en vroue se manier van dink en optrede beïnvloed. Lund (1990:57) onderskei tussen 'n "eng" beskouing oor egskeiding en 'n breë beskouing oor egskeiding. Die "eng" beskouing hanteer egskeiding asof dit 'n geïsoleerde gebeurtenis is waarby 'n kerngesin betrokke is en waar slegs interpersoonlike probleme tussen 'n man en 'n vrou ter sprake is. Die "breë" beskouing oor egskeiding neem ook faktore soos geslagskwessies, kultuur en die sosiale, ekonomiese en politieke realiteite van die gemeenskap in ag wat 'n rol speel tydens egskeiding. Een van die aspekte wat die rekonstruksie van lewe na egskeiding beïnvloed, is die mate van insig wat verkry word in samelewingsdiskoerse rondom mans en vroue.

Indien ontdek word dat alles in die samelewing nie "reg" is nie, kan dit daartoe aanleiding gee dat vroue egskeiding gebruik as 'n manier om die onreg in die samelewing "reg" te stel.

## 7.2 EGSKEIDING AS WEERSTAND TEEN PATRIARGALE OORHEERSING

Na die gesprek waarin die deelnemers die dominate diskoerse oor egskeiding aangeraak het, het ek na aanleiding van Jeremia 6:14 reageer: "Hulle sê net: "Alles is reg! Alles is reg! Maar niks is reg nie'" (24). Ek het die dominante patriargale diskoers geëksternaliseer as "Onreg" (39). Om aan te toon dat die deelnemers nie alleen teen Onreg weerstand bied nie, het ek Jesus se optrede teenoor verontregte vroue as voorbeeld gebruik. Ek het die deelnemers herinner aan Jesus en die vrou wat op heterdaad betrap is dat sy owerspel gepleeg het (Joh. 8), die Samaritaanse vrou (Joh. 4) en Maria Magdalena (Joh. 12) (36,38).

Ek het die "tradisioneel" "negatiewe" emosies wat met egskeiding gepaardgaan, soos wraak, woede en onvergewensgesindheid, in 'n nuwe verwysingsraamwerk geplaas as "weerstand wat teen Onreg gebied" (41) word.

Ek dink dat vanuit 'n feministiese perspektief egskeiding beskryf kan word as "weerstand teen onreg". Daar is dus ander diskoerse vir vroue, getroud en geskei, beskikbaar. Vir die deelnemers was dit bevrydend om te besef dat daar 'n onderdrukkende diskoers oor vrouwees is, maar dat daar ook alternatiewe diskoerse oor vroulikheid is waarbinne hulle hulle kan posisioneer. Hulle het later aangedui dat dit een van die belangrike elemente van hulle herstel was:

> Die idealistiese (of dalk onrealistiese beeld?, dit is my eie interpretasie), oor vrou wees is deur julle laat vaar. Die idealistiese idee van vrouwees het volgens Magda onder andere behels dat jy die 'kroon op jou man se kop moet hou'. Dit is sy geleer van kindsbeen af en is in die kerk bevestig. Vir Carna het dit beteken dat sy 'n 'puppet on a string' geword het. Die idealisme is vernietig en nou besef julle dat die idealisme julle vervreem het van julle eie identiteit. Julle het besluit om weer die mense te wees wat die Here wil hê julle moet wees en wat julle wil wees. Julle wil nie 'copy cats' wees nie, 'winkelpoppe' wat vir versiering aangehou word nie (49).

Daar is vele feministiese diskoerse oor egskeiding (Carbone 1994:183). Al die feministiese diskoerse (soos feminisme in die algemeen), het dit in gemeen dat die diskoerse vroue se ervarings verwoord. Ek sluit aan by Rice (1994:559) se standpunt:

> Divorce can been seen not just as a manifestation of the breakdown of society of the family, a paradigm and conclusion derived from old action theory. Instead divorce can be considered from a feminist perspective, as resistance to the oppression of women in families and as an identifying marker of societal and historical change and transformation. Researchers, however, continue to frame their questions around divorce as a perceived threat to the prevailing social order, for example, adult and children postdivorce disfunction, diminished parenting by fractured families etc.

Rice (1994:579) beklemtoon dat egskeiding nie net 'n sielkundige verskynsel is nie, ook nie 'n individuele oplossing vir 'n verhoudingsprobleem nie, maar vanuit 'n feministiese perspektief is dit 'n politieke stryd om die patriargale verhoudings tussen mans en vroue te verander. Egskeiding is weerstand. Egskeiding stel vroue in staat om aktiewe besluitnemers te word en self oor hulle daaglikse lot te beslis. 'n Feministiese perspektief op egskeiding neem, volgens Rice (1994:564), in ag dat:

wanneer vroue trou verwag hulle nie onderdrukking nie, maar met verloop van tyd ervaar hulle onderdrukking

egskeiding weerstand is wat vroue bied teen patriargale onderdrukking in die huwelik

veel meer vroue egskeiding inisieer

vroue se griewe oor die huwelik baie meer spesifiek as mans s'n is

geskeide vroue baie minder kontak met hulle vorige mans wil hê

verslawing (alkohol en dwelm) dikwels deur vroue as rede vir egskeiding aangevoer word, terwyl die redes vir egskeiding selde deur mans aangevoer word

vroue mishandeling (fisiese geweld, verbale vernedering, geforseerde seksuele gemeenskap) aanvoer vir redes vir hulle egskeiding, terwyl dit nie deur mans aangevoer word nie

Hoewel Rice se stellings binne die kulturele konteks van die VSA gemaak word en veralgemenings is wat nie altyd geld nie, is die werklikheid vir baie vroue dat die huwelik vir hulle in skerp kontras staan met die sprokie-ideaal wat hulle oor die huwelik koester. Die ontnugtering dat die huwelik nie altyd vir hulle goed is nie, gee dikwels aanleiding daartoe dat vroue egskeiding kies om uit 'n onaanvaarbare verhouding te kom.

'n Volgende belangrike stap om die dominante diskoerse oor geslagskwessies en die huwelik te dekonstrueer is die sosiaal - konstruksionistiese diskoers dat die gesin en huwelik sosiale konstruksies is.

## 7.3 'N VERSKEIDENHEID VAN SAMEWONINGSEENHEDE DEKONSTRUEER DIE PATRIARGALE GESIN

Baie navorsing beskryf egskeiding as 'n bedreiging vir die sosiale orde (Rice 1994:563). Groot klem word gelê op volwassenes en kinders se aanpassingsprobleme na egskeiding. Egskeiding word gesien as 'n ontwrigtende faktor in die gemeenskap wat groot emosionele trauma en die verlies aan die tradisionele rolvervulling meebring. Die enkelouergesin word as 'n oorgangstadium beskou voordat daar weer hertrou word, wat die "normale" vorm van die gesin is (Rice 1994:563).

Die sosiale orde wat deur egskeiding bedreig word, is die tradisionele patriargale huwelik en gesin.

In die lig van 'n postmoderne, sosiaal-konstruksionistiese epistemologie wat reeds bespreek is, is die huwelik, gesin en geslagsrolle sosiale konstruksies wat berus op bepaalde interpretasies van die Bybel, bepaalde standpunte oor wat "reg" en "verkeerd" is en wat "normaal" is. Die interpretasies

en standpunte wat die dominante diskoers oor die "rol" van man en vrou, die huwelik en gesin geword het, vra om dekonstruksie.

Rice (1994:577) is van mening dat dit wat as die "norm" voorgehou word, kan verander. Die "norm" hoef nie 'n patriargale huwelik en gesin te wees nie. Gesinne word gevorm, verdeel, word weer gevorm en weer verdeel. Volgens Rice is hierdie toenemend komplekse en verskeidenheid vorme van gesinne nie tydelike fases van disorganisasie nie, maar nuwe maniere hoe mense besluit om te leef. Dit beteken dat 'n volkome herorganisasie van die sosiale lewe besig is om plaas te vind. Rice sê:

> The postmodern family revolution is a revolution with continuous change, not a transition, not a stage, not a period of disequilibrium, but a kind of revolving door with no exit (Rice 1994:577).

'n Sosiaal-konstruksionistiese diskoers beskou egskeiding en die sosiale eenhede wat na egskeiding tot stand kom, nie as 'n tydelike ontwrigting van die "normale" gesin se ontwikkelingspatroon nie, maar in sigself "normaal".

Bievier (et al.) (1998:170) toon aan dat wanneer sosiale "probleme" as sosiale konstruksies beskou word, word "probleme":

> ... products of claims making, labeling and other constitutive definitional processes, common cultural beliefs, assumptions and the 'taken-for-granted' explanations.

Eers as die sogenaamde "probleme" gesien word as sosiale konstruksies, kan hulle aangepreek word. 'n Sosiaal- konstruksionistiese beskouing van die gesin het bepaalde gevolge vir navorsing. 'n Aanvaarde "normale" gesin kan nie meer as uitgangspunt geneem word nie. Afwykings van die "norm" kan nie meer uitgesonder word vir navorsing nie. Die redes, oorsake en die prosesse wat tot bepaalde gestaltes van die gesin aanleiding gee, is nou die fokus van navorsing: hoe mense eksperimenteer, stry en kreatief is om nuwe reëlings te tref om te midde van voortdurende veranderende omstandighede hulle lewens te verbeter, hoe mense politieke, sosiale en ekonomiese faktore hanteer om hulle en hulle gesinne se lewens te verbeter.

Rice (1994:579) is van mening dat vanuit 'n feministies, sosiaal-konstruksionistiese diskoers egskeiding 'n kreatiewe manier vir vroue kan wees om aan te pas by veranderende omstandighede. Egskeiding word nie beskou as 'n abnormale, tydelike gebeurtenis wat tydelik ontwrigting veroorsaak nie. Egskeiding is 'n proses wat dalk nie lei tot voorspelbare vorme van gesinwees nie.

Die huwelik is vrylik ontbindbaar, egskeiding is "normaal" en daar is 'n onbeperkte aantal maniere hoe die gesin kan lyk.

Na hulle egskeidings het die deelnemers op 'n verskeidenheid kreatiewe maniere sosiale eenhede gevorm waar hulle geluk gevind het:

Rika het 'n huis gebou waarin sy alleen bly. Sy en haar dogters en kleinkinders vorm 'n hegte eenheid wat vir haar groot vreugde bring.

Lynette en twee van haar drie dogters woon saam in 'n woonstel. Haar oudste dogter het verkies om terug te keer na die kusdorp waar haar pa woon.

Mari en haar twee dogtertjies bly saam in 'n woonstel.

- Magda het 'n meenthuis gekoop in dieselfde kompleks waar haar suster woon en bly alleen. Die verhouding met haar suster is vir haar 'n groot bron van ondersteuning.

- Carna het 'n huis gekoop wat sy deel met haar vorige man se suster en twee aangenome seuns.

Elkeen van die deelnemers het nuwe sosiale eenhede gekonstrueer waar hulle 'n tuiste gevind het. Nie een van die sosiale eenhede sal waarskynlik as "normaal" beskou word deur 'n patriargale bril nie, maar vir die deelnemers "werk" hierdie reëlings... sonder mans.

Die ervaring van die deelnemers is in kontras met die heersende dominante diskoers dat vroue sonder mans sleg daaraan toe is. Dié dominante diskoers kan vroue benadeel omdat dit hulle in huwelike hou waar hulle onderdanig moet wees en onderdruk word. In die volgende afdeling word daarop gewys dat feministiese navorsing 'n diskoers uitgewys het wat daarop dui dat vroue na egskeiding beter daaraan toe is as wat die dominante patriargale diskoers dit graag sou wou hê.

## 7.4 EGSKEIDING: NIE NET 'N "SLEGTE" GEBEURTENIS NIE

Na 'n gesprek en 'n brief waarin die negatiewe gevolge van egskeiding op die deelnemers se lewens ter sprake was het Mari tydens die volgende gesprek so daarop reageer:

> Mari het ons daarop gewys dat ons maklik op so 'n manier oor Egskeiding kan begin praat dat dit lyk of dit 'n verskriklike slegte ding is wat gebeur het. Dit terwyl Egskeiding 'n

positiewe ding is wat met julle gebeur het. Die positiewe dinge moet net meer 'ingetrek word'.

Van die positiewe dinge wat julle ondervind het na julle egskeiding is die nuwe wil en vasbeslotenheid wat julle in julle ontdek het om te wys julle kan 'n sukses maak van julle nuwe lewens. Dit is vir julle lekker om onder die beheer en invloed van julle vorige verhouding uit te kom. Hoewel dit 'n ruk geneem het om daarby uit te kom, het julle vertel dat julle nou beter lewenskwaliteit en groter vrede ervaar (189).

Die deelnemers se belewing dat egskeiding nie altyd "sleg" is nie, is nie die uitsondering op die reël nie. 'n Feministiese diskoers oor egskeiding is 'n diskoers wat doelbewus die "positiewe dinge" vir vroue "intrek". Wanneer dit gebeur kan vroue beleef, soos die deelnemers, dat egskeiding vir vroue positiewe gevolge kan hê.

Die negatiewe effek van egskeiding word deur die populêre media sowel as deur professionele literatuur beklemtoon. Sogenaamde "wetenskaplike" feite oor egskeiding wat algemeen as die waarheid aanvaar word, is volgens Rice (1990:565):

- dat kinders uit "gebroke" huise meer geneig is tot egskeiding, asof egskeiding geneties oorerflik is
- egskeiding word beskryf as oordrewe individualisme
- vroue wat egskeiding as opsie kies, is selfsugtig
- vroue word geblameer vir die skade wat egskeiding aan kinders sou veroorsaak

Die negatiewe prentjie wat geskets word oor die gesinslewe na egskeiding en enkellopende vroue is 'n direkte uitvloeisel daarvan dat geskeide vroue nie die patriargale voorskrifte vir die huwelik en gesinslewe as normatief aanvaar nie (Rice 1994:563).

Amato (2000:1274) wys daarop dat studies wat vind dat geskeide persone in vergelyking met getroude persone meer spanning ervaar, meer gesondheidsprobleme ervaar, minder geluk, en 'n laer selfbeeld het, meer geneig is tot depressie en meer sosiale isolasie ervaar, dikwels aangehaal word. Ander studies toon aan dat vroue wat skei positiewe verandering ervaar, byvoorbeeld hoër vlakke van selfstandigheid, persoonlike groei, beter loopbaangeleenthede, 'n meer aktiewe sosiale lewe, meer selfvertroue, en 'n sterker sin dat hulle in beheer is. Dit is egter die bevindinge van die eerste

groep studies wat aan die groot klok gehang word en wat 'n geweldige effek op die populêre mening oor egskeiding het.

Feministiese studies bevraagteken die negatiewe gevolge van egskeiding op verskillende terreine byvoorbeeld:

- die finansiële implikasies van egskeiding
- die effek van egskeiding op kinders
- die aard van die egskeidingskrisis

Vervolgens word die verskillende aspekte van egskeiding wat deur 'n feministiese diskoers oor egskeiding bevraagteken word, aan die orde gestel.

### 7.4.1 DIE FINANSIËLE IMPLIKASIES VAN EGSKEIDING

Dat egskeiding 'n negatiewe effek op mense se lewenstandaard het, is onafwendbaar: dit is goedkoper om een huishouding finansieel te onderhou as twee. Uit die VSA is daar die studie van Weitzman wat aanvoer dat vroue 'n 73% afname in lewenstandaard toon na egskeiding (Weitzman 1985).

Rice (1994:565) wys daarop dat die studie van Weitzman aan ernstige tekortkominge ly. Die studie was gebaseer op 'n baie klein voorbeeld in Los Angeles met 'n nog kleiner groep wat op die vraelys gereageer het. Die studie weerspieël waarskynlik nie eers die toedrag van sake in Los Angeles nie. Hoewel egskeiding 'n negatiewe ekonomiese impak op vroue het, is die impak daarvan nie naastenby so dramaties soos wat Weitzman en die populêre mening wil voorgee nie.

Ook Falundi (1991:19) bevraagteken Weitzman se bevindinge. Volgens hulle het demograwe bevind dat vroue na egskeiding 'n 30% - afname in lewenstandaard ondervind. Wat betekenisvol is, is dat die navorsing toon dat vyf jaar na egskeiding vroue se lewenstandaard hoër is as wat dit tydens die huwelik was.

Falundi (1991:19) kom tot die gevolgtrekking dat die resultaat van die navorsing van Weitzman (1985), wat op wankelrige bene staan, gebruik word as bewys dat vroue

> ... who sought freedom from unhappy marriages were making a big financial mistake: they would wind up poorer.. worse off... if they had simply stayed married.

In elk geval is die mees effektiewe manier om die finansiële ongelykhede tussen mans en vroue na egskeiding uit te skakel om die verskille in vergoeding tussen mans en vroue reg te stel. Indien die loongaping tussen mans en vroue opgehef word, sal die meeste enkelouergesinne waar vroue aan die hoof staan onmiddellik finansieel beter daaraan toe wees (Falundi 1991:19).

### 7.4.2 DIE EFFEK VAN EGSKEIDING OP KINDERS

'n Ander populêre mening wat dikwels gehuldig word en deur dominante navorsing ondersteun word, is die permanente negatiewe effek wat egskeiding op kinders het. In die verband word Wallerstein (1980) se navorsing dikwels aangehaal.

Rice (1994:566) toon aan dat die leemtes in die navorsing is dat:

die navorsing het berus op vrywillige terugvoer

geen vergelykende studie gedoen is met gesinne wat nie deur egskeiding geraak is nie

veralgemenings gemaak is uit slegs sestig stedelike, middelklasgesinne van California-Bay.

Ten spyte van die geweldige konseptuele en metodologiese probleme met die studie word die studie steeds wyd aangehaal om die sosiale stereotipering van egskeiding voort te sit. Volgens Falundi (1990:26) het Wallerstein eers haar hipotese formuleer en wou later haar hipotese kontroleer: "... a shootfirst, ask-questions-later logic that sums up the thinking of many backlash opinion makers". ("Backlash" verwys hier na die negatiewe reaksie van die samelewing op feminisme).

Enkelouergesinne het gewoonlik vroue wat leiding neem. So word die aanname gemaak dat vroue die probleme veroorsaak wat die gesinne ondervind en vroue verantwoordelik is om die probleme op te los. Die rol wat die afwesige pa speel in die skep van die probleme en die rol wat hy kan speel in die oplossing van die probleme word verswyg. Die ma se optrede word uitgesonder as die grootste enkele faktor wat kinders se aanpassing na die egskeiding bepaal, dat die pa afwesig is word verswyg (Rice 1994: 566).

Rawlings en Graham (1988:157) praat van 'n "teenkanting teen egskeidingsideologie" in die samelewing wat wil laat glo dat egskeiding vir ouers en kinders 'n ramp is. Volgens hulle word gesinne wat deur vroue gelei word, deur sosiale wetenskaplikes, politieke-en godsdienstige leiers vir kritiek uitgesonder. Saam vorm hierdie "meningsvormers" 'n koor wat die verval van die tradisionele gesin betreur en voorspel die negatiewe invloed wat "gebroke huise" en "huise met afwesige vaders" op kinders het. Die politiek agter die treursang sentreer volgens die skrywers

rondom die verlies van manlike beheer oor die vrou en kind in die huis. Wanneer gesinne nie meer deur mans gelei word nie, veroorsaak dit angs: 'n belangrike sosialiseringsinstelling van die patriargale stelsel word ondergrawe. Gesinne wat deur vroue gelei word, is 'n lewensvatbare alternatief vir die manier hoe gesinne funksioneer. Dit is nie 'n tweede beste of 'n afwyking van die ideaal nie.

### 7.4.3 EGSKEIDING: 'N KRISIS WAT ONTWRIG OF VOORTDURENDE SPANNING?

Volgens Amato (2000:1273) is daar twee teenstrydige maniere hoe egskeiding benader kan word:

Die een benadering is dat egskeidings beskou word as 'n krisis wat mense se lewens ontwrig, waarvan die meeste mense na 'n tyd herstel. Die persoonlike hulpbronne tot die persoon se beskikking bepaal die tempo van herstel. Volgens die benadering verdwyn ongelukkigheid, depressie, gesondheidsprobleme en alkoholmisbruik twee tot drie jaar na egskeiding.

Die tweede benadering tot egskeiding beklemtoon die kroniese spanning wat deur egskeiding veroorsaak word. Volgens dié benadering word egskeiding beskou as 'n gebeure wat permanente spanning meebring. Die spanning word veroorsaak deur voortgesette ekonomiese probleme, eensaamheid, en enkelouerskap. Die probleme gaan nooit weg nie. Persoonlike hulpbronne bepaal slegs die vlak van die spanning wat ervaar word, maar geskeide persone keer nooit weer terug na die selfde vlak van welsyn as wat voor die egskeiding ervaar is nie.

Die aktuele vraag wat hier beantwoord moet word, is: vir wie is egskeiding 'n krisis wat hulle lewe tydelik ontwrig, en vir wie veroorsaak egskeiding voortdurende spanning? Falundi (1991:25) wys daarop dat nadat drie dekades se gegewens oor mans se emosionele welsyn na egskeiding in ag geneem is, die gevolgtrekking is:

> Men suffer more from marital disruption than women. No matter where they looked on the mental spectrum, divorced men were worse off – from depressions to various psychological impairments tot nervous breakdowns, from admissions to psychiatric facilities to suicide attempts... men are also more devastated than women by the breakup – and time doesn't cure the pain or close the gap.

Ten spyte daarvan dat vroue na egskeiding finansieel swakker daaraan toe is, maak hulle sielkundig en emosioneel vinniger as mans vordering met betrekking tot sake soos selfbeeld, ervaring van geluk, aanpassing en tevredenheid. Dit is waarskynlik so omdat vroue na egskeiding groter selfstandigheid en onafhanklikheid ervaar wat die basis vorm vir die vordering (Rice 1994:564).

Weitzman (1989) bevind dat vroue deur egskeiding bevoordeel word. Haar studie, met 'n groep wat tien jaar gelede geskei is, het ondersoek ingestel na vier aspekte:

- aard en kwaliteit van interpersoonlike verhoudings
- algemene tevredenheid met die lewe
- vryheid van erge eensaamheid en neurotiese lyding
- sosio-ekonomiese status en stabiliteit

Weitzman (1986:86) se navorsing het aangetoon dat meer vroue as mans daarin geslaag het om hulle lewenskwaliteit te verbeter. Vyf-en-vyftig persent van alle vroue se lewenskwaliteit het verbeter, veertig persent se lewenskwaliteit het verswak en ses persent se lewenskwaliteit het dieselfde gebly. In kontras hiermee het twee-en-dertig persent van die mans die kwaliteit van hulle lewens verbeter en ses-en-veertig persent se lewenskwaliteit het verswak en twintig persent se lewenskwaliteit het dieselfde gebly.

Wat betref sielkundige funksionering (selfbeeld, kwaliteit en emosionele diepte van verhoudings, die vermoë om doelwitte te bereik en take af te handel, die oplossing van die spanning wat met die egskeiding gepaard gegaan het, die evaluering van die werklikheid) bevind Weitzman (1986:87) dat in vier-en-sestig persent van die gevalle vroue aangetoon het dat hulle sielkundige funksionering verbeter het. Net sestien persent van die mans kon hulle sielkundige welstand verbeter.

Nadat Diedrick (1991:38) 'n groot aantal studies oor aanpassing na egskeiding geraadpleeg het, is haar gevolgtrekking:

> During the post separation period, females are generally found to be better adjusted in terms of health, happiness, and satisfaction with both self and others. Although some researchers have reported no gender differences in adjustment or mixed results, most have found that gender differences in a wide variety of measures favor female as being better adjusted.

Volgens Diedrick (1991:38) het mans na egskeiding meer selfmoordgedagtes en 'n swakker selfbeeld as vroue. Die swak selfbeeld by mans bly hulle jare na egskeiding steeds by. Die teendeel is die geval met vroue: die nuwe verantwoordelikhede wat vroue na egskeiding aanvaar, gee aanleiding tot beter selfbeelde as voor egskeiding.

Uit die aangehaalde navorsing blyk dat egskeiding 'n korttermynkrisis vir vroue kan wees waarvan hulle nie net herstel nie, maar hulle kan ook na egskeiding beter daaraan toe wees as tydens die huwelik. Vir mans veroorsaak egskeiding langtermynspanning waarvan hulle moeiliker herstel.

Dit beteken nie dat egskeiding nie vir vroue geweldige emosionele trauma veroorsaak nie. Egskeiding het die potensiaal om ook langtermyn negatiewe gevolge vir vroue te hê. Die gevolge wat egskeiding op vroue se lewens het, kan moeilik oorskat word. Die probleme wat vroue na egskeiding ondervind, is dikwels ook toe te skryf aan die dominante diskoerse in die samelewing oor geslagskwessies.

## 8 DIE GEVOLGE VAN DIE DOMINANTE DISKOERSE OOR GESLAGSKWESSIES VIR GESKEIDE VROUE

Ook na die egskeiding het die dominante diskoers oor geslagskwessies die deelnemers negatief beïnvloed:

> Verder laat die feit dat julle enkellopend is julle oop vir verdere uitbuiting deur ongevoelige mans. Dit maak julle ook woedend (daarom verkies Rika en Magda om nog steeds hulle trouringe te dra om julle te beskerm teen uitbuiting. So gee hulle die boodskap aan voornemende uitbuiters: 'bly weg, los my uit'). Voel julle ander ook soms dat julle die prooi kan word van uitbuiters? Ek het gewonder of daar nog dinge is wat julle alreeds doen om julle te beskerm teen uitbuiting?(162).
>
> Lynette is woedend omdat die teistering na die egskeiding nog steeds aangaan (162).
>
> Van die 'oee' ervarings wat julle die afgelope tyd beleef het, hou veral verband met wat julle beleef as 'teistering' en 'intimidasie' van julle vorige mans. Daar is ongevraagde en ongewensde telefoonoproepe en besoeke. Daar is verwyte dat julle onverantwoordelik en selfsugtig is (130).
>
> Magda het vertel van gesprekke wat tot haar dogter ter ore gekom het wat mans oor vroue gevoer het en wat baie vernederend teenoor vroue was (72).
>
> Magda is woedend omdat sy so afhanklik en onkundig gehou is oor belangrike sake soos finansiële beplanning (162).

Rawlings en Graham (1988:162) wys daarop dat ten spyte van die positiewe gevolge wat egskeiding vir vroue inhou, kan dit nie weggeredeneer word dat die vroue na egskeiding enorme probleme in die gesig staar nie. Baie van die probleme wat geskeide vroue ondervind kan dikwels

daaraan toegeskryf word dat ons in 'n samelewing leef wat vyandig staan teenoor onafhanklike vroue. Geskeide vroue word in ons samelewing gestigmatiseer, daar is aansienlike druk op geskeide vroue om te trou, geskeide vroue word eenkant toe geskuif in 'n samelewing wat "paartjie" - geörienteerd is. Hulle word beskou as kompetisie deur getroude vriendinne en verloor so 'n belangrike steunstelsel. Daar is ook min gemeenskapsdienste wat na die behoeftes van dié vroue omsien.

Dat 'n onafhanklike vrou as 'n bedreiging in die patriargale samelewing gesien word, het duidelik na vore gekom tydens die navorsingsproses. Hoe meer selfstandig die vroue geword het, hoe meer het hulle beleef dat die intimidasie van hulle vorige mans vererger het. Die intimidasie het voortgegaan nadat die egskeiding al afgehandel is. In twee gevalle het die mans hulle verpligting om onderhoud te betaal ontduik om hulle vorige vroue te manipuleer (47).

Die deelnemers het die gevolge om 'n geskeide vrou in 'n patriargale samelewing te wees soos volg beskryf:

> Rika het genoem dat om geskei te wees is soos om 'n "brandmerk" te dra, sy is woedend omdat sy ongevraagd, en in haar geval 'n tweede keer, hierdie vernedering moet beleef. (162).
>
> Lynette het vertel dat die gemeenskap met 'skewe oë' na egskeiding kyk, veral na die persoon wat inisiatief neem met die egskeiding. Die ingesteldheid van die gemeenskap teenoor egskeiding het haar aanvanklik in 'n onaanvaarbare huwelik gehou. Ná die egskeiding het die gemeenskap se gesindheid teenoor egskeiding haar verhoed om die volle voordele van die egskeiding te geniet. Het julle dalk idees oor hoe ons die gemeenskap se ingesteldheid kan verander om meer 'egskeidingsvriendelik' te wees? (225)

Volgens Rice (1994:563) beskou die (patriargale) gemeenskap geskeide vroue as mislukkings wat nie in staat is om 'n "ordentlike" "rol" in haar gesin te speel nie, of dit nie wil speel nie. Vroue wat verkies om enkel te bly, word met agterdog en afkeur bejeën in gemeenskappe wêreldwyd. Die enkel vrou word gestigmatiseer as selfsugtig, onvolwasse, wraakgierig en ongewens.

Die verskil tussen 'n vrou se aangeleerde "rol", en die omstandighede wat sy tydens en na haar egskeiding in die oë moet kyk, kan die vrou magteloos, hulpeloos en soos 'n slagoffer laat voel. Indien 'n vrou 'n tradisionele patriargale "rol" in die huwelik vervul het, laat dit haar onvoorbereid vir egskeiding. Sy het nie hulpbronne tot haar beskikking nie, ook nie selfvertroue, om buite die huwelik te oorleef nie. Hierdie siening van die tradisionele gesin word deur sommige as

bevooroordeeld beskou, maar bied 'n perspektief wat die struikelblokke is wat vroue moet oorkom wanneer hulle besluit dat egskeiding hulle enigste opsie is (Lund 1990:58).

Bo en behalwe die onderhandelinge oor finansies en toesig oor die kinders, skep egskeiding spanning oor elke een van die partye se weergawe van die werklikheid. Omdat die man se weergawe dikwels meer in ooreenstemming is met die heersende diskoerse, aanvaar die vrou gemaklik die man se interpretasie van haar gedrag. Die man se interpretasie is dikwels dat die vrou "mal", "siek" of "selfsugtig" is. Vroue bevraagteken daarom hulle eie interpretasie van die werklikheid en is daarom meer kwesbaar (Haffey en Cohen 1992: 147).

Hoewel egskeiding vir vroue groot geleenthede skep vir persoonlike groei, is egskeiding beslis 'n geweldige lewenskrisis vir vroue. Maar vroue ontdek na egskeiding dikwels vir die eerste keer dat hulle kan wegbreek uit hulle afhanklikheid en onafhanklik kan funksioneer, dat hulle keuses kan maak en beheer kan uitoefen op alle terreine van die lewe. Nuwe weë vir selfontwikkeling en groei in verhoudings is moontlik vir geskeide vroue wat voorheen nie bestaan het nie (Rawlings en Graham 1988:161). Vroue moet weet:

> There is no easy way to get divorced, however, most women survive divorce, often gaining better appreciation of their own strength and independence in the process (Rosewater 145:1988).

In 'n patriargale huwelik en gemeenskap het die vrou dus soms die slegste van twee wêrelde: in 'n huwelik word sy gedomineer en beheer, as geskeide is sy onvoorbereid om aan die eise wat aan haar gestel word, te voldoen. Na haar egskeiding word sy gemarginaliseer. Maar is daar 'n derde "wêreld" waarin geskeide vroue hulle kan bevind? Die antwoord is gelukkig "ja". Soos uit die hoofstuk geblyk het, kan geskeide vroue 'n wêreld betree waar hulle gelukkig en vervuld kan lewe indien hulle die dominante diskoerse wat hulle lewens bepaal, dekonstrueer en alternatiewe diskoerse ontgin.

## 9 DEELNEMERS SE REFLEKSIE

Dit is onmoontlik om die deelnemers se reaksie op die hoofstuk volledig weer te gee. Uit die omvang van die reaksie is dit duidelik dat die hoofstuk aktuele vraagstukke vir die deelnemers aangespreek het.

Hulle het na hulle huwelike verwys as die "die tyd toe ek vasgevang is", "onderdrukking van hulle menswees", en na hulle egskeidings is verwys as hulle "stryd vir vryheid en selfbehoud", "namate

ek gesond word van die trauma wat met my gebeur het, besef ek al meer die 'emosionele mishandeling' wat oor baie jare geduur het en die uitwerking daarvan op my totale menswees, liggaam, emosies, selfrespek, selfbeeld en ook my breinkrag, die mate waarin ek gemanipuleer is, is krimineel van aard!"

Dit is genoem dat om in 'n ongelukkig huwelik te bly, ook geweldige eise aan vroue stel. 'n Ongelukkige huwelik is "'n verskrikking sonder end, egskeiding is 'n end vol verskrikking, daar is hoop na die verskrikking". Vir hulle is dit ironies dat die samelewing eerder die "sweer van ongelukkig huwelike, wat soveel pyn veroorsaak, verdra, maar wat vir vroue die genesing van die sweer kan wees, egskeiding, met afsku bejeën, egskeiding is net die 'cherrie op die koek', die gevolg van 'n ongelukkige aanloop".

Hulle het gevoel hulle het dit "op hulle eie gemaak" en sal in die toekoms nooit weer "hulleself verloor" in die proses om ander gelukkig te hou nie.

Die huwelik gee vir mans die geleentheid om hulle in 'n "comfort zone" te bevind, daarom wil hulle nie skei nie. Hulle wil "hulle brood aan albei kante gebotter hê, die sekuriteit van die huwelik en die avonture van ander verhoudings: met 'maatjies' en ander vroue",

Volgens sommige van die deelnemers maak die dominante diskoers oor manlikheid dit vir mans moeiliker om na egskeiding te herstel. Mans wat nie emosies wys nie, wat nie belangrikheid van verhoudings erken nie, nie hulle foute in die oë wil kyk nie, nie aan hulle tekortkominge wil werk nie en na egskeiding wil aangaan met hulle lewens asof niks gebeur het nie, kan volgens dié deelnemers nie verwag om na egskeiding te herstel nie. Ander deelnemers was van mening dat die stelling dat egskeiding vir mans langtermynspanning veroorsaak "met 'n knippie sout" geneem moet word.

Dat vroue na egskeiding gewoonlik die primêre versorgers van die kinders word, is volgens die deelnemers 'n gemengde seën: aan die een kant dra dit by tot die vrou se swakker finansiële posisie na egskeiding, maar kinders help vroue om die klem weg te skuif van hulle eie seer - "vroue moet aangaan, kinders leer ons dat daar ander verhoudings is wat belangriker is as met mans, 'ball en chain' tree eintlik as remedie op". Kinders is wel beskou as "baggage" wat vroue verhinder om na egskeiding by nuwe verhoudings betrokke te laat raak. Teenoor die negatiewe houding in die samelewing teen geskeide vroue, is geskeide mans "kroonwild", 'n "vangs", dalk omdat daar so min van hulle is?

Die deelnemers het gevoel dat die dominante diskoers oor vroulikheid net te veel van vroue verwag. Vroue moet "perform", ook "in die bed", en die "mans gebruik dit as argument dat hy die lydende party is op seksuele gebied en dat daar begrip moet wees vir sy situasie as hy seksuele bevrediging elders soek". Die ongelyke verdeling van huishoudelike verantwoordelikheid is 'n teer punt: "daar bly eenvoudig geen tyd vir die vrou oor nie. Haar koppie is leeg, al wat oorbly is moer. As sy geskud word sal die lelike in haar uitkom".

Die noodsaaklikheid dat huweliksmaats gereeld hulle huwelike in oënskou neem is beklemtoon – alle partye verander na die huwelik, die veranderinge moet net nie in "teenoorgestelde rigtings plaasvind nie", "daar moet op gereelde tussenposes ernstig 'notes compare' word om te sien of die koers nog dieselfde is".

Oor die effek van egskeiding op die kinders was die deelnemers eenparig van mening dat dit beter vir kinders is om in 'n gelukkige enkelouergesin groot te word as "om gedurig bloot gestel te word aan die trauma van onmin en hartseer, kinders in ongelukkige huwelike is baie slegter daaraan toe as kinders van gelukkige geskeide ouers."

In hierdie hoofstuk is egskeiding geposisioneer binne die dominante patriargale diskoerse oor manlikheid, vroulikheid, die huwelik en egskeiding. Egskeiding kan nie as net 'n probleem tussen twee individue gesien word nie, in die woorde van die deelnemers "alles in die samelewing is nie reg nie". Vanuit 'n alternatiewe diskoers kan egskeiding vir vroue 'n geleentheid bied om op verskillende maniere te groei en om op verskillende terreine meer selfstandigheid te bereik - dit sal later duidelik uit die studie blyk. Maar dit neem nie weg dat egskeiding 'n geweldige krisis vir vroue veroorsaak nie. Die volgende hoofstuk word gewy aan die krisis wat egskeiding vir vroue inhou.

# HOOFSTUK 7

## DIE EGSKEIDINGSKRISIS

Tydens die eerste gesprek met die deelnemers is die volgende sake deur die groep geïdentifiseer waaroor hulle graag wou praat:

Om te lewe saam met onsekerheid: hoe gaan ek en die kinders versorg word?

Hoe beding ek 'n billike egskeidingskikking?

Hoe hanteer ek emosies? Die woede wat gepaard gaan met die verontregting, die verwerping; hoe kry ek weer kalmte en vrede?

Hoe kan ander verhoudings byvoorbeeld met skoonfamilie en vriende, ordentlik hanteer word?

Hoe kan my selfbeeld weer opgebou word en waar kry ek weer selfvertroue?

Hoe versoen ek my egskeiding met dit wat die Bybel vir ons leer oor egskeiding?

Hoe gaan ek weer leer om met vertroue te leef?

Hoe kan ek leer om te vergewe en uit vergifnis te lewe?

Watter rol het die vrou om te speel volgens die Bybel?(6)

Reeds uit die lys wat deur die deelnemers saamgestel is, is die omvangryke probleme wat gepaard gaan met egskeiding duidelik. Cama het die omvattende eise wat aan die geskeide vrou gestel word beskryf as 'n omvattende wedergeboorte van siel, gees en liggaam (121).

In hierdie hoofstuk word die krisis wat egskeiding veroorsaak bespreek. Eers is dit belangrik om aan te toon dat die egskeidingskrisis 'n krisis is wat elke persoon op 'n unieke wyse raak en daarom is dit onmoontlik om veralgemenings te maak oor die aard van die krisis. Daarna word die omvattende verlies wat egskeiding meebring, skuldgevoelens, angs, frustrasies met die hersteltempo en aanpassings wat gepaardgaan met egskeiding bespreek.

## 1 FAKTORE WAT MEEBRING DAT ELKE EGSKEIDING 'N UNIEKE KRISIS IS

Dit is onmoontlik om die krisis wat egskeiding veroorsaak te veralgemeen. Daar is net te veel veranderlikes wat 'n rol speel tydens elke egskeiding. Peck en Manocherian (1989:335) en Campbell (1995:185) toon aan dat die impak van egskeiding verskillend vir elke persoon is afhangende van 'n verskeidenheid faktore soos:

> ... the phase of family life cycle during which the divorce occurs, as well as other factors related to the ethnic, social, and economic context of the family.

Hoewel Peck en Manocherian (1989:347) die gevaar loop om te veralgemeen, is dit tog belangrik om daarvan kennis te neem dat die egskeidingskrisis na gelang van elke gesin se omstandighede kan verskil. Hulle dui aan dat dat die krisis vir die volgende gesinne verskil:

- pas getroudes sonder kinders
- gesinne met voorskoolse kinders
- gesinne met laerskoolkinders
- gesinne met tieners
- gesinne met kinders wat uit die huis is

Bursik (1991:137) dui die faktore aan wat die aard, omvang en intensiteit van die egskeidingskrisis beïnvloed (die veralgemeende gevolgtrekking word hierby aangetoon vir interessantheid, nie om 'n reël vas te lê nie):

- ouderdom: die egskeidingskrisis is groter vir ouer persone
- duur van die huwelik: vir persone wie se huwelike lank geduur het, is die krisis van egskeiding groter
- die teenwoordigheid van kinders al dan nie: kinderlose huwelike gee aanleiding tot 'n kleiner krisis na egskeiding
- aantal en ouderdom van kinders betrokke: hoe ouer die kinders hoe meer ontwrigtend is die egskeiding en hoe groter is die egskeidingskrisis

- houding teenoor geslagsrolle: hoe meer tradisioneel die houding teenoor geslagsrolle is, hoe groter is die egskeidingskrisis

- finansiële status na egskeiding: hoe slegter die geskeide finansieel daaraan toe is na egskeiding, hoe groter is die krisis

- emosionele ondersteuning uit ander verhoudings: baie emosionele ondersteuning uit ander bronne verklein die egskeidingskrisis

- die verhouding met die vorige eggenoot: indien daarin geslaag word om 'n konflik-vrye verhouding met die vorige eggenoot na egskeiding tot stand te bring, is die krisis kleiner

'n Faktor wat volgens Rossiter (1991:141) die omvang van die egskeidingskrisis bepaal, is "initiator status". Volgens haar is die populêre diskoers dat die persoon wat die krisis van egskeiding die beste hanteer, die persoon is wat die egskeiding inisieer. Die siening maak nie daarvoor voorsiening oor wie die verontregte party in die huwelik was nie. Die inisieerder is nie altyd die verontregte party nie. Dit is wel moontlik dat die egskeidingskrisis vir die verontregte party groter is as vir die party wat die onreg pleeg.

Die omvang en die intensiteit van die egskeidingskrisis verskil van individu tot individu. Dit kan ook dalk so wees dat vir sommige persone egskeiding glad nie 'n krisis is nie, net 'n verligting.

Met die unieke aard van elke egskeiding as agtergrond, wil ek dit tog waag om aan te dui wat die aard van die krisis is wat egskeiding vir die deelnemers veroorsaak het en hoe literatuur die krisis beskryf.

## 2 OMVATTENDE VERLIES.

Die verlies wat deur egskeiding veroorsaak word is omvangryk en beslissend. Die deelnemers het dit so beskryf:

> Mari het gesê dit is soos om winkel toe te gaan en niks te koop nie. Magda het vertel dat sy leeg is en fisies en emosioneel gedreineer is. Een van julle het gesê dit is soos om die 'dood te ervaar sonder om begrafnis te hou'. Daar is 'n groot gevoel van: julle het iets kosbaars verloor, en dit wat julle verloor het, het die lewe van julle af weggeneem, nie die dood nie. Julle het vertel van hoe ontnugter julle gevoel het die dag toe julle klaar geskei is (141).

Magda het ons weer op die verlies wat met egskeiding gepaardgaan gewys. Sy het die verlies beskryf as die 'verlies om aan 'n groter geheel te behoort'. Al die verliese is ook vir haar 'n verlies aan identiteit (224).

Egskeiding, soos in geval met afsterwe van 'n eggenoot, veroorsaak dat bande wat persone aan mekaar bind het, verbreek word. 'n Langtermynverhouding word beëindig. Egskeiding kan daarom volgens DeGarmo en Kitson (1996:984) gepaardgaan met soortgelyke verlies as wat met die afsterwe van 'n lewensmaat ondervind word. Die verlies het die potensiaal om 'n pynlike en stresvolle ervaring te wees wat die persoon se identiteit ontwrig. Verlies na egskeiding word egter gekompliseer deur die moontlikheid van voortgesette kontak en die verskillende grade van vyandigheid wat daarmee gepaardgaan.

Rosewater (1988:145) toon aan dat daar tog 'n verskil is tussen die krisis van egskeiding en die krisis van die afsterwe van 'n huweliksmaat. In 'n samelewing waar 'n vrou wat haar man kan behou, waardeer word, is dit 'n skande om geskei te wees. Dit is egter nie 'n skande om 'n weduwee te wees nie. Om sake te vererger ontbreek die formele godsdienstige en sosiale ondersteuning wat daar tydens die afsterwe van 'n huweliksmaat beskikbaar is tydens egskeiding. Tog is die rouproses vir egskeiding soortgelyk as by dood: hartseer, verlies en woede. Die vrou treur oor sowel die verlies van haar eggenoot as die verlies van haar verhouding. Dikwels is vroue nog gewillig om afstand te doen van hulle huweliksmaat, maar nie van die verhouding nie.

Everett en Volgy (1991:511) beskryf die verlies wat egskeiding veroorsaak as volg:

> ... it occurs not around the explicit loss of an object, but results in the less descernible yet untenable sense of loss around patterns of attachment, interpersonal and structural security, familial identification and bonding, loyalties, and the future of the family experience. All of these issues arise when the actual objects are still present but seemingly unreachable and unavailable in ways that were once comfortable and familiar. Thus, the family members must carry with them the sense of loss while still in the presence of that loving, or formerly loving, object.

Verlies gaan gepaard met rou. Die deelnemers het die rouproses wat hulle beleef het soos volg beskryf:

> Hoewel julle wou loskom van chaos, rou julle oor dit wat julle verloor het: 'n lewensmaat, 'n toekoms, vrede, finansiële sekuriteit, 'n verlede waarin julle baie belê het (158).

Die verlies wat deur egskeiding veroorsaak word is volledig. Daar kan onderskei word tussen die volgende aspekte van verlies:

## 2.1 DIE VERLIES VAN DIE VERLEDE

Die deelnemers het die verlies van hulle verlede soos volg beskryf:

> ... Egskeiding veroorsaak dat julle voel julle verlede 'n 'waste' was, tyd wat julle gemors het. Ek het gewonder of Egskeiding probeer om goeie herinneringe van die verlede van julle te steel? (145)

Rossiter (1991:149) voer aan dat die geskeide persoon in 'n sekere opsig haar verlede verloor. Tot en met die egskeiding was die persoon se verlede goed aan haar bekend. Met die egskeiding verloor sy die vorige, betroubare vertolking van die verlede. Hulle wonder of hulle al die jare met 'n vreemdeling saamgebly het, iemand wat hulle gedink het hulle ken, maar nooit werklik geken het nie? Dit laat hulle wonder of hulle ooit hulleself geken het? Hulle interpretasie van die verhouding, en daarmee saam hulle interpretasie van gebeure, is verloën. Dit wat in die verlede gebeur het, is nie meer 'n betroubare, onbevraagtekende weergawe van hulle eie unieke geskiedenis nie.

Hoewel die persoon wat deur egskeiding gaan die verlede as sinloos kan beleef, is dit nie die volle verhaal nie. Die deelnemers het ook vertel dat hulle goeie tye saam met hulle vorige huweliksmaats gehad het (31) (vergelyk ook die deelnemers se verhale in die Hoofstuk Vyf). Deel van die herstelproses na egskeiding is dat die persoon se verlede weer sinvol gerekonstrueer word op 'n manier wat die egskeiding verklaar. Daarom is Rika se opmerking belangrik as sy daarop wys dat:

> ... die verlede nie noodwendig 'n 'waste' is nie. Hoewel Egskeiding hartseer is, kan dit nie die belewenisse en groei wat julle voor die egskeiding gehad het van julle steel nie, veral kan egskeiding nie julle kinders van julle steel nie (145).

Dit is nie eenvoudig of maklik om die pole van goeie herinneringe van die verlede te integreer met die huidige negatiewe ervarings nie. Maar wanneer begin word om te beleef dat die hele verlede nie noodwendig 'n "waste" was nie, kan dit die herstelproses help.

## 2.2 DIE VERLIES VAN DIE HEDE

Die deelnemers was van mening dat hulle baie in hulle huwelike belê het en hulle nou nie die vrugte kan pluk op die belegging nie:

> Julle het genoem dat julle baie in julle huwelike belê het, veral wat betref emosies en finansies, en nou wil Egskeiding julle daarvan oortuig dat dit 'n 'waste' was. Terwyl julle sukkel om kop bo water te hou, trek die ander partye die voordeel van dit wat julle saam opgebou het (160).

Dit was veral die finansiële voorspoed wat die mans geniet het, in kontras met die finansiële agteruitgang wat die deelnemers beleef, wat vir hulle 'n bitter pil was om te sluk (30).

'n Faktor wat die hede ook vir die deelnemers 'n krisis gemaak het, was die ervaring dat, waar daar 'n derde party aanleiding gegee het tot die egskeiding (Magda, Carna en Rika), sy/hy (onverdiend) deel in die materiële voorspoed waarvoor hulle hard gewerk het.

Rossiter (1991:23) beskryf die krisis van die hede dat die geskeide persoon om hom/haar uit die bloute in 'n totaal ander, vreemde, omgewing bevind. Hulle vorige identiteit verdwyn. Hulle word gedwing om oor hulleself te dink en praat op maniere wat vir hulle nie lekker is nie en negatiewe konnotasies het. Ander praat van hulle op dieselfde manier. Geskeide mense word beskryf in terme soos "ex-vrou" of "ex-man", enkelouer, geskeide. Hiermee saam gaan die kulturele betekenis van die woorde: ex-vrou ('n mislukking?), geskeide (beskikbaar?), enkelouer (slegte ouer?). Die taal wat 'n geskeide persoon beskryf skep 'n totale nuwe omgewing waarby die geskeide moet aanpas. Die gebrek aan taal om hulle nuwe omstandighede te beskryf word die duidelikste gesien wanneer geskeide vroue nie taal het om hulle vorige huweliksmaats mee te beskryf nie. Die vorige huweliksmaat word beskryf as 'n verskillende mens voor en na die egskeiding.

## 2.3 DIE VERLIES AAN DIE TOEKOMS

Die deelnemers vertel dat hulle die toekoms waaraan hulle saam met hulle huweliksmaat gebou het, saam oor gedroom het, verloor:

> Egskeiding (het) in 'n sekere opsig julle van julle toekoms beroof: die voorreg om saam met die man wat jy liefhet oud te word, is van julle "gesteel". Egskeiding wil sommige van julle daarvan oortuig dat julle lewe nou verby is en dat julle nie 'n nuwe lewe ná Egskeiding sal kan aanpak nie (144).

Rossiter (1991:23) noem dat tydens die huwelik daar gedroom word oor 'n gesamentlike toekoms. Egpare het gesamentlike ideale gehad wat hulle wou verwesenlik. Die drome en ideale word deur egskeiding vernietig. Geskeide persone voel dikwels dat hulle nie 'n toekoms het nie, daar is geen hoop vir hulle nie. Hulle het niks meer om oor te droom nie. Hulle beskryf hulleself as "leeg". Die

huwelik was veronderstel om blywende geluk en sekuriteit te verskaf. Gesamentlike ouerskap, gesamentlike aftrede en 'n maat vir die oudag was deel van die droom. Die droom wat verloor word gaan gepaard met 'n gevoel van hopeloosheid.

## 2.4 DIE VERLIES VAN 'N SELFBEELD EN SELFVERTROUE

Egskeiding het 'n vernietigende effek op 'n persoon se selfbeeld. Die deelnemers het vertel dat Egskeiding hulle daarvan wil oortuig dat hulle "nie goeie oordeel het nie", hulle "selfvertroue is ondermyn", hulle "menswaardigheid is aangetas" en hulle voel "weerloos, moedeloos en pateties" (100, 146).

Die deelnemers het beleef dat hulle 'n verkeerde keuse gemaak het toe hulle 'n huweliksmaat gekies het. Hullle het gedink dat hulle ook tydens die huwelik verkeerde keuses gemaak het wat tot die egskeiding aanleiding gegee het. Hulle vra hulleself dikwels die vraag af: wat het ons verkeerd gedoen?

Hulle het vertel hoe hulle, nadat dinge in hulle huwelike begin skeefloop het, geworstel het met die vraag "wat doen ek verkeerd"? Die vraag word uit desperaatheid gevra om die huwelik te probeer red (198).

Die gebrek aan selfvertroue word ook duidelik in ander sosiale verhoudings. Die deelnemers het beleef dat 'n groot deel van die samelewing ongemaklik is met, en onkundig is oor, die emosies wat met egskeiding gepaardgaan. Dit het die deelnemers ongemaklik laat voel en hulle verhoed om hulle ware emosies aan almal te wys. Die groep het dit beleef as 'n stuk valsheid by hulle. 'n voordoen van wat hulle nie werklik is of voel nie:

> Julle het gesê dat julle 'n 'pose' voor ander mense hou. Hoewel sommige mense julle bewonder vir dit wat julle regkry, dink julle dit is 'n 'leuen', julle is nie regtig so sterk as wat ander mense dink nie (102).

Rika het vertel dat sy baie aande na werk in trane huistoe gery het om in die privaatheid van haar eie huis te treur. Toe dit vir haar nie meer nodig was om só uiting aan haar emosies te gee nie, het sy dit beleef as 'n belangrike aspek van herstel.

## 2.5 DIE VERLIES AAN BETEKENIS

Die deelnemers het verlies aan betekenis en 'n gevoel van mislukking beleef:

Julle het ook vertel dat Egskeiding julle daarvan wil oortuig dat julle in 'n mindere of meerdere mate misluk het (147).

Cosby, Lybarger en Mason (1986:28) noem ook dat egskeiding met 'n gevoel van mislukking gepaardgaan. So 'n mislukking is veral moeilik vir vroue om te verwerk wat groot geword het met die idee dat dit hulle taak is om die huwelik te bewaar (Rosewater 1988: 144). Alle mense gaan die huwelik binne met die idee dat dit 'n wederkerige ondersteunende, verrykende, lewenslange verhouding sal wees. Daarom is egskeiding so 'n pynlike gebeurtenis (Amato:2000 1271).

## 2.6 DIE VERLIES AAN ONDERSTEUNING

Na egskeiding is die geskeide op haarself aangewese. Hoe onaanvaarbaar die huwelik ookal was, die huweliksmaat was daar vir ekonomiese ondersteuning, hulp met die kinders, instandhouding van die huishouding, of om net nie alleen te voel nie. Egskeiding verbreek die ondersteuningsnetwerk wat die huwelik verskaf het. Praktiese en huishoudelike verantwoordelikhede wat die huweliksmaat in die verlede hanteer het moet nou self gedoen word (Riessman 1990:163). So moes die deelnemers 'n verskeidenheid nuwe verantwoordelikhede opneem wat in die verlede deur hulle huweliksmaat gedeel is. Magda was ontevrede dat sy onkundig gehou is oor huishoudelike finansies en nou skielik alleen daarvoor verantwoordelik was (162). Vir Carna, Lynette en Mari was die verantwoordelikhede van enkelouer wees 'n aanpassing (338).

## 2.7 DIE VERLIES AAN STATUS

Rika het dit ervaar dat die geskeide deur die samelewing "gebrandmerk" word (162). Van die deelnemers het ook beleef dat hulle na egskeiding die teiken geword het van voornemende uitbuiters (162).

Drie deelnemers, Rika, Magda en Carna, het by geleentheid vertel van die verlies aan status na hulle egskeidings. Rika het vertel hoe sy na haar egskeiding tydens familiebyeenkomste nie meer ingesluit word by die geselskap nie. Uit die aard van hulle mans se beroepstatus is Magda en Carna by onthale hoog geag. Na die egskeiding het dit verdwyn.

Die omvattende verlies wat egskeiding veroorsaak het emosionele en fisiese gevolge vir die persoon wat deur egskeiding gaan (meer oor die emosionele gevolge van egskeidings sal bespreek word in die hoofstuk oor emosionele rekonstruksie). Indien die verlies wat egskeiding veroorsaak, in ag geneem word, word die reaksies nie meer as "abnormaal" of "patologie" beskou nie, maar as

normale reaksies op verlies. Daar kan saamgestem word met Crosby et al. (1986:38) wat, nadat hulle die gevolge van egskeiding bespreek, die gevolgtrekking maak dat:

> Clinical implications include the truism that 'normal' is a very broad and diverse range of feelings, thoughts, and behaviours. Abnormal grief reactions are perhaps more readily and easily conceptualized than operationalized. Perhaps the most significant contribution of all divorce-grief research is the increasing confidence with which we may label, define, or reframe grief as being 'normal', healthy, and necessary for recovery, acceptance, and the business of reconstructing one's future.

## 2.8 SKULDGEVOELENS

Saam met die verlies ervaar baie vroue ook geweldige skuldgevoelens oor die verhouding wat verbrokkel het (Crosby et al. 1986:29). Die skuldgevoelens word dikwels vir vroue met kinders geaksentueer omdat hulle voel hulle kinders word die voorreg ontneem om 'n voltydse pa te hê. Om vroue daarop te wys dat egskeiding 'n mislukking is waarby twee partye betrokke is, of dalk net daaraan toegeskryf kan word dat twee mense gelydelik uitmekaar groei, help om skuldgevoelens te verwerk. Dit is volgens Rosewater (1988:145) baie belangrik dat vroue hulle skuldgevoelens verwerk voordat hulle 'n skikking beding omdat baie vroue geneig is om, as gevolg van skuldgevoelens, toegewings te maak tydens die skikking wat nie in hulle belang is nie (Rosewater 145:1988).

Hierdie skuldgevoelens word vererger indien die persoon wat egskeiding kies aan 'n geloofsgenootskap behoort wat egskeiding afkeur. Indien 'n persoon grootgeword het met die idee dat egskeiding sonde is, teen die wil van God is en ten alle koste vermy moet word, is dit vanselfsprekend dat skuldgevoelens baie erger sal wees. Die deelnemers het tydens verskeie gesprekke skuld en skuldgevoelens aangeraak. In die hoofstuk oor emosionele rekonstruksie word verder oor die hantering van skuldgevoelens uitgebrei.

## 3 FRUSTRASIE MET DIE HERSTELTEMPO

'n Deel van die probleem wat egskeiding veroorsaak is dat die betrokke persone dink die herstel gaan veel vinniger plaasvind as wat wel die geval is. Die groep se belewing is in een van my briewe soos volg verwoord:

Julle het vertel van die ontnugtering wat julle beleef het toe dinge ná die egskeiding nie so baie verander het soos wat julle gedink het dit sal verander nie. Julle het gedink dat as die egskeiding net verby is, gaan julle 'orraait' en 'fine' wees, julle sal kan 'cope'.

Julle het gehoop dat Egskeiding julle sal bevry van emosionele teistering, maar dit hou aan. Julle het gehoop dat Egskeiding julle sou help om op te hou kwaad wees, maar julle hou aan kwaad wees. Julle het gehoop dat Egskeiding julle sou help om op te hou huil, maar julle hou nie op huil nie. Hoewel julle wou loskom van chaos, rou julle oor dit wat julle verloor het: 'n lewensmaat, 'n toekoms, vrede, finansiële sekuriteit, 'n verlede waarin julle baie belê het (156,157,158).

Nie net moet die geskeide mens die skok en vrees van die vernietigende invloed van egskeiding hanteer nie, maar sy/hy moet ook die frustrasie van die stadige hersteltempo in die oë kyk. Rossiter (1991:149) sê gewoonlik word die tyd wat geneem word om te herstel onderskat. Die lang verloop van die herstelproses laat 'n geskeide persoon paniekerig voel. Die moontlikheid bestaan immers dat hulle nooit sal herstel nie. Volgens die deelnemers is die gevoelens vererger deur familie, vriende en kollegas se raad om hulle "reg te ruk", "aan te gaan met hulle lewens" want die vorige huweliksmaat "is nie hulle trane werd nie". Hierdie faktore dra net by tot gevoelens van skuld, mislukking en hopeloosheid.

## 4 AANPASSING BY NUWE OMSTANDIGHEDE NA EGSKEIDING

Na egskeiding, en voordat weer aangegaan kan word met die lewe, is daar aanpassings wat gemaak moet word: die ouer wie primêre toesig oor die kinders kry, moet aanpas by die verantwoordelikhede wat enkelouerskap meebring. Die verlies aan kontak met die kinders vir die ouer aan wie nie primêre toesig gegee is nie, is 'n aanpassing. Daar is dikwels voortgesette konflik met die vorige huweliksmaat oor onderhoud en besoekregte aan die kinders. Indien die egskeiding gepaard gaan met verhuising, is daar die verlies aan emosionele ondersteuning van bure en die aanpassing by die nuwe omgewing. Omdat dit duurder is om twee huishoudings te finansier as een, gaan egskeiding gewoonlik gepaard met 'n laer lewenstandaard vir albei die partye. Daar moet aangepas word by die nuwe finansiële werklikhede (Amato 2000:1272).

Elkeen van die deelnemers het deur geweldige aanpassings gegaan tydens hulle egskeidings. Almal van hulle moes verhuis, vier het hulle in 'n nuwe woonbuurt bevind en moes by 'n nuwe gemeente aansluit, hulle kinders moes nuwe skole begin bywoon, almal moes gewoond raak aan 'n laer

lewenstandaard en hulle moes nuwe verantwoordelikhede begin nakom. Die nuwe omstandighede waarin hulle hulle bevind het en waarby hulle en hulle kinders moes aanpas gaan gepaard met angs.

## 5 ANGS

Bogenoemde faktore gee aanleiding tot groot onsekerheid by mense wat deur egskeiding geraak word. Die onsekerheid gee aanleiding tot angstigheid. Vir vroue wie se mans al die belangrike besluite geneem het oor kontrakte, finansies en behuising is dit 'n angswekkende ervaring om nou skielik alleen hierdie besluite te neem.

Volgens Haffey en Cohan (1992:147) gee die erkenning dat 'n langtermynverhouding nie beredder kan word nie, aanleiding tot vrees en verlies aan sekuriteit. Vroue beleef dat hulle as versorgers misluk het en dat die vooruitsig om alleen te wees angs veroorsaak. Wanneer hulle vir hulle eie besluite en dade verantwoordelikheid moet neem lei dit tot vrees.

In 'n tyd wanneer die deelnemers aan egskeiding baie kwesbaar is, verwag die gemeenskap dat hulle besluite neem, probleme oplos en hulle selfvertroue behou. Terwyl hulle verwerping beleef word van hulle verwag om te midde van intense konflik vreesloos te bly. Vroue wat deur egskeiding gaan is dikwels hartseer omdat hulle verlaat is deur 'n persoon vir wie hulle lief is, hulle is verward oor hulle wetlike regte, onseker oor hulle toekomstige finansiële status, bang oor dit wat die toekoms vir hulle inhou, oorbeskermend teenoor die wat naby aan hulle is en ook seer kan kry. Intussen vrees hulle vergelding. Die kombinasie van die faktore het tot gevolg dat terapeute vroue se reaksie tydens egskeiding as patologies of oorafhanklik beskryf, terwyl hulle reaksie die integrasie van aangeleerde geslagsrolle is (Haffey & Cohen 1992:142).

## 6 DEELNEMERS SE REFLEKSIE

Die deelnemers se reaksie op die hoofstuk was dat hulle waardering het dat ek probeer om die krisis van egskeiding te beskryf, maar dat die egskeidingskrisis nie met woorde beskryf kan word nie. Hulle het die egskeidingskrisis beskryf as 'n "landmynontploffing wat jou lewe in miljoene stukke opblaas", "jy sink in die diepste, donkerste oseaan denkbaar... net as jy dink jy kan nie verder sink nie, sink jy weer dieper".

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat egskeiding 'n geweldige en omvattende krisis vir vroue veroorsaak. Daarom is dit te verwagte dat geskeide vroue dikwels by terapeute vir hulp aanklop. In die volgende hoofstuk word egskeidingsterapie in groter detail bespreek.

# HOOFSTUK 8

# EGSKEIDINGSTERAPIE

Die krisis wat egskeiding in vroue se lewens veroorsaak, het tot gevolg dat hulle dikwels vir terapie aanmeld. In hierdie hoofstuk word vervolgens gekyk na diskoerse wat die terapieproses konstitueer.

Uit die literatuur het dit geblyk dat daar 'n diskoers bestaan wat egskeidingsherstel beskryf as 'n proses wat in fases verloop. Die "herstelproses in fases" moet onderskei word van die kronologiese fases van egskeiding. In hierdie hoofstuk word daarom eerste aandag gegee aan die kronologiese fases van egskeiding. Daarna word die fase-diskoers oor egskeidingsherstel bespreek en laastens word 'n alternatiewe diskoers tot egskeidingsherstel in oënskou geneem soos dit deur die deelnemers beleef is en in literatuur beskryf word.

## 1 DIE KRONOLOGIESE FASES VAN EGSKEIDING

Salts (1985:13), Sprenkle (1989:17), Everett en Volgy (1991), Crosby et al (1986:23) en Lyon et al (1985) onderskei drie kronologiese fases in die egskeidingsproses en die terapeutiese taak wat daarmee gepaardgaan:

Die voor-egskeiding (besluitneming) fase: in dié tyd word egskeiding oorweeg. Die terapeut se taak is om te bepaal hoe vasbeslote die persoon is om die huwelik voort te sit. Terapie behels die ontleding van die probleme en behoeftes van elke party, die ontwikkeling van alternatiewe oplossings, die oorweging van die gevolge van die alternatiewe oplossings, die keuse uit die alternatiewe, die implementering van die alternatiewe, die evaluering van die implementering en identifikasie van behoeftes en probleme.

Egskeiding-strukturering: indien een of albei partye besluit het dat egskeiding die oplossing vir hulle probleme is, is dit die taak van die terapeut om hulle te help om die egskeiding te struktureer. Die taak van die terapeut om as mediator op te tree wat die persoon help om aanvaarbare besluite te neem met betrekking tot wie en wanneer ander partye ingelig word oor die beplande egskeiding, wanneer gaan geskei word, die hantering van onopgeloste emosies, die verdeling van die boedel, sake oor die toesig en beheer van die kinders. Die fase word gekompliseer indien een van die huweliksmaats nie wil skei nie. Indien die terapeut betrokke is by die onwillige party, is die terapeut se taak om die onwillige persoon te help om tot aanvaarding te kom. Krisisse wat in die

stadium deur die persoon hanteer word, is verlies, finansiële probleme, probleme in verband met die werk, kinders, familie en vriende, seksualiteit en die inrigting van die huishouding. Die terapeut kan in die stadium die persoon bystaan om hom/haar te help met die aanleer van praktiese vaardighede en die gee van inligting oor hoe om die nuwe uitdagings te hanteer.

Na-egskeidingsherstel: tydens hierdie fase word geleer om eensaamheid te hanteer, nuwe sosiale verhoudings word aangeknoop, selfvertroue word herwin en 'n nuwe selfbeeld word opgebou Voortgesette probleme met die vorige huweliksmaat oor onderhoud en besoekregte aan die kinders moet onderhandel word. Dit is tydens dié fase, wanneer die geskeide persoon met haarself worstel, dat die geleentheid vir persoonlike groei na vore kom. Voorkeure, waardes, en doelwitte word geëvalueer en vasgestel. Die terapeut se taak is om nie veroordelend te wees nie, maar om ondersteunend te wees, en die mate van selftevredenheid en outonomie wat die kliënt bereik saam te vier.

Hoewel die terapeutiese take wat volgens die skrywers telkens saam met elke fase aandag behoort te kry kunsmatig en geforseerd is, kan met bogenoemde uiteensetting van die kronologiese verloop van die egskeidingsproses saamgestem word.

Daar bestaan egter 'n terapeutiese diskoers wat egskeidingsherstel ook in kronologiese opeenvolgende stadiums indeel.

## 2 DIE STADIUMDISKOERS OOR EGSKEIDINGSHERSTEL

Die stadiumdiskoers oor egskeidingsherstel word in Crosby et al. (1986:17) se "hipotese" duidelik:

> Persons who have experienced divorce will display a sequence of feelings, cognitions, and behaviors which progress in general sequence from denial to anger, bargaining to depression, to acceptence.

Die "hipotese" van Crosby is 'n populêre diskoers oor egskeidingsherstel. Rossiter (1991:144) bevind dat literatuur oor aanpassing na egskeiding swaar leun op twee skemas: stadiumteorie en terapie wat in verband staan met rou. Die stadiumteorie probeer om aanpassing na egskeiding te verstaan deur progressiewe, oorvleuelende stadiums te onderskei waardeur 'n geskeide persoon gaan. Daar is 'n groot oorvleueling tussen stadiumdiskoers oor egskeidingsherstel en die diskoers oor rou. Die literatuur oor rou lê daarop klem dat die verlies en gepaardgaande emosies erken moet word. Deur erkenning te gee aan woede, skuldgevoelens, ontkenning, skaamte en ander emosies

word die verlies "verwerk". Dikwels word die emosies voorgestel as stadiums waardeur 'n persoon gaan.

Salts (1979:233) verdeel die verskillende teorieë oor die egskeidingsproses in twee groepe: dié wat fokus op die emosionele aspekte van die egskeidingsproses, vergelyk Herrmann (1974) en Kraus (1979) wat Kübler Ross (1969) se stadiums van rou toepas op die egskeidingsproses, en dié wat fokus op die gedrag/gebeure-aspek (vergelyk Bohannan (1970) en Kessler (1975).

Volgens verskillende skrywers is daar verskillende stadiums waardeur gegaan word. Bell en Joiner (1990:7) haal die volgende voorbeelde aan van die voorstanders van die stadiumteorie:

Bohannan (1970): Emosionele egskeiding, die regsgeding, ekonomiese egskeiding, die hantering van gesamentlike ouerskap, gemeenskapsvraagstukke en fisiese egskeiding.

Kessler (1975): Ontnugtering, verwerping, ontbinding, fisiese egskeiding, treur, tweede adolessensie.

Hoewel daar dalk sekere persone is wat deur egskeiding gaan wat dalk die herstelproses so beleef soos hierbo beskryf is, is daar ernstige kritiek teen die stadiumdiskoers van egskeidings herstel. Die kritiek teen die stadium-diskoers kom nou aan die orde.

## 3 KRITIEK OP DIE STADIUMDISKOERS

Everett en Volgy (1991:512), wat uit 'n sisteemteorie diskoers egskeiding benader, se stadiumdiskoers-benadering is 'n voorbeeld van terapeute wat op grond van vermeende "kennis" hulle in 'n magsposisie plaas. Hulle beweer dat "our systemic orientation would provide us with enormous recources for understanding the divorce process".

Die bewering wat Everett en Volgy maak, getuig daarvan dat hulle aanvaar dat 'n bepaalde diskoers hulle in staat stel om egskeiding te "verstaan". Die "verstaan" van die egskeidingsproses lei dié terapeute daartoe om die proses in veertien fases in te deel. Selfs dié twee terapeute wat beweer dat hulle egskeiding "verstaan" moet toegee dat: "For the clinician, a family's movement across these stages is never expectably smooth or even predictable (Everett en Volgy 1991:513).

Ook Salts (1985:13) pas nie die stadiumdiskoers onbuigsaam toe nie. Sy beklemtoon dat elke persoon egskeiding verskillend ervaar en 'n fase kan oorgeslaan word, of die volgorde waarin die stadiums voorkom kan verander. Daar is wel verskillende emosies soos vyandigheid, depressie, 'n

laer selfbeeld en sosiale isolasie geïdentifiseer wat met egskeiding gepaardgaan. Volgens Salts is daar egter min aanduidings dat die volgorde, intensiteit en duur van die emosies eenvormig is. Daar is 'n wye verskeidenheid van maniere hoe persone die besluit om te skei, die aanvaarding en die verwerking daarvan hanteer. Volgens Salts is die herstelproses nie 'n liniêre proses nie, maar 'n sirkulêre proses.

Volgens Hagemeyer (1986:238) is daar ernstige probleme met die stadiumdiskoers. Haar ervaring is dat persone wat deur egskeiding gaan nie die stadiums en gebeure in dieselfde volgorde ervaar nie.

Rossiter (1991:145) is van mening dat die stadiumdiskoers van egskeidingsherstel nie ontstaan het deur die egskeidingsproses waar te neem nie. Dit lyk vir haar of die voorstanders van die stadiumteorie hulle teorie onkrities oorgeneem het uit bestaande teorieë oor routerapie (Rossiter 1991:145).

Volgens Rossiter (1991:145) het 'n postmoderne diskoers aangetoon dat diegene wat kennis voortbring geneig is om kennis so te gebruik dat die ervarings van ander op so 'n manier te beskryf dat die "kenners" ander kan beheer. Indien terapeute verskillende stadiums identifiseer waardeur die egskeidingsproses verloop, word die indruk by persone wat deur egskeiding gaan geskep dat daar "professionele kenners" is wat presies weet wat met hulle gebeur en hoe hulle gehelp kan word. Op die manier word die persone wat deur egskeiding gaan ontmagtig. Hulle word "slagoffers" wat deur "kenners" "gehelp" moet word. Daarom kan saam met Rossiter ernstige vrae gevra word oor wie se belange gedien word deur die egskeidingsproses te beskryf deur die skep van 'n stadiumdiskoers? Die terapeut word in 'n magsposisie geplaas en die persoon wat egskeiding beleef word magteloos gelaat.

Dat die rekonstruksie van lewe nie 'n gelykmatige proses is nie het geblyk uit die skommelinge wat die deelnemers in die herstelproses ondervind het. In een gesprek het die deelnemers vertel dat dit besonder goed met hulle gaan en aangetoon dat hulle die afgelope ses maande gevorder het van so laag as –4 tot 'n 6, 7, 8, en amper tien (48). Tydens 'n volgende gesprek het hulle vertel dat dit baie sleg met hulle gaan, hulle het vertel dat hulle:

> ... 'af' is, 'n 'dip' vat en dat dit oor die algemeen nie so goed gaan soos julle graag wil hê dit moet gaan nie (95).

Om 'n verwysingsraamwerk vir "af" wees en "'n 'dip' te vat" te skep, het ek in die brief die metafoor gebruik van "ou lewe wat besig is om te sterf" (die voor - egskeidingslewe) en die nuwe

lewe wat besig is om gebore te word (die na - egskeidingslewe). Die "dips" is omskryf as "geboortepyne" (ek het gedink die beeld sal vir vroue toepaslik wees: die pyn hou die belofte van nuwe lewe in):

> Dit het my laat wonder in watter mate julle dalk besig is om 'n 'wedergeboorte' te beleef? Is dit dalk so dat julle besig is om 'n 'ou lewe' af te sterf en dat 'n 'nuwe lewe' besig is om gebore te word? Indien dit so is, sou julle hierdie 'dips' beskou as deel van die proses waartydens die Nuwe Lewe vir julle aanbreek? Hoewel ek nog nooit self daardeur is nie, wonder ek of daar al ooit 'n geboorte sonder pyn was? (96).

Later in die proses het die deelnemers verwys na die metafoor van geboorte en wedergeboorte. Hulle het genoem:

> ... dat indien die beeld van 'nuwe lewe' toepaslik is, onthou moet word dat 'nuwe lewe' geboorte veronderstel en dat daar nog nooit 'n geboorte sonder pyn was nie. Veral omdat hierdie geboorte, volgens Carna, 'n omvattende geboorte van siel, gees en liggaam is.
>
> Julle het sommer 'n klomp dinge genoem wat weergebore word in die proses van die nuwe lewe wat aanbreek:
>
> Julle het genoem dat daar 'n totale ommekeer in julle denke plaasgevind het.
>
> Aan die grondslag van die nuwe lewe wat julle begin het, lê 'n nuwe waardestelsel wat julle ontwikkel het (121,122).

Ek het ook verkies om nie na "probleme" te verwys nie maar na "uitdagings":

> Julle elkeen het julle skielik in omstandighede bevind wat weer nuwe uitdagings en eise aan julle stel:
>
> - Vir Carna was dit die skikking wat uitgestel is
> - Vir Lynette het uitdagings by die werk opgeduik
> - Vir Magda was daar die drama rondom die prokureurs
> - Vir Rika die kontak wat sy met haar man gehad het
> - Mari se dogtertjie is siek en sy moet alleen baie reëlings tref (97)

Ek het gevra of die nuwe uitdagings nuwe vaardighede van hulle vra en watter nuwe vaardighede hulle aangeleer het (98)? Of het hulle vaardighede gebruik waaroor hulle reeds beskik (99).

Die deelnemers het ook na die nuwe vaardighede wat hulle geleer het verwys:

> Lynette het genoem dat, terwyl die vaardighede wat julle gehad het om die ou lewe mee te leef nie oorbodig word nie, is daar 'n klomp nuwe vaardighede wat julle moes aanleer (121).

Uit die voorafgaande blyk die belangrikheid van taalgebruik in terapie. Deur "af wees" en "dips" te beskryf as "geboortepyne", probleme te beskryf as "uitdagings", en deur te verwys na die vaardighede waaroor die deelnemers reeds beskik en nuwe vaardighede wat bemeester is, is wegbeweeg van probleemgesentreerde taal wat die probleme wat geskeide vroue ervaar, help in stand hou. Deur die "nuwe" taal wat ons begin gebruik het, is ruimte geskep vir 'n alternatiewe diskoers om te ontvou: 'n diskoers waar nuwe lewe, geleenthede en persoonlike groei 'n moontlikheid is.

Die wisseling wat die deelnemers in die herstelproses beleef het, het my laat besef dat die herstel na egskeiding 'n baie meer komplekse proses is as wat deur die stadiumdiskoers beskryf word.

## 4 'N ALTERNATIEWE DISKOERS VAN REKONSTRUKSIE VAN LEWE NA EGSKEIDING

Rossiter (1991:146) se ervaring by 'n egskeidingsherstelsentrum in Kanada laat haar tot die gevolgtrekking kom dat:

> ... observations over time have led us to believe that our clients did not experience their recovery process in stages. In fact, many wished they could organize the process in defined stages because they felt it might give them a greater sense of control. Indeed, clients experienced a great deal of fear because of the unpredictable nature of their feelings. They felt at the mercy of unexpected rage or sudden depression which they were unable to explain.

Riessman (1990:161) beskryf die rekonstruksie van lewe na egskeiding as 'n proses waarin persone:

> ... in the restless search to recover meaning they become innovators, developing accounts of positives in the divorcing process and taking charge of their own recoveries and of others' view of them by acting on their worlds.

Hierdie beskrywing van die rekonstruksie van lewe na egskeiding beklemtoon 'n paar belangrike dinge:

- "the restless search": beklemtoon dat die rekonstruksie nie maklik is nie

- "they become innovators": beklemtoon dat rekonstruksie gepaardgaan met kreatiwiteit en selfstandigheid
- "developing accounts": beteken dat 'n nuwe lewensverhaal geskryf word
- "of positives": iets positiefs word ontdek in die nuwe lewe na egskeiding
- "taking charge": die geskeide persoon neem beheer van sy/haar eie lewe.

Hier volg 'n alternatiewe diskoers van rekonstruksie soos dit deur die deelnemers beleef is en in literatuur beskryf is.

## 4.1 VENTILEER DIE SEER

Magda het tydens een gesprek opgemerk dat "die seer eers geventileer moet word, dan kan mens aangaan" (52).

In verband met die uiting gee aan die seer kan saamgestem word met Kliman (1986:5):

> ... that people victimized by an acute situational crisis are entitled to feel whatever they feel. Responses to loss, illness, abuse, or displacement are usually neither neurotic nor psychotic; they are adjustment reactions to acute stress. Such diagnosis implies no pathology; it does imply a heightend vulnerability, a danger point. If the danger is acknowledged, we then have an opportunity to explore it and seek out the most adaptive, least destructive ways of living through it and mastering (sic) it.

Soos Kliman aandui, is die reaksies wat gepaardgaan met verlies gewoonlik nie neuroties of psigoties nie. My ervaring is egter dat die reaksies van die vroue wat deur egskeiding gaan deur 'n patriargale samelewing as neuroties beskou word. Die gevolg is dat vir baie (dalk die meerderheid?) vroue wat deur egskeiding gaan antidepressante voorgeskryf word. Hiermee wil ek nie te kenne gee dat daar nie tyd en plek vir antidepressante is nie. Ek dink net dat antidepresante voorgeskryf word terwyl die emosies wat vroue beleef tydens egskeiding toepaslik is vir die omstandighede waarin hulle hul bevind. Onder die omstandighede kan dit ook toepaslik wees om emosies te wys. Die groep het vertel dat hulle vrylik uiting aan hulle emosies gegee het, hulle het vertel dat hulle:

> ... 'geskel', en 'gehuil' (het) oor 'verwerping', 'leuens' en 'mislukking'. Ander mense wou julle nie altyd toelaat om dit te doen nie. Soms wou julle nie vir julself dit gun nie. (52)

Soos Bons-Storm (1996:76) aantoon, is die probleem wat die deelnemers ondervind het dat hulle, en ander, dit nie vir hulle wou gun om emosies te wys nie. Dit is die gevolg van 'n dominante diskoers oor vroulike emosies. Volgens Bons-Storm het die sielkundige Jung die populêre diskoers dat vroue onlogies en irrasioneel is op "wetenskaplike" fondamente geplaas. Die gevolg is dat:

> When woman open their mouths and tell their stories, their stories often are not heard as true stories about disturbing situations. On the contrary: the women are labeled as psychologically "disturbed". Women's stories about their confusion, anger, and depression are frequently seen as manifestations of the unbalanced and irrational way they deal with reality. The supposed irrationality of women has to be treated in order to make women "well adjusted" again, and that means women should play the roles that are prescribed in the sociocultural narrative, where they are placed under the wing of rational men (Bons-Storm 1996:71).

Vir die deelnemers was dit ook belangrik dat die heftige emosionele reaksie op een of ander stadium wel tot bedaring kom. Dit was egter nie 'n stadium wat afgehandel is nie (336), maar 'n proses wat oor tyd verloop het:

> Julle het vertel dat julle julle emosies en gemoedstoestand onder oë geneem en besluit het dat julle nie die res van julle lewens so wil voel nie. Onsekerheid en wantroue sou voortduur so lank as wat julle vasklou aan die verlede. Daarom moes julle 'n wilsbesluit neem dat julle verstand en julle emosies moet saamspan om die probleme te oorkom. (51)

In een brief het ek gewonder wat die ideaal is waarna die deelnemers streef: is dit dalk om uit te kom by Psalm 131: "Ek het rus en kalmte gevind. Soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind?" Ek het ook gevra of hulle sou saamstem dat die pad na rus en kalmte en vrede nie 'n maklike pad is nie (174). Die deelnemers het nie hierop reageer nie. My vermoede is egter dat die Psalm nie 'n eindpunt vir ons aandui nie, maar 'n proses. Ek dink dit geld nie net vir geskeide vroue nie, maar vir alle mense .

## 4.2 DIE "WOW" - EN DIE "OEE" - ERVARINGS

Die groep het vertel dat die nuwe lewe en die ou lewe mekaar afwissel met "wow"- en "oee"-ervarings (wat op 'n grafiek met hoogtepunte en laagtepunte aangedui kan word). Hulle het ervaar dat die tye tussen die "wow"-ervarings en die "oee"-ervarings langer raak terwyl die "oee"-ervarings se laagtepunte nie meer so laag soos in die verlede is nie. Lynette het ons daarop gewys

dat die insinkings daar is omdat hulle nog oefen om die vaardighede van die nuwe lewe aan te leer (127 en 128).

Van die "wow"-ervarings waarvan die groep vertel het, was:

> Lynette het werk gekry en die kinders het mooi rapporte van die skool af teruggebring.
>
> Carna se egskeiding is afgehandel en sy is nou baie rustiger. Die kinders se pleegsorg is nou afgehandel wat vir hulle baie sekuriteit gee.
>
> Mari het baie positiewe terugvoer van die skool af gekry oor haar dogter wat 'ontpop' het, altwee haar kinders het ongelooflik gegroei en sy is gelukkig in haar eie 'nessie'.
>
> Carna en Mari het vriende gemaak met twee persone wat hulle laat 'glimlag' en baie vir die kinders beteken (129).

Van die "oee"-ervarings wat die groep beleef het, het veral in verband gestaan met wat hulle beskryf en beleef as "teistering" en "intimidasie" van hulle vorige mans:

> Dan is daar ook in 'n mindere of meerdere mate finansiële probleme wat julle te bowe moet kom. Julle het gedink dat een van die oorsake van die optrede van die mans dalk is dat die mans nog nie self vrede gemaak het met hulle eie nuwe omstandighede nie en dat hulle verbaas is oor die krag wat daar by die vroue is (130,131).

Die beskrywing van die deelnemers van die "wow"- en "oee"-ervarings resoneer met Rossiter (1991:147) se beskrywing dat persone saam met wie sy gewerk het die herstelproses beskryf het in terme van "slegte" en "goeie" dae. Die slegste van die slegte dae gebeur in die eerste drie maande. Hulle huil dikwels, dink aanhoudend oor die egskeiding, voel vreesbevange en ervaar slaap- en eetversteurings. Hulle kan nie konsentreer nie. Hoe sleg die persoon ook al voel, hulle ervaar dit as "normaal" (gegewe die omstandighede waarin hulle hulle bevind).

Geleidelik verminder die reaksies in 'n mate. Hulle slaap en eet beter en beleef af en toe 'n "goeie" dag. 'n Goeie dag is 'n dag waartydens hulle in staat is om aan ander dinge te dink as die egskeiding, by die werk kan funksioneer en hoop het vir die toekoms. Onafwendbaar word die goeie dae opgevolg deur die terugkeer na depressie, hopeloosheid, woede en aanhoudend nadenke oor die egskeiding. Sonder rede sal 'n volgende geïsoleerde goeie dag dan weer uit die bloute ervaar word. Die wisselinge in die proses verwar die persone. Hulle het verwag om aan die begin sleg te voel, maar die onvoorspelbare aard van "goeie" en "slegte" dae is anders as hulle verwagting en ondermyn hulle strategieë om die probleem baas te raak (Rossiter 1991:147).

Volgens Rossiter (1991:147) vind vordering plaas wanneer 'n paar "goeie" dae na mekaar ervaar word, wat weer deur "slegte" dae gevolg word. Die wisseling tussen "goeie" en "slegte" dae maak beplanning baie moeilik. Op 'n goeie dag kan reëlings getref word, en as die dag aanbreek waarop die reëlings moet realiseer, is dit 'n slegte dag.

Geleidelik word oorwegend "goeie" dae ervaar. Geskeide persone dink al minder aan die egskeiding, hulle lewens word al meer herstruktureer, hulle bou 'n nuwe sosiale netwerk, hulle voel meer blymoedig en optimisties. Daar is nog per geleentheid 'n slegte dag. Die dae word beskou as 'n teken dat hulle nog nie herstel het nie en dat al die pyn en moeite verniet is (Rossiter 1991:147).

Die ervaring wat Rossiter beskryf het resoneer met wat die groep beleef het as "wow"- en "oee" - ervarings, die tydperk tussen die ervarings wat al langer word en die "oee" -ervarings wat nie meer so "diep" is soos in die verlede nie (127). Die afwisseling tussen die "wow"-en "oee"-ervarings, die "goeie" en "slegte" dae, is nie 'n gelykmatige proses is nie. Eerder is dit, veral aan die begin, 'n chaotiese proses.

Dit kan aanvaar word dat persone wat vir terapie kom na egskeiding graag oor hulle "oee" - ervarings tydens "slegte" dae sal wil praat. Die "slegte" dae, kan beskou word as, wat White en Epston (1990:14) die dominante, probleemgesentreerde verhaal noem. Ek het my verantwoordelikheid as terapeut gesien om te luister wanneer die "wow" -ervarings tydens "goeie" dae ter spake kom. Ek het die "wow" ervarings en "goeie" dae, in terme van White en Epston se beskouing, beskryf as "unique outcomes" (White 1991:127) en die alternatiewe verhaal (White en Epston 1990:15).

Dit kan gebeur dat die deelnemer, vir wie die "oee"-ervarings die dominante ervaring is, die alternatiewe "wow"-ervarings kan miskyk, hulle as nie betekenisvol ervaar nie en as die uitsondering op die reël beskou. Die "wow"-ervarings is aanvanklik die uitsondering op die reël, maar belangrike uitsonderings wat later die reël kan word indien die "wow"-ervarings uitgelig word as meer betekenisvol as die (aanvanklike) dominante "oee"-ervarings.

Om die proses te fasiliteer, het ek gesteun op wat White (1991:126) "re-authoring" noem. "Re-authoring" is die proses waartydens 'n nuwe, alternatiewe, verhaal in plek van die dominante, (probleemgesentreerde verhaal) geskep word. In verband met die "dips" en "af" wees het ek reeds aangetoon hoe die proses van "re-authoring" moontlike verloop het. Om "re-authoring" te fasiliteer is gebruik gemaak van "landscape of action" - vrae (White 1991:130).

"Landscape of action" - vrae moedig persone aan om "unique outcomes" te sien as opeenvolgende gebeure wat die alternatiewe, probleemvrye verhaal ondersteun. In die proses vertel die persoon van voorkeurgebeure in hulle lewens, maak verbindings tussen die gebeure, vordering word gemonitor en die persoon weet met verloop van tyd wat die volgende stap gaan wees in die rigting waarin hy/sy wil beweeg (White 1991:130). Daarom het ek voortdurend klem gelê op dit wat die deelnemers reeds bereik het. Die klem op dit wat reeds bereik is, het 'n belangrike aspek van die herstelproses vervat: die ervaring en evaluering van vordering.

## 4.3 DIE ERVARING EN EVALUERING VAN VORDERING

Tydens die gesprekke is daar telkens gevra wat die deelnemers as vordering beskou. Hier het die groep 'n baie belangrike rol gespeel. Vir buitestanders kan dit wat deelnemers as vordering beleef onbelangrik lyk: om 'n begrafnispolis uit neem, 'n selfoon aan te skaf, of om alleen te gaan koffie drink. Vir die deelnemers was dit groot prestasies. Die res van die groep het dit besef en saam die prestasie gevier (135, 151, 183, 208).

Later is 'n meer formele evalueringsvraelys opgestel wat die verskillende aspekte van herstel uiteengesit het (256-325). Weens die dinamiese aard van die terapie is die evalueringsvraelys nooit formeel tydens die gesprekke hanteer nie. Ek het wel gesprekke begin met verwysing na die vraelys (328, 377), maar dan het die gesprekke oorgegaan tot ander sake wat vir die deelnemers belangriker was.

Dit beteken egter nie dat die vraelys nie 'n rol gespeel het in die terapie nie. Die rol wat die vraelys vervul het was om die verwysingsraamwerk waarteen vordering gemeet is uit te brei om sodoende die deelnemers in staat te stel om historiese getuienis te vind dat hulle nuwe lewe op dreef is. In die briewe het ek telkens verwys na wat die deelnemers reeds bereik het om hulle nuwe lewens te vestig:

- Julle het vertel dat julle voortgaan met julle nuwe lewe (57).
- Elkeen van julle het reeds maatreëls getref om die Ou Lewe verder af te sterf en die Nuwe Lewe met durf aan te pak (105).
- Julle het vertel van die dinge wat julle gehelp het om die nuwe lewe te begin (125).

- Julle het ook vertel dat julle alreeds dinge gedoen het om die stemme[1] stil te maak (149).
- Julle het ook vertel van die nuwe vaardighede wat julle aangeleer het in die nuwe lewe wat julle begin het (151).
- Julle het vertel dat dit goed gaan met elkeen van julle se nuwe lewens (181).

O'Hanlon (1994:26) noem dat die vind van historiese getuienis dat die persoon bekwaam is om die dominansie van die probleem te oorkom belangrik is:

> Narrative therapists use the evidence of discovered competence as a gateway to a parallel universe, one which the person has a different life story, one in which he or she is competent and heroic. To keep this from being merely a glib reframing of the person's life, the narrative therapist asks for stories and evidence from the past to show that the person was actually competent, strong, spirited, but didn't always realize it or put a lot of emphasis on that aspect of him – or herself.

Hierby het ek aangesluit en vordering is om vir die deelnemers te vra of daar mense naby aan hulle is wat hulle vordering opgemerk het? Wie is verbaas daaroor? Wie is nie verbaas daaroor nie?

> Carna het vertel van vriende, en Rika van haar kinders, wat hulle bewonder vir dit wat hulle reggekry het. Magda het vertel van haar dogter wat haar heel eerste geplaas het op haar lys van mense wat haar beïnvloed en motiveer. Ek het gewonder wat dit is wat die mense in julle sien? Sien die mense julle optrede binne die omstandighede waarin julle julle bevind raak? Of sien hulle net die uiterlike raak? (102).
>
> Vir Magda was dit 'n bevestiging dat haar nuwe lewe op dreef is toe haar dogter vir haar gesê het: 'Ma is soos wat ek jou nog nooit geken het nie'. Toe sy vir haar broer sê sy sien uit na die res van haar lewe, het hy gesê dit is die 'niceste' opmerking wat sy in jare gemaak het" (183).

Met die gebruik om 'n gehoor vir die deelnemers te skep is aangesluit by wat White (1991:132) "experience of experience questions" noem. Dit moedig persone aan om 'n weergawe van ander persone se ervarings van hulle weer te gee. Die vrae moedig persone aan om sekere aspekte van

---

[1] Die "stemme" verwys na diskoerse in die samelewing wat vroue se selfvertroue ondermyn en hulle menswaardigheid aantas (146) en dat geskeide vroue misluk het (147).

hulle ervarings wat vergete geraak het te onthou en om ander persone se alternatiewe ervarings van hulleself te benut om die alternatiewe verhaal te vestig. Ook Freedman en Combs (1996:240) maak gebruik van die praktyk. Hulle praat van "spreading the news" deur 'n "gehoor" vir deelnemers daar te stel wat belang sou stel in die stappe wat geneem is, wat kon voorspel het dat die alternatiewe verhaal sou ontvou en wat die alternatiewe verhaal waardeer. Op dié manier word die deelnemers se vermoë om die alternatiewe verhaal te vestig versterk. O'Hanlon (1994:26) sê hieroor:

> Since the person developed the problem in a social context, it is important to make arrangements for the social environment to be involved in supporting the new story or identity that has emerged in the conversation with the therapist.

O'Hanlon se opmerking dat probleme wat persone ondervind in 'n sosiale konteks ondervind word is ook belangrik vir persone wat deur hulle lewens rekonstrueer na egskeiding. Vroue wat deur egskeiding geraak word beleef egskeiding in 'n sosiale konteks wat vroue verontreg. Om egskeiding te beskryf as weerstand teen onreg is 'n belangrike aspek van egskeidingsterapie saam met vroue.

## 4.4 WEERSTAND TEEN ONREG EN HEREVALUERING

Daar is reeds daarop gewys dat egskeiding beskou kan word as weerstand teen onreg (vergelyk Hoofstuk 6). Deur egskeiding só te beskryf word dit iets positief wat 'n vrou doen en is dit nie meer iets wat aan haar, 'n passiewe slagoffer, gedoen word nie.

Die deelnemers het in duidelike taal hulle misnoeë te kenne gegee oor die onreg wat hulle aangedoen is:

> Die gesprek het egter nie net by voorbeelde van Onreg in die samelewing en die Bybel gebly nie. Elkeen van julle het vertel dat julle ook al Onreg belewe het. Onreg het julle lewens omgekrap en laat julle met skuldgevoelens, verneder, met 'n selfbeeld en selfvertroue wat vernietig is. Onreg maak julle kwaad. Julle wil weerstand bied teen Onreg, maar in die proses ontlok. Onreg in julle reaksies waarvan julle nie hou nie en waarmee julle nie wil saamleef nie (40).[2]

---

[2] Die reaksies waarvan hier sprake is was die woede wat die deelnemers teenoor hulle vorige huweliksmaats gevoel het oor die onreg wat hulle aangedoen is

Met verloop van tyd het nuwe perspektiewe by die deelnemers ontwikkel. Carna het byvoorbeeld vertel dat hoewel haar vorige man materieël beter daaraan toe is na die egskeiding, het sy die vriendekring waaraan hulle behoort het "behou" wat vir haar ondersteun het. Dit beteken vir haar baie meer as al die geld in die wêreld.

Magda het vertel dat sy ook tot 'n herwaardering van materiële goedere gekom het. Noudat sy, na haar vorige man se afsterwe, met sy as in haar kas sit en die luukse (koue) woning na haar man se dood saam met haar dogters ontruim het, het sy besef dat daar baie belangriker dinge is as materiële dinge. Haar kleiu, maar sonnige, meenthuis het vir haar 'n simbool geword van haar nuwe lewe.

Wanneer persone wat verontreg voel oor die egskeiding die welsyn van die vorige huweliksmaat kontrasteer met hulle eie ellende, is dit vir hulle 'n groot bron van woede. Dit is onmoontlik vir geskeide persone wat verontreg is om te dink dat die ander party ook gevoelens en emosies het om te hanteer. Hulle kan nie verstaan waarom die egskeiding plaasgevind het nie en het nie woorde om dit te beskryf nie. Daar bestaan nie vir hulle 'n diskoers wat die teenstrydighede kan versoen nie (Rossiter 1991:150).

Rossiter (1991:150) beskryf die stadium as 'n stadium van "morele meerderwaardigheid". Dit is volgens haar 'n verbygaande stadium wat later gevolg word deur 'n meer objektiewe siening van die omstandighede. Dit is seker so dat terwyl die egskeiding nog vars is en emosies nog rou is, daar baie meer subjektiewe elemente betrokke is by die beoordeling van die manlike huweliksmaat se optrede en omstandighede. Later in die proses het die deelnemers besef dat hulle soms eensydig was in beoordeling (veroordeling?) van mans: Alle mans is nie soos ons hulle beskryf het nie (67).

Vanuit 'n feministiese oogpunt beskou is die griewe van vroue wat aanleiding gee tot egskeiding, en die omstandighede van vroue na egskeiding, nie net toe te skryf aan "morele meerderwaardigheid" nie. Oor sekere dinge kan vroue met reg blywend verontwaardig voel. Wat Rossiter "morele meerderwaardigheid" noem kan weerstand wees teen onreg en die energie verskaf om die nuwe lewe na egskeiding te begin.

Ander sake kan wel met die verloop van tyd in 'n nuwe perspektief gesien word. Die keuse oor watter sake die deelnemers blywend verontwaardig wil wees en watter sake hulle meer "objektief" wil beskou is volledig die deelnemer s'n.

## 4.5 DIE ONTDEKKING VAN DIE "GAWE" VAN EGSKEIDING

Wanneer die deelnemer die party is wat nie die egskeiding wou gehad het nie, is dit nie 'n vanselfsprekende of eenvoudige saak om in te sien dat daar voordele in die egskeiding is nie. Die voordele wat die egskeiding inhou, het vir die deelnemers met verloop van tyd al duideliker uitgekristalliseer:

> Julle het vertel dat julle voortgaan met die lewe. Julle het 'besluite begin neem', julle het 'selfstandig' geword, julle het 'oorwinnings' behaal. Vir Rika voel dit of sy 'uit die hok' is. Julle het selfs genoem dat julle "n bietjie losbandig word'. Julle kan maak wat julle wil, skuif meubels rond, kuier by wie julle wil, kies self die (vrolike) kleure wat julle die huis wil verf. Dit is vir julle lekker. Julle ervaar 'n nuutgevonde vryheid. Dit is juis die feit dat julle 'cope' wat vir ander partye onverstaanbaar is en soms hewige reaksie uitlok. Julle verhouding met julle kinders het in die proses ryker geword. Mari het genoem dat hulle nou lekker "pêlle" is (57,58).
>
> Carna het gesê dat indien ons wil hê dat die pyn wat ons in die lewe ervaar nie heeltemal sinloos moet wees nie, moet ons vir onsself 'n doel vind waarheen die pyn ons lei. Rika en Lynette het ook daarop gewys dat Magda se pyn ook in 'n sekere opsig al vrug gedra het in die nuwe verhouding wat tussen haar en haar dogter tot stand gekom het (87).
>
> Ek het ook gevra of julle nou weet of julle die regte ding gedoen het (na aanleiding daarvan dat Magda laas gesê het ons het saam gekniel en vir die Here gevra om ons te wys om die regte ding te doen). Julle het geantwoord:
>
> - Magda: "for sure", die verhouding was so destruktief vir almal dat sy nie die verhouding kon voortsit nie.
> - Lynette: definitief, hoewel sy in die verlede getwyfel het of dit die regte ding is om te doen, veral omdat sy gedink het sy het haar kinders ontneem van sorgvrye kinderjare, besef sy nou dat hulle op 'n ramp afgestuur het en dat dit beter vir almal is dat sy geskei het (ook vir haar vorige man).
> - Rika: weet nie of sy die regte ding gedoen het nie, maar kon nie anders nie, anders was beide sy en haar man 'verlore' ( 408 en 409).
>
> Vir Lynette is dit lekker om nie oor elke sent verslag te doen nie. In die huwelik was dit vir haar baie erg gewees om dit te doen. Dit het haar selfvertroue en selfbeeld skade aangedoen (332).

Magda het opnuut besef die Here 'stap 'n pad' met haar. Sy het weer haar identiteit in Christus, as profeet, priester en koning, herontdek. Die rykdom van haar eie lewe wat sy voorheen gehad het, het sy weer teruggevind. Vandag besef sy dat dit haar sterkte was wat 'n bedreiging was vir haar huweliksmaat en dat hy haar dit beny het. Sy het bevestiging gekry dat haar waardestelsel, dat daar meer in die lewe is as net status en geld en prestasie, die regte een is. Sy het ook baie meer bewus geraak van die nood in die wêreld en besef dat, soos Paulus sê 'die bediening van versoening' aan haar, en ons groep, toevertrou is (402).

Rika ... nou besef sy, sy het nog 'n toekoms, maak weer planne en wil nog 'n huis bou en raak weer opgewonde oor die lewe. Sy is aangenaam verras daaroor en het vertel dat sy 'in haar lewe nie weer gedink het sy is in staat tot so iets nie' ( 403).

By die see het Rika ontdek dat sy nie 'n man nodig het nie (Hierop het Magda: "Amen" gesê). Party mense het hulle eie "enjins", ander mense moet by ander "in-plug". Sy het altyd haar eie motor gehad, maar na haar troue het sy gerus geword. Dit was nie meer nodig om alleen te gesukkel nie, dit was nie meer nodig om alleen die mas op te kom nie. Haar man het status en geld gehad. Sy kon bietjie agteroor sit en 'louf', maar het in alles bietjie treuriger geword: haar godsdiens, selfbeeld, en selfhandhawing het agteruitgegaan. Sy moes deur die 'trippie' gaan om dit alles weer te herwin (404).

Lynette het vertel dat sy weer haar eiewaarde besef het, dit nadat haar eie waarde afgekraak was. In die huwelik het sy magteloos en moedeloos gevoel, begin glo dat sy magteloos en hulpeloos is. Sy het ook magteloos en moedeloos begin optree. Vandag weet sy dat sy wel iets beteken en 'n rol het om te vervul, iets vir ander kan beteken. Na die egskeiding het sy weer hoop en moed gekry. Vandag weet sy 'ek is 'n selfstandige, selffunksionerende, suksesvolle mens' (401).

... egskeiding (is) 'n positiewe ding is wat met julle gebeur het (Mari)... Van die nuwe dinge wat julle ondervind het na julle egskeiding is die nuwe wil en vasbeslotenheid wat julle in julle ontdek het om te wys julle kan 'n sukses maak van julle lewens. Dit is vir julle lekker om onder die beheer en invloed van julle vorige verhouding uit te kom. Hoewel dit 'n ruk geneem het om daarby uit te kom, vertel julle dat julle nou beter lewenskwaliteit en vrede het (189).

Julle is veral trots op die finansiële vaardighede wat julle aangeleer het en voel trots op dit wat julle bereik het. Julle het baie praktiese dinge self uitgewerk byvoorbeeld die trek na 'n nuwe huis. Julle het ontdek dat julle baie meer 'guts' het as wat julle gedink het (151).

Rossiter (1991:151) noem die vind, die omskrywing en die viering van die wins van egskeiding die "gawe" van egskeiding. Volgens haar is die ontdekking van die "gawe" van egskeiding belangrik vir die positiewe herstel na die egskeiding. Indien deelnemers nie iets positief in die egskeiding kan vind nie, kan hulle moeilik beweeg na die skepping van 'n nuwe identiteit.

Dit is opmerklik dat baie van die gawes wat die deelnemers na egskeiding ontdek het in verband staan met omvattender groter selfstandigheid wat hulle bereik het. Daar was groter selfstandigheid met betrekking tot sosiale verhoudings, finansies, spiritualiteit en praktiese besluite. Riessman (1990:163) beklemtoon dat groter bekwaamheid om die daaglikse lewe te hanteer, nuwe betekenisvolle sosiale verhoudings, en 'n meer duidelik besef van eie identiteit van die voordele is wat vroue na egskeiding ervaar.

In die lig van wat in die hoofstuk oor die feministiese diskoers oor egskeiding gesê is, beteken egskeiding vir vroue dikwels vryheid van die onderdrukking van patriargie. Die huwelik bring onderdanigheid en egskeiding bring bevryding. Egskeiding bring vir vroue die genot om self in beheer van hulle lewens te wees. Hulle kry hulle lewens terug nadat hulle huwelike hulle beperk het, onderdruk het, en kwesbaar gelaat het vir die gesag en beheer van mans.

Na egskeiding ontdek vroue dikwels vir die eerste keer dat hulle kan wegbreek uit hulle afhanklikheid en onafhanklik kan funksioneer. Hulle ontdek dat hulle keuses kan maak en beheer kan uitoefen op alle terreine van die lewe. Hulle vind nuwe weë vir selfontwikkeling en groei in ander verhoudings wat vir hulle as getroude vroue voorheen nie bestaan het nie (Rawlings & Graham 1988:161).

Haffey en Cohen (1992:147) beskryf dat groei na egskeiding plaasvind vir vroue wanneer:

> ... their entitlements are confirmed, their needs and desires recognized, and they become able to represent their own interest (Haffey & Cohen 1992:147).

In die voorafgaande gedeelte is vyf aspekte van 'n herstelproses na egskeiding beskryf. Die aspekte verloop egter nie in kronologiese fases nie, maar is 'n dinamiese proses wat plaasvind. Die vraag is hoe hierdie herstelproses die beste beskryf kan word: as herstel of rekonstruksie?

## 5 GROEI NA EGSKEIDING: HERSTEL OF REKONSTRUKSIE?

Indien die pad wat die deelnemers gestap het na groter selfstandigheid, die vind van 'n nuwe identiteit, en die vind van nuwe betekenis in hulle lewens in oënskou geneem word, is die dominante woord "herstel" (Engels: "recovery"), wat vir dit wat na egskeiding gebeur na my mening nie voldoende nie.

"Herstel" dra die konnotasie van die regmaak van 'n ou item sodat dit weer bruikbaar word. HAT beskryf herstel as "terugplaas, terugbring, weer in 'n bruikbare toestand bring". Omdat egskeiding die identiteit, die omstandighede, die verhoudings waarin die persoon was radikaal en permanent verander, word die vorige identiteit, omstandighede en verhouding deur die meeste geskeide vroue waarskynlik nooit herwin nie. Stadig maar seker ontwikkel 'n nuwe identiteit, nuwe verhoudings, 'n nuwe spiritualiteit.

Daarom kies ek die term "rekonstruksie" om die proses mee te beskryf. Rekonstruksie beskryf die proses om met die ou materiaal wat beskikbaar is, nadat die ou lewe in duie gestort het, 'n nuwe lewe te rekonstrueer. Maar dan het die deelnemer ook die geleentheid om van nuwe "materiaal" gebruik te maak om 'n nuwe lewe te bou wat anders, maar hopelik beter, sal wees as die vorige een.

Rekonstruksie het ook 'n bepaalde betekenis binne 'n feministiese sosiaal- konstruksionistiese diskoers (Gergen 2001:29, Morrow 2000:15). Gergen is van mening dat daar nie oor dekonstruksie (vergelyk Hoofstuk Drie) gepraat kan word sonder om ook oor rekonstruksie te praat nie. Wanneer gedekonstrueer word, word terselfdertyd nuwe diskoerse gerekonstrueer en word 'n nuwe realiteit geskep. Elke gemeenskap ondersteun sekere diskoerse en staan ander teë. Indien sekere woorde nie geloofwaardigheid in 'n gemeenskap verwerf nie, kan daardie realiteit vir die groep wat nie die woorde gebruik nie, nie bestaan nie. So is 'n nuwe vorm van weerstand geskep deur taal te begin gebruik soos "seksuele teistering" en "verkragting binne die huwelik". Voordat die taal nie gebruik is nie, was dit nie moontlik om teen sekere vorme van seksuele wanpraktyke op te tree nie (Gergen 2001:31).

Volgens Morrow (2000:24) begin rekonstruksie vanuit 'n feministiese perspektief by die erkenning van die konteks waarin menslike ervarings plaasvind:

> Stripped of context, human experience must be viewed intrapsychically. History is replete with examples of ways women have been silenced, marginalized, misunderstood, misrepresented, and, indeed, abused in the hands of science. Context-stripping results in blaming women for problems imposed by a misogynist society. This context-stripping violates basic feminist principles viewing humans as embedded in a social context that reciprocally influences and is influenced by the individual.

Die term rekonstruksie het vir my drie betekenisse:

- Die benutting van die ou "materiaal", saam met "nuwe" materiaal om 'n nuwe lewe na egskeiding te bou.
- Die dekonstruksie van onderdrukkende diskoerse en die rekonstruksie van alternatiewe diskoerse waarbinne vryheid belewe word.
- Die kontekstualisering van die egskeidingservaring vir vroue sodat geskeide vroue bewus kan word van die konteks waarbinne hulle egskeidings plaasvind en hulle hulleself in 'n positiewe lig kan sien as mense wat weerstand bied teen onderdrukking en magswanbalanse aanspreek.

Dit is waarom ek "Rekonstruksie van lewe na egskeiding" as titel van die studie gekies het.

## 6 DEELNEMERS SE REFLEKSIE

Die deelnemers het bevestig dat, volgens hulle ervaring, daar nie fases in egskeidingsherstel bestaan nie. Daar is volgens hulle net te veel faktore wat rekonstruksie beïnvloed. Oor die gebruik van antidepressante het hulle gevoel "dit is net so normaal soos om 'n pil vir pyn te neem na 'n operasie, op seer sit 'n mens 'n pleister totdat die seer herstel het". Hulle het ook beklemtoon dat die besluit om antidepresante te gebruik van meet af, met deeglike beplanning saam 'n medikus, geneem moet word. Oor die dosis en tydperk wat dit geneem word behoort volgens die deelnemers vooraf saam met die medikus besin te word.

In hierdie hoofstuk is die kronologiese fases waardeur die egskeidingsproses gaan bespreek. Die dominante diskoers oor egskeidingsherstel, die stadiumdiskoers, hou nie rekening met die kompleksiteit van die herstelproses nie en plaas die terapeut as "kenner" in 'n magsposisie. Indien die vyf aspekte van die herstelproses soos wat dit deur die deelnemers beskryf is as terapeutiese riglyne gebruik, word waarbinne individue hulle eie herstelproses en tempo kan ontdek, kan dit daartoe lei dat die persoon wat deur egskeiding gaan self in beheer bly van haar herstelproses.

Die deelnemers wou op 'n stadium van my weet hoe hulle gaan weet wanneer hulle nuwe lewens werklik gevestig gaan wees (134). Hierop het ek die vraag gevra:

> Is dit so dat julle die enigste werklike kenners van julle eie lewens is en dat net julle self kan besluit wanneer julle die nuwe lewe voldoende bemeester het? (134).

Soos baie van die vrae, was dit 'n retoriese vraag wat ek gestel het. Die antwoord is duidelik: die deelnemers is die kenners van hulle lewens, net hulle weet hoe om hulle eie lewens te rekonstrueer, net hulle sal weet wanneer hulle lewens gerekonstrueer is. So word die terapeutiese ruimte geskep waarbinne die deelnemers self geboorte skenk aan hulle nuwe lewens.

Een van die diskoerse oor egskeiding wat daartoe bydra om getroude vroue in onaanvaarbare huwelike te hou, geskeide vroue met skuldgevoelens op te saal en hulle te marginaliseer, is 'n kerklike diskoers. Daarom bespreek ek die diskoers in die volgende hoofstuk.

# HOOFSTUK 9

# REKONSTRUKSIE VAN 'N DOMINANTE KERKLIKE DISKOERS OOR EGSKEIDING

Elke geloofsgemeenskap het 'n dominante diskoers oor egskeiding. Omdat al die deelnemers lidmate van die NGK is, bepaal ek my by 'n dominante diskoers oor egskeiding soos wat dit verwoord word in besluite van die Algemene Sinode van die NGK. Ek vermoed dat die diskoers verteenwoordigend is van die hoofstroomkerke se diskoerse oor egskeiding.

Ek is van mening dat dit noodsaaklik is dat predikant-terapeute hulle duidelik posisioneer met betrekking tot Bybelse gegewens oor egskeiding. Indien 'n predikant-terapeut (en alle ander terapeute wat binne 'n Christelike/Bybelse diskoers hulle self posisioneer) daarvan oortuig is dat egskeiding altyd, onder alle omstandighede, sonde is, kan so 'n pastorale terapeut na my mening bydra tot die marginalisering van geskeide persone. Om die marginalisering van geskeide persone te voorkom, is dit belangrik om kennis te neem van 'n alternatiewe diskoers oor die Skrifgedeeltes wat oor egskeiding handel.

In hierdie hoofstuk word bogenoemde sake aangespreek en word vertel wat die effek van die dominante kerklike diskoers diskoers oor egskeiding op die lewens van die deelnemers is.

## 1 DIE AANLEIDING TOT DIE HOOFSTUK

Dit was reeds tydens die eerste gesprek duidelik dat die Bybelse boodskap oor die huwelik en egskeiding 'n groot rol sou speel tydens die gesprekke. Die deelnemers was blootgestel aan die tradisionele diskoers dat egskeiding in alle omstandighede sonde is (16). Reeds toe het ek hulle uitgedaag om oor die tradisionele diskoers te bevraagteken:

> Hoe weet ons wanneer 'n bepaalde interpretasie van 'n gebeure die 'regte' interpretasie is? Wie besluit of die interpretasie van 'n gebeure die 'reg' is?... Watter faktore behoort in ag geneem te word wanneer ons besluit oor die interpretasie van gebeure en my reaksie op die gebeure? Dit het my laat dink dat ons wyer sal moet gaan dink oor die Bybelse stemme en die interpretasie van Bybelse stemme. Julle het genoem dat 'egbreuk' die enigste 'grond' vir egskeiding is.
>
> Maar wat is 'egbreuk'? Is dit net as daar 'n derde party betrokke is by 'n huwelik? Of is dit dalk ook die dinge wat verhoed dat 'n huwelik die verhouding is wat God wil hê dit moet wees? (17 en 18).

In die verloop van die gesprekke het ons dikwels besin oor die uitleg van die Bybel (eksegese) en die eietydse verstaan (hermeneutiek) van die Bybel en van die tradisionele egskeidingstekste. Met Winters (1993:5) se opmerking in gedagte dat:

> ... a main premise of the contemporary feminist theological critique is that the theology which informs the doctrines of the Christian Church and forms our normative images of God and of humans is based almost entirely upon articulations of male experience,

het ek stadig maar seker onder die indruk gekom dat die tradisionele (dominante) eksegese en hermeneutiek van die egskeidingstekste en vraagstuk in die Bybel 'n bepaalde diskoers verteenwoordig wat alle persone wat skei oor een kam skeer. Die eerste deel van die hoofstuk behandel ek die diskoers soos verteenwoordig deur die NGK se amptelike standpunt oor egskeiding.

## 2 DIE 1986-ALGEMENE SINODE VAN DIE NGK SE BESLUIT OOR EGSKEIDING

Die laaste Algemene Sinode waartydens egskeiding ter sprake gekom het was in 1986 (NGK 1986a:122). Die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake dien 'n verslag by die Sinode in. Na aanleiding van die sogenaamde "uitsonderingstekste" (Matt. 9:19, Deut. 24:1-4 en 1 Kor. 7), kom die kommissie tot die gevolgtrekking dat: "uit al drie die sogenaamde uitsonderingstekste moet dieselfde konklusie getrek word, naamlik dat dit vir die gelowige geen grond vir egskeiding bied nie". Dit is die inleiding waarmee paragraaf 10.2.5.5. begin. Ten spyte van die inleiding word in die res van die paragraaf ook gesê dat:

> ... nie in een van die drie gevalle in die Nuwe Testament is dit die hoofmoment in die betrokke Skrifgedeelte om alle moontlike egskeidingsgronde af te wys nie en egskeiding ten alle koste te belet nie, maar om die evangelie van Gods genade in Christus te verkondig.

(Reeds hier vind ek dit vreemd dat die verslag in een paragraaf twee oënskynlike teenstrydighede akkommodeer: die tekste is nie bedoel "om alle moontlike egskeidingsgronde af te wys nie", maar terselfdertyd is die eerste opmerking wat na aanleiding van die tekste gemaak word dat "dit vir die gelowige geen gronde vir egskeiding bied nie").

In die volgende paragraaf (10.3.6) vervolg die verslag:

> Alle gevalle van egskeiding moet dus ten diepste gesien word as teen die wil van God. Egskeiding mag eintlik nooit plaasvind nie, tog gebeur dit en dan is dit 'n ramp. Maar selfs hierdie verskriklike ramp vernietig nie die evangelie van God se genade in Christus nie. Trouens, die evangelie is nog belangriker as die huwelik (10.3.6).

Die genade van Christus kom ter sprake indien daar gekies moet word tussen kwaad en minder kwaad. In sommige gevalle sal egskeiding as "minder kwaad' beskryf kan word. Die verslag haal Heyns (1970:206) aan:

> ... maar dit (egskeiding) is 'n noodkeuse en moet steeds met smart, berou, skuldgevoelens, erkenning van mislukking en boetedoening gepaard gaan. Dan kan huweliksontbinding 'n gerig van God word – 'n gerig wat ons nie liggaamlik en geestelik wil verpletter en verbrysel nie, maar wil suiwer en louter, ja, tot bekering oproep (10.3.7).

(Die **moet** in die verslag is opvallend: smart, berou, skuldgevoelens, erkenning van mislukking en boetedoening, ook is huweliksontbinding 'n gerig van God, en hoewel dit die potensiaal het om te verpletter en verbrysel, kan dit ook (as die geskeide net die "moet" gehoorsaam) suiwer en louter. Dit is hierdie "moet" - taal wat deur Heyns gebruik word, wat die dominante kerklike diskoers oor egskeiding help vestig het.)

Oor versoening en hertrou bevind die verslag:

> Dit volg logies dat indien alle egskeidings teen die wil van God is, en die huwelik bo-persoonlike bindingskrag het, die hertrou van geskeides ook teen sy wil is... egskeiding en selfs owerspel maak nog nie die huwelik wesenlik tot niet nie. Volgens Paulus is dit slegs die dood wat die band verbreek (Rom. 7:1-3, 1 Kor. 7:39). Daarom moet, waar egskeiding plaasvind, selfs as gevolg van owerspel, die vraag na die herstel van die huwelik die eerste wees wat by die man en vrou opkom (10.4).

Volgens die verslag moet in geval van hertrou rekening gehou word met die gebroke werklikheid waarin ons ons bevind en daar soms noodsituasies kan ontstaan waarin gekies moet word tussen kwaad en minder kwaad. Daarom vermaan die verslag:

> Blote eensaamheid kan vir die mense te veel word, hier sal egter baie duidelik onderskei moet word tussen die blote lus van die vlees en die drang tot selfhandhawing wat die botoon voer, teenoor die opregte gebrokenheid en verbryseling in 'n werklike noodsituasie (10.4.6).

Die verslag bevind verder:

> In so baie gevalle van egskeiding en selfs net van vervreemding in die huwelik, is die werklike probleem vervreemding van Christus self en hierdie nood moet in die pastoraat ontbloot word (10.5.1).
>
> Dit is nie moontlik om in die lig van die Skrif te praat van "gronde" vir egskeiding nie (10.6.3).
>
> Wanneer die ongelowige huweliksmaat wil skei, kan dit gebeur, maar dan moet die gelowige ongetroud bly en voortdurend na versoening streef (10.6.4).
>
> Daarom volg dit logies dat 'n egskeiding onder gelowiges slegs by hoë uitsondering sal voorkom, altyd beleef sal word as uiters pynlik en in stryd met die geopenbaarde wil van God, en daarom gesien sal word nie as 'n oplossing nie, maar as 'n onvermydelike noodhulp en amputasie in die uiterste krisissituasie (10.6.6).
>
> Hiermee word die aandag weer sterk gevestig op die feit dat die enigste grond vir egskeiding die sonde van die mens is "sy (sic) hardheid van hart" (10.6.7).
>
> Die enigste etiese reël kan dus slegs wees dat 'n egskeiding nooit vir 'n gelowige aanvaarbaar kan wees nie… selfs wanneer 'n gelowige na baie leed en worsteling in die stryd om huweliksherstel met skuldbelydenis, boete en berou oplaas die stryd gewonne gee, weet hy (sic) nog steeds dat dit nie God se wil is nie. Vandaar dan ook die berou en belydenis (10.6.8).
>
> Wie so oordeel oor egskeiding, sal gevolglik ook moeite hê met 'n algemene toelating van hertrou na egskeiding. As algemene reël sal ook hier gehandhaaf moet word dat dit in die lig van die Skrif nie vir die gelowige veroorloof is nie (10.6.9).

(Die voorskriftlike taal en altyd geldende reëls wat hier neergelê word, is vir my opvallend).

Volgens die Handelinge van die Algemene Sinode (NGK 1986b:606), is die verslag sonder enige wesenlike wysiging goedgekeur: die huwelik is in wese onontbindbaar (10.7.1), vir Christene is die uitgangspunt en enigste begaanbare weg nie egskeiding nie, maar huweliksherstel (10.7.3): "Indien...egskeiding nie voorkom kan word nie, moet dit ons tot diepe verootmoediging en skuldbelydenis bring" (10.7.4). Indien dit dan tog onafwendbaar word, moet intensiewe pastorale begeleiding deur die kerk aangebied word sodat egte berou betoon en vergifnis beleef kan word. Indien pastorale begeleiding nie tot berou lei nie, moet oorgegaan word tot tug (10.7.5). Hertroue na egskeiding met iemand anders as die oorspronklike huweliksmaat sou eties gesproke en in die lig van die bestaande Skrifgetuies moeilik as 'n algemene praktyk aanvaar kan word (10.7.6).

Wat vir my wel verblydend is, is dat 'n byvoeging gemaak is by die verslag op grond van 'n voorstel van lede van die vergadering dat:

> Die Sinode doen 'n ernstige beroep op sy ampsdraers om die slagoffers (sic) van elke huweliksontbinding met begrip en deernis pastoraal te begelei in die strewe na 'n sinvolle en gelukkige nuwe lewe, hetsy op hulle eie of in 'n moontlike volgende huwelik (10.7.7).

Dit is die laaste amptelike woord wat deur die NGK se Algemene Sinode oor egskeiding en hertrou gespreek is. As dit nie vir die ledevoorstel was nie, wat geskeide persone as "slagoffers" beskryf, was die enigste sprake van pastorale begeleiding in die verslag dat lidmate wat skei begelei moet word om tot berou te kom of getug word.

Die Algemene Sinode se besluite oor egskeiding is geneem binne 'n modernistiese epistemologiese raamwerk, waar die besluitnemers (teoloë) "weet" wat "reg" en "verkeerd" is, "weet" hoe om die Skrif te interpreteer en gevolglik voorskriftelike reëls kan maak. Die besluite is geneem sonder om te konsulteer met geskeide lidmate van die kerk en sonder om hulle interpretasies van die sg. "egskeidingstekste" en Skrif te hoor. Die besluite is 'n duidelike voorbeeld van "voorskriftelike etiek" van "bo" af (soos in Hoofstuk Drie bespreek).

> Die Sinode besluit dat die Algemene Regskommissie die kerkregtelike aspekte van egskeiding en hertrou moet bestudeer om leiding vir mindere kerklike vergaderings (streekssinodes, ringe en kerkrade) te gee (NGK 1986b: 606).

Vier jaar later, tydens die 1990a - Algemene Sinode rapporteer die Leer-en Aktuele Sake-Kommissie na aanleiding van die opdrag:

> Die verteenwoordigers van die twee betrokke kommissies het met hierdie saak op meningsverskil gestuit. Die rede vir die gebrek aan eenstemmigheid hang saam met die feit dat die tugreglement in opdrag van die Algemene Sinode totaal hersien word... die nuwe tugreglement moet dus eers deur die Algemene Sinode goedgekeur word. Daarna kan die prosedure in die geval van egskeiding bepaal word (NGK 1990:102).

Die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake het die saak na die Algemene Sinodale Kommissie verwys wat op hulle beurt die saak na die Tydelike Regskommissie verwys het om "aan die hand van die hersiene tugreglement" riglyne op te stel vir kerklike optrede tydens en na egskeiding" (NGK 1990a: 34).

Die Tydelike Regskommissie het aanbeveel dat:

- een bepaalde sonde nie uitgelig en gereglementeer moet word nie
- tug nie outomaties toegepas word nie – die pastor moet die kerkraad help en lei om te weet wanneer om op te tree
- indien daar nie berou is nie, die tug toegepas moet word
- die aanbeveling van die Algemene Sinodale Kommissie dus nie goedgekeur word nie (NGK 1990a:503).

Die hele egskeidingsaangeleentheid het dus in die hande van die Regskommissie beland, met al die reglementering en burokratisering wat daarmee gepaardgaan. Die Regskommissie moes toe by wyse van spreke die kastaiings uit die vuur krap om die besluite te "maak werk".

Dit besluit van die Algemene Sinode was na my mening 'n waterskeiding: egskeiding is opgeneem binne 'n kerkregtelike diskoers in plaas van 'n pastorale diskoers. Op die manier het die NGK afstand geskep tussen die kerk en geskeide lidmate met verreikende implikasies. Vir geskeide lidmate het die kerk, wat nie hulle nood raaksien nie en hulle veroordeel, irrelevant geword. Die kerk "verloor" lidmate op 'n stadium in hulle lewens wanneer hulle pastorale versorging baie nodig het.

Die besluite is in dieselfde era geneem toe verskillende kerke in die VSA die opsie gekies het om egskeidingsherstelbedienings te vestig (vergelyk opmerkings in die verband in Hoostuk Een). Met die voordeel van agterna kennis, wonder ek wat sou gebeur het indien die kerk op daardie stadium die visie gehad het om 'n egskeidingsherstelbediening in die kerk te vestig?

Ek het vir elke deelnemer 'n afskrif van die besluite gegee en ons het tydens 'n gesprek die besluite bespreek. Hier volg die deelnemers se reaksie op die Algemene Sinode se besluite oor egskeiding.

## 3 DIE DEELNEMERS SE REAKSIE OP DIE ALGEMENE SINODE SE BESLUITE

In ooreenstemming met die standpunt wat gestel is in Hoofstuk Drie in verband met "deelnemende etiek" van "onder" af is my eie reaksie op die Sinode se standpunt nie van deurslaggewende belang nie. Daarom word die deelnemers aan die woord gestel. Dit is immers hulle wat aan die "ontvangkant" van die Sinodale besluite staan.

Die Algemene Sinode se besluit oor egskeiding het heftige reaksie by die deelnemers ontlok. Een deelnemer, Rika, het vertel van 'n onaangename ondervinding wat sy saam met 'n predikant van die NGK gehad het wat die Sinode se besluite oor egskeiding wou toepas.

Sy en haar verloofde was by die predikant om reëlings te tref vir hulle huwelik. Sy het dit beleef dat die predikant haar "aangeval" het. Sy het haar van die gesprek verskoon en by die huis agtergekom dat sy haar wange stukkend gebyt het in 'n poging om haarself te beheer. Haar verloofde het alles baie snaaks gevind. "Die dominee het met julle ma geraas" het hy aan haar kinders vertel. Na die voorval het sy die verlowing verbreek (356).

Die deelnemers se mening oor die besluite was dat dit nie geskeide mense help nie, ook nie predikante wat geskeide mense bystaan nie, dit is wetties, dit amputeer lede van die liggaam van Christus. Hulle het gewonder wie: wie besluit wanneer 'n tweede huwelik gemotiveer word deur die "lus van die vlees en die drang tot selfhandhawing"? Hulle het verwys na Paulus wat sê dat dit beter is om te trou as om om te brand van begeerte. Het die Sinode dit dalk vergeet? Hulle het gevoel dat daar in die besluite nie sprake van genade is nie. Die besluite is geneem deur 'n "spul manne". Die besluite hou 'n "utopia" voor (357-360, 362).

Uit die verhale van die deelnemers soos in Hoofstuk Vyf vertel, blyk dit dat elkeen van die deelnemers besluit het om te skei nadat hulle leiding by die Here gesoek het. Elkeen van hulle het ook getuig dat hulle ten tye van hulle egskeidings die teenwoordigheid van die Here op 'n besondere manier ervaar het. Dit is in stryd met die Sinode se stelling wat beweer dat "in so baie gevalle van egskeiding... is die werklike probleem vervreemding van Christus". Die deelnemers, en talle ander vroue met wie ek gesels het, het die teendeel ervaar.

Magda het die gevoel van die deelnemers verwoord toe sy gesê het:

> ... sy daarvan oortuig is dat die die wil van God is dat sy moes skei omdat sy nie langer saam met 'hoerery' kon saamleef nie (361).

Ek wil nie voorgee dat die siening van die deelnemers verteenwoordigend is van die siening van alle lidmate van die NGK nie. My eie ondervinding is dat lidmate en predikante van die NGK hulle bloot net nie steur aan die kerk se besluite oor egskeiding nie. Waarom nie? Die antwoord kom duidelik genoeg na vore uit die deelnemers se reaksie op die Sinode se besluite. Waarskynlik beleef lidmate en predikante dat die "wet van die liefde" nie gedien word deur die besluite nie.

## 4 PASTORALE IMPLIKASIES VAN DIE DOMINANTE DISKOERS

Die dominante diskoers oor egskeiding in die NGK bied baie min hulp aan mense wat in ongewenste huwelike vasgevang is en wat egskeiding as opsie oorweeg en kies. Hulle moet saamlewe met die wete dat hulle die wil van God gaan oortree, of oortree het, dat hulle onder die oordeel van God staan (gelukkig is daar darem vergifnis vir dié wat "werklik" berou het).

Die pastorale doelwitte volgens die diskoers is om die persone of tot berou of tot versoening te begelei. Versoening beteken om weer met die vorige huweliksmaat in die huwelik te tree. Vir baie mense was die huwelik so 'n onaanvaarbare verhouding dat hulle nie wil versoen nie, wat verdere skuldgevoelens by hulle meebring.

Vir almal wat by egskeiding betrokke is, is dit 'n traumatiese gebeurtenis. Hulle sit reeds met soveel berou en skuldgevoelens dat, volgens my ondervinding, dit nie nodig is om hulle pastoraal tot berou te begelei nie. Die pastorale taak is juis om hulle te help ontslae raak van berou en skuldgevoelens!

My grootste probleem met dié dominante diskoers oor egskeiding is dat dit nie 'n feministiese diskoers oor die huwelik en egskeiding in ag neem nie:

- Die rol wat 'n patriargale gemeenskap speel in die "reëls" wat gemaak word vir die huwelik en egskeiding, word nie verreken nie.
- Die doel waarvoor die huwelik ingestel is, word nie voldoende verdiskonteer nie.
- Die patriargale samelewing waarin die Bybel tot stand gekom het en vir eeue geïnterpreteer is (en word), word nie in ag geneem nie.

Dié toedrag van sake veroorsaak dat sommige vroue se onaanvaarbare posisie in die huwelik, waar hulle verneder word, geweld teen hulle gebruik word, fisies en emosioneel afgetakel word en hulle menswaardigheid van hulle ontneem word, nie deur die dominante diskoers aangespreek word nie. Soos bespreek in die hoofstuk oor 'n feministiese diskoers oor egskeiding, kan egskeiding vir vroue 'n uitkoms wees onder patriargale oorheersing uit. Egskeiding word deur die dominante kerklike diskoers van die NGK as so 'n groot sonde voorgehou dat, vroue wat goeie rede het om egskeiding te kies as 'n oplossing vir onaanvare huwelike, dit nie doen nie. Die besluite van die NGK oor egskeiding dra daarom by tot die vernedering en onderdrukking van vroue.

Die besluite van die Algemene Sinode het ook implikasies vir predikante wat daagliks te doen het met lidmate wat skei. Dat daar in sekere gevalle kerkregtelik teen sulke lidmate opgetree behoort te word, is dalk waar. Dat die "gebod van die liefde" oortree sal word indien teen ander lidmate kerkregtelik opgetree word, is net so waar. Die dilemma word vererger omdat predikante waarskynlik meer dikwels deur die verontregte huweliksmaat om hulp genader word. Indien dit die geval is, is dit teenoor die verontregte, lydende party, wat die Sinodale besluite toegepas moet word.

Die vraag wat by my opgekom het toe ek al die aspekte oorweeg het, was: is dit dalk moontlik om vir die deelnemers, en ander mense in soortgelyke omstandighede, te sê: "Egskeiding is nie altyd sonde nie, daar is ook onskuldige partye betrokke by egskeiding, God keur onder sekere omstandighede egskeiding nie net goed nie, maar verwag ook van jou om te skei, jy kan verseker wees dat die seën van die Here by jou is in jou besluit om te skei"? Indien dit vir persone wat in onaanvaarbare huwelike vasgevang is, gesê kan word, kan hulle gehelp word. Hulle sal sterk gemaak word. Egskeiding sal nog vir hulle 'n krisis wees, maar hulle pyn sal nou draagliker wees met die wete: "As God vir ons is, wie kan dan teen ons wees?" (Rom. 8:31).

Dit is met die vraag in my agterkop dat ek na die Bybel en literatuur geraadpleeg het op soek na 'n alternatiewe Bybelse diskoers oor egskeiding.

## 5 'N ALTERNATIEWE BYBELSE DISKOERS OOR EGSKEIDING

Winters (1993:62) stel dit dat een van die onbevraagtekende aannames wat gemaak word, is dat die Bybel egskeiding verbied. Jesus self het egskeiding verbied. "Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie" (Matt. 19:6) en Paulus is gekant teen hertroue na egskeiding (1 Kor. 7:10). Vir baie is dit onweerlegbare bewyse dat die huwelik onontbindbaar is en egskeiding ondenkbaar is. Winters vra hoe word die Skrif gebruik: as 'n onveranderlike argetipe of 'n historiese prototipe? Indien die Skrif verstaan word as 'n historiese prototipe bied die Skrif 'n histories gebonde model

"which will be tranformed rather than reproduced within ongoing history of die Christian community" (Winters 1993: 62).

Volgens Winters (1962:63) is dit ongelukkig dat Christelike etiek en dogma 'n "bottom line mentality" het wat fokus op die aanvaarbaarheid of onaanvaarbaarheid van menslike dade vir alle tye:

> … to ignore the contextuality of the decisions is to ignore the essential communal criterion of the biblical witness. An absolute prohibition on divorce may be actually anti-biblical in its approach and its results.

Om weg te kom van die "botttom line mentality" is dit na my mening nodig om te fokus op meer as net die klank van die teks. Daarom dat ek die volgende aspekte ook in ag neem by die beoordeling van die egskeidingstekste in die Bybel:

- die kulturele agtergrond van Deuterronomium 24:1-2
- radikalisering as stylfiguur in Matteus, Markus en Lukas
- Jesus se uitsprake oor egskeiding beskerm vroue teen uitbuiting deur mans
- die wet/evangelieparadigma in Jesus se prediking
- die toepassing van die egskeidingsverbod volgens elke gemeente se omstandighede

## 5.1 DIE KULTURELE AGTERGROND VAN DEUTERONOMIUM

Die klasieke teks uit die Ou Testament oor egskeiding is Deuteronomium. 24: 1-2:

> Wanneer 'n man met 'n vrou trou kan dit gebeur dat hy haar nie meer liefhet nie, omdat hy iets onbetaamlik aan haar gevind het. Dan mag hy 'n skeibrief skryf en dit vir haar gee en haar uit sy huis wegstuur. Sy kan dan uit sy huis uitgaan en met 'n ander man trou.

Dit is hoe eenvoudig die egskeidingsprosedure in die Ou Testament was (ten spyte van die sewende gebod "jy mag nie egbreuk pleeg nie"). Wat die verstaan van die teks so belangrik maak is dat die teks die agtergrond vorm van Jesus se uitsprake oor egskeiding in Matteus, Markus en Lukas.

Hubbell (1992:17) en Joubert (1992:28) wys daarop dat volgens Deut. 24 die man in beheer van die egskeidingsproses is, hy besluit of die gedrag van die vrou "onbetaamlik" is en skryf die skeibrief.

Dit word aanvaar dat die vrou weer kan trou "... sy kan dan uit sy huis uitgaan en met 'n ander man trou", maar indien die tweede huwelik misluk kan die eerste man nie weer met die vrou trou nie, want sy is "verontreinig". Nie net is dit die man wat die proses aan die gang sit nie, maar dit word ook aanvaar dat dit die man is wat die verontregte party is. Die vrou se gedrag gee aanstoot aan die man. Die man is klaarblyklik altyd die onskuldige party, hy is nie in staat om aan die vrou "aanstoot te gee nie". Sy is die man se eiendom en sy behoort op te tree op 'n wyse wat vir hom aanvaarbaar is. As dit nie die geval is nie, moet sy die gevolge dra: egskeiding. Dat die vrou wat so geskei is, kon hertrou, bevestig dat egskeiding die huwelik ontbind het en dat dit nie net 'n verlating was nie (Bustanoby 1975:919).

Dit is hier belangrik om daarop te let dat owerspel nie as "onbetaamlike gedrag" kwalifiseer nie. Vir owerspel het die doodstraf gegeld (Deut. 22:22). Die iets "onbetaamliks" in Deut. 24:1 kon dus nie na owerspel verwys het nie. Dit bevestig dat daar in die Ou Testament ander gronde vir egskeiding was as net owerspel (Bustanoby 1975:919).

Young (1985:206) en Joubert (192:29) wys daarop dat die rabbi's in die agt eeue voor Christus uit hulle pad gegaan het om te verduidelik wat "iets onbetaamlik" beteken. In die tyd onmiddellik voor Jesus het daar twee duidelik rigtings vir interpretasie ontwikkel: die skool van die rabbi Hillel (20 v. C. tot 20 n.C.) was bekend vir hulle liberale interpretering van "iets onbetaamlik". Die volgelinge van Hillel het 'n lang lys van sake saamgestel wat redes was vir 'n man om van sy vrou te skei: 'n swak voorbereide maaltyd, 'n asem wat nie lekker ruik nie, buite die huis wees sonder 'n hoofbedekking, kaal arms, deurmekaar hare, luiheid en enige gedrag wat die man se status aangetas het. Die skool van rabbi Shammai (30 v.C. tot 15 n.C.) was baie eng in hulle vertolking van "iets onbetaamlik". 'n Vrou moes skuldig bevind gewees het aan 'n ernstige seksuele misdryf soos egbreuk of aborsie voordat haar man van haar kon skei.

Wat belangrik is, is dat albei die skole aanvaar het dat die vrou die skuldige party is. Die kulturele agtergrond wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die teks, was die van die man wat absolute gesag oor sy vrou gehad het. Die gebruik was nog steeds goed gevestig toe die Nuwe Testamentiese kerk oor die vraagstuk van egskeiding begin worstel het (Molldrem 1991:45).

Die verslag aan die Algemene Sinode waarop die 1986 besluit oor egskeiding berus, verreken nie die kulturele agtergrond van die Deuteronomium teks nie. Die verslag beklemtoon dat "die vrou wat so weggestuur word en dan met iemand anders trou, word daardeur onrein", sonder om te vra waarom die man met wie die vrou trou nie ook "onrein" word nie? Sonder om die weerloosheid van die vrou wat weggestuur word uit te wys. Sonder om die willekeur van die man wat kan besluit wat "onbetaamlik" is, te bespreek (NGK 1986: 121).

## 5.2 RADIKALISERING AS STYLFIGUUR IN MATTEUS, MARKUS EN LUKAS

In Matteus 5:31 en 32, Matteus. 19:1-9, Markus 10: 1-12 en Lukas 16:18 vind ons Jesus se uitsprake oor egskeiding. Sommige uitleggers meen dat ons met 'n stylfiguur bekend as "radikalisering" te doen het. Volgens Young (1985:212), Joubert (1992:32), Harvey (1993:366) en Collins (1978:8) is radikalisering 'n stylfiguur wat deur profete gebruik is om hulle standpunte te dramatiseer.

Jesus gebruik die stylfiguur dikwels om die eise van dissipelskap duidelik onder die aandag van sy volgelinge te bring, maar verwag nie dat die eise letterlik opgeneem moet word nie. Jesus het sekerlik dit nie letterlik bedoel dat iemand sy voet en hand moet afkap en sy oog uitpluk indien dit mens laat struikel nie (Mark. 9:43-48), of dat jy jou pa en ma moet haat nie (Luk. 14:26, is in die 1983 Afrikaanse vertaling "versag" toe "haat" met "afstand doen" vertaal is). Net so min het Hy dit letterlik bedoel dat egskeiding altyd onder alle omstandighede sonde is en dat alle persone wat hertrou, egbreuk pleeg (Marrow 1988:8 Young 1985:122).

Stylianopoulos (1989:339) wys daarop dat die kerk van die vroegste tye af bewustelik of onbewustelik selektief met die interpretasie en toepassing van Christus se beginsels omgegaan het. Byvoorbeeld: van die ses antitese wat in die bergrede genoem word, word daar selde na iemand wat sy broer as 'n "gek" uitskel gedink as aan iemand wat "strafbaar is met die helse vuur" (Matt. 5:22). Wat betref die vyfde antitese sal min die oproep om geen geweld teen geweldenaars te gebruik nie, voorstaan (Matt. 5: 39). Waarom dan die derde antitese oor die huwelik en egskeiding letterlik opneem? Volgens Stylianopoulos is daar geen eksegetiese of hermeneutiese redes daarvoor nie.

Die verslag aan die Algemene Sinode bespreek glad nie die moontlikheid dat hier moontlik sprake is van radikalisering as stylfiguur nie (NGK 1986a: 119).

## 5.3 JESUS SE UITSPRAKE OOR EGSKEIDING BESKERM VROUE TEEN UITBUITING

Jesus lewe in 'n wêreld waar vroue op hulle beste behandel is as tweederangse burgers. Die sosiale en godsdienstige minderwaardigheid van die vrou was 'n aanvaarde feit. Volgens Collins (1978:3) is daar in die Talmud een geval waar die basiese gelykheid van mans en vroue beklemtoon word:

> The compassion of God, is not the compassion of men. The compassion of men extends to men more than to women, but not thus is the compassion of God. His compassion extends equally to all.

Collins se aanhaling uit die Talmud bevestig, dat hoewel die diskoers oor die gelykheid van mans en vroue voor God wel bestaan het, is die diskoers gemarginaliseer ten gunste van die diskoers wat die ongelykheid tussen mans en vroue beklemtoon het.

Die beklemtoning van die ongelykheid tussen mans en vroue het tot gevolg gehad dat vroue aan die genade van hulle mans uitgelewer was (Collins 1978:4, Molldren 1991:45 ). Soos reeds gesien was mans die enigste party wat 'n egskeiding kon inisieer. Jesus se woorde oor egskeiding is 'n reaksie teen ernstige diskriminasie van mans teenoor vroue. Mans het hulle vroue vir onbenullige redes geskei, 'n onreg teenoor vroue wat hulle sonder heenkome en sonder finansiële hulpbronne gelaat het. Die wrede, eensydige optrede van mans het Jesus geskok. Dit is hierdie praktyk wat Jesus veroordeel. Vir Jesus is God se wil vir die huwelik permanensie; 'n willekeurige ontbinding van die huwelik wat vroue hulpeloos en weerloos gelaat het, is teen God se wil (Collins 1978:5).

Young (1985:211) sê dit is duidelik dat Jesus sy teologie van die huwelik baseer op die skeppingsverhaal. Deur die skeppingsverhaal van toepassing te maak op die huwelik, herdefinieer Jesus owerspel. In die tradisionele Joodse opvatting was owerspel nie ontrou van een van die huweliksmaats nie, maar skending van 'n man se eiendomsreg. 'n Man wat met 'n getroude vrou gemeenskap gehad het, het haar man se eiendomsreg geskend. Indien die vrou ongetroud was, is haar pa se eiendomsreg geskend. Met sy "een vlees" - benadering beklemtoon Jesus dat die huwelik 'n nuwe werklikheid tussen die huweliksmaats skep, waar owerspel deur enige party die eksklusiwiteit van die huwelik aantas (Young 1985: 210).

Wat verder hier van belang is, is dat Jesus egskeiding toelaat indien daar van owerspel in die huwelik sprake is, en nie die doodstraf vereis soos wat die wet voorgeskryf het nie. Jesus bring dus alreeds 'n nuwe, genadige, reëling wat owerspel betref tot stand.

Jesus se uitsprake oor egskeiding was aanvanklik bedoel om weerlose vroue te beskerm. Dit is ironies dat hierdie uitsprake vandag soms gebruik word om weerlose vroue in onderdrukkende en vernederende huwelike te hou waar hulle nog steeds uitgebuit word. Presies die optrede wat Jesus in die eerste instansie wou verhoed het.

Die verslag aan die Algemene Sinode waarop die 1986 besluit oor egskeiding berus gee nie aandag aan die posisie van vroue in die destydse samelewing, die eensydigheid waarmee egskeidings destyds voltrek is en die beskerming wat Jesus vir vroue deur sy uitsprake oor egskeiding wou gee, nie (NGK Sinode 1986:120).

## 5.4 DIE WET/EVANGELIEPARADIGMA IN JESUS SE PREDIKING

Jesus se boodskap was nie wetties nie. Sy woorde kan nie as wet geneem word nie. Joubert (1992:36) wys daarop dat die Nuwe Testament se boodskap aan die een kant is dat Christus se koms sy volgelinge in staat stel om God se bedoelings met die huwelik lewenslank te realiseer. Andersyds beskryf die evangelies Jesus se optrede teenoor sondaars, owerspelers en egbrekers waarvolgens hy op allerlei maniere vergifnis aan hulle verkondig en bemiddel het.

Young (1985:210) toon aan dat in die Markus evangelie die uitspraak van Jesus oor egskeiding omring word deur ander uitsprake oor radikale gehoorsaamheid:

- Markus 9:33-37 handel oor die sonde van hoogmoed (die dissipels wat onder mekaar redeneer oor wie die belangrikste is)
- Markus 9:38-41 handel oor die sonde van partyskappe in die geloofsgemeenskap (die dissipels probeer ander wat in Jesus se Naam bose geeste uitdryf keer)
- Markus 9: 42-48 handel oor dit wat ons laat struikel (ons hande, voete en oë)
- Markus 10:1-10 handel oor egskeiding
- Markus 10:42-50 wys op die gevare van rykdom en materialisme

Hierdie uitsprake is die wet. Dit is God se duidelike vereistes vir dié wat godvresend wil lewe. Die gedeeltes word omraam deur twee lydingaankondigings: Markus 9: 30-32 en 10:32-34. Reg in die middel van die gedeelte is daar die vertelling van Jesus wat die kindertjies seën. Binne die konteks is die boodskap van dié gedeelte: die wet veroordeel ons: ons hoogmoed (Mark. 9:34), ons partyskappe (Mark. 9:38), ons hande en voete en oë wat vir ons struikelblokke word (Mark. 9:42-48), ons onvermoë om die huwelik in stand te hou (Mark. 10:2-12), ons geldgierigheid (Mark. 10:13-31). Maar terselfdertyd word die gedeelte omraam deur Jesus wat aankondig dat Hy vir ons sonde gaan sterf en ons omhels en seën met liefdevolle arms soos wat Hy die kinders omhels en seën (Young 1985:210).

Vir my is dit opvallend dat om een of ander rede die ander vereistes van Jesus vir sy dissipels oor hoogmoed, partyskappe en geldgierigheid gemarginaliseer is terwyl sy uitspraak oor egskeiding geradikaliseer is in die egskeidingsdebat. Waarom dit gebeur het, is 'n ope vraag. Persoonlik wonder ek of dit dalk daaraan toegeskryf kan word dat egskeiding 'n bedreiging vir die patriargale samelewing is (soos reeds in Hoofstuk Ses aangetoon) en daarom word dit deur die manlike besluitnemer in die kerk aan die groot klok gehang? Is dit nie dalk so dat hoogmoed, partyskappe

en materialisme meer "manlike" sondes is en daarom makliker oor die hoof gesien word nie? (Later in die studie, in Hoofstuk Dertien word weer aandag gegee aan "manlike" en "vroulike" sondes).

Anderson en Guernsey (1985:101-104) sê dat wanneer Jesus in Matteus 19:8 sê dat God man en vrou saamvoeg benader Hy die huwelik nie op 'n wettiese manier nie. Hy herinner ons daaraan dat mense vir hulle huwelike aan God verantwoording moet doen. Mense is vir hulle huwelike en egskeidings teenoor God alleen verantwoordelik. Hulle gevolgtrekking is dat:

> To create a 'law of marriage' that would deny God the authority and power to put a marriage to death and raise the person to new life... appear to be a desperate and dangerous course of action. What God has joined together, indeed, let no man put asunder. But where God puts asunder as a judgement against sin and disorder, and therefore as his work, let not man uphold law against God.

Combrink (1985:145) kom tot die gevolgtrekking dat die egskeidingstekste in die Nuwe Testament wel dui op die wesenlike onontbindbaarheid van die huwelik, maar volgens hom:

> ... is dit tog duidelik nie die bedoeling van Jesus gewees om op hierdie wyse 'n nuwe kasuïstiek daar te stel wat nog onbarmhartiger as die van die Fariseërs is nie! ...dit is duidelik dat dit nie soseer gaan om die verwerping van Moses se toegewing nie, as om 'n beklemtoning van die oorspronklike wil en bedoeling van God met die skepping van die mens en die huwelik. Die geïsoleerde uitsondering moet gesien word teen die agtergrond van God se bedoeling ... verder moet in ag geneem word dat die Nuwe Testament geen handboek vir etiek is nie, maar veral ook dat die uitsprake van Jesus in die bergrede geen nuwe kasuïstiek en legalisme daarstel nie... Loop ons dan nie die gevaar om van egskeiding die een onvergeetlike en onherroepbare sonde te maak nie?

Ook Joubert (1992:31) meen dat Jesus se verbod op egskeiding nie in 'n rigoristiese sin opgeneem kan word nie, "asof Hy slegs 'n nuwe stel wette gebring het wat nou teenoor dié van die Fariseërs te staan kom nie".

Uit die verslag wat voor die Algemene Sinode gedien het, is dit opvallend dat daar maar min van genade sprake is (ek het reeds gewys op die veroordelende en wettiese uitsprake in die verslag). Die verslag bevind wel dat die "evangelie is nog belangriker as die huwelik" en haal Groenewald (1973:91) aan wat na aanleiding van 1 Korintiërs 7 sê dat:

> … dit moontlik is dat 'n situasie kan intree by gemengde huwelike, waar die lewe vir die gelowige ondraaglik gemaak word tot skade van die geestelike lewe en dat dit dan belangriker word om die siel te red as om die band van die huwelik te behou.

Ondervinding leer dat dit nie net in "gemengde" huwelike, waar een van die huweliksmaats ongelowig is, waar die lewe ondraaglik vir 'n huweliksmaat gemaak kan word nie. Dit het die vroeë gemeentes al ondervind. Daarom dat die apostels elke gemeente se unieke omstandighede in ag neem wanneer hulle vir die gemeentes oor egskeiding begelei.

## 5.5 DIE TOEPASSING VAN DIE EGSKEIDINGSVERBOD VOLGENS ELKE GEMEENTE SE OMSTANDIGHEDE

Wanneer elke egskeidingsteks gelees word teen die agtergrond waarin die teks tot stand gekom het, lyk dit asof elke teks die unieke omstandighede van die gemeente weerspieël.

In die Markus - gemeentes in Rome is die reëls in verband met egskeiding uitgebrei om vroue toe te laat om egskeiding te inisieer: "En as 'n vrou van haar man skei" is bygevoeg. In die Joodse reg was daar geen moontlikheid vir 'n vrou om van haar man te skei nie. Markus skryf vir Christene uit 'n Romeinse kulturele agtergrond en maak Jesus se boodskap oor egskeiding toepaslik vir gelowiges uit 'n Romeinse kulturele agtergrond (Soulen 1969:449, Young 1985:209).

Die Matteus-gemeentes, onder die Jode in Antiogië, het egskeiding toegelaat in geval van owerspel, maar hertrou nie toegelaat nie (Matt. 5:31-32). Dit is anders as die geval met die gemeentes vir wie Lukas skryf, waar egskeidings glad nie toegelaat is nie (Luk. 16:18).

Vir Christene in Korinte maak ook Paulus 'n toegewing: egskeiding is aanvaarbaar waar huwelike tussen gelowiges en ongelowiges tot konflik aanleiding gegee het (1 Kor. 7:12-15) (Soulen 1969:449). Volgens Ward (1988:27) en Collins (1978:11) staan sowel Paulus se raad dat huwelikspare mekaar nie huweliksregte moet ontsê nie, sy raad om nie te trou nie en sy verbod op hertroue, in verband met Paulus se verwagting dat die wederkoms van Jesus nog in Paulus se leeftyd gaan plaasvind. Indien die wederkoms, en daarmee die einde van alles, voorhande is, is dit sinloos om in die huwelik te tree. Paulus se etiek oor die huwelik moet gelees word teen die (amper) krisis wat veroorsaak word deur die nabye wederkoms:

> Even the often cited 'It is well for a man not to touch a woman' (1 Cor. 7:1b) can no longer be cited in favor of the still lingering view that Paul disparaged human sexuality. The phrase appears to be a summation of an encratist position with which Paul takes issue in the remainder of the chapter (Collins 1978:12).

Daarom is dit volgens Collins (1978:12) belangrik om in ag te neem dat "die swaarkry in die eindtyd" (1 Kor. 7:26) die konteks is vir waarteen die egskeidingsuitspraak in 1 Korintiërs gemaak word:

> We are forced to the conclusion that Paul considered Jesus's prohibition of divorce, not as a binding precept, but as a significant directive whose relevance to a particular situation had to be evaluated by the pastor responsible for the community. Paul found it useful in one case but inappropriate in another" (Murphy-O'Conner 1981:606, aangehaal deur Young 1985: 211).

Markus, Matteus en Paulus pas die egskeidingsverbod van Jesus in Lukas 16:18 anders toe. Elke skrywer neem die omstandighede waarin die gemeentes verkeer in ag. In die geval van Markus die status van die Romeinse vrou, in die geval van Matteus die moontlikheid dat owerspel die huwelik verbreek, in die geval van die Korintiërsbrief die nabye wederkoms verwagting en huwelike tussen gelowiges en ongelowiges.

Daar vind dus 'n voortdurende herinterpretering en uitbreiding van Jesus se aanvanklike onderrig oor egskeiding, soos in die Lukas - evangelie gevind, plaas. Dit kon gebeur omdat die skrywers waarskynlik Jesus se woorde nie as wet interpreteer het nie, maar as evangelie. Dit kan ook gebeur omdat Jesus se woorde nie, soos Winters (1993:62) dit stel, as 'n onveranderlike argetipe beskou is nie maar as 'n historiese prototipe. Daarom is Jesus se woorde "tranformed rather than reproduced within the ongoing history of the Christian community" (Winters 1993:62).

In die voorafgaande gedeelte is eksegeties gekyk na die verskillende egskeidingstekste en is alternatiewe diskoerse vir die uitleg van die tekste ontgin. Tydens die oorweging van egskeiding is daar na my mening nog 'n diskoers wat ter sprake kom: die doel waarvoor die huwelik ingestel is.

## 6 EGSKEIDING IN DIE LIG VAN DIE DOEL VAN DIE HUWELIK

Tydens een gesprek het ek gewonder of oor die "gronde" van egskeiding gepraat kan word sonder om ook te praat van die doel van die huwelik (178). Die deelnemers was van mening dat die huwelik 'n verhouding is wat deur onderlinge respek, ondersteuning, sekuriteit, intimiteit en spanwerk gekenmerk behoort te word (203). Wanneer 'n verhouding nie meer die kenmerke het nie, is daar nie meer sprake van 'n huwelik nie. Lynette het dit so gestel:

> ... wanneer 'n huwelik nie meer die spieëlbeeld is van dit wat God dit bedoel om te wees nie, en wanneer die tempel van God in die huwelik vernietig word, en sodoende mense betrokke by die huwelik vernietig, egskeiding 'n roeping kan word (43).

In die *Handboek vir die Erediens* stel die huweliksformulier van die NGK stel dat God man en vroue geskep het om:

> ... mekaar as huweliksmaats aan te vul en by te staan. Om so deur die Here verenig te wees, is 'n voorreg, 'n vreugde en 'n verantwoordelikheid... Die huwelik is 'n hegte eenheid waarin daar geen plek is vir 'n derde persoon nie (NGK 1988:100).

Egpare word ook vermaan: "vermy selfsug en eiesinnigheid. Gee julleself aan mekaar op allerlei maniere..." (NGK 1988:100).

Die klasieke formulier sê: "Die een moet die ander getrou help en bystaan in alles wat tot die tydelike en ewige lewe behoort" (NGK 1988:103). Wat veral vir die studie van toepassing is, is dat volgens die formulier behoort die man sy vrou:

> ... na u vermoë verstandig lei, onderrig, vertroos en beskerm... u moet u vrou liefhê soos u eie liggaam... u moet aan die vrou, as die swakker geslag (sic), haar eer gee,... u moet ook getrou en ywerig in u beroep arbei, sodat u u huisgesin met God en met eer kan onderhou... " (NGK 1988:105,106).

In die lig van die doel van die huwelik is Joubert (1992:37) van mening dat die Bybelse waardes rakende die huwelik ten alle tye verkondig moet word, maar:

> ... terselfdertyd moet daar ook 'n openheid (veral by pastors) wees om in elke afsonderlike geval saam met die betrokke partye die vraag so eerlik moontlik uit te maak of hul huwelik nog enigsins aan sy doel as Goddelike instelling beantwoord, en of die geringste moontlikheid wel bestaan om dit in lyn hiermee te bring.

Die vraag ontstaan, wat gebeur met 'n huwelik as nie een van die sake waarvoor die huwelik ingestel is, in die huwelik verwesenlik word nie en daar ook geen redelike vooruitsig is dat die waardes verwesenlik gaan word nie? Indien die huwelik 'n verhouding word waar egpare mekaar vernietig, is dit nog God se wil dat so 'n huwelik voortbestaan?

Drie van die deelnemers, Magda, Lynette en Rika, het hulle mans verlaat. Twee van die vroue se mans (Magda en Lynette) het hulle toe gedagvaar vir egskeiding. Die ander twee Mari en Carna, het die inisiatief geneem en hulle mans gedagvaar vir egskeiding.

Die deelnemers het almal in die NGK grootgeword. Almal was bewus van die kerklike standpunt dat egskeiding "sonde" is. Nie een van hulle het die besluit ligtelik geneem nie. Hoe kon die vroue die besluit neem om hulle mans te verlaat en te skei terwyl hulle geweet het dit is teen die gangbare standpunt van die kerk waaraan hulle behoort? En terwyl hulle bewus was van die "egskeidingsonvriendelike" manier hoe die egskeidingstekste deur die kerk vertolk word?

In die lig van hoe hulle die doel van die huwelik verstaan het, het die deelnemers die volgende redes aangevoer waarom hulle hulle mans verlaat het en egskeiding as 'n opsie oorweeg het:

- teenstrydige waardes
- die verband tussen egskeiding en die sesde gebod
- egskeiding as gemeenskap onmoontlik word
- 'n teksversteologie of 'n Bybelse teologie?
- egskeiding en die mense as beelddraer van God

## 6.1 TEENSTRYDIGE WAARDES

Een van die redes wat die deelnemers aangevoer het vir hulle besluit om te skei, was 'n botsing in waardes. Hulle het die oorsake wat aanleiding gegee het tot die botsing in waardes toegeskryf aan die totale afwesigheid (emosioneel en fisies) van die huweliksmaat, die aftakeling van hulle menswaardigheid, botsing in moraliteit, leuens en valsheid, die onderdrukking van hulle potensiaal, selfsug en isolasie (175). Volgens die deelnemers was daar dus nie meer sprake van 'n huweliksverhouding tussen hulle en hulle mans nie.

In die lig van die botsing in waardes tussen die deelnemers en hulle mans het hulle besluit om die einde aan die huwelike wetlik te laat erken. Die "botsing in waardes" soos wat hulle dit beskryf het, was ook vir hulle "Bybelse gronde" vir egskeiding omdat die "botsing in waardes" die wese van die Bybelse huwelik so aantas dat daar nie meer sprake was van 'n Bybelse huwelik soos God dit wil nie (205).

Joubert (1992:37) interpreteer die twee uitsonderings op die egskeidingsverbod in die Nuwe Testament: ontoelaatbare seksuele praktyke en as die gelowige se verhouding met Christus as die verdelenende faktor in die huwelik, nie as blote uitsonderings op die reël nie:

> ... maar telkens gaan dit egter om dieperliggende waardes aan die kant van die een van die huweliksgenote wat so ernstig bedreig word dat die voortbestaan van die huwelik nie meer geregverdig kan word nie. Wanneer die hardheid van die mense se harte hulle dus so verstrik laat raak dat hulle die eenheid van die huwelik, en hulle huweliksgenote se primêre waardes wesenlik in die gedrang bring, dan kan/behoort so 'n huwelik ontbind te word.

Indien Bybelse waardes en die botsings in waardes in ag geneem word, lyk dit dat wanneer die botsing in waardes aanleiding gee tot onversoenbare huweliksprobleme, dit 'n rede vir egskeiding kan wees.

## 6.2 EGSKEIDING EN DIE SESDE GEBOD

Die Heidelbergse Kategismus Sondag 40 interpreteer die sesde gebod (jy mag nie moordpleeg nie) soos volg:

> Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare dóen nie en nog minder met die daad... Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan soos afguns, haat, woede en wraaklus verafsku.

Carna het by die interpretasie van die sesde gebod aangesluit (nadat sy 'n preek van my gehoor het oor die kategismus se interpretasie van die gebod) en daarop gewys dat die sesde gebod "jy mag nie moord pleeg nie" kan beteken dat moord is om iemand te keer om die beeld van God te wees, te keer dat iemand hulle godgegewe potensiaal bereik, en om te keer dat iemand die unieke mens is wat God wil hê sy/hy moet wees. Indien al die "keer" – aksies in 'n huwelik voorkom is dit **verkeerd** en niks anders as emosionele en psigiese moord nie (202).

Die ideale wat die deelnemers vir hulle huwelike gehad het, het nie gerealiseer nie. Daar was ook geen hoop dat dit wel in huwelike sal realiseer nie. Soos uit die verhale wat in Hoofstuk Vyf vertel is, het dit duidelike geword dat die huwelik vir die deelnemers 'n verhouding geword het waarin hulle daagliks afgetakel en verneder is. Anderson en Guernsey (1985:101) skryf in die verband dat:

> If, in fact, a marriage relationship has utterly failed to be any semblance of a covenant partnership such that the integrity of human life is not sustained but rather is being destroyed, then we have to ask the queistion: What does God's judgement mean on such a relation?

Die deelnemers se mening was dat God se oordeel oor so 'n verhouding is dat dit nie meer 'n huwelik is nie en daarom nie bestaansreg het nie. Ek stem met hulle saam. Ek vermoed daar is meer predikante en lidmate van die NGK wat met hulle saamstem.

## 6.3 EGSKEIDING INDIEN GEMEENSKAP ONMOONTLIK WORD

Indien na egskeiding in die ruimer konteks van die Nuwe Testament gekyk word, word gedrag in die Nuwe Testament ondersteun wat gemeenskap stig en bou. Daar is vyf uitsprake oor egskeiding in die Nuwe Testament. Hoewel almal die bekende uitspraak teen egskeiding herhaal, pas beide Paulus (in geval van 'n ongelowige huweliksmaat wat wil skei) en Matteus (in geval van owerspel) die uitsprake aan by gemeenskap en pastorale oorwegings. Uitsondering word gemaak wat in die beste belang is van gemeenskap. Teologie is 'n belangrike stuk gereedskap vir gemeenskapsbou (Winters 1993:66).

Winters (1993:66) kom tot die gevolgtrekking dat daar net een onvoorwaardelike verbintenis is wat mense moet maak: die verbintenis om lief te hê. Indien die huwelik nie meer 'n verhouding is wat dien om liefde te gee en te ontvang nie, moet so 'n huwelik nie net toegelaat word om te sterf nie, dit behoort ook tot niet te gaan.

In dié verband kan ook gedink word aan die "mekaar" - tekste van die Nuwe Testament. Dink aan Romeine 12:10: "Bewys hartlike broederliefde aan mekaar, bewys eerbied teenoor mekaar en wees daarin vir mekaar tot voorbeeld". Indien Galasiërs 5:15 in die huwelik realiseer: "Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie", en daar is geen redelike vooruitsig dat die "byt en verskeur" gaan verander nie, is dit dan nie tyd om die huwelik te ontbind nie?

## 6.4 'N TEKSVERSTEOLOGIE OF 'N BYBELSE TEOLOGIE OOR EGSKEIDING?

In die Gereformeerde teologiese tradisie het ons 'n erfenis dat ons die Bybel se boodskap in sy geheel neem voordat ons gevolgtrekkings maak oor 'n bepaalde saak en nie teksverse aanhaal vir "bewyse" nie (Dink in die verband aan die kinderdoop).

Daarom het ek die deelnemers gevra of hulle dink dat ook in die geval van egskeiding dit moontlik is dat, hoewel daar nie 'n teksvers is wat sê mens mag skei nie, egskeiding tog ook 'n Bybelse saak kan wees in die lig van die Bybel se boodskap oor die huwelik en die mens (206).

In die lig van die voorafgaande is dit vir my duidelik dat indien die Bybelse boodskap oor die genade van God, die verhouding tussen mense in die algemeen, en spesifiek die huwelik, in ag geneem word, egskeiding nie onder alle omstandighede sonde kan wees nie.

## 6.5 EGSKEIDING EN DIE MENS AS BEELDDRAER VAN GOD.

Die deelnemers het die doel van die huwelik soos volg beskryf in terme van die mens as beelddraers van God:

> Ons het in die verlede gepraat daaroor dat die Bybelse boodskap oor die huwelik is dat dit 'n instelling van God is waar man en vrou mekaar moet opbou, dien en help groei om beelddraers van God te wees, en as dit nie meer so is nie, is so 'n verhouding nie meer 'n huwelik nie. Maar daar is nie 'n teksvers vir dié idee oor die huwelik nie. Sou julle saamstem dat dit die Bybelse idee van die huwelik is? (231)

In dié verband is Joubert (1992:37) van mening:

> Wanneer sonde hierdie verhouding egter sodanig beïnvloed dat die eie aard en karakter daarvan as 'n goddelike instelling wesenlik aangetas word óf wanneer sonde (een) van die partye se sinvolle bestaan as beelddraers van God ingrypend aantas, bestaan daar wel ruimte vir egskeiding. In teenstelling met die rabbynse kasuïstiese reëls van die eerste eeu na Christus ken die Nuwe-Testamentiese skrywers egter geen vaste voorskrifte ten opsigte van die hantering of regulering daarvan nie.

Hierbo is van die (teologiese) redes wat die deelnemers aangevoer het vir die rede waarom hulle besluit het om te skei. Ek was verbaas, en aangenaam verras, oor die teologiese aanvoeling waaroor die deelnemers beskik het, en wat ook in die literatuur weerklank vind.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die dominante kerklike diskoers dat egskeiding onder alle omstandighede onwenslik is, nie die enigste diskoers oor egskeiding en die Bybel is nie. 'n Alternatiewe diskoers oor egskeiding het uit die aard van die saak bepaalde implikasies vir terapie aan geskeide persone.

## 7 PASTORALE TERAPIE IN DIE LIG VAN 'N ALTERNATIEWE BYBELSE DISKOERS OOR EGSKEIDING

Aan die Here se verbondmatige beskouing van die huwelik as "twee wat een vlees word" kan vasgehou en dit kan verkondig word. Deur huweliksvoorbereiding, verryking, en beraad kan lidmate gehelp word om gelukkig getroud te bly. Die kerk kan en moet vashou, soos die Here, aan die permanente aard van die huwelik wat God se plan vir die huwelik, mense se geluk en vervulling is. Collins (1978:5) sê tereg:

> The reinforcement of the demand for faithful commitment and personal relationship in marriage, would, therefore be integral to Jesus' understanding of human sexuality.

Om duidelik vir die permanensie vir die huwelik standpunt in te neem beteken egter nie dat die kerk nie net so duidelik standpunt kan inneem vir die gene wat in negatiewe en vernietigende huwelik vasgevang is nie. Huwelike is etiese verhoudings wat albei partye vervul laat, mekaar opbou en aanvul. Waar dit nie gebeur nie, kan daar na my mening nie sprake van 'n huwelik wees nie.

Die bediening van die kerk aan geskeide persone en persone wat hertrou, is wesenlik Christelik. Die bediening maak die genade en die meegevoel van die Here duidelik sigbaar. Smoke (1980:36) wys op die belangrikheid van meegevoel en genesing teenoor veroordeling en verwerping:

> What the church community fails to realize is that the divorced person suffers under a tremendous emotional and spiritual overload of guilt, fear, rejection, and lack of self-esteem. The last thing such a person needs is a further rejection, pity, penalty, and judgment from fellow members. The two ingredients divorced people need so desperately are compassion and healing.

Dit sal goed wees indien almal wat met geskeide persone te doen het, se vertrekpunt is dat geskeide mense "compassion and healing" nodig het.

Baie goeie, opregte en belydende Christene se huwelike misluk. Die oorgroter meerderheid sal weer een of ander tyd trou. Hulle sien hulle tweede huwelike as die afsluiting van 'n

genesingsproses en die bevestiging van die nuwe lewe. Die Nuwe Testamentiese getuienis getuig van 'n baie buigbare houding teenoor egskeiding en hertrou. Ons huidige tyd vra net soveel moed met net soveel oorspronklikheid as wat die vroeë apostoliese tyd gevra het.

Hierdie beskouing oor egskeiding het implikasies vir die skuldvraagstuk wat dikwels met egskeiding gepaardgaan. Keener (1996:20) pleit vir die erkenning van die moontlikheid dat daar ook 'n onskuldige party by egskeiding betrokke kan wees. Soos wat daar in die geval van diefstal en moord onskuldige party betrokke is. Soos wat die profete van die Ou Testament alle onreg rondom hulle veroordeel het, behoort ons dit ook te veroordeel. Egskeiding is moontlik toe te skryf aan die mislukking van die regs- en onderwysstelsel, en kerk, om die onreg bloot te lê wat daartoe aanleiding gee dat vroue geterroriseer word.

Magda het per geleentheid, toe oor die kerk se standpunt oor egskeiding gepraat is Galasiërs 5:1 aangehaal: "Christus het ons vrygemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie" (352).

Paulus het verwoord wat Magda besef het: dat dit nie maklik vir mense is om in vryheid te lewe nie. Daar is baie mense wat hulle self weer telkens onder die slawejuk van die wet indwing. Ongelukkig was dit ook in die verlede so dat die kerk se interpretasie van die Bybelse gegewens oor egskeiding mense onder die slawejuk van die wet ingedwing het.

Die Bybel spreek 'n bevrydende woord vir mense wat in onmenslike huwelike vasgevang is. Ek vertrou dat die studie daartoe kan lei dat die kerk, predikante en lidmate die moed sal kry om hierdie bevrydende woord te spreek.

## 8 REFLEKSIE VAN DEELNEMERS

Die deelnemers se reaksie op die sinodebesluite is reeds volledig in die hoofstuk opgeneem. Hulle reaksie na die lees van die hoofstuk het hulle beskryf as "dit is een hoofstuk wat moeilik sonder aggressie gelees is".

Hulle was van mening dat die oorsake van ongelukkige huwelik, onder andere die sonde van patriargie, ook deur die kerk aangespreek behoort te word. Dit is volgens die deelnemers die kern van die probleem. Dit het vir hulle gelyk of die kerk daarmee tevrede is indien "huwelik bly voortbestaan, al is dit 'n witgepleisterde graf wat binne vol doodsbeendere is". Hulle is van mening dat die NGK hom skuldig maak aan die sonde van versuim omdat hulle nie die vergrepe wat teen vroue gepleeg word, in ag neem nie. Oor die eis van berou het hulle gevoel dat hulle nie berou kan

hê oor iets waaraan hulle nie skuldig is nie, is hulle nou tugwaardig? Hulle het ook die vanselfsprekende aanvaarding daarvan dat elke huwelik aanvanklik God se wil is, bevraagteken.

In hierdie hoofstuk is 'n dominante kerklike diskoers oor egskeiding bevraagteken in die lig van 'n gemarginaliseerde diskoers oor egskeiding. Uit die gemarginaliseerde eksegetiese, hermeneutiese en etiese diskoerse het dit geblyk dat daar 'n alternatiewe Bybelse diskoers oor egskeiding beskikbaar is. Die redes waarom die deelnemers tot egskeiding oorgegaan het, is bespreek in die lig van beskikbare etiese diskoerse. Daar is aanduidings dat daar genoegsame Bybelse eksegetiese en etiese diskoerse is wat die deelnemers se besluit om te skei 'n verstaanbare besluit maak. 'n Besluit wat nie sonder meer deur die kerk veroordeel behoort te word nie.

Die alternatiewe diskoers wat in hierdie hoofstuk bespreek is, is na my mening 'n diskoers wat nie geskeide mense marginaliseer nie en meer voldoen aan die eise van die Bybelse etiek en daarom is dit 'n diskoers wat verdien om meer aandag te kry.

Een van die belangrike diskoerse wat die deelnemers se lewens beïnvloed het, is nou bespreek. In die volgende hoofstuk word nog 'n belangrike aspek van die rekonstruksie van lewe na egskeiding bespreek: die rekonstruksie van lewenspraktyk.

# HOOFSTUK 10

# REKONSTRUKSIE VAN LEWENSPRAKTYK

Die deelnemers het vertel dat hulle 'n hele klomp nuwe verantwoordelikhede na egskeiding aanvaar het. Hulle het genoem dat nuwe verantwoordelikhede aangaande finansies, die versorging van kinders en praktiese aangeleenthede, soos behuising, deur hulle aanvaar moes word (122).

Voordat die praktiese aangeleenthede wat geskeide vroue se aandag verdien bespreek word, kom die rede waarom praktiese sake vir geskeide vroue 'n uitdaging is, aan die orde: 'n Terapeut wat by deelnemers se praktiese lewens betrokke raak, stel haar/homself bloot en daarom word tweedens 'n etiese verantwoording gegee vir die betrokkenheid. Vervolgens word die verskillende aspekte van lewenspraktyk in oënskou geneem:

- die regsproses en voorbereiding vir die regsproses
- finansiële rekonstruksie
- werksaangeleenthede
- die onderhoud van kinders
- behuising

Om die belangrikheid van die aanleer van praktiese vaardighede te beklemtoon begin die hoofstuk met 'n beskrywing van die betekenis wat praktiese sake vir die deelnemers gehad het.

## 1 DIE BETEKENIS VAN DIE AANLEER VAN PRAKTIESE VAARDIGHEDE

Vir die deelnemers was die praktiese vaardighede wat hulle aangeleer het baie belangrik. Probleme in verband met praktiese sake, het die vermoë om deelnemers hulle selfvertroue te ontneem, terwyl die aanleer daarvan hulle selfvertroue laat toeneem. Toe die deelnemers, wat hulle beskryf het as 'n "dip" ervaar het, het hulle ook vertel dit was die praktiese dinge wat hulle gedoen het wat hulle weer selfvertroue gegee het om met die nuwe lewe aan te gaan:

- Elkeen van julle het alreeds maatreëls getref om die Ou Lewe verder af te sterf en die Nuwe Lewe met durf aan te pak: Behalwe vir die baie dinge wat julle in die verlede reeds gedoen het, en reggekry het, (byvoorbeeld Rika wat haar huis gebou en motor gekoop het, Mari se uitstappie na die wildsplaas) het:

- Carna het die skikking her-beding

- Magda het 'n nuwe prokureur gekry sowel as die fondse om hom te betaal

- Lynette het aansoek gedoen vir nuwe werk en is besig om met haar huidige werkgewer te onderhandel

- Mari tref alleen reëlings vir haar dogter se mangeloperasie (105).

Die aanleer van praktiese vaardighede is deur Carna as "major" beskou, Mari het dit "achievements" genoem. Vir hulle was dit veral belangrik omdat, wanneer 'n nuwe praktiese struikelblok, soos 'n verhuising, oorkom is of 'n finansiële vaardigheid aangeleer is, is dit blywend. Daar is nie weer 'n terugval nie, anders as wat die geval is met byvoorbeeld emosionele herstel (336).

Soms kan van die struikelblokke wat oorkom word deur ander as minderwaardig beskou word, maar vir die deelnemers was dit belangrik. Toe Magda 'n selfoon aangeskaf het en van mediese fonds verander het (208), is sy deur die ander deelnemers toegejuig!

Na egskeiding moet vroue sonder mans oorleef, huishoudings bestuur en herstelwerk doen, met al die verantwoordelikhede wat daarmee gepaardgaan. Hoe minderwaardig die praktiese dinge deur ander beskou kan word, is dit betekenisvolle sake in die ontwikkeling van 'n nuwe identiteit. Hoe kan, om byvoorbeeld 'n motor se diens te reël, soveel bevrediging meebring? Volgens Riessman (1990:168) lê die waarde van die praktiese vaardighede daarin opgesluit dat dit vroue 'n gevoel van beheer gee en sigbare bewyse is aan die wêreld (en hulleself) dat hulle op hulle eie kan oorleef.

Lund (1990:62) noem dat dit die herorganisering van hulle verantwoordelikhede en identiteit is wat vroue die geleentheid gee om te groei. Die suksesvolle integrasie van baie nuwe verantwoordelikhede kan vroue bemagtig.

## 2 WAAROM PRAKTIESE AANGELEENTHEDE VIR VROUE 'N UITDAGING IS

In Hoofstuk Ses oor 'n dominante diskoerse oor geslagskwessies is gesien dat vroue in 'n patriargale huwelik sekere "rolle" het om te vervul. In 'n patriargale huwelik vervul die man gewoonlik die rol van voorsiener in die gesin se materiële behoeftes. Hy is die gesin se skakel met die regs - politieke, ekonomiese en sosiale strukture van die samelewing.

Lund (1990:58) verduidelik dat vroue, om te oorleef, al die verantwoordelikhede wat voorheen deur haar man nagekom is, na egskeiding onmiddellik by haar eie verantwoordelikhede inkorporeer. Daar is min meganismes vir vroue beskikbaar om hulle te help om die nuwe verantwoordelikhede na te kom. Daarom voel vroue geïsoleerd, oorlaai en voel hulle hulle pas nie meer in die gemeenskap in nie. Hierdie nuwe verantwoordelikhede het volgens Lund tot gevolg dat vroue hulleself na egskeiding kan beskou as "nie-mense", en "nie-vroue".

Vir die deelnemers het die egskeiding 'n magdom nuwe verantwoordelikhede meegebring. Om maar net 'n paar sake te noem: hulle moes finansiële vaardighede bemeester, twee moes huise koop, een het haar eie huis gebou, motors moes gekoop en geregisteer word, daar moes op hoogte gekom word van nuwe mediese fondse se regulasies, kinders is in nuwe skole geplaas, hulle het van gemeentes verwissel.

Tydens egskeidingsterapie is dit belangrik dat die terapeut die nuwe verantwoordelikhede wat egskeiding vir vroue meebring in ag neem en vroue, indien nodig, bystaan om die verantwoordelikhede suksesvol te bemeester (Flatt 1980:135, Lund 1990:62). Die aanbeveling van Flatt en Lund is geldig indien 'n deelnemer dit so verkies, anders kan dit deur 'n deelnemer as inmeng beleef word. Om te verseker dat die bystand wat 'n terapeut aan deelnemers bied bo alle verdenking bly en steeds die belange van die deelnemers dien, is dit belangrik dat die bystand eties verantwoord word.

## 3 ETIESE VERANTWOORDING

Betrokkenheid van die terapeut by die praktiese aangeleenthede bring etiese vrae en risiko's mee. Hier is ek, en ander predikante, in 'n bevoorregte posisie om van gemeentelede, wat wel oor die nodige kennis beskik, by terapie te betrek. In die meeste gemeentes is daar 'n rykdom van ervare lidmate wat, volgens my ervaring, baie gewillig is om hulle vaardighede tot beskikking van ander lidmate te stel. Tydens die navorsingsproses is gebruik gemaak van gemeentelede wat oor die volgende vaardighede beskik:

- 'n Motorwerktuigkundige: Magda het nadat sy haar man verlaat het 'n afgeleefde motor tot haar beskikking gehad. Toe die motor breek wou haar vorige man nie verantwoordelikheid aanvaar vir die kwotasie van R6000 nie. Met 'n hofbevel is probeer om haar man te forseer om die motor te herstel. Hy het aangevoer dat Magda ongeskik is om motor te bestuur, 'n argument wat deur die (manlike) regter aanvaar is. 'n Lidmaat wat 'n motorwerktuigkundige is, het haar motor vir R1200 herstel, 'n bedrag wat sy op daardie stadium kon bekostig.

- 'n Eiendomsagent het gehelp met die koop van Carna se huis.

- 'n Prokureur wat spesialiseer in arbeidsreg het Mari en Lynette bygestaan toe hulle met hulle werkgewers probleme ondervind het.

- 'n Advokaat is deurgaans geraadpleeg in verband met regsaspekte wat vir ons onduidelik was in verband met Magda en Carna se sake.

- Toe Magda dringend fondse nodig gehad het vir haar regskoste het 'n beleggingskonsultant bepaal of die afkoop van haar polisse en die verkoop van haar aandele 'n goeie finansiële besluit is.

- 'n Statistikus het gehelp om die realistiese aansprake wat Magda teen die boedel het te help bepaal.

- Toe daar sprake was dat juweliersware verkoop moes word om Magda se regskoste te help dek, was 'n juwelier behulpsaam om die juweliersware te waardeer en ons in kontak te bring met voornemende kopers.

Om pastorale terapie binne gemeente – konteks te beoefen, bied geleentheid om 'n rykdom kundigheid by terapie te betrek.

Behalwe die motorwerktuigkundige is die ander kundiges nie vergoed vir hulle dienste nie. Die rede hiervoor is dat die aard van die dienste wat hulle gelewer het nie van so 'n omvang was dat hulle dit vereis het nie. Verder het die persone wat hulp verleen het dit beskou as deel van die gawebediening in die gemeente. Meeste van die persone wat gehelp het, was bewus van die omstandighede van die deelnemers en het geweet dat die deelnemers nie in staat was om hulle te vergoed nie. Ek dink hier is dit belangrik om te verseker dat die omvang van die dienste wat sulke vrywilligers lewer nie so groot raak dat hulle uitgebuit word nie.

Egskeiding is altyd ook 'n regsprosedure. In die volgende afdeling word egskeiding in die lig van die reg gekyk.

## 4 REGSPROSEDURE TYDENS EGSKEIDING

Elke terapeut wat betrokke is by mense wat skei, behoort ten minste oor 'n basiese kennis van die egskeidingswet te beskik. Dit is nodig sodat die terapeut kan agterkom wanneer 'n deelnemer, terwyl sy magteloos gelaat is deur die dominante diskoerse oor geslagskwessies en die praktyke wat uit die diskoerse voortvloei, uitgebuit word.

Vir persone wat waarskynlik nooit in die verlede by regsprosesse betrokke was nie, is die regsproses 'n senutergende en intimiderende proses. Dit help baie indien 'n terapeut oor die nodige kennis beskik om deelnemers voor te berei op wat vir hulle wag.

In die proses waartydens ek by die deelnemers se egskeidings betrokke was het ek baie geleer oor die regsproses van egskeiding. Met dié ervaring en agtergrond was ek ook beter in staat om nuwe deelnemers aan terapie by te staan tydens hulle egskeidings. Ek dink dit is vir elke terapeut, wat saam met geskeide persone werk, die moeite werd om die verrigtinge van 'n egskeidingshof by te woon en om op hoogte te wees van dié verrigtinge.

In die volgende afdeling bespreek ek die regsaspekte van egskeiding kortliks.

### 4.1 GRONDE VIR EGSKEIDING

In Suid-Afrika word 'n egskeiding toegestaan op grond van wet 70 van 1979 bekend as die *Wet op Egskeiding* (hierna "die Wet"). Die Wet bepaal die gronde vir egskeiding, die verdeling van die boedel en die betaling van onderhoud.

Volgens die Wet is daar twee gronde vir egskeiding:

- die onherstelbare verbrokkeling van die huwelik
- die geestesongesteldheid of die voortdurende bewusteloosheid van 'n party in die huwelik (Cronjé & Heaton 1999:141)

Omdat die deelnemers aan die studie se huwelike almal verbrokkel het in terme van die eerste grond, word vir die doel van dié studie gefokus op die onherstelbare verbrokkeling van die huwelik.

My vermoede, en ervaring, is dat in die oorgrote meerderheid van gevalle egskeiding in Suid-Afrika in terme van die eerste grond plaasvind.

Indien die hof daarvan oortuig is dat die huweliksverhouding tussen die partye so 'n toestand van verbrokkeling bereik het dat daar geen redelike vooruitsig op die herstel van 'n normale huweliksverhouding tussen hulle bestaan nie, word 'n egskeidingsbevel uitgereik. Artikel 4(1) van die Wet stel twee vereistes voordat 'n egskeidingsbevel uitgereik word:

- die huweliksverhouding tussen die gades moet nie meer normaal wees nie
- daar moet geen redelike vooruitsig bestaan dat 'n normale huweliksverhouding weer tussen die gades sal herstel nie (Cronjé & Heaton 1999:141)

Om die vraag te beantwoord wanneer 'n huweliksverhouding nie meer normaal is nie word die "consortium" begrip gebruik. "Consortium" is 'n baie moeilike omskryfbare begrip wat beskryf wat tussen twee gades tot stand kom tydens 'n huwelik. "Consortium" is die regte, verpligtinge en voordele wat die huwelik meebring en sluit onder andere in "companionship, love, affection, comfort, mutual service, sexual intercourse" (Cronjé & Heaton 1999:60).

Getuienis wat as bewys van die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik aanvaar word is volgens artikel 4(2) van die Wet:

- Indien die partye vir 'n ononderbroke tydperk van 'n jaar onmiddellik voor die datum van instelling van die egskeidingsgeding nie as man en vrou saamgeleef het nie.
- Die verweerder owerspel gepleeg het en dat dit vir die eiser "onbestaanbaar" met 'n voortgesette huweliksverhouding is.
- Dat die verweerder kragtens 'n vonnis van 'n geregshof tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is en ten gevolge van daardie vonnis gevangenisstraf ondergaan.
- Indien daar na die hof se oordeel 'n redelike moontlikheid bestaan dat die partye deur huweliksraadgewing, behandeling of oordenking versoen kan raak, kan die hof die verrigtinge uitstel sodat die partye 'n poging tot versoening kan aanwend.
- 'n Egskeidingsbevel word nie verleen alvorens die hof daarvan oortuig is dat bevredigende voorsiening vir minderjarige en afhanklike kinders gemaak is nie.

Die voorgeskrewe maatstawwe om te bepaal of 'n huwelik onherstelbaar verbrokkel het, is vaag geformuleer. Die antwoord op die vraag of 'n bepaalde huwelik onherstelbaar verbrokkel het, berus by die diskresie van die bepaalde hof. Cronjé en Heaton (1999:147) maak die opmerking dat met die toepassing van die verbrokkellingsbeginsel dit baie moeilik is om te onderskei tussen egskeiding op aanvraag van een van die gades, konsensuele egskeiding en die verbrokkelingsbeginsel.

## 4.2 DIE BETALING VAN ONDERHOUD

Artikel 7(5) van die Wet bepaal die reëlings wat geld vir die betaling van onderhoud. Met inagneming van:

- die onderskeie verdienvermoëns
- finansiële behoeftes en verpligtinge
- die ouderdom van elk van die partye
- die duur van die huwelik
- die lewenspeil van die partye voor die egskeiding
- hulle gedrag vir sover dit op die verbrokkeling van die huwelik betrekking het
- enige ander faktor wat na die oordeel van die hof billik in aanmerking geneem behoort te word

word 'n billike bevel gegee met betrekking tot die betaling van onderhoud deur die een party aan die ander vir enige tydperk, of tot die dood of hertroue van die betrokke party ten gunste van wie die bevel gegee is.

## 4.3 DIE VERDELING VAN BATES

Artikel 7(2) van die Wet reël die verdeling van bates tussen die partye. 'n Hof kan in ooreenstemming met 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye 'n bevel gee met betrekking tot die verdeling van die bates van die partye, of betaling van onderhoud deur een party aan die ander.

Indien die partye nie ooreen kan kom oor die verdeling van bates nie, kan die hof 'n bevel gee vir die oordrag van bates van een party na die ander, indien die party ten gunste van wie die bevel gegee word, tydens die duur van die huwelik direk of indirek bygedra het tot die instandhouding of

groei van die boedel, hetsy deur die lewering van dienste, of die besparing van uitgawes, of enige ander wyse.

By die bepaling van die vermoënsregtelike voordele waarop die partye in 'n egskeidingsgeding geregtig is, word 'n party se pensioenbelang geag deel van sy/haar bates te wees.

In die Engelse reg word as vertrekpunt aanvaar dat 'n derde van die gesamentlike bates aan die party met die minste bates toegestaan word. Die riglyn word ook in Suid-Afrika gevolg. Dit is egter nie 'n vaste beginsel of reël nie, bloot 'n vertrekpunt (Cronjé & Heaton 1999:168).

## 4.4 KOSTE

Die hof is nie gebonde om 'n kostebevel ten gunste van die suksesvolle party te gee nie, maar die hof kan, met inagneming van die vermoëns van die partye, en hulle gedrag vir sover dit ter sake is, die bevel gee wat hy billik ag, en die hof kan gelas dat die koste van die verrigtinge tussen die partye verdeel word (die Wet: artikel 10).

## 4.5 BESTREDE TEENOOR ONBESTREDE EGSKEIDINGS

Indien beide partye saamstem:

- dat egskeiding die antwoord vir hulle ongelukkige huwelik is
- oor hoe die boedel verdeel word
- oor die reëlings in verband met toesig en beheer oor die kinders
- oor onderhoud

is die egskeiding onbestrede. Die partye stel dan 'n skikkingsooreenkoms op wat 'n bevel van die hof word (Cronje en Heaton 1999:169).

Indien een party die huwelik wil ontbind en die ander een wil dit nie doen nie, kan die egskeiding teëgestaan word. Dit gebeur egter selde dat die een party die huwelik wil red terwyl die ander party al so ver gegaan het om te dagvaar vir egskeiding. Volgens Cronje en Heaton (1999:169) is daar wel redes waarom een party soms die egskeiding teëstaan:

- vermakerigheid (as ek jou nie kan hê nie, sal niemand jou kan kry nie.)

- godsdienstige redes
- oorafhanklikheid van die een party
- die onrealistiese hoop dat die ongelukkigheid in die huwelik net 'n verbygaande fase is

'n Ander rede waarom die egskeiding bestrede kan wees ontstaan wanneer een party nie die egskeiding as sodanig teëstaan nie, maar omdat die partye nie ooreen kan kom oor die toesig en beheer van die kinders nie of hoe die boedel verdeel moet word nie (Cronje en Heaton 1999:169).

Tydens bestrede egskeidings wend die partye hulle na die hof om te beslis oor die verskille wat daar tussen hulle bestaan. Die koste verbonde aan bestrede egskeidings is geweldig: sowel wat betref finansies as emosies. Daarom is dit in almal se belang om so ver moontlik 'n onbestrede egskeiding te beding (Rawlings en Graham 1988:167). In die verband het pastorale sorg 'n belangrike bydrae om te lewer.

Wanneer 'n terapeut op hoogte is van die vrou se unieke situasie met betrekking tot die reg en die inhoud van die egskeidingswet, kan vroue wat egskeiding oorweeg gehelp word om hulle voor te berei vir die regsproses wat volg.

## 5 DIE VERLOOP VAN DIE REGSPROSEDURE VAN DIE DEELNEMERS

Elkeen van die deelnemers het verskillende ervarings met die regsaspekte van die egskeiding gehad. Oor die egskeidingsproses het Lynette vertel dat sy baie haastig in die egskeiding ingegaan het en dat sy haar in die proses blootgestel het. Haar vorige man kon haar tydens die skikking benadeel het. Dit het gelukkig nie gebeur nie en sy is tevrede. Maar dit is belangrik om kundige advies te kry om jou en jou kinders te beskerm. Mari beveel aan dat die skikking baie duidelik moet uitspel wat elkeen se verantwoordelikheid en regte teenoor die kinders is. Dit is nie genoeg om net in beheer van die kinders geplaas te word nie. Hier voel sy haar prokureur moes haar beter adviseer het. Vir Carna was die kibbel oor die skikking uitputtend gewees (329 en 330).

Twee van die deelnemers, Carna en Magda, het tydens die egskeidingsproses van prokureurs verwissel omdat hulle die dienste van die eerste prokureur as onbevredigend ervaar het.

Ek was nou betrokke by Magda se egskeiding. Sy moes die regsaspekte van die egskeiding hanteer op 'n stadium toe sy baie kwesbaar was. Die eerste prokureur wat sy gekies het, het ook nie aan haar verwagtinge voldoen nie en op 'n kritiese stadium van die proses, ses weke voordat die

bestrede egskeiding op verhoor moes gaan, is sy in kennis gestel dat daar 'n "vertrouensbreuk" tussen haar en haar prokureur was en dat die prokureur haar nie langer wil verteenwoordig nie. Op die stadium het die koste reeds R25 000 beloop. Die dilemma is vererger toe die prokureur weier om die lêers met al die stukke tot op datum aan haar beskikbaar te stel indien die rekening nie volledig vereffen word nie. Sy het naarstigtelik na 'n nuwe prokureur gesoek. Gelukkig is een gevind wat bereid was om op die laat stadium betrokke te raak by die saak – mits sy R15 000 deposito betaal. Hy het ook kans gesien om haar saak te neem sonder die vorige prokureur se lêers.

'n Groot deel van die deposito is bymekaargemaak deur die verkoop van aandele en die afkoop van polisse. Die verhaal het 'n amper gelukkige einde: die nuwe prokureur is 'n uiters bekwame en behulpsame persoon wat die belange van sy kliënt op die hart dra. As gevolg van sy betrokkenheid is 'n skikking beding ure voordat die saak op verhoor moes gaan. Die skikking was vir Magda nie die ideaal nie, maar sy kon daarmee saamleef. Die alternatief was dat die saak uitgestel word vir ten minste ses maande. Nog duisende rande se koste, die emosionele eise, onsekerheid oor die uitslag van die bestrede saak en met al die gepaardgaande spanning, het haar laat besluit om eerder te skik.

Ek het totaal en al 'n nuwe terrein betree toe ek betrokke geraak het by die regsproses van sommige deelnemers en het geleer uit die ander se ervarings. Dit het my onder die indruk gebring van die belangrikheid van deeglike voorbereiding vir die regsproses.

## 6 VOORBEREIDING VIR DIE REGSPROSES

Deeglike voorbereiding vir die regsproses kan help om die proses vinniger en meer koste doeltreffend te laat verloop. Tydens die terapie het die aanloop tot die regsproses uit die aard van die saak nie so mooi puntsgewys verloop nie. Nadat die navorsing ten einde geloop het, was ek betrokke by ander deelnemers. Ek het die onderstaande riglyne gevolg wat baie gehelp het om die egskeidingsproses minder traumaties vir die deelnemer te maak. Dit het ook gehelp om, voordat die regsprosedure begin, so ver as moontlik 'n skikking met die man te beding. Om die doelwitte te bereik, is dit nodig om die volgende sake deeglik voor te berei:

- die redes waarom aansoek gedoen word vir 'n egskeiding
- die omvang van die boedel
- die voorgestelde verdeling van die boedel

- die onderhoudseis
- reëlings in verband met toesig en beheer oor die kinders

## 6.1 DIE REDE WAAROM DIE EISER AANSOEK DOEN VIR 'N EGSKEIDING

Dit help baie indien die eiser in die saak die gronde waarom sy aansoek doen vir 'n egskeiding deeglik voorberei. Indien duidelike redes vir die egskeiding reeds by die eerste besoek aan die prokureur gegee kan word, word die afhandeling van die saak bespoedig. Hoe meer bewysstukke vooraf verkry en aangebied word hoe makliker en goekoper verloop die regsprorsedure en hofproses.

Dit beteken ongelukkig dikwels dat gebeurtenisse waarvan eerder vergeet wil word, opgediep en aan die groot klok gehang word. Dit is gewoonlik uiters onaangenaam.

Indien daar 'n derde party betrokke is word die feite van die verhouding/verhoudings duidelik uitgespel. Die naam en van van die derde party, datums van hoe lank die verhouding geduur het en erkennings van die huweliksmaat oor die verhoudings, moet by die verklaring ingesluit word.

Indien daar sprake is van alkohol of dwelmafhanklikheid moet verklarings verkry word van persone wat op hoogte van die probleem is. Verklarings moet afgelê word in verband met die effek van die gedrag op die eiser en die kinders. Die finansiële implikasies van die gedrag word uitgespel. Die tye en geleenthede wanneer die gedrag voorkom, word duidelik genoem.

Indien daar sprake is van geweld moet doktersverklarings, polisieverklarings en mediese rekeninge wat die gedrag onderskryf, verkry word.

## 6.2 DIE OMVANG VAN DIE BOEDEL

Dit is belangrik dat die eiser die netto omvang van die boedel (bates minus laste) so noukeurig as moontlik bepaal voordat sy 'n prokureur gaan sien. Die waarde van die huis ('n eiendomsagent se waardasie is gewoonlik voldoende), die grootte van die verband op die huis, die inkomste van die partye, die omvang van die partye se polisse en pensioenbelange, effektetrust, motors se waardasies en los bates se waardes moet in ag geneem word om die netto waarde van die boedel te bepaal. Hier is dit belangrik dat daar nooit te veel detail kan wees nie.

Dit is belangrik dat die eiser die inligting bekom voordat daar sprake is van 'n dagvaardiging om te skei. In sommige gevalle kan die verweerder, indien hy bewus is van die eis teen die boedel wat uitstaande is, die geleentheid gebruik om bates te vervreem, "weg te steek" of om buitensporige laste aan te gaan. Dit maak dit baie moeilik, en soms onmoontlik, om die volle omvang van die boedel te bepaal. Wanneer dit gebeur, kan die vrou 'n slagoffer word van uitbuiting. Die pastorale terapeut wat hierop bedag is, kan die vrou hierteen beskerm.

## 6.3 DIE VERDELING VAN DIE BOEDEL

Die eiser moet duidelik stel op watter deel van die boedel sy aanspraak maak en die aanspraak motiveer. Hier is gesonde realisme nodig. Realisme beteken dat die eiser, na inagneming van alle feite, aanspraak maak op 'n realistiese deel van die boedel.

Wat in ag geneem behoort te word, is die grootte van die boedel, elke party se aanvanklike bydra tot die boedel toe hulle getrou het en elke party se bydra tot die boedel na die troue. Die gevaar is groot dat, omdat die vrou gewoonlik haar loopbaan onderbreek ter wille van die geboorte en versorging van kinders, haar bydra tot die boedel onderskat word. Die Wet verwys spesifiek na 'n direkte of indirekte bydra tot die boedel "deur die lewering van dienste, of die besparing van uitgawes wat andersins aangegaan sou moes word, of op enige ander wyse" (die Wet: Artikel 7(4)).

Die betekenis van die woorde is wyd genoeg om die "gewone verpligtinge" van die vrou, die huishouding en kinders se versorging, te omvat. Deur hierdie verantwoordelikhede na te kom, lewer die vrou ongetwyfeld dienste en bespaar sy uitgawes wat noodwendig indirek tot die instandhouding of groei van haar man se boedel bydra (Cronjé en Heaton 1999:161). Vroue kan geneig wees om hulle bydra tot die boedel wat op die "indirekte" manier gedoen is, te onderskat. Die terapeut wat daarop bedag is kan haar help om 'n realistiese eis teen die boedel in te stel.

Hierdie aspek het vir Magda geweldige trauma veroorsaak en die egskeiding baie vertraag. Ten spyte daarvan dat sy haar loopbaan onderbreek het ter wille van die versorging van hulle kinders en die bevordering van haar man se loopbaan, het haar man beweer sy het "geen bydra" tot die boedel gemaak nie. Daarom kan hy "geen rede" vind waarom hy vir haar moet sorg nie. Volgens hom het hy dit op daardie stadium reeds "lank genoeg gedoen". Vir Magda het die misbruik en verwerping wat sy beleef het vererger. Die ongenaakbare gesindheid van haar man het aanleiding gegee tot 'n lang, duur, ingewikkelde en emosioneel uitputtende regsgeding.

## 6.4 DIE ONDERHOUDSEIS

Indien die eiser vir haar of die kinders onderhoud eis, moet die omvang van die eis uitgespel word en gemotiveer word. Weereens kan dit hier nie duidelik genoeg wees nie. Alle tersaaklike inligting is belangrik.

Schwartz en Kaslow (1997:112) het die volgende handige riglyn opgestel om die onderhoudseis met betrekking tot die kinders te bepaal. Hulle identifiseer tipe A - uitgawes: gereelde en herhaaldelike uitgawes wat deur die nie-resindensiële ouer betaal behoort te word. Die uitgawes behels:

- huur en verbandkoste
- munisipale belastings
- verbruiksartikels
- voertuig- en vervoeruitgawes
- klere
- persoonlike versorging
- ontspanning

Dan is daar tipe B-uitgawes: nie gereelde en nie herhaalbare uitgawes, wat direk in verband staan met die kind se ouderdom en behoeftes. Die uitgawes word deur beide ouers gedeel en behels:

- koste verbonde aan sporttoere
- dagsorg
- buitemuurse aktiwiteite
- sakgeld
- universiteitsgelde
- skoolklere
- skooluitstappies

- verjaardagpartytjies
- speelgoed

Wat ook hier ter sprake is, is die voortgesette lidmaatskap aan 'n mediesefonds vir die vrou sowel as die kinders. In die geval met Magda se skikking is eers na die tyd ontdek dat mediesefondse daarop geregtig is om 'n jaar wagtydperk te implementeer vir sekere siektetoestande en dat mediesefondse geregtig daarop is om ''drie maande wagtyd voor aansluiting (of drie maande se vooruit betaalde fooie) te eis. Ongelukkig was ons nie bewus van die toedrag van sake toe die skikking beding is nie en later het dit aanleiding gegee tot groot finansiële verpligtinge vir haar. Dit sou baie gehelp het indien ons voor die tyd op hoogte was van die wetlike vereistes van mediesefondse. In die eerste instansie was dit sekerlik die prokureur se verantwoordelikheid om op hoogte te wees van die toepaslike wetgewing in dié verband. Die saak beklemtoon die belangrikheid van die keuse van 'n bekwame prokureur.

## 6.5 REËLINGS IN VERBAND MET TOESIG EN BEHEER OOR KINDERS

Indien daar minderjarige kinders betrokke is, sal daar noodwendig reëlings getref moet word oor toesig en beheer oor die kinders. Die voorstelle wat die eiser het in die verband kan weereens nie duidelik genoeg uitgespel word nie. Vae omskrywings soos "billike toegang" deug nie. In die geval van Mari se skikking het sulke omskrywings aanleiding gegee tot verwarring en groot geskille na die egskeiding. In die geval van Magda is toesig en beheer van die amper volwasse dogter aan Magda se man toegeken en is haar regte in verband met besoeke nie omskryf nie. Sy het na die egskeiding die vernedering beleef dat haar man haar by sy huis weggejaag het toe sy haar dogter daar besoek het.

## 6.6 DIE KEUSE VAN EN VERHOUDING MET DIE PROKUREUR

Litigasie is duur, baie duur. Maar ook hier geld die spreekwoord "goedkoop koop is duur koop". Die geld wat aan 'n goeie prokureur bestee word is geld goed bestee. Maar dit is ook nie nodig om onnodig geld te spandeer nie. Daar is verskillende maniere hoe koste tydens die egskeidingsproses bespaar kan word.

'n Senior prokureur se fooi beloop op die oomblik R750 per uur, dit is R12,50 per minuut. Die fooi word gehef vir enige manier hoe die prokureur se tyd benut word: die lees of skryf van 'n brief, 'n telefoonoproep of 'n konsultasie. Elke kontak met die prokureur moet voorafgegaan word deur

deeglike voorbereiding. Hier geld die spreekwoord "tyd is geld" letterlik. Voordat die prokureur gekontak word moet baie seker gemaak word wat gevra of gesê gaan word.

Litigasie kan 'n uitgerekte en ingewikkelde verloop hê. Vir 'n prokureurskliënt is dit 'n baie spanningsvolle tyd indien sy nie op hoogte gehou word van die verloop van die saak nie. 'n Prokureur behoort 'n kliënt op hoogte te hou van die verloop van die saak, wat volgende gaan gebeur en hoeveel tyd die teëparty het om te reageer voordat daar na die volgende stap van litigasie beweeg kan word.

Nie alle prokureurs het verskyningsbevoegtheid in die hooggeregshof nie. Ander is onwillig om in die hooggeregshof te verskyn. Indien 'n prokureur gewillig en bekwaam is om in die hooggeregshof te verskyn kan die onkoste van 'n advokaat bespaar word. Tydens onbestrede sake is dit 'n belangrike voordeel. Tydens bestrede sake kan dit ook 'n voordeel wees, hoewel die kliënt dan die ervaring en kennis van 'n advokaat moet ontbeer. Die kostevoordeel moet in dié geval opgeweeg word teen die nadeel wat so 'n stap inhou.

Indien die regsprosedure tydens egskeiding glad verloop kan dit baie help om van die spanning wat gepaard gaan met egskeiding te verlig. Die regsprosedure is egter nie die enigste praktiese aangeleentheid wat hanteer moet word nie. Egskeiding gaan gewoonlik ook gepaard met nuwe verantwoordelikhede met betrekking tot finansiële bestuur.

## 7 FINANSIES

Die groep het bestaan uit middelklas blanke vroue. Wat hier ter sprake is, is waarskynlik nie van toepassing op ander groepe vrou nie, veral nie vir vroue uit 'n ander kulturele agtergrond nie.

Sommige deelnemers was onkundig oor huishoudelike finansies. Een deelnemer het vertel dat sy eers tydens haar egskeiding vir die eerste keer in haar lewe binne in 'n bank was. Voorheen was die naaste wat sy aan 'n bank gekom het om by die OTM geld te trek!

Die deelnemerns was geneig om uitgawes in verband met die instandhouding van 'n huishouding te onderskat. Die onkunde kan veroorsaak dat vroue 'n agterstand het wanneer oor 'n skikking onderhandel word. Die terapeut kan dan as konsultant optree, of vroue na kundiges verwys. Hoe dit ook al gebeur, dit is nodig om vroue, wat onkundig daaroor is, te help om realistiese finansiële beplanning te doen wanneer onderhoud, inkomste en uitgawes ter sprake is.

Rawlings en Graham (1988:167) en Greeson et al. (1991:171) merk op dat baie mense (mans en vroue) nie finansieel kundig is nie. Om skielik met begrotings, spaarplanne en beleggings te werk is vir sulke mense vreesaanjaend. Indien 'n deelnemer nog nie oor haar eie tjekrekening, kredietkaart en spaarrekening beskik nie, vereis die egskeiding dat sy dit bekom.

Vir die deelnemers was dit betekenisvol om finansiële vaardighede aan te leer (333). Hulle moes leer vooruitbeplan om finansieël te oorleef (334). Die vaardighede wat die deelnemers aangeleer het, het grootliks daartoe bygedra om hulle selfvertroue te verbeter. Volgens Riessman (1990:169) kan die belangrikheid van finansiële onafhanklikheid en selfstandigheid nie onderskat word nie. Om geld te bestuur is vir baie vroue 'n nuwe en opwindende veld wat ondersoek en bemeester word. Vir vroue wat nooit toegelaat is om geld te bestuur nie, is dit lekker om self in beheer van hulle finansies te wees, al is dit net 'n klein bietjie geld. Dikwels het mans tydens die huwelik geld gebruik as 'n manier om vroue te beheer, te manipuleer en te domineer. Eerder as om hulleself te sien as slagoffers van hulle nuwe omstandighede, kan geskeide vroue die geleentheid ontdek om selfstandig te wees en hulle verantwoordelikheidsin in dié verband wys.

Lynette se ervaring stem ooreen met die waarneming van Riessman. Vir haar is dit lekker om nie oor elke sent verslag te doen nie. In die huwelik was dit vir haar baie erg gewees om dit te doen. Dit het haar selfvertroue en selfbeeld skade aangedoen. Carna het vertel hoe 'n belangrike rol beplanning nou speel en dit was vir haar lekker gewees om finansiële vaardighede te bemeester (332 en 333). Magda was totaal ontnugter toe sy besef in watter mate sy in die duister gehou is oor die finansiële sy van die huwelik – eers na haar man se plotselinge dood, toe sy beheer van die boedel moes neem, het sy insae in die werklike omvang van sy boedel verkry.

## 8 DIE GESKEIDE VROU EN DIE ARBEIDSMARK

Indien 'n vrou wat skei in 'n patriargale huwelik betrokke was, is dit gewoonlik die geval dat sy die tweede en mindere inkomste verdien het. Sy het waarskynlik ook haar loopbaan onderbreek ter wille van die geboorte en versorging van kinders. In die geval van die deelnemers het vier (Rika, Magda, Lynette en Mari) op een of ander stadium hulle loopbane onderbreek ter wille van die huwelik.

Schwartz en Kaslow (1997:100) is van mening dat die vrou wie se 'n huwelik oor 'n lang tyd gestrek het en wie se grootste bydra tot die boedel haar onbetaalde arbeid, die versorging van kinders en die ondersteuning van haar man se loopbaan was, nie goed voorberei is om die arbeidsmark na die egskeiding te betree nie. Dié wat in die arbeidsmark gebly het of alreeds weer

tot die arbeidsmark toegetree het, beleef 'n agterstand as gevolg van die onderbreking van haar loopbaan. Terwyl dit reeds vir haar moeilik is om haar lewenstandaard voor die egskeiding te handhaaf, is dit belangrik dat die vrou weë sal vind om meer te verdien.

Riessman (1990:171) noem dat baie geskeide vroue verplig is om ander werk te kry, of moet ten minste hulle werk nou baie meer ernstig opneem. Vroue rapporteer meer werkstevredenheid en vind 'n groter deel van hulle identiteit by die werk na egskeiding. Dit gee hulle meer selfvertroue en status en dra daartoe by dat hulle selfbeeld verbeter.

## 9 ONDERHOUD AAN KINDERS

Hoewel die huwelik nie meer 'n verbintenis is "totdat die dood ons skei nie", merk Flatt (1980:136) op dat selde so maklik van die verantwoordelikhede van ouerskap ontslae geraak kan word. Tydens egskeiding moet die basiese vraag beantwoord word: wie gaan hoeveel bydrae vir die egpaar se kinders se versorging? Albei ouers moet besef dat die welvaart van die kinders na egskeiding hulle altwee se verantwoordelikheid is. Kinders het steeds voedsel, klere, opvoeding en mediese versorging nodig.

Volgens Schwartz en Kaslow (1997: 115) is die probleem van pa's wat nie onderhoud betaal nie een van die mees onverstaanbare en frustrerende aspekte wat vroue na egskeiding kniehalter. As pa's hulle kinders liefhet en meer geld het as wat hulle eie behoeftes is, waarom betaal hulle nie onderhoud nie? Die meeste pa's ontduik hulle verantwoordelikheid deur rasionalisasie: die ma spandeer nie die geld op die kind nie of die ma voed die kind nie reg op nie. Wat opvallend is, is dat die behoefte van die kinders geen aandag kry in die stellings nie. Twee van die deelnemers, Mari en Lynette, het probleme ondervind met die betaling van onderhoud aan kinders. Dit het eindelose probleme vir hulle veroorsaak wat aanleiding gegee het tot uitgerekte regsprosedures. Die finansiële probleme, en voortgesette konflik met die vorige man wat uit sy onwilligheid om onderhoud te betaal voortvloei, het die potensiaal om die rekonstruksie van nuwe lewe aansienlike te vertraag.

## 10 BEHUISING

Al vyf die deelnemers aan die studie moes verhuis. Terwyl verhuising altyd 'n traumatiese gebeure is met baie praktiese probleme wat daarmee saamhang, word die probleme vererger vir vroue aan wie die primêre toesig en beheer van die kinders toegesê is. Hulle moet voldoende huisvesting kry vir hulle en hulle kinders. Omdat hulle gewoonlik die kinders so min as moontlik wil ontwrig, wil hulle graag in dieselfde omgewing bly sodat kinders nie skole hoef te verwissel nie.

Mari was in staat om 'n woonstel teen 'n billike tarief te huur. Magda het, nadat sy eers 'n heenkome by haar suster gekry het, na die skikking 'n meenthuis gekoop. Rika het haar eie huis gebou omdat sy op die manier kwalifiseer het vir 'n honderd persent lening. Carna het 'n ander huis gekoop wat gedeeltelik gefinansier is uit die deel van die boedel waarop sy geregtig was. Lynette se broer het aanvanklik 'n huis tot haar beskikking gestel en sy het later 'n woonstel gehuur.

Behuising gaan gepaard met finansiële verpligtinge: verbande, water en ligte, eiendomsbelasting, in geval van meenthuise heffinge en in geval van huurneming deposito. Dit is baie belangrik dat al die koste in ag geneem moet word in die keuse van behuising.

## 11 DEELNEMERS SE REFLEKSIE

Die deelnemers het die herstelproses as 'n "wipplankryery", as "vol oppe en affe" beskryf. Die praktiese vaardighede wat hulle aangeleer het, was vir hulle "bakens op die stormagtige see waaraan ons ons vordering kon meet.".

'n Volgende aspek van rekonstruksie van lewe na egskeiding wat aandag gekry het tydens die navorsing is emosionele rekonstruksie. In die volgende hoofstuk word daaraan aandag gegee.

# HOOFSTUK 11

# EMOSIONELE REKONSTRUKSIE

In Hoofstuk Sewe, toe die omvang van die egskeidingskrisis vir vroue ter sprake was, het die emosionele aspek van die egskeidingskrisis reeds ter sprake gekom. In hierdie hoofstuk word aan die rekonstruksie van die emosies aandag gegee.

Tydens ons eerste ontmoeting het die deelnemers aangedui dat hulle graag sou wou praat oor: "Hoe hanteer ek emosies? Die woede wat gepaardgaan met die verontregting, die verwerping, hoe kry ek weer kalmte en vrede?" (6). Selfs na aan die einde van die terapieproses het Magda vertel dat sy... nog baie sukkel met die verwerping, angs en onsekerheid (365).

Nadat die ongelukkige huwelik beëindig is, verwag vroue om positiewe emosies te ervaar. In die geval met die deelnemers was dit vir hulle 'n ontnugtering dat dit nie onmiddellik gebeur het nie (156,157).

Die ervarings van die deelnemers getuig daarvan dat egskeiding met intense emosies gepaard kan gaan. Seer, woede, rou, verlies, hartseer, skuldgevoelens, verbittering en vrees is van die emosies wat ervaar word deur diegene wat deur egskeiding gaan (Arendell 1986, Clapp 1992, Marais 1992, Hoff-Oberlin 2000).

In hierdie hoofstuk word die konteks van geskeide vroue se emosies: skuldgevoelens, angs en woede, eers aangespreek, waarna die rekonstruksie van die verskillende emosies aandag geniet.

## 1 DIE KONTEKS VAN GESKEIDE VROUE SE EMOSIONELE KRISIS

Van die oorsake van die emosionele krisis vir vroue na egskeiding kan teruggevoer word na die sosialisering van vroue in 'n patriargale gemeenskap. Soos reeds aangetoon in Hoofstuk Ses word vroue daarvoor verantwoordelik gehou om verhoudings in stand te hou. Daarom kan verstaan word dat die verbrokkeling van die huweliksverhouding dalk nie noodwendig as 'n groter emosionele trauma vir vroue as vir mans beskryf kan word nie, maar dat vroue se emosionele krisis tydens egskeiding anders is as dié van mans.

Arendell (1986:18, 40) vat die redes vir die unieke aard van die geskeide vroue se emosionele krisis soos volg saam:

- geskeide vroue se mindere status in die samelewing
- geskeide vroue se swakker ekonomiese posisie as mans
- geskeide vroue se minder mededingende posisie op die arbeidsmark as gevolg van groter verantwoordelikheid teenoor die versorging van hulle kinders
- die groter emosionele betrokkenheid van vroue by hulle kinders gaan met die vrees gepaard dat hulle kinders deur die egskeiding nadelig geraak sal word
- hulpbronne in die samelewing is vir geskeide vroue minder toeganklik as vir mans
- vroue se gesinsverantwoordelikhede vermeerder na egskeiding, terwyl baie mans volkome bevry word van gesinsverantwoordelikhede

Arendell (1986:40) beskryf die emosionele krisis van die vrou tydens egskeiding as:

> ... more than role overload. These women must cope with role strain from positions of low social economic status. It is the fact that they are women experiencing conditions of overload that makes their situations unique.

Brewer en Rawlings (1993:29) meld dat emosies by geskeide vroue maklik deur terapeute as patologie beskryf word en deur vroue so beleef word. Veral word emosies by vroue wat skei dikwels as depressie beskryf. Daarom is die nuwe omskrywing (reframing) van emosies tydens terapie volgens Brewer en Rawlings met vroue belangrik. Hulle gebruik dié voorbeeld: "depressie" kan beskryf as 'n "treur" oor verlies van 'n droom en identiteit. Deur "depressie" as "treur" te beskryf word aan 'n natuurlike, maar tydelike, toestand van ontwrigting gedink. Die treur-omskrywing van emosies gee hoop dat die persoon met verloop van tyd in staat sal wees om oor die verlies te treur, die verlies van die verlore droom te aanvaar, en uiteindelik 'n nuwe droom te ontwikkel wat sy kan verwesenlik (Brewer en Rawlings 1993:29).

Terwyl dit my ervaring is dat 'n groot aantal vroue (dalk die meeste? of selfs almal?) wat deur egskeiding geraak word "behandeling" vir depressie kry, kan dit dalk vreemd voorkom dat ek nie depressie insluit by die bespreking nie. Ek doen dit omdat depressie 'n sielkundige en mediese diskoers verteenwoordig. Ek wil dié dominante diskoers dat vroue se emosies tydens egskeiding

patologie is, dekonstrueer. Indien vroue se emosies tydens egskeiding beskou word teen die agtergrond van die dominante samelewingsdiskoerse, wat manlike rasionaliteit as ideaal stel en vroue se emosies as irrasioneel en minderwaardig beskou, is vroue se emosies nie meer vanselfsprekend patologies nie.

In die hoofstukke oor 'n feministiese perspektief op egskeiding, egskeidingsterapie en sosiale diskoerse oor geslagskwessies is die aandag reeds gevestig op die eie aard van vroue se krisis, ook die emosionele krisis, tydens en na egskeiding. Die deelnemers het soms oor emosies gepraat asof emosies minderwaardig is. Ek het soos volg daarop gereageer:

> Ek het baie gewonder oor al hierdie dinge wat julle vertel het[1]. Soms het dit vir my geklink of ons dalk negatief oor emosies dink. So asof emosies minderwaardig is, en daar eers van emosies 'ontslae' geraak moet word deur dit 'uit te woed', voordat 'n mens by 'n 'hoër' vlak van funksionering kom, naamlik die 'rasionele denke'.
>
> Wat, dink julle, is dit dalk die populêre idee oor emosies? Dit het natuurlik ook implikasies vir die manier waarop gedink word oor vroue. Omdat vroue meer uiting gee aan hulle emosies word soms gedink vroue funksioneer op 'n 'laer' vlak as mans wat op 'n 'verstandelike' vlak funksioneer (53,54).

Met dié opmerkings het ek probeer om die dominante diskoers dat vroue meer emosioneel "is" ('n essensialistiese standpunt), aan te spreek deur daarop te wys dat die patriargale diskoers oor manlikheid mans verhoed om emosies te wys. Ek wou ook die diskoers dat emosies minderwaardig is, aanspreek deur taal te gebruik wat verwys na "emosionele verstand/intelligensie en "rasionele" verstand/intelligensie:

> Is dit dalk moontlik om anders te dink oor emosies? Byvoorbeeld dat alle mense dalk 'n 'emosionele' verstand en 'n 'rasionele' verstand het? 'n 'Emosionele' intelligensie en 'n 'rasionele' intelligensie? En dat wanneer daar dinge is wat seermaak, ons albei hierdie twee aspekte nodig het om die saak wat seermaak suksesvol te hanteer? (55).

Met die opmerkings wou ek die diskoers dat emosies nie 'n lastigheid is nie, maar 'n hulpmiddel is om "dinge wat seermaak" te help hanteer, beklemtoon. Daarom het ek gevra:

---

[1] "die dinge" verwys na die "ander mense" wat die deelnemers nie wou toestemming gee om hulle emosies te wys nie en dat hulle ook nie vir hulleself dit wou gun nie (52).

> Sou julle sê dat om julle emosies te erken, dit te eer as 'n belangrike deel van julle samestelling, en om uitdrukking daaraan te gee dalk die eerste tree in julle groeiproses was? (56)

Deur in die konteks van "uiting gee aan emosies" (52) te verwys na die groeiproses wou ek die gedagte eksploreer dat die wys van emosies, en deur erkenning te gee aan emosies, deel is van die rekonstruksie van hulle lewens. Hoewel die deelnemers tydens die terapie dikwels emosioneel was, en ruimte gelaat is vir die wys van emosies, was dit nie 'n terapeutiese doelwit om hulle emosioneel te laat "ontlaai" nie. Soos later sal blyk, het die groep wel 'n veilige ruimte geskep vir die vroue om uiting te gee aan hulle emosies (61 en 62) – in 'n samelewing wat ongemaklik is met vroue se emosies, was dit 'n belangrike aspek van die groepswerk wat na vore gekom het.

In die volgende deel word van die verskillende emosies wat gepaardgaan met egskeiding gerekonstrueer in die lig van die dominante diskoerse.

## 2 SKULDGEVOELENS

Die deelnemers het vertel dat hulle:

> Bevry is van skuldgevoelens (62).
>
> Julle het tot die insig gekom dat albei partye skuld het aan die huwelik wat tot 'n einde gekom het. Julle is bereid om die skuld te aanvaar vir julle aandeel in die huwelik wat tot 'n einde gekom het, maar julle is nie bereid om die ander party se skuld ook te dra nie' (149).
>
> Skuldgevoelens se stem sagter begin praat, die verwagting was dat Skuldgevoelens se stem met verloop van tyd 'heeltemal stil sal word' (205).

Dié uitsprake van die deelnemers dui vir my daarop dat hulle insig rondom diskoerse oor skuldgevoelens tydens die terapie verbreed het. Dit kon dalk gebeur het omdat hulle nuwe insig verkry het in:

- die onderskeid tussen geregverdige en ongeregverdige skuldgevoelens
- die konteks waarbinne skuldgevoelens ontstaan
- die hantering van skuldgevoelens

## 2.1 SKULDGEVOELENS: GEREGVERDIG OF ONGEREGVERDIG?

Die deelnemers het vertel dat hulle realisties na hulle skuldgevoelens begin kyk het en bereid was om skuld te aanvaar vir hulle aandeel in die egskeiding:

> Vir Lynette was dit een van die vaardighede wat sy aangeleer het om realisties na elke party se skuld-aandeel in die egskeiding te kyk (205).

Dit het my laat wonder of skuldgevoel hoegenaamd bestaansreg het? Ek sluit aan by Murphy (1996:89) wat die noodsaaklikheid van skuldgevoelens beklemtoon: skuldgevoelens is volgens haar 'n aanduiding daarvan dat 'n verhouding nie reg is nie en sonder skuldgevoelens is dit onmoontlik om verantwoordelikheid te aanvaar vir verhoudings. Murphy (1996:89) identifiseer egter twee probleme in verband met skuldgevoelens:

> In our immaturity, we often deny, hide or are unable to handle feelings of authentic or justified guilt. Secondly, in our brokenness and woundedness, we are often burdened with a sense of inauthentic, neurotic or so called 'imaginary' guilt. These distinctions are not clear to the one who experiences guilt, which is never 'imaginary' to the sufferer.

Ook Greeson et al. (1991:77) onderskei tussen toepaslike en ontoepaslike skuldgevoelens. Volgens hom is die regte reaksie teenoor toepaslike skuldgevoelens om die oorsake daarvan te erken, die gevolge daarvan te aanvaar, indien nodig verskoning te vra, leer uit die foute wat gemaak is en groei op grond van die nuwe kennis. Skuldgevoelens is dus nie altyd nadelig nie. Toepaslike skuldgevoelens kan mense motiveer om die gedrag wat die skuldgevoelens veroorsaak te verander. Hiermee kan ek saamstem, maar daar moet ook verder gegaan word as net om die gedrag wat skuldgevoelens veroorsaak te hanteer, die diskoerse wat skuldgevoelens veroorsaak moet ook dekonstrueer word.

Volgens Greeson et al. (1991:77) is dit moeiliker om ontoepaslike skuldgevoelens te hanteer. Ook Clapp (1992:254) meen skuldgevoelens groei dikwels uit 'n valse skuldgevoel: dit wat behoort te gebeur het, of "as ek maar net" - gedagtes. As ek maar net…'n beter huweliksmaat was… meer ingestel was om my huweliksmaat se behoeftes… betyds gesien het ons dryf van mekaar af weg… beter gekommunikeer het… ek wens ek was net 'n bietjie meer vriendelik, geduldig, versigtiger met wat ek gesê het…

Ontoepaslike skuldgevoelens word volgens Greeson et al. (1991:79) op maniere hanteer wat nie in enige iemand se belang is nie: kinders word swak gedissiplineer of bederf met luukse geskenke.

Ontoepaslike reaksies teenoor skuldgevoelens veroorsaak dat skuldgevoelens aanhou om gedrag te bepaal en die geskeide persoon in die verlede vasvang. Ontoepaslike skuldgevoelens kan gebruik word as 'n manier van self-straf en blamering vir gebeure waaroor daar geen beheer was nie. Greeson beveel aan dat ontoepaslike skuldgevoelens by geskeide persone besweer word deur 'n kognitiewe benadering: volgens hom moet die geskeide persoon "insien" dat ontoepaslike skuldgevoelens geen doel dien nie (Greeson et al. 1991:79).

Clapp (1992:154) se benadering tot skuldgevoelens is psigoanalities. Sy beweer dat skuldgevoelens so 'n groot invloed op mense het omdat daar nie gepraat word oor die gevoelens wat onderliggend aan die skuldgevoelens is nie. Daarom bly dit vae gedagtes in die agterkop. Indien die onderliggende oorsake van die skuldgevoelens openlik bespreek word, kom dit dikwels aan die lig dat die gevoelens ontoepaslik is en verloor skuldgevoelens die vermoë om gedrag te bepaal.

Bogenoemde beskouing oor die hantering van skuldgevoelens is 'n voorbeeld hoe die teoretiese raamwerk waarbinne gedink word, die beskouing oor skuldgevoelens bepaal. Narratief gesproke word skuldgevoelens binne konteks van dominante diskoerse beskou en kan die dekonstruksie van die dominante diskoerse help om skuldgevoelens aan te spreek.

## 2.2 DOMINANTE DISKOERSE WAT SKULDGEVOELENS VEROORSAAK

Volgens Greeson et al.(1991:77) is daar genoeg "redes" vir geskeide persone om skuldgevoelens te ervaar. Die redes vir die skuldgevoelens is: 'n toepaslike mate van hartseer oor die egskeiding, hulle is aangetrokke tot iemand anders, 'n nuwe lewenspatroon word gevestig en omdat hulle verlig is na die egskeiding. Volgens Clapp (1992:255) word skuldgevoelens dikwels erger by geskeide ouers omdat hulle skuldig voel dat hulle hulle kinders deur die trauma van egskeiding laat gaan.

Die probleme met die "redes" vir skuldgevoelens na egskeiding is dat dit nie die dominante kerklike diskoers dat egskeidings altyd sonde is en samelewingsdiskoerse oor geskeide vroue verdiskonteer nie. In Hoofstuk Ses en Nege is die diskoerse gerekonstrueer. Ek volstaan hier met twee aanhalings wat die diskoers verteenwoordig. Smit (1991:111) skryf:

> Marriage therefore rests in the glow of the approval of God.... Because God has brought whole out of sin, you may not shatter your most intimate thing, your marriage partner... Whoever breaks marriage of his (sic) own free will breaks a valuable entity given by God, and in the process he/she disfigures him/herself. Even though the letter of the law might legalize divorce, it becomes an irreparable tear in the fabric of two people's lives.

Jaeggli (1996:55) is van mening:

> The Bible declares with certainty that God hates divorce... Divorce is diametrically opposed to God's character... The Bible declares with certainty that only death ends the marriage bond... I do not think that a pastor should marry a couple when divorce is involved.

Dit is uitsprake soos dié wat die dominante kerklike diskoers oor egskeiding help in stand hou en die konteks help skep waar daar "redes" vir skuldgevoelens is. Volgens Molldrem (1991:43) berus die diskoers op die vertrekpunt dat die huwelik 'n fundamentele menslike verhouding is. Die diskoers daarvoor verantwoordelik dat die werklikheid van egskeiding en geskeide persone in die "shadows of shame and neglect" ingestoot is.

In Hoofstuk Ses is bespreek hoe die dominante diskoerse oor manlikheid en vroulikheid saam met die deelnemers gedekonstrueer is en in Hoofstuk Nege hoe die dominante kerklike diskoers oor egskeiding gedekonstrueer is – beide die diskoerse is onder andere daarvoor verantwoordelik dat vroue na egskeiding skuldgevoelens het. Die uitbreiding van die konteks waarbinne skuldgevoelens ontstaan het, het gehelp om skuldgevoelens se stem stil te maak. Die konteks waarbinne die egskeiding geplaas plaasgevind het, was die doel wat die Here met die huwelik het en die botsing in waardes:

> In die lig van die doel wat julle dink die Here met die huwelik het en die botsing in waardes waaroor julle laas keer gepraat het en wat aanleiding gegee het tot julle egskeidings, het julle vertel dat Skuldgevoelens se stem al sagter begin praat. (205).

Die ervaring van die deelnemers dat die dekonstruksie van dominante diskoerse skuldgevoelens se "stem al sagter" laat praat word ook deur Murphy (1996:90) genoem. Volgens haar kan die oorsake van skuldgevoelens by vroue dikwels by dominante diskoerse gesoek word. Oor die vrou se verantwoordelikheid vir verhoudings bevestig sy die rol van die dominante diskoers se invloed op vroue se skuldgevoelens:

> Because relational connectedness is at the core of her identity, a woman feels 'bad' and culpable when relationships break up or are at risk. In later life women frequently 'blame' themselves for the break-up of marriage, or 'failure' in bringing up children... Women accept guilt and answer for it because an ethic of care and responsibility is built into their being and understanding. Women will often accept self-destroying and imprisoning patterns of life, rather than betray or go against these deep emotions (Murphy 1996:90).

Oor die invloed van die dominante kerklike diskoers op vroue se skuldgevoelens is Murphy (1996:90) van mening dat:

> Within this religious culture women were seen as morally weak, a source of possible 'temptation' to men and so in need of special 'control'... So women suffered from a double burden of guilt and shame: first for sharing the fallen human condition, secondly for being born into its weaker half... We need tot examine the particular damage done to women's self-image within Christian traditions... God, seen as male, was the ultimate authority figure, watching even our innermost thoughts. God's authority was mediated through an all-male clerical structure on which women depended for the ministry of word and sacrament, especially that of forgiveness.

My mening, vanuit 'n narratiewe diskoers, is dat eers wanneer vroue se skuldgevoelens beskou word in die lig van die dominante diskoerse is hulle in staat om die skuldgevoelens te dekonstrueer en om hulle emosies te rekonstrueer.

## 2.3 DIE HANTERING VAN SKULDGEVOELENS

Die deelnemers het vertel dat die groep die atmosfeer geskep het waar hulle na mekaar geluiser het, mekaar aanvaar het en mekaar nie veroordeel het nie. In dié atmosfeer kon skuldgevoelens aangespreek word:

> Ek het gevra watter rol die groep speel in julle groei?(61)
>
> Julle het genoem dat die groep ongelooflik baie bygedra het daartoe dat julle uiting kon gee aan julle emosies. Emosies is in realiteite verander. Julle kon vrede maak met sommige dinge nadat julle besef het dat daar ander is wat dieselfde dinge beleef. Julle is bevry van skuldgevoelens (62).

Self was ek baie bedag daarop om nie 'n veroordelende houding teenoor die deelnemers in te neem nie. Dit was vir my maklik om dit doen. Nadat ek na die deelnemers se verhale geluister het, omdat ek in die lig van die rol van patriargie in die samelewing (sensitief vir magsmisbruik is), was ek daarvan oortuig dat die deelnemers geen rede vir skuldgevoelens gehad het nie. Ek hoop dat ek daarin geslaag het om my oortuigings in dié verband duidelik aan die deelnemers te kommunikeer.

In die lig van dominante diskoerse se invloed op vroue se skuldgevoelens dui Murphy (1996:91) die volgende moontlike weg aan vir vroue om hulle skuldgevoelens te hanteer:

> A woman can be released from the burden of guilt by being put in touch with the creative, life-giving sources of her being, and by affirming the dignity and worth of what has formerly been devalued... genuine, authentic guilt is best coped with by a person who has made some progress in selfknowledge, and learned to act from a mature conscience, rather than the voice of outside authority. Genuine guilt can move to repentance and forgiveness when it is not compounded by the burdens of 'inauthentic' guilt.

Maar hoe word onderskei tussen toepaslike en ontoepaslike skuldgevoelens? Volgens Murphy (1996:91) het vroue die hulp nodig van vriende en liefdevolle familie wat luister en hulle onvoorwaardelik, sonder om te veroordeel, aanvaar. So 'n groep vriende kan help dat die grootste probleem in verband met skuldgevoelens, die onvermoë om jouself te vergewe, te oorkom. Soos reeds hierbo genoem het die gespreksgroep dié rol in die deelnemers se lewe vervul.

Francis (1997:155) bied 'n raamwerk aan wat vir my beter laat verstaan wat tydens die terapie gebeur het. Haar navorsing het getoon dat emosies in ondersteuningsgroepe nie verander word deur die emosies aan te spreek nie, maar deur die identiteite van die betrokke rolspelers wat die emosies veroorsaak, te verander. Sy gebruik die voorbeeld van die sin: "man verlaat vrou" wat die vrou met negatiewe gevoelens oor haarself laat, hulpeloos laat voel en met onopgeloste vraagstukke laat voortworstel. Indien die identiteit van die man verander word met die sin: "onvolwasse man verlaat vrou" word die identiteit van die man en vrou verander en die terapeut "has altered the definition of the situation, has invoked new emotions and new emotion norms" (Francis 1997:155).

Indien die raamwerk van Francis binne 'n narratiewe diskoers "vertaal" word, kan gesê word dat wanneer alternatiewe verhale vertel word, verander die identiteit van die rolspelers. In die woorde van Francis se voorbeeld: die enkele woord "onvolwasse" bring 'n alternatiewe verhaal na vore wat tot dusver nie gehoor is nie en nie vertel is nie. Die alternatiewe verhaal word egter nie vanselfsprekend gehoor nie. Om die alternatiewe verhaal te "hoor" is dit nodig dat die "atmosfeer" geskep word om die alternatiewe verhaal te hoor.

Die "atmosfeer" om die alternatiewe verhaal te hoor, kan geskep word binne 'n postmoderne epistemologie waar daar sprake is van kontekstuele, deelnemende etiek soos in Hoofstuk Drie bespreek. Wanneer daar eties voorskriftelik te werk gegaan word, met algemene dogmatiese

"waarhede" gewerk word, is dit baie moeilik om die "atmosfeer" te skep waar die alternatiewe verhaal vertel en gehoor kan word.

Tydens die terapie was ek nog nie bewus van Francis se benadering tot emosies nie. Dalk het die proses wat sy by ander ondersteuningsgroepe waargeneem het, tydens die terapie plaasgevind. In een brief, nadat die deelnemers geworstel het met hulle onvermoë om te vergewe (die dominante diskoers), het ek die alternatiewe diskoers, geregtigheid, uitgelig om so die konteks te skep waarin die dominate diskoers gedekonstrueer kan word. Ek het dit wat met die deelnemers gebeur het toegeskryf aan onreg (40). Skuldgevoelens word nou veroorsaak deur Onreg, skuldgevoelens het 'n negatiewe oorsprong het en dus nie bestaansreg nie.

Tydens een gesprek het die deelnemers hulle vorige mans as "varke" beskryf (193). Dié beskrywing van hulle mans verteenwoordig 'n alternatiewe, gemarginaliseerde verhaal. Die oorvertel van die verhale het die skuldgevoelens dekonstrueer: waarom hoef 'n vrou skuldig te voel indien sy van 'n "vark" skei? Deur die dominante samelewingsdiskoerse oor manlikheid te bespreek, het die deelnemers tot die insig gekom dat die mans waarmee hulle getroud was dit reg kry om in kompartemente te lewe, nie emosioneel geraak word deur die pyn wat veroorsaak word deur egskeiding nie, ongehinderd voortgaan met hulle lewens (30). In terme van Francis: die mans is nuwe identiteite gegee binne die dominante patriargale diskoers. In terme van narratiewe terapie: 'n gemarginaliseerde verhaal is vertel om 'n nuwe/alternatiewe verhaal te skep. Dit kon daartoe aanleiding gegee het dat skuldgevoelens by die deelnemers nie meer van deurslaggewende belang was nie.

Een saak waaroor ék "skuldgevoelens" het, is dat die gesprekke dalk kon lei tot aanvalle op en die veroordeling van individue (in die geval die deelnemers se vorige mans). Wat hier belangrik is, is om te onthou dat die "skuldige" nie 'n individu is nie, maar die skuld lê by 'n dominante patriargale diskoers wat manlike oorheersing bevorder en magsmisbruik ten koste van vroue moontlik maak. Indien dit in gedagte gehou word, is dekonstruksie nie persoonlike aanvalle wat geloods word nie, maar diskoerse wat gedekonstrueer word. Die verskil tussen persoonlike aanvalle en dekonstruksie van diskoerse is klein. Hier het terapeute wysheid nodig.

Daar kan ook nie oor skuldgevoelens gepraat word sonder om oor verantwoordelikheid te praat nie. Die gevaar bestaan dat so oor skuldgevoelens gepraat word dat verantwoordelikheid (veral verantwoordelikheid vir verhoudings) in die slag bly. Dit is 'n gevaar dat so op die individu klem gelê word dat die individu binne die netwerk van verhoudings uit die oog verloor word. Dit sal

goed wees indien terapeute wat saam met geskeide vroue werk kennis neem van die moontlikheid om individualisme oor te beklemtoon ten koste van verhoudings.

## 3 ANGS EN BEKOMMERNIS

### 3.1 DISKOERSE WAARBINNE ANGS EN BEKOMMERNIS ONTSTAAN

Tydens ons eerste gesprek het Magda, Jesaja 43:1-5 aangehaal:

> 'Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op op jou naam geroep: Jy is Myne! As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie, as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie... moenie bang wees nie, Ek is by jou' (11).

Vir die deelnemers was daar verskillende oorsake vir hulle angs. Op die stadium was Magda gewikkel in 'n geweldige slordige egskeidingsgeding wat gepaard gegaan het met baie spanning en onsekerheid. Die aanhaling het moontlik die diepe angs en bekommernis verwoord wat in haar, en die ander deelnemers, se harte was. Haar opmerking bevestig dat egskeiding, angs en bekommernis hand aan hand gaan.

Carna was tydens die egskeiding as gevolg van haar swak gesondheid besonder kwesbaar. Dan was daar ook bekommernis oor wat die effek van die egskeiding op haar "nuwe"[2] seuns, wie se lewens klaar ontwrig is, sal wees. Lynette het voor die uitdaging te staan gekom om in 'n nuwe stad haar voete te vind en broodwinner vir drie dogters te wees terwyl sy nie sekerheid gehad het dat sy werk sou kry nie. Rika moes vir 'n tweede keer ervaar dat haar drome van 'n gelukkige aftrede saam met die man wat sy lief het deur egskeiding in 'n nagmerrie verander is. Mari het, nadat 'n minder gunstige egskeiding namens haar beding is, steeds te doen gekry met haar baie vyandiggesinde man en terselfdertyd haar twee dogtertjies versorg, dit op haar eie (beperkte) inkomste.

Rawlings en Graham (1988:166) noem die volgende sake wat angs en bekommernis by vroue tydens egskeiding veroorsaak:

---

[2] Die seuns verwys na die twee seuns wat Carna aangeneem het na die afsterwe van haar swaer en skoonsuster.

- Van vroue word verwag om skielik afstand te doen van hulle identiteit wat hulle tydens die huwelik gehad het en om hulle nuwe, na-egskeiding identiteit, te vestig.

- Sy voel onseker oor haar vermoë om beheer oor haar lewe te kry, besluite te neem, en nuwe verantwoordelikhede te neem.

- Sy voel hulpeloos.

- 'n Analise van die voordele wat sy geniet het onder die vorige bedeling, maar ook die prys wat sy daarvoor betaal het, word gemaak en die koste verbonde aan die voordele wat sy verkry het in die nuwe bedeling, word bereken.

- Die nuwe omstandighede veroorsaak groot onsekerheid, die onsekerheid is die teelaarde vir angs.

Clapp (1992:37) maak melding van die selfondersoek en evaluering wat gelyktydig by die geskeide vrou aan die gang is. Die bekende verlede word verruil vir 'n onbekende toekoms. Dringende besluite moet geneem word. Daar is geweldige probleme waarvoor oplossings gekry moet word. Die verliese wat egskeiding meebring moet hanteer word. Planne moet gemaak word. Kinders se pyn moet aandag kry. Al die faktore veroorsaak angs en bekommernis by geskeide vroue.

## 3.2 DIE HANTERING VAN ANGS EN BEKOMMERNIS

Clapp (1992:37) se aanbeveling vir vroue wat deur egskeiding geraak word, vanuit 'n kognitiewe terapeutiese diskoers, is:

- maak 'n lys van die probleme wat aangespreek moet word

- rangskik die probleme in 'n voorkeurvolgorde

- pak die probleme een vir een aan

- sien elke probleem as 'n geleentheid vir groei

Greeson et al.(1991:81) voer aan dat die basiese rede vir angs die vrees is vir die situasie waarin die geskeide persoon ingedwing is en geen beheer oor het nie. Hulle voel hulle het nie die vermoëns om dit te hanteer nie. Die persoon voel oorweldig en hulpeloos. Daarom is dit belangrik om die redes vir angs tydens egskeiding vas te stel en die mites oor egskeiding te dekonstrueer.

Rawlings en Graham (1988:81) noem die volgende mites in verband met egskeiding wat vir vroue vreesaanjaend is:

- Egskeiding is erger as die dood; die waarheid: egskeiding is nie fataal nie, veral nie as jy die lewe kies nie.
- Egskeiding is die einde van my wêreld; die waarheid: egskeiding is "net" die einde van 'n verhouding.
- Niemand verstaan my nie; die waarheid: daar is baie mense wat reeds deur egskeiding is en daar is mense wat verstaan.
- God sal my nooit vergewe nie; die waarheid: God kan en wil en sal vergewe, die moeilikste deel is om jouself te vergewe.
- My kinders se opvoeding sal daaronder lei; die waarheid: daar is geen rede dat die egskeiding nadelige effek op kinders sal hê indien verstandige ouerskap deur beide ouers voortgesit word nie.

Die skrywers se oplossings vir vroue se angs tydens en na egskeiding is eenvoudig: hulle moet net helder dink en volledig perspektief kry op die "werklikheid" en hulle vrees sal "verdwyn". (Daar is sekerlik 'n element van "waarheid" in die benadering, my ervaring is dat die grootste vrese gewoonlik nooit realiseer nie en as hulle wel realiseer beskik 'n persoon oor die vermoë om ook die omstandighede wat daarmee gepaardgaan te hanteer).

Soos aangetoon in die hoofstuk oor dominante diskoerse in verband met geslagskwessies word vroue gesosialiseer om hulleself as minder belangrik te beskou, minder gewaardeer te voel en het minder geleenthede as mans tot selfaktualisering (Murphy 1996:89). Indien dit in gedagte gehou word is dit verstaanbaar dat die nuwe omstandighede wat deur egskeiding veroorsaak word vir vroue vreesaanjaend kan wees: hulle is gesosialiseer om te dink dat hulle nie alleen die uitdagings van die nuwe lewe die hoof kan bied nie.

Dié dominante patriargale diskoers ontneem vroue van die vaardighede om die krisis van egskeiding aan te spreek en dit veroorsaak vroue se angs en bekommernis (hierna is reeds verwys in die vorige hoofstuk oor die rekonstruksie van lewenspraktyk). Die deelnemers het na egskeiding ervaar dat hulle nie hulle oordeelsvermoë kan vertrou nie, hulle selfvertroue is ondermyn, hulle is

weerloos, moedeloos en pateties (100). Indien dit is hoe 'n vrou wat skei gesosialiseer is om oor haarself te dink, is dit die teelaarde waaruit angs groei.

Om (soos Clapp, Greeson et al. en Rawlings en Graham hierbo) angs en bekommernis by vroue as 'n nie-ligitieme, irrasionele, reaksie te beskryf en dat dit daarom eintlik onnodig is, is om die benarde omstandighede waarin geskeide vroue hulle bevind, te ontken. Vroue se ervaring word weereens gemarginaliseer.

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon is, het die aanleer van praktiese lewensvaardighede, die aankoop van 'n selfoon en die uitneem van 'n begrafnispolis, 'n verhuising wat suksesvol afgeloop het, die deelnemers se selfbeeld en selfvertroue so versterk dat hulle hulle nuwe lewens met selfvertroue kon aanpak (105, 106). Hierdie nuwe vaardighede het gehelp om hulle angs te besweer.

Tydens die terapie is na die oorsake van angs nie verwys as probleme nie, maar as "omstandighede wat nuwe uitdagings en eise aan julle stel" (97). Daar is na hulle verhale geluister en saam het hulle vaardighede uit hulle verlede ontgin wat hulle weer kon gebruik het om uitdagings die hoof te bied (99) en hulle is telkens aan die dinge wat hulle reeds vermag het herinner (105). Verder het dit vir die deelnemers baie gehelp om 'n lys te maak van die probleme wat oorkom is en dit te vier (135). Dit is anders as Clapp (1992:37) se aanbeveling om 'n lys te maak van die probleme wat aangespreek moet word. Die lys van nuwe vaardighede het die nuwe, alternatiewe, angsvrye verhaal help vestig. Die deelnemers het aan mekaar en aan hulleself begin dink as bekwame, bemagtigde individue. Die lys het tasbare vordering aangedui waarna verwys kon word op die dae waar hulle gevoel het hulle maak nie vordering nie en het bevestig dat hulle in beheer van hulle lewens is (149).

Soos wat die selfvertroue van die deelnemers toegeneem het en hulle vaardighede geleer het, het hulle daarin geslaag om beheer te kry oor die angs en bekommernis wat hulle lewens versuur het.

## 4 HARTSEER

### 4.1 DIE OORSAKE VAN HARTSEER

Hartseer is die kombinasie van emosies wat met verwarring gepaardgaan na die verlies van iets wat baie belangrik was. Dit veroorsaak dat jou lewe "uit balans is" (Greeson et al.1991:82). Tydens egskeiding word die goeie herinneringe uit die verlede vermeng met die slegte herinneringe uit die

onlangse verlede. Enige huwelik wat beëindig word, vra dat daar vaarwel gesê en die deur na die verlede toegemaak word (Clapp 1992:40). Dit is een van die redes wat hartseer na egskeiding veroorsaak.

In Hoofstuk Sewe, waar die egskeidingskrisis bespreek is, is die omvattende verlies wat egskeiding vir die deelnemers meegebring het bespreek. Die deelnemers het vertel dat hulle gehoop het dat egskeiding hulle van chaos sou bevry. Deel van die chaos is veroorsaak deur hulle hartseer. Hulle het vertel dat hulle rou oor dit wat hulle verloor het: 'n lewensmaat, 'n toekoms, vrede, finansiële sekuriteit, 'n verlede waarin hulle baie belê het (158).

Die deelnemers se ervaring was dat, hoewel hulle huwelike so ernstig agteruitgegaan het dat 'n egskeiding onafwendbaar geword het, daar steeds baie is om oor te treur wanneer die huwelik beëindig word. Eens op 'n tyd was die verhouding goed, die huweliksmaat 'n beminde, daar was gedeelde drome en ideale (31). Om oor die goeie dinge wat nou finaal iets van die verlede is te treur is deel van rekonstruksie. Tot en met die egskeiding was daar hoop dat dinge tog beredder kan word. Na die egskeiding is daar geen hoop meer nie.

## 4.2 DIE HANTERING VAN HARTSEER

Tydens die terapie is hartseer op die volgende manier gedekonstrueer en gerekonstrueer:

- die deelnemers se verleentheid is om hulle emosies te wys is beskryf as 'n "veilige ruimte" wat hulle skep om hulle hartseer te ervaar
- hartseer is as "pêrels" beskryf, iets kosbaars
- daar is erkenning gegee aan die individuele manier hoe hartseer hanteer is
- hartseer is erken as 'n geregverdige emosie in die lig van die verlies van die goeie dinge wat wel tydens die huwelik geniet is

Vir die deelnemers was hulle hartseer soms 'n verleentheid. Die deelnemers kon of wou nie, vir almal hulle hartseer wys nie. Dit het daartoe aanleiding gegee dat hulle gevoel het hulle leef 'n skynlewe:

> Julle het gesê dat julle 'n 'pose' voor ander mense hou. Hoewel sommige mense julle bewonder vir dit wat julle regkry, dink julle dit is 'n 'leuen', julle is nie regtig so sterk as wat ander mense dink nie... (102).

Ek het die deelnemers se beskrywing dat hulle 'n "pose" moet hou en in 'n "leuen" lewe indien hulle nie "te koop loop" met hulle emosies nie, bevraagteken en dit as "wysheid" herformuleer:

> Ek het gewonder oor die ding wat julle 'n 'pose' noem. Is om 'n 'pose' te hou nie ook soms wysheid nie? Dat julle nie aan almal kan vertel en wys hoe dit werklik met julle gaan en hoe julle werklik voel nie, maar dat julle mense soek wat julle kan vertrou om dit met hulle te deel? Is om 'n 'pose' te hou nie dalk deel daarvan om versigtig te kies, kieskeurig te wees en om jou pêrels net met sekere mense te deel nie? (103).

Deur hartseer as "pêrels" te beskryf het ek probeer om 'n alternatiewe diskoers oor hartseer te rekonstrueer. Hartseer is iets kosbaars, teenoor die diskoers dat hartseer 'n verleentheid is.

Verder het ek die geleentheid wat geskep is tydens die gesprek wat Elmarie Kotzé met my gevoer het dat elke mens haar seer op 'n individuele manier hanteer. Sy het opgemerk:

> Party huil, ander huil nie, party se kinders staan hulle by, ander staan hulle kinders by. Het dit vir julle ook 'n stuk bevryding gebring? Net soos met manwees en vrouwees, is daar 'n klomp voorskrifte in die samelewing oor hoe 'n mens pyn moet hanteer. Is om, vry van voorskrifte, jou eie manier te ontdek hoe jy jou seer hanteer dalk een van die dinge wat ons op 'n suksespad plaas om seer te hanteer? (89).

Ek het ook die hartseer as 'n regverdige emosie beskryf in die lig van die "goeie dinge" van die "ou lewe" wat verloor is. Vir my was dit belangrik om erkenning te gee aan die oorsake van dit wat hartseer veroorsaak. Ten alle koste wou ek dit vermy dat die deelnemers dink hulle hartseer is 'n emosionele oorreaksie. Verder het ek die gespreksgroep aangedui as 'n "veilige ruimte" waar hulle hulle emosies kon wys:

> Is daar nog oorblyfsels van die Ou Lewe in julle lewens oor wat goed is en treur julle oor julle verlies? Indien dit so is, is daar maniere hoe die goeie dinge van die Ou Lewe deel gemaak kan word van die Nuwe Lewe? Is dit dalk so dat julle al meer daarin slaag om 'n spesifieke en spesiale ruimte te skep waar en wanneer julle treur en hartseer is oor die Ou Lewe, om, nadat julle getreur het, weer die Nuwe Lewe te gaan leef? Is een van die ruimtes waar julle kan treur oor die Ou Lewe dalk juis ons gespreksgroep? Is dit dalk die Nuwe Lewe wat julle leef wat julle as 'n "pose" beskryf het? (102-104).

Greeson et al. (1991:86) wys daarop dat dit onrealisties is om die goeie in die huwelik te ontken en ontkenning die herstelproses vertraag. Die lewe bestaan uit herinneringe en drome. Herinneringe bevat die ervarings van die verlede en die drome bevat die verwagtinge oor die toekoms. Die

dominante reaksie van die geskeide persoon is om die verlede te probeer elimineer, veral die pynlike dinge van die verlede. Egpare wat skei het moeilike en aangename tye gedeel, (behalwe in uitsonderlike gevalle waar daar net goeie tye of net slegte tye was). Die neiging is om te konsentreer op die onaangename en die aangename heeltemal te vergeet. Om die goeie tye én die moeilike tye te onthou help om die hartseer te besweer.

Clapp (1992:40) meen dit is ook belangrik om geleentheid te skep om te treur oor die verlies wat met egskeiding gepaardgaan. Clapp se insiggewende opmerking is dat om te treur oor die verliese wat met egskeiding gepaardgaan en oor die mooi dinge in die huwelik, beteken nie noodwendig om oor die egskeiding te treur nie! Treur kan help om jou los te maak van die verlede. Francis (1997:173) praat van 'n "kritiese geheue" wat moet ontwikkel wat die goeie sowel as die slegte dinge uit die verlede onthou. In die verband het Rika ons daarop gewys het dat:

> ... die verlede nie noodwendig 'n 'waste' is nie. Hoewel Egskeiding hartseer is, kan dit nie die goeie belewenisse en groei wat julle voor die egskeiding gehad het van julle steel nie, veral kan egskeiding nie julle kinders van julle steel nie (145).

Egskeiding moet nie toegelaat word om die goeie herinnering te steel nie. Dit is vir persone geregverdig om te treur oor die verlies wat egskeiding veroorsaak. Soos in die volgende gedeelte gesien word, is die probleem dat die samelewing nie baie geduld met treurende vroue het nie. Dit het die hantering van hartseer vir die deelnemers bemoeilik.

Die hartseer oor die verlies wat egskeiding veroorsaak sal waarskynlik net in uitsonderlike omstandighede heeltemal verdwyn. Die intensiteit van die hartseer word wel met verloop van tyd minder en die tussenposes waarin hartseer as 'n lastige emosie ervaar word, word langer. Vir die deelnemers het dit gehelp om vir hulleself toestemming te gee om te treur oor die goeie dinge van die verlede en om 'n veilige ruimte vir hulleself te skep waar hulle hulle hartseer kon wys en met mekaar deel.

## 5 WOEDE

### 5.1 OORSAKE VAN GESKEIDE VROUE SE WOEDE

Na 'n gesprek waarin die deelnemers die bron van hulle woede bespreek het, het ek dit in 'n brief soos volg probeer beskryf:

- die skade wat daar aan hulle menswaardigheid, selfvertroue en selfbeeld aangerig is

- die teistering tydens die huwelik en na die egskeiding
- omdat die tradisionele rol van die vrou hulle onkundig gelaat het in verband met belangrike sake soos finansiële beplanning
- die "brandmerk" om in die samelewing as geskeide vroue bekend te staan
- die feit dat egskeiding hulle blootstel vir uitbuiting deur ongevoelige mans (162)

Wanneer ek nou oor die proses reflekteer, besef ek waarom woede so 'n prominente emosie tydens die terapie was. Vir my is dit opvallend dat tydens die eerste gesprek woede die enigste emosie was wat waaraan die deelnemers pertinent aandag wou gee:

> Hoe hanteer ek emosies? Die woede wat gepaardgaan met die verontregting, die verwerping; hoe kry ek weer kalmte en vrede? (6).

Die deelnemers se woede was verstaanbaar. Hulle mans het hulle in die steek gelaat, hulle het oor min hulpbronne beskik, hulle word deur die kerk gemarginaliseer en deur die gemeenskap uitgebuit, hulle voel verneder en verwerp, hulle voel magteloos en is sonder die vaardighede om selfstandig te funksioneer as gevolg van die invloed van die dominante diskoerse op hulle lewens. In sulke omstandighede is woede sekerlik 'n verstaanbare reaksie van verset.

Die deelnemers se woede was tydens sommige gesprekke duidelik sigbaar (157, 162-164). Die deelnemers was woedend oor die Sinodebesluite oor egskeiding (378), onreg (41) en hulle vorige mans se oënskynlike voorspoed en onverskillige houding teenoor die egskeiding (30).

Tydens een emosioneel intense gesprek het Rika van haar woede vertel en vertel hoe sy wens haar man is eerder dood. Later het sy die groep selfs om verskoning gevra oor dit wat sy as 'n "uitbarsting" en "tantrum" beskryf het. Rika het vertel dat sy na die gesprek oor woede die nag vir die eerste keer in 'n lang tyd goed geslaap het. Tydens die gesprek het die ander deelnemers haar verseker dat dit "OK" was en dat sy ook hulle eie woede geverbaliseer het.

Clapp (1992:58) beskryf die bron van woede tydens en na egskeiding as komende

> ... from frustration and resentments that have been bottled up over the years. From unfulfilled expectations. From the losses and disappointments. From thwarted needs for love and affection. From uncertainty about the future. From feelings of being exploited and betrayed. From hurt and humiliation. From wounded self-esteem. From feelings of

helplessness. And, of course, from genuine conflicts of interest over property settlements, support payments and custody.

Ook Hoff-Oberlin (2000:28) noem dat dit belangrik is vir die geskeide persoon om haarself die reg toe te eien om woedend te wees. Die verontregte persoon het die reg om woedend te wees. Daar is vir haar gelieg, sy is dalk fisies of verbaal gemolesteer, daar was ontrouheid. Haar raad is: moenie te gou wees om te vergewe nie: "The first phase of separation isn't the time to compare yourself with Mother Theresa!"

Greeson et al.(1991:74) noem woede 'n primêre emosie wat tydens egskeiding ervaar word. Volgens hulle kan woede gerig word teen: die vorige huweliksmaat, 'n predikant, die derde party, God, die regstelsel, familie, jouself, vriende, besittings (of die gebrek aan besittings) en omstandighede. Greeson wys daarop dat dit baie moeilik is om woede te ervaar in 'n kultuur waar dit onaanvaarbaar is om uitdrukking aan woede te gee.

Tydens egskeiding is woede teenwoordig. Dit is verstaanbaar. Om woede aan te spreek moet woede erken word. Die frustrasie is dat woede nie eens en vir altyd opgelos word nie, daarom moet woede herhaaldelik aangespreek word. Om die woede van vroue tydens egskeiding te dekonstrueer bespreek ek in die eerste instansie 'n feministiese diskoers oor woede.

## 5.2 'N FEMINISTIESE DISKOERS OOR WOEDE

Brewer en Rawlings (1993:30) meld dat in 'n gemeenskap wat vroue se woede afkeur dit baie moeilike vir vroue is om woede te wys. 'n Tradisionele terapeutiese diskoers beskou vroue se woede as patologie. 'n Feministiese diskoers beskou vroue se woede as regverdig en gesond. Gewoonlik word woede nie met die vrou se rol as versorger in verband gebring nie. Daarom is baie vroue bevrees vir hulle woede en dink dit sal 'n negatiewe effek op verhoudings hê. 'n Feministiese diskoers herdefinieer vroue se woede as 'n bron van energie om hulle verhoudings te verander. So kan woede 'n persoon sterker maak en haar in staat stel om grense te trek (Brewer & Rawlings 1993: 30).

Woede by vroue kan beter verstaan word in die lig van die dominante diskoerse oor geslagskwessies. Volgens Smith (1992:19) is woede die een emosie waaroor mans sonder skaamte kan praat en mag wys. Twee redes verklaar volgens Smith die diskoers:

- Mans wat uit voeling is met ander emosies en dit ontken, gee nie aandag aan emosies nie totdat hulle emosies so oorweldigend sterk word dat hulle dit nie meer kan hanteer nie en alle emosies in woede gestalte kry.

- Woede kom dikwels na vore wanneer die ander "manlike" eienskappe soos beheer en status, bedreig word. Waar magteloosheid, vernedering en pyn teenwoordig is, is woede die "polities korrekte" manier om emosies te wys.

Smith (1992:19) is van mening dat die teendeel in die geval met vroue waar is. Woede is 'n manier om te beheer en om mag uit te oefen, daarom word vroue nie toegelaat om woede te wys nie. Vir vroue is die "polities korrekte" - emosie die emosies wat kwesbaarheid beklemtoon: hartseer, pyn, moedeloosheid, trane. Hierdie emosies wat vroue se kwesbaarheid blootlê gee aan mans die geleentheid om "manlik" teenoor vroue op te tree.

As gevolg van vroue se laer status en minder mag, bestaan die diskoers, volgens Hercus (1999:37), dat woede 'n afwykende emosie by vroue is. Van vroue word verwag om woede te onderdruk. Sy haal Fraser (1996:167) aan wat sê: "not only are women discouraged from feeling and expressing their discontent and anger, they may be punished if they dare to do so".

Tatman (1996:6) se verhelderende insig is dat woede net sonde is as dit ontken, geïgnoreer, vermy en verdoesel word. Dit is wat vroue tradisioneel in die kerk aangemoedig is om te doen. In die naam van vergifnis, genade, barmhartigheid en liefde moes vroue hulle woede nie wys nie. Christelike feministe het begin om die teologiese bestaan van woede te verander van "woede as sonde" tot "woede as regverdige krag". Woede word 'n regverdige krag wanneer daarop aangedring word dat die oorsake van woede die saak is waaroor dit gaan. Woede moet verantwoordelik gerig word om die omstandighede wat die woede veroorsaak, te verander. So daag woede ongeregtigheid uit:

> ... not only to injustices within the institutional church but also to secular, social, political, economic, racist, classist and sexist structures and institutions that perpetuate unjust systems, inequitable relations and the domination of a few over many (Tatman 1996:6).

Terwyl die kerk woede by vroue as "sonde" gebrandmerk het, het die gemeenskap vroue se woede as "irrasioneel, histerie, oordrewe emosionaliteit en malheid" gebrandmerk. Daarom word woede, in die naam van rasionaliteit en redelikheid, by vroue misken, verkleineer en gehospitaliseer deur die bewakers van die heersende orde (Tatman 1996: 6).

In die lig van bogenoemde uiteensetting kan saamgestem word met Brewer en Rawlings (1993:29):

> Feminist therapy view women's anger as legitimate and healthy in contrast to society and some traditional therapist who tend to characterize women's anger as pathological. Anger is not compatible with the feminine role with it's injunction of nurturance and care.

Wat beteken dit om die diepte van vroue se woede te erken en die omvang van dit wat woede veroorsaak in die oë te kyk? Tatman (1996:6) vra die vraag of dit onder andere beteken:

> … creating an entirely new foundation upon which to rebuild the Christian tradition? Does the righteous demand for justice/love on earth as it is in heaven require us to attempt to transform the entire social order, to root out the real insanities which have been used to keep women silent, obedient, passive? These are dangerous questions, the very questions man-made sin and man-made madness would keep us from ever asking. I do not know your answer to them, but I do know that in this language, on this page my answer is but one letter removed from danger.

Omdat woede beskou word as 'n "onvroulike emosie" (Rawlings & Graham 1988:166), is die hantering van woede vir vroue baie belangrik. Vroue is tradisioneel ontmoedig, en selfs gestraf, indien hulle aan woede uiting gee. Indien vroue leer om woede te aanvaar en te hanteer is dit vir hulle 'n positiewe ontwikkeling. Dit kan wees dat vroue min energie het om hulle nuwe lewe aan te pak indien hulle woede nie uitgedruk en geïntegreer is nie. Wanneer vroue hulle woede verstaan en aanvaar kan dit konstruktief aangewend word om te oorleef en groei te bevorder.

Noudat woede in 'n feministiese diskoers geposisioneer is, word woede vervolgens binne 'n Bybelse diskoers geposisioneer.

## 5.3 'N BYBELSE DISKOERS OOR WOEDE

Die dominante diskoers is dat Christene nie woede behoort te ervaar nie. Daarom het ek vir die deelnemers gevra: Sou julle saamstem dat in ons geloofstradisie daar nie baie gunstig na Woede gekyk word nie? (169).

Die Bybel is egter 'n boek wat heelwat oor woede vertel. Dit is veral die Psalmskrywers wat kaalkop hulle woede wys. Mowbray (1986:38) sê:

The psalmist offers to us the experience of those who faced hell and meaninglessness, who have, along with their praises and thanksgivings, expressed their anger against injustice and meaningless oppression, as well as the anger against self, others and God for their indifference and passivity.

In die lig hiervan het ek die deelnemers aangemoedig om die Psalms te lees:

Ek het bietjie in die Psalms gaan rondblaai. Wat my opgeval het is dat amper in elke Psalm iets oor 'vyande' gesê word. Verder het die digters soms lelike dinge vir hulle vyande toegewens. Kyk byvoorbeeld in Psalm 58: 7 - 10 'Ruk hulle tande uit hulle mond uit, o God! ... laat hulle wegraak soos slakke wat net slym agterlaat, laat hulle word soos misgeboortes, sonder lewe'.

Dit lyk vir my of die psalmdigters erns gemaak het met Haat en hulle vyande, vir die Here vertel hoe hulle voel en dan Haat by die Here gelaat het sodat Hy kan vergeld en uitkoms gee. Kyk na: Psalm. 5:9, Psalm 6:11, Psalm 9:4, Psalm18:4, 41, 49 en Psalm 35:1.

Kyk gerus na die Psalms. Help dit dalk vir julle? Carna, het jy dalk aan hierdie dinge gedink toe jy gesê het jy is daarvan oortuig dat die Here ook ons haat verstaan? (170-172).

In die Psalms is dit ook nie net die vreemdeling wat die vyand is nie. Psalm 55 beskryf die vrees en gevoel van verraad van iemand wat deur 'n vertroueling in die steek gelaat word:

... As dit nog my vyand was

Wat my smaad aangedoen het,

Sou ek dit kon verdra; ...

... Maar nou is dit jy ...

My maat en my goeie vriend

Ons was so nou aan mekaar verbonde;

Opgewonde het ons saam

Na die huis van die Here gegaan

Mag die dood my vyande oorval.

Miller (1990:132) sê die psalm verwoord dalk iets van die emosies van vroue en kinders wat deur huishoudelike geweld geraak word.

'n Vrou (nie 'n deelnemer nie), wat deur twee egskeidings is en geweldig met woede geworstel het, het my vertel dat Psalm 76:11 vir haar vryheid gee om haar woede te toon: "Ook die woede van 'n mens dien u lof, selfs die laaste reste van die woede gebruik U in u diens".

In die lig van die Psalms se eerlikheid oor woede sê Mowbray (1998:38):

> People should know that it is O.K. to be angry about injustice, oppression and indifference, about the arms race, about all that empties life of its meaning; it is O.K. to feel angry about one's illness or one's confinement in a nursing home. To suppress such anger is to lose control overs one's life.

Daar bestaan dus 'n gevestigde, maar gemarginaliseerde Bybelse diskoers oor woede. Wat wel belangrik is, is dat woede nuttig en konstruktief aangewend word.

## 5.4 DIE NUT VAN GEREGVERDIGDE WOEDE

In my brief het ek die nut van woede soos deur die deelnemers beleef so probeer beskryf:

> Tog was julle nie net negatief oor woede nie. Woede is ook 'n bondgenoot wat julle energie gee om te 'survive'. Woede maak julle vasbeslote om 'n sukses van julle nuwe lewe te maak (163).
>
> Julle het vir my beduie hoe woede en vrede oorvleuel. Het ek julle reg verstaan dat woede die 'poort' is waardeur julle geloop het na vrede toe? (164).

Oor woede wat energie gee, sê Mowbray (1986:34): "Anger, as the expression of pain, is power. In order to manage anger, one must accept anger and acknowledge the value as well as the risk of anger energy".

Tatman (1996:6) beskryf die nut van woede dat dit aandui dat iets verkeerd is. Woede verskyn nooit daar waar daar onderlinge begrip, geregtigheid en liefde is nie, maar waar daar miskenning, verwringing en leuens is wat as waarheid vermom is, woede is 'n uitroep om dit wat verkeerd is reg te stel, woede is energie wat motiveer: woede dui op die afwesigheid van geregtigheid en liefde en gee die energie om te stry vir liefde en geregtigheid.

Tatman (1996:6) wys daarop dat die oorsake van woede duidelik moet wees. Woede wat gerig word om duidelike doelwitte te bereik, is woede wat nuttig gebruik word. Indien woede nie 'n duidelike doelwit het nie, kan dit net so destruktief word as die oorsake van die woede. Die seën van woede is dat dit krag gee om op te tree. Woede het altyd 'n teiken, indien dit ontken word of teruggehou word, smoor woede die een by wie die woede voorkom dood. Daarom is dit nie woede wat vir vroue gevaarlik is nie, maar die ontkenning van woede wat gevaarlik is.

Dit is belangrik om te onthou dat in die geval van woede, soos in geval met die faktore wat skuldgevoelens veroorsaak, individue nie die teiken van woede is nie. Die doelwit van feministiese woede is om die dominante patriargale diskoerse te identifiseer, te dekonstrueer en om alternatiewe diskoerse te ontgin. Indien vroue woede aanwend om hulle te laat groei in selfstandigheid is dit klaar 'n manier hoe die dominante diskoers dekonstrueer word. Hercus (1999:36) se navorsing het die verband tussen woede en feministiese optrede aangetoon. Sy is van mening dat:

> ... anger is a common response to the framing of issues and experience in feminist terms... Anger resulted not only from feminist framings of personal experience but also in response to examples of sexist oppression that affect women generally... Anger is a motivating emotion that lead to action.

Volgens Hercus gee woede vroue energie om manlike oorheersing by die werk en in persoonlike verhoudings trompop te loop. Die belangrikheid van woede vir feministiese optrede kan nie onderskat word nie. Maar woede kan ook gevaarlik wees.

Daarom moet Mowbray (1986:36) se waarskuwing ernstig opgeneem word. Hy is van mening dat woede wat geïnternaliseer word, aanleiding gee tot depressie. Geëksternaliseerde woede lei tot geweld. Daarom is dit belangrik dat woede gekanaliseer word om positief gebruik te word. Gesonde woede is 'n motiveerder, soos in geval van die psalmskrywers. Die sogenaamde wraakpsalms, onder andere Psalms 88, 109, 137, is die produk van iemand wat, in 'n wêreld wat glad nie vir 'n individu omgee nie, op sy regte staan. Die Psalms (vergelyk Psalm 109:6-20) is 'n beheersde uitlaatklep vir die skrywer se werklike, persoonlike negatiewe ervarings. Op woede kan nie neergesien word nie. Volgens Mowbray (1986:37) is woede 'n gawe van God:

> Our anger may be ours in a real sense, but if it is understood as a gift, then our responsibility as people of faith, is to actualize that gift in positive ways. People of faith should assume that each gift of God offers the opportunity to increase one's interaction with God, not decrease it.

Hoewel woede 'n positiewe krag kan wees, het die deelnemers ondervind dat woede ook kan lamlê. Volgens die deelnemers kan woede ook 'n negatiewe ontwrigtende krag wees as woede in haat ontaard:

> ... julle het vertel dat woede julle ook magteloos kan laat. Woede kan julle lamlê. Dit is veral wanneer woede oorgaan in haat dat dit vir julle magteloos maak. Haat laat Rika soos 'n 'pateet' voel (ten spyte van die baie dinge wat sy reeds reggekry het om haar nuwe lewe te begin), terwyl sy uit vorige ondervinding weet dat woede haar energie sal gee.
>
> Julle het vir my beduie dat soos wat vrede en woede oorvleuel, oorvleuel woede en haat. Julle was nie so baie positief oor Haat gewees nie. Terwyl Woede julle gehelp het is Haat woede wat te ver gaan. Haat probeer julle 'lamlê' en julle daarvan te oortuig dat julle magteloos is.
>
> Is dit dalk so dat julle eers Haat in die oë moes kyk, dit erken en leer ken, voordat julle Haat kan oorwin om van 'Haat wat lamlê', 'Woede wat energie gee' te kan maak om te kom by vrede?
>
> Het julle dit dalk ervaar dat Haat ontken word (asof dit nie bestaan nie), en kan dit dalk die oorsaak wees dat ons nie doeltreffende vaardighede ontwikkel het om Haat die loef af te steek nie? (165-168).

Omdat woede wat uitgewoed word maklik negatiewe gevolge kan hê, is die gevare wat met woede gepaardgaan, werklik en groot. Daarom is om woedend te wees nie die beste toestand om in te wees nie, of selfs ook nie die voorkeurtoestand om in te wees (Mowbray 1986:38). Om vas te stel of woede nuttig of selfvernietigend is stel Clapp (1992:59) voor dat gevra word of die energie wat woede gee die omstandighede verbeter of versleg? Word woede konstruktief gekanaliseer om positiewe dinge te bereik?

Indien woede beheer word en positief aangewend word kan woede 'n kragtige emosie wees wat vroue kan help om hulle lewens, en die samelewing, positief te verander:

Indien vroue die energie wat woede gee kanaliseer om die diskoerse in die samelewing wat woede by vroue veroorsaak te verander sal dit nie net 'n gesonde en positiewe uitlaatklep vir hulle woede wees nie, maar sal dit ook aanleiding gee tot 'n samelewing waar woede werklik oorbodig word.

## 6 TERAPEUTIESE IMPLIKASIE

Soos reeds genoem in die hoofstuk oor egskeidingsherstel het die deelnemers vertel hoe hulle hulle emosies uitgewoed het (52).

Die "uitwoed" van emosies was nie 'n terapeutiese doelwit nie. Daar bestaan 'n dominante diskoers dat emosies nie "opgekrop" moet word nie, dat dit skadelik is om emosies nie te wys nie. Daarom is die uitwoed van emosies vir Greeson et al. (1991:93) en Clapp (1992:61) 'n terapeutiese doelwit. Hulle gee die wenke dat om 'n joernaal te hou, 'n brief aan die vorige huweliksmaat te skryf (en dit nie te pos nie) en te fantaseer oor die wraak wat geneem wil word, is maniere hoe emosies uitgewoed kan word. Hoewel die manier om emosies te hanteer dalk waarde kan hê, kan dit vir deelnemers en mense rondom hulle negatiewe gevolge hê indien hulle aangemoedig word om hulle emosies "uit te woed". Dit is veral gevaarlik om deelnemers aan te moedig om hulle woede uit te woed.

(Daar was wel 'n belangrike insident tydens een van ons gesprekke. Een deelnemer het geskakel en gevra dat ons haar asseblief moet kom haal, sy het haar voet beseer en kan nie bestuur nie. Sy is gaan haal. Toe sy kruppel, met baie pyn opdaag, het sy vertel dat haar vorige man weer, ongevraagd, by haar woonstel opgedaag het om haar te teister. Sy het hom geskop en haar voet ernstig beseer (later het dit geblyk dat sy gelukkig nie haar voet gebreek het nie). Die groep was vreeslik opgewonde oor dié skop. Die skopper is toegejuig. Sy was die groep se held. Dit was asof die een skop 'n skop namens die hele groep was. Die skopper het vertel dat dit vir haar die lekkerste ding was wat sy in maande gedoen het. Hoewel die insident lagwekkend was, was dit vir my en die deelnemers, 'n "aanmaning" dat woede nie ligtelik opgeneem moet word nie. Woede kan nie opgekrop word nie en kan ook nie uitgewoed word nie. Maar woede wat gekanaliseer word het waarde.

Tydens die narratiewe terapie is die groep se verhale oor hoe hulle hulle emosies "uitwoed" geïntegreer met hulle nuwe verhale. Die groep het vir die deelnemers 'n veilige ruimte geskep waar hulle vir mekaar hulle "emosionele verhale" vertel het (61,62). Die deelnemers het ook vertel dat hulle 'n wilsbesluit geneem het om hulle emosies en gemoedstoestand te verander:

> Julle het vertel dat julle julle emosies en gemoedstoestand onder oë geneem en besluit het dat julle nie die res van julle lewens so wil voel nie. Onsekerheid en wantroue sou voortduur so lank as wat julle vasklou aan die verlede. Daarom moes julle 'n wilsbesluit neem dat julle verstand en julle emosies moet saamspan om die probleme te oorkom (51).

Omdat emosionele rekonstruksie gepaardgaan met soveel "terugvalle" het die deelnemers hulle emosionele rekonstruksie gekontrasteer met die rekonstruksie van lewenspraktyk (336). Die deelnemers het emosionele herstel nie beleef as 'n gelykmatige proses waar hulle deur verskillende fases beweeg nie. Hagemeyer (1986:237) beskryf emosionele rekonstruksie na egskeiding as 'n verwarrende ervaring:

> ... confusion continues to arise because emotional stages seem to repeat in cyclical fashion. An individual may appear to be falling into repetitious cycles rather than making progress.

Volgens Abrose (1983:144) se navorsing is daar, ongeag die tyd wat verloop na egskeiding, min afname in die intense emosionele gevoelens van die persone wat skei. Daarom is dit 'n terapeutiese voorkeur om aandag aan emosies te gee. Sy gevolgtrekking is dat veral woede na egskeiding nie afkoel nie en: "More thought must urgently be given to possible ways of helping individuals to cope with their anger sooner, rather than later."

Tydens die navorsingsproses het ek geleer om meer gemaklik te wees met my eie emosies, met "vroulike" emosies (hartseer, skuldgevoelens) sowel as "onvroulike" emosies soos woede en haat by vroue. Dit was vir my 'n verrykende ervaring.

Tydens ons eerste gesprek het Carna vertel dat:

> Filippense 4: 6 en 7 vir haar besonder baie beteken: 'Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en verstand die wag hou in Christus Jesus' (13)

Later het ek gevra:

> Is daar ander dinge wat julle alreeds gedoen het om 'Haat wat lamlê' om te skakel in 'Woede wat energie gee'?
>
> Dit het my laat wonder: wat is julle ideaal? Is die ideaal waarna julle strewe om uit te kom by dit wat Ps. 131 beskryf: 'Ek het rus en kalmte gevind. Soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind'? Sou dit die eindpunt wees? Sou julle saamstem dat die pad na die rus, kalmte en tevredenheid nie 'n maklike pad is nie en ons dalk kan lei deur dale van haat en woede voordat ons die hoë spitse van kalmte en tevredenheid kan bereik? (173,174)

Soos in die geval met baie van die vrae wat ek in die briewe gevra het is dié vraag nie tydens die volgende bespreking beantwoord nie. Die proses was te dinamies om elke keer duidelike antwoorde te gesoek het op die vrae wat gevra is. Maar dalk het die onbeantwoorde vraag onbeantwoord gebly omdat daar nie 'n finale antwoord op die vraag is nie: die emosionele letsels wat egskeiding laat veroorsaak dat rekonstruksie van emosies na egskeiding 'n proses is waaraan voortdurend gewerk word. 'n Proses sonder 'n definitiewe eindpunt, maar 'n proses waar daar wel voortdurende groei in is.

## 7 DEELNEMERS SE REFLEKSIE

Die deelnemers het nadat hulle die hoofstuk gelees het veral oor woede reflekteer:

"Dit was die emosie waarna ek gestrewe het, as ek maar net kwaad kon word, eerder as om net pateties in 'n vernietigde hopie te bly sit en worstel met my swak selfbeeld. Woede was vir my 'n mylpaal wat ek bereik het, 'n teken dat ek gesond word, dat ek weer opstaan en myself verdedig. Dat ek weer in staat is om te veg en myself te verdedig."

"As ek enigsins net laat blyk het dat ek omgekrap was, het my man presies dieselfde gedoen as my pa toe ek in die huis was, naamlik om my doodgewoon te ignoreer. Dit het my mal gemaak, want ek sukkel om konflik te hanteer en ek sou enigiets doen om hom te 'please' en die atmosfeer reg te stel. Hy het dit geweet en dit misbruik."

"Die ontkenning van woede het my soveel jare lamgelê, ek het dit na binne gerig en myself feitlik vernietig."

Een deelnemer het ondervind dat: "toe skuldgevoelens minder geword, het die selfaanvaarding meer geword, toe angs minder geword het, het my selfvertroue meer geword, toe hartseer minder geword het, kon ek die aangename herinnerings uit die verlede weer geniet, toe die woede minder geword het, het my vrede meer geword".

In die afgelope hoofstuk is van die emosies wat vroue ervaar tydens egskeiding geposisioneer binne die dominante diskoerse wat die emosies veroorsaak (skuldgevoelens en angs) en die dominante diskoerse wat die uitleef van die emosies bepaal (hartseer en woede). Ek wil nie voorgee dat om emosies binne die diskoers te posisioneer dit 'n "oplossing" bied vir die emosies wat tydens egskeiding ondervind word nie. Wat wel kan gebeur, is dat dit 'n raamwerk daar stel waarbinne die emosies beter verstaan kan word. Dit kan daartoe aanleiding gee dat gemakliker saam met die emosies geleef kan word. Skuldgevoelens, angs en hartseer se oorsake is meer bekend, en woede is

nie sonde nie. Deur die oorsake van die emosies aan te spreek kan die emosionele krisis ook aangespreek word.

In die volgende hoofstuk word verder gekyk na die rekonstruksie van sosiale verhoudings na egskeiding.

# HOOFSTUK 12

# REKONSTRUKSIE VAN SOSIALE VERHOUDINGS

Soos die spreekwoordelike klippie in die water het egskeiding 'n uitkringende effek op sosiale verhoudings. Geskeide persone het Propst en Fries (1989:51) tydens onderhoude vertel dat die grootste behoefte wat hulle het, die behoefte aan sosiale ondersteuning is.

Die behoefte het duidelik geblyk toe die deelnemers tydens die eerste gesprek aangedui het dat hulle graag sou wou praat oor: Hoe kan ander verhoudings, byvoorbeeld met skoonfamilie en vriende, ordelik hanteer word (6).

Verskillende sosiale aanpassings moet deur 'n geskeide persoon gemaak word. Die geskeide persoon is weer enkel volgens Flatt (1980:138), maar ook nie enkel in die tradisionele sin van die woord nie. Geskeide persoon word volgens Flatt vir verskillende redes vermy: ander pare voel bedreig deur die geskeide persoon se teenwoordigheid, die geskeide "pas" net nie meer in die ou groep in nie. Baie mense weet eenvoudig nie hoe om op te tree teenoor die geskeide persoon nie en wat om vir die geskeide persoon te sê nie. Dit dra by tot die eensaamheid en isolering wat 'n geskeide persoon ondervind.

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan:

die tradisionele sosiale rol van die vrou

nuwe sosiale posisionering na egskeiding

die belangrikheid van sosiale ondersteuning

die verhouding met die vorige man

nuwe verhoudings met mans

die verhouding met ou en nuwe vriende

die verhouding met kinders

## 1 'N TRADISIONELE DISKOERS OOR VROUE SE SOSIALE VERHOUDINGS

Daar is reeds gewys op vroue se aangeleerde sosiale identiteit (vergelyk Hoofstuk Vyf). Murphy (1996:89) vat dit soos volg saam:

> A boy achieves self-identity by separation and independence from the mother figure, and develops morally through notions of justice and fair play. A girl will do so by remaining connected with her mother, identifying with the role model provided by her. She develops morally via an ethic of care and responsibility. She learns quite early on that her own needs must take second place to those of others; if she attends to them she feels 'guilty'.

Dié klem op verhoudings in vroue se ontwikkeling het 'n groot invloed in vroue se waardes (Haffey & Cohen 1992:144). Om in 'n verhouding te staan met ander en verhoudings in stand te hou bevestig vroue se eiewaarde en selfbeeld. Dié klem dra daartoe by dat vroue meer kwesbaar is as verhoudings skade lei. Die kwaliteit van verhoudings en die interaksie met ander is 'n sleutelkomponent van vroue se selfbeeld. Vroue voel dikwels onvervuld as hulle nie in 'n verhouding staan nie. Vroue is gesosialiseer om te glo dat hulle primêre behoeftes en eiebelang vervul en beskerm word deur hulle verhouding met mans. Daarom speel vroue dikwels die rol van vredemaker om konflik te vermy en die verhouding te beskerm.

Tydens die huwelik word die vrou se status dikwels deur haar man se status bepaal. Rika, Magda en Carna, wat met suksesvolle professionele mans getroud was, het dit tydens die huwelik ondervind. Magda het vertel dat sy soos 'n "Barbie-pop" behandel is en "uitgestal" is: haar man het daarop aangedring dat sy altyd die besgeklede en versorgde vrou by elke sosiale geleentheid is. Rika het vertel dat, nadat sy haar man verlaat het, geselskap met haar tydens familiesaamtrekke "opgedroog" het. Carna het by funksies ondervindings gehad dat sy as 'n baie belangrike persoon behandel is omdat haar man 'n pryswenner was.

Egskeiding het die potensiaal om vroue te beroof van 'n positiewe selfbewussyn (100), daarom het die deelnemers dit beskryf as dood of amputasie (141). Wanneer vroue sien dat hulle huwelik in gevaar verkeer, probeer hulle gewoonlik ten alle koste die verhouding herstel (Haffey & Cohen 1992:144).

Die deelnemers het vertel van die "ten alle koste probeer om die verhouding te herstel". Carna het vertel dat sy, ten koste van haarself, die huwelik probeer red het en in die proses emosioneel "verkrag" is. Lynette het huweliksberading gereël vir haar en haar man, maar juis toe besef dat die huwelik nie gered kan word nie. Rika het alles in die stryd gewerp om haar man "aan die praat te

kry", maar hy wou nooit die omstandighede wat aanleiding tot die probleme gee bespreek nie. Sy het ook alleen 'n berader gaan spreek om die huwelik te probeer red. Magda het tot die uiterste in 'n onaanvaarbare huwelik gebly, totdat haar man se minnaar hulle bed begin deel het. Mari het veertien jaar in 'n huwelik gebly waar sy op verskillende maniere mishandel en verneder is. Vir die deelnemers was egskeiding nie die eerste opsie gewees nie.

Die vraag wat die geskeide vrou vra, is volgens Haffey en Cohen (1992:144): wie is ek as ek nie in 'n betekenisvolle verhouding met 'n man staan nie? Egskeiding maak dit noodsaaklik vir die vrou om haar sosiaal te herposisioneer.

## 2 NUWE SOSIALE POSISIONERING NA EGSKEIDING

Die geskeide vrou bevind haar in 'n nuwe sosiale orde waarby sy moet aanpas. Riessman (1990:172) beskryf die nuwe orde van die geskeide vrou soos volg:

Sy is dikwels die inwonende ouer en moet grootliks alleen verantwoordelikheid neem vir die kinders se opvoeding.

Sy dra nou alleen verantwoordelikheid vir die gesin se finansies.

Die geskeide enkelouervrou moet dikwels ander vir hulp nader. Sy is nie in staat om aan die mite van selfstandigheid en onafhanklikheid vas te hou nie.

Daar bestaan sosiale vooroordele teenoor onafhanklike vroue (Riessman 1990:172).

Ten spyte van die vooroordele teenoor afhanklikheid by geskeide vroue is dit belangrik dat vroue bande met familie en vriende behou en so 'n sosiale netwerk in stand hou wat materiële, emosionele en praktiese hulp kan verleen (Riessman 1990:172).

Die deelnemers het ondervind dat toe hulle selfstandig geword het, het die intimidasie van hulle vorige mans toegeneem. Hulle het dit toegeskryf aan hulle ontwikkelling om vroue te wees wat anders as die stereotipe afhanklike en onderdanige vrou is wat deur die dominante diskoers oor vroulikheid as die ideaal voorgehou word (132).

Hoewel egskeiding 'n vrou in vele opsigte afhanklik laat, het die deelnemers met verloop van tyd selfstandigheid ontwikkel. Dit het vir hulle 'n nuwe sosiale dilemma meegebring: die patriargale gemeenskap verdra nie selfstandige en onafhanklike vroue nie (Riessman 1990:172). Hulle word as 'n bedreiging vir die goeie orde beskou. Die geskeide vrou word op dié manier maklik sosiaal

gestigmatiseer: óf as die afhanklike, hulpelose persoon wat nie op haar eie bene kan staan nie, óf as die selfstandige persoon wat nie vroulik genoeg optree in die gemeenskap se oë nie.

Met verloop van tyd ondervind die geskeide vrou dat sy wel self as individu tot haar reg kom. In teenstelling met hulle ervarings in die huwelik, kom hulle nou tot hulle reg - onafhanklik van die status van 'n man. Hulle word erken as individue (Riessman 1990:172). Rika het byvoorbeeld vertel hoe sy en 'n vriendin lekker gekuier het terwyl die vriendin se man "verveeld" geraak het en gaan slaap het. Sy en haar vriendin het dit positief ervaar.

Ten spyte van die nuwe sosiale posisionering en toenemende selfstandigheid bly sosiale ondersteuning vir 'n geskeide persoon van die allergrootste belang.

## 3 DIE BELANGRIKHEID VAN SOSIALE ONDERSTEUNING

Vir vroue wat deur egskeiding geraak word, beteken egskeiding dikwels nie net die skeiding van die vorige eggenoot nie, maar ook skeiding van die gemeenskap wat aan haar bekend was en ander betekenisvolle verhoudings (Rawlings en Graham 1988:177, Marais 1994:22). Anders as met ander lewens "rites de passage", is daar geen rituele of standaardoptrede vir familie en vriende wanneer huwelike ontbind nie. Dié gebrek laat geskeide vroue dikwels eensaam.

Die deelnemers het ondervind dat ondersteuningstelsels wat in die verlede "ondergronds" was, na egskeiding na vore gekom het. Met behulp van vriende, kollegas en familie wat hulle ondersteun het, het hulle baie vermag. Hulle het geleer om ander verhoudings te waardeer en te geniet (125).

Die ervaring van die deelnemers onderstreep die belang van sosiale ondersteuning in die rekonstruksie van lewe na egskeiding. Rika het sosiale ondersteuning omskryf as "mense wat na jou luister, aanvaar en in jou glo, betrokke by jou bly en jou bystaan terwyl jy 'onder in die gat is' ... en hulle daarvan weerhou om vir jou raad te gee" (364).

Friedman (1991:195) omskryf sosiale ondersteuning as die inligting wat 'n individu kry wat haar daarvan oortuig dat daar vir haar omgegee word, dat sy bemin en waardeer word. Dit is om te behoort aan 'n kommunikasienetwerk, en om wedersydse verantwoordelikhede vir mekaar te aanvaar. Sosiale ondersteuning het volgens Friedman 'n direkte impak op die suksesvolle korttermynaanpassings na egskeiding:

> Social support can be seen as a critical mediating factor, one that may work to make people feel better in times of crisis because they feel they are not alone and that someone cares (Friedman 1991:195).

Volgens Friedman (1991:195) bestaan sosiale ondersteuning uit:

- sosiale hulpbronne: die individu se sosiale ondersteuningsnetwerk waarop sy vir ondersteuning kan staatmaak
- praktiese, daadwerklike hulp van ander
- die individu se evaluering van ondersteunende gedrag, of dit beskikbaar is en of dit voldoende is

Om 'n bevredigende sosiale lewe te skep is vir 'n geskeide vrou nie 'n luukse nie, maar 'n noodsaaklikheid om goed te funksioneer. Greeson et al. (1991:71) beklemtoon dat die belangrikheid van sosiale ondersteuning nie oorskat kan word nie:

> The key to adjusting to the loss of a mate through divorce is support. The sooner you build a support network for yourself, the more quickly and completely you will recover.

'n Geskeide vrou het soms die begeerte om onafhanklik te wees, daarom is haar gesin van oorsprong dikwels nie die beste bron van ondersteuning nie. Van die deelnemers het ervaar dat familie steeds 'n idealisiese, maar onrealistiese, droom het dat verhoudings weer sal word soos wat dit in die verlede was, daarom is vriende vir hulle 'n groter bron van ondersteuning (342).

Rawlings en Graham (1988:177) meen die meeste enkelvroue se ondersteuning kom van ander enkelvroue. Hulle kan aan mekaar praktiese raad gee oor hoe om eensaamheid, kinders se opvoeding en ander probleme wat geskeide vroue in gemeen het, te hanteer. Tussen vroue wat hulle in dieselfde omstandighede bevind, vind daar 'n belangrike leerproses plaas, soos byvoorbeeld dat 'n mens se menswaardigheid nie daavan afhang om deel van 'n "paartjie" te wees nie. Sulke ervarings verminder die vrou se afhanlikheid van mans as 'n bron van ondersteuning, identiteit en selfwaarde. Vroue kan aan mekaar krag, bekwaamheid en probleemoplossingsvaardighede modeleer.

In verband met sosiale ondersteuning spreek dit vanself dat die gemeente 'n belangrike rol behoort te speel in die ondersteuning van geskeide persone. Ongelukkig is dit dikwels nie die geval nie. Lynette het ondervind dat die gemeente vir haar 'n bron van krag was wat haar "met liefde aanvaar,

opgevang, meegehelp en aangehelp het" (364). Lynette het dié ondersteuning hoofsaaklik gekry by 'n kleingroep waarby sy ingeskakel het. Die liefde, aanvaarding en die "opvang" wat 'n kleingroep bied, is geweldig belangrik vir 'n geskeide vrou wat dikwels verwerp en geïsoleer word. Ook Carna het baie ondersteuning gekry van 'n vriendekring wat grootliks bestaan het uit lidmate van die gemeente. Wat van die ondersteuning uit die gemeente merkwaardig is, is dat beide die kleingroep waaraan Lynette behoort en die vriendekring van Carna uit getroude pare bestaan. Die sosiale stigma dat geskeide vroue 'n "bedreiging" is, is in die twee gevalle oorkom.

Die moontlikheid bestaan dat ondersteuning vroue hulle onafhanklikheid ontneem. Hulle word weer afhanklik gehou en hulle nuutgevonde onafhanklikheid word van hulle ontneem. As gevolg van my betrokkenheid by van die deelnemers se rekonstruksie van lewenspraktyk moes ek myself verantwoord of ek nie dalk vir so 'n scenario verantwoordelik kon wees nie.

Die deelnemers self was egter so gefokus om te groei dat dit moeilik kon gebeur. Hulle het op hulle voorwaardes van ondersteuning gebruik gemaak soos wat hulle dit nodig gevind het. Een deelnemer het finansiële bystand van die kerkraad gekry om 'n groot uitgawe te finansier. Die kerkraad het dit as 'n skenking beskou, maar sy het daarop aangedring om elke sent terug te betaal – sy wou nie afhanklik wees nie.

Ek was ook daarop ingestel om met verloop van tyd my eie ondersteuning met betrekking tot praktiese aangeleenthede te onttrek om so selfstandigheid en onafhanklikheid by die deelnemers aan te moedig. Toe Carna verhuis en 'n paar huise van ons af ingetrek het, moes ek doelbewus besluit om haar die avontuur van self regkom te gun en om haar nie te gaan help nie. En sy het self reggekom: sy het alle reëlings getref, die huis laat verf en vingeralleen alles behartig.

Ook in die geval van Magda het ek stadig maar seker my ondersteuning onttrek. Op 'n stadium wou Magda gehad het ek moet met die huurder van die meenthuis wat sy gekoop het oor ontruiming gaan onderhandel. Ek het dit nie gedoen nie. Ek het wel 'n paar wenke vir haar gegee oor hoe ek dink die gesprek kan verloop, maar sy het self die gesprek (met groot sukses) gaan voer. Vandag funksioneer Magda op alle terreine selfstandig: sy onderhandel self met haar prokureur en bankbestuurder, onderhou haar (nuwe) motor (waarop sy self besluit en gekoop het) en bestuur haar finansies selfstandig.

## 4 VERHOUDING MET DIE VORIGE MAN

In die geval van die deelnemers aan die studie het die volgende gebeur met betrekking tot hulle verhoudings met hulle vorige mans:

Aanvanklik het Carna 'n baie goeie verhouding met haar vorige man gehad. Die verhouding het versuur en nou het hulle 'n formele verhouding. Hulle kommunikeer slegs oor die noodsaaklike sake in verband met die kinders. Albei van hulle is tans betrokke by betekenisvolle vriendskappe, wat volgens Carna, dalk bydra tot die meer ontspanne verhouding tussen hulle.

Mari en haar vorige man het geen kontak nie, behalwe as hy die kinders kom haal vir die naweek waarop hy geregtig is. Nadat hy hom herhaaldelik in haar woonstel aan wangedrag skuldig gemaak het, verbied sy hom toegang.

Lynette bevind haar 1 300 km van haar vorige man af en het geen kontak met hom nie. Sy was nog net een keer terug na haar vorige woonplek toe (toe haar dogter wat daar woon belydenis van geloof afgelê het). Die besoek was vir haar 'n bevestiging dat sy die regte besluite geneem het toe sy geskei het.

Rika se man het werk aanvaar in 'n buurland. Sy het nou geen kontak meer met hom nie en dit is vir haar "n genade van die Here".

Magda se vorige man is intussen oorlede, sy afsterwe is vir haar ook 'n "groot genade" - sy kan nou alles afsluit en haar nuwe lewe met oorgawe begin.

Een van die mees ingewikkelde en problematiese verhoudings om na egskeiding te hanteer is die verhouding met die vorige huweliksmaat. Die deelnemers het vertel dat van hulle "oee" - ervarings die kontak met hulle vorige mans is wat hulle as "teistering" en "intimidasie" beleef. Daar was onverwagse en ongevraagde besoeke en verwyte (130).

Daar bestaan 'n populêre diskoers dat geskeide pare "beste vriende" behoort te wees. Dit kan wees dat vroue wat nie daarin slaag om 'n "beste vriend" - verhouding met hulle vorige man te handhaaf nie, skuldig kan voel. Nichols (1988) skryf uit eie ondervinding (hy is 'n predikant wat geskei is), 'n baie insiggewende artikel waarin hy die "mite van die vriendelike egskeiding" dekonstrueer. Onder die "vriendelike egskeiding" verstaan hy dat die vorige huweliksmaat na die egskeiding "beste vriende" behoort te wees. Die diskoers lyk en klink, volgens Nichols, aantreklik en word ondersteun deur sommige sosiale en godsdienstige waardes: broederlike/susterlike liefde, vergifnis

en vergeet van die verlede. Volgens Nichols veroorsaak die "vriendelike" egskeiding diskoers probleme.

Vir meeste mense is dit emosioneel onmoontlik: waarom kan ons verwag dat twee mense wat in die eerste instansie nie goed genoeg met mekaar oor die weg kon kom om getroud te bly nie, na die huwelik vriende moet wees? Egskeiding is juis 'n geleentheid om op 'n gesonde manier ontslae te raak van woede wat vir jare onderdruk is en ontevredenheid wat vir jare verswyg is. Meeste mense sal saamstem dat dit 'n goeie ding is dat die egskeiding wel plaasgevind het, maar dit maak die ideaal van 'n vriendelike egskeiding soveel meer onrealisties.

Dit is skadelik vir die kinders: die skynheiligheid wat gepaardgaan met 'n "vriendelike egskeiding" verwar, volgens Nichols, die kinders. Kinders vra egtheid in verhoudings. Indien hulle onegtheid aanvoel in hulle geskeide ouers se verhouding, sal hulle ook die egtheid van hulle ouers se verhouding met hulleself bevraagteken. Dit is een ding om die positiewe kwaliteite van 'n persoon te erken en saam te besluit oor die praktiese sake ter sprake oor die versorging van die kinders. Dit is 'n heel ander ding om voor te gee dat die vorige huweliksmaat 'n kampioen is.

Die "vriendelike egskeiding", volgens Nichols, vertraag emosionele herstel na egskeiding: die "vriendelike egskeiding" laat kroniese twyfel of egskeiding tog die regte uitweg was. Die "vriendelike egskeiding" kan 'n vorm van sosiale druk wees om persone wat die opsie om te skei gekies het permanent te straf met skuldgevoelens en twyfel.

'n Egskeiding herdefinieer die vorige huwelikspaar se verhouding dramaties. Die herdefiniëring is vir almal 'n pynlike proses. Alles wat die vorming van nuwe verhoudings verhoed, belemmer ook die vermoë tot gesonde herstel na egskeiding. Die "vriendelike egskeiding" – diskoers probeer juis om vorige huweliksmaats daarvan te oortuig dat hulle as vriende moet saamleef, terwyl hulle besig is om hulle eie identiteit los van mekaar te vind. Die gesegde "good fences make good neighbours" is in dié opsig besonder van toepassing. Dit is egskeiding met vryheid (Nichols 1988:107).

Nichols (1988:107) herdefinieer ook versoening na egskeiding. Die tradisionele definisie van versoening is die einde van alle verskille en konflik. 'n Positiewe, gelukkige, verhouding kom tot stand. In verband met egskeiding beteken dit gewoonlik dat alle vervreemding, fisies en emosioneel, uit die weg geruim is. Die paar is terug bymekaar en hulle lewe weer in vrede saam. Hulle het weer hande gevat en lewe in 'n nuutgevonde geluk. Dit is die definisie van versoening wat die Algemene Sinode in gedagte het as in die verslag gepraat word oor versoening (NGK 1986a:123). Vir Nichols het versoening vir persone wat geskei is 'n ander betekenis. Dit beteken

om 'n einde te maak aan alle vyandige gedrag wat lei tot wedersydse vernietiging van mekaar. Egskeiding is die begin van 'n nuwe kontrak waarin ooreengekom word dat hulle nie meer mekaar sal "doodmaak" nie. Grense word opnuut getrek. Alle afbrekende gedrag sal staak. Die persone kom ooreen dat elkeen sy eie lewe in vrede sal lewe. Dit is wat versoening na egskeiding beteken.

Ek vind die benadering van Nichols tot versoening verhelderend en verfrissend. Heyns (1982: 257) sê dat liefde verskillende gestaltes het:

> ... die naaste bepaal die gestalte van my liefde. Die gestalte van my liefde vir die heiden op die sendingveld, is anders as die gestalte van my liefde vir die onderontwikkelde in sy (sic) land, of vir die pasiënt langs die pad, of vir die vyand op die slagveld... So sal die liefde ... na bevredigende gestaltes soek waardeur die liefde die naaste kan help om sy (sic) Godbepaalde bestemming as mens te kan realiseer.

Elke geskeide persoon kan in dié opsig die gestalte van die liefde vir haar vorige huweliksmaat self bepaal en self bepaal hoe lyk die liefde wat die vorige huweliksmaat help "om sy Godbepaalde bestemming as mens te realiseer". Liefde vir 'n vorige huweliksmaat kan dan sekerlik die gestalte aanneem van hoe Nichols dit hierbo beskryf: ons gaan mekaar nie meer afbreek nie, ons gun elkeen vir mekaar om in vrede ons eie lewens te leef.

Dikwels kan die tradisionele definisie van versoening en liefde veroorsaak dat geskeide persone voortdurend met skuldgevoelens rondloop omdat hulle nie aan die tradisionele eis tot versoening kan of wil gestalte gee nie. Indien die deelnemers se ervaring as riglyn dien, kan aan niemand voorgeskryf word hoe die verhouding met die vorige man behoort te wees nie. Party mense is in staat tot 'n "vriendelike egskeiding", ander nie. Soms is die verhouding met die vorige man na die egskeiding goed en versuur later. Soms is die verhouding direk na die egskeiding sleg en verbeter later. Na my mening is dit belangrik dat die verhouding met die vorige man in diens staan van die rekonstruksie van lewe na egskeiding en dat die rekonstruksie van lewe nie belemmer word nie. Indien die vestiging van 'n nuwe lewe na egskeidings vereis dat die partye so min as moontlik met mekaar te doen het, is dit tot almal se voordeel.

## 5 VERHOUDINGS MET ANDER MANS

Tot op datum het nie een deelnemer weer in die huwelik getree nie. Een is wel betrokke by 'n betekenisvolle vriendskapsverhouding. Van die deelnemers (Magda, Carna en Mari) het getuig van

die ongevraagde aandag wat hulle van mans gekry het. Volgens hulle het sommige mans die ide dat geskeide vroue "beskikbaar" is.

Wanneer 'n vrou gekonfronteer word met die aanvanklike vreeslike eensaamheid na egskeiding e die verlies van haar identiteit wat gepaardgegaan het saam met die huwelik, is die versoeking groo om die leemte te vul met 'n nuwe man – dié keer die "regte" een (Salts 1985:14). Salts wys daaro dat in die proses om 'n plaasvervanger vir die vorige huweliksmaat te kry, kan die vroue baie va die take en oorgange wat hulle as enkellopendes in die oog staar, vermy. Hulle kan hulleself wee definieer in terme van 'n verhouding met 'n ander persoon om die definieëring as enkellopende t vermy. Hertroue is daarom, volgens Salts, nie noodwendig 'n aanduiding van herstel nie.

Volgens Salts (1985:14) kan 'n nuwe verhouding 'n ontvlugting wees van die pyn wat deur di egskeiding veroorsaak is. 'n Voortydige huwelik sal 'n vrou egter nie help om volledig t ontwikkel en vooruitgang te maak deur die egskeidingsproses nie. Wanneer vroue aangemoedi word om hulle eie identiteit, onafhanklik van verhoudings met mans, te ontwikkel, word ' gemeenskap gevestig waar daar meer gelykheid tussen mans en vroue is.

Vir sommige vroue kan 'n nuwe verhouding met 'n man 'n terugtrekking wees in die "veiligheid van 'n bekende verhoudingsomgewing. Vir ander vroue kan hertroue 'n aanduiding wees va betekenisvolle persoonlike ontwikkeling wat plaasgevind het (Lund 1990:62).

## 6 VERHOUDING MET DIE UITGEBREIDE FAMILIE

Die deelnemers het 'n wye verskeidenheid ervarings met familieverhoudings gehad. Mari e Magda het geen kontak met hulle vorige skoonfamilie nie. Lynette het goeie verhoudings met haa skoonfamilie gehad, maar daar het na die egskeiding 'n breuk gekom. Rika het nog steeds goei verhoudings met haar eerste man se familie. Carna en haar vorige skoonouers kom goed oor di weg, maar sy voel dat hulle soms te veel van haar verwag. Dit maak dit vir haar moeiliker om me die verlede te breek (341). Verder bestaan die onrealistiese verwagting by haar vorige skoonouer dat die breuk net tydelik is en dat versoening (in die tradisionele sin van die woord) tog gaa plaasvind. Die verwagting plaas Carna onder ongevraagde druk.

Egskeiding bring altyd mee dat daar 'n lojaliteitskonflik tussen familielede ontstaan (Propst & Frie 1989:57). Die familie, bestaande uit die egpaar se kinders, ouers en ander familie, kan (of kan nie kant kies tydens die egskeiding. Indien die huwelik van korte duur was en daar nie kinder betrokke is nie, kan die verhoudings met die skoonfamilie net verdwyn. In sommige gevalle, waa

daar egte positiewe gevoelens teenwoordig is, kan die vorige skoondogter of skoonseun voortgaan om kontak met die skoonfamilie te hê, veral waar daar kleinkinders betrokke is.

Schwartz en Kaslow (1997:168) is van mening dat dit gewoonlik die beste is indien ouers beide huweliksmaats emosioneel ondersteun sodat hulle hulle konflikte kan ontlont, al is dit deur middel van egskeiding. Veral behoort hulle hulle te weerhou daarvan om te aanvaar dat hulle kind 100% reg is en die skoonkind absoluut verkeerd. Hierdie gesindheid behoort ook by broers en susters teenwoordig te wees. Waarskynlik word die ideaal wat Schwartz en Kaslow stel selde bereik.

Somtyds besluit die vorige huweliksmaat se familie dat "bloed dikker as water" is en sny die vorige skoondogter heeltemal af, asof sy dood is, ongeag die omstandighede van die egskeiding of die kwaliteit van die verhouding voor die egskeiding. Waar daar kinders is wat die gebeure al kan verstaan, kan dit tot groot verwarring by hulle lei (Schwartz & Kaslow 1997:168).

'n Verskeidenheid maniere met betrekking tot die verhouding tussen kleinkinders en grootouers voorkom. Grootouers kan gedurende en na die egskeiding as versorgers van die kleinkinders te voorskyn kom. Dit is gewoonlik 'n groot bron van emosionele ondersteuning vir die kinders en kleinkinders. Sommige grootouers kan groot finansiële verantwoordelikhede neem vir hulle kleinkinders se behoeftes. Dit gebeur ook dat grootouers by die egskeiding betrokke raak en aanspraak maak op toesig en beheer oor die kinders (Schwartz & Kaslow 1997: 168).

Soos in die geval met ander verhoudings is dit die geskeide persoon se voorreg om te kies hoe verhoudings met familie ingerig word.

## 7 DIE VERHOUDING MET VRIENDE

Van die deelnemers was dit net Carna wat in haar bekende voor-egskeiding omgewing gebly het. Soos reeds genoem, het al die ander na hulle egskeidings verhuis, hoewel almal, behalwe Lynette, binne bereik van hulle ou vriendekringe was. Almal het baie ondersteuning van hulle vriende gekry. Lynette, wat van 'n ander stad af verhuis het, het vinnig ingeskakel by die gemeente en het daar vir haar 'n ondersteuningsnetwerk opgebou. Die deelnemers se ervaring van vriende is dat hulle 'n baie meer positiewe effek op hulle lewens as familie het. Familie wil verhoudings weer soos in die verlede hê, vriende help hulle om vorentoe te kyk. Mari het vertel hoe sy ou vriende weer ontdek het en dat dit vir haar baie beteken het om saam met hulle planne te maak (342).

Baie keer word gesê dat in tye van nood leer jy jou ware vriende ken. Die slagspreuk is geldig tydens egskeiding. Indien dit bekend word dat 'n paar gaan skei, verdwyn sommige vriende van die toneel af, amper asof egskeiding aansteeklik is. Ander bly vriendelik met die een party en ignoreer die ander, sommige probeer om 'n goeie verhouding met beide te behou. Dikwels is vriende ongemaklik om die egskeiding te bespreek wat meewerk tot die isolasie van die persoon wat skei. Gewoonlik gebeur dit dat een of twee vriende 'n aktiewe ondersteuningsnetwerk vir een van die partye vorm (Propst & Fries 1989:57).

Die bande wat met ou vriende verbreek word, is pynlik. Die vriende wat die party ondersteun word verwelkom en waardeer. Hulle help die persoon om 'n bietjie normaliteit te behou en die persoon voel nie heeltemal soos 'n melaatse nie (Propst & Friess 1989:57).

Dit is baie moeilik vir die een wat deur vriende verlaat is om nie vyandige gevoelens teenoor hulle te koester nie. Dit moet in gedagte gehou word dat dit moonlik is dat die egskeiding by vriende angs en onsekerheid oor hulle eie huwelik kan wakker maak. Dit kan 'n paar jaar neem, maar op die ou end is dit belangrik dat die geskeide persoon die vorige vriende hoflik kan behandel. Dit help die geskeide persoon om 'n positiewe selfbeeld te bou, gebaseer op ander wat 'n persoon vol selfvertroue sien, eerder as iemand wat selfbejammerend en vyandig is (Schwartz & Kaslow 1997:172).

Dit is moontlik dat alle geskeide persone hulleself as 'n vyfde wiel aan die wa sien tussen getroude vriende. Hulle kan hulleself ervaar as "always being an extra, not knowing where to fit in" (Propst & Fries 1989:57). Daarom is dit noodsaaklik dat nuwe vriende gemaak word. Omdat geskeide persone dikwels hervestig, kan nuwe vriende in die nuwe gemeenskap gevind word. Die ontwikkeling van nuwe belangstellings kan ook tot nuwe vriendskappe lei. Soms vind die persoon ander geskeide persone wat 'n ondersteuningsnetwerk vorm (Propst & Fries 1989:57).

## 8 VERHOUDING MET KINDERS

Tydens die navorsingsproses het die verhouding met kinders minder aandag gekry as wat te wagte is. Dit kan dalk daaraan toegeskryf word dat van die deelnemers dit net Mari is wat afhanklike klein kindertjies het. Carna en Lynette se kinders is op hoërskool. Magda se dogters het al skool verlaat en Rika se dogters is getroud met kinders. Die ander moontlikheid is dat die dominante diskoers dat verhoudings met kinders na egkeiding versleg en kinders noodwendig

gedragsprobleme na egskeiding openbaar, nie deur die deelnemers ondervind is nie. Daarom was daar nooit by hulle die behoefte om daaroor te praat nie.

Die deelnemers het deurgaans getuig dat hulle verhouding met hulle kinders na egskeiding ten goede verander het:

> Mari het genoem dat sy en haar dogters nou lekker "pêlle" is ( 58).
>
> Hulle het geleer om ander verhoudings te waardeer en te geniet, veral met hulle kinders (125).
>
> Rika het vertel dat haar kinders haar help en haar dwing om aan te gaan (338).

Lynette se oudste dogter het na 'n ruk besluit om by haar pa te gaan bly. Aanvanklik was dit vir haar erg, later het sy tot die insig gekom dat dit beter vir die dogter is om by haar pa te wees as om by haar te wees met 'n "wrewel" in haar hart (338/339).

Kunz en Kunz (1995:114) se navorsing, waar 69% van die respondente aangedui dat hulle verhouding met hulle kinders na egskeiding die beste ooit was, is ook die ervaring van die deelnemers. Dat hulle kinders goed doen op skool, en positiewe terugvoer van onderwysers, was vir die deelnemers bevestiging dat hulle die regte besluit geneem het om te skei en dat hulle oppad is om te herstel. Dít het gebeur toe Lynette se kinders mooi rapporte teruggebring het van die skool af en Mari se kinders volgens die onderwyser "ontpop" het (129).

Ford-Gilboe (2000:41) meld dat resente studies gewoonlik fokus op die risiko's en kwesbaarheid verbonde aan enkelouergesinne. Daar bestaan min studies wat die sterkte van die gesinne aandui. Gewoonlik word die gesinne deur vroue gelei. Vanuit 'n feministiese perspektief reflekteer die probleemgeöriënteerde benadering tot enkelouergesinne 'n patriargale vooroordeel. Enkelouergesinne pas nie by die tradisionele beskouing oor die gesin nie en enkelouergesinne word beskou as 'n "afwykings". Tweeouergesinne is die standaard waaraan alle ander gesinne gemeet word.

Ford-Gilboe (2000:49) het navorsing gedoen oor die sterkte van enkelouergesinne en die volgende het aan die lig gekom:

- Enkelouergesinne se krag lê in intimiteit en nabyheid.
- Gesinsbande is versterk deur die spanning wat egskeiding meebring.

- Gesinstrots en optimisme, wat voortspruit uit die vasberadenheid om te oorleef, die moed om risiko's te neem, selftevredenheid dat struikelblokke oorkom is, die vermoë om op die positiewe te fokus en die dra van mekaar se belange, was van die sterk punte wat by enkelouergesinne voorgekom het.

- Enkelouergesinne spandeer meer tyd saam, daar is meer openlike kommunikasie en die gewilligheid en vermoë om mekaar te help is groter.

- Vroue wat aan die hoof staan van enkelouergesinne getuig van positiewe veranderinge wat hulle ondergaan het nadat hulle enkelouers geword het. Hulle het meer selfstandig geword en hulle selfbeelde is beter omdat hulle 'n verskeidenheid nie-tradisionele rolle suksesvol aangeleer het. Dit het hulle gehelp om hulleself in eie reg te sien as bekwame leiers van die gesin.

Die gevolgtrekking waartoe Ford-Gilboe (2000:49) kom is, dat hoewel enkelouergesinne verskillend saamgestel is, het enkelouergesinne winspunte. In die lig van enkelouer - stereotipes wat swakheid, afhanklikheid en toekomsloosheid beklemtoon, oorleef die gesinne besonder goed te midde van min ondersteuning uit die gemeenskap.

Ook Maxwell, Lundgren en Lansky (1996:62) het navorsing gedoen oor die verhouding tussen ma en kinders na egskeiding. Hulle onderskei tussen die volgende gedragsstyle wat in 'n gesin voorkom:

- dominante/meelewende aspek (wat in verband staan met mag/beheer en deelnemend)

- 'n vriendelike/onvriendelik aspek (wat in verband staan met samewerking, sosialisering, vervreemding en negatiwiteit)

- 'n instrumenteel/emosioneel aspek (wat in verband staan met taakgeörienteerdheid en uitdrukking van emosies)

Hierdie drie aspekte van gedrag kom volgens Maxwell et al. (1996:62) voor in alle gesinne. Die tradisionele gedrag wat verbind word aan die ondersteuende rol van die tipiese ma-rol is ekspressief, vriendelik en onderdanig. Die tradisionele gedrag wat verbind word aan die gesagvolle pa-rol neig na die dominante, onvriendelike en instrumentele. Teoreties is die verwagting dat die enkelma, wat beide rol van pa en ma moet vervul, gedrag sal openbaar wat die gedragstyle

kombineer. So sal sy kompenseer vir die afwesigheid van die pa en in die proses die ma-rol herdefinieer (Maxwell et al. 1996: 62).

Maxwell et al. (1996: 62) se alternatiewe interpretasie is dat tweeouergesinne meer hiërargies gestruktureer is as die enkelouergesin: pa as die hoof, dan die ma en die kinders (soms pas die seuns nog tussen die pa en ma in in die hiërargie). Na egskeiding verdwyn die hiërargie in gesinne waar die ma's die primêre versorgers is. Dit stel enkelouerma's in staat om buigsamer verhoudings met hulle kinders te hê. Die geskeide ma's hanteer hulle kinders as gelyke vennote, eerder as onderdanige persone. Hulle laat kinders toe om te deel in verantwoordelikheid, besluitneming en beplanning. Die enkelma's se gedrag is dus meer, en nie minder, in lyn met die tradisionele ma-rol (deelnemend en ekspressief). Dit gee volgens Maxwell et al. daartoe aanleiding dat die verhouding tussen enkelma's en hulle kinders in enkelouergesinne wat ma's as primêre versorgers het, beter is as in tweeouergesinne.

Al die bogenoemde positiewe sake inaggenome, is daar steeds uitdagings waarvoor 'n geskeide ma te staan kom. Greeson et al. (1991:223) meld dat dit vir haar moeilik is om:

- te onderskei tussen haar eie verwarde emosies en die kinders s'n
- kinders by haar besluite in ag te neem
- altyd die waarheid aan die kinders te vertel oor hulle pa en haar eie aandeel wat die egskeiding veroorsaak het
- 'n rolmodel vir haar kinders te wees: die manier hoe sy die aanpassing na egskeiding hanteer sal waarskynlik deur haar kinders nagevolg word
- terwyl sy self emosioneel ontwrig is, haar kinders se emosies te hanteer
- terwyl sy self behoefte het aan iemand om na haar te luister, na haar kinders te luister
- hoflik op te tree teenoor die kinders se pa, hoewel sy nie altyd hoflik voel nie
- die balans te handhaaf tussen dissipline en liefde, terwyl sy terselfdertyd moet waak teen oorbeskerming
- tyd saam met die kinders te spandeer terwyl sy self tyd nodig het om perspektief te kry oor alles wat met haar gebeur

Ongelukkig gebeur dit ook dat kinders voor, tydens en na egskeiding op 'n verkeidenheid maniere misbruik word (Flatt 1980:137). Volgens Flatt is dit tragies, onvolwasse en onverantwoordelik. Kinders behoort in eenvoudige duidelike taal deur albei ouers saam ingelig te word van die egskeiding. Hulle moet verseker word van albei ouers se liefde. Kinders behoort nie afgesny te word van enige sosiale infrastruktuur wat deel is van hulle ondersteuningsnetwerk nie, byvoorbeeld grootouers, vriende of een van die ouers.

Een van die probleme van enkelouerma's is dat kinders die pa se disrespekvolle houding teenoor die ma aanleer en dit gebruik om die ma te manipuleer. Dit kan haar selfbeeld verder aftakel en haar selfvertroue verminder. So word die boodskap dat sy nie in beheer is nie versterk. Deur aktiewe ouerskap kan die ma grense stel en beheer uitoefen (Brewer & Rawlings 1993:30).

In die lig van die deelnemers se ervaring en die navorsing is die uitdagings waarvoor die geskeide ma te staan kom nie onoorkombaar nie. Inteendeel, enkelouerskap kan die geleentheid skep vir 'n ryker en intiemer verhouding tussen geskeide ma's en hulle kinders. Veral is dit belangrik dat vroue wat egskeiding inisieer, nie hoef skuldig te voel oor dit wat hulle, volgens die dominante diskoers, hulle kinders "aandoen" nie.

## 9 DEELNEMERS SE REFLEKSIE

Die deelnemers se reflektering oor hierdie hoofstuk het veral gehandel oor hulle verhouding met die vorige man: Hulle reaksie op die sogenaamde "vriendelike egskeiding is: "'n Vriendelike egskeiding is nie moontlik nie, dan moes egskeiding nooit plaasgevind het nie", "elke keer as ons mekaar sien, baklei ons soos kat en hond, daarom is dit beter dat ons mekaar so min as moontlik sien".

Oor vriende het hulle ontdek dat dit vir hulle lekker is om te weet dat vriendskap nou oor hulleself gaan, nie meer oor die status van en vriendskap met die man nie. Dit het hulle selfvertroue en selfbeeld goed gedoen.

Die deelnemers was dit eens dat hulle verhouding met hulle kinders verbeter het. Een se opmerking hieroor is dat, nadat die ongelukkige verhouding met haar man uit die weg geruim is, sy baie meer emosionele energie (en tyd) het om in haar kinders te belê.

Oor die belangrikheid van sosiale verhoudings het hulle beklemtoon: "Alleen gaan jy dit nie maak nie", "isolering is egskeiding se kragtigste wapen, sosiale verhoudings ontwapen egskeiding", "as jy

ontdek dat jy nie alleen is nie, ontdek jy moed en krag in jou wat jy nie geweet het jy oor beskik nie".

In hierdie hoofstuk is verskillende sosiale verhoudings wat na egskeiding gerekonstrueer word in oënskou geneem. Die belangrike slotsom oor sosiale verhoudings is deur Mari verwoord:

> Sy het ons daarop gewys dat egskeiding julle die geleentheid gee om te wys julle neem self die besluite oor verhoudings in julle lewens, julle maak die keuses en julle is in beheer van verhoudings in julle lewe (343).

Indien almal, terapeute inkluis, wat met geskeide vroue in aanraking is, die standpunt respekteer sal dit waarskynlik vir geskeide vroue vreugde bring.

In die volgende hoofstuk word die spirituele rekonstruksie na egskeiding bespreek.

# HOOFSTUK 13

# SPIRITUELE REKONSTRUKSIE

Verskeie bronne dui die belangrikheid van spiritualiteit aan vir terapie (Linnenberg 1997:55-59, Morgan 1989:99-109, Anderson & Worthen 1997:2-12, Kudlac 1991:277-285). Behalwe dat spiritualiteit van belang is vir alle pastorale terapie, is egskeiding vir gelowige persone 'n spiritualiteitskrisis en daarom verdien spiritualiteit om aandag te kry tydens egskeidingsterapie (Young 1983:5-10, Nathanson 1995:179-188).

Geskeide persone voel bevrees en verraai, skuldig en swartgallig, hulle bevraagteken God (Nathanson 1995:179). Maar egskeiding bied ook 'n geleentheid vir spirituele groei. Nathanson het bevind dat 83% van die respondente wat deelgeneem het aan sy studie daarvan getuig het dat egskeiding hulle spiritualiteit versterk het tot spirituele groei aanleiding gegee het. Young (1983:8) se ervaring is dat:

> Often divorced persons will speak of intense experience of God's love and presence at the depth of their personal pain and at times they were tempted to despair. Many tell of praying in ways other than the traditional prayer forms for the first time in their lives.

Uit die gesprekke met die deelnemers en literatuur het geblyk dat die spirituele krisis en geleenthede vir groei wat ontstaan tydens egskeiding in verband staan met:

- die Bybel
- sonde
- die meelewing van die geloofsgemeenskap
- die verstaan van die wil van God

Spiritualiteit is egter vir sommige 'n vreemde woord en vir ander 'n term wat holrug gery is, daarom word spiritualiteit eers kortliks beskryf voordat aan bogenoemde sake aandag gegee word.

## 1 SPIRITUALITEIT

Spiritualiteit het al so 'n algemene woord geword, met soveel betekenisskakerings, dat dit baie moeilik is om inhoud aan die begrip te gee. Ware (1995:10) se eenvoudige omskrywing kan dien as

vertrekpunt: "those attitudes and activities that characterize one's attempts to make connection with the Deity".

Volgens Ware (1995:10-12) gaan spiritualiteit gepaard met die soeke na integrasie, heelheid en individualisering. Linnenberg (1997:56) omskryf spiritualiteit as die ontwikkeling van 'n persoon se verhouding met God.

King (1996:219) wys daarop dat spiritualiteit meer as godsdiens is. Spiritualiteit is die diepste en mees sentrale element van godsdiens. Dit is die lewende ervaring van God en die praktiese toepassing van godsdiens. Tradisioneel is Christelike spiritualiteit deur mans beoefen wat 'n weersin in die liggaamlike, die wêreld en vir vroue gehad het. Tradisionele spiritualiteit het mans en vroue geskei. Sy sê dan:

> Spirituality is a process of inner growth in awareness and sensitivity linked to reflection and transformation which results in a growing sense of well-being, wholeness and trust, a sense of feeling connected and interdependent, of joy and graciousness, of reverence and gratitude for the wonders of creation and the mystery of life (King 1996:219).

Tydens egskeiding word die harmonie tussen God en mens waarna gesoek en gestrewe word bedreig. Magda het een gesprek begin met 'n aanhaling oor Jesus wat Maria Magdalena (volgens oorlewering 'n prostituut en daarom 'n sondaar) onvoorwaardelik vergewe:

> Magda het ons laaste gesprek begin met (vir my) 'n aangrypende aanhaling oor Maria Magdalena en Jesus se onvoorwaardelike aanvaarding van haar (46).

Magda het vertel dat dit die soeke na onvoorwaardelike aanvaarding is wat die spiritualiteitskrisis van vroue tydens egskeiding die beste beskryf. Volgens Magda wil geskeide vroue weet hulle word onvoorwaardelik deur God aanvaar.

Die deelnemers het deurgaans daarvan getuig dat hulle krag geput het uit die ervaring van God se teenwoordigheid in hulle lewens en God wat hulle krag gee. Mari het dit so verwoord: "Mari het genoem dat wanneer dit swaar gaan, hou sy 'n stiltetydjie by haarself, bid, lees Bybel, en soms kry sy krag" (59).

Dit is egter nie vanselfsprekend dat vroue "krag" put uit die lees van die Bybel nie. Dit word duidelik wanneer 'n feministiese diskoers oor die Bybel in ag geneem word.

## 2 'N FEMINISTIESE DISKOERS OOR DIE BYBEL

Tydens die eerste gesprek het die deelnemers gewonder: "Watter rol het die vrou om te speel volgens die Bybel?"(6).

Ek is van mening dat dit onmoontlik is om pastoraal saam met vroue te werk indien die androsentriese karakter van die Bybel nie verdiskonteer word nie. Indien 'n terapeut hierdie belangrike aspek van die Bybel ignoreer en nie self 'n duidelike standpunt vir haar/homself daaroor formuleer nie, kan onreg teenoor vroue gepleeg word. Vir so 'n pastorale terapeut is dit baie maklik om "ondraaglike laste" op vroue te laai (Luk. 11:46) en die grens tussen pastoraat en misbruik word gevaarlik dun. Daarom is dit belangrike dat terapeute kennis neem van 'n feministiese diskoers oor die Bybel.

### 2.1 FEMINISTIESE HERMENEUTIEK

Die deelnemers het vertel dat hulle tydens die proses nuwe perspektiewe op die Bybel gekry het wat hulle in die rekonstruksie van hulle nuwe lewe gehelp het:

> Julle het vertel van julle nuwe perspektiewe op die Bybel. Magda het ontdek dat dit aan die een kant oor 'veel meer' gaan en aan die ander kant ook oor 'veel minder'. Veral gaan dit oor ongekwalifiseerde liefde en onvoorwaardelike vergifnis en aanvaarding. Carna het gesê sy ontdek het dat daar dinge in die Bybel is wat nie net so aanvaar kan word nie, byvoorbeeld: Dawid doen verkeerd (sy owerspel met Batseba), en deel van sy straf is dat sy vroue verkrag word! Dat die Bybel vir ons toestemming gee om ook soms negatiewe emosies te ervaar, was vir julle bevrydend (379).

Dit is buite die bestek van die studie om in besonderhede op die androsentriese aard van die Bybel en feministiese hermeneutiek in te gaan, daarom word daar kortliks na die sake verwys. Linnenberg (1997:56) wys daarop dat kultuur, wêreldbeeld, taal, historiese gebeure, persoonlike menings en die omgewing se invloed op interpretering, verdiskonteer moet word wanneer tekste geïnterpreteer word. Daarom is dit belangrik om daarop te let dat die Bybel in 'n androsentries gedomineerde kultuur tot stand gekom het en oor eeue binne só 'n kulturele raamwerk en omgewing vertolk is.

Volgens Scholer (1987:408) is 'n feministiese hermeneutiek hermeneutiek "van onder af", hermeneutiek van die verwaarloosde en die onderdrukte. Die Bybel word gelees in die lig van die onderdrukkende strukture van die patriargale stelsel. Feministiese hermeneutiek kom in verskillende gestaltes voor:

- Radikale hermeneutiek: die Bybel is hopeloos onderdrukkend vir vroue, partriargaal en "misogynist"[1] en daarom word die hele Bybel verwerp.

- Die hermeneutiek wat die onderdrukking van vroue ontbloot.

- Bevrydende en profetiese hermeneutiek wat vroue wil bevry van onderdrukking.

- Die hermeneutiek wat vrou-vriendelike tekste herwin.

- Die hermeneutiek van die oorvertel van verhale waar vroue benadeel is sodat dit nie weer herhaal word nie.

- Die hermeneutiek van herkonstruksie: die verhale word so oorvertel dat dit duidelik is dat vroue wel in die Bybel 'n plek het.

Trible (1989:285) beskryf die gevolge van die verskeidenheid onder feministiese hermeneute soos volg:

> Some feminists denounce Scripture as hopelessly misogynous, a woman-hating document beyond redemption. Some reprehensibly use patriarchal data to support anti-Jewish sentiments... Some individuals consider the Bible to be a historical document devoid of continuing authority and hence worthy of dismissal. In contrast, other feminists despair about the ever-present male power that the Bible and commentators promote. Still others, unwilling to let the case against women be the determining word, insist that text and interpretation provide more exellent ways. Thereby they seek to redeem the past (an ancient document) and the present (its continuing use) from the confinde of patriarchy.

In die Bybel is daar 'n groot verkeidenheid verhale. Om 'n enkele feministiese standpunt oor die hele Bybel te formuleer, is baie moeilik. Soos later sal blyk is sekere verhale ooglopend anti-vrou en kan hulle op geen manier eksegeties beredder word nie. Ander verhale kan eksegeties anders as die tradisionele anti-vroulike interpretasie verstaan word, en dan is daar nog 'n derde groep wat baie goeie nuus vir vroue inhou. Ek dink dus elke afsonderlike verhaal in die Bybel behoort vanuit 'n feministiese perspektief in eie reg oorweeg te word.

---

[1] Vroue-haters

Soos in die geval met 'n postmoderne epistemologie is die feministiese teologie se standpunt dat daar nie iets soos objektiewe hermeneutiek en interpretasie is nie. Scholer (1987:412-414) beskryf dit soos volg:

> The quest on which most of us have been impelled, grounded very deeply in the fact that we believe that the Bible is in fact the Word of God sufficient for faith and practice, that it is possible for believers to understand what God wants us to understand. Further, most of us are heirs of the North Atlantic intellectual tradition. We have come to believe the myth of interpretive objectivity... we have too often denied that our own experience is tied deeply to how we interpret the text. We have to often assumed that because the locus of authority is stated theologically and historically as belonging to the text in the Bible itself, somehow our experience never gets in the way... although the locus of authority may be the text, it is never experienced anywhere but in actual individuals and communities. Individuals, or communities and traditions made up of individuals, are the only interpreters... all interpretation is socially located, individually skewed and ecclesiastically and theologically conditioned... the persons who wrote the biblical texts, the human authors, were also persons who were socially located, individually skewed and theologically conditioned.

Elke Bybelleser behoort kennis te neem van die verskillende feministiese hermeneutiese vertrekpunte om haar/homself te posisioneer en haar/sy eie standpunt oor die saak te formuleer. So behoort rekenskap gegee te word waarom Efesiërs 5 22-24 oor die onderdanigheid van die vrou vandag dikwels as gesaghebbend aanvaar word terwyl Efesiërs 6:5-9 oor slawe se onderdanigheid nie meer as gesaghebbend aanvaar word nie.

Oor slawerny word die teks verdiskonteer teen die historiese en kulturele agtergrond waarbinne die teks tot stand gekom het, terwyl dit nie gedoen word met die teks oor die huwelik nie (vroue moet hulle mans "in alles" onderdanig wees). Waarom nie? Die enigste rede waaraan ek kan dink is dat dit nie die belange van manlike eksegete en kerkleiers dien om die teks so te verstaan nie.

Na my mening is dit nie 'n eerlike manier om met die Bybel om te gaan nie en is dit eerbaar om hierdie vooroordele in ag te neem tydens terapie met vroue.

## 2.2 DIE BYBEL IS 'N ANDROSENTRIESE BOEK

Die Bybel is 'n androsentriese boek. Scholer (1987) wys op die volgende voorbeelde van androsentrisme in die Bybel:

1 Korintiërs 11:2-16: In dié gedeelte motiveer Paulus waarom vroue met hoofbedekkings moet aanbid. Genesis 1:27, wat dit duidelik stel dat vroue ook na die beeld van God geskape is, word nie deur Paulus in ag geneem nie. Daarom sê hy in vers 7: "Hy (die man) is die beeld en sieraad van God, maar die vrou is die sieraad van die man". Hierdie weglating ontken vroue se status en waarde, maar word goedsmoeds oor die hoof gesien.

Efesiërs 5:24: "Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees". Onder andere is die probleem hier die "in alles" van die teks. Die agtergrond waarteen die teks tot stand gekom het is dat vroue minderwaardig was, by die huis moet bly, onderdanig moet wees, moet swyg, nooit in die openbaar mag praat nie en geen leierskapsrol mag vertolk nie. Baie min Bybellesers sal vandag die siening van die vrou onderskryf en die "in alles" letterlik toepas.

Openbaringe 14:1-5: Die gedeelte beskryf die 144 000 persone wat in die teenwoordigheid van God is. Hulle word in vers 4 geïdentifiseer as die "wat hulle nie met vrouens besoedel het nie; hulle het kuis gebly". Meeste lesers het waarskynlik nog nooit opgelet hoe radikaal androsentries hierdie teks is nie. Die verlostes is mans, net mans! Mans wat hulle nie met vroue "besoedel" het nie. Die aanname van die teks is dat vroue verantwoordelilk is vir seksuele sonde en onreinheid. Die teks word deur kommentare so verklaar dat die 144 000 alle gelowiges (mans en vroue) is wat in die geloof volhard en God gedien het. Daar is geen verwysing na die androsentriese vertrekpunte van die teks nie.

1 Timoteus 5:3-16: Dié gedeelte handel oor weduwees en vermaan dat jonger weduwees nie opgeneem kan word op die lys van dienende weduwees nie, want "Hulle liggaamlike begeertes kan hulle daartoe bring om hulle af te wend van Christus af en weer te wil trou" (vers 11) en dit is gelyk aan om "agter die Satan aan" af te wyk. Die uitspraak is 'n aanname oor vroulike seksualiteit wat min Bybellesers vandag sal ondersteun. Wat opvallend is, is dat in die tekste daar van wewenaars geen sprake is nie. Dit word aanvaar dat wewenaars geen seksnele probleme of versoekings het wat 'n gevaar vir die gemeente inhou nie.

Tydens een gesprek het ek die voorbeelde aan die deelnemers genoem en saam met hulle bespreek (227-231). Dit was 'n heerlike gesprek vol humor. Die deelnemers het die gedeeltes lagwekkend gevind. Na my mening het die manier hoe hierdie tekste tydens die gesprekke hanteer is, bygedra tot die dekonstruksie van die dominante adrosentriese Bybelse diskoers.

Japinga (1999:38) sê dat 'n feministiese interpretasie van die Bybel kom tot die gevolgtrekking dat daar min dinge in die Bybel is wat positief vir vroue is, en baie wat afbrekend is:

- Vroue word as die eiendom van hulle mans beskou met geen lewe onafhanklik van mans nie.
- Verkragting was nie 'n vergryp teenoor die vrou nie, maar teenoor die man aan wie sy behoort het. Verkragting het die waarde van die man se eiendom laat daal.
- Wanneer daar wel sprake van vroue is hulle dikwels sleg: Isebel (1 Kon. 18,19), Gomer (Hos. 1), die slegte vrou in Spreuke 7.
- Stories van geweld teen vroue kom voor: Hagar word deur Abraham verkrag sonder dat 'n woord daaroor gerep word. Tamar word volgens 2 Samuel 13:1-22 verkrag sonder dat Dawid optree teenoor die verkragter. Die skrikwekkende verhaal van die Leviet se byvrou (Rigters 19) waar gasvryheid net vir mans aangebied word en die vrou opgeoffer om verkrag, en uiteindelik sterf, ter wille van mans se welsyn. Wat die voorvalle so problematies maak is dat dit lyk asof God niks daaroor sê nie.

Japinga (1999:39) gee toe dat die Nuwe Testament vriendeliker teenoor vroue is, maar hulle kom steeds in ondersteunende rolle voor. Wanneer hulle wel 'n betekenisvolle rol vertolk, soos byvoorbeeld om getuienis van die opstanding te wees, glo niemand hulle nie (Luk. 24:1-11).

Die Bybel beveel vroue dikwels om onderdanig te swyg, wat hulle minderwaardige status bevestig. Die Bybel kritiseer nooit patriargie en seksisme nie. Die beeld van vroue as 'n onrein, naamlose, babaproduseerder, is nie die enigste beeld van vrou in die Skrif nie, maar wel die algemene beeld. Dit laat feministe vra "whether women can give the Bible authority in their lives when its protrayal of women is so limited and destructive" (Japinga 1999:11).

Daar is nog voorbeelde wat genoem kan word. Dat die Bybel 'n androsentriese boek is wat in 'n androsentriese tyd geskryf is deur androsentriese skrywers, kan nie ontken word nie. Die Bybel is ook oor eeue heen androsentries vertolk.

## 2.3 DIE BYBEL IS ANDROSENTRIES VERTOLK

Die Bybel word op twee manier androsentries vertolk: deur die Bybelskrywers self en deur latere interpreteerders.

Bybelskrywers wat reflekteer oor Bybelverhale is geneig om die rol wat vroue in die verhale speel, te ignoreer. 'n Vroue-bybelstudiegroep het my op die voorbeeld gewys: Volgens Rigters 4 is Debora die leier in Israel en laat roep sy vir Barak en gee aan hom opdrag om oorlog te gaan maak teen koning Jabin. Barak dring ook daarop aan "As u saamgaan, sal ek optrek, maar as u nie saamgaan nie, gaan ek nie" (vers 8). In 1 Samuel 12:11 word Barak as die leier aangewys en hy verskyn in Hebreërs 11:32 onder die lys geloofshelde sonder enige vermelding van Debora!

'n Ander voorbeeld waaraan ek dink, is dat al die evangelies dit eens is dat vroue die eerste getuies van Jesus se opstanding was. Wanneer Paulus in 1 Korintiërs 15 'n lys maak van opstandingsgetuies word nie een vrou genoem nie! Jefta word in die lys van geloofshelde opgeneem in Hebreërs 11 sonder vermelding dat sy skandelike ongeloof die rede was dat sy dogter geoffer moes word (Trible 1984).

Die Bybel is ook vir eeue deur mans verklaar op so 'n manier wat nie erkenning gee vir die rol wat vroue speel nie.

Ek volstaan met die een voorbeeld van Trible (1989:289): in Eksodus.1:8 – 2:10 word dit duidelik dat vroue die bal aan die rol sit wat dit vir Moses moontlik maak om die volk te verlos. Twee vroedvroue, 'n Joodse moeder, 'n suster, die dogter van die farao en haar diensmeisies is die hooffigure in die hoofstukke. Die twee vroedvroue het name: Sifra en Pua. Hulle bied weerstand teen die magtige farao (wat naamloos bly): "die vroedvroue het God gedien en nie gemaak soos die Egiptiese koning hulle beveel het nie: hulle het die seuntjies laat lewe". Die moeder en suster maak planne om hulle kind en broer te red, die dogter van die farao ondermyn sy gesag. Die vroue oorbrug alle klasse, godsdienstige en politieke verskille om te verenig om verlossing vir die volk te bewerk. Die eksodus begin by vroue. Die vroue is in die ware sin van die woord geloofshelde, maar die hoofstroomteologie in die Bybel en geskiedenis vertel nie die verhaal nie.

Uit die wyd uiteenlopende verhale en gegewens van die Bybel moet dus 'n keuse gemaak word van watter tekste, teen die kulturele agtergrond waarin hulle tot stand gekom het hulle letterlike toepassingskrag verloor, en watter tekste altyd geldende gesaghebbende uitsprake bevat. Watter tekste as vertrekpunt dien om 'n standpunt "Bybels" te verantwoord, is 'n etiese keuse wat Scholer (1987:408) die "etiek van die vertrekpunt" noem.

## 2.4 DIE ETIEK VAN DIE VERTREKPUNT

Scholer (1987:408) wys daarop dat daar verskillende gedeeltes in die Bybel is wat as vertrekpunt geneem kan word om 'n "Bybelse" standpunt oor die verhouding tussen mans en vroue en die gelykheid of ongelykheid van die geslagte te formuleer.

Scholer neem byvoorbeeld Galasiërs 3:28 "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één". Hierby kan Kolossense 3:11 gevoeg word: "Hier is nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, anderstalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal". Tog word Efesiërs 5:22, oor die onderdanigheid van die vrou, dikwels aangehaal as die dominante teks wat die verhouding tussen mans en vroue bepaal.

Dan is daar ook talle tekste in Handelinge en die sendbriewe wat daarop dui dat vroue leiding in gemeentes geneem het (onder andere Rom. 16 en Filp. 4), maar 1 Timoteus 2:11-12 wat die sogenaamde "swyggebod" oor vroue in die erediens bevat, het die dominante teks geword oor vroue in die erediens wat nou nog sorg dat in sekere kerkgenootskappe vroue nie leraars kan word nie.

Japinga (1999:37) wys daarop dat selfs Christene wat die Bybel as Woord van God beskou nie elke vers op hulle lewens toepas nie. Elke woord word nie beskou as God se wil vir vandag nie. Dit word aanvaar dat die kultuur van die skrywers die Bybel beïnvloed het. 1 Timoteus 2:8-15 dien weer as voorbeeld: in vers 8 word die opdrag gegee dat mans hulle "hande tot God in gebed moet ophef". Die gebedshouding wat voorgeskryf word, word in min gemeentes as 'n voorskrif aanvaar. Waarskynlik omdat aanvaar word dit 'n opdrag aan 'n spesifieke gemeente, in 'n spesifieke tyd in 'n spesifieke kulturele konteks is. Maar vers 9-15 waar die voorskifte oor die vrou se rol in die gemeente aangedui word, naamlik "'n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer" word toegepas as 'n altyd geldende waarheid.

Die eerste belangrike saak wat hier na vore kom, is dat alle relevante tekste in ag geneem moet word indien die Bybelse boodskap verstaan wil word (Scholer 1987:418).

Die tweede belangrike saak is dat die teks wat gekies word as die dominante teks in die lig waarvan die ander tekste gelees word, eties begrond word. Die vraag is dus wie maak die keuse? Wie word bevoordeel deur die keuse? Wat is die effek van die keuse op minderheidsgroepe (Scholer 1987:418)?

Die derde belangrike vereiste is dat die relevante historiese en kulturele agtergrond van die skrywer van die teks altyd in ag geneem moet word, sowel as die historiese en kulturele agtergrond van die interpreteerder van die teks (Sholar 1987:418).

Indien al die faktore in ag geneem word, word 'n gebalanseerde hermeneutiek gekonstrueer wat in diens van die belange van alle Bybellesers is, maar veral vir gemarginaliseerde minderheidsgroepe.

Scholer (1987:418) se opmerking dat hermeneutiek te dikwels in die verlede in diens gestel is van persoonlike mag, seksualitiet en identiteit, is 'n dringende waarskuwing:

> It is one thing for a person in power, (generally males in evangelicalism) to tell the powerless (generally females in evangelicalism ) to be content. It is another for the powerless to begin to speak... If women have been viewed - and they have in our traditions – as sex objects, temptations, distractions and those responsible for sin, especially sexual sins, then a man's personal identity is threatened when he must accept and respect a woman as an equal and as a colleague. The male tradition, suppression and unwillingness to talk of incest, rape and abuse of women as it has occurred in the Church only deepens the threat level.

'n Bybelleser, en interpreteerder, behoort eties te vra: in wie se diens staan my uitleg? In diens van die met mag of in diens van die gemarginaliseerde mense? Wanneer eerlik gesê kan word die interpretasie staan in diens van die gemarginaliseerde, dan is dit wanneer die interpretasie in diens staan van Jesus wat die gemarginaliseerde se belange altyd op die hart gedra het. Geen bespreking oor vroue en die Bybel kan volledig wees sonder om aandag te gee aan Jesus se gesindheid teenoor vroue nie. Volgens Scholer het Hy in die volste sin van die woord vroue aanvaar en gerespekteer as "an equal and as a colleague" (Scholer 1987:418).

## 2.5 JESUS SE OPTREDE TEENOOR VROUE

Jesus se optrede teenoor vroue is 'n lofwaardige uitsondering op die adrosentriese reël in die Bybel. Die deelnemers het die saak uitgelig:

> Die dinge wat in ons samelewing nie reg is nie, is ook nie 'n nuwe ding nie. Julle het daarop gewys dat dinge in die Bybelse tyd al nie reg was nie.
>
> Johannes 8, waar die vrou wat op heterdaad betrap is toe sy owerspel gepleeg het en na Jesus toe gebring is sodat Hy haar steniging moes goedkeur, het ter sprake gekom. Julle het gewonder wat het van die man geword? As die vrou op heterdaad betrap was, moes die

man ook daar op die toneel gewees het! Maar die man kom skotvry daarvan af, net die vrou word gevang en word deur ander mans na Jesus toe gebring om veroordeel te word.

In die verband het ek gewonder wat dit vir ons van Jesus sê dat hy weier om die vrou te veroordeel? Vir sy tyd reageer Jesus met ongekende buigsaamheid teenoor die vrou. Dieselfde gebeur ook met die Samaritaanse vrou by die put (Joh. 4), wat deur vyf mans verwerp is en deur 'n sesde as houvrou aangehou word, maar deur Jesus aanvaar word.

Sou julle saamstem dat in die algemeen Jesus se optrede teenoor vroue nogal anders is? Dink maar aan die manier hoe Hy optree teenoor die vrou wat inbars by die ete om sy voete te salf (35-39).

Een van die aangrypendste voorbeeelde van Jesus se vreemde optrede teenoor 'n vrou is die verhaal van sy ontmoeting met die Samaritaanse vrou (Joh. 4). Dié vrou was beskou as godsdienstig onrein, polities 'n bedreiging en met bedenklike morele standaarde. Indien Deuteronomium 24 se reëls oor egskeiding gegeld het, is sy al deur vyf mans verwerp. As Jesus vir haar sê "Gaan roep jou man" (vers 16), ontbloot Hy nie haar sonde nie, maar haar pyn, verwerping, verleentheid en vernedering. Jesus stap die verwerpte vrou se gepynigde lewe in, aanvaar haar en maak haar heel (Long & McCarter 1990:77). Die gedeelte is volgens Young (1983:8):

> ... a powerful way of portraying Jesus' concern for the divorced in his tender outreach to this outcast woman who had been divorced by five men. The same Lord who had insisted that there be no divorce, offered the living water of his own person to this unusual woman and changed her life.

Dermience (1990) sê na aanleiding van talle voorbeelde in die evangelies waar Jesus betrokke raak by "minderwaardige" vroue in hopelose omstandighede:

> Jesus enters into personal dialogue with them, reveals to them his christological identity, makes them witnesses before the community (Mary Magdalene) and in their own surroudings (Martha) and elsewhere (the Samaritan woman).

Wat die res van die Bybel se boodskap vir vroue ook al is, die manier hoe Jesus teenoor vroue opgetree het, is vir vroue evangelie: goeie nuus. Dit is hartseer dat baie mans wat hulleself as volgelinge van Jesus beskou dikwels nie die "mannemoed" het om Jesus se voorbeeld te volg nie.

Eers wanneer die Bybel gelees word met in agneming van 'n feministiese hermeneutiese diskoers waar die vertrekpunt eties verdiskonteer is, met Jesus se optrede as maatstaf, voorbeeld en ideaal het die Bybel vir vroue 'n boodskap.

In die lig van bogenoemde kan nou verder gekyk word na 'n feministiese diskoers oor sonde.

## 3 EGSKEIDING AS SONDE: 'N SPIRITUALITEITSKRISIS VIR GESKEIDE VROUE

Die deelnemers het reg aan die begin van die terapieproses gewonder: Hoe kan ek leer om te vergewe en uit vergifnis te lewe?(6).

Vroue wat gesosialiseer is binne 'n kerklike diskoers wat egskeiding altyd as sonde bejeën, sal waarskynlik skuldig voel. Veral vroue wat die inisieerders van die egskeidingsprosedure is, dra waarskynlik swaar aan die "sondelas". Volgens my is dit vir spirituele rekonstruksie belangrik dat vroue (en die terapeut) duidelikheid moet hê wie hulle moet vergewe en waarvoor hulle vergifnis moet vra. Om duidelikheid te kry oor die saak, is dit nodig om kennis te neem van 'n feministiese diskoers oor sonde.

### 3.1 'N FEMINISTIESE DISKOERS OOR SONDE

Die diskoers dat egskeiding sonde is vererger die pyn van diegene wat al reeds gepynig word (Blomquist 1986:164). Blomquist se oplossing is dat sonde meer "volwasse" beskou word:

> Rather than a condemnation of the person per se, acknowledgment of sin is a confrontation with one's brokeness which can pull one toward a fuller experience of God's creative intent for oneself and for humanity as a whole. The irony (or the "gospel") is that the "sin" of "sins" of divorce, or any other form of brokenness, are not the last word. They contain the possibility of opening people to greater wholeness when they are willing to be confronted, to be open to change (repentance) and to be receptive to God's transforming power (metanoia).

Wanneer Blomquist (1986:164) sonde as selfgenoegsaamheid, selfregverdiging, die huwelik wat opsigself verafgod word, die onvermoë om mislukking en onvolmaaktheid te erken, as afgode identifiseer wat meelopers van egskeidings is, kan met haar saamgestem word. Volgens haar kan egskeiding die eerste ware uitdaging vir 'n volwassene wees om nederigheid te leer ken: "To learn the balance between caring for others and caring for self, to acknowledge and celebrate God's

presence within oneself". Ongelukkig bou sy nie voort op die idee dat egskeiding vroue kan leer dat dit sonde is om nie hulleself te versorg nie. Dit is juis op die punt waar 'n feministiese beskouing van sonde verhelderend kan wees.

König (1991:142) bespreek enkele sentrale begrippe vir sonde. Augustinus het sonde omskryf as ongehoorsaamheid, hoogmoed, begeerte, onkunde, selfliefde. König self beskryf sonde onder andere as liefdeloosheid, selfliefde, hoogmoed. Berkhof (1979:190) omskryf sonde as begeerte en trots. Heyns (1978:173) omskryf sonde as:

> ... 'n verwerping van God en sy gesag, 'n manipulering van sy Woord en 'n verbreking van die volstrekte afhanklikheidsverhouding van Hom; andersyds, 'n volledige selfgenoegsame en outonome bestaan, waarin daar uiteraard vir God geen plek is nie en die lewe buite Hom gesoek word.

Dié beskrywings van sonde kan beskou word as 'n samevatting van die tradisionele, manlike, diskoers oor sonde.

In die lig van die tradisionele diskoers van sonde bevraagteken Saving (1979:26,38) die manlike beskrywing van sonde as "hoogmoed, egoïsme en selfliefde". Sonde is om nie deel van die geheel te wil wees nie, maar die mens "tries, in fact, to become the whole".

Meeste manlike teoloë beklemtoon dat 'n belangrike deel van sonde behels dat mense te veel van hulleself dink en hulleself in die sentrum van die heelal plaas. Om sonde teen te staan word liefde met oorgawe voorgeskryf waar daar nie plek is vir 'n persoon se eie behoeftes nie. Saving (179:26,38) wonder of die omskrywing van sonde altyd in die geval van vroue toepaslik is. Vroue wat gesosialiseer word om vir ander lief te hê en te versorg ten koste van hulleself, se versoeking is om te min van hulleself te dink en hulle eie behoeftes te ignoreer. Volgens Saving is vroue se sonde nie so seer hoogmoed en egoïsme nie, maar

> ... triviality, distractibility, and diffuseness; lack of an organizing center or focus; dependence on others for one's self-definition; tolerance at the expence of standards of exellence; inability to respect the boundaries of privacy; sentimentality, gossipy, sociability, and mistrust of reason – in short, underdevelopment or negation of the self.

Saving se beskrywing is eensydig. Vroue kan ook selfgeldend en hoogmoedig wees. Maar indien baie vroue 'n sterk bewussyn het dat hulle tekort skiet en te veel vir ander versorg, sal dit nie vir

hulle help om te hoor dat self-differensiasie en selfvertroue sonde is nie. Dit is presies die eienskappe wat hulle kortkom.

Ook Tatman (1996b:217) sluit by Saving se perspektief aan dat manlike sondes nie in 'n gelyke mate op vroue van toepassing is nie. Vroue se sonde, veral waar dit selfopoffering en selfoorgawe behels, word tradisioneel as deug beskou. Die gemeenskap se verwagtinge van vroue is om kinders te versorg, eggenotes te ondersteun en om dié naby aan hulle emosioneel te versterk. In so 'n klimaat volg dit logies dat vervreemding van hulleself vir vroue 'n sterk moontlikheid is. Vroue loop die risiko om hulle eie identiteit te verloor indien hulle te veel in, deur, en vir, ander lewe. Die feministiese perspektief op sonde, dat vroue geleer word om hulleself nie ernstig op te neem nie, maar om vir ander te lewe is nie 'n verskoning nie, maar dit verklaar waarom dit so dikwels gebeur.

Japinga (1999:89) omskryf sonde vir vroue as:

- die mislukking om hulle eie belange in ag te neem en verantwoordelikheid vir hulle eie lewens te neem
- nie hoogmoed nie, maar omdat hulle toegelaat het dat mans alleen reg verkry het oor hoogmoed
- nie 'n gebrek aan nederigheid nie, maar te veel nederigheid
- nie hulle gebrek aan offervaardigheid nie, maar te veel offervaardigheid

Vroue kan ook trots en selfsugtig wees, maar vir baie vroue is die sonde wat hulle verstrengel die gebrek aan selfvertroue en die te veel versorging vir ander (Japinga 1999:89).

Wanneer ek reflekteer oor die vraag van sonde en skuld wat waarskynlik 'n dominante diskoers by baie gelowige geskeide vroue is, wonder ek waaroor hulle skuldig gevoel het? Het hulle dalk onnodig skuldig gevoel omdat hulle nie aan die norme van patriargie voldoen het nie? Of omdat hulle die androsentriese aard van die Bybel nie verstaan het nie? Of was hulle skuld dalk tog toe te skryf aan "sonde" in die "ware" sin van die woord?

Persoonlik was ek baie bewus daarvan (en is steeds) dat skuld en skuldgevoelens in die lig van Christus se dood en God se vergifnis geen doel dien nie. Na my mening is daar min dinge wat so onproduktief is as skuldgevoelens oor sonde. Daarom het ek tydens die proses weggeskram om skuld en skuldgevoelens 'n sentrale plek in die gesprekke te gee. Ek is dankbaar dat die deelnemers geleidelik, soos wat die proses gevorder het, ervaar het dat hulle uit die greep van skuldgevoelens oor "sonde" kon breek (vergelyk in die verband Hoofstuk Elf oor emosionele rekonstruksie).

Soos in geval met alle ander sake, moet kennis geneem word dat die ervaring van vroue met betrekking tot sonde heeltemal anders as dié van mans is. Indien die teologie sou voortgaan om nét vanuit 'n manlike perspektief sonde te definieer is dit nog 'n manier hoe vroue beheer word. Vroue kan begin glo dat toe hulle gekies het vir 'n huwelik en gesin, hulle gekies het om hulle reg om hulle self te versorg, prys te gee (Saving 1979:39).

Behalwe dat tydens terapie saam met vroue 'n feministiese diskoers oor sonde mee rekening gehou behoort te word, moet ook rekening gehou word met 'n volgende aspek van sonde: sonde is nie net 'n individuele nie, maar ook 'n korporatiewe, aangeleentheid.

## 3.2 SONDE: KORPORATIEF

Sonde is nie net 'n individuele saak nie, maar ook 'n korporatiewe saak. König (1991), Tatman (1996b) en Heyns (1978) meld dat sonde nie net 'n individuele aangeleentheid is nie, maar dat strukture ook sondig kan wees. Heyns (1978:183) beskryf sonde in strukture soos volg:

> Die strukture wat hy self moet skep soos die party, die beleid, die bedryf, die wet, die lewens- en wêreldbeskouing word geen lewensruimte nie, maar strukture van onreg en ongeregtigheid, van onderdrukking en haat, van uitbuiting en selfbevoordeling.

Net soos wat alle partye en alle beleid nie strukture van onreg en ongeregtigheid is nie, is alle huwelike sekerlik dit ook nie. Maar huwelike kan ook strukture van onreg en ongeregtigheid, van onderdrukking en haat, van uitbuiting en selfbevoordeling word. Die risiko is groot dat in 'n patriargale gemeenskap, gerugsteun deur die androsentriese "Woord/wil-van-God-teologie", die huwelik vir vroue in so 'n struktuur ontaard.

Japinga (1999:89) beskryf hierdie saak vanuit 'n feministiese diskoers as sy sê dat sonde alle menslike verhoudings raak. Sonde is die verdraaiing van wat 'n wederkerige verhouding behoort te wees, in 'n verhouding waar daar dominering en beheer is. Sonde behels ook vroue se passiewe aanvaarding van die verdraaiing:

> Therefore sin must be seen not merely as one individual personal straying away from the values of justice and peace but as a collective, systematic destruction of the community that is at the foundation of God's good creation.

Japinga (1999:90) wys daarop dat feministe veral op die sondes soos molestering, huishoudelike geweld en bloedskande wys, wat deur die kerk onderskat, verswyg is, en verswyg word. Nie net die

indidivu wat die dade pleeg is 'n sondaar nie, maar ook die instellings wat individue in staat stel om sulke dade te pleeg, dit met stilte beskerm, maklik vergifnis verkondig en vergifnis eis vir sulke dade (sonder ware berou, bekering en restitusie), is ook aan sulke dade skuldig. Feministe erken die volhardende teenwoordigheid van strukturele sonde soos rassime, seksisme en klassime. Dit is die sondes waarvoor geen individu verantwoordelik voel nie omdat dit die gevolg is van vele se besluite, oordele, en dade. Dit is die sonde wat gepleeg word wanneer respek vir ander verlore gegaan het. Wanneer respek verlore gaan is onderdrukking dikwels die volgende stap: dit is wanneer een groep mense god wil wees oor 'n ander groep mense en hulle verhoed om die koers van hulle eie lewens te bepaal.

## 3.3 TERAPEUTIESE PERSPEKTIEWE NA AANLEIDING VAN 'N FEMINISTIESE DISKOERS OOR SONDE

In die lig van 'n feministiese beskouing oor sonde en sonde in strukture, kan ook heel anders gedink word oor egskeiding as sonde. Indien sonde strukture kan aantas, kan dit wees dat 'n huwelik 'n sondige instelling word waar mense se menswaardigheid aangetas en afgekraak word. Soos Blomquist (1986:165) dit stel:

> To maintain that a marriage be held intact regardless of spiritual, physical, and psychological violence within it is quite another story. In my opinion, the latter relationship is a 'broken' marriage just as much as the one which finds itself in the divorce court.

Indien 'n huwelik ontaard het in so 'n sondige stuktuur en daar geen begeerte by die oorheersende party is om homself of die struktuur te verander nie, is die vraag of daar enige ander keuse vir Christene is as om dit te ontbind? En dan is dit sekerlik nie sonde om so 'n huwelik te ontbind nie.

Dieselfde geld ook vir 'n vrou wat haar binne die huwelik skuldig maak aan die "vroulike sondes" om te nederig en te diensvaardig te wees, te min selfvertroue te hê en te min na haar eie belange om te sien. So 'n vrou kan seker aangemoedig word om haar "sondes" te bely, en te laat staan, om trots, selfversekerd, met 'n gesonde balans tussen diensvaardigheid en eiebelang, voort te gaan met haar lewe.

In die voorafgaande gedeeltes is gehandel oor individuele aspekte van spiritualiteit. Spiritualiteit word egter selde net individueel beleef en beoefen. Gewoonlik word spiritualiteit ook saam met ander mense in 'n geloofsgemeenskap beleef. Dit bring mee dat die geloofsgemeenskap se betrokkenheid by geskeide persone ook van deurslaggewende belang is.

## 4 DIE MEELEWING VAN DIE GELOOFSGEMEENSKAP

Morgan (1989:100) meld dat spiritualiteit nie los van die geloofsgemeenskap en liturgie staan nie. Formele strukture het 'n invloed op individue se spiritualiteit en gee beslissende gestalte aan die individue se geloofsoortuigings en waardes. Volgens Young (1983:5) veroorsaak skuld, skaamte en verlies wat gepaardgaan met egskeiding vervreemding van die geloofsgemeenskap. Om alleen kerk toe te gaan waar jy in die verlede as egpaar aanbid het, is vir vele geskeide mense baie moeilik.

Terwyl die geloofsgemeenskap deur middel van 'n ritueel betrokke by ander lewenservarings soos geboorte (doop), die huwelik (kerklike huweliksbevestiging) en dood (begrafnis) is, is die geloofsgemeenskap nie met 'n ritueel betrokke tydens egskeiding nie. Oor die nut van so 'n ritueel tydens egskeidings is daar vandag groot eenstemmingheid in terapeutiese kringe (Jackson & Donovan:1988, Johnson:1988, Hine:1981).

### 4.1 DIE NUT VAN 'N RITUEEL

Müller (1996:183) beklemtoon dat 'n ritueel "'n simboliese, formeel gestruktureerde handeling, en dikwels godsdienstige kommunikatiewe handeling, is waardeur 'n enkeling en/of gemeenskap 'n antwoord op 'n bepaalde gebeurtenis gee".

Oor die nut en doel van rituele sê Müller (1991:183) dat dit gees en liggaam, woord en aksie, logika en drama bymekaar hou. 'n Ritueel help die individu om te besef dat sy/hy nie in haar/sy geluk of verdriet alleen is nie. Die individu word deur tradisie en gemeenskap gedra. Rituele is daarop gerig om die voortgang van die lewe moontlik te maak. Dit is 'n manier om mens veilig oor die moeilike drumpels van die lewe te help. Müller (1996:189) beskyf die funksie van rituele so:

- Rituele het 'n bevrydende funksie omdat die hewige emosies wat met 'n krisis gepaard gaan, gekanaliseer word.
- Die verlede word onthou en verskaf 'n basis vir die toekoms.
- Dit bring 'n heroriëntasie tot die wesenlike lewenswaardes.
- Die kwaad word besweer en van sy angswekkende krag ontneem.
- Dit gee aan 'n persoon die geleentheid om haarself uit te druk.
- Dit gee 'n werklikheidsbesef aan die hede.

- Ander word opgeroep om deel te neem en saam te kommunikeer.

'n Egskeidingsritueel kan die vorige egpaar help om afskeid te neem van mekaar, hulle huwelik, hulle gesamentlike toekoms en 'n lewenswyse. 'n Ritueel kan die versekering gee dat die egskeidingskrisis oorleef sal word (Jackson & Donovan 1988:11).

Rituele het dus groot waarde. Terwyl egskeiding 'n realiteit is vir 'n groot aantal lidmate van meeste kerkgenootskappe is die stand van sake met betrekking tot egskeidingsrituele vreemd. Soos in die volgende afdeling sal blyk, is daar, so ver bekend, geen kerkgenootskap wat 'n egskeidingsritueel gebruik nie.

## 4.2 DOMINANTE DISKOERSE MET BETREKKING TOT EGSKEIDINGSRITUELE

So ver bekend is die enigste wêreldgodsdiens wat 'n egskeidingsritueel het Judaïsme (Schwartz & Kaslow 1997:148). Die seremonie staan bekend as die "Get" en word gebaseer op drie gedeeltes in die Bybel: Deuteronomium 24:1, Jesaja 50:1 en Jeremia 3:8. Die bestaan van die seremonie word bevestig deur die feit dat 'n hele hoofstuk in die Talmund afgestaan word aan egskeiding. Die "Get" word saamgevat met die woorde:

> Let this serve you as a bill of divorce from me, as a letter of dismissal and deed of liberation, that you may marry any man you wish (Schwartz & Kaslow 1997:148).

Volgens die Judaïsme word die egskeidingsdokument in die teenwoordigheid van getuies deur die man aan sy vrou oorhandig. Daar is min twyfel dat die "Get" ingestel is om die regte van die man te beskerm. Hoewel daar pogings is om die vrou te beskerm, het net die man die reg om egskeidingsprosedures aanhangig te maak (Schwartz & Kaslow 1997:148).

Met betrekking tot die ander godsdienste en hoofstroomkerke bevind Schwartz en Kaslow (1997:148) soos volg:

In die Rooms-Katolieke Kerk word vasgehou aan die onontbindbaarheid van die huwelik. Die huwelik kan nie ontbind word nie, net ongeldig verklaar word op grond daarvan dat een van die huwelikspartye leuens vertel het tydens huweliksluiting of verstandelik ontoerekeningsvatbaar was. Die implikasie is dat een of albei leuens vertel het toe hulle getroud is, of nou leuens vertel om die huwelik ongeldig te laat verklaar. In beide gevalle is daar ernstige vrae in verband met die integriteit van die kerk en die pare wat aansoek doen vir die ongeldigverklaring van die huwelik.

Schwartz en Kaslow (1997:148) het aan alle Protestantse denominasies in Amerika 'n brief geskryf om hulle standpunt oor egskeiding en egskeidingsrituele te verneem. Vir almal was egskeiding onaanvaarbaar. Nie een denominasie het 'n egskeidingsritueel nie. So ver aan my bekend, kan aanvaar word dat in Suid-Afrika dieselfde geld.

## 4.3 DIE GEVOLGE VAN DIE AFWESIGHEID VAN 'N EGSKEIDINGSRITUEEL

Die afwesigheid van 'n egskeidingsritueel is vir my hartseer. 'n Geloofsgemeenskap het 'n taak om sy ondersteuning en seën te verleen aan persone, wat ten spyte van hulle beste bedoelings en pogings, nie daarin geslaag het om hulle huwelik te laat slaag nie. So 'n ritueel kan 'n boodskap van hoop wees aan hopelose mense en nuwe lewe gee aan persone wat dit bitter nodig het. Dit kan 'n boodskap van genade wees aan persone wat soms genadeloos behandel is.

Jackson en Donovan (1988:11) is van mening dat die afwesigheid van 'n egskeidingsritueel dit vir sommige mense onmoontlik maak om die oorgang na weer-enkel wees, suksesvol te maak. Die afwesigheid van 'n ritueel veroorsaak voortgesette stryd tussen die die vorige huweliksmaats, die tyd kom tot stilstand en die verlies kan nie oorkom word nie.

Om alle probleme wat gepaardgaan met egskeiding, en probleme wat bly voortbestaan na egskeiding, toe te skryf aan die gebrek aan 'n egskeidingsritueel is nie realisties nie. So 'n ritueel kan egter help om van die probleme wat tydens en na egskeiding voorkom te verhoed en ander draagliker te maak. Veral kan 'n ritueel help om 'n ou lewe af te sluit en, met die seën van die geloofsgemeenskap, vir hulleself toestemming gee om hulle nuwe lewens met oorgawe aan te pak.

Die deelnemers het beskryf dat hulle ervaar het dat hulle lewens nie afgerond en afgesluit is na egskeiding nie: dit is soos om winkel toe te gaan en niks te koop nie (Mari), om leeg, fisies en emosioneel gedreineer te voel (Magda), en soos om dood te ervaar sonder om begrafnis te gehou is (141).

Ek het oor hierdie "onvoltooidheid" gedink en het gewonder of ons nie dalk 'n "begrafnis" moes reël en die idee van 'n ritueel onder die deelnemers se aandag gebring nie (142, 143). Uit dié gedagte het 'n egskeidingsritueel ontwikkel.

## 4.4 DIE ONTWIKKELING VAN 'N EGSKEIDINGSRITUEEL

Tydens die proses is 'n egskeidingsritueel ontwikkel wat uit twee dele bestaan het: 'n formulier vir die erkenning van die egskeiding deur die geloofsgemeenskap en 'n sertifikaat aan die deelnemers aan hulleself uitgereik is, wat bevestig het dat hulle hulle nuwe lewens na egskeiding met sukses aangepak het. Die ontwikkeling van die formulier en bewoording van die sertifikaat was 'n lang proses. In die bylaag kan gelees word oor hoe dit gebeur het (136-138,142-143,180,239,389-396). Hier gee ek net die eindprodukte weer:

**FORMULIER VIR DIE BEGIN VAN 'N NUWE LEWE NA DIE ONTBINDING VAN 'N HUWELIK**

A, B, C, D en E wat in die kerk voor God en sy gemeente getroud is, is deur die staat 'n egskeiding toegestaan. Die huwelike is nie ligtelik aangegaan nie. Die huwelike is nie ligtelik ontbind nie.

Julle kom nou om God en sy gemeente te vra om die ontbinding van hulle huwelike te erken sodat julle op grond van die genade van God en met die seën van God 'n nuwe lewe kan begin.

God het die huwelik ingestel sodat man en vrou 'n hegte eenheid vorm waar daar geen plek is vir 'n derde persoon nie, mekaar kan bystaan en as huweliksmaats aanvul.

In plaas daarvan om hierdie Godgegewe ideale vir die huwelik te bereik, is:

- julle menswaardigheid in die huwelik in so 'n mate afgetakel dat julle nie julle Godgegewe potensiaal kon verwesenlik om as beelddraer van God te lewe nie
- in sommige van die huwelike die eenheid versteur deur 'n derde persoon
- daar leuens en valsheid, wantroue en vrees, in plaas van eerlikheid en opregtheid, vreugde en vrede
- daar selfsug en eiesinnigheid wat die gemeenskap tussen man en vrou verbreek het

Julle het deur oorleg en konsultasie, gebede en onder leiding van die Gees van God gesoek na maniere om die doel waarvoor God die huwelik ingestel het te verwesenlik. Die pogings was tevergeefs, daarom het julle besluit om julle huwelike te ontbind.

Julle het 'n nuwe lewe aangepak en ervaar geluk, vrede en vreugde wat die Here vir julle gee in die nuwe lewe.

A, B, C, D, E, aanvaar julle dat God in sy oneindige groot liefde, genade en barmhartigheid julle die geleentheid gee om 'n nuwe lewe te begin?

ANTWOORD: Ja

Gemeente, u wat in liefde bymekaargekom het, onderneem u om A, B, C, D, E te ondersteun om 'n sukses van hulle nuwe lewens te maak?

Gemeente: Ja

Seën: A, B, C, D, E, gaan voort met julle lewens onder die seënende hand van die Here. Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan oor julle harte en gedagtes die wag hou in Jesus Christus (209-221).

Wat die sertifikaat betref is na baie beraadslagings besluit op die volgende bewoording:

Hiermee verklaar

------------------------------------------

dat sy

deur die genade en liefde van God

besig is om haar lewe na egskeiding te rekonstrueer

en weer sin in die lewe gevind het.

Geteken: ____________________

Getuies: ________________________

Die bewoording van die sertifikaat beklemtoon twee sake: die "besig is om haar lewe na egskeiding te rekonstrueer", beklemtoon dat rekonstruksie van lewe na egskeiding 'n voortdurende proses is, die "weer sin in die lewe gevind het" beklemtoon die mate van herstel wat reeds plaasgevind het.

Die ritueel is op 'n Saterdagoggend gehou. Die deelnemers het persone wat vir hulle baie beteken het, uitgenooi na die geleentheid. Daar was omtrent 20 persone teenwoordig (almal vroue). Ons het almal saam om tafels gesit wat vierkantig gerangskik was. Ek het doelbewus dit vermy om by 'n kateder te staan, dit kon dalk die indruk skep dat ek 'n magsposisie beklee. Ek het verskeie

Skrifgedeeltes gelees en sonder enige kommentaar daarop die formulier gelees. Daarna het ons saam Nagmaal gebruik. Een van die gaste het aan die deelnemer haar sertifikaat oorhandig.

Vir my was die ritueel 'n aandoenlike geleenheid. Daar was 'n atmosfeer van toewyding en erns. Nadat die ritueel afgehandel is het ons lekker saam ontbyt geëet en daar is heerlik saamgekuier (amper soos by 'n bruilof).

Ek het die deelnemers en gaste gevra om hulle ervaring van die ritueel neer te skryf. Dié wat vrymoedigheid gehad het om dit te doen het so gereageer:

> Die idee was besonders, maar die manier waarop Christo dit gedoen het was ongelooflik en baie spesiaal. Ons vriende se teenwoordigheid het dit 'n intiem gedeelde ervaring gemaak. My gevoel vanoggend is vrede en kalmte wat regtig alle verstand te bowe gaan – Carna.
>
> Ons moes dit amptelik maak. Dit wat ons verlede betref is amptelik verby. Ons het vandag iets 'gekoop' wat ons altyd kan saamneem. Die besef van die Here se genade en liefde, dit moet ons toekoms wees – Mari.
>
> Iemand moes al lankal hierdie gedagte gehad het. Dit was 'n baie emosionele ervaring. Goeie manier om die betrokke (persoon) te help om te herstel – Anita (gas).
>
> Uiteindelik neem iemand aksie! Dis hoog tyd dat menswaardigheid seëvier. Ek is jammer ek het nooit so 'n geleentheid gehad nie – dit sou alles soveel 'makliker' gemaak het – Ronel (gas, self geskei).
>
> Dit was wonderlik om saam 'n groep vroue te ontdek dat ons dieselfde gevoelens deel! In die verlede het ek gedink my negatiewe gedagtes is uit pas en dat slegs ek dit ervaar. Dit is nog lekkerder om te ervaar ek is beslis met 'n nuwe lewe aan die gang – Lynette..
>
> Ek wil net baie dankie vir julle almal sê, vir dit wat julle vir my ma beteken het in hierdie aaklige tyd wat sy deurgegaan het. Julle sal nie weet hoeveel julle haar gedra en vir haar beteken het nie. Julle het soveel bygedra in haar 'gesond word - proses'. Die Here sal julle seën en ek is julle ewig dankbaar – Marilé (Rika se dogter).
>
> Al wat ek kan sê is DANKIE! Kerke is BAIE aan hulle lidmate verskuldig – miskien Christo moet jy maar vir die Sinode so bietjie leer om eksegeties weer oor sy uitsprake te dink. Ek dink die kerk MOET emstig heroorweeg voor hy so maklik wetties en veroordelend oor egskeiding (per se) oordeel – Magda.

> Die impak wat die ritueel op my gehad het is onbeskryflik, ek dra van nou af 'n kosbare geskenk saam met my – Rika.

Vir my was dit 'n groot voorreg om betrokke te kon wees by die ritueel. In die toekoms sal ek, indien die behoefte by deelnemers aan terapie bestaan, dit graag herhaal.

## 5 EGSKEIDING: DIE WIL VAN GOD VIR MY LEWE?

Spiritualiteit is onder andere ook die bewus wees van God en die strewe om in harmonie met God te lewe. Waarskynlik wil elke gelowige seker daarvan wees dat sy binne die wil van God lewe. Indien egskeiding as teen die wil van God beskou word is dit baie moeilik om na egskeiding in harmonie met God te lewe. Een deelnemer het dit soos volg beleef (2001/7/21):

> Magda het gewonder of dit die wil van God is dat sy geskei het. Sy wonder hoe ons seker kan wees wat die wil van God nou is, teenoor wat dit was toe sy getrou het. (Ek wonder hoe moet ons die wil van God verstaan, is dit 'n statiese of dinamiese saak?) (235)

Die ander deelnemers het daarop gereageer:

> Lynette en Carna het vertel dat hulle geen twyfel daaroor het dat hulle huwelike verhoudings geword het wat nie die wil van God vir hulle was nie. Hulle egskeidings is vir hulle wel die wil van God. Rika het verwys na Jesus wat die vyeboom wat nie vrugte gedra het nie laat verdroog het. Sy het gevoel dat 'n huwelik wat nie die vrugte dra wat die Here wil hê dit moet dra nie, "uitgekap" moet word sodat die betrokke persone "uitgeplant" kan word om op 'n ander akker te gaan vrug dra (236).

(Vir my is die manier hoe Rika die Bybel hier hanteer besonders, die teks word op 'n oorspronklike manier, spontaan, van toepassing gemaak op die huwelik en hulle eie omstandighede.)

Hierop het ek gevra: Magda, ek wonder hoe voel jy nou oor die saak? (235-237). Die antwoord op my vraag is eers heelwat later (2001/9/27) gegee:

> Magda het getuig dat sy daarvan oortuig is dat dit die wil van God is dat sy moes skei omdat sy nie langer saam met 'hoerery' kon saamleef nie (361).

Drie weke later (2001/10/20) toe onder bespreking was wat hulle gemotiveer het om te skei het Magda met oortuiging gesê: dit was 'n beginsel - en 'n geloofsbesluit (376).

En weer 2001/10/27:

> Ek het ook gevra of julle nou weet of julle die regte ding gedoen het (na aanleiding daarvan dat Magda laas gesê het, het ons saam gekniel en vir die Here gevra om ons die regte ding te wys om te doen).
>
> Julle het geantwoord:
>
> Magda: 'for sure', die verhouding was so destruktief vir almal dat ek die verhouding nie kon voortsit nie (408-409).

As ek nou reflekteer op die proses is hierdie vir my een van die mees merkwaardigste momente van die terapie.

Reg aan die begin van die proses (2000/11/26) het ek gewonder of egskeiding ook 'n roeping kan wees:

> Dit bring my by 'n deel van die gesprek wat ons laat wonder het: die saak van roeping. Ek het genoem dat net soos wat God ons tot 'n huwelik kan roep, so kan God, wanneer omstandighede so ondraaglik raak in 'n huwelik, ons uit die huwelik roep. Lynette het ons daarop gewys dat wanneer 'n huwelik nie meer die spieëlbeeld is van dit waarvoor God dit bedoel het nie, en die tempel van God in die huwelik vernietig word, en mense betrokke by die huwelik vernietig word, dan kan egskeiding 'n roeping word.
>
> Ek het gewonder of dit sal help indien ons aan ons hele lewe dink as 'n roeping? Kan dit dalk gebeur dat die huidige omstandighede veroorsaak dat julle julle visie op roeping verloor het? Wat sou julle sê is julle roeping in die omstandighede waarin julle julle bevind en wat kan dalk julle roeping wees in die toekoms? (43, 44).

Dit lyk vir my of daar in die loop van die proses by die deelnemers duidelikheid gekom het oor die saak. Vir 'n persoon wat getwyfel het of haar egskeiding die wil van God is, met al die onsekerheid, skuldgevoelens en selfverwyt, wat daarmee gepaardgaan, om te kon kom by die punt waar sy oortuig daarvan is dat haar egskeiding die wil van God is, is vir my merkwaardig.

## 6 TERAPEUTIESE PERSPEKTIEWE

Daar is sekerlik veel meer wat gesê en gedoen kan word om vroue se spiritulaliteit te rekonstrueer na egskeiding. Met die wysheid van agternakennis sou ek dalk tydens elke gesprek meer formeel aandag aan spiritualiteit kon gegee het. Omdat ek 'n predikant is, is ek dalk sensitief om geforseerd

en onnatuurlik oor sonde, vergifnis, God se wil te praat op 'n formele "Bybelstudie" en "open met gebed" - manier. Ek was bang dat my eie vermeende "kenner - kennis", en die deelnemers se moontlike respek vir my vermeende "kenner - kennis" my in 'n magsposisie sou plaas wat die spontane spirituele ontwikkeling van die deelnemers sou onderdruk.

Deel van die "not knowing" -en die "client is the expert" - vertrekpunt soos reeds genoem, het van my gevra om "laag te lê", juis met betrekking tot spiritualiteit. Een van deelnemers het in 'n persoonlike gesprek vir my aangedui dat sy dit as 'n leemte ervaar het. Ek is jammer daaroor. Tog fouteer ek eerder in die verband deur onderbeklemtoning as oorbeklemtoning. Oorbeklemtoning van spiritualiteit kan na my mening lei tot 'n verwarring tussen godsdienstigheid en spiritualiteit, aanleiding gee tot "abuse" met Bybelverse en skuldgevoelens (soos wat volgens my ervaring dikwels gebeur).

## 7 DEELNEMERS SE REFLEKSIE

Na die lees van hierdie hoofstuk het die deelnemers veral gereflekteer oor die feministiese perspektief op sonde (Ek vermoed dit is omdat die aspek van spiritualiteit wat tydens die groepsbesprekings min ter sprake gekom het). Hulle reaksie was: "Ook met sonde het die mans ons probeer manipuleer – dit maak my van voor af kwaad", "die nuwe perspektief op sonde bevry my van enige skuldgevoelens wat ek dalk nog gehad het", "met die lees van die gedeelte oor sonde het ek weereens onder die indruk gekom van die invloed van onbevraagtekende populêre menings op my lewe – van nou af sal ek nog meer krities kyk na alles wat ek geleer het".

In hierdie hoofstuk is na vier verskillende aspekte van spiritualiteit gekyk wat vroue kan help om hulle lewens na egskeiding te rekonstrueer: die androsentriese aard van die Bybel, 'n feministiese diskoers oor sonde, die meelewing van die geloofsgemeenskap deur 'n ritueel en die ontwikkeling van die gedagte dat egskeiding wel die wil van God kan wees. Indien die vier aspekte van spiritualiteit tydens terapie met geskeide vroue aandag kry, kan dit hulle help om hulle die spirituele aspek van hulle lewens te rekonstrueer.

Die geweldige krisis wat egskeiding by vroue veroorsaak beteken dat hulle na egskeiding 'n nuwe identiteit rekonstrueer. In die volgende hoofstuk word aan die aspek van egskeidingsherstel aandag gegee.

# HOOFSTUK 14

# REKONSTRUKSIE VAN IDENTITEIT

Twee vrae wat direk in verband staan met identiteit is deur die deelnemers tydens die eerste gesprek gevra:

> Hoe kan my selfbeeld weer opgebou word en waar kry ek weer selfvertroue?
>
> Hoe gaan ek weer leer om met vertroue te leef? (6)

Later het 'n deelnemer (Magda) na aanleiding van die verliese wat saam met egskeiding gepaardgaan, die verliese beskryf as:

> die 'verlies om aan 'n groter geheel te behoort'. Al die verliese is ook vir haar 'n verlies aan identiteit (224)

Behalwe dat daar gepraat is oor die verlies aan identiteit wat egskeiding meebring is daar ook bepraat oor die "wedergeboorte" na egskeiding:

> Julle het sommer 'n klomp dinge genoem wat weergebore word in die proses van die nuwe lewe wat aanbreek:
>
> Lynette het genoem dat, terwyl die vaardighede wat julle gehad het om die ou lewe mee te leef nie oorbodig word nie, is daar 'n klomp nuwe vaardighede wat julle moes aanleer.
>
> Julle het genoem dat daar 'n totale ommekeer in julle denke plaasgevind het.
>
> Aan die grondslag van die nuwe lewe wat julle begin het, lê 'n nuwe waardestelsel wat julle ontwikkel het.
>
> Julle het 'n hele klomp nuwe verantwoordelikhede geneem terwyl julle die nuwe lewe begin lewe het. Julle het genoem dat daar verantwoordelikhede is aangaande finansies, kinders en praktiese aangeleenthede soos behuising ens.
>
> Julle het nuut begin dink oor vroue se plek in die samelewing, en ook julleself.
>
> Ek het gewonder oor al die nuwe dinge wat besig is om met julle te gebeur. Is dit dalk moontlik dat elkeen van julle besig is om 'n nuwe identiteit te ontwikkel? Kan daar dalk gepraat word van 'n voor-egskeidingsidentiteit' en julle 'na-egskeidingsidentiteit'? (122).

Wat het julle in julself ontdek waarvan julle nie in die verlede bewus was nie? (124).

)ie "wedergeboorte" waarvan die groep vertel het was ook 'n wedergeboorte van hulle identiteit. n hierdie hoofstuk gaan na die invloed van egskeiding op 'n vrou se identiteit gekyk word en ekonstruksie van identiteit bespreek word. Eers word die begrip identiteit kortliks bespreek in die ig van 'n narratiewe diskoers oor identiteit.

## 'N DISKOERS OOR IDENTITEIT VANUIT 'N NARRATIEWE SOSIALE-KONSTRUKSIEDISKOERS

)or die belangrikheid van identiteit merk Giogia (1998:17) op:

> Identity is arguebly more fundamental to the conception of humanity than any other notion. That is a strong statement, but consider some of the key questions that we might use to assess the reach of the concept: What other issue is quite so important and captivating than dealing with ongoing, lifelong project to assessing identity and figuring out how one relates to others and the surrounding world? What other question so influences understanding and action so heavily (if perhaps out of conscious awareness?). I can think of nothing that is so central to the human experience, or one that infuses so many interpretations and actions, than the notion of identity.

)or die belangrikheid van identiteit stem Castells (2000:6) saam. Volgens hom is identiteit die ɔron van betekenis vir 'n persoon:

> Identity is people's source of meaning and experience... by identity I understand the process of construction of meaning on the basis of cultural attribute, or related set of cultural attributes, that is/are given priority over other sources of meaning.

'eranderinge in 'n aspek van 'n persoon se identiteit wat deur so 'n persoon as betekenisvol geag ;, veroorsaak stres (DeGarmo & Kitson 1996:984). Indien 'n vrou groot waarde aan haar identiteit s huweliksmaat geheg het, sal egskeiding 'n groot verlies aan identiteit tot gevolg hê (Thoits 992:237).

ıdien 'n persoon se identiteit die antwoord op die vraag "wie is ek?" is, is dit belangrik om vas te el hoe 'n persoon die antwoord kry op die vraag.

## 1.1 'N SOSIALE - KONSTRUKSIEDISKOERS OOR IDENTITEIT

'n Sosiale-konstruksiediskoers oor identiteit beskou identiteit as sosiaal gekonstrueer (Gioia 1998:19). Identiteit is 'n geïndividualiseerde, bruikbare raamwerk om jouself te verstaan wat gevorm en onderhou word deur sosiale interaksie. Deur persoonlike en simboliese interaksie met ander leer individue om aan hulleself sosiale gekonstrueerde etikette toe te ken. Identiteit is 'n verhoudings -en vergelykende begrip (Gioia 1998:19). Freedman en Combs (1996:34) noem ook dat identiteit gevorm word deur sosiale interaksie met ander binne 'n bepaalde kulturele konteks:

> We conclude, then, that there is no such thing as an 'essential' self. 'Selves' are socially constructed through language and maintained in narrative. We think of self not as a thing inside an individual, but as a process or activity that occurs in the space between people... Different selves come forth in different contexts, and no one self is truer than any other. We think that people are continually constituting each other's "selves" and that there are many possible stories about my-self, your-self, and other people's selves.

Freedman en Combs (1996:35) ontken nie dat 'n besondere weergawe van die self deur sekere mense in 'n bepaalde kultuur by voorkeur verkies kan word bo 'n ander weergawe van die self nie. Die "voorkeurself" is anders as die "ware self". Eerder as om te soek na die "ware self" is dit belangrik om saam met mense te werk sodat hulle ervarings van die self ontgin wat hulle in 'n bepaalde konteks verkies. Die terapeut se taak is om mense te ondersteun om narratiewe uit te leef wat die groei en ontwikkeling van die "voorkeurself" bevorder.

'n Sosiale-konstruksiediskoers daag die idee uit dat identiteit 'n natuurlike "gawe" is, of die "produk" is van die individu se wil. Verder word die idee dat 'n persoon 'n enkelvoudige, onveranderlike, geïntegreerde, harmonieuse en probleemvrye identiteit het, bevraagteken (Gioia 1998:19).

Castells (2000:7) noem dat dit maklik is om aan te dui dát identiteit gekonstrueer is. Die vrae is, hoe, van wat, deur wie en waarvoor word identiteit gekonstrueer? Volgens Castells is daar 'n verskeidenheid "boumateriaal" waarmee identiteit gekonstrueer word:

> The construction of identities uses building materials from history, from geography, from biology, from productive and reproductive institutions, from collective memory and from personal fantasies, from power apparatuses and religious revelations. But individuals, social groups, and societies process all these materials, and rearrange their meaning, according to

social determinations and cultural projects that are rooted in their social structure, and in their space/time framework.

Die "boumateriaal" wat vir die deelnemers beskikbaar was om hulle identiteite te konstrueer, het gekom uit die (patriargale) Suid-Afrikaanse samelewing, skole en die geloofsgemeenskappe waarvan hulle deel was.

'n Postmoderne epistemologie het die moderne - individualistiese wêreldbeeld, waar die individu se verstand van kritiese belang is om menslike funksionering te verstaan, vervang met 'n verhoudingsrealiteit. Die keuse is nie tussen individuele vryheid en verhoudings nie, maar tussen verskillende grade van interafhanklikheid (Gergen 1991:242). Die verhouding het ook nie net betrekking op interpersoonlike verhoudings nie, maar het ook te doen met die verhouding tussen die individu en die samelewing en samelewingsinstellings.

Sands (1996:173) bespreek hoe Foucault die probleme wat mense het om die "self" te begryp, uitgelig het. Foucault het hom besig gehou met die vraag: hoe word mense in ons kultuur subjekte gemaak? Dit kan, volgens Foucault, net gebeur indien die rol van mag in die samelewing, en die verhouding tussen kennis en mag, in ag geneem word. Alle sosiale verhoudings is ook magsverhoudings, mag produseer subjekte. Identiteit is nie onderdele wat self gekies word nie, maar word gestol in 'n verskeidenheid magsgesentreerde diskoerse.

Omdat die strukturering van identiteit altyd plaasvind binne die raamwerk van magsverhoudings is daar volgens Castells (2000:7) drie maniere hoe identiteit gekonstrueer kan word:

- Gelegitimeerde identiteit: Die konstruksie van die dominante instellings om hulle dominansie oor ander rolspelers te bevestig.

- Verset - identiteit: Die konstruksie van die persone wat in verset is teen die dominante instellings. Omdat hulle minderwaardig geag en gestigmatiseer word deur die dominante instellings, is dit vir hulle moeilik om te oorleef op grond van ander beginsels as die dominante beginsels in die samelewing.

- Projek - identiteit: wanneer rolspelers, op grond van die materiaal vir hulle beskikbaar, 'n nuwe identiteit bou wat hulle posisie in die samelewing herdefinieer en die sosiale strukture verander. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer feminisme patriargie en alles wat daarmee gepaardgaan aandurf: die gesin, die produksiestelsel, seksualiteit en persoonlikheid waarop die gemeenskappe histories gebou is.

Downing en Roush (1985:698) het aangedui dat 'n ontwikkeling in identiteitsvorming by vroue kan plaasvind. Die ontwikkeling wat plaasvind is volgens Downing en Roush:

- Passiewe aanvaarding: vroue is of onbewus van, of ontken, die samelewing se vooroordele en diskriminasie teen hulle. Tradisionele stereotipes in verband met geslagskwessies word aanvaar.

- Openbaring: word voorafgegaan deur 'n krisis of teenstrydigheid wat die vrou nie verder kan ignoreer nie. Tydens openbaring is die emosies wat vroue ervaar, veral woede en skuldgevoelens. Vroue beskryf hulleself as mense wat deur die samelewing "uitgelewer" en "bedrieg" is.

- Verinnerliking: die derde ontwikkeling is 'n moeilike ontwikkeling vir vroue wat hulle deur die huwelik, werk en kinders in 'n dominante omgewing bevind waar vroue as minderwaardig beskou word. Vroue is moeders, huweliksmaats, susters en dogters van mans met intieme verhoudings met die dominante groep. Tydens dié ontwikkeling ontdek vroue dat "female is beautiful" en is dit 'n tyd vir die "discovery of sisterwood" (Downing & Roush 1985:701). In die tyd kontak vroue in soortgelyke omstandighede mekaar. In verband met egskeiding merk Downing en Roush (1985:701) op dat:

  > Some marriages end in divorce when the women feels the need to withdraw from the dominant culture in order to immerse herself, feeling that she cannot do so within the context of her marriage.

- Sintese: vroue ontdek die waarde van die postiewe aspekte van vrouwees. Hulle oorskry die grense van tradisionele geslagsrolle, raak selfstandig, neem selfstandig besluite en ontwikkel 'n persoonlike waardestelsel.

- Aktiewe betrokkenheid: die nuwe identiteit word aangewend om betekenisvolle veranderings in die samelewing aan te bring.

Indien hierdie verskillende maniere van hoe identiteit, volgens die skrywers, gekonstrueer kan word, binne die epistemologiese raamwerk van die studie beskou word, kan gesê word dat nadat die geskeide vrou aanvanklik haar identiteit binne die dominante patriargale diskoers vind (Downing en Roush: "passiewe aanvaarding" en Castells: "gelegitimeerde identiteit"), word die identiteit na die egskeiding gedekonstrueer (Castells:verset - identiteit, Downing en Roush: "openbaring") en dan gerekonstrueer (Castells: projek - identiteit, Downing en Roush: verinnerliking en sintese).

Die vraag wat vir vir my aktueel is, is wat is die snellermeganisme wat die verandering in identiteit begin? 'n Lewenskrisis kan aanleiding gee tot verandering in identiteit. Die krisis wat egskeiding teweeg bring, kan so 'n snellermeganisme wees, mits dit lei tot nuwe perspektiewe op die diskoerse wat die lewe van vroue beïnvloed. Indien die nuwe perspektiewe nie verkry word nie, kan dit daartoe lei dat vasgeval word in dominante diskoerse. Die deelnemers het vertel dat hulle nuwe perspektiewe gekry het op die dominante diskoerse in die samelewing (377), kerklike diskoerse (378), die Bybel (379), en op die toekoms (380). Dit is die nuwe perspektiewe wat groei in identiteit tot gevolg kon gehad het. Die gesprekke saam met ander vroue het bygedra om die nuwe perspektiewe vir die deelnemers te open.

## 1.2 'N NARRATIEWE DISKOERS OOR IDENTITEIT

Volgens Hercus (1999:35) behels 'n narratiewe benadering tot identiteit dat tyd, plek, verhoudings en mag aspekte is wat geïntegreer word om 'n persoon se identiteit te bepaal. Die individu word nie individueel beskou nie, maar binne die raamwerk van verhoudings en verhale. Verhoudings en verhale ondergaan oor tyd verskuiwings en sluit daarom die moontlikheid uit om van 'n stabiele identiteit te praat. Die vorming van 'n narratiewe identiteit is 'n voortdurende proses wat binne verhoudings afspeel. Alle identiteite word geanaliseer in die konteks van die verhoudings waarin dit tot stand kom. Sonder die konteks van verhoudings bestaan daar nie iets soos 'n identiteit nie. Die verhoudings waarby persone betrokke is, gee aanleiding tot gedrag en verhale wat hulle identifiseer. Omdat verhoudings nie altyd en oral dieselfde bly nie, beteken dit dat identiteit met verloop van tyd gevestig en hervestig word. Die gedrag van 'n persoon kan dus net verstaan word indien die verhale wat aanleiding gee tot die gedrag, verstaan word.

Dit beteken egter nie dat persone vry is om hulle eie verhale te skep nie (Hercus 1999:42). 'n Persoon kies uit 'n verskeidenheid beskikbare verhale in die samelewing. Die verhale wat sosiaal aanvaarbaar is en as verkieslik beskou word, word polities, kultureel en histories bepaal en is grootliks afhanklik van die verspreiding van mag. Omdat individue nie vry is om hulle eie private en sosiale verhale te konstrueer nie, kan verwarring, hopeloosheid en viktimisasie voorkom wanneer sekere gebeure in 'n persoon se lewe nie in die beskikbare kulturele, openbare en gevestigde verhale inpas nie.

Die opmerking van Hercus is van besondere belang vir geskeide vroue. 'n Geskeide vrou bevind haar in 'n gemeenskap wat haar identiteit beskryf en omskryf (vergelyk hier Castells se gelegitimeerde identitiet en Downing en Roush se passiewe aanvaarding van 'n voorgeskrewe

identiteit wat hierbo bespreek is). Binne die dominante diskoers is die beskrywing van 'n geskeide vrou se identiteit grootliks negatief: "mislukking", "beskikbaar", "haar kinders het 'n agterstand in die lewe". Dit is jammer en hartseer dat die gemeenskap geskeide vroue so identifiseer, dit is nog meer hartseer indien 'n geskeide vrou haarself so beskryf. Die negatiewe beskrywing van geskeide vroue, gepaard met die verlies aan identiteit as huweliksmaat, werk saam om vir die geskeide vrou 'n identiteitskrisis te veroorsaak.

Daar is ook ander maniere hoe 'n geskeide vroue haarself kan beskryf, byvoorbeeld: "selfstandig", "beginselvas", "vasbyter", "onafhanklik" of iemand wat "besig is om te groei".

Hoewel dit waar is dat 'n individu nie vry is om haar eie narratief te skep nie, is dit so dat elke persoon vry is om te kies uit die beskikbare narratiewe (Gergen & Gergen 1989:20). Dit is veral gebeure (veral gebeure wat deur die persoon as negatief beleef word) wat verandering in 'n persoon se lewe teweeg bring wat 'n groot invloed op 'n persoon se identiteit het (Sands 1996:178). Die keuse wat geskeide vroue maak oor watter beskikbare narratief sy op haar eie identiteit van toepassing wil maak is van die allergrootste belang. Die saak sal later in die hoofstuk weer aangeraak word.

'n Narratiewe diskoers oor identiteit behels dat identiteit altyd beskou word as voorlopig. Identiteit kan altyd verander wanneer nuwe gebeure geïntegeer word in die persoon se verhaal (Sands 1996: 179). Die narratiewe benadering tot identiteit is veral betekenisvol vir 'n feministiese beskouing oor identiteit as, volgens Sand (1996:179), in gedagte gehou word dat:

> The suppression of women's voices has involved the restriction of their stories. Men's stories are inscribed in history books and enshrined in epics... Storytelling provides women with an opportunity to reach into parts of themselves that are hidden or submerged. In constructing narratives, they are articulating their identities. When they recover stories previously undisclosed, they have material that can be worked with therapeutically to "restory" or reconstruct the narratives that constitute their lives.

In die lig van 'n narratiewe diskoers oor indentiteit is Sands (1996:169, 183) se benadering tot identiteit verhelderend:

> 'self/identity'... describes an internal sense of personality integration and continuity that encompasses one's life history, accrued identification and values, and relationships with others... narrative identity is an evolving story in which the self is provisionally constructed. Such a narrative may contain examples of dominant discourses as well as submerged voices.

Die terapeutiese taak vir die terapeut en deelnemer is volgens Sands (1996:183) om te onderskei tussen die verskillende stemme sodat die deelnemers haar eie stem ontdek en erken.

## 2 DIE INVLOED VAN DIE PATRIARGALE HUWELIK OP VROUE SE IDENTITEIT

Die huwelik bied die geleentheid vir 'n vrou om liefde, nabyheid, en seksuele bevrediging met een man te ervaar, om binne dié veilige ruimte kinders groot te maak en moederskap te beleef. Die huwelik skep die geleentheid vir die bevrediging van toepaslike behoeftes om verhoudings tot stand te bring, te voed en te onderhou:

> Thus, it is possible to view marriage as a healthy developmental milestone for a mature woman. Otherwise, we would have to view all marriage as an indication of the immaturity of a non-individuated person (Cantor 1989:200).

Vir 'n vrou om 'n suksesvolle en verrykende huwelik te hê, hang daarvan af of sy haar eie sin vir identiteit verkry het, saam met die vermoë om liefde te gee en te ontvang. Daarom moet sy 'n maat vind wat op 'n soortgelyke vlak van ontwikkeling is sodat beide van hulle as 'n paar en as individue kan groei (Cantor 1989:197).

Soos reeds gesien, beteken dit nie dat die huwelik vir vroue probleemvry is nie. Die deelnemers het ook hiervan getuig (376). Archer (1990:90) is van mening dat bloot omdat vroue die potensiaal het om kinders te kan hê, daar unieke sake is waarmee hulle worstel in die vorming van hulle identiteit. Volgens Archer is daar die volgende sake wat 'n rol speel in die vrou se identiteitsvorming:

- Seksualiteit: die moontlike gevolg van swangerskap, seksuele uitbuiting, die klem op uiterlike aantreklikheid.

- Geslagsrol - stereotipe: om te onderskei tussen die onbuigsame stereotipes van die samelewing en die persoon se eie unieke karakter en gedrag.

- Intimiteit: om populariteit in die konteks te plaas van toekomstige doelwitte en die belang van akademiese kwalifikasies te evalueer in verhouding met intimiteit.

- Loopbaanontwikkeling: om bewus te raak van hulle eie unieke vermoëns en om die moed te hê om die stereotipes te verbreek en loopbane te identifiseer wat aanpas by hulle vermoëns en eie persoonlike doelwitte.

- Gesinsbeplanning: die oorweeg van haar (en haar maat) se begeerte vir 'n gesin en om dit te balanseer met die verantwoordelikhede teenoor die kind en haarself, en om die persoonlike doelwitte te balanseer met die gesin se doelwitte.

- Gesinsverhoudings en waardes: familiewaardes teenoor eie waardes, die ontwikkeling van kommunikasievaardighede om vroulike waardes en planne op so 'n manier te kommunikeer dat dit positief ontvang word.

Riessman (1990:179) noem dat in 'n mans-oorheersde samelewing pas vroue aan deur onderdanigheid aan mans te betoon. Hulle leer dat:

- dcur met mans verbind te wees, kan hulle doelwitte bereik

- dat hulpeloosheid en afhanklikheid 'n bate is

- dogters word geleer om hulp te vra

Om nie hulle kanse op 'n goeie huwelik te belemmer nie, laat vroue sommige aspekte van die ontwikkeling van hulle identiteit agterweë. In ruil daarvoor om na ander om te sien, verwag vroue dat daar na hulle omgesien word (Riessman 1990:179).

Die deelnemers het vertel dat toe hulle getroud was, het hulle die samelewing se ideale vir vroue onderskryf, maar:

> ... die idealisme is vernietig en nou besef julle dat die idealisme julle vervreem het van julle eie identiteit. Julle het besluit om weer die mense te wees wat die Here wil hê julle moet wees en julle wil wees (50).

In ons kultuur word mans deurlopend geïndentifiseer met individualisering, onafhanklikheid en mag terwyl vroulikheid verbind word met omgee, verhoudings, en intimiteit. Die gevolg is dat vroue hulleself definieer in terme van die goedkeuring wat hulle van ander kry en dit moeiliker vir hulle is om hulle eie onafhanklike identiteit te vestig. Vroue word dikwels beskryf as iemand se vrou, ma of kind. Dit terwyl mans geïdentifiseer word in terme van hulle eie beroepe en ook mans, pa's en kinders is. Die gevolg is dat identiteitvorming by vroue verweef is met ander se identiteite en daarom is identiteitvorming vir vroue 'n baie meer gekompliseerde proses as vir mans (Archer 1990:70).

Intieme verhoudings bepaal dikwels die vrou se identiteit. Dit is veral van toepassing in die huwelik. Vroue se identiteit word so verstrengel met die intimiteit van die huwelik, dat wanneer vroue die intimiteit van die huwelik verloor, hulle ook daarmee saam 'n groot deel van hulle identiteit verloor. Baie vroue tree in die huwelik met die verwagting dat die huwelik vir haar beskerming, versorging en status sal bied. Dit lei tot 'n kinderlike afhanklikheid by vroue (Riessman 1990:177).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die ontwikkeling van identiteit vir 'n vrou 'n ingewikkelde en gekompliseerde saak is. Vir vroue om hulle eie identiteit te ontwikkel vra:

> ... exploration, experimentation, contrasting self with others, sorting through identifications, choosing those which seem to "fit" well, discarding those which do not, and egaging in dynamic prosess of integration which hopefully culminates in a uniquely self-defined person (Simons 1984:355).

Soos reeds aangedui, het die dominante diskoerse oor mans en vroue dikwels tydens die gesprekke ter sprake gekom. Vir my, en dalk ook vir die deelnemers, was dit 'n versoeking om self 'n profiel van die ideale man en vrou op te trek waaraan mans/vroue moet voldoen. Daarom het ek opgemerk:

> Ek het gewonder of ons op die regte spoor is met die idee om 'n profiel van 'n ideale man of vrou vir onsself te wil opstel? Herhaal ons nie dalk dieselfde geskiedenis wat ons juis nie wil herhaal nie? Die geskiedenis leer ons dat wanneer 'n samelewing 'n profiel van die ideale man en vrou opstel en alle mans en vrouens aan die profiel moet beantwoord om 'n 'ware' man of vrou te wees dit tot groot hartseer kan lei. Was sommige van julle nie juis slagoffers van die idee gewees nie?
>
> Moet ons vertrekpunt nie dalk individue eerder as groepe wees nie? Dan is die vraag eerder: Wat se mens wil ek wees? Elke mens moet dan die vraag beantwoord: Wat se man wil ek wees? Wat se vrou wil ek wees? En wanneer elkeen, so vry van voorskrifte van buite as wat maar moontlik kan wees, idividueel op die vraag geantwoord het, seker is van sy/haar eie identiteit, kan daar dalk nou vryer, oper en spontaner verhoudings tussen mense wees?
>
> Maar ek het ook gewonder of julle dalk daaraan gedink het, wat se soort vroue julle wil wees? Waarvoor wil julle bekend staan? Waarin lê elkeen van julle se unieke identiteit wat dalk deur ander mense misgekyk is en nie waardeer is nie? Wie is daar in julle lewens wat wel die unieke idividualiteit van elkeen van julle raakgesien en waardeer het?

Het die dinge wat julle die afgelope tyd ervaar het, bygedra tot die ontdekking van hierdie individualiteit? Is dit so dat elkeen van julle die afgelope tyd besluite geneem het en dinge gedoen het wat julle in die verlede nie sou besluit het en gedoen het nie? Is julle dalk verbaas oor die dinge wat julle gedoen het? Wat het julle oor julleself in die proses geleer? Wie is daar wat nie verbaas is oor die nuwe dinge wat in julle lewens gebeur het nie (74,75 en 77, 78)

Om haar eie projek - identiteit te ontwikkel is dit belangrik dat elke vrou alle beskikbare verhale oorweeg om seker te wees wie sy is, om, verkieslik met die ondersteuning van ander, haar eie verhaal te ontwikkel oor wie sy is.

## 3 DIE VERLEENTHEID VAN EGSKEIDING VIR VROUE SE IDENTITEIT

Clapp (1992:177) gebruik die beeld van die huwelik wat twee mense tot 'n interafhanklike eenheid weef. Min mense besef werklik hoe geheg hulle aan hulle vorige huweliksmaat was tot tyd en wyl die fisiese skeiding plaasvind: kinders, jare wat saam deurgebring is, emosionele aangetrokkenheid, gedeelde ervarings, gevestigde gewoontes, gemeenskaplike verantwoordelikhede en gesamentlike besittings het alles daartoe bygedra om twee lewens tot 'n interafhanklike eenheid te weef. Om die weefwerk te ontknoop is nie 'n eenvoudige saak nie. Daar word ontdek dat 'n groot deel van 'n persoon se identiteit ook vasgeweef is aan die vorige persoon. Saam met al die ander dinge wat tydens en na egskeiding gedoen moet word, moet 'n nuwe identiteit ook gevestig word, 'n nuwe lewenstyl, wat nie meer gebonde is aan die ander persoon nie. 'n Geskeide persoon het ook 'n klomp van die materiële dinge verloor wat hulle as individue gedefinieer het.

Volgens Rossiter (1991:148) verander die wêreld waarin 'n persoon se identiteit geskep en gevorm word, na egskeiding radikaal. Die verandering bedreig die fantasie van 'n gevestigde identiteit. Die idee dat ons 'n identiteit "het" wat aan ons "behoort", verdwyn, en daarmee saam ook die sekuriteit wat saam met die idee van 'n "gevestigde"identiteit gaan.

Vaughan (1986:6) sê dat:

> In order to uncouple, two people must disentangle not only their belongings but their identities. In a reversal of coupling, the partners redefine themselves, both in their own eyes and in the eyes of others, as separate entities once again. Getting out of a relationship entails a redefinition of self at several levels: in the private thoughts of the individual, between partners, and in die larger social context in which the relationship exits... Uncoupling is complete when the partners have defined themselves and are defined by others as separate and

independent of each other – when being partners is no longer a major source of identity. Instead, identity comes of other sources.

In terme van die beskrywing van die narratiewe identiteit hierbo kan die identiteitskrisis wat deur egskeiding teweeggebring word, kan gesê word dat belangrike verhale wat 'n vrou tot dusver oor haarself en vir haarself vertel het, nie meer van toepassing is nie. Sy was 'n vrou, minnaar, versorger. Egskeiding skrap baie van die verhale wat daartoe bygedra het om 'n identiteit te vorm. Die verhale wat na egskeiding nie meer van toepassing is nie, skep 'n lugleegte in 'n persoon se lewe. Die lugleegte wat beleef word as 'n identiteitskrisis.

Vaughan (1986:160) en Schwartz en Kaslow (1997:40) wys op die verband tussen identiteit en selfbeeld. Terwyl daar in die wêreld geweldige aanslae op 'n persoon se selfbeeld is, is die huwelik 'n verhouding waar die huweliksmaats onderneem om mekaar se waarde te bevestig. Dit is 'n onderneming om aan die ander persoon te bevestig dat sy/hy werd is om bemin te word. Indien een van die huweliksmaats verwerp word, hetsy ter wille van 'n derde party of andersins, het dit 'n geweldige impak op die party wat verwerp word: die party voel nie werd om bemin te word nie en voel 'n mislukking. Sy voel sy het in 'n belangrike aspek van die volwasse lewe nie die mas opgekom nie: die vermoë om 'n huwelik suksesvol in stand te hou. Die een wat verwerp word hoor die boodskap: "jy is nie my tyd, aandag en liefde waardig nie"; die verwerpte persoon se selfbeeld is gevolglik vernietig.

Wanneer die dominante diskoers dat 'n vrou net identiteit "het" indien sy in verhouding met 'n man staan, die voorkeurdiskoers vir 'n geskeide vrou bly, sal die negatiewe implikasie wat egskeiding vir 'n vrou se identiteit het waarskynlik blywend wees. Of dit kan baie lank vir haar neem om 'n nuwe identiteit te konstrueer. Gelukkig hoef dit nie so te wees nie. Dit kan ook gebeur dat 'n vrou na egskeiding haar identifiseer met 'n alternatiewe diskoers wat die selfstandigheid en onafhanklikheid van vroue waardeer. Indien dit gebeur kan 'n nuwe identiteit na egskeiding vinniger gekonstrueer word.

## 4 EGSKEIDING AS GELEENTHEID VIR GROEI IN IDENTITEIT VIR VROUE

Die deelnemers het vertel:

> Die besluit om te skei het gepaard gegaan met 'n nuwe bewuswording van julle eiewaarde as mense in eie reg, julle het ontdek "wie is ek" (149).

Reeds na die derde gesprek het die deelnemers vertel dat hulle "sterker word" (47) en het hulle vertel dat hulle:

> ... die afgelope ses maande gegroei het van so laag as 'n -40 tot 6, 7, 8 en selfs 'n amper tien! (48).

(Hoewel daar weer, in die woorde van die deelnemers "oee" – ervarings was (130), is dit belangrik dat hulle wel ervaar het hulle sterker word en groei.)

Toe die deelnemers gereflekteer het waarom hulle vorige mans hulle nog steeds intimideer was hulle gevolgtrekking:

> ... dit is dalk vir hulle 'n frustrasie omdat julle gegroei het om mense te wees wat anders is as die stereotipe afhanklike en onderdanige vrou wat soms as die populêre stereotipe voorgehou word (132).

Uit bogenoemde blyk dat die deelnemers "groei" as 'n metafoor gebruik het om aan te dui wat besig is om met hulle te gebeur. Die "groei" het verskillende aspekte behels:

## 4.1 GROEI IN SELFSTANDIGHEID

Die deelnemers het selfstandigheid genoem as een van die dinge wat daartoe bygedra het om voort te gaan met die lewe:

> Julle het 'besluite begin neem', julle het 'selfstandig' geword, julle het 'oorwinnings' behaal (57).

Riessman (1990:177) stem saam dat een van die gevolge van egskeiding vir vroue is dat hulle na hulleself begin kyk as selfstandige mense. Hulle word gedwing om 'n balans te skep tussen selfstandigheid en afhanklikheid.

Egskeiding vereis dat vroue nuwe grense moet oorsteek en op wyses moet begin optree waaraan hulle nie gewoond was nie. Hulle moet hulleself ernstig opneem, besluite neem, vir hulle kinders voorsien, en doen wat gedoen moét word. Hulle gee nie alle verhoudings prys nie, maar ontdek dat hulle vir hulleself moet sorg (Riessman 1990:179).

Riessman (1990:204) wys daarop dat die samelewing 'n hoë premie plaas op vryheid, selfbeskikking, persoonlike beheer, selfstandigheid. Indien hierdie taal gebruik word in verband met geskeide vroue kan dit help om die stigma verbonde aan egskeiding te minimaliseer en 'n

positiewe beeld van geskeide vroue te projekteer. So kan geskeide vroue, en ander, daarvan oortuig word dat hulle na die egskeiding beter mense is. Hierdie taalgebruik en waardestelsel wat daarmee gepaardgaan, is 'n hulpbron om die moeilike omstandighede wat deur egskeiding veroorsaak word, in 'n groei-ervaring te verander.

Volgens Lund (1990:62), is 'n feministiese perspektief op 'n selfstandige vrou dat sy:

> ... a mature, complete human person, who is able to nurture oneself, to be able to balance one's needs with those of others, to find ways of creatively handling multiple roles and the inevitable conflicts this involves and having one's identity centered in oneself.

Lund se omskrywing van selfstandigheid verteenwoordig 'n tipiese Westerse kulturele diskoers oor selfstandigheid. Indien die selfstandigheidsdiskoers die enigste of dominante diskoers raak waarvan die verwerwing van identiteit afhang, kan dit eensydig wees. Geen mens is immers heeltemal selfstandig nie. Aangesien geskeide vroue, soos alle mense, afhanklik is van ander mense kan die oorbeklemtoning van die selfstandigheidsdiskoers geskeide vroue isoleer. In die lig van die beskouing dat 'n persoon verskillende identiteite het, kan selfstandigheid een aspek van identiteit wees en kan 'n persoon kies in watter aspek van haar lewe sy selfstandigheid wil bereik.

## 4.2 GROEI IN BESEF VAN EIE WAARDE

Die deelnemers het vertel dat die besuit wat hulle geneem het om te skei onder andere geneem was omdat daar teenstrydige waardestelsels tussen hulle en hulle huweliksmaats was (149).

Na egskeiding het hulle 'n nuwe waardestelsel ontwikkel. Die nuwe waardestelsel het ook behels:

> Julle het vertel dat daar groot waarde daarin is om 'goed te wees vir jouself'. Carna was 'n paar dae alleen met vakansie en Mari het 'n 'bederfnaweek' by haar suster deurgebring. Julle luister ook met nuwe ore na die stemme wat vir julle sê julle is oulik (veral die stemme van julle kinders) en dit doen julle goed (125).

Vroue wat geskei is, kry die geleentheid om hulle identiteit te bou rondom 'n nuwe stel waardes. Riessman (1990:181) meld dat een van die waardes kan wees dat die vrou self, en nie "die man in haar lewe" nie, die middelpunt van haar lewe vorm.

Feministiese terapie gaan van die vertrekpunt uit dat vroue hulle lewe rondom hulleself behoort te sentreer en nie rondom die lewens van mans en kinders nie. Die vertrekpunt staan teenoor die sosiale boodskap dat vroulikheid beteken om jou eie belange opsy te skuif om al jou energie in

ander te belê. Baie vroue meen dat om hulleself te versorg is selfsugtig en daarom sleg. Daar is egter 'n verskil tussen selfsugtigheid en die gesonde handhaaf van eie belange. Wanneer 'n vrou haar lewe rondom haarself sentreer, word haar eie waarde vir haar 'n bron van krag. Dan word ander mense rondom haar persone wat haar lewe grootliks verryk, maar hulle is nie die bron van haar identiteit en sin in die lewe nie. Tydens terapie is dit nodig om die gesentreerheid van die vrou se lewe so te bevraagteken dat dit van 'n wen-verloor situasie vir die vrou tot 'n wen-wen situasie omskep word (Brewer 1993: 30, Rawling en Graham 1988:180).

Egskeiding bied aan vroue die geleentheid om 'n nuwe waardestelsel oor die "self" te konstrueer, 'n waardestelsel wat die individu belangriker ag as die groep. In die gemeenskap word die gesin voorgehou as die instelling waar liefde floreer, seksuele vervulling verkry word en selfrealisering geskied. Om te skei te is om in opstand te kom teen die dominante diskoers oor die huwelik. Diegene wat verhoudings verbreek, toon dat die verantwoordelikheid teenoor hulleself 'n groter voorkeur is as as die verantwoordelikheid vir ander. Die verhouding word in 'n baie praktiese lig gesien: indien die verhouding nie meer bydra tot persoonlike groei nie, kan die verhouding beëindig word (Vaughan 1986:47).

## 4.3 GROEI TEN OPSIGTE VAN VERANTWOORDELIKHEDE

Dit is deur die veranderinge van verantwoordelikhede dat vroue die geleentheid kry om te groei. Die suksesvolle assimilering van die baie verantwoordelikhede wat van 'n enkelouer verwag word, kan 'n geweldige bemagtigende effek op die vrou hê. Vroue moet tot 'n herdefiniëring van hulleself, die gemeenskap en hulle rolle in die samelewing kom indien hulle die oorgang van egskeiding suksesvol wil voltooi. Geen nuwe lewe na egskeiding is moontlik sonder 'n betekenisvolle verbetering in selfbeeld en selfstandigheid nie (Lund 1990:62).

Vroue en kinders in enkelouergesinne moet noodwendig meer nuwe verantwoordelikhede neem wat in die verlede deur mans geneem is. Hierdie nuwe verantwoordelikheid help vroue om te funksioneer op terreine waar hulle dit nie in die verlede gewaag het nie. Die feit dat vroue bekwaam voel om hulle en hulle afhanklikes te versorg, was die grootste enkele aspek wat aangedui is vir tevredenheid deur enkel, vroulike ouers (Rawlings & Graham 1988:170,179).

Riessman (1990:181) bevestig bogenoemde standpunt. Na egskeiding beweeg vroue uit onder die mag van hulle mans en doen dinge wat deur die samelewing hoog geag word, soos byvoorbeeld om hulle eie finansies te bestuur en verantwoordelikheid te neem vir die instandhouding van hulle motor.

In Hoofstuk Tien is vertel hoe die deelnemers nuwe verantwoordelikhede geneem het en die belangrike rol wat dit gespeel het in die rekonstruksie van hulle nuwe lewens (105, 122). Die aanleer van die vaardighede het 'n belangrike rol gespeel in die rekonstruksie van die vroue se identiteit na egskeiding.

## 4.4 NUWE DOELWITTE EN BELANGSTELLINGS

Die deelnemers het by verskillende geleenthede vertel van nuwe belangstellings, doelwitte en verhoudings wat hulle na egskeiding ontwikkel het:

> Vir Rika was dit 'n groot deurbraak toe sy betrokke geraak het by 'n kinderhuiskind, wat sy nou 'aangeneem' het, iets wat sy nog altyd wou doen, maar nie toegelaat is om te doen nie. Sy het ook tien van haar kollegas gewerf om kinderhuiskinders 'aan te neem' (182).

> Carna het iemand 'baie, baie baie spesiaals' in haar lewe wie vir haar 'n besonderse vriend is. Hy het haar laat besef sy is nie deel van die "gemors" van die verlede nie en help haar om haar vas op koers te kry op die pad van die nuwe lewe (185).

Lynette het weer 'n pos gekry as maatskapliker werker en het met nuwe ywer en toewyding haar loopbaan aangepak, Mari het ingeskryf vir 'n kursus in refleksiologie.

Die skep van nuwe doelwitte en belangstellings kan op verskillende maniere gebeur: deur nuwe verhoudings te bou, nuwe vaardighede aan te leer, nuwe woonplek in te rig en om te leer uit vorige ervarings (Vaughan 1986:160).

In die lig van die nuwe geleenthede wat egskeiding gee vir die ontwikkeling van identiteit is dit nie verbasend nie dat Clapp (1992:178) daarop wys dat vir sommige vroue die identiteit wat hulle na die egskeiding vir hulleself skep, min in gemeen het met die identiteit wat hulle voor die egskeiding gehad het. Dit is veral die geval met vroue wie se vorige identiteit in 'n groot mate deur die huwelik bepaal is.

Chireboga (1991:280) se waarneming is dat min mense deur egskeiding gaan sonder om 'n ander persoon aan die ander kant uit te kom. Beide die persoon self en die persoon se verhouding met die wêreld verander:

> Among the women, especially those in their 40's and over, weaned on more traditional philosophies concerning the role of women, the idea of seriously working for a living and depending on their own abilities for survival, was often the furthest thing from their minds

> prior to their separation. Plunging headfirst into the upheaval created by marital separation, most of the middle-aged women experienced hardship but ended up, three or more years later, reasonably intact and living reasonably well. And, we might add, often amazed by their survival.

Toe ek weer die briewe deurgegaan het, was daar vir my 'n merkwaardige ontwikkeling by Rika met betrekking tot die rekonstruksie van haar identiteit na egskeiding. In die brief van 4 September 2001 skryf ek:

> Wat vir Rika moedeloos maak, is die idee dat dit vir haar 'verby' is, terwyl die ander hoop het om weer iemand te ontmoet. Maar eintlik is sy 'heeltemal oraait' (337).

Ses weke later, 20 Oktober 2001, is daar 'n duidelike verandering in Rika se siening oor haarself en haar toekoms te bespeur as sy sê:

> … sy het die lewe as "n groot niks' gesien, maar sien die lewe nou weer as 'n uitdaging (380)

Dan gaan hou sy 'n week vakansie en ontdek sy weer haar "eie enjin" en herwin haar selfbeeld en selfhandhawing (404).

Lynette het die ontdekking van haar nuwe identiteit soos volg beskryf:

> … sy (het) weer haar eie waarde besef, dit nadat haar eie waarde afgekraak was. In die huwelik het sy magteloos en moedeloos gevoel, begin glo dat sy magteloos en hulpeloos is. Sy het ook magteloos en moedeloos begin optree. Vandag weet sy dat sy wel iets beteken en 'n rol het om te vervul, iets vir ander kan beteken. Na die egskeiding het sy weer hoop en moed gekry. Vandag weet sy 'ek is 'n selfstandige, selffunksionerende, suksesvolle mens'.(403).

Magda het vertel sy het

> … opnuut besef die Here stap 'n pad met haar. Sy het weer haar identiteit in Christus, as profeet, priester en koning, herontdek. Die rykdom van haar eie lewe wat sy voorheen gehad het, het het sy weer teruggevind. Vandag besef sy dat dit haar sterkte was wat 'n bedreiging was vir haar huweliksmaat en dat hy haar dit beny het. Sy het bevestiging gekry dat haar waardestelsel, dat daar meer in die lewe is as net status en geld en prestasie, die regte een is. Sy het ook baie meer bewus geraak van die nood in die wêreld en besef dat, soos Paulus sê 'die bediening van versoening' aan haar, en ons groep, toevertrou is (402).

Ek het al die verskuiwings wat by die deelnemers voorgekom het, soos volg saamgevat om (in die vorm van 'n vraag) te reflekteer op die tot standkoming van hulle nuwe identiteit:

Ek het gewonder of en hoe die volgende dinge en die vorming van die nuwe identiteit na die egskeiding met mekaar verband hou:

- die 'ek het nie 'n man' nodig nie (Rika) (ons kan ook seker sê: ek het nie 'n vrou nodig nie)
- oor die vind van jou identiteit in Christus (Magda)
- 'Ek is 'n selfstandige, selffunksionerende suksesvolle mens' (Lynette)
- die 'uitplug by 'n man' en jou 'eie enjin' kry en die geestelike verdieping (Rika), (kan ons dit dalk noem "in plug" by die Here?)
- die bewus raak van die nood (Magda), die lekker kry om te gee (Rika), die 'weer iets beteken' (Lynette) (406).

Vandat die navorsingsproses begin het, het daar 'n verandering in die deelnemers se identiteit plaasgevind. Hulle het "gegroei" van mense wat hulle primêre identiteit gevind het as huweliksmaats vir hulle mans, na mense wat hulle primêre identiteit gevind het in hulleself as individue.

In die proses het hulle 'n nuwe verhaal oor hulleself begin vertel. Hulle het bewus geword van dominante diskoerse wat vroue se tradisionele gelegitimeerde identiteit bepaal. Die dominante diskoerse oor manlikheid en vroulikheid en hoe dit hulle lewens geraak het, is gedekonstrueer. Hulle het daarvan bewus geword dat egskeiding nie net persoonlike krisis tussen twee huweliksmaats is nie, maar 'n krisis in 'n patriargale samelewing verteenwoordig; hulle het bewus geword daarvan dat die Bybel 'n boek is wat in 'n patriargale kultuur tot stand gekom het en in die lig vertolk moet word; hulle het bewus geword van geskeide persone se marginalisering deur die dominante kerklike diskoers oor egskeiding; hulle het hulleself toestemming gegee om hulle emosies te beleef en te ervaar; hulle woede het vir hulle 'n bron van energie geword.

Die aspekte wat hier genoem is kon bygedra het tot die afsterwe van hulle "ou" voor – egskeidingsidentiteit. Daar was ook 'n verskeidenheid ander aspekte wat kon bydra tot die geboorte van 'n nuwe identiteit. Die groep het 'n ruimte geskep waar hulle kon deel in mekaar se voorheen onvertelde verhale, hulle het aanvaarding beleef, ook van 'n predikant wat die alternatiewe kerklike diskoers verteenwoordig het, die godsdienstige ritueel het 'n belangrike rol hierin gespeel. Die

deelnemers het ook bewus geword van hulle eie krag, moed en deursettingsvermoë. Hulle het 'n ruimte gevind waar hulle dit kon vier en erkenning daarvoor gekry het.

Al die faktore kon daartoe bygedra het dat die konstruksie van hulle eie projek-identiteit moontlik vinniger kon ontwikkel het as wat die geval is met vroue wat nie deel is van 'n terapeutiese groep nie.

## 5 DEELNEMERS SE REFLEKSIE

Die deelnemers het saamgestem dat egskeiding hulle identiteit verander het. Hulle het opgemerk: "ek hou baie meer van my nuwe identiteit as van my ou identiteit", "ek het baie meer selfvertroue en my selfbeeld is beter as ooit", "ek weet dat noudat ek die egskeiding oorleef het, is ek sterk genoeg om enige iets anders te trotseer", "dit is jammer dat ek deur 'n egskeiding moes gaan om my verborge krag te ontdek, maar vandag weet ek dat ek 'n sterker mens is as wat ek was", "ek self, en dié om my, het nooit gedink ek het soveel innerlike krag nie", "die egskeiding het my geleer dat ek nooit moet ophou groei nie, dit is my belofte aan myself: ek sal nooit weer stagneer soos wat ek gestagneer het toe ek getroud was nie".

Die verskillende lewensterreine wat rekonstruksie na egskeiding verg, is nou bespreek. In die volgende hoofstuk gee ek kortliks 'n weergawe van die deelnemers se nuwe verhale nadat die terapieproses afgehandel is.

# HOOFSTUK 15

# VYF VERHALE VAN HOOP

’n Paar weke nadat die groepswerk afgesluit is, het ek met elke deelnemer ’n individuele onderhoud gevoer om te verneem hoe dit met hulle gaan. Ek het tydens die onderhoude die verskillende temas wat tydens die proses uitgekristralliseer het en in die studie aangespreek is, met die deelnemers bespreek. Wat ek hier weergee is die deelnemers se eie beskrywings van hulle nuwe lewens. Elkeen het my weergawe van die gesprek deurgelees en na goeddunke veranderinge aan aangebring. Ek volstaan met hulle weergawes van hulle nuwe lewens. Ek wil graag hê hulle moet die laaste sê hê...

## 1 LYNETTE

Lynette het vertel dat dit met haar “goed gaan”. Sy ervaar nog “dips”, veral as gevolg van praktiese probleme soos finansies en die alleen verantwoordelikheid dra vir die twee dogters wat by haar bly. Haar vorige man het intussen by ’n ander vrou ingetrek en haar dogter wat aanvanklik by haar pa gaan bly het, is genoodsaak om by haar ouma te gaan bly. Dit is vir Lynette ’n bron van kommer. Sy het tot dusver die kinders se pa beskerm, maar gaan dit nie meer doen nie.

Lynette voel sy is na die egskeiding “regtig ’n beter mens”. Haar kinders is tevrede en gelukkig en doen goed op skool. Oor haar emosies is Lynette dankbaar dat, na die aanvanklike woede wat veroorsaak is oor die praktiese probleme wat sy ondervind het, dit nou beter gaan. Sy het werk gekry, die gesamentlike huis is verkoop, haar man se nuwe verhouding het bygedra daartoe dat sy nou vrede gemaak het met die finaliteit van die egskeiding.

Lynette is dankbaar dat sy altyd “met vrymoedigheid” na die Here toe kon gaan. Dit was vir haar ’n anker en vir haar is dit belangrik dat haar kinders ook kan sien en weet die Here is haar anker. Sy het tydens die egskeiding die volheid van die krag van geloof ontdek. Dit was vir haar ’n “eye opener”.

Met haar kinders gaan dit baie goed. Vir haar is dit belangrik dat hulle weet sy het nie uit selfsugtige oortuigings besluit om te skei nie, maar ook ter wille van hulle. Sy is soms nog bekommerd of sy voldoen aan die vereistes wat aan ’n enkelouer gestel word, maar op die oomblik dink sy dit gaan goed.

Lynette hanteer nou die samelewing se negatiewe ingesteldheid teenoor geskeide vroue beter. Aanvanklik het sy as Christen gedink dit is verkeerd om te skei en daarom was dit vir haar moeilik om te sê sy is geskei. Die gesprekke in die groep het haar klaarheid gegee dat sy die regte besluit geneem het om te skei. Sy dink sy is gelukkig om vinnig 'n tuiste in die gemeente te kon vind: sy het nooit uitgelewer gevoel nie.

Lynette het na die egskeiding uithouvermoë ontdek waaroor sy nie geweet het sy beskik nie. In die huwelik is haar selfrespek afgekraak, nou het sy ontdek sy is meer werd as wat sy ooit in die verlede ervaar het.

## 2 CARNA

Hoewel Carna nog baie dink aan wat sy tydens die huwelik gehad het, treur sy nie meer oor dit wat sy verloor het nie. Sy het rustiger geword en ervaar vrede. Sy koester die intiemer verhouding wat as gevolg van die egskeiding tussen haar en die Here ontstaan het. Sy sien kans vir die lewe en die toekoms. Saam met die seuns het sy nog groeipyne, maar dit gaan baie goed met hulle. Hulle "borrel" en ervaar hulle skool en sport positief.

Die verhouding tussen haar en haar vorige man het "genormaliseer". Hy het intussen verloof geraak. Dit is vir haar 'n verligting: sy hoop dat, indien sy eie nuwe lewe op koers is, hy haar minder sal "pla". Volgens haar is daar nie meer onafgehandelde "issues" tussen hulle nie. Dit is vir haar 'n verligting om nie meer as 'n "buffer" tussen hom en die res van die familie op te tree nie. Sy bly in beheer van haar verhoudings en word nie meer gemanipuleer nie. Sy is in 'n verhouding betrokke by 'n man wat haar baie ondersteun.

Praktiese probleme gee haar nie meer "angsaanvalle" nie, sy het rustig daaroor geword. Wanneer sy nie meer 'n ding self kan doen nie, laat sy dit doen. Sy het 'n nuwe ondersteuningsisteem en hoewel sy soms bang is dat sy (weer) afhanklik gaan raak is die nuwe verhouding vir haar 'n positiewe ontwikkeling.

Die egskeiding het veroorsaak dat Carna haar werk baie ernstiger moet opneem. Dit laat haar dikwels fisies baie moeg en broos. Sy besef dit en weet sy moet waak teen ooreising.

Carna kyk baie meer krities na verhoudings en is vasbeslote om haar nooit weer so bloot te stel vir misbruik soos tydens haar huwelik nie. Hoewel die egskeiding moeilik was, is sy nou daardeur en was dit vir haar beter om te skei as om in 'n onaanvaarbare huwelik "vasgevang" te wees.

In haarself het Carna krag, sterkte, en kalmte ontdek wat sy nooit geweet het sy oor beskik nie. Omdat baie van haar frustrasies weg is, is sy nie meer altyd gejaag en geïrriteerd nie.

## 3 MAGDA

Magda is steeds besig om die gebeure uit haar gesin van oorsprong, haar huwelik en vorige gebeure toe sy gewerk het, te integreer.

Haar vorige man se afsterwe, voordat sy die egskeiding werklik kon hanteer het, het weer opnuut 'n krisis in haar lewe veroorsaak. Sy was verplig om 'n hele klomp nuwe verantwoordelikhede op haar te neem. Maar sy is dankbaar dat sy geskei is voor sy afsterwe. Die vaardighede wat ontwikkel het en die krag wat sy in haar ontdek het na die egskeiding, het haar in staat gestel om ook die uitdagings aan te pak. Sy is daarvan oortuig dat, indien haar man sou gesterf het terwyl hulle nog getroud was, sy "glad nie" in staat sou wees om die verantwoordelikhede na te kom nie.

Sy besef vandag dat haar man bewus moes gewees het van haar innerlike krag, dat dit vir hom 'n bedreiging was, en dat hy haar doelbewus onderdruk het.

Haar verhouding met haar dogters is beter, hoewel daar soms konflik tussen hulle is. Magda is van mening dat dit 'n tydelike verskynsel is en dat dit in die toekoms net beter kan gaan. Haar twee broers en suster is vir haar 'n groot bron van ondersteuning. Sy het ook vriendinne wat vir haar baie beteken.

Soms gaan dit nog moeilik met die praktiese goed. Sy kom nog finansiële dissipline kort. Sy is nog bang vir blootstelling.

Magda is opgewonde oor 'n klomp wonderlike dinge wat besig is om te gebeur. Sy het onder mediese toesig suksesvol onttrek van baie van die psigiatriese medisynes wat sy oor baie jare toenemend gebruik het. Sy wil graag 'n verskil in die samelewing maak en sien daarna uit om te ontdek wat die Here wil hê sy moet doen. Na die egskeiding het haar selfbeeld baie verbeter, sy dink en voel baie meer positief oor haarself.

## 4 MARI

Mari is baie tevrede met haar nuwe lewe. Sy is volgens haar nog nie heeltemal "daar" nie, maar sy is steeds besig om vordering te maak.

Wat sosiale verhoudings betref, is Mari nog besig om te leer grense trek. Iets baie waardevol wat sy ontdek, is om mense in haar lewe in te trek wat haar waardes deel. Dit is vir haar 'n vaste baken en baie waardevol. Haar verhouding met haar vorige man is "normaal", vir haar beteken dit dat hulle geen kontak het nie, behalwe met betrekking tot reëlings wat in verband staan met die kinders. Haar een suster het hulle by haar vorige man geskaar en sy het haar onttrek van die suster. Na twee jaar het sy haar ander suster opgesoek en hulle is in die proses om te versoen. Sy beskryf haar verhouding met haar dogters as "wonderlik". Mari wil graag meer betrokke raak by die gemeenskap en gemeente.

Die grootste praktiese probleem wat sy ervaar is finansieel van aard. Sy is deur 'n baie moeilike stryd om haar vorige man so ver te kry om onderhoud te betaal. Die finansiële eise van enkelouerskap maak dit vir haar moeilik om haarself en haar kinders ontwikkelingsgeleenthede te skep.

By die werk voel Mari soms dat sy as geskeide vrou uitgebuit word. Sy dink nie haar salaris is mededingend nie. Daar word soms diskriminerende opmerkings gemaak oor haar voorkoms. Haar verhouding met haar kollegs het verander. Sy is sterker, meer mededingend en doelgerig. Aan die ander kant was daar by haar werkgewer ook baie ondersteuning en begrip tydens die egskeiding en hofsake wat gevolg het as gevolg van die wanbetaling van onderhoud. Hiervoor is sy dankbaar.

Een van die beste dinge wat met haar gebeur het is die groei in haar selfvertroue. Sy is self verbaas daaroor en het nie gedink sy sou so vinnig groei nie. Sy neem besluite oor haar behuising (sy het intussen verhuis), het 'n ander motor gekoop en neem alleen verantwoordelikheid vir haar lewe. Dit is vir haar baie "lekker".

Mari het boeke begin lees wat haar selfontwikkeling stimuleer. Sy voel sy is 'n onontdekte eiland wat nou ontgin word.

Mari het "aangename" dinge in haarself ontdek. Sy het weer haar humorsin teruggevind: in haar huis word baie gelag, iets wat nooit tydens haar huwelikslewe gebeur het nie. Sy het begin studeer om haar te kwalifiseer as 'n refleksoloog. Haar studie is so 'n spanpoging tussen haar en haar dogters dat hulle eintlik drie refleksoloë in opleiding is.

Sy sien uit na die toekoms.

## 5 RIKA

Rika reken sy is "oor die ding". Sy het geen kontak met haar man nie (hulle is nog nie geskei nie). Soms kry sy nog "dips", maar sy weet nou hoe om dit te oorkom. Soms voel sy nog "uit" in geselskap waar sy die enigste enkelpersoon is. Sy skryf haar ongemak toe aan haar eie ingesteldheid. Sy het doelbewus na tekens van verwerping gesoek, maar kry dit nie.

Rika vertel dat sy verskriklik naby aan die Here gekom het en dit help haar om weer uit te sien na die toekoms. Wanneer sy dreig om hartseer te word oor die verlede, lees sy Jesaja 43: 18 en 19 wat vir haar besondere betekenis het: "Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen..." Die nuwe dinge wat die Here vir haar doen, is omvattend.

Rika se kinders en kleinkinders beteken vir haar baie. Hulle laat haar goed oor haarself voel, laat haar die onaangename dinge in die verlede vergeet en aanvaar haar net soos wat sy is. Haar vriendinne en kollegas is ook vir haar 'n ondersteuningsnetwerk.

Rika is bevry van die idee dat sy iets verkeerd gedoen het, of 'n slegte vrou vir haar man was. Sy besef nou dat "sulke dinge" in ons samelewing gebeur sonder dat 'n individu se optrede noodwendig die oorsaak daarvan is. Die insig het gehelp om haar selfbeeld te herstel.

Hopeloosheid het uit Rika se lewe verdwyn. Sy was bang dat sy nie alleen sou kon oorleef nie, maar het intussen agtergekom sy kan. Sy voel sy is in 'n sekere opsig beter daaraan toe as weduwees: daar was nie kameraadskap tussen haar en haar man wat sy mis nie.

Eintlik is sy beter daaraan toe as wat sy in selfs die gelukkiger dae van haar huwelik was. Indien sy by haar man gebly het, sou sy op die kleinhoewe vereensaam het en nie soveel kontak met haar kleinkinders gehad het nie. Sy geniet die vryheid wat sy het: sy gaan fliek alleen, gaan doen alleen (impulsief) inkopies, gaan eet alleen uit. Dit is vir haar "verskriklik lekker". Sy "operate" opsigself. Sy is nie afhanklik van ander mense om die lewe te geniet nie. Sy het die "gawe" ontvang...

# HOOFSTUK 16

# NABETRAGTING EN VOORUITSKOUING

In die finale hoofstuk reflekteer ek oor die drie aspekte van die studie: persoonlike refleksie, die navorsingsmetodiek en dit wat nagevors is: rekonstruksie van lewe na egskeiding (vergelyk Reinharz 1992:194). Die refleksie geskied aan die hand van 'n gesprek wat ek na afloop van die navorsing met die deelnemers gehad het waartydens ons oor bogenoemde drie aspekte saam gereflekteer het aan die hand van die doelwit wat ek in Hoofstuk Een van hierdie studie gestel het:

**Hoe, vanuit 'n narratiewe terapeutiese benadering, met die gebruik van deelnemende aksienavorsing saam met 'n groep geskeide vroue, groepswerk gedoen kan word wat bydra om vroue na egskeiding te help om hulle lewens te rekonstrueer.**

In die lig van die gesprek en doelwitte wat vir die navorsing en terapie gestel is, reflekteer ek oor die proses aan die hand van:

- die epistemologiese fokus van die studie
- die navorsingsmetodologie wat gebruik is
- die feministiese diskoers waarbinne die terapie plaasgevind het
- die uitdaging aan pastoraat: om dominante diskoerse te dekonstrueer
- moontlike maniere om dominante diskoerse te dekonstrueer.

In die laaste deel van hierdie hoofstuk reflekteer ek oor die invloed wat die studie op my gehad het.

## I DIE EPISTEMOLOGIESE VERTREKPUNT VAN DIE STUDIE

In Hoofstuk Twee het ek gekies om die studie te posisioneer binne 'n teologies-kontekstuele diskoers, in Hoofstuk Drie het ek gemotiveer waarom ek gekies het om vanuit 'n postmoderne, sosiale-konstruksieteorie diskoers die studie te benader en in Hoofstuk Vier het ek gemotiveer waarom ek gekies het om deelnemende aksienavorsing te gebruik.

Die motivering vir hierdie keuses was grootliks daarop gebaseer dat die teologies-kontekstuele diskoerse ruimte skep vir deelnemende etiek, teenoor 'n moderne diskoers wat voorskriftelike etiek

tot gevolg het. Dié posisonering het my in staat gestel om na die stemme te luister van die persone wat dikwels deur 'n modernistiese epistemologie gemarginaliseer is. Soos Rossouw (1993:902) dit stel:

> A further dimension of postmodern culture is the emphasis on the fact that expert opinion is not the only factor to be taken into consideration when making decisions. It became increasingly obvious that the most rational, scientific, efficient, and frugal decisions often have unforeseen and unintended negative consequences that cause hardship, alienation and suffering for individuals or certain groups in society… This postmodern emphasis becomes especially clear in the concern for those who have been marginalized in the modern culture – those who were socially rejected by modern society…

'n Verdere voordeel van 'n postmoderne, sosiale-konstruksieteorie - epistemologie lê vir my daarin dat dit geleentheid bied om gevestigde, dominante diskoerse te bevraagteken en te dekonstrueer (vergelyk Hoofstuk Drie). In hierdie studie is dominante diskoerse oor vroue en egskeiding gedekonstrueer: die kerklike diskoers wat uitsprake lewer dat egskeiding altyd sonde is (vergelyk Hoofstuk Nege), die diskoers dat egskeiding net 'n interpersoonlike probleem is (vergelyk Hoofstuk Ses), en die diskoers oor vroue en woede (vergelyk Hoofstuk Elf).

'n Postmoderne, sosiale-konstruksieteorie diskoers het ook geleentheid gebied vir die ontginning van alternatiewe, maar gemarginaliseerde, diskoerse. So is alternatiewe diskoerse oor die huwelik, oor egskeiding as die wil van God, oor vroue en die Bybel, asook alternatiewe diskoerse oor sonde saam met die deelnemers ontgin. Oor die "nut" van dekonstruksie sê White (1991:27):

> … through the objectification of a familiar world we might become more aware of the extent to which certain 'modes of life and thought' shape our existence and that we might be in a position to choose to live by other 'modes of life and thought'.

Die deelnemers aan die studie het die dominante diskoerse wat hulle huwelike en egskeidings beïnvloed het gedekonstrueer. Die proses van dekonstruksie, asook die vraag na mag/kennis het die moontlikhede geopen vir die soek en die vind van versteekte en gemarginaliseerde diskoerse (vergelyk Derrida en Foucault se standpunte hieroor soos in Hoofstuk Drie bespreek). 'n Voordeel hiervan was dat die deelnemers nou 'n keuse uit 'n verskeidenheid diskoerse het waaruit hulle kan kies om hulle lewens in te rig. Ek hoop dat die studie vir ander vroue in soortgelyke omstandighede ook die moontlikheid van keuses sal skep.

Die proses van ontginning van 'n nuwe diskoers, kan ook in terme van wat in Hootstuk Agt "rekonstruksie" genoem is, beskryf word. Rekonstruksie beskryf wat gebeur wanneer nuwe taal geskep word om realiteite wat vir die groep bestaan te beskryf. In hierdie studie het ek en die deelnemers ook probeer om diskoerse te rekonstrueer met behulp van "nuwe" taal. So het ek verwys na egskeiding as "weerstand teen patriargie" (vergelyk Hoofstuk Ses), die "gawe van egskeiding" om aan te dui dat egskeiding nie net negatief is nie (vergelyk Hoofstuk Agt), egskeiding as 'n geleentheid om 'n nuwe voorkeuridentiteit te ontwikkel (vergelyk Hoofstuk Vyftien). Geskeide vroue is deurgaans positief beskryf as sterk vroue wat uitdagings die hoof bied en nuwe vaardighede aanleer. Deur hierdie taal te gebruik wou ek 'n diskoers rondom geskeide vroue vestig wat anders is as die dominante diskoers, wat egskeiding en geskeide vroue negatief beskryf.

Die epistemologiese fokus van die studie het bepaalde gevolge gehad vir die navorsingsmetodologie wat ek gebruik het. In die volgende afdeling reflekteer ek oor die navorsingsmetodologie wat ek gebruik het.

## 2 REFLEKTERING OOR DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE

In Hoofstuk Vier het ek die navorsingsmetodologie wat gevolg is, uiteengesit. Die metodologie het deelnemende aksienavorsing met behulp van groepswerk, die skryf van briewe en die raadpleeg van relevante literatuur behels. Die navorsingsmetodologie het ook etiese implikasies. In hierdie deel reflekteer ek kortliks oor elk van die aspekte van die studie.

### 2.1 DEELNEMENDE AKSIENAVORSING

In Hooftuk Vier is die aard van deelnemende aksienavorsing breedvoerig bespreek. Hier sluit ek graag aan by Janesick (1994:209) se beklemtoning dat kwalitatiewe navorsing op individue fokus:

> Of course, qualitative researchers design a study with real individuals in mind, and with the intent of living in that social setting to understand the meaning of participants' lives in the participants' own terms. I mention this to contrast it to the quantitative paradigm, which is perfectly comfortable with aggregating large numbers of people without communicating with them face to face.

Hierdie aspek van kwalitatiewe navorsing is ook in deelnemende aksienavorsing teenwoordig. In aansluiting by Janesick (1994:209) lê die voordeel van deelnemende aksienavorsing vir my in die

persoonlike aard daarvan. Die lewens van die deelnemers word reeds tydens die navorsingsproses beïnvloed. Ander navorsingsmetodes, soos kwantitatiewe navorsing, verkry inligting van deelnemers maar bly dikwels in gebreke om reeds tydens die navorsingsproses mense se lewens te beïnvloed.

Hierdie beïnvloeding is wedersyds. Die navorser se lewe word ook deur die deelnemers beïnvloed. Heshusius (1994:206) noem dat die grens tussen die "self" en die "ander" vervaag tydens deelnemende aksienavorsing. Daar moet volgens Heshusius 'n begeerte wees om die grense tussen self en ander te laat vaar om sodoende 'n groter mate van "participatory conciousness" te bewerkstellig. Hierdie deelnemende bewussyn is "the awareness of a deeper level of kinship between the knower and the known". Dit is dié deelnemende bewussyn van die navorser wat deelnemende aksienavorsing onderskei van ander navorsingsbenaderings (Heshusius 1994:207).

Wanneer die grense tussen die self en ander vervaag en 'n deelnemende bewussyn teenwoordig is, skep dit die geleentheid vir 'n navorser om by die pyn van die deelnemers betrokke te raak. Dit het ook tydens die navorsingsproses gebeur. Die deelnemers se hartseer het my hartseer geword en hulle pyn het my pyn geword.

Na my mening is dit vir 'n terapeut 'n beroepsrisiko om voortdurend aan ander se pyn blootgestel te word. Daarom dink ek is dit belangrik dat 'n terapeut maatreëls tref om die emosionele pyn wat saam met deelnemende aksienavorsing kan gaan, te kan hanteer. Ek dink my gelukkige huwelik, my vrou se begripvolle ondersteuning van die navorsing en die supervisie wat ek ontvang het tydens die navorsing, het my in staat gestel het om die intense pyn van die deelnemers saam met hulle te kan beleef sonder om totaal deur die pyn oorweldig te word.

Die "nadeel" van emosionele betrokkenheid het ook 'n heerlike teenpool: die deelnemers se vreugde is ook die navorser se vreugde, hulle groei is die navorser se trots. Vir my was dit 'n onbeskryflike ervaring om te sien hoe die deelnemers groei van onseker, emosioneel gebroke vroue tot selfstandige en selffunksionerende vroue wat weer die lewe kon geniet. Die ervaring het vir my deelnemende aksienavorsing sinvol gemaak.

Heshusius (1994:209) merk op dat deelnemende aksienavorsing die vraag wat navorsing wil beantwoord, verander. Die vraag wat deur deelnemende aksienavorsing beantwoord word is nie of die resultaat van die navorsing "korrek" is nie, maar dit is 'n morele vraag wat soek na 'n antwoord: wat se soort mens wil ek wees en word?, watter soort samelewing het ons en bring ons tot stand?

Volgens Heshusius (1994:210) lei deelnemende aksienavorsing 'n nuwe tydperk in:

> ... we are at the end of a history of describing ourselves and our work in methodological terms and at the beginning of describing ourselves and our work in ethical (and therefore participatory) terms.

Dit beteken dat ons die patriargale samelewing, die onreg wat deur patriargie veroorsaak word, die vernedering en marginalisering van vroue deur navorsers, direk in die oë moet kyk met die doel om dit te verander. Deur onder andere van deelnemende aksienavorsing gebruik te maak, hoop ek dat die studie 'n bydrae lewer om 'n alternatiewe samelewing tot stand te bring waar alle mense ewe belangrik geag word.

## 2.2 DIE SKRYF VAN BRIEWE

Die deelnemers was deurgaans baie positief oor die briewe. Ek het die briewe persoonlik by hulle huise afgelewer en hulle het met verloop van tyd na dit begin verwys as "love letters". Hoewel die opmerking tong in die kies gemaak is, beskou ek dit vandag as 'n beskrywing van wat die briewe vir hulle beteken het.

Die briewe was tydens die terapie 'n nuttige hulpmiddel om die dominante probleemgesentreerde verhaal te dekonstrueer en die nuwe voorkeurverhaal van die deelnemers te vestig. Die briewe het ook die geleentheid geskep om dominante diskoerse te dekonstrueer. Dat hierdie terapeutiese proses op skrif gestel word deur middel van briewe het volgens White en Epston (1990) bepaalde voordele. Briewe gee erkenning aan deelnemers se ervarings, stel hulle ook in staat om veranderinge wat oor 'n tydperk plaasvind, aanmekaar te koppel. Verder nooi dit deelnemers om te reflekteer oor die alternatiewe verhaal wat besig is om te ontvou. So skep briewe 'n nuwe verwysingsraamwerk vir deelnemers:

> The historization of unique outcomes often enables persons to locate and embrace their own unique story of struggle, and to identify alternatives to those "unitary" knowledges through which their lives and relationships have been constituted. The identification of these alternative knowledge helps persons to defy those specifications of the unitary knowledges and to form lives and relationships according to knowledges that are more encapsulating of vital aspects of their lived experience (White & Epston 1990:197).

Ek het reeds in Hoofstuk Vier verwys na die moontlike gevare wat briewe vir narratiewe terapie het. Elke gesprek is so ryk en omvangryk dat dit in die bestek van 'n brief onmoontlik is om oor die hele gesprek te gereflekteer. Die skrywer van die brief is in 'n magsposisie wanneer gekies word waaroor gereflekteer word. Ek het die volgende riglyne, eie aan die aard van narratiewe terapie, gekies toe ek die briewe geskryf het:

- die eksternalisering van die probleem
- die dekonstruksie van dominante diskoerse
- die aanspreek van onreg
- die ontwikkeling van die alternatiewe probleemvrye verhaal
- die weergee van die stemme van die deelnemers

Verder is tydens die begin van elke gesprek met die deelnemers gekontroleer of hulle saamstem met die inhoud van die brief, of dit 'n redelike betroubare weergawe was van wat hulle gesê en bedoel het.

Die briewe het ook 'n belangrike rol gespeel in die skep van 'n verwysingsraamwerk vir my en die deelnemers. Terwyl daar geen agenda vir die gesprekke was nie, kon die situasie ontwikkel waar sekere aspekte oorbeklemtoon word en ander nie aandag kry nie. Die briewe het gebalanseerdheid bevorder. Die briewe het ook verhoed dat daar vasgeval word in die probleemgesentreerde verhaal en het bakens geword waarteen vordering gemeet kon word. Uit die reaksies van deelnemers lyk dit of die briewe dié doelwitte bereik het. Toe die terapie einde se kant toe begin staan, het ek vir hulle gevra wat die briewe vir hulle beteken het. Die deelnemers het vertel:

> Lynette (het) gesê die briewe het haar perspektief gegee 'dat jy die vasval in die 'modder' - gevoel van kon ontslae raak', en dit het gehelp dat jy 'alles raaksien". Vir Carna het dit 'n totaal ander perspektief gegee. Rika en Mari kon die briewe nie vir hulleself hou nie en het dit vir die ouens by die werk gegee om te lees (384).

Die briewe is in die eerste instansie geskryf vir die terapeutiese waarde wat die briewe vir die deelnemers gehad het, maar die briewe het later die bron geword waaruit die temas vir die studie ontwikkel is. Clandinin en Connely (1994:422) beskryf briewe as "field texts" wat waardevolle navorsingsbronne is. Dit was dan inderdaad ook tydens die studie die geval. By die deurlees van

die briewe het sekere temas uitgekristalliseer wat die basis van elke hoofstuk van die studie geword het.

## 2.3 GROEPSWERK

Die groepswerk het vir my nuwe terapeutiese uitdagings gestel. Die deelnemers is van mening dat met die groepswerk baie meer in 'n korter tyd bereik is as wat die geval sou wees met individuele terapie. Hulle vergelyk hulleself met vriendinne wat dieselfde tyd as hulle geskei het en is van mening dat hulle verder gevorder het om hulle lewens na egskeiding te rekonstrueer.

Tydens die terapie het ek die deelnemers gevra watter bydrae die groep gelewer het tot hulle groei. Hulle reaksie was dat:

die groep ongelooflik baie bygedra het daartoe (61 en 62).

Oor die feit dat ons in 'n groep gewerk het, het julle gesê:

- Lynette: dit het julle gehelp om die twyfel oor of jy die regte keuse gemaak het, te oorkom en om die dinge wat jy ervaar in perspektief te sien: "jy is nie 'stupid' nie en tree nie abnormaal op nie, die egskeiding is nie die einde nie, daar is 'n pad vorentoe".
- Rika: die groep het gehelp om die verwerping wat sy ervaar het nie meer so persoonlik op te neem nie. In die groep was daar mense wat haar kon ondersteun: hulle verstaan hoe sy voel omdat hulle presies geweet het waardeur sy gaan. Die groep het haar laat ontdek dat al die fout nie net by haar lê nie.
- Carna: van die eerste aand af was almal eerlik met mekaar, almal het 'oopgemaak en niemand het iets weggesteek nie, hier was ruimte vir vrymoedigheid, niemand hoef 'n 'pose' te hou nie; as jy by die deur instap kon almal presies weet wat in jou kop aangaan... dit was so 'lekker'. Die feit dat almal dieselfde gevoel het, was vir haar 'n bevestiging dat sy nie alleen staan nie.
- Mari: ons het 'n plek gehad waar ons vir mekaar kon bevestig dat ons eintlik 'OK' is. Ons kon ons suksesse saam vier; al was dit vir ander klein goedjies, is hier waardering uitgespreek.
- Magda: die proses wat ons gevolg het, het baie beteken omdat ons saam van vooraf die pad gestap het, ons vordering goed dopgehou het, en ons geleer het om selfstandig te dink: ons het mekaar 'nie in terme van psigiatriese en sielkundige konsepte in 'n kassie

geplaas, die kassie toe gestoot en jou naam daarop geskryf nie'. Ons kon sê 'dit is ek, dit uitspoeg en ons kon van ons pyn, aggressie, ontnugtering ontslae raak' (382).

Ek het die deelnemers gevra hoe dink hulle kan toekomstige groepe ingerig word: rondom die behoeftes van die deelnemers, of rondom 'n agenda wat bepaal word deur die temas wat uit die studie voortgevloei het? Hulle was van mening dat deelnemers aan die gespreksgroep se behoeftes die agenda moet bepaal. Hulle meen wel dat die groepleier die deelnemers se aandag kan vestig op aspekte van herstel wat nog nie aandag gekry het nie, maar dit dan daar moet laat indien die groep nie behoefte daaraan het om dit te bespreek nie. Volgens die deelnemers kan dit ook wees dat in 'n nuwe groep ander aspekte van herstel na vore kan kom wat nie deur hulle aangespreek is nie. Daarom is dit volgens hulle belangrik dat daar deurgaans 'n oop agenda tydens die terapie is. 'n Belangrike vraag in verband met groepswerk is wanneer, en of, die groep moet ontbind

## 2.4 DIE ONTBINDING VAN DIE GROEP?

Oor wanneer die groep moet ontbind was die deelnemers vasberade en vasbeslote: **nooit!** Op die oomblik vergader die groep een maal per kwartaal. Dan word informeel gekuier en na mekaar se verhale geluister.

De Jongh van Arkel (1987:3) onderskei tussen drie basiese vorms van pastoraat: onderlinge sorg, pastorale sorg en pastorale beraad. Volgens De Jongh van Arkel is onderlinge sorg die spontane, sorgende handeling van gelowige tot gelowige. By pasorale sorg is daar sprake van keuring en opleiding van gemeentelede wat fokus op die nood van ander. Pastorale beraad lê op die tersiêre vlak van die pastoraat en beweeg saam met ander beroepe in die veld van hulpverlening.

In terme van De Jongh van Arkel se onderskeiding het die groep ontwikkel van 'n terapeutiese groep waar daar sprake was van pastorale beraad tot 'n omgeegroep waar daar sprake is van onderlinge sorg waar hulle na mekaar se behoeftes omsien. Dit lyk of die ontwikkeling vir die deelnemers iets beteken het.

## 2.5 LITERATUURSTUDIE

Hoewel ek die studie begin het sonder dat ek iets geweet het van ekskeidingsherstel, het ek met verloop van tyd beskikbare en toeganklike literatuur geraadpleeg. Ek was telkens verbaas oor die mate waarin die deelnemers se ervarings aanklank vind by navorsing wat elders in die wêreld

gedoen is oor egskeidingsherstel. Navorsing uit die VSA, Kanada, Nieu Seeland en die Verenigde Koninkryk het telkens resoneer met die verhale deelnemers.

Die literatuurstudie het my onder die indruk gebring van hoe belangrik dit is dat navorsing nie op 'n eiland gedoen kan word nie. Wanneer daar geluister word en in gesprek getree word met ander navorsers is dit 'n verryking vir eie navorsing en word dit 'n noodsaaklike etiese kontrolemaatreël.

Die literatuur het ook my oë oopgemaak vir die invloed van dominante diskoerse. Vir elke artikel wat egskeiding vanuit 'n feministiese diskoers benader het, was daar talle wat egskeiding as 'n interpersoonlike krisis beskryf het. So was dit ook die geval met die kerklike diskoers oor egskeiding. Ek het stapels artikels wat egskeiding as sonde veroordeel, versamel. Die artikels wat die alternatiewe Bybelse egskeidingsdiskoers verteenwoordig, was skaars.

Ek vermoed dat dit altyd so sal wees: skrywers wat die dominante diskoers onderskryf sal waarskynlik altyd meer wees as dié wat 'n alternatiewe diskoers rekonstrueer. Die belangrikheid daarvan om wyd te lees en om die omvang van die dominante diskoers te begryp en ook die alternatiewe diskoers te ontgin, word hierdeur geïllustreer.

Soos reeds in Hoofstuk Vier genoem, het navorsing altyd 'n etiese dimensie. Aan die einde van die studie reflekteer ek vervolgens oor die manier hoe ek myself eties verantwoord het.

## 3 ETIESE VERANTWOORDING

In hierdie afdeling word drie aspekte van my etiese verantwoording bespreek:

- etiese verantwoording teenoor ander belanghebbende partye
- etiese verantwoording ten opsigte van my manlikheid met navorsing saam met vroue binne 'n feministiese diskoers
- etiese verantwoording ten opsigte van my betrokkenheid by die ontwikkeling van 'n nuwe identiteit by die deelnemers.

## 3.1 ETIESE VERANTWOORDING TEENOOR ANDER BELANGHEBBENDE PARTYE

Tydens die navorsing het ek myself op vier maniere teenoor derde partye eties verantwoordelik gestel:

Eerstens was ek verantwoordelik teenoor my vrou wat, met die medewete en goedkeuring van die groepslede, deurgaans kennis gedra het van die navorsing, op hoogte gehou is van die vordering en met tye deelgeneem het aan die gespreksgroep.

Tweedens was ek verantwoordelik teenoor my promotor wat ook as my supervisor opgetree het.

Derdens het die feit dat die terapie binne groepsverband gedoen is, daartoe aanleiding gegee dat die groep deurgaans "toesig" gehou het dat die proses eties bo alle verdenking staan.

Vierdens het Elmarie Kotzé in die teenwoordigheid van die groep met my 'n onderhoud oor my gesin van oorsprong en my motiewe vir die doen van die navorsing gevoer. Volgens literatuur is seksualiteit 'n belangrike diskoers vir geskeide vroue. Omdat ek ongemaklik was om dié aspek van rekonstruksie met die deelnemers te bespreek, het ek vir Elmarie gevra om leiding te neem tydens 'n groepsgesprek wat spesiaal vir die doel gereël is.

Dit is krities belangrik dat terapeute wat saam met vroue werk maniere vind en strukture skep om hulle eties te verantwoord. Gereeld is daar berigte in die pers (ook in die onlangse verlede) van predikante wat hulle magsposisies misbruik het en vroue uitgebuit het. Indien in ag geneem word dat geskeide vroue baie kwesbaar is, is dit ook belangrik dat 'n etiese gedragskode vir predikante opgestel word wat deur elke predikant onderskryf behoort te word (Vergelyk Hoofstuk Vyf oor die leemte in dié verband). 'n Duidelike gedragskode kan deelnemers aan terapie teen uitbuiting beskerm, en grense vasstel wat nie oorskry behoort te word nie.

## 3.2 ETIESE VERANTWOORDING VAN MY MANLIKHEID TEN OPSIGTE VAN NAVORSING MET VROUE BINNE 'N FEMINISTIESE DISKOERS

Nog 'n aspek van die studie wat om etiese verantwoording vra was my betrokkenheid as manlike terapeut by 'n groep vroue. Lund (1990:64) meen daar is baie maniere hoe 'n terapeut, veral 'n manlike terapeut, dit kan vermy om die sake rakende geslagsongelykheid aan te spreek. Dit is juis dié sake wat kan lei tot tweede orde veranderinge by vroue wat nie deur 'n manlike terapeut

aangespreek word nie (Vergelyk die bespreking in Hoofstuk Agt oor eerste en tweede orde veranderinge).

In die lig van bogenoemde sake wat die rol van die terapeut raak, het ek tydens die terapie sterk en duidelike taal ingesluit, byvoorbeeld dreigende, intimiderende en "abusive" gedrag is duidelik so beskryf. Ek was van mening dat terapeute wat neutrale en objektiewe houding teenoor sulke gedrag inneem, bydra tot die onderdrukking en magteloosheid van 'n vroulike deelnemer aan terapie.

Die groot faktor wat deelnemers aan terapie teen uitbuiting beskerm is na my mening nie die geslag van die terapeut nie, maar die etiese vertrekpunte van die terapeut en die gewilligheid van die terapeut om dominante diskoerse te dekonstrueer. Om dié dominante diskoerse te dekonstrueer het ek die studie geposisioneer binne 'n feministiese diskoers.

## 3.3 ETIESE VERANTWOORDING MET BETREKKING TOT MY BETROKKENHEID BY DIE ONTWIKKELING VAN 'N NUWE IDENTITEIT VAN DIE DEELNEMERS

Die deelnemers aan die studie het tydens die verloop van die studie 'n nuwe identiteit ontwikkel (vergelyk Hoofstuk Vyftien). Die ontwikkeling van 'n nuwe identiteit by die deelnemers het vir my 'n etiese vraagstuk geword: in watter mate kan deelnemers aangemoedig word om hulleself te versorg en na hulle eie belange om te sien terwyl die gevaar bestaan dat hulle selfsugtig-individualisties kan raak.

Hogan (1996:56) onderskei tussen twee vertrekpunte van feministiese etiek: die vertrekpunt van selfstandigheid/geregtigheid en die vertrekpunt van omgee. Die twee etiese benaderings is volgens Hogan 'n onopgeloste dispuut in feministiese kringe.

Ek is egter van mening dat Hogan 'n belangrike saak nie aanraak nie. Dit is dat wanneer omgee nie wederkerig is nie kan dit aanleiding gee dat die persoon wat eensydig omgee oorvra word. Indien dit net vroue is van wie verwag word om om te gee, stel dit vroue bloot aan oorvraging en bevestig dit die dominante diskoers dat vroue alleen verantwoordelik is vir versorging. Wanneer daar sprake was van eensydige omgee het ek met vrymoedigheid saam met die deelnemers die alternatiewe diskoers van geregtigheid en selfstandigheid ontgin.

Die studie is ook gedoen vanuit 'n feministiese diskoers. In die volgende deel reflekteer ek oor dié diskoers waarbinne die studie geposisioneer is.

## 4 REFLEKTERING OOR DIE FEMINISTIESE DISKOERS WAARBINNE DIE STUDIE PLAASGEVIND HET

Reg aan die begin van die navorsingsproses (en studie) het ek die deelnemers gevra:

> Ek sou graag wil hê dat julle my moet help om na die dinge in die samelewing te kyk deur vroue se oë.(33).

In hierdie studie het vroue gepraat. Die deelnemers was vroue, die literatuur wat ek geraadpleeg het was grootliks feministiese skrywers wat aan die woord was. Ek vertrou dat ek hulle stemme duidelik laat praat het. Die vrouestemme stel groot uitdagings aan 'n patriargale samelewing en kerk. Bons-Storm (1996:139,140) sê:

> If pastoral care and counseling pretend to help women to live their lives in a liberated and gracious way, the silencing of women by privileged men has to be taken into account. The changing of systems of privilege will cost men a lot of frustration, status, and wordly goods. There is work to be done by pastors and counsellors: work that requires a great amount to see what was invisible, and to hear what cannot be said... The first thing a woman needs is to be believed. This is often very difficult, because a pastor or counsellor hears very strange and disturbing stories... The second thing she needs is an ally to explore her situation and her self-narrative together with her, trying to find out where her strengths and weaknesses lie.

Die deelnemers se verhale is vertel, hulle het vertel van die negatiewe effek wat die dominante diskoerse op hulle lewens gehad het, saam met hulle is die alternatiewe diskoerse ontgin. In dié proses het hulle nuwe verhale ontwikkel, verhale van hoop (vergelyk Hoofstuk Vyftien).

Een van die belangrike aspekte van egskeiding wat deur die deelnemers se verhale aan die lig gekom het is dat egskeiding nie net 'n interpersoonlike krisis is nie, maar weerstand teen patriargie is. Haffey en Cohen (1992), Lund (1990) en Rice (1994) beklemtoon ook dat in 'n patriargale samelewing wat die klem lê op die vrou as versorger, haar identiteit wat in verhouding met mans vind, haar mindere status en mag, die minder toegang tot hulpbronne, haar kwesbaar in die huwelik en na egskeiding laat.

In Hoofstuk Agt is verwys na die dominante diskoers oor egskeidingsherstel waar die fases van rousmart op egskeiding van toepassing gemaak word. Die dominante diskoers oor egskeiding as verlies lei die aandag af van egskeiding as weerstand teen patriargie. Terselfdertyd dikteer die dominante diskoers hoe die herstel "moet" plaasvind: volgens die manier wat "kenners" voorskryf.

Die manier van herstel beklemtoon dat egskeiding 'n emosionele krisis is, daar fases is waardeur die proses verloop en uiteindelik tot aanvaarding gekom word. Teenoor dié dominante diskoers van herstel het die deelnemers aan die studie 'n verhaal van herstel vertel waar die dekonstruksie van dominante diskoerse na egskeiding die deur na nuwe lewe vir hulle geopen het.

Die dominante diskoers beklemtoon die verlies en hartseer en ontneem vroue die woede (vergelyk Hoofstuk Elf) wat belangrik is om hulle energie te gee om hulle nuwe lewens na egskeiding te rekonstrueer. Wanneer die dominante patriargale diskoers binne die egskeidingsparadigma verdiskonteer word, skep dit geleentheid vir vroue om nie net aan egskeiding te dink as "verlies" nie, maar om die "gawe van egskeiding" te ontvang (vergelyk Hoofstuk Agt) en vry van beheer en onderdrukking 'n nuwe identiteit te vestig (vergelyk Hoofstuk 14).

Die dekonstruksie van die dominante patriargale diskoerse tydens egskeidingsterapie het belangrike gevolge vir die beskouing oor pastoraat.

## 5 DIE UITDAGING VAN DIE PASTORAAT: OM DOMINANTE DISKOERSE TE DEKONSTRUEER

Bons-Storm (1996:140) lê daarop klem dat die verhale wat vroue vertel gevolge vir ideologie en politiek het:

> Women's stories are very often not exclusively personal, and cannot be treated as such. There is always a strong ideological and political basis to women's problems.

Volgens Graham (1996:57) was een van die gevolge van 'n modernistiese epistemologie dat:

> ... pastoral care became privatized under modernity, both in the over-individualistic emphasis of humanistic psychotherapies and in the bracketing of religious and theological values out of secular care... this also raises the question of responsibility of Christian care for the wider world; is pastoral ministry merely about building up the faithful, or is there, as many contemporary writers suggest, also a wider agenda of social justice?

Na aanleiding van die studie is die antwoord wat ek op Graham se vraag het positief: pastorale sorg het 'n groter taak as net individuele sorg. Die taak van die pastoraat is ook om dominante diskoerse wat vroue onderdruk en marginaliseer te dekonstrueer.

Tydens hierdie studie het ek onder die indruk gekom dat die oorsake van egskeiding, probleme tydens egskeiding, en vroue se moeisame herstel na egskeiding, grootliks gevorm word deur dominante patriargale diskoerse:

- patriargale huwelike gee aanleiding tot egskeiding (vergelyk Hoofstuk Ses)
- patriargie ontneem vroue die geleentheid om selfstandigheid te bereik met betrekking tot praktiese aangeleenthede (vergelyk Hooftuk Tien)
- patriargie beheer vroulike emosies (vergelyk Hoofstuk Elf)
- 'n patriargale diskoers in die Bybel bemoeilik spirituele rekonstruksie vir vroue (vergelyk Hoofstuk Dertien)

Terwyl egskeiding net "aangespreek" word as 'n interpersoonlike "probleem" sal die probleem nie verdwyn nie. Die probleem is nie egskeiding nie. Die probleem is patriargie. Newman en Grauerholz (2002:452) wys daarop dat dit die minderheid mense is wat net skei omdat hulle persoonlike behoeftes nie in die huwelik bevredig word nie. Die aanname dat vroue uit bevredigende, maar nie volmaakte huwelike, uitloop is vir die skrywers 'n probleem. Eers as predikante en kerklike vergaderings die uitdaging aanvaar om dominante patriargale diskoerse te dekonstrueer word die werklike probleem aangespreek.

In dié verband sê Braverman (1988:6):

> ... marriage is not just an interactional scene, but a political institution reflective of a patriarchical culture in which it is immersed... Women enter the family arena with less access tot economic resources and advancement, with less visibility and power in policy making positions in both public and private spheres.

Die dominante diskoerse wat geskeide persone marginaliseer word steeds uit kerklike geledere bevestig. Hier is twee onlangse voorbeelde wat pas tydens die afronding van die studie verskyn het:

Die eerste voorbeeld is dié van Van Wyk (2002:324). Hy het in *Woordwyser – eksegetiese en liturgiese riglyne,* 'n publikasie van die Oos-Transvaalse Sinode van die NGK, 'n formulier vir tweede huwelike gepubliseer. Dié formulier begin met 'n "Verklaring van Skuld":

> ... God se wil met die huwelik is 'n blywende verbintenis tot sy eer. In die gebroke werklikheid moet die gemeente rekening hou met die sonde wat die huwelik aantas.

> Alhoewel 'n mens nooit 'n reg het om te skei nie, gebeur dit tog dat die huwelik verbreek word.
>
> Die verbreking van die huwelik is volledig die verantwoordelikheid van die sondaar. Omdat julle huwelik in die skadu staan van ('n) reeds verbrokkelde huwelik(e), is dit vir God en die gemeente belangrik om te weet wat die gesindheid van julle hart is. Indien julle met sonde in julle lewe erns maak en vashou aan die verlossingswaarheid van die Skrif, word julle nou opgeroep om saam met die gemeente julle gesamentlike skuld voor God te bely.

Die voornemende egpaar moet dan hulle sonde bely en vergifnis aanvaar voordat hulle in die huwelik bevestig word.

Hier is veralgemenings (alle egskeidings is teen God se wil) wat gemaak word vanuit 'n posisie van mag en van "weet" wat die Bybel sê en wat God se wil is. Sonde word ook hier gebruik om mense wat nie aan die konvensionele standaarde voldoen nie te marginaliseer. Dié dogmaties-konvensionele etiese diskoers marginaliseer weereens geskeide mense.

Die tweede voorbeeld is dié van Ludik en Van der Merwe (2001:108). Hulle het in 'n alternatiewe formulierboek wat deur die Oos-Kaap van die NGK se sinode uitgegee is, 'n nuwe huweliksformulier gepubliseer. Die wins van die formulier is dat die klem val op die kameraadskapshuwelik:

> God gee mense aan mekaar... Ontvang dan nou mekaar met vreugde as gawes van God... Hy seën julle met mekaar se gawes, kameraadskap, ondersteuning en liefde.

Ten spyte van die mooi begin het die formulier 'n duidelik patriargale klem wanneer die bruidegom en bruid om hulle onderskeie vrae moet antwoord. Die bruidegom moet belowe dat hy die bruid "in liefde sal lei en beskerm", terwyl die bruid moet belowe dat sy die bruidegom "in liefde sal eerbiedig en help". Blykbaar het 'n bruidegom nie die verantwoordelikheid om die bruid te "eerbiedig en help" nie en behoort 'n bruid die "leiding" van die bruidegom te aanvaar. Die bruid is ook aangewese op die bruidegom vir beskerming. Die formulier bevestig weereens die dominante patriargale diskoers.

Dogmatiese/konvensionele etiek word dus nog steeds gebruik om patriargie op verskillende maniere in die kerk in stand te hou. Alvorens die dominante patriargale diskoerse waarbinne die huwelik plaasvind, gedekonstrueer word, word die "egskeidingsprobleem" nie eties aangespreek

nie. Vervolgens word gekyk na maniere hoe die dominante patriargale diskoerse in die kerk gedekonstrueer kan word.

# 6 MOONTLIKE MANIERE HOE OM DOMINANTE PATRIARGALE DISKOERSE TE DEKONSTRUEER

## 6.1 DIE HERSIENING VAN DIE NG KERK SE AMPTELIKE STANDPUNT OOR EGSKEIDING

In Hoofstuk Nege is breedvoerig aandag gegee aan die NGK se standpunt teenoor egskeiding. Die negatiewe effek wat die diskoers op die deelnemers gehad het, is bespreek. Ek vermoed dat die huidige dominante kerklike diskoers oor egskeiding een van die grootste struikelblokke is wat verhoed dat 'n doelgerigte egskeidingsherstelbediening in gemeentes gevestig word en dat dit veroorsaak dat geskeide mense gemarginaliseer word. Die huidige diskoers ontken die dominante diskoerse wat aanleiding gee tot egskeiding, deur egskeiding bloot as "sonde" te beskou. Die beskouing oorvereenvoudig die "oplossing" van die "egskeidingsprobleem": sondaars moet tot bekering kom. So word sonde 'n instrument in die hande van patriargie om mense te beheer.

Volgens Rice (1994:578) behoort duidelike rekenskap gegee te word van watter faktore onderliggend is aan standpunte wat oor huwelik, gesin en egskeiding geformuleer word. Veral behoort dominante diskoers in ag geneem te word. Dan kan dit gebeur dat die kleed van objektiwiteit afgegooi word sal gesien word wat is:

> ... the impact of our role in social policy formation of disenfranchised groups including single parents, divorced families, lesbian parents, and stepchildren... Such an approach recognizes the unity, vitality and reality of family life that is different from what we once conceived.

Indien Rice (1994:578) se appèl ernstig opgeneem word, word diskoerse, interpretasie, kultuur en praktyk die vertrekpunte van hoe egskeiding benader word. Die kerk kan dan bewus word van watter mate die standpunte oor egskeiding net 'n bevestiging is van dominante diskoerse wat sosiale goedkeuring wegdra en sal 'n ander besluit oor egskeiding waarskynlik geformuleer kan word.

In die lig van die hoogs persoonlike aard van egskeiding wonder ek of dit hoegenaamd moontlik is om egskeiding te "reglementeer" deur sinodebesluite? Ek wonder of daar nie net volstaan kan word met die wenk dat leraars en kerkrade versoek word om persone wat skei pastoraal by te staan nie?

Dit sal ruimte skep om saam met elke lidmaat wat skei kontekstueel-teologies 'n nuwe lewe t konstrueer wat vir hom/haar sin maak.

## 6.2 DIE OPLEIDING VAN PREDIKANTE

Die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding van die NKG het 'n profiel vir 'n predikant var die kerk saamgestel wat die verwagtinge van die NGK vir sy teologiese opleiding saamvat (NGK 2002:421). Volgens dié kommissie moet 'n teologiese student onder andere toegerus word met die volgende kennis en vaardighede:

3.3 Goed onderleg sal wees in die hantering van die Skrif in alle situasies van die bediening, wat insluit 'n hermeneutiese vaardigheid met die oog op Skrifgetroue prediking.

3.6 'n Visie sal hê op die kerk se taak ten opsigte van die omvattende nood in die wêreld.

3.11 'n Goeie insig sal hê in die tranformasieproses in die samelewing en die effek daarvan op die kerk en die gemeentelike lewe.

3.12 Begrip sal hê vir mense se leef-, beroeps- en belewingswêreld, denkraamwerke (paradigmas), geloofsfases, geestelike en maatskaplike nood, asook vir die tydgees en waardes wat hulle denke en gedrag beïnvloed.

Vanuit 'n feministies, sosiaal-konstruksionistiese diskoers is die wêreld waarin ons leef ook "teks" (Schüssler Fiorenza 1989). Volgens dié standpunt moet die predikant oor dieselfde eksegetiese en hermeneutiese vaardighede beskik om die samelewing te verstaan as wat sy/hy nodig het om die Bybel te verstaan. Dit is waarom dit net so nodig is dat predikante kontekstueel-teologies en eties vaardig is as wat hulle bibliologies en dogmaties vaardig is. Punt 3.3 en 3.12 (vergelyk hierbo) van die doelwitte wat deur die Sinode gestel word vir predikante is dus ewe belangrik in die opleiding van predikante.

Volgens die deelnemers word predikante op vroue, en veral geskeide vroue, "losgelaat" sonder dat hulle 'n vaagste benul het van ons omstandighede". In die taal van Schüssler Fiorenza (1989) lyk dit asof die verstaan van die "samelewingsteks" steeds vir predikante van sekondêre belang is en 'n sekondêre vereiste is wat NGK aan predikante stel.

Indien die kritiek van die deelnemers en die doelwitte wat die Sinode stel vir predikante ernstig opgeneem word, stel dit die teologiese fakulteite wat predikante oplei voor die uitdaging om

voornemende predikante bewus te maak van dominante diskoerse in die samelewing en die Bybel wat gemarginaliseerde mense onderdruk sodat dié diskoerse gedekonstrueer kan word en ander diskoerse gerekonstrueer kan word.

In dié studie se konteks beteken dit dat voornemende predikante bewus gemaak word van patriargie in die Bybel, die invloed wat patriargie gehad het op die uitleg van die Bybel en ook bewus gemaak word van die huidige patriargale samelewing waarin ons lewe en hoe om dit te dekonstrueer in die kerklike en pastorale praktyk. Wanneer die effek van al dié gestaltes van patriargie op vroue se lewens tydens opleiding verdiskonteer word, kan voornemende predikante beter toegerus wees om vroue pastoraal te dien en mans uit te daag om anders man te wees.

Omdat elke predikant in haar/sy bediening lidmate sal teëkom wat skei kan predikante wat oor 'n basiese kennis van die egskeidingswet en egskeidingsterapie beskik in staat wees om betekenisvol pastoraal by sulke lidmate betrokke te wees. Die deelnemers stem hiermee saam en sê dit kan goed wees indien predikante tydens hulle opleiding hiervoor toegerus word.

## 6.3 GEMEENTELIKE BEDIENING AAN GESKEIDE PERSONE

Elke geskeide persoon is 'n lidmaat van 'n gemeente en die gemeente kan vir geskeide persone 'n bron van groot krag wees.

Die deelnemers was van mening dat een van die heel belangrikste dinge wat binne gemeenteverband vir geskeide mense gedoen kan word, is om die egskeidingsritueel 'n deel van die normale gemeentebediening te maak (vergelyk Hoofstuk Dertien). Volgens die deelnemers moet "ten alle koste" voortgegaan word om die egskeidingsritueel voort te sit en dit is volgens hulle die "mees basiese" manier hoe lidmate pastoraal versorg kan word. Die nut van rituele is reeds breedvoerig in Hoofstuk Dertien bespreek.

Ek het intussen by nog 'n geleentheid die egskeidingritueel gebruik. Dié keer was die deelnemer 'n vrou met twee dogtertjies. Die aand na die egskeiding het die selgroep waar sy (en haar vorige man) by ingeskakel het by haar huis bymekaargekom. (Haar vorige man is ook na die geleentheid uitgenooi. Hy het die uitnodiging van die hand gewys. Indien hy die uitnodiging aanvaar het, sou ek die ritueel saam met altwee die deelnemers gekonstrueer het en sou die ritueel waarskynlik anders gewees het).

Vriende van die betrokke persoon het die ritueel in kontras met die huwelikseremonie, en die hofverrigtinge, gesien:

> In teenstelling met die dag van feesvieringe, blomme, glimlagte en baie gaste is hulle vandag net nog 'n nommer op die rol by die egskeidingshof. Hulle gaste is die keer verruil vir vreemdelinge, die atmosfeer is koud en van die eens pragtige bruid is dan nou net 'n patetiese figuurtjie oor. Alles is so gou verby. Daar is so min gesê.
>
> Die aand vind iets pragtigs plaas. Al was ons 'n klein groepie, weet ons God was teenwoordig. Die nagmaal en spesiale egskeidingsformulier het die troos en nabyheid van God beklemtoon. Ons weet dat die verlies nuwe diepte in haar en haar kinders se lewe sal bring. Deur ons trane het ons hoop gesien en verseker geweet dat hierdie aand 'n enorme bydrae gaan lewer in haar helingsproses. Ons is saam met haar dankbaar.

Intussen het die kerkraad van die gemeente waar ek dien (NGK Monumentpark-Wes), dit eenparig goedgekeur dat die egskeidingsritueel deel van die gemeente se bediening aan geskeide persone sal vorm.

Verder is dit vir die deelnemers belangrik dat geskeide persone deel bly van die hoofstroom gemeentelike aktiwiteite: deel word van "gewone" selgroepe, Bybelstudiegroepe en die "normale" gemeentefunksies en kampe bywoon. Van die groepslede is drie op die oomblik by gewone selgroepe ingeskakel en het twee die afgelope gemeentekamp bygewoon. Vir die twee wat die gemeentekamp bygewoon het, was, dit 'n aanpassing. Een van hulle het na die tyd vir my vertel dat dit vir haar tog 'n bevestiging was dat sy en die kinders hulleself kan geniet sonder om deel te wees van 'n "tradisionele" gesin.

Die deelnemers het vertel dat dit vir hulle steeds moeilik is om as enkellopendes deel te wees van groepe wat hoofsaaklik uit pare bestaan. Die ongemaklikheid is volgens hulle steeds beter as eensaamheid en om deel te wees van "'n versukkelde klompie geskeide mense wat mekaar se tragedies deel". Spesiale groepe vir geskeides kan volgens die deelnemers bydra tot die versterking van die dominante diskoers dat geskeide mense "sondaars" is, "bedreigings" inhou vir ander se huwelike, 'n "gevaar" is vir die gevestigde orde, permanent "unieke" behoeftes het en dat pare, en nie individue nie, die "eintlike" boustene van die gemeenskap is (vergelyk wat Munroe hieroor sê in Hoofstuk Een). In die "taal" van die studie lyk dit vir my dat wanneer 'n egskeidingsrekonstruksiegroep nie meer uitsluitlik 'n terapeutiese groep is nie, maar 'n permanente belangegroep of omgeegroep vir geskeide vroue word, kan so 'n groep die dominante diskoers oor

geskeide vroue bevestig, die dominante probleem gesentreerde verhaal versterk en bydrae tot geskeide vroue se marginalisering in die gemeente.

Dit beteken nie dat daar nie plek is vir egskeidingsrekonstruksiegroepe nie, maar dan is die doel van groep duidelik gefokus: om geskeide persone terapeuties te help om hulle lewens na egskeiding te rekonstrueer. Wanneer 'n deelnemer aan so 'n groep van mening is dat sy haar lewe voldoende rekonstrueer het kan sy die groep verlaat en by ander groepe in die gemeente inskakel waar haar sosiale behoeftes, behoefte aan onderlinge gemeenskap van gelowiges en behoefte om saam met ander Bybelstudie te doen aangespreek word.

Hier is dit belangrik dat daar by ander lidmate 'n sensitiwiteit vir geskeide vroue ontwikkel, byvoorbeeld by bring en braaie behoort na hulle behoeftes omgesien te word deur aan te bied om hulle vleis vir hulle te braai. 'n Kultuurverandering teenoor geskeide mense is nodig. Ek het probeer om die nuwe kultuur in die gemeente te vestig deur die gemeente in die maandelikse nuusbrief op hoogte te hou van my studies en om 'n punt daarvan te maak om geskeide persone te betrek by gemeentelike aktiwiteite wat gewoonlik net deur "tradisionele" gesinne bygewoon word.

Die kultuur is tweeledig van aard: aan die een kant voel die geskeide persone nie meer gemarginaliseer nie en aan die ander kant word hulle ook nie meer gemarginaliseer nie. Dit is vir my 'n verblydende ontwikkeling en ek sal dankbaar wees indien so 'n nuwe kultuur sterker gevestig word in alle gemeentes.

## 6.4 DIE UITDAGING VIR HUWELIKSVOORBEREIDING EN HUWELIKSVERRYKING

In die meeste gemeentes is huweliksvoorbereiding en huweliksverryking gevestigde bedienings. Dit kan gebeur dat die inhoud van die programme die dominante patriargale diskoers bevestig. In Hoofstuk Ses is uit die voorbeelde van Steyn (1997) en Mol (1988) gesien hoe 'n Bybelse diskoers patriargie in stand hou.

Die uitdaging waarvoor predikante en skrywers te staan kom is dat huweliksvoorbereiding- en huweliksverrykingsprogramme se inhoud so saamgestel word dat patriargie daardeur gedekonstrueer en nie bevestig word nie. Jordaan (1996:10) vra of die huweliks- en gesinslewe 'n vormende en helende krag kan wees te midde van die postmoderne samelewing? Dit is wel moontlik indien daar geen sprake van Bybelse fundamentalisme ingesmokkel word nie en geen huweliksmodelle ontwikkel word wat as 'n soort resep aangewend word om die aard en verloop van

verhoudinge in 'n huwelik te reël nie. Volgens Jordaan skep sulke modelle rigiede roldefinisies en valse verwagtinge.

Volgens Jordaan (196:10) moet aanvaar word dat elke huwelik en gesin anders is:

> Wat byvoorbeeld nodig geword het, is die soort huweliksverrykingsprogramme en opleiding vir ouerskap waarin daar - verby die gestereotipeerde resepmatige gelykhede en dikwels vrome 'peptalk' oor vennootskaplike kameradie en gerespekteerde gelykheid en beslissingsmag – allereers inligting verskaf word oor die aard van die postmodernistiese wêreld en die eise wat daarmee saamgaan.

Die inhoud van huweliksvoorbereidings - en huweliksverrykingsprogramme se doel behoort te wees om samelewingsverandering te verstaan, mense effektief help kommunikeer, verdraagsaamheid vir diversiteit en vaardighede om konflik effektief te kan hanteer, te ontwikkel. Die doel is dan om 'n dialektiese lewenshouding, in teenstelling met 'n outoritêre lewenshouding te ontwikkel. 'n Dialektiese lewenshouding formuleer waardes in die lig daarvan dat mense, huwelike, gesinne en samelewings nie sonder waardes kan bestaan nie, maar terselfdertyd moet aanvaar word dat alle dinge, ook waardes, aan verandering onderhewig is. Dit staan teenoor 'n outoritêre of dogmatiese lewenshouding wat sê dat mens in 'n onsekere wêreld 'n streng, gesaghebbende en onveranderlike raamwerk het wat mense se persepsies, denke en optrede eens en vir altyd in 'n bepaalde koers stuur (Jordaan 1996:11).

## 7 PERSOONLIKE REFLEKSIE

Ek is dankbaar dat die terapie saam met die deelnemers en die literatuurstudie vir my die geleentheid geskep het om ingelig te word oor geslagskwessies. Veral in verband met vroue se woede, aggressie, beheer en regte wat kultureel bepaal is. Haffey en Cohen (1992:147) meen tereg dat terapie wat nie die teenwoordigheid van sosiale vooroordele in ag neem nie, deelnemers se twyfel en swak selfbeeld bevestig en kan lei tot duur kompromieë wat deur deelnemers aangegaan word.

My blootstelling aan 'n postmoderne epistemologie is vir my 'n avontuur. Tydens die navorsing en die op skrif stel van die navorsing het ek telkens onder die indruk gekom van hoe bitter moeilik dit vir my, wat gevorm is deur die modernisme, is om werklik tuis te voel met 'n postmoderne epistemologie. Telkens het ek teruggeval in taalgebruik wat getuig van my modernistiese wortels: byvoorbeeld in Hoofstuk Nege het ek gepraat van "Bybelse gronde vir egskeiding", en in Hoofstuk

Tien oor "die bemeestering van prakiese vaardighede". Gelukkig het ek bewus geword van die, en ander, seksistiese en modernistiese taalgebruik. Dalk het daar ander in die studie neerslag gevind waarvan ek nie bewus is nie.

My modernistiese taalgebruik is egter die geringste van die probleme waarmee ek nog worstel. Hoewel ek meer bewus geword het van die maniere hoe ek mag gebruik, sensitief geword het vir magswanbalanse, en meer bewus is van hoe mense deur diskoerse gemarginaliseer word, ontdek ek steeds daagliks dat ek dikwels nog onbewus is van die sake waarvan ek eintlik deeglik bewus behoort te wees. Nog erger: dat ek steeds besig is om patriargale praktyke te bevorder, voorskriftelik op te tree, en mag te misbruik om mense te manipuleer.

Die worstelstryd om 'n modernistiese epistemologie na 'n postmoderne epistemologie oor te skakel is vir my 'n gelydelike, en dikwels pynlike, proses. Ek bly daartoe verbind om my steeds verder los te maak uit my moderne verlede. Ek is daarvan oortuig dat 'n postmoderne epistemologie ruimte vir 'n meer etiese manier van lewe bied.

Een frustrasie wat ek na afloop van die studie ervaar, is die klaarblyklik totale onvermoë van mans, wat bevoordeel word deur dominante patriargale diskoers, om insig te verkry in wat die effek van die dominante diskoers op mense (in die geval getroude en geskeide vroue) is. Dit regverdig 'n studie opsigself om te kan ontdek hoe, saam met mans, 'n alternatiewe diskoers oor manlikheid ontgin en geleef kan word.

Soos in Hoofstuk Een opgemerk is, staan die navorsing oor egskeidingsherstel in Suid-Afrika in sy kinderskoene. In my werk as predikant/terapeut kom ek dikwels in aanraking met mense wie se lewens ontwrig is en wat fisiese en emosionele pyn ervaar. Ek bly steeds verbaas oor die intensiteit van die pyn en ontwrigting wat deur egskeiding veroorsaak word. My ervaring is dat daar min ander lewensveranderende gebeurtenis is wat soveel pyn veroorsaak soos egskeiding. My ervaring is dat dit die geval is met vroue sowel as mans. Omdat mans selde by my vir terapie aanmeld het ek ongelukkig minder geleentheid om mans wat deur egskeiding geraak word se verhale te hoor.

Die studie lewer dalk 'n bydrae om 'n begin te maak dat die navorsing die kinderskoene kan ontgroei om die pyn wat egskeiding veroorsaak te kan aanspreek.

Dit is net 'n begin. Elkeen van die aspekte van egskeidingsherstel wat in hierdie studie aangespreek is, regverdig na my mening 'n selfstandige studie. Ek vertrou dat ander sal begin waar ek geëindig het. So sal ons dalk saam daarin slaag om 'n alternatiewe diskoers oor die huwelik, en egskeiding, te ontgin wat die vernietigende uitwerking wat die huidige dominante diskoerse op vroue se lewens het, kan vervang met 'n diskoers wat vir lewe in oorvloed bied: tydens die huwelik en, indien nodig, ook na egskeiding.

## BIBLIOGRAFIE


Ambrose, P.J 1983. *Surviving divorce: men beyond marriage.* Brighton: Wheatsheaf Books.

Ackermann, D. 1996. Engaging freedom: A contextual feminist theology of praxis. *Journal of Theology for Southern Africa* 94, 32-47.

Allen, R. K. & Baber, K. M. 1992. Ethical and epsitemological tensions in applying a postmodern perspective to feminist research. *Psychology of Women Quarterly* 16 (March),1-15

Amato, P. R. 2000. The consequences of divorce for adults and children. *Journal of Marriage and the Family* 62 (4),1269-1283.

Amed, S. 1996. Beyond humanism and postmodernism: Theorizing a feminist practice. *Hypatia: A Journal of Feminist Philosophy* 11(Spring), 71-93.

Anderson, D. A. & Worthen, D. 1997. Exploring a fourth dimension: Spirituality as a resource for the couple therapist. *Journal of Marital and Family Therapy* 23 (1), 3-12.

Anderson, H. & Goolishian, H. 1988. Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family Process* 27 (4),371-393.

Anderson, H. & Goolishian, H. 1991. A collaborative language systems approach. Referaat gelewer by Narrative and Pyschotherapy Conference, Houston,Texas.

Anderson, H. & Goolishian, H. 1992The client is the expert: A not-knowing approach to therapy, in McNamee, S. & Gerken, K. J. (eds.), *Therapy as social construction*, 25-39. Newbury Park, CA: Sage.

Anderson, R.S. & Guernsey, D. B. 1985. *On being family.* Grand Rapids: Eerdmans.

Archer, S. L. 1990. Females at risk: Identity development for adolescents and divorced women, in Vandenplas-Holper, C.& Campos, B. P. (eds.), *Interpersonal and identity development: New directions*, 87-102. Oporto: Instituto de Consulta Psicologica.

Arendell, T. 1986. *Mothers and divorce.* Berkeley: University of California Press.

Bartlett, E. 1992 Egskeidingsberaad na egskeiding. M.Div. Universiteit van Pretoria.

Bell, L.A. 1989. Does marriage require a head? Some historical arguments. *Hypatia: A Journal of Feminist Philosophy* 4 (1), 139-154.

Bell, T.& Joiner, S. 1990. *Common sense recovery: Dealing with divorce.* Abilene: ACU Press.

Berkhof, L. 1979. *Systematic theology.* London: Cox & Wyman.

Biever J. L., De Las Fuentes C, & Franklin C. 1998. The social construction of gender: A comparison of feminist and postmodern approaches. *Counselling Psychology Quarterly* 11 (2), 163-179.

Blaisure K. R. & Allen K. R. 1995. Feminists and the ideology and practice of marital equality. *Journal of Marriage and the Family* 57 (Feb.), 5-19.

Blomquist, J. M. 1986. Exploring spiritual dimensions: Toward a hermeneutic of divorce. *Pastoral Psychology.* 34(3), 161-171.

Bohan, J. S. 1996. Regarding gender: Essentialism, constructionism, and feminist psychology, in Gergen, M. M. & Davis, S. N. (eds.) *Toward a new psychology of gender,* 31-48 London: Routledge.

Bohannan, P. 1970. The six stations of divorce, in Bohannan, P. (ed.), *Divorce and after,*33-62. Garden City: Double Day.

Bons-Storm, R. 1996. *The incredible woman: Listening to women's silences in pastoral care and counseling.* Nashville: Abingdon.

Bosch, D. J. 1991 *Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission.* New York: Orbis.

Boyd, G. E. 1996. Pastoral conversation: A social construction view. *Pastoral Psychology* 44(4), 215-226.

Braverman, L. 1988. *A guide to feminist family therapy.* New York: Harrington Park Press.

Brewer, B. G. & Rawlings, E. I. 1993. Feminist therapy with "single again" mothers: A case analysis. *Journal of Training and Practice in Professional Psychology* 7(1), 26-34.

Brewster, A. S. 1992. *Divorce recovery: a ministry of grace to a hurting segment of the community.* Ann Arbor: University Microfilms International.

Brueggemann, W. 1993. *Texts under negotiation: The Bible and postmodern imagination.* Minneapolis: Fortress.

Bursik, K. 1991. Correlates of women's adjustment during the separation and divorce process. *Journal of Divorce and Remarriage* 14 (2),139-162

Bustanoby, A. 1975. When wedlock becomes deadlock. *Christianity Today* (19), 918-920.

Campbell, M. 1995. Divorce at mid-life: Intergenerational issues. *Journal of Divorce And Remarriage* 23(1-2), 185-202.

Cantor, D. W. 1989. Marriage and divorce: The search for adult identity, in Bernay, T. en Cantor. D.W.(eds.), *The psychology of today's women: New psychoanalytic visions,*195-210.. Cambridge: Havard University Press.

Carbone J. R. 1994. A feminist perspective on divorce. *Future of Children* 4 (1), 183-209.

Castells, M. 2000. *The power of identity.* Oxford: Blackwell.

Chireboga, D. A.1991a. Coping strategies in divorce, in Chireboga & Catron 1991: 74-96.

Chireboga, D. A. 1991b. Risk factors in divorce: A life course perspective, in Chireboga & Catron 1991:280-292

Chireboga, D.A. & Catron, L.S. (eds.)1991. *Divorce: Crisis, challenge or relief?* New York: New York University Press.

Clandinin, D. J. & Connelly, F. M. 1991. Narrative and Story in Practice and Research, in Schön, D. A. (ed.), *The reflective turn: Case studies in and on education and practice*, 258-281. New York: Teachers College Press.

Clandinin, D. J. & Connelly, 1994 F. M. Personal experience method, in Denzin N.K. & Lincoln, Y.S. (eds.), *Handbook of qualitative research,* 413-427. Thousand Oakes: Sage.

Clapp, G. 1992. *Divorce and new beginnings: An authoritative guide to recovery and growth, solo parenting, and step families* New York: Wiley

Cochrane, J. R., de Gruchy, J., & Peterson, R. 1991. *In word and deed.* Pietermaritzburg: Cluster.

Coho, A. 1991. Views of the other: issues of self-image and identification, in Chireboga & Catron 1991: 174-194.

Collins, R. F. 1978. The Bible and sexuality. *Biblical Theology Bulletin* 8(1), 3-18.

Combrink, H. J. B. 1985. Nuwe-Testamentiese uitsprake oor die (on)ontbindbaarheid van die huwelik. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 26(2), 131–149.

Cronjé, D. S. P & Heaton, J. 1999. *Die Suid Afrikaanse familiereg.* Butterworths: Durban.

Crosby, J. F. Lybarger, S. K. & Mason, R. L. 1986. The grief resolution process in divorce Phase II. *Journal of Divorce* 10 (1-2), 17-40.

Davies B. 1987. Marriage and the construction of reality revisited: An educational exercise in rewriting social theory to include woman's experience. *Educational Philosophy and Theory* 19 (1), 20-28.

Dean, R. G. 1995. Stories of AIDS: The use of narrative as an approach to understanding in an AIDS support group. *Clinical Social Work Journal* 23 (Fall), 287-304

DeGarmo, D. S. & Kitson, G. C. 1996. Identity relevance and disruption as predictors of psychological distress for widowed and divorced women. *Journal of Marriage and the Family* 58 (Nov), 983-997.

De Jongh van Arkel, J. T. 1987. A paradigm for pastoral diagnosing. D.Th.-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

De Jongh van Arkel, J.T. 1988. Die pastoraat: noodsaaklike onderskeidings ('n Posisiebepaling na 25 jaar), in Smuts, A.J. (red) *Perspektiewe op Pastoraat*, 1-13. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Delphy, C. & Leonard, D. 1992. *Familiar exploitation: A new analysis of marriage in contemporary Western societies.* Cambridge: Polity Press.

Dermience A. 1990. The Bible and feminism. *Theology Digest* 37(3), 215-220.

Diedrick, P. 1991. Gender differences in divorce adjustment. *Journal of Divorce and Remarriage* 14 (3), 22-45.

Digeser, P. 1994. Performativity trouble: postmodern feminism and essential Subject. *Political Research Quarterly* 47 (Sept.), 655-673.

Dill, J. 1996. 'n Basisteorie vir pastorale terapie in die lig van postmoderne epistemologie. Ph.D.-proefskrif. Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.

Dowling, D. 1999. The contingency of unequal power relations in marriage. *Acta Academica* 31 (3), 36-52.

Downing, N. E. & Roush, K. L. 1985. From passive acceptance to active commitment: A model of feminist identity development for women. *Counseling Psychologist* 13 (4), 695-709

Dreyer, Y. 1998. Pastorale interaksie met vroue: 'n Prakties teologiese begronding. D.D.-proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Duncan, G. J. & Hoffman, S. D. 1985. *Economic consequences of marital instability.* Chicago: University of Chicago Press.

Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd.* Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Efran, J. & Lukens, M. D. 1985. The world according to Humberto Maturana: Epistemology and the Magic Kingdom. *Family Therapy Networker* 9 (13) 23- 28, 72-75.

Egan, G. 1990. *The skilled helper: A systematic approach to effective helping.* Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Ehrenreich B. 1986. The root causes of women's poverty and what we can do. *Church and Society* 76 (3),19-28.

Elizabeth, V. 2000. Cohabitation, marriage, and the unruly consequences of difference. *Gender and Society* 14 (1), 87-110.

Enns, C. Z. 1988. Dilemma of power and equality in marital and family counseling: Proposals for a feminist perspective. *Journal of Counseling and Development* 67 (4), 242-248.

Epston , D. 1994. Extending the conversation. *Family Therapy Networker* 18 (6), 31-39.62-63.

Erasmus, E. 1998. The ralationship between post-modernism and feminism: A construction of sites of engagement. Acta Acacemica 30 (1), 1-31.

Everett, C. A. & Volgy, S. S. 1991. Treating divorce in family-therapy practice, in Gurman, A. S. & Kniskern, D. P. (eds.), *Handbook of family therapy,* 502-536. New York: Brunner/Mazel.

Falconer, C. W., Colin A., & Ross, M. D. The tilted family. *Canadian Journal of Psychiatry* 31 (7), 649–552.

Falundi, S. 1991. *Backlash: The undeclared war against American women.* New York: Crown Publishers.

Flatt, B. 1980. Divorce counseling by ministers. *Restoration Quarterly* 23(3), 129-142.

Flax, J. 1987. Postmodernism and gender relations in feminist theory. *Signs* 12 (4), 621-643.

Ford-Gilboe, M. 2000. Dispelling myths and creating opportunity: A comparison of the strengths of single-parent and two-parent families. *Advances Nursing Sciences* 23(1), 41-58.

Foucault, M. 1979. *Discipline and punishment: The birth of the prison.* Harmondsworth: Penguin.

Foucault, M. 1989. *The Birth of the clinic: An archaeology of medical perception.* London: Routledge.

Foucault, M. 1990. *The history of sexuality*, vol.1. *An Introduction*. Harmondsworth: Penguin.

Fox, G. L. & Murray, V. M. 2000. Gender and families: Feminist perspectives on family research. *Journal of Marriage and the Family* 62 (Nov.), 1160-1172.

Fox-Genovese, E. 1993. From separate spheres to dangerous streets: Postmodernism and the problem of order. *Social Researcher* 60 (Sum), 235-254.

Francis, L. E. 1997. Ideology and interpersonal emotion management: Redefining identity in two support groups. *Social-Psychology Quarterly* 60 (2), 153-171.

Freedman, J. & Combs, G. 1996. *Narrative therapy: The social construction of preferred realities.* New York: Norton

Freudenberger, H. J. 1987. Today's troubled men. *Psychology Today* 21(12), 46-47.

Friedman, L. 1991. Social supports in the context of divorce, in Chireboga.& Catron 1991: 195-223.

Gergen, K. J. 1991. *The saturated self: Dilemmas of identity in contemporary life.* New York: Basic Books.

Gergen, K. J. 1992. *Therapy as social construction.* London: Sage.

Gergen, K. J. 1994. *Towards transformation of social knowledge.* London: Sage.

Gergen, K. J. & Gergen M. M.1991. From theory to reflexivity in research practice: Towards reflexive methodologies, in Steier, F (ed.), *Research and refl*exivity, 76-95. London: Sage.

Gergen, M. 2001. *Feminist reconstructions in psychology.* London: Sage.

Gerkin, C. V. 1986. *Widening the horizons: Pastoral responses to a fragmented society.* Philadelphia: Westminister Press.

Gerkin, C. V. 1997. *An introduction to pastoral care.* Nashville: Abington.

Giogia A, 1998. *An application of phenomenological method in psychology.* Pittsburg: Duquesne Universty Press.

Gnanadason, A. 1988. Women's opression: A sinful situation, in Fabella, V. & Oduyoye, M.A. (eds.), *With passion and compassion: Third world women doing theolog,* 69-76. Maryknoll: Orbis.

Goldner, J. 1985. Feminism and family therapy. *Family Process* 26 (3), 15-27.

Gordon, L. H. & Gordon, M. 1984. A format for an ethical and emotional divorce. *Journal for Pastoral Care* 38 (4), 288-293

Gouws, A. 1996. Feminist epistemology and representation: The impact of post-modernism and post-colonialism. *Transformation* 30, 65-82.

Graham, E. L. 1996. *Transforming practice*. London: Mowbray.

Greeson, C. A., Hallingsworth, M., & Wasburn, M. P. 1991. *The divorce recovery guide*. Oregon: Questar Publishers

Griffith, M. & Griffith, J. 1990. Can family therapy research have a human face? *Dulwich Centre Newsletter* 2, 11-16.

Groenewald, E. P. 1973. *Die eerste brief aan die Korinthiërs*. Pretoria: N.G. Kerk Uitgewers

Haddock, S. A., Zimmerman, T. S. & MacPhee, D. 2000. The power equity guide: Attending to gender in family therapy. *Journal of Marital and Family Therapy* 26 (2), 153-170.

Haffey, M. & Cohen, P. M. 1992. Treatment issues for divorcing women. *Families in Society* 73(3), 142-148.

Hagemeyer, S. 1986. Making sense of divorce grieve. *Pastoral Psychology* 34(4), 237-250.

Hare-Mustin, R. 1986. The problem of gender in family therapy. *Family Process* (26), 15-27.

Hare-Mustin, R. T. 1994. Discourses in a mirrored room: A postmodern analysis of therapy. *Family Process* 33 (1), 19-35.

Harvey, A. E. 1993. Marriage, sex and the Bible. *Theology* 96, 364–372.

Hatcher, D. L. 1989. Existential ethics and why it's immoral to be a housewife. *Journal of Value Inquiry* 23, 59-68.

Heggen, C. H. 1996. Religious beliefs and abuse, in Kroeger & Beck 1996: 15-27.

Heitink, G. 1993. *Practical theology.* Grand Rapids: Eerdemans.

Hercus, C. 1999. Identity, emotion, and feminist collective action. *Gender and Society* 13 (1), 34-55.

Herrman, S. J. 1974. Divorce: A grief process. *Perspectives Psychiatric Care* 12, 108–112.

Heshuius, L. 1994. Freeing Ourselves From Objedtivity: Managing Subjectivity or Turning Toward a Participatory Mode of Consciousness? *Educational Researcher* 23 (3).

Heyns, J. A. 1970. *Die nuwe mens onderweg: Oor die tien gebooie.* Kaapstad: Tafelberg.

Heyns, J. A, 1978. *Dogmatiek.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Heyns, J.A. 1982 *Teologiese Etiek.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Heyns, L. M. 1990. Praktiese teologie is teologie,. in Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. *Eerste Treë in die Praktiese Teologie*, 4-13. Pretoria: Gnosis.

Hine, V. H. 1981. Self-generated ritual: Trend or fad? *Worship* 55, 404-419.

Hoff-Oberlin, L. 2000. *Surviving separation and divorce: A woman's guide to making it through the first year.* Holbrook: Adams Media Corporation.

Hogan, L. 1996. Ethical Theory, in Isherwood, L. & McEwan. D, 56-59.

Hubbell, M. W. 1992. Ministering to the divorced. *Theological Educator* 46 , 15-19.

Hudson, J. J. 1996. Characteristics of the incestuous family, in Kroeger & Beck 1996: 7–85.

Isherwood, L. & McEwan, D. (eds.) 1996. *An A to Z of feminist theology.* Sheffield: Sheffield Academic Press.

Jackson, B. & Donovan R. 1988. Therapeutic ritual in divorce. *TACD Journal* 16 (1), 5-15.

Jaeggli, J.R. 1996. Divorce. *Biblical Viewpoint* 30 (1), 54-64.

Janesick, V. J. 1994. The dance of qualitative research design: Mataphor, methodolatry and Meaning", in Denzin, N. K. & Lincoln, Y. S. (eds.), *Handbook of qualitative research*, 209-219.Thousand Oaks: Sage.

Janson, M. 1982. Praktiese teologie, in Eybers I. H., König, A. & Stoop, J. A. (eds), *Inleiding in die teologie,* 325-346. Kaapstad: NG Kerkboekhandel.

Japinga, L. 1999. *Feminism and the Bible: An essential guide.* Nashville: Abingdon.

Johnson, C. L. 1988. Socially controlled civility. *American Behavioral Scientist* 31 (6), 685-701.

Jordaan, W. 1996. Postmodenisme en die huwelik. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 11 (2), 1-15.

Joubert, S. J. 1992. Nuwe-Testamentiese perspektiewe op egskeiding. *Skrif en Kerk* 13, (1), 27-41.

Kaye, J. 1990. Toward meaningful research in psychotherapy. *Dulwich Centre Newsletter* 2, 27-38.

Keener, C. S. 1996. Some biblical reflections on justice, rape, and an insensitive society, in Kroeger & Beck 1996: 117-130.

Kessler, S. 1975. *The American way of divorce: Prescriptions for change.* Chicago: Nelson-Hall.

Kimmel, M. S. 1997. Masculinity as homophobia: Fear, shame, and silence in the construction of gender identity, in Gergen, M. M. & Davis, S. N. (eds.), *Toward a new psychology of gender*, 223-244. London: Routledge.

King, U. 1996. Spirituality, in Isherwoord, L. & MeEwan, D. *An A to Z of Feminist Teology,*218-220. Sheffield: Academic Press.

Kliman, A. S. 1986. *Crisis: Psychological first aid for recovery and growth.* Northvale: Jason Aronson.

Klimenkova, T. A. 1992. Feminism and postmodernism. *Philosophy East and West* 42 (2), 277-285.

Klopper, F. 1993. Postmoderne feminisme: Verset teen dominansie, die viering van verskille en 'n respek vir tradisie. *Theologia Evangelica* 26 (2), 17-24.

König, A. 1991. *Bondgenoot en beeld.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kotzé, D. J. 2002. Doing participatory ethics, in Kotzé D, Myburg, J. Roux J. & Associates, *Ethical ways of being,* 1-34. Ethics Alive: Pretoria.

Kotzé, E. 1994. The social construction of a family training programme. D.Lit.-verhandeling. Rand Afrikaans University, Johannesburg.

Kraus, S. 1979. The crisis of divorce: Growth promoting or pathogenetiic? *Journal of Divorce* 3(2), 107-119

Kressel, K & Deutch, M. 1977. Divorce therapy: An in-depth survey of therapists' views. *Family Process* 16(4), 413-443.

Kroeger, C. C. & Beck, J. R. (eds.) *Women, abuse and the Bible.* Grand Rapids: Baker Books.

Kubler-Ross, E. 1969. *On death and dying.* New York: Collier-MacMillan.

Kudlac, K. E, 1991. Including God In the conversation: The influence of religious beliefs on the problem-organized system. *Family Therapy* 18 (3), 277-285.

Kunz, J. & Kunz, P. R. 1995. Social support during the process of divorce: It does make a difference. *Journal of Divorce & Remarriage* 24 (3/4), 111-119.

Laube, J. J. & Trefz, S. 1994. Group therapy using a narrative theory framework: Application to treatment of depression. *Journal of Systemic Therapies* 13 (2), 29-37.

Lazarus, A. 2002. A triple boundary crossing. *Psychotherapy Networker* 26 (2), 46.

Lemon, J. 1992. Popular culture and the "crisis of masculinity". *Communicare* 11(2), 5-20.

Linnenberg, D. M. 1997. Religion, spirituality and the counseling process. *Journal of Reality Therapy* 17 (1), 55-59.

Long, T. G. & McCarter N. D. 1990. *Preaching in and out of season*. Louisville: Westminister/John Knox Press.

Lorde, A. 1994. Age, race, class and sex: Woman redefining difference, in Arthur, J. & Shapiro, A. (eds.), *Campus Wars: Multiculturalism and the politics of difference*, 191-198. Boulder, Co: Westview Press.

Louw, D. J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting: Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: RGN.

Louw, D. J. 1999. Pastoraat as vertolking: Metaforiese teologie binne die konteks van 'n pastorale hermeneutiek. *Hervormde Teologiese Studies* 55(2/3), 334-359.

Ludik, B. & van der Merwe, J. 2001. Huweliksdiens, in van der Merwe J. (red) *Gebedboek met Liturgiese Voorstelle*, 107-110. Wellington: Lux Verbi BM.

Lund, K. L. 1990. A feminist perspective on divorce therapy for women. *Journal of Divorce* 13(3), 57-67.

Luttig, E. M. 1997. The psychosocial implications of divorce and remarriage, in *Marriage and family life in South Africa: Research priorities. Theme 5. The Family and divorce, 35-66.*Pretoria: HSRC Publishers.

Lyon, E. et al 1985. Stages of divorce: Implications for service delivery insocial casework: *Journal of Contemporary Social Work* 66, 259-267.

Marais, V. 1992. Die ontwikkeling van 'n sielkundige ondersteuningsprogram vir geskeide vrouens: 'n voorondersoek. M. A. (Kliniese Sielkunde) Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.

Marrow, S. B. 1988. Marriage and divorce in the New Testament. *Anglican Theological Review* 70(1), 3-15.

Maxwell, R. A., Lundgren, D. C. & Lansky, L. M. 1996. Maternal role behavior and androgyny: A comparison of divorced and married mothers. *Journal of Divorce and Remarriage* 25(3-4), 6-68.

McBride, M. 1996. Praxis, in Isherwood & McEwan 1996: 183-185.

McLean, B. A. 1997. Co-constructing narratives: A postmodern approach to counselling. M. Ed. (Counselling) research project. University of Otago, Denedin, New Zealand.

Miller, P. D. 1990. The Psalms and pastoral care. *Reformed Liturgy and Music* 24 (90), 131-135.

Mohanty, C. T. 1984. *Sisterhood is global: The international women's movement anthology*. New York: Anchor Press.

Mol, A. 1981. *Kom ons wen saam.* Pretoria: Femina Uitgewers.

Molldrem, J. M. 1991. A hermeneutic of pastoral care and the law/gospel paradigm to the divorce texts of scripture. *Interpretation* 45 (91), 43-59.

Morgan, O. J. 1989. Elements in a spirituality of pastoral care. *Journal of Pastoral Care* 43 (2), 99-109.

Morgan, R. L. 1983. A ritual of remarriage. *Journal of Pastoral Care* 37, 292-301.

Morrow, S. L. 2000. Feminist reconstructions of psychology, in Biaggio, M. & Hersen, M.(eds.), *Issues in the psychology of women*, 15-32. Dordrecht: Kluwer/Plenum Publishers.

Mowbray, T. L. 1986. The functioning in ministry of Psalms dealing with anger: The angry Psalmist. *Journal of Pastoral Counseling* 21 (1), 34-39.

Müller, J. C. 1996. *Om tot verhaal te kom*. Pretoria: RGN Uitgewers.

Munroe, M. 1992. *Single, married, separated,and life after divorce*. Shippendburg: Destiny Image Publishers.

Murphy, A. 1996. Guilt, in Isherwood & McEwan 1996: 89-92.

Murphy-O'Conner, J. 1981. The divorced woman in 1 Cor. 7: 10-11. *Journal of Biblical Literature* 100 (4), 601–606.

Nathanson, I. 1995. Divorce and women's spirituality. *Journal of Divorce and Remarriage* 22(3-4), 179-188.

Ned. Geref. Kerk 1986, 1990, 1994. 2002. *Agenda van die Algemene Sinode*.

Ned. Geref. Kerk 1986, 1990, 1994. *Handelinge van die Algemene Sinode*.

Ned. Geref. Kerk. 1988.*Handboek vir die Erediens* Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

Newman, D.M. & Grauerholz, L. 2002.Sociology of Families. Thousand Oakes: Pine Forge Press.

Nichols, J. R. 1988. Rethinking some aspects of ministry to the divorced: A theological retake. *Journal of Pastoral Care* 42 (2), 101-115.

Nicol, J. 1988. *Naak en naby*. Pinetown: Owen Burgess-Uitgewers.

Oden, T. C. 1995. The death of modernity and postmodern evangelical spirituality, in Dockery, J. D. (eds.), *The challenge of postmodernism. An evangelical engagement.* 19-33. Illinois: Brigepoint.

O'Hanlon, B. 1994. The third wave. *Family Therapy Networker* 18 (6), 18-20, 28-29.

Olivier, E. 1998. The relationship between postmodernism and feminism: A construction of sites engagement. *Acta Academia* 30 (1), 1-31.

Orsmond, M. W. & Throne, B. 1993. The social construction of gender in families and societies, in Boss, G. P. (ed.), *Source book of family theories and methods: A contextual approach,*585-620.. New York: Plenum.

Parry, A. 1991. A universe of stories. *Family Process* 30 (March), 37-53.

Pattison, S. 2000. *A critique of pastoral care.* 3rd ed. London: SCM.

Peck, J. S. & Manocherian, M. S. 1989. Divorce in the changing family life cycle, in Carter, B. & McGoldrick, *The Changing family life cycle.*335-370 Toronto: Allyn & Bacon.

Pieterse, H. C. J. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN Uitgewers.

Poovey, M. 1992. Feminism and postmodernism: Another view. *Boundary* 2 (19) 2 , 34-52.

Potter, J & Wetherell, M. 1987. *Discourse & social psychology: Beyond attitudes and behaviour.* London: Sage.

Professional Board of Psychology of the Health Professional Council of South Africa: *Ethical Code of Professional Conduct.* [s.a.].Pretoria

Propst, L. R. & Fries, L. 1989. *Problems and needs of adults,* in Textor 1989: 45-60.

Rampage, C. 1994. Power, gender, and marital intimacy. *Journal of Family Therapy* 16 (1), 125-137.

Rawlings, E. I. & Graham, D. L. R. 1988. Feminist therapy with divorced, single, female parents, in Dutton-Douglas, M. A. & Walker, L. E. (eds.), *Feminist psychotherapies: Integration of therapeutic and feminist systems,* 156-185. New Jersey: Ablex Publishing.

Reinharz, S. 1992. *Feminist methods in social research.* New York: Oxford University Press.

Retief, F. J. 1990. *Egskeiding 'n antwoord van hoop.* Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Rice, J. K. 1994. Reconsidering research on divorce, family life cycle and the meaning of family. *Psychology of Women* 18(4), 559-584.

Riessman, C. K. 1990. *Divorce talk.* New Brunswick: Rutgers University Press.

Rosewater, L. B. (1988). Feminist therapies with women, in Dutton-Douglas, M. A. & Walker, L. E. (eds.),137-155. *Feminist psychotherapies: Integration of therapeutic and feminist systems.* New Jersey: Ablex Publishing.

Rossiter, A. B. 1991. Initiator status and separation adjustment. *Journal of Divorce and Remarriage* 15(1+2), 141-155.

Rossouw, G. J. 1993. Theology in a postmodern culture: Ten challenges. *Hervormde Teologiese Studies* 49 (4), 894-907.

Rowan, S. 2002. The slippery slope. *Psychotherapy Networker* 26 (2), 42-53.

Salts, C. J. 1979. Divorce process: Integration of theory. *Journal of Divorce* 2 (Spring), 233-240.

Salts, C. J. 1985. Divorce stage theory and therapy: Therapeutic implications throughout the divorcing process. *Journal of Psychotherapy and the Family* 1 (3), 13-23.

Salts, C. J. 1989. Group therapy for divorced adults, in Textor 1989: 285-302.

Sands, R. G. 1996. The elusiveness of identity in social work practice with women: a postmodern feminist perspective. *Clinical Social Work Journal* 24 (2), 167-186

Saving, V. 1979. The human situation, in Christ, C. P. & Plakowe, J. (eds.), *Womanspirit rising: A feminist reader in religion.* 25-42. San Francisco: Harper & Row

Scholer, D. M. 1991. Feminist hermeneutics and evangelical biblical interpretation. *Evangelical Review of Theology* 15, 305-320.

Schüssler Fiorenza, E 1989. Text and Reality – Reality as Text: The Problem of a Feminist Historical and Social Reconstruction Bases on Texts. *Studia Theologica* 43 (1), 19-34.

Schwartz, L. L. & Kaslow, F. W. 1997 *Painful partings: Divorce and its aftermath.* New York: Wiley.

Sears, J. T. 1992. Researching the other/searching for self: Qualitative research on (homo)sexuality in education. *Theory Into Practice* 31(2), 65-74.

Shaffer, B.P. & Galinsky, M. D. 1974. *Models of group therapy & sensitivity training.* New Jersey: Prentice-Hall.

Shefer, T, Strebel A, & Foster D. 2000. "So women have to submit to that." Discourses of power and violence in student's talk on heterosexual negotiation. *South African Journal of Psychology* 30 (2), 11-19.

Simon, R. 1985. A frog's eye view of the world. *Family Therapy Networker* (May-June), 32-43.

Simons, M. A. 1984. Motherhood, feminism and identity. *Womens' Studies International Forum* 7(5), 349-359.

Smit, N. 1991. Why may a marriage not be dissolved. *Orientation* 58/62,111-117.

Smith, G. 1992. Dichotomies in the making of men. *Dulwich Centre Newsletter* 3 & 4, 9-22.

Smoke, J. 1980. Pastoring the dovorced: Caring without condoning. *Christianity Today* 24, 36-37.

Sölle, D. 1984. The strength of the weak: Toward a Christian feminist identity. Philadelphia: Westminster Press.

Soulen, R. N. 1969. Marriage and divorce. *Interpretation* 23(4), 439-450.

South African Association for Pastoral Work [s.a.]. *Code of Ethics.*Pretoria: SA Association for Pastoral Work.

Sprenkle, D. H. 1989. The clinical practice of divorce, in Textor 1989: 171-196.

Statistics South Africa 1998. *Marriages and divorces, 1998. Report no, 03-07-01.* Pretoria: Statistics South Africa.

Stuening, K. 1996. Feminist challenges to the new familialism: Lifestyle experimentatiou and the freedom of intimate association. *Hypatia: A Journal of Feminist Philosophy* 11 (1), 135-154.

Stylianopoulos, T. 1989. The indissolubility of marriage in the New Testament: Principle and practice. *Greek Orthodox Theological Review* 43(4), 335- 345.

Steyn, L. 1997. Preekriglyne: *Die vrou in die omgekeerde sosiale orde.* Pretoria: CB Powell Bybelsentrum.

Tatman, L. 1996a. Anger, in Isherwood & McEwan 1996: 6-8.

Tatman, L. 1996b. Sin, in Isherwood & McEwan 1996:217.

Textor, M. R. *The divorce and divorce therapy handbook.* London: Jason Aronson.

Thoits, P. A. 1992. Identity structures and psychological well-being: Gender and marital status comparisons. *Social Psychology Quarterly* 55 (3), 236-256.

Thorne, A. 1993. Feminism and the Bible. *Canadian Catholic Review* 15 (2-3), 592-603.

Tomm, M. D. 1990. The ethics of dual relationships. *Calgary Participator* (Winter), 11- 15.

Trible, P. 1986. Texts of Terror. Philadelphia: Fortress Press.

Trible, P. 1989. Five loaves and two fishes: Feminist hermeneutics and biblical theology. *Theological Studies* 50(2), 279-295.

Tyndale, R. 1990. Narrative analysis: A practical research methodology for family therapy. *Dulwich Centre Newsletter* 2, 24-25.

Vanhoozer, K. J. 2000. *Is there a meaning in this text?* New York: Apollos.

Van Leeuwen, M. S. 1993. *After Eden: Facing the challenge of gender reconciliation.* Grand Rapids: Eerdmans.

Van Marle, K. 1997. Die alliansie van postmodernisme, dekonstruksie en feminisme. *Codicillus* 38 (1), 47-51.

Vaughan, D. 1986. *Uncoupling: Turning points in intimate relationships*. London: Oxford University Press.

Van Wyk, J. 2002. Formulier vir tweede huwelike. In Sinode van Oos-Tranvaal. *Woordwyser – eksegetiese en liturgiese riglyne,* 324-327. Pretoria: STN Drukkers.

Veltkamp, A. 1988. *Pastoraat als gelijkenis: De gelijkenis als model voor pastoraal handelen.* Kampen: Kok.

Wallerstein, J. S. 1986. Women after divorce. *American Journal of Orthopsychiatry* 56(1), 65-77.

Wallerstein, J. S. & Blakeslee, S. 1989. *Second chances: Men, women and children a decade after divorce*. New York: Ticknor & Fields.

Wallerstein, J. S. & Kelly, J. B. 1980. *Surviving the breakup.* New York: Basic Books.

Ward, R. B. 1988. Paul, how he redefined marriage. *Bible Review* 4 (Aug), 26-31.

Ware, C. 1995. *Discover your spiritual type.* New York: Alban Institute Publicatio Press.

Weitzman, L. J. 1985. *The divorce revolution: The unexpected social and economic consequences for women and children in America.* New York: Free Press.

White, M. 1991. Deconstruction and therapy. *Dulwich Center Newsletter* 3. 21-39.

*Wet op egskeiding, No 70 van 1979.* Pretoria: Staatsdrukkery.

White, M. & Epston, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends.* New York: Norton.

Wicke, J.& Ferguson, M. 1992. Introduction: Feminism and postmodernism; or, the way we live now. *Boundary* 2 19 (2), 1-9

Winters, K. A. 1993. *The experience of divorced Roman Catholic women: Implications for the theology of the indissolubility of marriage and the development of identity.* Ann Arbor: University Microfilm International.

Young, J. J. 1983. The spiritual crisis of the divorced Catholic. *Journal of Pastoral Counseling* 18 (1), 5-10.

Young, J. J. 1985. New Testament perspectives on divorce ministry. *Pastoral Psychology* 33(3), 205-216.

## BYLAE 1

1. **2000 11 7**

2. Ek nooi u vriendelik uit na ons volgende gespreksgroepbyeenkoms vir enkellopendes wat deur egskeiding getraumatiseer is.

3. Ons volgende gespreksgroep kom Woensdag 15 November 2000 by die pastorie bymekaar.

4. Ons gesels saam oor die tema:

5. **LEWENSVAARDIGHEDE WAT BEMEESTER MOET WORD OM TE LEER LEWE SAAM MET NUWE WERKLIKHEDE TYDENS EN NA EGSKEIDING.**

6. Tydens die eerste gesprek is besluit dat die volgende aspekte aandag behoort te kry:

- Om te lewe saam met onsekerheid: hoe gaan ek en die kinders versorg word?
- Hoe beding ek 'n billike egskeidingskikking?
- Hoe hanteer ek emosies? Die woede wat gepaardgaan met die verontregting, die verwerping; hoe kry ek weer kalmte en vrede?
- Hoe kan ander verhoudings byvoorbeeld met skoonfamilie en vriende, ordelik hanteer word?
- Hoe kan my selfbeeld weer opgebou word en waar kry ek weer selfvertroue?
- Hoe versoen ek my egskeiding met dit wat die Bybel vir ons leer oor egskeiding?
- Hoe gaan ek weer leer om met vertroue te leef?
- Hoe kan ek leer om te vergewe en uit vergifnis te lewe?
- Watter rol het die vrou om te speel volgens die Bybel?

7. Indien u kan dink aan nog aspekte waarop ons moet fokus is u welkom om idees saam te bring.

8. **2000 11 16**

9. Vir my was Woensdagaand se gesprek 'n groot ervaring. Tot nou toe het ek voortvarend gedink ek weet iets van die effek wat egskeiding op mense se lewens het. Nou weet ek dat ek maar net die spits van die ysberg raakgesien het. Die openhartige gesprek het baie skille van my oë laat afval en my iets meer laat besef van die geweldige uitwerking van egskeiding op alle aspekte van 'n persoon se lewe.

10. Ek het veral weer goed nagedink oor Jeremia 29, wat deur Magda aangehaal is. Jeremia sê dat die ballingskap lank gaan duur. Dit staan natuurlik teenoor Jeremia 28:2 waar die vals profeet Gananja verkondig dat die ballingskap binne twee jaar verby gaan wees. Met dié boodskap het Gananja valse hoop en verwagting by die volk wakkergemaak. Jeremia is baie meer realisties. Hy sê dat die ballingskap lank gaan duur, maar daar is 'n toekoms in ballingskap ook. Al is dit ondenkbaar vir die bannelinge, gaan God vir hulle 'n toekoms gee in Babel! Jeremia 29:11: "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie, Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"

11. Die ander teks wat Magda aangehaal het is Jesaja 43:1-5: "Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep: Jy is Myne! As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie, as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie...moenie bang wees nie, Ek is by jou". Magda, ek wonder of jy daaraan gedink het dat dit ook 'n gedeelte is wat aan die bannelinge gerig is. Hier verseker die Here hulle juis van 'n veilige terugkeer na die beloofde land.

12. Die feit dat albei tekste gebore is tydens Israel se ballingskap, het my laat wonder of daar 'n verband is tussen egskeiding en Israel se ballingskap? Ek sal bly wees as julle dalk aan die saak dink en as daar ooreenkomste is, dit met ons kom deel.

13. Carna het vertel dat Filipense 4: 6 - 7 vir haar besonder baie beteken: "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en verstand die wag hou in Christus Jesus."

14. Toe ek die teks weer opnuut bekyk het, het dit my opgeval dat hier juis sprake is van die vrede van God wat oor "verstand en hart" waak. Ek het gewonder of daar dalk 'n verband is tussen die "verstand en hart" waarvan die teks praat en die stryd waarvan julle my vertel het daar in julle is om versoening te bewerk tussen wat julle in die hart voel en wat die verstand weet? Die hoop op 'n wonderwerk, en die realiteit dat die wonderwerk nie gebeur nie, die liefde vir die "ou" persoon waarmee jy getroud was, wat versoen moet word met die gevoelens teenoor die "nuwe" mens wat nou te voorskyn gekom het.

15. Ek het gewonder wat gedoen kan word om die vrede waarvan die teks praat in julle verstand en hart te laat vestig? Julle verstand het al 'n paar dinge vir julle gesê, wat julle die besluite laat neem het wat julle wel geneem het.

16. Maar daar is ook "welmenende vriende" wie se stemme julle verwar. Dalk is hierdie welmenende stemme so verwarrend omdat hulle aanspraak daarop maak dat hulle stemme die "Bybelse" stemme is en dat hulle stemme die enigste "Bybelse" stem is?

17. Ek het weer gedink aan Jeremia 28 en 29, en aan die verskil tussen ware en valse profete: alle profete is interpreteerders van omstandighede en gebeure. Hoe weet ons wanneer 'n bepaalde interpretasie van 'n gebeurtenis die "regte" interpretasie is? Wie besluit of die interpretasie van 'n gebeurtenis "reg" is? Watter faktore behoort in ag geneem te word wanneer ons besluit oor die interpretasie van gebeure en my reaksie op die gebeure?

18. Dit het my laat dink dat ons wyer sal moet gaan dink oor die Bybelse stemme en die interpretasie van Bybelse stemme. Julle het genoem dat "egbreuk" die enigste "grond" vir egskeiding is. Maar wat is "egbreuk"? Is dit net as daar 'n derde party betrokke is by 'n huwelik? Of is dit dalk ook die dinge wat verhoed dat 'n huwelik die verhouding is wat God wil hê dit moet wees?

19. Julle het ook die hele saak van vergifnis aangehaal. Hoe vergewe julle die derde persoon? Hoe vergewe julle die vorige huweliksmaat? Rika het selfs gepraat van 70 x 7 keer wat ons moet vergewe.

20. Ek het julle uitgedaag om 'n bietjie te besin oor die teenpool van vergifnis naamlik geregtigheid. Is dit dalk moontlik dat 'n eensydige klem op vergifnis kan veroorsaak dat die oortreder die effek van sy dade nie besef en die gevolge daarvan te ligtelik opneem? Of dat die oortreder die verantwoordelikheid vir sy dade ontduik? Of dat die grense tussen reg en verkeerd vervaag? Ek

sou graag julle reaksie hierop wil hoor en of julle dalk kan dink aan verhale waar geregtigheid in plaas van vergifnis ter sprake is, of waar geregtigheid vergifnis voorafgaan?

21. Gebed was ook 'n redelike groot saak. Ek het vir julle die gebed oor "Rage" uitgedeel. Ons kan dit dalk volgende keer bespreek. Ek het gewonder of ons gebed dalk te ingewikkeld maak. Hierby is 'n paar baie ou, eenvoudige gebede, kyk daarna en as julle wil, kan ons dit bespreek.

22. Daar was ook nog 'n hele klomp ander sake ter sprake, onder andere selfvertroue en selfbeeld, onbeantwoorde liefde en verwerping. Ek hoop ons sal in die toekoms aan dié sake nog baie aandag gee.

**23. 2000 11 26**

24. Ek wonder of julle sou saamstem dat Jeremia 6:14 dalk 'n samevatting van ons gesprek kan wees. Daar staan: "Hulle sê net: "Alles is reg! Alles is reg! Maar niks is reg nie".

25. Tydens die gesprek het dit duidelik na vore gekom dat daar baie "dinge" in die samelewing is wat nie "reg" is nie.

26. Rika het ons daarop gewys dat indien iemand 'n pen steel word hy/sy deur die samelewing gestraf, maar as 'n persoon emosionele moord pleeg, aanvaar die samelewing dit. Howe is bereid om kontrakte waarby geld betrokke is af te dwing, terwyl dieselfde howe huwelikskontrakte ontbind sonder om 'n oog te knip.

27. Magda het vertel dat kennisse alles wat met haar gebeur ignoreer en onder die mat wil invee.

28. Carna het vertel hoe die derde party wat by hulle huwelik betrokke is deur haar leraar beskerm word.

29. Is die dinge vir julle ook onverstaanbaar?

30. Dan is daar ook gepraat oor idees van wat manwees beteken. Julle het gesê:

- Mans kry dit reg om in kompartemente te lewe.

- Dit lyk of mans nie emosioneel geraak word deur die pyn wat veroorsaak word deur egskeiding nie.

- Mans gaan oënskynlik ongehinderd voort met hulle lewens.

- Geld en voorspoed is vir hulle genoeg terwyl emosies vir hulle niks beteken nie.

- Daar is 'n grootheidswaan by sommige mans wat lei tot mag en beheer, terwyl hulle nie omgee wie hulle in die proses seermaak nie.

- Dikwels is dit net vroue wat seerkry.

- Magda het gewys op manlike chauvinisme.

- Dikwels gaan dit met mans finansieel goed. Hulle ry op die kruin van voorspoed terwyl die vroue swaar kry. Magda het daarop gewys dat dit presies is wat Psalm 73 sê van die hooghartige goddelose wat voorspoed beleef.

- Julle het gesê daar is 'n onvermoë by sommige mans om te sê hulle is jammer. Rika het daarop gewys dat die enigste verskil tussen die twee moordenaars wat saam met Jesus gekruisig is, was dat die een gesê het hy is jammer en die ander nie. Dit het die verskil gemaak tussen waar hulle die ewigheid deurbring. Dit sou vir julle makliker gewees het om te vergewe indien mans net ook kon sê hulle is jammer. Lynette het daarop gewys dat terwyl 'n persoon nie sê wat hy verkeerd gedoen het nie, het jy nie iets waarvoor jy hom kan vergewe nie.

31. Aanvanklik het dit vir julle gelyk of die mans met wie julle getrou het, nie die populêre idees oor manwees onderskryf het nie. Julle het vertel julle mans was bedagsaam en vriendelik. Julle was gelukkig. Tog het dit later geblyk dat julle mans ook geswig het voor die populêre idees oor manwees. In so 'n mate het hulle later die idees onderskryf dat hulle self besluit het oor wat reg en verkeerd is, ongeag die gevolge van hulle besluite op die persone na aan hulle.

32. Wat was die invloed op julle toe julle mans die populêre idees oor manwees begin onderskryf het? Het dit dalk vir julle laat voel soos wat die Tien Gebooie oor vroue praat: as die besitting van 'n man? Hierdie idees oor manwees is vir julle so nadelig dat Magda na dit verwys het as die "bose geeste in die lug" (Ef.6:4).

33. Ek het gewonder of julle aan nog populêre idees kan dink wat 'n negatiewe invloed het op manwees en vrouwees en wat die verhouding tussen mans en vroue soms moeilik maak? Ek

sou graag wil hê dat julle my moet help om na die dinge in die samelewing te kyk deur 'n vrou se oë. Wat sien julle raak wat nie reg is nie en hoe raak dit julle persoonlik?

34. Is daar dalk idees oor manwees en vrouwees en die verhouding tussen mans en vroue wat dit beter en goed maak om te lewe? Watter idees oor manwees en vrouwees sou julle graag wil sien posvat wat dinge beter kan maak?

35. Die dinge wat in ons samelewing nie reg is nie, is ook nie 'n nuwe ding nie. Julle het daarop gewys dat dinge in die Bybelse tyd al nie reg was nie.

36. Johannes 8, waar die vrou wat op heterdaad betrap is toe sy owerspel gepleeg het en na Jesus toe gebring is sodat Hy haar steniging moes goedkeur, het ter sprake gekom. Julle het gewonder wat het van die man geword? As die vrou op heterdaad betrap was, moes die man ook daar op die toneel gewees het! Maar die man kom skotvry daarvan af, net die vrou word gevang en word deur ander mans na Jesus toe gebring om veroordeel te word.

37. In dié verband het ek gewonder wat dit vir ons van Jesus sê dat hy weier om die vrou te veroordeel? Vir sy tyd reageer Jesus met ongekende buigsaamheid teenoor die vrou. Dieselfde gebeur ook met die Samaritaanse vrou by die put (Joh. 4), wat deur vyf mans verwerp is en deur 'n sesde as houvrou aangehou word, maar deur Jesus aanvaar word.

38. Sou julle saamstem dat in die algemeen Jesus se optrede teenoor vroue nogal anders is? Dink maar aan die manier hoe Hy optree teenoor die vrou wat inbars by die ete om sy voete te salf. Ek wil julle vra om in die maand wat voorlê die evangelies (en veral die Lukas-evangelie) met julle eie oë te gaan lees en te kyk of die manier hoe Jesus teenoor vroue optree vir julle iets beteken.

39. Wat sê die optrede van Jesus teenoor vroue vir ons oor die manier hoe Onreg[1] en vroue wat verontreg word, hanteer moet word?

40. Die gesprek het egter nie net by voorbeelde van Onreg in die samelewing en die Bybel gebly nie. Elkeen van julle het vertel dat julle ook al Onreg belewe het. Onreg het julle lewens omgekrap en laat julle met skuldgevoelens, verneder, met 'n selfbeeld en selfvertroue wat

---

[1] Die hoofletter hier, en elders, dui op eksternalisering.

vernietig is. Onreg maak julle kwaad. Julle wil weerstand bied teen Onreg, maar in die proses ontlok Onreg in julle reaksies waarvan julle nie hou nie en waarmee julle nie wil saamleef nie.

41. Is dit so dat die manier hoe weerstand teen Onreg gebied word van groot belang is? Aan die een kant kan Onreg nie net geduld word nie, dit maak ons medepligtig aan Onreg (so het Carna gesê). Maar is dit ook so dat aan die anderkant kan ons op so 'n manier op Onreg reageer dat dit ons mense maak wat ons nie wil wees nie? Is wraak, woede en die nie-gereed-wees-om-te-vergewe- nie, dalk aan die een kant maniere van weerstand bied teen Onreg? Is dit ook so dat aan die ander kant die reaksies wat Onreg by ons ontlok en ons skaam maak en van ons mense maak wat ons nie wil wees nie?

42. Ek sou graag wil weet op watter maniere Onreg hanteer kan word wat 'n positiewe effek op julle menswees het, wat julle beter en sterker mense maak. Kan julle dalk dink aan maniere hoe julle Onreg hanteer het wat mooi dinge in julle na vore laat kom het? Dinge waarop julle trots is? Ek sal graag van julle hoor van situasies wat julle die afgelope tyd Onreg op 'n besliste wyse, sonder om medepligtig aan Onreg te word, hanteer het maar terselfdertyd ook beter en sterker mense geword het. Ek het gewonder hoe julle graag bekend wil wees

43. Dit bring my by 'n deel van die gesprek wat ons laat wonder het: die saak van roeping. Ek het genoem dat net soos wat God ons tot 'n huwelik kan roep, so kan God, wanneer omstandighede so ondraaglik raak in 'n huwelik, ons uit die huwelik roep. Lynette het ons daarop gewys dat wanneer 'n huwelik nie meer die spieëlbeeld is van dit wat God dit bedoel om te wees nie, en dat die tempel van God in die huwelik vernietig word, en sodoende mense betrokke by die huwelik vernietig, egskeiding 'n roeping kan word.

44. Ek het gewonder of dit sal help indien ons aan ons hele lewe dink as 'n roeping? Kan dit dalk gebeur dat die huidige omstandighede veroorsaak dat julle visie op roeping verloor het? Wat sou julle sê is julle roeping in die omstandighede waarin julle bevind en wat kan dalk julle roeping wees in die toekoms?

**45. 2001 2 3**

46. Magda het ons laaste gesprek begin met (vir my) 'n aangrypende aanhaling oor Maria-Magdalena en Jesus se onvoorwaardelike aanvaarding van haar. Ek wonder of dit julle ook

geraak het? Het die aanhaling dalk die atmosfeer van ons gesprek beïnvloed? Was die gesprek vir julle ook opvallende "lig" en vol lag en humor gewees? Sou julle saamstem dat ons dalk daarin geslaag het om baie van die "doom en gloom" wat vorige gesprekke gekenmerk het, ontslae te raak?

47. Hoewel daar ook sprake was van die dinge wat nog vir julle moeilik is, soos byvoorbeeld intimidasie wat al meer word namate julle sterker word, almal van julle daarvan getuig het dat dit goed gaan met julle.

48. Op 'n vorderingskaal het julle vertel dat julle die afgelope ses maande gegroei het van so laag as 'n -40 tot 6, 7, 8 en selfs 'n amper tien! Dink julle ook dit is merkwaardig? Is daar dalk iemand wat julle ken, of geken het, wat sou kon voorspel dat dit so goed met julle sou gaan die diep waters waardeur julle is? Iemand wat nie verbaas sou wees oor julle groei nie?

49. Julle het vertel dat die groeiproses die volgende dinge behels het wat gehelp het om julle te "launch" (ek noem die dinge so min of meer in volgorde waarin dit tydens die gesprek ter sprake gekom het):

- Julle het met meer insig begin kyk na julle omstandighede en ophou om te droom dat julle huwelike tog dalk gaan werk. Die insig dat dit nie gaan werk nie het julle gehelp om die mens met wie julle getroud was meer realisties te sien.

- Die idealistiese (of dalk onrealistiese beeld? - eie interpretasie), oor vrouwees is deur julle laat vaar. Die idealistiese idee van vrouwees het volgens Magda onder andere behels dat jy die "kroon op jou man se kop moet hou". Dit is sy geleer van kindsbeen af en is in die kerk bevestig,. Vir Carna het dit beteken dat sy 'n "puppet on a string" geword het. Die idealisme is vernietig en nou besef julle dat die idealisme julle vervreem het van julle eie identiteit. Julle het besluit om weer die mense te wees wat die Here wil hê julle moet wees en wat julle wil wees. Julle wil nie "copy-cats " wees nie, "winkelpoppe" wat vir versiering aangehou word nie.

50. Hierdie opmerkings van julle het my laat wonder:

- Watse soort idealisme is dit dié?

- Waar kom die idealisme vandaan?

- Wie in die wêreld of in die kerk was daarvoor verantwoordelik dat dié soort idealisme wat hier ter sprake is die ideaal vir vroue geword het?

- Tot wie se voordeel is dit dat dié ideaal in stand gehou word?
- Is idealisme wat jou vervreem van jou eie identiteit 'n gesonde idealisme?
- Indien dit nie 'n gesonde idealisme is nie, wat kan ons doen om dit te vervang met 'n gesonde idealisme vir vroue?

51. Julle het vertel dat julle jul emosies en gemoedstoestande onder oë geneem en besluit het dat julle nie die res van julle lewens so wil voel nie. Onsekerheid en wantroue sou voortduur so lank as wat julle vasklou aan die verlede. Daarom moes julle 'n wilsbesluit neem dat julle verstand en julle emosies moet saamspan om die probleme te oorkom.

52. Julle het vertel dat voordat julle die prakties werkbare besluite kon neem, moes julle eers julself toestemming gee om aan julle emosies uiting te gee. Julle het "geskel" en "gehuil" oor "verwerping", "leuens" en "mislukking". Ander mense wou julle nie altyd toelaat om dit te doen nie. Soms wou julle nie vir julself dit gun nie. Magda het gesê "die seer moet eers geventileer word, dan kan 'n mens aangaan".

53. Ek het baie gewonder oor al hierdie dinge wat julle vertel het. Soms het dit vir my geklink of ons dalk negatief oor emosies dink. So asof emosies minderwaardig is, en daar eers van emosies "ontslae" geraak moet word deur dit te laat "uitwoed", voordat 'n mens by 'n "hoër" vlak van funksionering kom, naamlik die "rasionele denke".

54. Wat, dink julle, is dit dalk die populêre idee oor emosies? Dit het natuurlik ook implikasies vir die manier waarop gedink word oor vroue. Omdat vroue meer uiting gee aan hulle emosies word soms gedink vroue funksioneer op 'n "laer" vlak as mans wat op 'n "verstandelike" vlak funksioneer.

55. Is dit dalk moontlik om anders te dink oor emosies? Byvoorbeeld dat alle mense dalk 'n "emosionele" verstand en 'n "rasionele" verstand het? 'n "Emosionele" intelligensie en 'n "rasionele" intelligensie? En dat wanneer daar dinge is wat seermaak, ons albei hierdie twee aspekte nodig het om die saak wat seermaak, suksesvol te hanteer?

56. Sou julle sê dat om julle emosies te erken, dit te eer as 'n belangrike deel van julle samestelling en om uitdrukking daaraan te gee dalk die eerste tree in julle groeiproses was?

57. Julle het vertel dat julle voortgaan met die lewe. Julle het "besluite begin neem", julle het "selfstandig" geword, julle het "oorwinnings" behaal. Vir Rika voel dit of sy "uit die hok" is.

Julle het self genoem dat julle "'n bietjie losbandig word". Julle kan maak wat julle wil, skuif meubels rond, kuier by wie julle wil, kies self die (vrolike) kleure wat julle die huis wil verf. Dit is vir julle lekker. Julle ervaar 'n nuutgevonde vryheid. Dit is juis die feit dat julle "cope" wat vir ander partye onverstaanbaar is en soms hewige reaksie uitlok.

58. Julle verhouding met julle kinders het in die proses ryker geword. Mari het genoem dat hulle nou lekker "pêlle" is.

59. Mari het genoem dat wanneer dit swaar gaan hou sy 'n stiltetydjie by haar self, bid, lees Bybel, en soms kry sy krag.

60. Is die opsomming van die pad van groei min of meer 'n betroubare weergawe van wat julle beleef het? Is daar dalk nog ander faktore genoem wat gehelp het in die proses wat ek misgekyk het?

61. Ek het ook gevra watter rol die groep speel in julle groei?

62. Julle het genoem dat die groep ongelooflik baie bygedra het daartoe. Dit het gehelp dat julle uiting kon gee aan julle emosies. Emosies is in realiteite verander. Julle kon vrede maak met sommige dinge nadat julle besef het daar is ander wat dieselfde dinge beleef. Julle is bevry van skuldgevoelens. Julle kon die dinge wat verkeerd is erken en regte dinge begin doen. Die groep het verwerping teengewerk en die onderlinge aanvaarding was die "eerste treetjie van aanvaarding" wat julle in staat gestel het om verder te gaan. Die gesprekke het julle sterker gemaak.

63. Ons het ook so 'n bietjie gepraat oor die toekoms van die gespreksgroep. Stem ons saam dat die dinamiek wat hier ontketen is, nie sommer verlore kan gaan nie? Een moontlikheid wat genoem is, is dat ons 'n taak het om jongmense deegliker voor te berei vir die huwelik. Rika het genoem dat sy om die dood nie kan dink aan 'n populêre gesegde wat die huwelik in 'n positiewe lig stel nie. Lynette het gesê dat die negatiwiteit oor die huwelik maklik 'n selfvervullende profesie kan word. Mari het genoem dat al waaroor jong paartjies praat is die huise, verloofringe en geskenke asof dit die somtotaal van die huwelik is. Jongmense se besluit om te trou is volgens julle 99% 'n emosionele besluit.

64. 'n Ander moontlikheid wat genoem is, is dat ons kan uitreik na ander vrouens wat in soortgelyke situasies is.

65. Magda dink ons kan 'n boek skryf.

66. Ek het gewonder of julle idees het oor hoe ons die planne, en dalk nog ander wat julle het, kan implementeer?

67. Ons het net vinnig verwys na die vorige brief en saamgestem dat daar wel eensydigheid in die brief is. Alle mans is nie soos ons hulle beskryf het nie. Wat het in ons verander van die een byeenkoms na die ander wat ons laat besef het ons was dalk so 'n bietjie eensydig? Het die feit dat ons onsself toestemming gegee het om 'n paar radikale dinge te sê, ons bevry om met 'n bietjie meer objektiwiteit na die lewe te kyk? As julle wil kan ons volgende keer 'n bietjie hieroor praat.

**68. 2001 2 10**

69. Tydens die laaste gesprek het ons weer gepraat oor manwees en vrouwees. Julle het vertel hoe julle (en dalk meeste mense?) hulle idees het oor mans en vroue. Hierdie idees hoe 'n man en vrou moet wees word geleer in ouerhuise, die kerk en kerklike organisasies soos die CSV.

70. Is dit so dat hierdie dinge wat julle geleer het dalk nie lekker gevolge vir julle gehad het nie? Magda het vertel hoe die dinge wat sy geleer het haar laat neersien op die talente wat sy van die Here ontvang het. Sy het dit as "onpraktiese" talente beskryf. Dit is nou die talente om te kan sing en te kan skryf, en dalk nog ander talente wat sy nie genoem het nie. Magda het gesê omdat sy nie "praktiese" talente ontvang het om die "tipiese" vrou te wees wat die gemeenskap van 'n vrou verwag nie, dit haar laat voel sy is 'n mislukking en nutteloos.

71. Ek het gewonder of daar meer van julle is wat al dit beleef het wat Magda ervaar: dat indien mens nie aan die samelewing se voorgeskrewe vereistes voldoen nie, jy dink dat die fout by jou lê? Waarom gebeur dit dat wat die samelewing dink so 'n groot invloed het op wat 'n mens van jouself dink?

72. Verder het julle weer vertel hoe julle gely het onder mans wat die populêre idee oor manwees aanvaar het. Mari het vertel van vrees en dreigemente, en selfs van straf, wat haar te beurt geval het toe sy weerstand begin bied het teen die populêre idees van manwees en begin leef het volgens haar eie oortuigings. Magda het vertel van gesprekke wat haar dogter se ore gekom het wat mans oor vroue gevoer het en wat baie vernederend teenoor vroue was.

73. Ons het ook gepraat oor hoe 'n ideale man of vrou nou behoort te wees. Julle het tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie wesenlike verskille is tussen mans en vroue nie: vir beide mans en vroue geld dat hulle standvastig moet wees (beginselvas), selfbeheersing moet hê, respek vir ander mense moet kan wys, eerlik moet wees, verantwoordelik met geld kan omgaan, 'n goeie selfbeeld moet hê en dat man en vrou vir mekaar maats moet wees wat saam kan ontspan en mekaar se diepste geheime en wense kan deel en nie mekaar se swakhede teen hom/haar gebruik nie.

74. Ek het gewonder of ons op die regte spoor is met die idee om 'n profiel van 'n ideale man of vrou vir onsself te wil opstel? Herhaal ons nie dalk dieselfde geskiedenis wat ons juis nie wil herhaal nie? Die geskiedenis leer ons dat wanneer 'n samelewing 'n profiel van die ideale man en vrou opstel en alle mans en vrouens aan die profiel moet beantwoord om 'n "ware" man of vrou te wees, dit tot groot hartseer kan lei. Was sommige van julle nie juis slagoffers van die idee nie?

75. Moet ons vertrekpunt nie dalk individue wees nie, eerder as groepe? Dan is die vraag eerder watter mens wil ek wees? Elke mens moet dan die vraag beantwoord: wat se man wil ek wees? Watse vrou wil ek wees? En wanneer elkeen, so vry van voorskrifte van buite as wat maar moontlik kan wees, individueel op die vraag geantwoord het, seker is van haar/sy eie identiteit, kan daar dalk nou vryer en spontaner verhoudings tussen mense wees?

76. Die dinge het vir my persoonlik baie laat wonder: watter soort man wil ek wees?

77. Maar ek het ook gewonder of julle dalk daaraan gedink het watter soort vroue julle wil wees? Waarvoor wil julle bekend staan? Waarin lê elkeen van julle se unieke identiteit wat dalk deur ander mense misgekyk is en nie waardeer is nie? Wie is daar in julle lewens wat wel die unieke individualiteit van elkeen van julle wel raakgesien en waardeer het?

78. Het die dinge wat julle die afgelope tyd ervaar het bygedrae tot die ontdekking van hierdie individualiteit? Is dit so dat elkeen van julle die afgelope tyd besluite geneem het en dinge gedoen het wat julle in die verlede nie sou besluit het en gedoen het nie? Is julle dalk verbaas oor die dinge wat julle gedoen het? Wat het julle oor julleself in die proses geleer? Wie is daar wat nie verbaas is oor die nuwe dinge wat in julle lewens gebeur het nie?

79. Tydens ons volgende gesprek kom voer Elmarie Kotzé, 'n sielkundige, 'n onderhoud met my oor die invloed wat die afgelope tyd se gesprekke op my gehad het. Ek wil julle dan vra om te reflekteer op die gesprek.

**80. 2001 2 23**

81. Anders as wat ek my voorgeneem het, wil ek tog met julle 'n paar dinge deel na aanleiding van gisteraand se gesprek. Ek hoop die gesprek was vir julle ook so 'n verrykende ervaring gewees as wat dit vir my was. Elmarie het die proses waarby ons betrokke is met Kersfees vergelyk: ons gee vir mekaar geskenke. Baie dankie vir die geskenke wat julle vir my gee.

82. In die eerste instansie wil ek vir julle dankie sê vir die geleentheid wat ek gehad het om oor my eie lewe na te dink. Die gesprek het baie dinge in my "losgemaak", en het beslis vir my gehelp om 'n paar stukke in my lewenslegkaart te laat inpas wat voorheen nie ingepas het nie. Ek het weer bewus geword van 'n paar dinge:

- die dinge wat my gemaak het wat ek is
- van die dinge wat my motiveer
- my eie doelwitte.

83. In die tweede instansie was die gesprek vir my 'n bevestiging van my voorkeure in my werk. Daar is so 'n groot verskeidenheid van take waarmee 'n predikant besig kan wees dat dit in elk geval vir my onmoontlik is om aan elke taak ewe veel tyd en energie af te staan. Daarom is ek voortdurend besig om my voorkeure te probeer bepaal oor met watter take ek besig moet wees. Elke gemeentelid het haar/sy eie voorkeure en daar ontstaan dikwels 'n botsing van belange tussen gemeentelede se voorkeure en my eie voorkeure. Ná ons gesprek gisteraand is dit vir my duidelik dat pastoraat steeds een van my voorkeure moet bly en dat ek dalk op die terrein 'n verskil sal wil maak en hopelik ook kan maak.

84. Elmarie het 'n paar dinge tydens die gesprek gesê wat my laat dink het. Ek is bang die dinge gaan verlore en skryf dit dus neer sodat ons later daaroor kan praat.

85. Een van die dinge wat sy gesê het wat nuwe perspektiewe vir my geopen het is dat elke mens verantwoordelik is daarvoor om sy eie doel te skep uit die omstandighede waarin sy/hy haar/hom bevind.

86. Was dit vir julle ook 'n nuwe gedagte? Gewoonlik, dink ek, is ons geneig om te dink dat iemand of iets van buite af vir ons moet verduidelik wat die "doel", die "betekenis" en die "sin", van dinge is wat met ons gebeur en dan moet ons die doel probeer "verstaan" en nastreef. Maar indien onsself verantwoordelik is om "doel" en "sin" "betekenis" in ons lewe te skep, kan ons kies watter doel ons wil hê dinge moet hê en dan die doel nastreef.

87. Carna het hierby aangesluit en gesê dat indien ons wil hê dat die pyn wat ons in die lewe ervaar nie heeltemal sinloos moet wees nie, moet ons vir onsself 'n doel vind waarheen die pyn ons lei. Rika en Lynette het ook daarop gewys dat Magda se pyn ook in 'n sekere opsig al vrug gedra het in die nuwe verhouding wat tussen haar en haar dogter tot stand gekom het.

88. Die opmerkings het my baie laat wonder watter doel wil ons hê bereik moet word deur ons swaarkry. Ek het gedink aan die beeld van 'n pêrel wat gevorm word deur 'n sandkorreltjie wat die mossel irriteer. Op watter maniere kan ons sorg dat ons irritasies in pêrels ontwikkel?

89. Die tweede ding wat my opgeval het is die klem wat Elmarie gelê het op die individuele manier hoe elke mens haar/sy seer hanteer. Party huil, ander huil nie, party se kinders staan hulle by, ander staan hulle kinders by. Het dit vir julle ook 'n stuk bevryding gebring? Net soos met manwees en vrouwees, is daar 'n klomp voorskrifte in die samelewing oor hoe 'n mens pyn moet hanteer. Is om, vry van voorskrifte, jou eie manier te ontdek hoe jy jou seer hanteer dalk een van die dinge wat ons op 'n suksespad plaas om seer te hanteer?

90. Elmarie het ook klem gelê op dinge wat ons sterk maak. Veral is daar mense in ons verlede en vandag, wat ons sterk maak en help om die seer in die lewe te hanteer. Rika het van haar kinders vertel wat haar sterk maak, Magda van haar tant Anna. Ek het gewonder of julle dalk gedink het aan die mense wat julle help vorm het om julle sterk te maak om die seer wat julle het te help hanteer?

91. Die laaste ding wat my oor die gesprek laat dink het, is Elmarie se voorstel aan 'n ritueel wat ons kan uitwerk om hulde te bring aan die mense wat ons sterk maak. Kan ons dalk later weer praat oor die moontlike ritueel?

92. Ek sal graag wil hoor wat die gesprek vir julle beteken het. Is daar dalk ander dinge gesê wat julle opgeval het en wat ek gemis het?

93. 2001 3 5

94. Ek het in die verlede al gesê dat ek die effek wat egskeiding op mense se lewe het totaal onderskat het. Ná ons laaste gesprek het ek dit weer besef.

95. Julle het vertel dat julle "af" is, 'n "dip" vat en dat dit oor die algemeen nie so goed gaan soos julle graag wil hê dit moet gaan nie.

96. Dit het my laat wonder in watter mate julle dalk besig is om 'n "wedergeboorte" te beleef? Is dit dalk so dat julle besig is om 'n "ou lewe" af te sterf en dat 'n "nuwe lewe" besig is om gebore te word? Indien dit so is, sou julle hierdie "dips" beskou as deel van die proses waartydens die Nuwe Lewe vir julle aanbreek? Hoewel ek nog nooit self daardeur is nie, wonder ek of daar al ooit 'n geboorte sonder pyn was?

97. Julle elkeen het julle skielik in omstandighede bevind wat weer nuwe uitdagings en eise aan julle stel:

- vir Carna was dit die skikking wat uitgestel is
- vir Lynette het uitdagings by die werk opgeduik
- vir Magda was daar die drama rondom die prokureurs
- vir Rika die kontak wat sy met haar man gehad het
- Mari se dogtertjie is siek en sy moet alleen baie reëlings tref

98. Is hierdie nuwe uitdagings wat julle nog nie vantevore die hoof moes bied nie? Vra die uitdagings van julle nuwe vaardighede? Indien dit nuwe vaardighede van julle vra, watter vaardighede vra dit van julle en watter nuwe vaardighede het julle ontdek wat julle aangeleer het om die uitdagings die hoof te bied?

99. Of vereis die uitdagings vaardighede wat julle lank reeds gebruik? Of dalk so lank terug gebruik het dat julle al vergeet het julle beskik oor die vaardighede om die uitdagings die hoof te bied? Kan julle dalk dink aan omstandighede in die verlede wat soortgelyke eise aan julle gestel het en waar julle soortgelyke vaardighede gebruik het om die omstandighede die hoof te bied?

100. Daar is stemme wat julle daarvan wil oortuig (so het julle vertel) dat julle nie julle eie "oordeelsvermoë kan vertrou nie", wat julle "selfvertroue ondermyn", wat julle probeer "weerloos" laat en julle "moedeloos" laat voel, en selfs vir julle vertel dat julle "pateties" is.

101. Ek het gewonder waar kom die stemme vandaan? Is dit stemme van die Ou Lewe wat met julle praat of is dit dalk die nuwe uitdagings wat praat? Poog hierdie stemme om julle te ondermyn op julle pad na die Nuwe Lewe? Indien julle die pad in oënskou neem wat julle tot dusver geloop het, dink julle die stemme praat die waarheid? Ek wonder wat sou julle antwoord vandag op die stemme wees, 'n week nadat ons laaste gesprek gevoer het?

102. Julle het gesê dat julle 'n "pose" voor ander mense hou. Hoewel sommige mense julle bewonder vir dit wat julle regkry, dink julle dit is 'n "leuen", julle is nie regtig so sterk as wat ander mense dink nie. Carna het vertel van vriende en Rika van haar kinders wat hulle bewonder vir dit wat hulle reggekry het. Magda het vertel van haar dogter wat haar heel eerste geplaas het op haar lys van mense wat haar beïnvloed en motiveer. Ek het gewonder wat dit is wat die mense in julle sien? Sien die mense julle optrede binne in die omstandighede waarin julle julle bevind raak? Of sien hulle net die uiterlike raak?

103. Ek het gewonder oor die ding wat julle 'n "pose" noem. Is om 'n "pose" te hou nie ook soms wysheid nie? Dat julle nie aan almal kan vertel en wys hoe dit werklik met julle gaan en hoe julle werklik voel nie, maar dat julle mense soek wat julle kan vertrou om dit met hulle te deel? Is om 'n "pose" te hou nie dalk deel daarvan om versigtig te kies, kieskeurig te wees en om jou pêrels net met sekere mense te deel nie?

104. Is daar nog oorblyfsels van die Ou Lewe in julle lewens oor wat goed is en treur julle oor julle verlies? Indien dit so is, is daar maniere hoe die goeie dinge van die Ou Lewe deel gemaak kan word van die Nuwe Lewe? Is dit dalk so dat julle al meer daarin slaag om 'n spesifieke en spesiale ruimte te skep waar en wanneer julle treur en hartseer oor die Ou Lewe is, om, nadat julle getreur het, weer die Nuwe Lewe te gaan leef? Is een van die ruimtes waar julle kan treur oor die Ou Lewe dalk juis ons gespreksgroep? Is dit dalk die Nuwe Lewe wat julle leef wat julle as 'n "pose" beskryf het?

105. Elkeen van julle het alreeds maatreëls getref om die Ou Lewe verder af te sterf en die Nuwe Lewe met durf aan te pak: Behalwe vir die baie dinge wat julle in die verlede reeds gedoen en reggekry het, (byvoorbeeld Rika wat haar huis gebou en motor gekoop het, Mari se uitstappie na die wildsplaas):

- het Carna die skikking herbeding
- het Magda 'n nuwe prokureur gekry sowel as die fondse om hom te betaal
- het Lynette het aansoek gedoen vir nuwe werk en is besig om met haar huidige werkgewer te onderhandel
- het Mari alleen reëlings getref vir haar dogter se mangeloperasie

106. Hoe swaar weeg hierdie stappe vir julle? Is bogenoemde stappe vir julle belangrike stappe in die regte rigting waarin julle wil beweeg en wat vertel dit vir julle oor wat julle kan en wil doen?

107. Is daar dalk nog dinge wat julle die afgelope tyd reggekry het om van julle Nuwe Lewe 'n sukses te maak wat julle graag wil hê dit moet wees? Ek hoor graag van julle in dié verband en ook oor ander sake wat julle op die agenda wil plaas.

**108. 2000 3 28**

109. Aan die einde van die kwartaal dink ek dit is goed dat ons 'n slag voorraad opneem en kyk waar ons op die oomblik met ons gespreksgroep staan en waarheen ons op pad is.

**110.** Lank-lank gelede (vir my voel dit amper soos 'n honderd jaar terug) 'n ons eerste byeenkoms, het ons die volgende doelwitte vir ons gestel met ons gespreksgroep: ons wou kyk na:

111. **"LEWENSVAARDIGHEDE WAT BEMEESTER MOET WORD OM TE LEER LEWE SAAM MET NUWE WERKLIKHEDE TYDENS EN NA EGSKEIDING."**

112. Tydens die eerste gesprek is besluit dat die volgende aspekte aandag behoort te kry:

- Om te lewe saam met onsekerheid: hoe gaan ek en die kinders versorg word?
- Hoe beding ek 'n billike egskeidingskikking?
- Hoe hanteer ek emosies? Die woede wat gepaardgaan met die verontregting, die

- verwerping; hoe kry ek weer kalmte en vrede?
- Hoe kan ander verhoudings byvoorbeeld met skoonfamilie en vriende ordelik hanteer word?
- Hoe kan my selfbeeld weer opgebou word en waar kry ek weer selfvertroue?
- Hoe versoen ek my egskeiding met dít wat die Bybel vir ons leer oor egskeiding?
- Hoe gaan ek weer leer om met vertroue te leef?
- Hoe kan ek leer om te vergewe en uit vergifnis te lewe?
- Watter rol het die vrou om te speel volgens die Bybel?"

113. Soos wat die gesprekke gevorder het, het baie van die dinge aandag gekry, sommige dinge het nooit ter sprake gekom nie en daar het ook 'n hele klomp nuwe dinge ter sprake gekom.

114. Intussen het ek baie gedink oor my eie doelwitte wat ek met die gespreksgroep het. Die doelwit formuleer ek nou soos volg (en dit sal dalk ook die tema van my skripsie wees) "Pastorale gesprekke met 'n groep vroue wat 'n nuwe lewe begin ná egskeiding". Dit is my wens dat julle werklik 'n nuwe lewe begin ná die egskeiding. Ek hoop dat julle nuwe

- verhoudings vind om julle emosies in te "belê"
- 'n nuwe selfbeeld kry
- nuwe uitdagings sien en dit die hoof bied
- nuwe vaardighede aanleer
- leer om op 'n nuwe manier na die samelewing en die rol van die vrou in die samelewing te kyk

115. Hoewel hierdie drome my drome is, wonder ek wat julle drome vir ons groep is? Wat sal julle nog graag wil sien gebeur tydens ons gesprekke? Watter sake dink julle moet nog aandag kry?

116. Intussen het ek gewonder watter invloed die populêre idee "coupledom" op geskeide mense het. Die idee dat mens eers 'n volledige mens is as jy deel van 'n paar. Sou julle saamstem dat die idee nie baie vriendelik is teenoor geskeide persone nie?

117. Ek sal graag julle reaksie hieroor wil hoor.

**118. 11 05 2001**

119. Tydens die laaste gesprek het ek aan julle genoem dat ek graag by julle wil hoor wat julle daarvan dink indien die tema van ons projek sou wees: "Narratiewe pastoraat saam met 'n groep vroue wat 'n nuwe lewe ná egskeiding begin".

120. Ons het toe nooit werklik oor die tema gepraat nie, maar ek kan uit die entoesiasme waarmee julle gepraat het oor die "nuwe lewens" wat julle begin, aflei dat die tema dalk in die kol is? (Ek dink die "in die kol" was Carna se woorde).

121. Julle het genoem dat indien die beeld van "nuwe lewe" toepaslik is, onthou moet word dat "nuwe lewe" geboorte veronderstel en dat daar nog nooit 'n geboorte sonder pyn was nie. Veral omdat hierdie geboorte, volgens Carna, 'n omvattende geboorte van siel, gees en liggaam is.

122. Julle het sommer 'n klomp dinge genoem wat weergebore word in die proses van die nuwe lewe wat aanbreek:

- Lynette het genoem dat, terwyl die vaardighede wat julle gehad het om die ou lewe mee te leef nie oorbodig word nie, is daar 'n klomp nuwe vaardighede wat julle moes aanleer.

- Julle het genoem dat daar 'n totale ommekeer in julle denke plaasgevind het.

- Aan die grondslag van die nuwe lewe wat julle begin het, lê 'n nuwe waardestelsel wat julle ontwikkel het.

- Julle het 'n hele klomp nuwe verantwoordelikhede geneem terwyl julle die nuwe lewe begin lewe het. Julle het genoem dat daar verantwoordelikhede is aangaande finansies, kinders en praktiese aangeleenthede soos behuising ens.

- Julle het nuut begin dink oor vroue se plek in die samelewing en oor julleself.

- Ek het gewonder oor al die nuwe dinge wat besig is om met julle te gebeur. Is dit dalk moontlik dat elkeen van julle besig is om 'n nuwe identiteit te ontwikkel? Indien dit so is, kan daar dalk gepraat word van julle voor-egskeidingsidentiteit en 'n na-egskeidingsidentiteit?

123. Is daar nog ander dinge wat julle aan kan dink wat nuut moet word om die ou lewe af te sterf en die nuwe te omhels?

124. Ek sou graag meer by julle te wete wil kom oor die dinge wat julle hierbo genoem het:

- Wat is die nuwe vaardighede wat julle aangeleer het?
- Waaroor het julle nuut en anders begin dink?
- Wat is die nuwe waardestelsel wat julle aanvaar het wat julle in staat gestel het om die nuwe lewe aan te pak?
- In die proses waarin julle nuwe verantwoordelikhede aanvaar het, wat het julle in julself ontdek waarvan julle nie in die verlede bewus was nie?

125. Julle het vertel van die dinge wat julle gehelp het om die nuwe lewe te begin:

- ondersteuningstelsels wat in die verlede "ondergronds" was, het na vore gekom. Met behulp van vriende, kollegas en familie wat julle ondersteun het, het julle baie vermag. Wat dink julle beteken dit vir die mense dat julle reggekry het wat julle wel reggekry het en nog steeds regkry? Is daar dalk maniere hoe ons vir hulle kan erkenning gee vir dit wat hulle vir julle beteken het?
- Julle het vertel dat daar groot waarde daarin is om "goed te wees vir jouself". Carna was 'n paar dae alleen met vakansie en Mari het 'n "bederfnaweek" by haar suster deurgebring. Julle luister ook met nuwe ore na die stemme wat vir julle sê julle is oulik (veral die stemme van julle kinders) en dit doen julle goed. Is daar nog ander maniere hoe om goed te wees vir jouself?
- Julle het geleer om ander verhoudings te waardeer en te geniet, veral met julle kinders.
- Julle het geleer uit die voorbeeld van ander sterk vroue. Mari het byvoorbeeld vertel van haar ma wat drie dogters alleen grootgemaak het en hulle geleer het om "altyd hulle koppe hoog te hou". Is daar dalk nog ander voorbeelde waaraan julle kan dink van mense wat vir julle rolmodelle is in die nuwe lewe wat julle aanpak?

126. Is daar nog dinge wat julle help in die nuwe lewens wat julle aanpak?

127. Julle het vertel dat die ou lewe en nuwe lewe mekaar afwissel met "wow"en oee"- ervarings (wat op 'n grafiek met hoogtepunte en laagtepunte aangedui kan word). Julle ervaar dat die tye tussen die "wow"-ervarings en die "oee"-ervarings langer raak terwyl die "oee"-ervarings se laagtepunte nie meer so laag soos in die verlede is nie.

128. Lynette het ons daarop gewys dat die insinkings daar is omdat julle nog oefen om die vaardighede van die nuwe lewe te bemeester.

129. Tydens ons gesprek het julle ook vertel van julle "wow"-ervarings:

- Lynette het werk gekry en die kinders het mooi rapporte van die skool af teruggebring.
- Carna se egskeiding is afgehandel en sy is nou baie rustiger. Die kinders se pleegsorg is nou afgehandel wat hulle baie sekuriteit gee.
- Mari het baie positiewe terugvoer van die skool gekry oor haar dogter wat "ontpop" het, al twee haar kinders het ongelooflik gegroei en sy is gelukkig in haar eie "nessie".
- Carna en Mari het vriende gemaak met twee persone wat hulle laat "glimlag" en baie vir die kinders beteken.

130. Van die "oee"-ervarings wat julle die afgelope tyd beleef het hou veral verband met wat julle beleef as "teistering" en "intimidasie" van julle vorige mans. Daar is ongevraagde en ongewenste telefoonoproepe en besoeke. Daar is verwyte dat julle onverantwoordelik en selfsugtig is. Dan is daar ook in 'n mindere of meerdere mate finansiële probleme wat julle te bowe moet kom.

131. Julle dink dat een van die oorsake van die optrede van die mans dalk is dat hulle nog nie self vrede gemaak het met hulle eie nuwe omstandighede nie en dat hulle verbaas is oor die krag wat daar by julle is.

132. Julle dink dit is dalk vir hulle 'n frustrasie omdat julle gegroei het om mense te wees wat anders is as die stereotipe afhanklike en onderdanige vrou wat soms as die populêre stereotipe voorgehou word? Julle dink ook dat die mans julle nuwe lewens vir julle sal gun eers wanneer hulle ook gevestig en tevrede is in hulle eie nuwe lewens. Totdat dit gebeur sal hulle jaloers wees op julle suksesse.

133. Ek het gewonder waarmee julle al geëksperimenteer het wat suksesvol was om hierdie "oee's" te hanteer? Kom vertel asseblief vir die groep wat julle gedoen het sodat ons by mekaar kan leer.

134. Julle het gewonder hoe julle gaan weet wanneer julle nuwe lewens werklik gevestig gaan wees? Is dit so dat julle die enigste werklike kenners van julle eie lewens is en dat net julle self kan besluit wanneer julle die nuwe lewe voldoende bemeester het?

135. Ek het gewonder of elkeen van julle 'n lys kan maak van die dinge wat julle al begin doen het om die nuwe lewe te bemeester? Bring dan die lys saam Donderdag dan kan ons dit met mekaar bespreek. Wanneer julle die lys maak kan julle dalk hierdie slagspreuk in gedagte hou: "Dit is nie die grootte van die tree wat jy gee wat saak maak nie, maar die rigting".

136. Ons het ook gepraat oor die moontlikheid van 'n "gradeplegtigheid" wanneer elkeen van julle daarvan oortuig is dat julle die nuwe lewe genoegsaam bemeester het. Ons kan dan 'n sertifikaat uitreik wat kan verklaar:

137. "Ons die ondergetekende lede van die gespreksgroep verklaar hiermee dat ________________

138. haar nuwe lewe bemeester het en wens haar geluk met die prestasie wat sy bereik het. Ons beste wense vergesel haar" of so iets en dan onderteken elkeen van ons die sertifikaat.

139. Ons het ook gepraat oor die voortbestaan van ons groep; is dit dalk in orde met julle dat ons die groep aan die gang hou totdat elkeen van die groep haar sertifikaat ontvang het. Wat dink julle hiervan?

**140. 2000 5 11**

141. Tydens Donderdagaand se gesprek het julle vertel van die verlies wat Egskeiding by julle veroorsaak. Mari het dit beskryf dit is soos om winkel toe te gaan en niks te koop nie. Magda het vertel dat sy leeg is en fisies en emosioneel gedreineer is. Een van julle het gesê dit is soos om die "dood te ervaar sonder om begrafnis te hou". Daar is 'n groot gevoel van: julle het iets kosbaars verloor, en dit wat julle verloor het, het die lewe van julle af

weggeneem, nie die dood nie. Julle het vertel van hoe ontnugter julle gevoel het die dag toe julle klaar geskei is.

142. As ek julle reg verstaan het is daar iets in die egskeidingsproses wat nie voltooi is nie wat veroorsaak dat julle nie finaal kan afskeid neem van die ou lewe nie. Ek het gewonder wat julle daarvan sal dink as ons dalk 'n begrafnis reël?

143. Vir dié wat aan so 'n ritueel wil deelneem sou ons 'n erediens kan reël (saam met gaste wat julle nooi), 'n "egskeidingsformulier" lees wat ons saam kan uitwerk, nagmaal gebruik, en dan eet ons saam (om die nuwe lewe te vier). Wat dink julle van so 'n ritueel? Ek sal graag die dinge verder saam met julle wil bespreek.

144. 'n Ander ding wat julle genoem het, is dat Egskeiding in 'n sekere opsig julle van 'n toekoms beroof het: die voorreg om saam met die man wat jy liefhet oud te word is van julle "gesteel". Egskeiding wil sommige van julle daarvan oortuig dat julle lewe nou verby is en dat julle nie 'n nuwe lewe ná Egskeiding sal kan aanpak nie.

145. Maar nie net julle toekoms is van julle gesteel nie, Egskeiding veroorsaak dat julle voel julle verlede 'n "waste" was, tyd wat julle gemors het. Ek het gewonder of Egskeiding probeer om goeie herinneringe van die verlede van julle te steel? Rika het ons daarop gewys het dat die verlede nie noodwendig 'n "waste" is nie. Hoewel Egskeiding hartseer is, kan dit nie die belewenisse en groei wat julle voor die egskeiding gehad het van julle steel nie, veral kan Egskeiding nie julle kinders van julle steel nie.

146. Julle het verder daarop gewys dat Egskeiding julle daarvan probeer oortuig dat julle nie goeie oordeel het nie. Dit het julle selfvertroue ondermyn en julle menswaardigheid is aangetas (Hoewel Rika gesê het die feit dat 'n huwelik op 'n egskeiding uitloop nie noodwendig toe te skryf is aan verkeerde besluite of swak oordeel van jare terug nie, maar eerder die gevolg is van mense wat nie dieselfde bly nie en oor jare verander).

147. Julle het ook vertel dat Egskeiding julle daarvan wil oortuig dat julle in 'n mindere of meerdere mate misluk het. Daar is ook stemme in die samelewing wat hierdie idee verkondig. Dit is ook julle ervaring dat, hoewel daar aanvanklik baie simpatie vir die vrou is wat deur Egskeiding geraak word, dit later verander en daar in die samelewing meer simpatie by die man is wat deur Egskeiding geraak word. Julle het vertel hoe daar mense is wat julle daarop wys dat dit fisies en emosioneel sleg gaan met julle vorige mans asof dit julle skuld en julle verantwoordelikheid is.

148. Ek het gewonder of Egskeiding dalk meelopers het wat sy negatiewe invloed wil versterk? Dink byvoorbeeld aan die populêre idee van "coupledom" waarop ek julle al gewys het? Of die populêre idee dat 'n persoon jonk, maer, aantreklik, ryk en getroud moet wees (met twee kinders, Boet en Sus) om as 'n sukses bestempel te word? As dit so is dat Egskeiding meelopers het, kan julle dalk dink aan meelopers wat met Egskeiding saamspan om negatiewe dinge aan julle oor geskeide mense te probeer meedeel?

149. Julle het ook vertel dat julle alreeds dinge gedoen het om die stemme stil te maak:

- Hoewel die besluit om te skei vir elkeen van julle gepaardgegaan het met dinge waaroor julle nie beheer gehad het nie, is die besluit om te skei nie iets wat op julle afgedwing is nie. Julle het 'n besluit geneem waarvoor julle verantwoordelikheid neem.

- Die besluit wat julle geneem het om te skei het julle geneem omdat daar in julle huwelike dinge gebeur het wat strydig is met julle waardestelsel wat julle gekies het.

- Die besluit om te skei het gepaardgegaan met 'n nuwe bewuswording van julle eiewaarde as mense in eie reg, julle het ontdek "wie is ek".

  . Julle het tot die insig gekom dat albei partye skuld het aan die huwelik wat tot 'n einde gekom het. Julle is bereid om die skuld te aanvaar vir julle aandeel in die huwelik wat tot 'n einde gekom het, maar julle is nie bereid om die ander party se skuld ook te dra nie.

150. Vir my was dit baie interessant dat julle genoem het dat die waardestelsel wat julle gekies het 'n rol gespeel het in julle besluit om te skei. Ek sou graag meer wil praat oor die waardes wat 'n rol in julle besluit gespeel het. Kan julle dalk iets meer vir ons daarvan kom vertel by ons volgende geleentheid?

151. Julle het ook vertel van die nuwe vaardighede wat julle aangeleer in die nuwe lewe wat julle begin het. Julle is veral trots op die finansiële vaardighede wat julle aangeleer het en voel trots op dit wat julle bereik het. Julle het baie praktiese dinge self uitgewerk byvoorbeeld die trek na 'n nuwe huis. Julle het ontdek dat julle baie meer "guts" het as wat julle gedink het. Onthou asseblief om aantekeninge te hou van julle vordering op die pad na die nuwe lewe en kom hou ons op die hoogte van die rigting waarin julle beweeg, al gee julle klein treetjies.

152. Toe ek die brief weer lees, het ek met ontnugtering besef dat die brief die eerste is waarin Egskeiding direk ter spraker kom. Is dit so, of verbeel ek my net?

153. Is dit ek wat nou die eerste keer die "guts" het om Egskeiding aan te spreek? Was dit Magda se omstandighede wat ons gelei het: die feit dat sy oor haar pas afgehandelde egskeiding gepraat het? Was dit dalk omdat Egskeiding tot dusver 'n te gewigtige saak was en ons eers rondom die saak moes praat voordat ons die bul by die horings kon pak?

**154. 2001 6 11**

155. Julle het opgemerk dat Egskeiding dalk nou eers direk ter sprake gekom het omdat "die ding" tot dusver te groot was om werklik in die oë te kyk Rika het opgemerk dat ons soos volstruise was en "die ding" wou ontken, dit is te pynlik om te skielik in "die ding" se oë te kyk omdat dit so naby ons kom. Julle het genoem dat dit aanvanklik net Lynette was wat deur Egskeiding geraak is; later het Mari en toe Carna bygekom en nou Magda. Dalk het dit 'n rol gespeel om "die ding" in die oë te kyk. Ek het gewonder wat die effek was op julle noudat ons "die ding" in die oë begin kyk het?

156. Julle het vertel van die ontnugtering wat julle beleef het toe dinge ná die egskeiding nie so baie verander het soos wat julle gedink het dit sal nie. Julle het gedink dat as die egskeiding net verby is, gaan julle "orraait" en "fine" wees, julle sal kan "cope".

157. Julle het gehoop Egskeiding sal julle bevry van emosionele teistering, maar dit hou aan. Julle het gehoop dat Egskeiding julle sou help om op te hou kwaad wees, maar julle hou aan kwaad wees. Julle het gehoop dat Egskeiding sou help om op te hou huil, maar julle hou nie op huil nie.

158. Hoewel julle wou loskom van chaos, rou julle oor dit wat julle verloor het: 'n lewensmaat, 'n toekoms, vrede, finansiële sekuriteit, 'n verlede waarin julle baie belê het.

159. Ek het gewonder, noudat julle al 'n ruk lank met julle nuwe lewens begin het, of daar dinge is wat wel positief verander het vir julle nadat julle losgekom het van die chaos?

160. Julle het genoem dat julle baie in julle huwelike belê het, veral wat betref emosies en finansies, en nou wil Egskeiding julle daarvan oortuig dat dit 'n "waste" was. Terwyl julle sukkel om kop bo water te hou, trek die ander partye die voordeel van dit wat julle saam opgebou het.

161. Ten spyte van al die dinge wat Egskeiding aan julle gedoen het, het julle vertel dat julle al begin om vrede te ervaar.

162. Maar eers het julle het baie oor woede en haat gepraat. Julle is woedend oor die skade wat Egskeiding aan julle menswaardigheid, julle selfvertroue en selfbeeld aangerig het. Lynette is woedend omdat die teistering ná die egskeiding nog steeds aangaan; Magda omdat sy so afhanklik en onkundig gehou is oor belangrike sake soos finansiële beplanning. Rika het genoem dat om geskei te wees is soos om 'n "brandmerk" te dra, sy is woedend omdat sy ongevraagd, en in haar geval 'n tweede keer, hierdie vernedering moet beleef. Verder laat die feit dat julle enkellopend is julle oop vir verdere uitbuiting deur ongevoelige mans. Dit maak julle ook woedend (daarom verkies Rika en Magda om nog steeds hulle trouringe te dra om hulle te beskerm teen uitbuiting. So gee hulle die boodskap aan voornemende uitbuiters: "Bly weg, los my uit". Voel julle ander ook soms dat julle die prooi kan word van uitbuiters? Ek het gewonder of daar nog dinge is wat julle alreeds doen om julle te beskerm teen uitbuiting?

163. Tog was julle nie net negatief oor woede nie. Woede is ook 'n bondgenoot wat julle energie gee om te "survive". Woede maak julle vasbeslote om 'n sukses van julle nuwe lewe te maak.

164. Julle het vir my beduie hoe woede en vrede oorvleuel. Het ek julle reg verstaan dat woede die "poort" is waardeur julle geloop het na vrede toe? Is die deel van die vrede wat julle ervaar, opgesluit in die feit dat Lynette bly is oor die nuwe verhouding wat haar vorige man het, Magda wat kan lag omdat haar vorige hom soos "'n vark" oor die telefoon gedra het en Carna wat jammer voel vir haar vorige man? Is dit deel van vrede wat in julle is dat julle jul emosioneel so kon losmaak van julle vorige mans en nou in 'n nuwe, anders en meer "normale" verhouding tot hulle kan staan?

165. Maar julle het vertel dat woede julle ook magteloos kan laat. Woede kan julle lamlê. Dit is veral wanneer woede oorgaan in haat dat dit julle magteloos maak. Haat laat Rika soos 'n

"pateet" voel (ten spyte van die baie dinge wat sy reeds reggekry het om haar nuwe lewe te begin), terwyl sy uit vorige ondervinding weet dat woede haar energie gee.

166. Julle het vir my beduie dat soos wat vrede en woede oorvleuel, oorvleuel woede en haat. Julle was nie so baie positief oor Haat gewees nie. Terwyl woede julle gehelp het is Haat woede wat te ver gaan. Haat probeer julle lamlê en julle daarvan te oortuig dat julle magteloos is.

167. Is dit dalk so dat julle eers Haat in die oë moes kyk, dit erken en leer ken, voordat julle Haat kan oorwin om van "Haat wat lamlê", "Woede wat energie gee" te kan maak om te kom by vrede?

168. Julle het ook gepraat oor watter rol die "emosionele" en "intellektuele" verstand speel in die beweging van haat na woede na vrede. Julle het genoem dat eers nadat julle julself toestemming gegee het om julle emosionele verstand uit te woed, julle kon oorgaan om met julle intellektuele verstand besluite te neem, besluite wat daartoe gelei het dat julle vrede kon ervaar.

169. Sou julle saamstem dat in ons geloofstradisie daar nie baie gunstig na Haat gekyk word nie? Het julle dit dalk ervaar dat Haat ontken word (asof dit nie bestaan nie), en kan dit dalk die oorsaak wees dat ons nie doeltreffende vaardighede ontwikkel het om Haat die loef af te steek nie?

170. Ek het bietjie in die Psalms gaan rondblaai. Wat my opgeval het is dat amper in elke Psalm iets oor "vyande" gesê word. Verder het die digters soms lelike dinge aan hulle vyande toegewens. Kyk byvoorbeeld in Psalm 58:7 - 10 "Ruk hulle tande uit hulle mond uit, o God! ...laat hulle wegraak soos slakke wat net slym agterlaat, laat hulle word soos misgeboortes, sonder lewe".

171. Dit lyk vir my of die psalmdigters erns gemaak het met Haat en hulle vyande, vir die Here vertel hoe hulle voel en dan Haat by die Here gelaat het sodat Hy kan vergeld en uitkoms gee. Kyk na: Psalm 5:9, Psalm 6:11, Psalm 9:4, Psalm 18:4, 41, 49, Psalm 35:1.

172. Kyk gerus na die Psalms. Help dit julle dalk? Carna, het jy dalk aan hierdie dinge gedink toe jy gesê het jy is daarvan oortuig dat die Here ook ons haat verstaan?

173. Is daar ander dinge wat julle alreeds gedoen het om "Haat wat lamlê" om te skakel in "Woede wat energie gee"?

174. Dit het my laat wonder: wat is julle ideaal? Is die ideaal waarna julle strewe om uit te kom by dit wat Psalm 131 beskryf: "Ek het rus en kalmte gevind. Soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind"? Sou dit die eindpunt wees? Sou julle saamstem dat die pad na die rus, kalmte en tevredenheid nie 'n maklike pad is nie en ons dalk kan lei deur dale van haat en woede voordat ons die hoë spits van kalmte en tevredenheid kan bereik?

175. Julle het ook gepraat oor die waardes wat julle laat besluit het om tot egskeiding oor te gaan. Julle het genoem daar was:

- Die totale afwesigheid van die huweliksmaat, emosionele en fisiese afwesigheid, hy was net nooit meer "daar" vir julle nie.

- Die aftakeling van julle menswaardigheid onder andere die feit dat julle deel was van 'n huwelik waar julself nie meer belangrik was nie, maar net die "image" dat julle daar is belangrik was, een van julle het genoem dat sy "gedegradeer is tot 'n non-entiteit".

- Die botsing in moraliteit, julle kon julle nie vereenselwig met losse sedes nie.

- Die leuens en valsheid, wat julle as 'n "masker-lewe" beskryf het, het julle so begin afstoot dat julle nie anders kon as om julle rug daarop te draai nie.

- Die onderdrukking van julle potensiaal - vir Carna was dit haar kunstalent wat onderdruk is en vir Magda was nie een van die talente wat sy ontwikkel het goed genoeg nie, nie haar skryfkuns of haar sang of haar digkuns nie, tog is sy beskryf as 'n "bondel gefrustreerde talent".

- Selfsugtigheid het vir julle onaanvaarbaar geword, vir Lynette was dit veral ook die feit dat haar kinders gely het onder selfsugtigheid.

- Lynette het beleef dat sy geïsoleer word van 'n normale gemeenskapslewe; sy het gevoel sy het die reg om deel te wees van 'n gemeenskap en gemeente.

176. Is daar dalk nog waardes wat julle nie genoem het nie wat 'n rol gespeel het in die besluit om te skei?

177. In die verlede is daar dikwels gepraat oor "gronde vir egskeiding". Dan is aangevoer dat die "Bybelse gronde vir egskeiding", is: owerspel en indien en huweliksmaat 'n ongelowige is en die ongelowige wil skei.

178. Ek het gewonder of hierdie "gronde" dalk nie aan die volle rykdom wat God bedoel het met die huwelik reg laat geskied nie? Ek wonder of ons nie dalk moet praat oor wat julle dink God se bedoeling met die huwelik is nie? Kan dit dalk wees dat indien ons 'n duideliker idee het oor wat God se bedoeling met die huwelik is, ons ook 'n duideliker idee sal hê oor "gronde" vir egskeiding?

179. Is die "botsing in waardes" soos wat julle dit beskryf het ook dalk Bybelse gronde vir egskeiding omdat die "botsing in waardes" die wese van die Bybelse huwelik so aantas dat daar nie meer sprake was van 'n Bybelse huwelik soos God dit wil nie?

180. Ons het ook gepraat oor die moontlikheid van 'n "huweliksontbindingsritueel", julle het heel positief daaroor gevoel. Ons wil begin om 'n formulier op stel vir so 'n geleentheid. Dink julle dat ons die "botsing in waardes" soos wat julle dit beleef het en wat aanleiding gegee het tot julle egskeidings, behoort op te neem in so 'n formulier.

181. Julle het vertel dat dit goed gaan met elkeen van julle se nuwe lewens.

182. Vir Rika was dit 'n groot deurbraak toe sy betrokke geraak het by 'n kinderhuiskind, wat sy nou "aangeneem" het, iets wat sy nog altyd wou doen, maar nie toegelaat is om te doen nie. Sy het ook tien van haar kollegas gewerf om kinderhuiskinders aan te neem.

183. Vir Magda was dit 'n bevestiging dat haar nuwe lewe op dreef is toe haar dogter vir haar gesê het: "Ma is soos wat ek jou nog nooit geken het nie". Toe sy vir haar broer sê sy sien uit na die res van haar lewe, het hy gesê dit is die "niceste" opmerking wat sy in jare gemaak het. Magda het ook 'n klomp praktiese dinge gedoen wat wissel van 'n begrafnispolis wat sy uitgeneem het tot 'n woonstel wat sy gekoop het en om self haar banksake te begin behartig.

184. Lynette het haar nuwe werk met ywer aangepak, was by 'n Vigs-konferensie en is besig om haar "in te grawe".

185. Carna het iemand "baie, baie, baie spesiaal" in haar lewe wie vir haar 'n besonderse vriend is. Hy het haar laat besef sy is nie deel van die "gemors" van die verlede nie en help haar om haar vas op koers te kry op die pad van die nuwe lewe.

186. Julle was opgewonde oor die moontlikheid dat ons 'n "Divorce Recovery Center" hier in die gemeente stig. Dink asseblief daaroor en ons praat later verder oor die idee.

187. Hoe het julle gevoel na ons laaste gesprek?

**188. 2001 6 24**

189. Mari het ons daarop gewys dat ons maklik op so 'n manier oor Egskeiding kan begin praat dat dit lyk of dit 'n verskriklike slegte ding is wat gebeur het. Dit terwyl Egskeiding 'n positiewe ding is wat met julle gebeur het. Die positiewe dinge moet net meer "ingetrek word". Van die positiewe dinge wat julle ondervind het ná julle egskeiding is die nuwe wil en vasbeslotenheid wat julle in julle ontdek het om te wys julle kan 'n sukses maak van julle nuwe lewens. Dit is vir julle lekker om onder die beheer en invloed van julle vorige verhouding uit te kom. Hoewel dit 'n ruk geneem het om daarby uit te kom, ervaar julle nou beter lewenskwaliteit en groter vrede.

190. Rika het ons daarop gewys dat die positiewe dinge nie onmiddellik duidelik sigbaar is ná egskeiding nie en dat dit 'n tyd neem vir die positiewe dinge om uit te kristalliseer in julle lewens, dit raak te sien, te waardeer en te geniet.

191. Ek het gewonder wat dit is wat verhoed dat die positiewe dinge uitkristalliseer? Is dit die verlies waarvan ons vroeër gepraat het, die emosies wat so intens is, of die gemeenskap se houding teenoor egskeiding? Of dalk 'n kombinasie van die drie? Is daar dalk dinge wat mense wat deur egskeiding gaan, kan doen om die positiewe dinge vinniger te laat uitkristalliseer en te geniet of is dit so dat dit net tyd is wat daartoe aanleiding kan gee dat die positiewe dinge sigbaar word?

192. Mari het genoem dat dit nie vreemd is dat dit 'n tyd neem voordat die positiewe dinge uitkristalliseer nie, sy was lank getroud voordat sy gesien het dat sy haar in 'n verhouding bevind wat 'n negatiewe invloed op haar het. Dit het 'n paar jaar geneem voordat sy besluit het om 'n einde aan die verhouding te maak. Die voordele van die nuwe lewe sal dus nie onmiddellik sigbaar wees nie, maar ook 'n tyd neem om sigbaar te word.

193. 'n Saak wat taamlik gereeld ter sprake kom, is die vraag waarom julle so 'n fout gemaak het om met die "verkeerde" man te trou? Julle het al vertel dat die vraag julle baie laat twyfel in julle eie goeie oordeelsvermoë. Magda het die saak weer aangeraak, sy voel dat sy nooit

met "so 'n vark" moes getrou het nie. Rika het gewonder of van die mans met wie julle getroud was dalk altyd sulke "varke" was en dit net weggesteek het?

194. Ek het onlangs gehoor dat iemand sê: "Husbands put me off men". Ek wonder of dit dalk waar kan wees dat daar 'n verskil is tussen ongetroude mans wat "vrou soek" en getroude "husbands" wat " 'n vrou gekry het"? Dat mans bedagsaam, vriendelik, romanties en goedhartig is terwyl hulle "vrou soek" en dan as hulle "vrou gevat" het verander hulle oor jare in onbedagsame, selfsugtige "varke". Met aander woorde: is dit dalk so dat julle aanvanklike besluit om met 'n spesifieke man te trou nie die verkeerde besluit was nie, maar dat mans na, tydens en dalk as gevolg van die huwelik verander?

195. As dit so is dat mans soms na die huwelik verander, wonder ek wat is dit wat hulle na die huwelik laat verander? Het julle dalk idees hieroor?

196. Rika voel sterk daaroor dat daar in die huweliksformulier 'n onderneming ingebou moet word waar paartjies onderneem om gereeld hulle huwelike in oënskou te neem om te kyk of hulle huwelik nog vir albei 'n bevredigende verhouding is. By so 'n geleentheid moet hulle "verslag" doen oor wat in hulle huwelik gebeur. Dink julle so 'n reëling sal dalk kan help om te verhoed dat mans in "husbands" verander?

197. Stem julle saam dat, indien dit so is dat mans na die huwelik verander, dit 'n belangrike faktor is om te oorweeg voordat julle weer in verhoudings betrokke raak? Ons het laas gepraat oor maniere hoe julle julle kan beskerm teen uitbuiting. Mari het vertel van haar eie toets wat sy ontwerp het om mans te toets wat "ruggraatloos" is, (sy gee hulle 'n koue skouer sodat hulle hulle staal kan wys) en Carna het gesê dat sy nou "veilig" voel in 'n verhouding. Ek wonder of sy ons dalk iets meer kan vertel wat "veilig voel" beteken? Is daar nog "toetse" waaraan julle kan dink?

198. Julle het vertel hoe julle, nadat dinge in julle huwelike begin skeefloop het, geworstel het met die vraag "wat doen ek verkeerd"? Carna het genoem dat die vraag gebore word uit desperaatheid om die huwelik te red. Ek het gewonder of mans ook die vraag vra? Het die vraag dalk iets te doen met die verwagting dat vroue "versorgers" behoort te wees en dat sommige vroue hulle identiteit en waarde vind in die rol van "versorgers"?

199. Magda, Rika en Mari het vertel dat hulle raad gesoek het om beter vrouens vir hulle mans te wees. Rika het by 'n persoon beland wat haar aangemoedig het om te kyk hoe sy haar man

onderdanig kan wees! Sy het selfs so ver gegaan om na die raad te luister en haar man om verskoning te vra net om die huwelik te kan "reg- maak".

200. Julle het genoem dat in ons samelewing word groot klem daarop gelê vir die vrou om te dien en die mindere te wees. Gee die klem op diens en die mindere wees aan die vrou groter verantwoordelikheid om verhoudings in stand te hou as aan mans? Lynette het genoem dat daar 'n populêre opvatting is dat "die Here vroue meer emosioneel gemaak het". Hou die populêre idee dat "vroue meer emosioneel is as mans" en die feit dat verhoudings as 'n "emosionele" saak beskou word, verband met die groter verantwoordelikheid vir verhoudings wat aan vroue toegeskryf word? As dit so is dat dit die populêre idees is, dink julle die idees is reg?

201. Magda het ons weer daarop gewys dat die populêre idee oor vrouwees deur die kerk in stand gehou is. Rika het onthou dat daar vroeër in die kerk 'n "Bond van Dienaresse" was; 'n organisasie wat net vir vroue bedoel was. My vraag is: wie het die populêre idee oor vrouwees uitgedink, wie het dit in stand gehou en tot wie se voordeel was die populêre idee? Sal julle hieroor dink?

202. Ons het ook gepraat oor wat die Here in die huwelik wil hê en wat die Here van julle huwelike gedink het. Carna het (na aanleiding van my preek Sondagaand) daarop gewys dat die sesde gebod "jy mag nie moord pleeg nie" kan beteken dat moord is om iemand te keer om beeld van God te wees, te keer dat iemand hulle godgegewe potensiaal bereik, en om te keer dat iemand die unieke mens is wat God wil hê hy/sy moet wees. Indien al die "keer-aksies" in 'n huwelik voorkom is dit verkeerd en niks anders as emosionele en psigiese moord nie.

203. Julle was van mening dat die doel van die huwelik is dat man en vrou mekaar moet respekteer, ondersteun en verstaan om 'n ruimte te skep waar mense kan "relax". 'n Belangrike aspek van die huwelik is 'n "ek is daar vir jou"-gesindheid. Vir Mari is die huwelik juis die ruimte waar mens veilig behoort te voel om jou emosies te kan wys. Lynette voel dat die Here se doel met die huwelik is dat vrou en man nader aan mekaar moet groei. Die huwelik is 'n wonderlike bron van krag is as dit reg bestuur word, 'n egpaar gesamentlike doelwitte het en mekaar met verloop van tyd al beter verstaan.

204. In Rika en Carna se huwelike het die druk en stimulasie wat hulle in hulle werksomgewing ervaar het tot misverstande aanleiding gegee. Waar daar wel waardering ervaar is, was dit omdat hulle die "dienende rol" gespeel wat die gemeenskap van vroue verwag.

205. In die lig van die doel wat julle dink die Here met die huwelik het en die botsing in waardes waaroor julle laas keer gepraat het en aanleiding gegee het tot julle egskeidings, het julle vertel dat Skuldgevoelens se stem al sagter begin praat. Carna reken dat die stem dalk met verloop van tyd heeltemal stil sal word. Vir Lynette was dit een van die vaardighede wat sy aangeleer het om realisties na elke party se skuld-aandeel in die egskeiding te kyk. Ek sal graag wil hoor of die dubbele perspektief: die "Bybelse gronde vir egskeiding" en wat die Here se doel met die huwelik is julle ook op ander maniere gehelp het om julle nuwe lewens aan te pak.

206. Om tot hierdie gevolgtrekking te kon kom oor egskeiding en die huwelik moes ons onderskei tussen 'n "teksvers-teologie" en "Skrifbeginsel-teologie". Help die onderskeiding julle? Lynette het genoem dat die gemeenskap die onderskeid nie verstaan nie. Kan ons iets doen om die gemeenskap hierdie onderskeid te leer?

207. Rika het ons daarop gewys dat 'n huwelik 'n verhouding is. Dit kan gebeur dat lank voordat 'n stukkie papier van die hof die "huwelik as instelling" ontbind verklaar, die "huwelik as verhouding" ontbind het. Wat dink julle van die onderskeid tussen die "huwelik as instelling" en "huwelik as verhouding"? Dink julle dit is 'n geldige onderskeid? Kan dit gebeur dat ons samelewing meer waarde heg aan die "huwelik as instelling" as die "huwelik as "verhouding". Dalk moet ons eerder sê dat die huwelik 'n instelling is wat in diens staan van die verhouding tussen man en vrou en indien dit nie meer die rol vervul nie, die instelling nie meer nut het nie?

208. Julle het vertel van die vordering wat julle gemaak het op die pad van julle nuwe lewens:

- Mari het 'n lekker ontspanne naweek gehad in die Laeveld, sy het reëlings getref met die kleuterskool. Sy het ook 'n manier gekry om aan Woede uiting te gee sonder dat dit haar kinders ontstel en haar lewe oorneem en van haar vrede beroof (wanneer haar vorige man haar ontstel gaan sy na 'n buur-tannie se woonstel waar sy haar lekker uithuil voordat sy teruggaan na haar eie woonstel toe).

- Rika het na ons laaste gesprek lekker geslaap en is van voorneme om op te hou met "acrobatics" om haar vervreemde man aan die praat te kry.

- Magda het die week weer 'n geboortepyn van die nuwe lewe ontdek en geleer om haar nie weer in soortgelyke situasies bloot te stel nie. Sy het ook verder gevorder op die pad van selfstandigheid, sy het 'n selfoon gekoop en van mediese fonds verander.
- Lynette het haar vorige werkgewer (wat haar verontreg het) gebel en hom geluk gewens met sy verjaardag. Dit het vir haar 'n stuk bevryding gegee.
- Tussen Carna en die seuns gaan dit goed en sy beplan 'n opwindende uitstappie die naweek.

209. Hierby is 'n konsepformulier wat ek begin opstel het vir ons erediens: wat dink julle daarvan? Wat sou julle graag verander wil hê, of weggelaat wil hê of bygevoeg wil hê? Dink julle dit stem min of meer ooreen met die bedoeling wat ons met so 'n formulier het?

## 210. VOORGESTELDE FORMULIER VIR DIE BEGIN VAN 'N NUWE LEWE NA DIE ONTBINDING VAN 'N HUWELIK

211. A, B C , D en E wat in die kerk voor God en sy gemeente getroud is, is deur die staat 'n egskeiding toegestaan. Die huwelike is nie ligtelik aangegaan nie. Die huwelike is nie ligtelik ontbind nie.

212. Julle kom nou om God en sy gemeente te vra om die ontbinding van hulle huwelike te erken sodat julle op grond van die genade van God en met die seën van God 'n nuwe lewe kan begin.

213. God het die huwelik ingestel sodat man en vrou

- 'n hegte eenheid vorm waar daar geen plek is vir 'n derde persoon nie
- mekaar kan bystaan en as huweliksmaats aanvul

214. In plaas daarvan om hierdie Godgegewe ideale vir die huwelik te bereik, is:

- julle menswaardigheid in die huwelik in so 'n mate afgetakel dat julle nie julle Godgegewe potensiaal kon verwesenlik om as beelddraer van God te lewe nie
- in sommige van die huwelike is die eenheid versteur deur 'n derde persoon
- daar was leuens en valsheid, wantroue en vrees, in plaas van eerlikheid en opregtheid, vreugde en vrede

- selfsug en eiesinnigheid het die gemeenskap tussen man en vrou verbreek

215. Julle het deur oorleg en konsultasie, gebede en onder leiding van die Gees van God gesoek na maniere om die doel waarvoor God die huwelik ingestel het te verwesenlik. Die pogings was te vergeefs, daarom het hulle besluit om hulle huwelike te ontbind.

216. HIER KAN DALK NOU IETS KOM OOR DIE NUWE LEWE

217. A, B, C, D, E, aanvaar julle dat God in sy oneindige groot liefde, genade en barmhartigheid julle die geleentheid gee om 'n nuwe lewe te begin?

218. ANTWOORD: Ja

219. Gemeente, u wat in liefde bymekaar gekom het, onderneem u om A,B, C, D, E te ondersteun om 'n sukses van hulle nuwe lewens te maak?

220. Gemeente: Ja

221. Seën: A, B, C, D, E, gaan voort met julle lewens onder die seënende hand van die Here. Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan oor julle harte en gedagtes die wag hou in Jesus Christus.

**222. 2001 7 21**

223. Ons het laas met die vraag begin wat ons verhoed om meer positief te dink oor Egskeiding? (Dit was na aanleiding van Mari se opmerking dat ons so negatief kan dink oor Egskeiding terwyl dit eintlik 'n goeie ding is wat gebeur het).

224. Magda het ons weer op die verlies wat met egskeiding gepaardgaan gewys. Sy het die verliese beskryf as die "verlies om aan 'n groter geheel te behoort". Al die verliese is ook vir haar 'n verlies aan identiteit. Ek het gewonder watter maatreëls het julle al getref om die verliese in winste te omskep? (Ek herinner my daaraan dat julle al in die verlede vertel het dat om weer enkel te wees nie net sleg is nie, maar ook voordele inhou).

225. Lynette het vertel dat die gemeenskap met "skewe oë" na egskeiding kyk, veral na die persoon wat inisiatief neem met die egskeiding. Die ingesteldheid van die gemeenskap

teenoor egskeiding het haar aanvanklik in 'n onaanvaarbare huwelik gehou. Ná die egskeiding het die gemeenskap se gesindheid teenoor egskeiding haar verhoed om die volle voordele van die egskeiding te geniet. Het julle dalk idees oor hoe ons die gemeenskap se ingesteldheid kan verander om meer "egskeidings- vriendelik" te wees?

226. Julle het gevoel dat die slagspreuk "Husbands put me off men" eensydig is, mans kan ook voel dat die slagspreuk kan wees "Wive's put me off women". Dit is omdat beide man en vrou ná die huwelik verander en verder van mekaar af weggroei. Ek het gewonder of julle dalk meer kan vertel oor die "groei" in die huwelik. Waarin is die "groei" wat mans beleef geleë? Wat behels "groei" vir vroue? Waarom groei sommige mans en vroue in so 'n mate weg van mekaar af dat "groei" op 'n egskeiding uitloop? Hoe moet mans en vroue na 'n huwelik verander en groei sodat hulle nader aan mekaar groei?

227. Ons het toe so 'n bietjie oor die Bybel gepraat wat in 'n mansgedomineerde kultuur tot stand gekom het en baie lank deur 'n mansgedomineerde kultuur geïnterpreteer is.

228. Julle was geamuseerd deur 1 Timoteus 5:9-15 wat weduwees jonger as 60 beskou as 'n bedreiging vir die goeie sedes in die gemeente, hoe die "liggaamlike begeertes" van jonger vrouens hulle "daartoe bring om hulle af te wend van Christus af". Dit terwyl die gedeelte niks sê oor wewenaars en hulle "liggaamlike begeertes" nie. En Openbaring 14:4 wat sê dat die 144 000 wat hemel toe gaan net die mans is wat hulle nie met vroue besoedel het nie, met ander woorde vroue besoedel mans, by implikasie en nie andersom nie. 1 Korintiërs 11:7 beskryf die man as "die beeld en die sieraad van God", maar die vrou as die "sieraad van die man" met ander woorde die vrou is by implikasie nie as beeld van God geskep nie.

229. So is daar ook Efesiërs 5:24 met die opdrag dat vroue "in alles" aan hulle mans onderdanig moet wees. Die huidige huweliksformulier van die NGK water darem die "in alles" af tot "alles wat reg en billik is"

230. Hierdie goed het ons gebring by dit wat laas beskryf is as "teksvers-teologie" en "Bybel-teologie". Met teksvers-teologie hang dit net af van watter teksvers jy gebruik as vertrekpunt om jou standpunt te staaf. Byvoorbeeld waarom word Galasiërs 3:28, wat die gelykheid van alle mens beklemtoon, nie gebruik as vertrekpunt indien oor mans en vroue gepraat word nie? Sou julle saamstem dat "teksvers-teologie" ons gevangenisse maak van sekere teksverse se uitsprake? Teksvers-teologie is ook 'n willekeurige teologie wat afhang van die interpreteerder se vertrekpunt? Terwyl Bybelse teologie ons bevry? Bybelse

teologie verreken altyd die Bybel se boodskap in geheel, die konteks en agtergrond waarin 'n bepaalde uitspraak gemaak word, voordat tot 'n gevolgtrekking gekom word.

231. Ons het in die verlede gepraat daaroor dat die Bybelse boodskap oor die huwelik is dat dit 'n instelling wat God is waar man en vrou **mekaar** moet opbou, dien en help groei om beelddraers van God te wees, en as dit nie meer so is nie, is so 'n verhouding nie meer 'n huwelik nie. Maar daar is nie 'n teksvers vir die idee oor die huwelik nie. Sou julle saamstem dat dit die Bybelse idee van die huwelik is?

232. Magda het ons daarop gewys dat die teologie wat vroue degradeer gewoonlik deur wit, bevoorregte, blanke, mans voorgestaan word en in stand gehou word omdat dit tot hulle voordeel is. Dit bring mee dat ons baie mooi moet onderskei wat die "issues" is wat werklik ter sprake is in verband met sulke "issues" soos aborsie, homoseksualiteit en egskeiding. Ek het gevra of die teenkanting teen dié dinge werklik is omdat dit werklik teen die Bybel is? Of is die teenkanting teen dié dinge omdat dit die gesag, mag en voordele van die "ontwerpers" van hierdie teologie ondergrawe?

233. Word daar dalk met "skewe oë" na geskeide vroue gekyk omdat die dominante kultuur nie onafhanklike en selfstandige vroue verdra nie? (Dit is dalk daarom dat julle vorige mans so ontsteld is oor die feit dat julle "cope"?) Ek sal graag julle reaksie wil hoor.

234. Julle het ook vertel van julle ervaring dat julle mans die huwelik as instelling wou bewaar, maar die huwelik as verhouding nie vir hulle net so belangrik was as vir julle nie. Kan julle dalk aan redes dink waarom dit so is?

235. Ons het toe oor die formulier gepraat. Magda het gewonder of dit die wil van God is dat sy geskei het. Sy wonder hoe ons seker kan wees wat die wil van God nou is, teenoor wat dit was toe sy getrou het (Ek wonder hoe moet ons die wil van God verstaan, is dit 'n statiese of dinamiese saak?).

236. Lynette en Carna het vertel dat hulle geen twyfel daaroor het dat hulle huwelike verhoudings geword het wat nie die wil van God vir hulle was nie. Hulle egskeidings is vir hulle wel die wil van God. Rika het verwys na Jesus wat die vyeboom wat nie vrugte gedra het nie laat verdroog het. Sy het gevoel dat 'n huwelik wat nie die vrugte dra wat die Here wil hê dit moet dra nie, "uitgekap" moet word sodat die betrokke persone "uitgeplant" kan word om op 'n ander akker te gaan vrug dra.

237. Magda, ek wonder hoe voel jy nou oor die saak?

238. Mari, kom vertel vir ons asseblief jou belewenis hiervan?

239. In die breë is julle tevrede met die formulier. Ek het intussen weer oor die formulier gedink en dink ons kan dit nie die "Formulier vir die ontbinding van 'n huwelik" noem nie, die formulier ontbind nie die huwelik nie, die huwelike is klaar ontbind. Sou julle saamstem dat met die "ontbinding van die huwelik" ons dalk ook te veel op die verlede konsentreer: moet dit dalk nie iets wees soos "Formulier vir die begin van 'n nuwe lewe" nie? En dan sit ons ook 'n paragraaf in oor die nuwe lewe met die nuwe verantwoordelikhede wat julle begin? Ek gee vir julle weer die formulier en dan praat ons daaroor.

240. Toe ons destyds begin praat het, het ons gesê ons wil graag praat oor die vaardighede wat iemand wat deur egskeiding gaan moet bemeester.

241. Ek het aan julle verduidelik hoe ek op die oomblik die uitdagings waarvoor 'n persoon te staan kom in verskillende kategorieë geplaas het:

242. Daar is praktiese sake wat bemeester moet word: die regsgeding, finansies, verblyf moet gereël word.

243. Sosiale verhoudings verander en moet "herrangskik" word: verhoudings met kinders, die vorige man, skoonouers en familie, vriende en kollegas.

244. Die hantering van emosies: Angs, woede, skuldgevoelens, hartseer en rou.

245. Spiritualiteit: skuldgevoelens, hoe versoen ek die egskeiding met dit wat die Bybel oor die huwelik leer, my verhouding met die Here.

246. Dit is noodsaaklik dat die die samelewing verstaan word: oor mans en vroue se verhouding, hulle rolle in die samelewing, die samelewing se ingesteldheid teenoor die huwelik en egskeiding.

247. Identiteit: al die bogenoemde dinge vra 'n antwoord op die vraag: wie is ek?

248. Ek wil nie voorgee dat hierdie dinge fases is waardeur 'n mens gaan nie, die dinge is met mekaar verstrengel en staan in noue verband met mekaar. Vordering is nie gelykmatig van die een na die ander nie, al ses dimensies is met mekaar verweef.

249. Ek wonder wat dink julle van hierdie idees? Sê dit te veel? Dalk te min? Wil julle dinge hier byvoeg? Of moet ons dinge weglaat?

250. Veral sal ek graag by julle wil hoor in watter mate julle al vaardighede op die verskillende lewensterreine bemeester het? Aan watter lewensterreine moet ons in die toekoms nog aandag gee?

**251. 2001 8 1**

252. Toe ons begin gesels het, het ons gesê ons wil graag praat oor die lewensvaardighede wat julle moet bemeester ná egskeiding.

253. Die afgelope tyd het ons baie gepraat oor die verskillende lewensterreine wat geraak is deur egskeiding en oor die lewensvaardighede wat julle bemeester het.

254. Tydens ons laaste byeenkoms het ons gewerk aan 'n manier om julle vordering te evalueer.

255. Hierby aangeheg is die evalueringslys. Voltooi dit asseblief dan bespreek ons dit tydens ons volgende byeenkoms. Wat dink julle van die produk? Laat weet asseblief as julle dink iets moet verander.

256. SELFEVALUERING OOR LEWENSVAARDIGHEDE WAT AANGELEER IS NÁ EGSKEIDING.

257. Gee vir jouself punte op die skaal van -10 tot +10, oor waar jy was (die laagtepunt wat jy bereik het: dit kon dalk tydens die huwelik gewees het of tydens die egskeiding of ná die egskeiding ), jou hoogtepunt wat jy al bereik het na die egskeiding, waar jy nou is en die ideaal waarna jy strewe:

258.

| MY LAAGTE-PUNT | MY HOOGTE PUNT - | EK IS NOU | MY IDEAAL |
|---|---|---|---|

259. **LEWENSPRATYK**

260. Regsgeding

261. Finansies

262. Verblyf

263. Onderhoud

**264. SOSIALE VERHOUDINGS**

265. Kinders

266. Vorige man

267. Skoonouers

268. Skoonfamilie

269. Familie

270. Ouers

271. Nuwe vriende

272. Ou vriende

273. Nuwe vriendinne

274. Ou vriendinne

275. Kollegas

276. Vertroue in medemens

277. Verhouding met gemeente

**278. EMOSIES:**

279. Emosionele stabiliteit

280. Verwerping

281. Depressie

282. Angs

283. Woede

284. Skuldgevoelens

285. Apatie

286. Hartseer en rou

287. Lewensvreugde

288. Vrede

289. Selftevredenheid

290. Lewensgenot

**291. SPIRITUALITEIT**

292. Sekerheid van vergifnis

**293.** Gee van vergifnis

294. Skuldgevoelens

295. Duidelikheid oor wat die Bybel se boodskap is oor die huwelik.

296. Duidelikheid oor wat die Bybel se boodskap is oor egskeiding

297. Duidelikheid oor die Bybelse boodskap oor geregtigheid

298. Duidelikheid oor die wil van die Here vir my lewe

299. Verhouding met die Here

300. Gebedslewe

**301. VERSTAAN VAN SAMELEWINGSIDEES OOR**

302. Mans

303. Vroue

304. Egskeiding

305. Die huwelik

306. Die rol wat die kerk/teologie speel in bogenoemde **sake**

**307. IDENTITEIT**

308. Selfbeeld

309. Selfvertroue

310. Hoe het jy gevoel en hoe voel jy nou oor jouself as:

311. as vrou

312. as kind van God

313. as enkellopende

314. as individu

315. Watter positiewe gevolge het jy gehoop sou jou egskeiding hê?

316. In watter mate het die positiewe gevolge gerealiseer?

**317.** Vir watter negatiewe gevolge wat egskeiding op jou kon hê was jy bang?

318. In watter mate het jy die negatiewe gevolge al oorkom?

319. Indien daar betekenisvolle vordering was in die hantering van die probleme, wie sou verbaas gewees het oor jou vordering (lewendes en oorledenes) ?.

320. Waaroor sal julle verbaas wees?

**321.** Wie is daar (lewende en oorledenes) wat nie verbaas sal wees oor jou vordering nie?

322. Waaroor sal hulle nie verbaas wees nie?

323. Wat sê hierdie vraelys vir jou oor jouself?

324. Watter planne het jy om jou ideale te verwesenlik?

325. Hoe het dit jou gehelp om die verskillende lewensterreine te onderskei en te evalueer waar vaardighede bemeester moet word?

**326. 2001 9 4**

327. Mari het laas vir ons vertel dat ten spyte van uitdagings waarvoor sy te staan kom, dit steeds goed met haar gaan. Sy het vertel dat sy gelukkig is, "OK" is, en elke dag vir haar 'n fees is.

328. Ons het gepraat oor die verskillende aspekte van herstel.

329. Oor die egskeidingsproses het Lynette vertel dat sy baie haastig in die egskeiding ingegaan het en dat sy haar in die proses blootgestel het. Haar vorige man kon haar tydens die skikking benadeel het. Dit het gelukkig nie gebeur nie en sy is tevrede. Maar dit is belangrik om kundige advies te kry om jou en jou kinders te beskerm.

330. Mari beveel aan dat die skikking baie duidelik moet uitspel wat elkeen se verantwoordelikheid en regte teenoor die kinders is. Dit is nie genoeg om net in beheer van die kinders geplaas te word nie. Hier voel sy haar prokureur moes haar beter adviseer het.

331. Vir Carna was die kibbel oor die skikking uitputtend. Ek wonder watter raad sou jy kan gee oor die kibbelry? Wat stel jou in staat om aan te hou kibbel?

332. Finansieel "cope" julle. Vir Lynette is dit lekker om nie oor elke sent verslag te doen nie. In die huwelik was dit vir haar baie erg om dit te doen. Dit het haar selfvertroue en selfbeeld skade aangedoen.

333. Carna het vertel hoe 'n belangrike rol beplanning nou speel en dit is vir haar lekker om finansiële vaardighede aan te leer.

334. Mari moet nou ses maande vooruitbeplan, dit help haar om finansieel te oorleef.

335. Rika het vertel hoe sy na haar eerste egskeiding gesukkel het met onderhoud. Lynette en Mari sukkel nou nog

336. Die belangrikheid van die bemeestering van die praktiese goed het Carna as "major" beskou, Mari het dit "achievements" genoem. Dit is vir julle veral belangrik omdat, nadat so 'n nuwe ding bemeester is: 'n trek, of 'n finansiële vaardigheid, dit blywend is, en is daar nie meer 'n terugval is nie (anders as wat die geval is met byvoorbeeld emosionele herstel. Vir Lynette gee 'n huis vir haar en haar kinders baie sekuriteit.

337. Wat vir Rika moedeloos maak, is die idee dat dit vir haar "verby" is, terwyl die ander hoop het om weer iemand te ontmoet. Maar eintlik is sy "heeltemal orraait". Haar kleinkinders is vir haar 'n groot vreugde en "hou haar besig ". Carna het daarop gewys dat sy soms verlang na bietjie eensaamheid en alleenheid. Dit het my laat dink aan iemand wat die huwelik met 'n beleërde stad vergelyk het: die wat in die stad is, wil uit, en die wat buite die stad is wil in! Is dit dalk so dat elke omstandigheid waarin ons bevind (enkellopend, getroud, geskei) eiesoortige voordele en nadele het? En dat ons die voordele en nadele van alle omstandighede maksimaal moet ontgin? Kan julle dalk aan die voordele dink wat julle huidige omstandighede het wat julle dalk nog meer kan ontgin?

338. Oor die sosiale verhoudings het Carna daarop gewys dat die kinders haar soms te besig hou en Rika het vertel dat die kinders tog baie help om jou te dwing om aan te gaan. Lynette het ons daarop gewys dat kinders ook deur die egskeiding getraumatiseer is en daarop kan "oppe" en 'affe" saam met die kinders verwag word. Lynette het met ons gedeel hoe sy tot aanvaarding gekom dat haar oudste dogter by haar pa gaan bly het: sy voel dit is beter dat sy daar is as dat sy hier is met 'n "wrewel" en die ander kinders ook ongelukkig maak. Hulle drie is hier gelukkig en hulle twee is by die see gelukkig.

339. Hierdie stuk kreatiwiteit m.b.t die gesin se hersamestelling werk vir hulle goed.

340. Vir Carna is dit erg dat sy alleen die verantwoordelikheid vir die kinders dra en al die besluite self moet neem.

341. Oor die res van die sosiale verhoudings het dit geblyk dat daar geen reëls of patrone is nie. Mari het geen kontak met skoonfamilie nie. Lynette het goeie verhoudings met skoonfamilie gehad maar daar het 'n breuk gekom. Rika het nog steeds baie goeie verhoudings met haar eerste man se familie. Carna en haar vorige skoonouers kom baie goed oor die weg, dit voel vir haar soms dat daar te veel verantwoordelikheid in verband met

haar vorige skoonouers na haar toe kom. Dit maak dit vir haar moeiliker om met die verlede te breek.

342. Julle was dit eens dat vriende (oud en nuut) 'n baie meer positiewe effek op julle lewens het, familie wil verhoudings weer hê soos dit in die verlede was terwyl vriende jou help om vorentoe te kyk. Mari het vertel hoe sy ou vriende van jare terug weer herontdek en dat dit vir haar baie beteken om saam met hulle planne te maak.

343. Mari (en dit is dalk die enigste reël oor verhoudings?) het ons daarop gewys dat egskeiding julle die geleentheid gee om te wys julle neem self die besluite oor verhoudings in julle lewens, julle maak die keuses en julle is in beheer van verhoudings in julle lewe.

344. Ek wonder of julle dalk nog aan iets kan dink oor verhoudings en praktiese sake wat julle bemeester het wat julle gehelp het in die vorming van julle nuwe identiteit?

345. Ons het ook gepraat oor die ritueel. Kan ons dalk volgende keer 'n datum bepaal?

**346. 2001 9 27**

347. Dink julle ook ons het verlede Donderdag 'n opwindende gesprek gehad? Dit voel vir my asof ons ratte verwissel het: waar ons in die verlede deel was van die egskeidingsprobleem en die probleme uitgetrap het, het ons nou besluit om deel te word van die oplossing.

348. Daar het drie dinge ter sprake gekom wat ons kan doen om mense wat deur egskeiding geraak word te help (ek noem nou net die drie dinge en bespreek dan elkeen soos wat dit ter sprake gekom het):

- die egskeidingsherstelwerkswinkel
- 'n brief aan "Die Kerkbode" wat ons kan skryf
- dankie-sê-briewe aan die mense wat julle gehelp toe julle "in die gat" was en dan skryf ons ook iets in "Die Posduif" waarin ons die gemeente kan leer hoe om op te tree teenoor mense wat geskei is

349. Ons het oor die moontlikheid gepraat om 'n egskeidingsherstelwerkwinkel aan te bied. Die idee is dat lidmate van die gemeente help met die aanbied van die werkswinkel en dat uitnodigings wyd gerig word aan persone om die werkwinkel by te woon. Persone wat die werkwinkel bywoon kan ná die werkswinkel nie net so gelaat word nie, maar behoort die geleentheid te kry om verder betrokke te raak by 'n herstelprogram. Dit kan dalk behels dat hulle inskakel by 'n gespreksgroep, individuele terapie, of om verdere werkwinkels aan te bied oor 'n spesifieke aspek van herstel. Ná die werkswinkel sal ons aan hulle die keuse gee op watter manier hulle wil voortgaan.

350. 'n Voorlopige program vir so 'n werkswinkel kan dalk so lyk: ons begin met 'n paneelbespreking saam met julle oor die suksesse wat julle al gehad het in die rekonstruksie van julle nuwe lewens. Dan deel ons in kleingroepe in waar elkeen sy/haar storie vir mekaar vertel, lyste word gemaak van die dinge wat hinder, daar word teruggerapporteer in die groter groep oor die dinge en van die dinge kan dalk dan in verder detail bespreek word. Die program is nog oop. Julle moet asseblief laat weet wat julle graag wil hê daar moet gebeur.

351. Ons het voorlopig Saterdag 3 November as die datum gekies vir die eerste werkswinkel. Hou asseblief die datum in gedagte.

352. Magda het ons daarop gewys dat die werkswinkel skriftuurlik moet wees, maar nie wetties nie. Galasiërs 5+1 het haar die afgelope tyd aangespreek: "Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie".

353. Rika wil graag hê dat ons ook daaraan moet dink om 'n bediening te vestig onder getroudes wat dit oorweeg om te skei. Aan hulle moet die boodskap oorgedra word dat egskeiding die uitruil van probleme is en dat dit nie noodwendig "beter" is aan die anderkant van die draad nie. Ons het besluit dat ons met mense behoort te skakel wat werk met egpare wat egskeiding oorweeg en dit onder hulle aandag bring dat daar mense beskikbaar is om met egpare wat egskeiding oorweeg te praat om die volle prentjie aan hulle voort te hou. Dalk kan ons die fase "laaste fase van huweliksberaad" noem.

354. Lynette het gevoel dat voor-egskeidingsberaad ook 'n plek het. Ons moet persone wat egskeiding oorweeg, help beplan, hulle voorberei op wat vir hulle wag, saam met hulle 'n strategie bepaal, hulle help om kundige advies te kry.

355. Ek het gedink dat ons in die brief wat die werkswinkel bekendstel ook die twee aspekte moet aanraak en aandui dat ons ook beskikbaar is om op die terrein diens te lewer. Sal dit reg wees met julle?

356. Ons het ook oor die Algemene Sinode se besluite oor egskeiding gepraat. Rika het vertel van 'n onaangename ondervinding wat sy saam met 'n predikant van die NGK gehad het wat klaarblyklik die Sinode se besluite oor egskeiding wou toepas. Sy het haar van die gesprek verskoon en by die huis agtergekom dat sy haar wange stukkend gebyt het in 'n poging om haarself te probeer beheer. Haar verloofde het alles baie snaaks gevind. "Die dominee het met julle ma geraas" het hy aan haar kinders vertel. Na die voorval het sy die verlowing verbreek.

357. Julle gevoel is dat die huidige Sinodebesluite niks nuut sê nie. Dit help mense nie. Dit help ook nie vir predikante wat mense moet bystaan tydens egskeiding nie. Die besluite dra daartoe by om riete te breek wat reeds geknak is.

358. Magda het gevoel die besluite is wetties en gevra of geskeide persone nou moet boete doen en moet kruip. Hoe kan die liggaam van Christus net ander lede so amputeer?

359. Lynette het gevra wie besluit oor die motivering vir 'n tweede huwelik en wanneer is hertroue nou gemotiveer deur "lus van die vlees en die drang tot selfhandhawing"? Die besluit "kap mens se lewe af" en verhoed mense om voort te gaan met hulle lewens.

360. Rika het daarop gewys dat Paulus sê dit is beter om te trou as om te brand van begeerte. Het die Sinode dit dalk vergeet? Rika sê sy sien nêrens in die besluite enige genade nie.

361. Julle het daarop gewys dat julle besluit om te skei nie julle keuse was nie, julle is gedwing om te skei. Magda het getuig dat sy daarvan oortuig is dat dit die wil van God is dat sy moes skei omdat sy nie langer saam met "hoerery" kon saamleef nie.

362. Rika het ons daarop gewys dat die besluite geneem is deur 'n "spul" manne. Die besluit marginaliseer mense wat geskei, daar is in elke gemeente geskeide mense wat nou gemarginaliseer is. Die besluit hou 'n "utopia" voor wat nie geleef kan word nie.

363. Julle het besluit om 'n brief aan "Die Kerkbode" te skryf oor die besluite. Hierby is die verslag en besluite van die 1986 Sinode. Ek hoop julle verstaan wat aangaan. Lees dit asseblief deur en gee vir my reaksie daarop. Dan kan ons 'n brief vir "Die Kerkbode" skryf.

Die moontlikheid bestaan dat ons ook 'n beskrywingspunt by volgende jaar se Algemene Sinode kan kry om die debat oor egskeiding en her-trou weer aan die gang te kry.

364. Ons het ook gepraat oor die rekonstruksie van julle sosiale verhoudings. Lynette het ons daarop gewys dat daar baie mense in die gemeente is wat haar met liefde "aanvaar, opgevang, meegehelp en aangehelp het". Rika het vertel dat daar mense is wat baie graag "raad" gee oor wat jy moet doen en wat jy moet sê terwyl sy net behoefte gehad het aan mense wat luister, aanvaar en in jou glo. Dit is veral die mense wat betrokke by jou staan terwyl jy "onder in die gat is" wat jou werklik aanvaar.

365. Wat die emosie betref het Magda vertel dat sy nog baie sukkel met die verwerping, angs en onsekerheid. Herstel is 'n proses wat nie binne weke afgehandel kan word nie, maar die geborgenheid van die groep het baie gehelp om haar sterk te maak. Lynette het vertel die groep maak julle suksesse "sigbaar" en dit help baie. Die groep en pastorale sorg, vriende en kinders het gehelp om die proses van genesing aan die gang te kry.

366. Ek het gewonder of julle kan beskryf wat mense gedoen het wat julle gehelp het en steeds help op julle pad na herstel. Dan kan ons 'n brief vir die mense skryf wat julle gehelp het om dankie te sê en kan ons dalk 'n artikel vir "Die Posduif" skryf en vir die gemeentelede leer hoe daar teenoor mense wat deur egskeiding geraak word, opgetree behoort word.

367. Mari, ons het ook gepraat oor die sertifikaat se bewoording: Ons dink dit kan dalk só lyk:

368. hiermee verklaar

369. Mari/Magda/ Rika/ Carna/ Lynette

370. dat sy haar lewe suksesvol (of moet ons dalk sê suksesvol genoeg/ of besig is om haar lewe suksesvol - iets om die proses-karakter van die rekonstruksie aan te dui?) rekonstrueer het na egskeiding

371. ______________________

372. geteken deur die persoon aan wie die sertifikaat uitgemaak is en dan teken die res van die groep as getuies (Dankie, Mari, vir jou moeite tot so ver). Laat weet of julle nog gedagtes het.

**373. 2001 10 20**

374. Sou julle saamstem dat ons voor twee uitdagings te staan kom:

- aan die een kant probeer ons om die proses wat die afgelope jaar plaasgevind het te beskryf
- aan die ander kant probeer ons om weë te vind om dit wat hier met ons gebeur het, voort te sit

375. Toe ek die band geluister het, was die ding wat my opgeval hoeveel keer die woord "perspektief" gebruik is. Is die woord "perspektief" die woord wat in 'n sekere sin beskryf wat die afgelope jaar met ons gebeur het? Kan julle dalk aan 'n ander woord dink wat die proses waardeur ons is verder kan beskryf?

376. Eers het julle weer die redes vir julle besluit om te skei genoem:

- Carna: ter wille van selfbehoud, sy was besig was om onder te gaan, besig was om 'n mens te word wie sy nie wou wees nie.
- Magda: dit was 'n beginsel- en 'n geloofsbesluit.
- Mari: daar was geen respek meer in die huwelik nie, dit het 'n baie negatiewe invloed op haar kinders gehad, toe sy die hulpeloosheid in haar kinders se oë gesien het, het sy besluit om te skei (Mari, ek wonder wat sien jy nou in jou kinders se oë?).
- Rika: die omstandighede vir haar geen keuse gelaat nie.
- Lynette: die verwydering het geleidelik gekom en sy het besef die verhouding voldoen glad nie meer aan die eise wat die Here stel aan die huwelik nie.

377. Toe het julle vertel dat julle die samelewing in nuwe perspektief begin sien het. In die afgelope tyd het die nuwe perspektiewe wat julle gekry het oor die samelewing julle gehelp om, in Lynette se woorde, "te besef dat die populêre idees nie die alfa en die omega is nie en jy hoef nie jouself te meet aan dit wat die samelewing dink nie".

378. Sommige van die populêre idees, soos vervat in die Sinode se besluite oor egskeiding, maak julle woedend omdat dit 'n klomp teoretiese "crap" is, 'n lewenslange straf aan jou uitdeel, (terwyl die moordenaar aan die kruis genade ontvang het, Rika), en wetties is. In Carna se

woorde, motiveer julle om te "fight" sodat ander nie moet deurgaan wat julle moes deurgegaan het nie.

379. Julle het vertel van julle nuwe perspektiewe op die Bybel. Magda het ontdek dat dit aan die een kant oor "veel meer" gaan en aan die ander kant ook oor "veel minder". Veral gaan dit oor ongekwalifiseerde liefde en onvoorwaardelike vergifnis en aanvaarding. Carna het gesê dat sy ontdek dat daar dinge in die Bybel is wat nie net so aanvaar kan word nie, byvoorbeeld: Dawid doen verkeerd (sy owerspel met Batseba), en deel van sy straf is dat sy vroue verkrag word! Dat die Bybel vir ons toestemming gee om ook soms negatiewe emosies te ervaar, was vir julle bevrydend.

380. Julle het ook vertel dat julle oor die lewe nuwe perspektiewe gekry het. Rika het vertel sy het die lewe as " 'n groot niks" gesien, maar sien die lewe nou weer as 'n uitdaging. Magda het besef sy is nooit te oud om te leer nie, nooit te oud om weer te begin nie en weet nou dat dit is nie "ek wat my kinders in die steek gelaat het nie". Carna het besef dat die "lig aan die einde van die tonnel was toe 'n "genuine" lig en "nie 'n ander trein nie".

381. Ek het gewonder of daar dalk nog nuwe perspektiewe is wat julle gekry het? Veral stel ek daarin belang wat julle perspektiewe nou oor julleself is, 'n jaar nadat ons begin het? Hoe verskil die perspektief wat julle nou van julleself het met die perspektief wat julle tydens die huwelik van julleself gehad het en die perspektief wat julle gehad het toe dit tydens die egskeiding op die slegste met julle gegaan het?

382. Oor die feit dat ons in 'n groep gewerk het, het julle gesê:

- Lynette: dit het julle gehelp om die twyfel oor of jy die regte keuse gemaak het te oorkom en om die dinge wat jy ervaar in perspektief te sien: "jy is nie 'stupid' nie en tree nie abnormaal op nie, die egskeiding is nie die einde nie, daar is 'n pad vorentoe".

- Rika: die groep het gehelp om die verwerping wat sy ervaar het nie meer so persoonlik op te neem nie. In die groep was daar mense wat haar kon ondersteun: hulle verstaan hoe sy voel omdat hulle presies geweet waardeur sy gaan. Die groep het haar laat ontdek dat al die fout nie net by haar lê nie.

- Carna: van die eerste aand af was almal eerlik met mekaar, almal het "oopgemaak en niemand het iets weggesteek nie, hier was ruimte vir vrymoedigheid, niemand hoef 'n "pose" te hou nie;

as jy by die deur instap kon almal presies weet wat in jou kop aangaan...dit was so lekker". Die feit dat almal dieselfde gevoel het, was vir haar 'n bevestiging dat sy nie alleen staan nie.

- Mari: ons het 'n plek gehad waar ons vir mekaar kon bevestig dat ons eintlik "OK" is. Ons kon ons suksesse saam vier, al was dit vir ander klein goedjies, is hier waardering uitgespreek.

- Magda: die proses wat ons gevolg het, het baie beteken omdat ons saam van vooraf die pad gestap het, ons vordering goed dopgehou het, en ons geleer het om selfstandig te dink: ons het mekaar "nie in terme van psigiatriese en sielkundige konsepte in 'n kassie geplaas, die kassie toegestoot en jou naam daarop geskryf nie". Ons kon sê: "Dit is ek, dit uitspoeg en ons kon van ons pyn, aggressie en ontnugtering ontslae raak".

383. Dirk het gevra: wat het gebeur dat die groep so kon funksioneer? Magda het geantwoord: "Almal het net so nederig saam in die stof gekniel en gesê: 'Here hier is ons, ons weet sowaar nie verder nie, doen ons die regte ding, of doen ons die verkeerde ding?'" Ek het gewonder oor die opmerking van Magda: weet ons nou al beter of ons besig is om die "regte ding" te doen?

384. Wat die briewe betref het Lynette gesê die briewe het haar perspektief gegee "dat jy van die vasval- in-die- modder" - gevoel kon ontslae raak, en dit het gehelp dat jy "alles raaksien". Vir Carna het dit 'n totaal ander persepsie op die gesprek gegee. Rika en Mari kon die briewe nie vir hulleself hou nie en het dit vir die ouens by die werk gegee om te lees.

385. Wat die toekoms betref het ons besluit:

- dat die werkswinkel gehou word op die 3de November

- 'n brief aan die Posduif, oor hoe daar teenoor geskeide mense opgetree moet word

- 'n brief aan Die Kerkbode, oor die besluite van die kerk oor egskeiding

- die moontlikheid om 'n versoek na die Algemene Sinode deur te stuur om hulle besluit oor egskeiding van 1986 in heroorweging te neem

386. Bring asseblief 'n paar opmerkings saam wat julle vir die Posduif en die Kerkbode wil sê, dan kan ons dit in 'n brief begin saamvoeg.

387. Ek het aan nog 'n ding gedink wat ons dalk kan doen: wat van 'n reeks preke wat ons saam kan maak oor die dinge waaroor ons al gepraat het. Dan preek ek die preek, maar julle

stemme word gehoor en julle gedagtes word oorgedra. Wat dink julle van dié gedagte? Het julle dalk 'n teks of onderwerp in gedagte waaraan ons kan begin "herkou"?

388. Ons het weer gepraat oor die sertifikaat se bewoording. Dankie, Magda, vir jou voorstel. Wat dink julle van so iets?:

389. Hiermee verklaar

390. ------------------------------------------

391. dat sy

392. deur die genade en liefde van God

393. besig is om haar lewe na egskeiding te rekonstrueer

394. en weer sin in die lewe gevind het.

395. Geteken: ______________________

396. Getuies: -------. ------. --------.

397. Ek dink die bewoording beklemtoon twee dinge: die "besig is" beklemtoon dat ons hier met 'n proses te doen het wat nooit afgehandel word nie, maar die "weer sin in die lewe gevind het" beklemtoon dat daar al genoeg goed klaar gebeur het om te kan voortgaan met die lewe. Ek het gewonder wat wil ons maak met die "gradeplegtigheid"; wie gaan aan wie die sertifikaat oorhandig? Wat dink julle daarvan dat ons 'n groot party hou en dan nooi elkeen van julle iemand uit om die sertifikaat aan jou te oorhandig, iemand wat dalk vir jou baie beteken het, of iemand wat dalk die meeste baat daarby gevind het dat jy herstel het? Die groot vraag is: is julle al gereed om die sertifikate aan julself uit te reik?

398. Dan is daar nog die seremonie wat ons beplan het om die egskeidings kerklik te erken, het julle nog behoefte daaraan?

**399. 2001 10 27**

400. Ons het ons laaste gesprek begin met die vraag: watter nuwe perspektiewe het julle oor julself die afgelope jaar gekry?

401. Lynette het vertel dat sy weer haar eiewaarde besef het, dit nadat haar eie waarde afgekraak was. In die huwelik het sy magteloos en moedeloos gevoel, begin glo dat sy magteloos en hulpeloos was. Sy het ook magteloos en moedeloos begin optree. Vandag weet sy dat sy wel iets beteken en 'n rol het om te vervul, iets vir ander kan beteken. Ná die egskeiding het sy weer hoop en moed gekry. Vandag weet sy "ek is 'n selfstandige, selffunksionerende, suksesvolle mens".

402. Magda het opnuut besef die Here "stap 'n pad" met haar. Sy het weer haar identiteit in Christus, as profeet, priester en koning, her-ontdek. Die rykdom van haar eie lewe wat sy voorheen gehad het, het sy weer teruggevind. Vandag besef sy dat dit haar sterkte was wat 'n bedreiging was vir haar huweliksmaat en dat hy haar dit beny het. Sy het bevestiging gekry dat haar waardestelsel, naamlik dat daar meer in die lewe is as net status en geld en prestasie, die regte een is. Sy het ook baie meer bewus geraak van die nood in die wêreld en besef dat, soos Paulus sê "die bediening van versoening" aan haar, en ons groep, toevertrou is.

403. Rika het tot die besef gekom dat hulle (sy en haar man) weggedryf het van die Here af. Hulle verhouding met die Here het begin "uitrafel". Die "petalje" was 'n manier van die Here om hulle weer terug te kry by Hom. Ongelukkig het haar man anders gereageer as sy. Nou besef sy sy het nog 'n toekoms, maak weer planne en wil nog 'n huis bou en raak weer opgewonde oor die lewe. Sy is aangenaam verras daaroor en het vertel dat sy "in haar lewe nie weer gedink het sy is in staat tot so iets nie".

404. By die see het Rika ontdek dat sy nie 'n man nodig het nie (Hierop het Magda "Amen" gesê). Party mense het hulle eie "enjins", ander mense moet by ander "in-plug". Sy het altyd haar eie motor gehad maar ná haar troue het sy gerus geword. Dit was nie meer nodig om alleen te sukkel nie, dit was nie meer nodig om alleen die mas op te kom nie. Haar man het status en geld gehad. Sy kon bietjie agteroor sit en "louf", maar het in alles bietjie

treuriger geword: haar godsdiens, selfbeeld en selfhandhawing het agteruitgegaan. Sy moes deur die "trippie" gaan om dit alles weer te herwin.

405. Rika het ook ontdek dat dit vir haar lekker is om te gee: sommer net vir mense wat vra en sy gee nie om wat hulle met die geld doen nie.

406. Ek het gewonder of en hoe die volgende dinge en die vorming van die nuwe identiteit na die egskeiding met mekaar verband hou:

- die "ek het nie 'n man" nodig nie (Rika) (ons kan ook seker sê: ek het nie 'n vrou nodig nie)
- oor die vind van jou identiteit in Christus (Magda), (Ek wonder wat bedoel jy presies met die stelling, Magda?)
- "Ek is 'n selfstandige, selffunksionerende suksesvolle mens" (Lynette)
- die "uitplug by 'n man" en jou "eie enjin" kry en die geestelike verdieping (Rika), (kan ons dit dalk noem "inplug" by die Here?)
- die bewus raak van die nood (Magda), die lekker kry om te gee (Rika), die "weer iets beteken" (Lynette)

407. Is daar ander dinge wat nog vir julle belangrik is wat 'n rol speel in die vorming van julle identiteit?

408. Ek het ook gevra of julle nou weet of julle die regte ding gedoen het (na aanleiding daarvan dat Magda laas gesê het, ons het saam gekniel en vir die Here gevra om ons die regte ding te wys om te doen).

409. Julle het geantwoord:

- Magda: "for sure", die verhouding was so destruktief dat hulle nie met die verhouding kon voortgaan nie.
- Lynette: definitief, hoewel sy in die verlede getwyfel het of dit die regte ding is om te doen, veral omdat sy gedink het sy het haar kinders ontneem van sorgvrye kinderjare, besef sy nou dat hulle op 'n ramp afgestuur het en dat dit beter vir almal is dat sy geskei het (ook vir haar vorige man).

- Rika: weet nie of sy die regte ding gedoen het nie, maar kon nie anders nie, anders was beide sy en haar man verlore.

410. Ons het toe oor die komende werkswinkel gepraat. Ons noem dit 'n werkswinkel en nie 'n kursus nie, omdat die vaardighede om nuwe lewe te begin reeds by ons teenwoordig is, die vaardighede moet net ontgin word.

411. Vir die program dink ons aan so iets:

412. 09:00: Koffie, registrasie, kenmekaar

413. 09:30: Ons werkswyse word verduidelik

414. 10:00: Die alternatiewe verhaal: daar is lewe na egskeiding! Ons groep aan die woord oor:

415. Waar was ons in die huwelik

416. die besluit om te skei

417. die dieptepunt

418. waar is julle nou

419. hoe sien julle die toekoms

420. 11:00: Tee

421. 11:30: Saampraat en ventileersessie: ons luister na mekaar se verhale: deel in kleingroepe in en maak 'n lys van die dinge wat nou die ergste hinder by elke mens.

422. 13:00: Ete

423. 13:45: Wat maak nou seer, sit die dinge bymekaar wat nou pla.

424. 14:45: Tee

425. 15:15 : Die pad vorentoe:

- individuele terapie
- inskakeling by 'n herstelgroep

- verdere werkswinkels: oor spesifieke werkswinkels

426. Oor die brief aan die Posduif het ons gevoel dat ons positief moet wees en dankie moet sê. Die gemeente is die huisgesin van God, waar mense regtig broers en susters is. Magda het ons gewys op 2 Johannes 1 wat gerig is "Aan die uitverkore vrou en aan haar kinders" wat op die gemeente kan dui.

427. Dinge waarvoor ons dankie kan sê, is dat toe ons in 'n situasie was wat nie een gekies het nie en verwerping op baie terreine beleef het, was die gemeente vir ons 'n geestelike tuiste. Ons waardeer die warmte, begrip, ondersteuning van die gemeente, die praktiese hulp wat uit vele rigtings gekom het. Ons glo dit is 'n feit dat die Here ons hier geplaas het en dat dit nie toevallig gebeur het nie.

428. Vir die Kerkbode wil ons onder andere sê: hoe lank moet 'n onskuldige party in die huwelik bly wat hom/haar vernietig indien 'n derde persoon in die huwelik ingekom het en die huweliksmaat bly volhard in die sonde? Of as 'n huwelik oor 'n ander rede verbrokkel het, is dit moontlik om voor die Here 'n verantwoordelike besluit te neem: tot hier toe en nie verder nie?

429. Oor die preke wat ek namens julle kan lewer, was julle heel positief. Laat julle gedagtes gaan oor moontlike onderwerpe en tekste.

# TOESTEMMINGSVORM VIR DEELNAME AAN GESPREKSGROEP OOR EGSKEIDINGSHERSTEL

## ALGEMENE INLIGTING

Die projek word onderneem as deel van die vereistes om 'n Doktorsgraad in Praktiese Teologie, met spesialisering in Pastorale Terapie, aan die Universiteit van Suid-Afrika te verwerf.

Die doel van die projek is om navorsing te doen hoe 'n narratiewe terapeutiese benadering, met die gebruik van deelnemende aksienavorsing, saam met 'n groep geskeide vroue narratiewe groepswerk gedoen kan word wat kan bydrae om vroue na egskeiding te help om hulle lewens te rekonstrueer.

Indien u besluit om deel te neem aan die projek sal u gevra word om toestemming te gee dat die inligting wat verkry word uit die groepsbesprekings gebruik kan word vir die navorsingsprojek.

Die projek behels twee-weeklikse groepsbesprekings van ongeveer 'n uur en 'n half. Na elke groepsbespreking sal u 'n opsomming van die bespeking kry en u sal gevra word om kommentaar daarop te lewer en enigiets te verander wat betrekking op u het. U korreksies, kommentaar en terugvoer sal ingesluit word in die studie.

U kan ter enige tyd onttrek van die navorsingsprojek sonder enige gevolge vir u.

Die inligting wat tydens die groepsbesprekings verkry word sal bespreek word met my promotor, prof. Dirk Kotzé.

Met u toestemming sal bande van die gesprekke gemaak word.

Die resultaat van die studie kan moontlik gepubliseer word. Op u versoek sal besonderhede soos name, tye en plekke so aangepas word om u privaatheid te beskerm. U sal 'n skuilnaam van u keuse kan kies indien u so verkies.

Die navorsingsprojek is goedgekeur deur UNISA en die Instituut vir Terapeutiese Ontwikkeling.

**TOESTEMMING VAN DEELNEMERS**

1. My deelname aan die projek is vrywillig.

2. Ek kan ter enige tyd van die projek onttrek sonder enige benadeling.

3. Ek besef dat my persoonlike inligting gebruik gaan word vir die doeleindes van 'n D.Th. studie aan UNISA.

4. Ek sal geen vergoeding ontvang vir my deelname aan die studie nie.

5. Ek is bewus daarvan dat Christo se promotor insae in die inligting gaan hê.

6. Ek sal die geleentheid kry om kommentaar te lewer op die studie, aanbevelings te maak en enige inligting wat ek nie in die proefskrif gepubliseer wil hê nie te verwyder.

7. Ek verkies om die volgende skuilnaam te gebruik ______________________

8. Ek het bogenoemde inligting oor die projek gelees en verstaan dit.

________________________________ ________________________

HANDTEKENING VAN DEELNEMER DATUM

________________________________ ________________________

NAAM VAN DEELNEMER IN DRUKSKRIF GETUIE